Die uitwerking van die Christelike huweliksverhouding op verhoudings-kwaliteit in die verbondsgesin in ’n postmodernistiese paradigma – ’n Narratiewe pastorale ondersoek

R Koekemoer
21062196

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Pastoraal aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof FW De Wet

Oktober 2015

Dit begin alles hier ™

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

OPGEDRA AAN:

(wyle) Jan Koekemoer

Jan Rabie

Werner en Eileen

en

Anika, Jhané en Danelle

ABSTRAK

Die tema van die huidige studie is: *Die uitwerking van die Christelike huweliksverhouding op verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin in 'n postmodernistiese paradigma – 'n Narratiewe pastorale ondersoek.*

Te midde van die postmodernistiese tydsgees en 'n sekulêre denkklimaat, word die Christelike gesin voortdurend onder druk geplaas om mee te leef in 'n samelewingsopset waarin God se gesag al meer ontken word. Hierdie tendens kan nie anders nie as om die Christelike identiteit, die Christelike huweliksverhouding en die verbondsgesin in die kern te raak. Verskillende navorsingsperspektiewe wat volg, werp lig op die saak.

Sommige van die medenavorsers het telkens bevestig hoe hulle geloof verband hou met hulle optrede in die huweliksverhouding, die gesinslewe en die lewe in die algemeen. Hulle koppel hulle huweliksverhouding en die gesinslewe aan hulle verhouding met God en die Christelike geloof, en vanuit hierdie werklikheid leef hulle in die wêreld. Om die teendeel te demonstreer, is verhale vertel van die hedendaagse Christelike huwelik en die verhoudingsdinamika tussen onderskeie egpare, waar verskillende destruktiewe lewenspatrone ter sprake gekom het soos verbale en fisiese geweld, sprake van selfmoord, en drankmisbruik. Hierdie patrone word in die "Christelike" huwelik ten toon gestel. Te midde van hierdie vyandige bestaansruimte probeer verbondskinders hulle persoonlike, geloofs- en gesinsidentiteit vind. Egpare se klaarblyklike *onvermoë* tot Christelike lewenskuns word egter geredelik op die kinders oorgedra, omdat hulle die ouers se voorbeeld navolg.

Die navorser betoog gevolglik dat *verhoudingskwaliteit* onder meer verband hou met 'n teoretiese verstaan van die Christelike geloof wat uiting vind in konkrete dade binne verhoudings (Jak. 1:22-25; 2:14-26). Kwaliteit dui, met ander woorde, op 'n *bestaanswyse* wat kenmerkend aan die Christelike geloof is. Sodanige leefstyl is in ooreenstemming met die verkondigde boodskap van geloof en word bekragtig deur woord, daad en gesindheid. Verhoudingskwaliteit is gestempel met liefde tot God en die naaste. Die huidige navorsing wil 'n saak uitmaak vir die noodsaak van 'n herstelde verbondsverhouding tussen die gelowige en God, met een van vele implikasies vir 'n

lewe onder die nuwe verbond: 'n persoonlike verhouding met God. 'n Verdere implikasie van die nuwe verbond is ouers wat verbondsleiding in die gesin neem. 'n Terugkeer na die verbond is uiters noodsaaklik indien die gelowiges binne die huwelik en gesinsverhoudings, hulleself ver van die verbond af bevind.

In **Hoofstuk 2** word die ervarings van verhoudingskwaliteit in die kontemporêre Christelike huweliks – en gesinsverhoudings gestel. Die navorsingsmetologie vir narratiewe navorsing was volgens die ABDCE-formule, wat aanbeveel word deur Müller, Van Deventer en Human (Müller *et al.* 2001:7696) in die artikel *Fiction writing as methaphor for reseach: A Narrative Approach.* Verhaling geskied in 'n sosiale konteks, en daarom is die navorsingsfokus onder andere, op die verhale wat medenavorsers oor hulle huweliksverhouding en gesin vertel het. Omdat die medenavorsers gelowiges is, was God se belang by die navorsingsverhaal van kardinale belang. Die proefskrif is ook gegrond op die model van J.C. Müller (2005:82-86) soos gestel in sy artikel "A Postfoundationalis, HIV-positive Practical Theology". *Practical Theology in South Africa.* 20(2), 72-88.

In **Hoofstuk 3** word ervarings in die Christelike huweliks- en gesinsverhoudings asook die tradisie van interpretasie uit verskillende navorsingsperspektiewe beskou. Die verbondsgesin leef in 'n postmodernistiese tydgleuf, tussen 'n magdom uiteenlopende sienings, gebruike, en tradisies – wat nie vanselfsprekend die waarheid oordra nie. Gelowiges – huweliksmaats en hulle kinders – het God se insigte (Woord en Gees) nodig om as nuwe mense die leefstyl van Christus in die wêreld na te volg.

Hoofstuk 4 fokus op die godsdienstige en geestelike ervarings van die huwelikspaar/verbondsgesin. Dit word belig uit die oogpunt van die medenavorsers asook dié van gespreksgenote tot die navorsing. God se verhaal word met die medenavorsers se verhaling in verband gebring.

Hoofstuk 5 onderneem 'n interdissiplinêre ondersoek na die uitwerking van die Christelike huweliksverhouding op verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin. Die dinamika van 'n huweliksverhouding word ondersoek en verskeie perspektiewe op die tema *huweliksliefde* belig. Die belewenis van trauma word belig, omdat die

huweliksverhouding en die gelowige se lewe soms deur sodanige ervarings ondermyn word. ’n Model vir die genesing van ’n getraumatiseerde Christen word voorgestel.

Hoofstuk 6 behandel alternatiewe interpretasies oor verhoudingskwaliteit in die huweliks- en gesinsverhoudings. Die navorsing bereik hiermee ’n Klimaks (C). Verskillende perspektiewe word dan ondersoek oor die gevolge wat die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die huweliks- en gesinslewe inhou.

ABSTRACT

The theme of the present study is: *The effect of the Christian marriage relationship on the quality of relationships in the covenant family within a post-modern paradigm – a narrative pastoral study.* In the midst of the postmodern *zeitgeist* and a secular frame of mind, the Christian family has to survive under perpetual pressure of a societal setup in which God's authority is increasingly shunned. This propensity inevitably has a fundamental impact on the Christian's identity, the Christian marital relationship and the covenant family. The various research perspectives which follow will elucidate this matter.

Some of the co-researchers confirmed repeatedly how their faith is linked to their conduct in their marital relationship, their family life and life in general. They related their marital relationship and their family life to a relationship with God, the Christian faith and by living on the basis of this reality in the world. To demonstrate the opposite reality, narratives were told of contemporary Christian marriages and the relationship dynamics between different married couples indicating various destructive lifestyle patterns such as verbal and physical violence, talk of suicide, and substance abuse. These patterns are often present in a "Christian" marriage. In the midst of such a hostile living environment, children of the covenant attempt to discover their personal identity, faith identity and family identity. The problem is that the couple's apparent *inability* to succeed in Christian life skills is then readily transferred to the children, since they follow the parents' example.

On the basis of the preceding, the researcher argues that *quality of relationship* is, among other aspects, connected to a theoretical understanding of the Christian faith, which is expressed in concrete actions within relationships (Jas. 1:22-25; 2:14-26). Quality, in other words, indicates a *way of being* that characterises the Christian faith. Such a lifestyle is congruent with the proclaimed message of faith and is affirmed through word, deed and attitude. Quality of relationship is also linked to a love for God and one's neighbour.

The present research argues for the necessity of a restored covenant relationship between the believer and God, with one of the many implications for a life under the new covenant being a personal relationship with God. A further implication of the new covenant is parents who take the leading role in the family representing the covenant. A return to the covenant is crucial if the believers within marital and familial relationships find themselves far removed from the covenant.

Chapter 2 presents experiences of the quality of relationship in contemporary Christian marital and familial relationships. The research methodology for narrative research was followed according to the ABDCE formula, which is recommended by Müller, Van Deventer and Human (Müller *et al.* 2001:76-96) in the article *Fiction writing as metaphor for research: A Narrative Approach.* Narration occurs in a social context, and therefore, the focus of research is, among other aspects, on the narratives that co-researchers relate about their marital relationship and family life. Since the co-researchers are believers, God's role in the research narrative was of cardinal importance. This thesis is also based upon J.C. Müller's (2005:82-86) model as laid down in his article, "A Postfoundationalis, HIV-positive Practical Theology". *Practical Theology in South Africa.* 20(2), 72-88.

Chapter 3 examines experiences in Christian marital and familial relationships, as well as the tradition of interpretation viewed from different research perspectives. The covenant family functions in a postmodern time slot among a plethora of diverse viewpoints, customs and traditions – that do not necessarily reveal the truth. Believers – spouses and their children – need God's insight (Word and Spirit) to live as regenerated people and imitate the lifestyle of Christ in the world.

Chapter 4 focuses on the religious and spiritual experience of the married couple/covenant family, from the viewpoint of the co-researchers as well as the view of the research interlocutors. The connection is shown between God's narrative and the co-researchers' narrative.

In **Chapter 5** an inter-disciplinary research is conducted on the effect the Christian marital relationship exerts on the quality of relationship within the covenant family. The

dynamics of a marital relationship are investigated and several perspectives highlighted regarding the theme of *marital love*. The experience of trauma is focused on, because on occasions the marital relationship and the believer's life are undermined by such experiences. A model is proposed for the healing of a traumatised Christian.

Chapter 6 deals with alternative interpretations on the quality of relationships in marital and familial relationships. Hereby the research reaches a Climax (C). Different perspectives are investigated on the implication of the covenant as context for the quality of relationships in marriage and family life.

Sleutelterme:

Narratiewe benadering, postmodernistiese paradigma, postfundamentele teologie, sosiale konteks, medenavorsers, gespreksgenote, nuwe-lewe-in-Christus-styl, verhoudingskwaliteit, Christelike huweliksverhouding, verbondsgesin, verbond, verbondsleiers, verbondseise, persoonlike verhouding met God, Woord, sonde, *Vlak van Trauma*, *Skim*, *Bagasie van Gekneldheid*, vergifnis, alternatiewe interpretasies, 'n terugkeer na die verbond.

Key terms:

Narrative approach, postmodernistic paradigm, postfundamental theology, social context, co-researchers, interlocutors, new-life-in-Christ lifestyle, quality of relationships, Christian marital relationship, covenant family, covenant, covenant leaders, covenant demands, personal relationship with God, Word, sin, *Trauma Domain*, *Phantom*, *Baggage of Affliction*, forgiveness, alternative interpretations, return to the covenant.

BEDANKINGS

(wyle) Jan:

Hy was ’n groot vaandeldraer met my studies, en het my oor vele studiejare aangemoedig en ondersteun. Hy het dikwels sy lewe aan my droom gewy. Elke student verdien ’n spesiale iemand soos hy.

Jan Rabie, Werner en Eileen:

Baie dankie vir al julle liefde, hulp, aanmoediging en gebede tydens my studies.

(wyle) Prof. Fritz De Wet:

Baie dankie vir u hulp oor die jare. Dankie vir die gesprekke, die insette, die insigte en die ondersteuning en aanmoediging. Die kursus en die navorsingstema het ’n nuwe wêreld vir my laat oopgaan.

Medenavorsers

Baie dankie vir julle deelname aan die navorsingsproses.

Selgroep (79), Nederduits Gereformeerde Kerk, Miederpark, Potchefstroom:

Baie dankie vir die belangstelling en gebede.

Personeel – Ferdinand Postma Teologiese Biblioteek, Potchefstroom:

Baie dankie vir julle flinke diens en ondersteuning.

Taalversorger:

Claude Vosloo, dankie vir jou uitmuntende werk asook jou leiding, raad en aanwysings oor die werk.

Laastens aan my Skepper:

Baie dankie vir U liefde, hulp en ondersteuning oor die afgelope jare. Dit was nie altyd ’n maklik pad om te stap nie, maar beslis die moeite werd. U het elke oomblik saam gestap, want u is die Betrokkene. By die wêreld, maar ook by my as U kind. Mag hierdie werk tot U eer dien.

La Rochellestraat 17
Berg-en-Dal
WELLINGTON
7655

14 November 2015

HEIL DIE LESER:

Hiermee bevestig ek dat hierdie proefskrif van mev Rosa Koekemoer tot die beste van my vermoë geredigeer asook tegnies versorg is, insluitend voorstelle vir herformulering en stilistiese veranderings.

Ds Claude Vosloo
Taal- en kennispraktisyn en konsultant

1 SATI-verwysingsno: 100 2432

Associate Member PEG (Professional Editor's Group)

Kreatiwiteitshuis/Home of Creativity
http://homeofcreativity.co.za/info

Moenie buite die boks dink nie, herontwerp die boks

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 TITEL EN SLEUTELTERME 1

1.2 PROBLEEMSTELLING 2

1.3 DIE NAVORSINGSVRAE 5

1.3.1 Die oorkoepelende vraag was: 5

1.3.1.1 Hierdie oorkoepelende vraag kan in ’n navorsingsprojek waarin ’n narratiewe navorsingsmetodologie gebruik word, soos volg ontvou 5

1.4 NAVORSINGSDOELSTELLINGS 6

1.4.1 Die oorkoepelende navorsingsdoelstelling was: 6

1.4.2 Die oorkoepelende navorsingsdoelstelling kan in die volgende doelwitte verdeel word: 6

1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 7

1.6 METODE VAN ONDERSOEK 8

1.6.1 Die narratiewe navorsingsveld 8

- Aksieveld (A) 9
- Agtergrond (B) 10
- Ontwikkeling (D) 10
- Klimaks (C) 10
- Slot (E) 10

1.7 KWALITATIEWE NAVORSING 11

1.8 RIGTINGGEWENDE BEGRONDING TYDENS DIE NAVORSINGS-PROSES 12

1.8.1 Verbondsgerigtheid 12

1.8.2 ’n Relasionele navorsingsperspektief 12

1.9 HOOFSTUKOPSKRIFTE 13

1.10 SKEMATIESE VOORSTELLING OM KORRELASIE TE LAAT BLYK 15

HOOFSTUK 2

ERVARINGS VAN VERHOUDINGSKWALITEIT IN DIE CHRISTELIKE HUWELIKS – EN GESINSVERHOUDINGS BINNE ’N POSTMODERNISTIESE PARADIGMA

2.1 NAVORSINGSVRAAG 18

2.2 INLEIDING 18

2.3 DIE NAVORSINGSPROSES AS GESPREK 20

2.3.1 Eerste gespreksgenoot: die Praktyk 21

2.3.1.1 Praktyk en teorie in wisselwerking 21

2.3.1.2 Die daaglikse praktyk en die praktyk van die nuwe lewe in Christus 22

1. Die daaglikse praktyk 22

2. Die praktyk van die nuwe lewe in Christus 24

2.3.1.3 God is in die praktyk betrokke 29

2.3.1.4 God is betrokke by verhoudingskwaliteit in die Christelike huwelik en die verbondsgesin 31

2.3.1.5 God is betrokke by bekering asook die bekeringsdade van gelowiges 33

2.3.2 Tweede gespreksgenoot: die kanonieke Bybel 36

2.3.3 Derde gespreksgenoot: Teologiese geskrifte 37

2.3.4 Vierde gespreksgenoot: Buite-Bybelse geskrifte 38

2.3.5 Vyfde gespreksgenoot: Medenavorsers 38

2.3.6 Sesde gespreksgenoot: die Navorser 39

2.3.6.1 Postfundamentele teologie 39

2.3.6.2 Postfundamentele teologie en ’n konfessionele vertrekpunt 40

2.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE 43

2.4.1 Fiksieskryf as metafoor vir narratiewe navorsing 43

2.4.2 Die ABDCE-formule vir narratiewe navorsing 44

2.4.2.1 Inleiding 44

2.4.2.2 Aksieverhale (A) 44

2.4.2.3 Agtergrondverhale (B) 45

2.4.2.4 Verhaalontwikkeling (D) 46
2.4.2.5 Klimaks (C) 48
2.4.2.6 Slot (E) 50
2.5 DIE NARRATIEWE BENADERING TOT NAVORSING 51
2.6 SOSIALE KONSTRUKSIONISME 54
2.6.1 Verhaling geskied binne ’n sosiale konteks 54
2.7 POSTMODERNISME 57
2.7.1 Postmodernisme in die 21ste eeu 57
2.8 DIE NAVORSINGSKONTEKS 61
2.8.1 ’n Persoonlike verhaal 61
2.8.2 Die Suid-Afrikaanse konteks 63
2.8.3 Medenavorsers 63
2.9 ORIËNTERING VAN DIE TEMA: VERHALE 65
2.9.1 Inleiding 65
2.9.2 Die verband tussen die verlede, hede, en toekoms by verhale 65
2.9.3 Die belang van God se verhaal by die mens se verhaal 67
2.9.4 Verhale en die verteller se geloofs- en werklikheidsverstaan 70
2.9.5 ’n Meerderheid verhale ingebed in die verhale van ander mense 71
2.10 ERVARINGS 72
2.11 VERHALE OOR VERHOUDINGSKWALITEIT IN DIE HUWELIKS-VERHOUDING 73
2.11.1 Inleiding 73
2.11.2 ’n Tweede gelukkige huwelik 74
2.11.3 Die lewe is ’n blomtuin 76
2.11.4 ’n Standhoudende verhouding 77
2.11.5 Liewer vir mekaar, as vir die lewe 78
2.11.6 Die huwelik as instelling in moeilike omstandighede 79
2.11.7 Die huwelikslewe word ’n las – en die lewe ook 80
2.11.8 Pornografie as indringer in die Christelike huweliksverhouding 81
2.12 VERHALE OOR VERHOUDINGSKWALITEIT IN GESINSVER-HOUDINGS 82
2.12.1 Inleiding 82
2.12.2 Teenstrydige herinnerings uit die kinderdae 82

2.12.3 Spontaniteit en rolverdeling in die huwelik 83
2.12.4 Onaanvaarbare element in ouers se huweliksverhouding 83
2.12.5 ’n Huwelikslewe gevul met ambivalente boodskappe oor lojaliteit 84
2.12.6 Die herhaling van onverkwiklike gedragspatrone in die huweliks- en gesinslewe 85
2.13 INTERPRETASIES VAN ERVARINGS 86

HOOFSTUK 3

ERVARINGS IN DIE CHRISTELIKE HUWELIKS- EN GESINSVERHOUDINGS EN HOE DIT BEïNVLOED WORD DEUR DIE TRADISIE VAN INTERPRETASIE OOR DIE AARD VAN DIE VERBONDSVERHOUDING MET GOD

3.1 NAVORSINGSVRAAG 88
3.2 INLEIDING 89
3.3 TRADISIE VAN INTERPRETASIE 92
3.3.1 Tradisie 92
3.3.1.1 Tradisie as instelling 92
3.3.2 Die resultaat waarop tradisie uitloop 94
- *Tabel 3.l* 95
3.3.3 Die term tradisie uit verskillende perspektiewe toegelig 96
3.3.3.1 Tradisie deur geloofsoortuigings en algemene oortuigings gerig 96
3.3.3.2 Tradisiepraktyke en die gesinsopset 98
3.3.3.3 Nuwe tradisiepraktyke kan in die huidige gesinsopset ontstaan 100
3.3.3.4 Tradisie as veranderlike fenomeen 101
3.3.3.5 Tradisie van interpretasie en standpuntinname 102
3.3.3.6 Oorgelewerde tradisie en die gemarginaliseerdes 103
3.3.3.7 Tradisie/kultuur en ongewenste magspatrone 103
3.3.3.8 Tradisie en die groter invloede 104
3.3.3.9 Subkulture binne tradisie/kultuur 104

3.4 DIE TRADISIE VAN INTERPRETASIE TE MIDDE VAN VERSKEIE ERVARINGS 104
3.4.1 Die tradisie van interpretasie wys nie vanselfsprekend die waarheid nie 105
3.4.1.1 Persepsies en aannames 106
1. Persepsies en aannames openbaar 'n lukraak-element 107
2. Aanvegting se rol in die vorming van persepsies en aannames 109
3. Verkeerde persepsies en aannames in die kinderjare 112
4. Die vrymakende karakter van die Christelike geloof kan betwyfel of weerstaan word weens diepliggende verkeerde persepsies wat steeds van tyd tot tyd na die oppervlak kom 113
5. Die nuwe, praktykgerigte lewe in Christus 115
6. Praktiese, alledaagse vryheid in Christus 117
3.4.1.2 Misleiding wys heen na 'n onsigbare werklikheid 118
3.4.1.3 Die waarheid volgens God teenoor die leuen wat in die wêreld werksaam is 121
3.5 NARRATIEWE NAVORSING EN DIE TRADISIE VAN INTERPRETASIE 124
3.5.1 Ryk en beperkende beskrywings volgens die narratiewe benadering 125
- Voorbeelde van ryk beskrywings 125
- Voorbeelde van beperkende beskrywings 126
3.5.2 Ryk en beperkende beskrywings word deur handeling gevolg 127
3.5.3 Kernverhale ontwikkel deur die tradisie van interpretasie 128
3.5.3.1 Binne gesinsverband 128
3.5.3.2 Binne gemeenskapsverband 129
3.5.3.3 Die impak van 'n dominante verhaal 129
3.5.3.4 Alternatiewe verhale wat verband hou met die Christelike geloof 130
1. 'n Verhaal van vergifnis 131
2. 'n Verhaal van verantwoordelikheid 132
3.5.3.5 Betekenisvolle herformulering 133
3.5.3.6 Die nuwe lewe in Christus 134
3.5.4 Verhaling in die tradisie van interpretasie 135
3.5.4.1 Inleiding 135

3.5.4.2 Die tradisie van interpretasie oor die funksionering van die verbondsverhouding 135
1. Die tradisie van interpretasie oor geloofsekerheid 136
2. Die tradisie van interpretasie oor die verbond en verbondsverhouding met God 137
3. Die tradisie van interpretasie oor 'n persoonlike verhouding met God 140
4. Die tradisie van interpretasie oor die doop 142
5. Die tradisie van interpretasie oor verbondstoerusting 143
6. Die tradisie van interpretasie oor geloofstoerusting en geloofsgroei 143
7. Die tradisie van interpretasie oor die Christelike huwelik 147
8. Die tradisie van interpretasie oor die verbondsgesin 149
3.5.5 Voorlopige bevindings 152

HOOFSTUK 4

GODSDIENSTIGE- EN GEESTELIKE ERVARING VAN DIE HUWELIKSPAAR / VERBONDSGESIN IN 'N POSTMODERNISTIESE PARADIGMA

4.1 NAVORSINGSVRAAG 155
4.2 INLEIDING 155
4.3 GODSDIENSTIGE- EN GEESTELIKE ERVARINGS BINNE KONTEKS 158
4.4 TEMAS WAT VERBAND HOU MET GODSDIENSTIGE EN GEESTELIKE ERVARINGS 160
4.4.1 Die belang van die Woord vir die gelowige se lewe 161
4.4.2 Die verbondenheid tussen Christus en gelowiges 165
4.4.3 Toewyding aan God 172
4.4.4 'n Persoonlike verhouding met God 173
4.4.5 Identiteit soos dit tot uitdrukking kom in kindskap van God 181
4.4.5.1 'n Persoon se identiteit 181

4.4.5.2 Die Woord begelei die identiteitsverstaan van God se kind 184
4.4.5.3 Voorbeelde in die Woord van gelowiges se identiteitskenmerke 184
4.4.5.4 Gelowiges dra hulle identiteit as kind van God die huwelik binne 187
4.4.5.5 Medenavorsers se verstaan van hulle identiteit in God 188
4.4.6 Gelowiges behoort aan die *God wat goed doen* 190
4.4.7 Gebed 193
4.4.8 Gemeenskap met God in persoonlike Skrifstudie en gebed (Stiltetyd) 197
4.4.9 Huisgodsdiens 200
4.4.10 Geloofsgroei en geloofsonderrig 204
4.5 KINDERS – AS DEEL VAN 'N GESINSTRUKTUUR – SE GODSDIENSTIGE EN GEESTELIKE ERVARING 207
4.5.1 Inleiding 207
4.5.2 Die stand van Jeugbediening in 2013 208
4.5.3 'n Teologiese refleksie op kritiese elemente oor bediening aan die jeug 209
4.6 OUERS AS CHRISTELIKE VERBONDSLEIERS IN DIE GESINSTRUKTUUR 212
4.6.1 Die Christelike huwelik as onderrigmiddel vir die kinders in die gesin 213

HOOFSTUK 5

'N INTERDISSIPLINêRE ONDERSOEK NA DIE UITWERKING VAN DIE CHRISTELIKE HUWELIKSVERHOUDING OP VERHOUDINGSKWALITEIT IN DIE VERBONDSGESIN

5.1 NAVORSINGSVRAAG 216
5.2 INLEIDING TOT DIE HOOFSTUK 216
5.3 TWEE VERSKILLENDE MENSE VERBIND HULLE TOT DIE HUWELIK 217
5.4 'N TRAGIESE KLEMVERSKUIWING IN DIE CHRISTELIKE HUWELIKSVERHOUDING 219
– Die narratief, *Die huwelik* 220
5.5 INTERDISSIPLINêRE PERSPEKTIEWE OOR DIE BETEKENIS VAN DIE CHRISTELIKE HUWELIK 221

5.5.1 Inleiding 221
5.5.2 Liefde in die huweliksverhouding 222
5.5.2.1 Liefde as begrip, respek, aanvaarding en vertroue 222
5.5.2.2 Liefde as essensie vir die mens se lewe 224
5.5.2.3 Die ideaal van huweliksliefde 224
5.5.2.4 ’n Persoonlike liefdesverhaal: *Lang bome laat my altyd terugdink* 226
5.5.3 Konflikhantering in die huwelik 230
5.5.3.1 Drie soorte reaksies op konflik 232
5.5.4 Die Vlak van Trauma 236
5.5.4.1 Post-traumatiese stressindroom (PTSD) 240
1. Die simptome van Post-traumatiese stressindroom (PTSD) 241
2. Onderskeie soorte trauma 244
3 ’n Skim wil saam met die getraumatiseerde mens stap 245
5.5.5 Verskillende perspektiewe op die genesing van trauma-verwante destruktiewe emosies/gevoelens 249
5.5.5.1 Die *instrumente* wat kan bydra tot heling vir die getraumatiseerde Christen 250
1. Gebed om verlossing 251
2. Gelowiges het ’n keuse gemaak om in diens van God te wees 252
3. Belydenis van skuld is van lewensbelang, want ons behoort aan God 255
4. Verstaan die trauma-gebeure vanuit die oogpunt van Christelike geloofsbegronding 256
5. Reaksie op lyding en trauma, wat tred hou met Christelike identiteit 258
6. Verhaling vir ’n getraumatiseerde persoon 259
7. Vergifnis vir die oortreder of vir die self 260
8. ’n Lewensgesindheid van: Die lewe as gawe uit God se hand 261
– Die narratief: *Die lewe as gawe uit God se hand* 261
5.5.6 Vergifnis in die huweliksverhouding 263
5.5.6.1 Die praktiese implikasie van vergifnis 265
1. Die bagasie van gekneldheid 265
2. Die agterlaat van die bagasie is ‘n keuse 266
3. Vergifnis is ’n besliste keuse 267

5.6 INTERDISSIPLINêNE PERSPEKTIEWE RAKENDE DIE UIT-WERKING VAN ’N CHRISTELIKE BENADERING OP VERHOUDINGS-KWALITEIT IN DIE VERBONDSGESIN 269
5.6.1 Inleiding 269
5.6.2 Die gesin as verbondsgesin 269
5.6.2.1 Die gesin as hermeneutiese ruimte 269
5.6.2.2 Behandel jou kind as ’n verbondskind 270
5.6.2.3 Die vorming van karakter geskied grootliks in die gesin 272
5.6.3 Gesonde gesinne teenoor disfunksionele gesinne 275
5.6.3.1 Gesonde gesinne 275
1. Kenmerke van ’n gesonde gesin 275
2. Die ouer se bydrae tot ‘n gesonde Christelike gesin 278
5.6.3.2 Disfunksionele gesinne 283

HOOFSTUK 6

ALTERNATIEWE INTERPRETASIES OOR VERHOUDINGSKWALITEIT IN HUWELIKS – EN GESINSVERHOUDINGS BINNE ’N POSTMODERNISTIESE PARADIGMA

6.1 INLEIDING 287
6.2 PERSPEKTIEWE UIT DIE SKRIF OOR DIE IMPLIKASIE VAN DIE VERBONDSKONTEKS VIR VERHOUDINGSKWALITEIT IN DIE HUWELIK EN GESINSLEWE 288
6.2.1 Inleiding 288
6.2.2 Bybelse perspektiewe met die klem op die nuwe verbond 290
6.2.2.1 Wat ’n verbond behels 290
6.2.2.2 Die verband tussen die ou en die nuwe verbond 291
6.2.2.3 Die verbond is deur God geïnisieer 293
6.2.2.4 Die nuwe verbond en Christus 293
6.2.2.5 God sluit kinders en volwassenes in die verbond in 296
6.2.2.6 Die nuwe verbond en die sakramente 298
6.2.2.7 Die nuwe verbond wys heen na ’n persoonlike verhouding met God 300

6.2.2.8 Die nuwe verbond roep om geloofsdade en bekering 306
6.2.2.9 Die nuwe verbond en die verbintenis tussen God en die gelowige 307
6.2.2.10 Kernimplikasie van die verbond: die wet van liefde vir God en die naaste deur elke verbondskind 308
6.2.2.11 Verbondskinders en die eise van die verbond 310
6.2.2.12 Die noodsaak om die betekenis van die verbond werklik te verstaan 312
1. Gelowiges se verhouding met God asook met mense wat naby aan hulle is, sal verinnig 315
2. Die gelowige se denke/handeling/gesindheid sal ten goede beïnvloed word 318
3. Die gelowige sal telkens teruggebring word na die verbond – tydens aanvegtings en moeilike omstandighede 320
6.3 DIE IMPLIKASIE VAN DIE VERBONDSKONTEKS VIR VERHOUDINGSKWALITEIT IN DIE HUWELIK EN DAARUIT VOORTVLOEIEND, IN DIE GESINSLEWE 323
6.3.1 Inleiding 323
6.3.2 Die implikasie van die verbond vir verhoudingskwaliteit in die Christelike huweliksverhouding 324
6.3.2.1 Die verband tussen God en sy verbondsmense soos dit ook in die onderlinge verhoudingsnetwerk tussen huweliksmaats na vore kom 324
6.3.2.2 Die huweliksverhouding en die verbondswerklikheid 328
6.3.2.3 Die huweliksverhouding se verband met die verbond en die Christelike geloof 329
6.3.2.4 Die huweliksverhouding en gesindhede 330
6.3.2.5 Verhoudingskwaliteit se oes in die huwelik wys heen na die saad wat geplant word 332
6.3.2.6 Die Christelike huwelik as leefruimte 333
6.3.2.7 Die Woord en Gees maak ‘n verskil in gelowiges se lewens, en ook in die huweliksverhouding 335
6.3.2.8 Die instelling van die huwelik is tot hulp en opbou van mekaar 337
6.3.2.9 Teenstrydige boodskappe oor die huweliksverhouding aan kinders in die gesin, verkondig 338

6.4 DIE IMPLIKASIE VAN DIE VERBONDSKONTEKS VIR VERHOUDINGSKWALITEIT IN DIE GESINSLEWE 339
6.4.1 Inleiding 339
6.4.2 Verhoudingskwaliteit in die gesinslewe 341
6.4.2.1 Die verantwoordelikheid vir die gesin rus op die ouer/s se skouers 341
6.4.2.2 Die ouer/s kleur die gesinsruimte in met verbondsinhoud 342
6.4.2.3 Die ouers is aan die stuur van die gesin se verhoudingskwaliteit 343
6.4.2.4 Verhoudingskwaliteit wat met God verband hou word in die gesin ingedra wanneer die ouer/s hulle verbondsverantwoordelikhede nakom 344
6.4.2.5 Die toepassing van die Christelike geloof begin by die ouer se eie lewe en vloei daarvandaan na die gesinslewe 346
6.5 DIE HERSTELDE VERBONDSVERBINTENIS MET GOD LEI TOT KENMERKENDE KWALITEIT IN DIE HUWELIKS – EN GESINS-VERHOUDINGS 347
6.6 ’n BESPREKING VAN ALTERNATIEWE INTERPRETASIES OOR DIE IMPLIKASIE VAN DIE VERBONDSKONTEKS VIR DIE VERHOUDINGSKWALITEIT IN DIE HUWELIKS - EN GESINSVERHOUDINGS 351
6.6.1 Inleiding 351
6.6.2 Alternatiewe interpretasies oor verhoudingskwaliteit in die huweliksverhouding 352
6.6.3 Alternatiewe interpretasies oor verhoudingskwaliteit in die gesinslewe 360
6.7 SLOT 363
6.7.1 Inleiding 363
6.7.2 *Die hoofbevinding van die navorsing* 365
6.7.2.1 Die belang van die nuwe verbond (Kern van hoofbevinding) 366
6.7.3 Die implikasie van die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die huwelik 369
6.7.3.1 *’n Tweede bevinding* 369
6.7.4 Die implikasie van die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die gesin 372

6.7.4.1 *Die derde bevinding* 372
6.7.5 ’n Terugkeer na die verbond 374
6.7.5.1 *Die vierde bevinding* 374

TABEL IN DIE WERKSTUK: *Tabel 3.l* 95

BRONNELYS 381

BYLAES 398

Bylae A - Medenavorsers se inligtingsvorm 398
Bylae B - Vraelys wat medenavorsers ingevul het 399
Bylae C - Brief van Ds. Okkie Celliers van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Miederpark, Potchefstroom, wat aan die navorser R. Koekemoer gerig is. (Verwys na Hoofstuk 4 - 4.5.3) 403

HOOFSTUK EEN

INLEIDING

1.1 TITEL EN SLEUTELTERME

Die titel vir hierdie navorsingsprojek word soos volg verwoord:

> *Die uitwerking van die Christelike huweliksverhouding op verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin in 'n postmodernistiese paradigma – 'n Narratiewe pastorale ondersoek.*

Sleutelbegrippe uit genoemde titel kan kortliks belig word deur die volgende werkdefinisies en verklarings waarmee die Navorser hierdie studie benader:

- **Uitwerking** – in die proefskriftitel dui hierdie begrip op resultaat, gevolg of effek.
- **Christelike huwelik** – sodanige kwalifisering van die huwelik veronderstel dat die egpaar beskou word as mense wat hulle met die Christelike geloof identifiseer en vereenselwig.
- **Verhoudingskwaliteit** – hierdie begrip hou verband met 'n teoretiese verstaan van die Christelike geloof, wat uiting vind in konkrete dade binne verhoudings (Jak. 1:22-25; 2:26). Kwaliteit dui in hierdie sin op 'n bestaanswyse wat kenmerkend aan die Christelike geloof is. So 'n leefstyl weerspreek nie die verkondigde boodskap van geloof nie, maar bekragtig dit juis deur woord, daad en gesindheid. Verhoudingskwaliteit hou daarom ook verband met liefde tot God en liefde tot die naaste. Hierdie verhoudingskwaliteit word gegrond in die aard en karakter van die verbond waarmee God Sigself in Christus aan gelowiges verbind.
- **Verbondsgesin** – deur hierdie kwalifisering word die gesin gevisualiseer as 'n groepering van gelowiges wat tussenmenslike verhoudings kragtens hulle verbondsverhouding met God inrig. In die verbond, waarvan Christus die Middelaar is, leef gelowiges in 'n verhouding met God en mekaar wat deur versoening gekenmerk word (1 Tim. 2:5-6).

- **Narratiewe pastorale ondersoek** – tydens navorsing word die verhale belig wat mense oor hulle lewens vertel. Hierdie verhale dra inligting, betekenis, persepsies, aannames en die werklikheidsverstaan van mense. Die narratiewe benadering/-navorsing vloei voort uit postmodere denke (Freedman & Combs 2002:189; Pearce 1996:10-15). Hierdie navorsingsmetode wil nie die studieveld soos 'n koue, rigiede en kliniese geval ondersoek nie; eerder fokus op gevalle waar egtheid, eerlikheid, betekenis en veelkleurigheid in verhale na vore kom. Met die narratief-pastorale ondersoek word daar, onder andere, ook op die godsdienstige en geestelike dimensie van die Medenavorsers se lewens gefokus.[1]
- **Postmodernistiese era** – in hierdie denkklimaat is daar 'n beweegkrag-neiging dat mense hulleself as mondig, bevry, verlig en onafhanklik beskou, met 'n oorklem op eie vermoëns. Kenmerke wat hierin na vore kom, is die bevraagtekening van absolute waarheidsaansprake en gevolglike relativering van die waarheid. Universele beginsels en wette word nie meer as geldend beskou nie. Mense beroep hulle eerder op historiese, kulturele, sosiale en familiewaardes wat bruikbaar blyk (McCarthy 2000:194; Storey 2011:204-2013). Godsdienspluralisme is in so 'n geestesinstelling aan die orde van die dag. Tegnologiese vooruitgang verander die mens in 'n onafhanklike, selftevrede en selfvoldoenende wese. 'n Wêreldkultuur is in ontwikkeling. Positief gestel, bevraagteken 'n postmoderne generasie sake van die dag binne samelewingsverband. Dit raak aspekte soos fundamentalisme, ongekwalifiseerde oorgelewerde tradisies, ongegronde waarheidsaansprake en voorbehoude asook aannames van 'n vorige geslag.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Binne die postmodernistiese denkklimaat en te midde van 'n sekulêre lewensgevoel, word die kontemporêre Christelike huwelik asook die verbondsgesin onder druk geplaas. Hierdie instellings moet mééleef in 'n denkklimaat waarin God as Gesag al hoe meer ontken word. Die druk geskied onder meer deur massamedia soos televisie, rolprente en literatuur. Dit gaan gepaard met die versekularisering van 'n kultuur waarin God nie meer as die middelpunt van alle lewensuitings beskou word nie. 'n

[1] Die proefskrif is gegrond op die model van J.C. Müller (2005:82-86) soos gestel in sy artikel "A Postfoundationalis, HIV-positive Practical Theology". *Practical Theology in South Africa.* 20(2), 72-88.

Optimistiese lewenshouding, waarin God 'n al kleinerwordende rol speel, is volgens Nel (2001:42; Bruce 2013:2) sedert die *Aufklärung* 'n kenmerk in die samelewing. Die postmodernistiese era word terselfdertyd ook gekenmerk deur 'n sterk fokus op die outonome, onafhanklike mens, en wat hy of sy self as belangrik beskou. Hierdie tendens kan geld as teenvoeter vir die verbondsverbintenis tussen God en die gelowige, veral wanneer die konkrete werklikheid van 'n postmodernistiese era en sekularisasie die meer abstrakte werklikheid[2] van die verbondsverbintenis oorskadu en selfs vervang.

Christelike identiteit kan te midde van die postmodernistiese era en sekularisasie vervaag. Gelowiges is *deel* van God se verbondsvolk maar ook *deel*saam te midde van genoemde denkstroming en lewenswyse. Die benaming "postmoderne mens" kan – as moontlikheid - 'n beter beskrywing van die gelowige se leefstyl aandui, eerder as die wesensbeskrywing "mens van God". Persone kan teoreties aan God verbonde wees, maar in praktyk meestal los van God staan. Christelike identiteitsverlies word ook deur Du Toit gekoppel aan die tydsgees waarbinne ons leef (2001:232). Dit raak die *basiese vraag na identiteit*, nie net dié van die individu nie, maar ook die identiteit van die huwelik, gesin, gemeenskap en die kerk (a.w.:232).

In gehoorsame navolging van Christus, rig en stig die Christelike geloof 'n lewenswyse en lewensingesteldheid wat op God en heilsbemiddeling/heilsgewing afgestem is. Wanneer hierdie ingesteldheid afwesig is, bevind die gelowiges hulle *in 'n mate* in dieselfde eksistensiële lewensposisie as dié waarin ongelowiges verkeer. Mense se lewe word gevolglik ook hierdeur gekenmerk. Daar vind identifikasie plaas met, en gevolglik ook deelname in die postmodernistiese en sekulêre samelewing, terwyl die moontlikheid bly bestaan dat die werklikheid van God se goeie nuus in Christus al minder 'n eksistensiële verskil in gelowiges se lewe maak. Die verbondsverbintenis tussen God en die gelowige is nie net 'n wete en 'n onsigbare werklikheid nie. Dit is 'n werklikheid wat sigbaar en konkreet gemaak word in en deur die handeling van gehoorsame gelowiges. Die teorie wat die Christelike geloof omskryf, wil met ander woorde konkreet in handelinge uiting vind. Die uitnodiging tot 'n sinvolle lewe hou

[2] Abstrakte werklikheid van die onsienlike God, asook die koninkryk van God en alles wat dit behels.

verband met gehoorsaamheid aan God en sy opdragte in die Bybel (Mack 1994b:218) en daartoe word gelowiges opgeroep.

Die Navorser wou ondersoek of bogenoemde tendens ’n negatiewe uitwerking op die verhoudingskwaliteit in die kontemporêre Christelike huweliksverhouding en gevolglik op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin kan uitoefen. Selfs ’n beduidende persentasie kerkmense ly volgens Nel (2001:42; van der Walt 1999:8) aan ’n sekulêre lewensgevoel, ’n ‘volwassesiekte’ wat ‘uitgeslaan’ het en tot volskaalse sekularisme ontwikkel het. Die kontemporêre Christelike huweliksverhouding word deur ’n postmodernistiese lewensgevoel onder druk geplaas om nie meer onbevange ’n heilsame uitwerking op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin uit te oefen nie. Soms word een of albei van die egpaar se lewenspatrone gekenmerk deur onder meer ’n afwesigheid van of beperkte toewyding aan God en ’n beperkende geloofsverstaan. Destruktiewe patrone, soos huweliksonmin, drankmisbruik, huweliksontrou, verbale en fisieke geweld en depressie, dring dikwels die Christelike gesinsisteem binne. Te midde van die ontwikkelingsproses van hierdie bestaansruimte, probeer kinders om hulle persoonlike, geloofs- en gesinsidentiteit te vind. Die egpaar se *onvermoë* tot Christelike lewenskuns word geredelik op die kinders oorgedra. Sodoende kan destruktiewe gedrag van een geslag na die volgende geslag, oorgedra word.

Die Navorser betoog hieruit dat *verhoudingskwaliteit* onder meer verband hou met ’n teoretiese verstaan van die Christelike geloof wat uiting vind in konkrete dade binne verhoudings (Jak. 1:22-25; 2:14-26). Kwaliteit dui, met ander woorde, op ’n *bestaanswyse* wat kenmerkend aan die Christelike geloof is. Sodanige leefstyl is in ooreenstemming met die verkondigde boodskap van geloof en bekragtig dit deur woord, daad en gesindheid. Verhoudingskwaliteit hou ook verband met liefde tot God en die naaste. Toerusting in Christelike lewenskuns en verhoudingskwaliteit binne die ruimte van huwelike en verbondsgesinne word daarom noodsaaklik volgens die Navorser.

Die *algemene navorsingsveld* wys ’n leemte uit met betrekking tot bogenoemde navorsingstema. Temas wat bespreek word, hou verband met mishandeling van kinders, geloofsbou by kinders, funksionering van Bybelse inhoude (Wright 2002:11), die rouproses, armoede, misdaadgeweld, en MIV/Vigs. Verhoudingskwaliteit binne die

huwelik of verbondsgesin word soms tydens navorsing van gevalle veronderstel, maar staan nie in die sentrum van die ondersoekveld nie. Alle Bybelse aanhalings word gedoen uit die NAV/1983, tensy ander vermeld.

1.3 DIE NAVORSINGSVRAE

1.3.1 Die oorkoepelende vraag was:

Watter uitwerking kan 'n nuwe verstaan/alternatiewe interpretasie van die aard van die Christelike huweliksverhouding (en gesinslewe) hê op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin binne 'n postmodernistiese paradigma?

1.3.1.1 Hierdie oorkoepelende vraag kan in 'n navorsingsprojek waarin 'n narratiewe navorsingsmetodologie gebruik word, soos volg ontvou:

1. Watter verhale word vertel oor kontemporêre Christelike huweliksmaats se ervarings oor die kwaliteit van hulle huweliksverhouding en watter implikasies hou dit in vir die verhoudingskwaliteit binne die verbondgesin? (Empiriese navorsing, hoofstuk 2)
2. Hoe beïnvloed die tradisie van interpretasie oor die aard van die verbondsverhouding met God en die implikasie daarvan vir tussenmenslike verhoudings die ervarings in die Christelike huweliks- en gesinsverhoudings? (Hoofstuk 3)
3. Watter elemente van verhoudingskwaliteit kom ter sprake in die godsdienstige en geestelike ervaring van die Christelike huwelikspaar/verbondsgesin wanneer daardie paar/gesin hulle binne 'n postmodernistiese paradigma bevind? (Hoofstuk 4)
4. Wat kan 'n interdissiplinêre literatuurstudie (in samewerking met onder meer dissiplines soos Sosiologie en Sielkunde) uitwys oor hoe persepsies omtrent die aard van die huweliksverhouding die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin binne 'n postmodernistiese paradigma beïnvloed? (Hoofstuk 5)

5. Watter perspektiewe bied die Skrif oor die implikasies van die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die huweliksverhouding en voortvloeiend daaruit in die gesinslewe? (Hoofstuk 6)
6. In hoe ’n mate kan die herstelde verbondsverbintenis *met God in Christus* tot ’n kenmerkende kwaliteit vir die huweliks- en gesinsverhouding/s lei? (Hoofstuk 6)
7. Watter alternatiewe interpretasies kan as resultaat van hierdie studie ontstaan oor verhoudingskwaliteit in Christelike huweliks- en gesinsverhoudings binne ’n postmodernistiese paradigma? (Hoofstuk 6)

1.4 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

1.4.1 Die oorkoepelende navorsingsdoelstelling was:

Om aan die hand van (1) Medenavorsers se ervarings van huweliks- en gesinsverhoudings, en (2) ’n literatuurstudie, (3) geverifieerde waarnemings, en (4) Skrif-eksegese, die uitwerking te verduidelik wat Christen gelowiges se verstaan van die aard en kwaliteit van hulle huweliksverhouding op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin binne ’n postmodernistiese paradigma het en kan uitoefen.

1.4.2 Die oorkoepelende navorsingsdoelstelling kan in die volgende doelwitte verdeel word:

1. Dokumenteer die verhale oor die ervarings van kontemporêre Christelike huweliksmaats oor die kwaliteit van hulle huweliksverhouding (en gesinslewe) en die implikasies daarvan vir die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin. (Hoofstuk 2)
2. Stel ondersoek in na die manier waarop die tradisie van interpretasie oor die aard van die verbondsverhouding met God en die implikasie daarvan vir tussenmenslike verhoudings die ervarings in die Christelike huweliks- en gesinsverhoudings beïnvloed, en dokumenteer die bevindings hieroor. (Hoofstuk 3)
3. Verken saam met die betrokkenes die onderskeie faktore wat die godsdienstige en geestelike ervaring van die huwelikspaar/verbondsgesin binne ’n

postmodernistiese paradigma kan vorm, en dokumenteer die bevindings. (Hoofstuk 4)

4. Onderneem ’n interdissiplinêre literatuurstudie ten opsigte van die uitwerking van persepsies oor die aard van die Christelike huweliksverhouding op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin, binne ’n postmodernistiese paradigma. (Hoofstuk 5)
5. Ontleed die Skrifperspektiewe oor die implikasies wat die verbondskonteks inhou vir verhoudingskwaliteit in die huweliksverhouding en, voortvloeiend daaruit, in die gesinslewe. (Hoofstuk 6)
6. Stel vas in hoe ’n mate die herstelde verbondsverbintenis met God in Christus, tot ’n kenmerkende kwaliteit in die huweliks- en gesinsverhoudings kan lei. (Hoofstuk 6)
7. Formuleer, aan die hand van verskillende interpretasies vanuit die navorsingsproses (empiriese verhale; teologiese en interdissiplinêre literatuur, eie interpretasies; interpretasies van Medenavorsers; Skrif-eksegese), moontlike alternatiewe interpretasies oor Christelike huweliks- en gesinsverhoudings soos dit binne ’n postmodernistiese paradigma kan geld. (Hoofstuk 6)

1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Te midde van die invloed van die postmodernistiese tydsgees, en sekulêre denkklimaat wat daarmee gepaardgaan, is dit die Navorser se oortuiging dat die Christelike identiteit van die gelowige nie anders kan nie as om op ’n wesenlike manier geraak te word. Dit was noodsaaklik dat nagevors is in hoe ’n mate hierdie geestesingesteldheid ’n negatiewe invloed uitoefen op die uitleef van die kontemporêre Christelike huweliksverhouding/verbondsgesin. Daarby is vasgestel in hoe verre veranderde persepsies oor die aard en die kwaliteit van die huweliksverhouding ’n uitwerking het op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin. Die Navorser wou ondersoek doen na die kontemporêre huweliksverhouding se uitwerking op die verhoudingskwaliteit in die gesin. Narratiewe navorsingsmetodologie was van toepassing, dit het geskied in aansluiting by die Skrif. Die navorser wou ook – as moontlikheid – ’n alternatiewe verhaal oor verhoudingskwaliteit daarstel. Hierdie verhaal hou na die navorser se

mening verband met God en ontsluit onder andere geloof in God, asook hoop vir ’n gesonde gesinslewe.

1.6 METODE VAN ONDERSOEK

1.6.1 Die narratiewe navorsingsmodel[3]

Die narratiewe navorsingsmodel ABDCE, was van toepassing met die ontwikkeling van die navorsingsverhaal. Die navorsingsverhaal verloop van die Aksieveld (“Action” - A), Agtergrond (“Background” - B), Ontwikkeling (“Development” - D), Klimaks (“Climax” - C) tot die Slot (“Ending” - E). Hierdie benadering tot narratiewe navorsing word aanbeveel deur Müller, van Deventer en Human, in ’n artikel: “Fiction writing as metaphor for research: A narrative approach” (2001:76-96). Met die narratiewe benadering word beoog om ’n alternatiewe verhaal oor die navorsingsveld te ontwikkel wat nie so probleemgerig is nie. Die narratiewe benadering tot terapie asook narratiewe navorsing, funksioneer *as ’n reël* in die praktyk met ’n antropologiese swaartepunt.

Narratiewe navorsers plaas hulle binne die Sosiale Konstruksionistiese paradigma, waar die verhale wat mense vertel belangrik word. Dit hou ook implikasies in vir die manier waarop mense die waarheid beskou (Müller & Schoeman 2004:8), aangesien die *sosiale proses* beklemtoon word waarvolgens kennis ontwikkel (Müller 2000:58). Die antropologiese, narratiewe navorsingsfokus het groot waarde omdat dit die werklikheidsverstaan, beskouings, ervarings en persepsies van Medenavorsers binne die konteks belig. Deur verhaling word hierdie eksponente se besonderhede blootgelê.

Die narratiewe benadering tot terapie asook die narratiewe navorsingsmetode besit, wat sommige fokusse betref, ’n uitstaande benadering tot terapie/navorsing. ’n Paar voorbeelde is die fokus op (1) *’n verbeelde toekoms* in die oplossing van probleme, (2) die konstruering van *’n alternatiewe verhaal* wat nie so probleemgedrewe is nie en (3) *verhale* wat ervarings, persepsies, tendense, onwaarhede en oortuigings verwoord. Daar kan ook nadele aan die narratiewe benadering/navorsingsmetode gekoppel word,

[3] Die proefskrif is gegrond op die model van J.C. Müller (2005:82-86) soos gestel in sy artikel “A Postfoundationalis, HIV-positive Practical Theology”. *Practical Theology in South Africa.* 20(2), 72-88.

waarvan die grootste sekerlik die verontagsaming van die verbintenis tussen God en mens is, of kan wees.

Hoewel die narratiewe navorsingsmetode, wat postmoderne trekke vertoon, tydens navorsing gebruik is, is die Medenavorsers gelowiges en hou die verhale wat hulle vertel, verband met die ontvouing van die Christelike geloof in hulle lewe. Daarom sou ’n miskenning van die geloofsband met God tydens navorsing onmoontlik wees. Daar is gepoog om Medenavorsers se volle verhale te verwoord – wat die geestelike dimensie insluit. Alternatiewe interpretasies (Hoofstuk 6), waarin voor die Skrif as enigste gesagvolle bron gebuig word, het ook deeglik met hierdie verband rekening gehou.

Die mensdom se oorsprong lê by die Skepper-God en mense vind opnuut die ewige bestemming in en deur Christus se verlossingsdaad. In die lig hiervan is God se belang by die mens (in dié geval gelowiges) onomwonde seker. God se Woord is skeppingsmagtig en die enigste waarheid waarvolgens ’n mens se lewe ingerig kan word. So hou die *alreeds* geopenbaarde waarheid van die Christelike geloof met ’n sigbare en onsigbare *nog nie*-werklikheid verband. Die Gereformeerde Skrifbeskouing soos dit tot uitdrukking kom in die Nederlandse Geloofsbelydenis (GKSA 2004:9 e.v.), bied die geloofsbegronding en vorm die oortuigings van die Navorser en was tydens die navorsingsproses deurslaggewend. Die verskillende fokuspunte van die navorsingsmodel word vervolgend belig:

- **Aksieveld (A)**

> “Die verhalende benadering het ontdek dat mense nie net vir interessantheid of vermaaklikheid stories vertel nie, maar dat die grein van die lewe deur verhale blootgelê word” (Müller 2000:10). Volgens Müller, word ons identiteit nie net ontdek in die verhale wat ons vertel nie, maar word deur daardie verhaling tegelyk aan ons identiteit gebou (Müller 2000:10). Ons organiseer ons ervarings in verhale, daarom ontbloot die verhale wat ons vertel heelwat van hoe ons die werklikheid verstaan. Die Aksieveld (A) van die narratiewe navorsingsmodel belig wel die navorsingsprobleem, maar fokus tegelyk op die *nou* van die navorsingsverhaal. Verhale word vertel en gedokumenteer. Die huidige optrede (aksie) van

Medenavorsers word empiries beskou. In hierdie stadium van die navorsing word daar nie met hipoteses gewerk nie, die Navorser wil die *habitus* van die subjekte binne die navorsingsveld verstaan (Müller *et al.* 2001:78). Die narratiewe Navorser werk met ’n dekonstruktiewe agenda: “Things need to be unpacked and alternatives have to be explored. According to this approach, not only the problem areas of life have to be researched, but every action, with a possible alternative story in mind” (a.w.:79).

- **Agtergrond (B)**

Die verledeverhaal van die navorsingsveld kom hier ter sprake. Die *nou* van die verhaal (huidige optrede) word teen die agtergrondverhaal geplaas. Die agtergrondverhaal word vertel en gedokumenteer. Herinnerings word verwoord. Nuwe insigte oor die navorsingsveld kom na vore.

- **Ontwikkeling (D)**

Ontwikkeling van verhale duur voort. Navorsingsinligting vanuit Bybelse eksegese en interdissiplinêre ondersoek vul die navorsingproses aan. Narratiewe navorsing laat toe vir die verwikkelingsplan om te ontwikkel, groei en ontvou: “The narrative researcher is curious and waits for the research plot to develop” (Müller 2001:84). Die navorsingsproses behels nie net verhaling nie, maar ook verhaal-ontwikkeling.

- **Klimaks (C)**

Tydens die navorsingsproses, ontstaan ’n nuwe, alternatiewe verhaal vir die navorsingsveld. Alternatiewe interpretasies kan heenwys na byvoorbeeld ’n alternatiewe leefstyl.

- **Slot (E)**

Die slot van die navorsingsverhaal is anders as die aanvang daarvan. Nuwe kennisinsigte het in die proses na vore gekom.

1.7 KWALITATIEWE NAVORSING

In die huidige studie is die kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik. Volgens Babbie en Mouton (2001:53) is die doel van kwalitatiewe navorsing om te beskryf en te verstaan. Creswell (1998:15) sê oor die proses van navorsing: "The researcher builds a complex, holistic picture, analizes words, reports detailed views of informants, and conducts the study in a natural setting." Narratiewe navorsing onderskryf ook navorsing wat betrokke en deelnemend is ('Participatory action research'; Müller & Schoeman 2004:7-12). Interaksie tussen Navorser en Medenavorser word in hierdie model veronderstel.

Die narratiewe navorsingsproses word beskou teen die agtergrond van die Sosiale Konstruksionistiese paradigma. Die sentrale uitgangspunt van Sosiale Konstruksionisme is dat die volgende kwaliteite gesien word as sosiale realiteite wat kultuurgroepe sanksioneer: oortuigings, waardes, institusies, gebruike, klassifikasies, wette en die afbakening van werk. Dit gebeur wanneer interaksie tussen mense plaasvind en word van geslag tot geslag oorgedra. Die gemeenskappe vorm met ander woorde die lense waardeur die lede die wêreld rondom hulle interpreteer (Freedman & Combs 1996:16). Sodoende ontstaan gedeelde konstrukte van die werklikheid rondom die mens. Hierin speel taaluiting 'n sleutelrol. Müller sê, "Betekenisse word met mekaar gedeel en uiteindelik toegeken deur taal" (2000:58; Bauman 1995:3-13).

Met kwalitatiewe navorsing word inligting gevind in die verhale wat mense vertel. Daarom behoort die verstaan en interpretasie van verhale deel uit te maak van die narratiewe navorsingsproses en nie net 'n analise van data te wees nie (Müller & Schoeman 2004:7-12). Alice Morgan skryf die volgende: "Viewing the research question from a narrative angle entails stories/events, which in the course of time, are linked together to form a 'plot' ('story line')" (2000:5). Met die voer van onderhoude asook die hantering van navorsingsinligting het etiese handeling in die huidige studie voorkeur geniet. Etiese handeling wil reg laat geskied aan Medenavorsers/navorsingstemas. Gevolglik het respek, akademiese integriteit en sensitiwiteit die toon in die studie aangegee. Die doel was dat navorsing in belang van die waarheid (kennis van die waarheid) geskied. Onderhoude/gesprekke is slegs gevoer nadat toestemming vir empiriese navorsing by die Etiekkomitee van die NWU verkry is.

Daarby was die nodige dokumente in hierdie verband bekom wat aan Medenavorsers beskikbaar gestel is. Op hierdie vorms het hulle toestemming verleen vir deelname aan die navorsingsprojek.[4]

1.8 RIGTINGGEWENDE BEGRONDING TYDENS DIE NAVORSINGS-PROSES

Twee kerngedagtes was tydens die navorsingsproses rigtinggewend:

1.8.1 Verbondsgerigtheid

As noodsaaklike komponent van die Christelike huweliksverhouding is die *nodigheid van 'n verbondsgerigtheid beklemtoon.* Louw (1989:147) skryf só daaroor: "In hierdie verbondsgerigtheid ontwikkel die huweliksisteem 'n ons-komponent wat geleidelik daarop ingestel is om die saakkarakter van die huwelik (versoening en vrede) deur 'n wedersydse vergewensgesindheid binne die verhouding te integreer. Die huweliksisteem verkry 'n gerigtheid op die koninkryk van God met die oog op die opbou van Christus se gemeente op aarde. Huweliksvernuwing word dan dienooreenkomstig gemeentebou." Wanneer die huweliksisteem 'n gerigtheid op die koninkryk van God verkry, word die dinamika van die huwelik en huweliksverhouding verander. Mense besef die skakel wat hulle in God se ketting vorm – hulleself, hulle eggenoot en hulle kinders se verbintenis tot God. Daarby aanvaar, glo en lééf hierdie mense as deelgenote van God se beskikking.

1.8.2 'n Relasionele navorsingsperspektief

'n Relasionele navorsingsperspektief hou verband met (1) *'n persoonlike verhouding met God,* asook (2) *die huweliksverhouding en gesinsverhoudings.* Nel (2001:14) bevestig: "God is op 'heil wat heelmaak-wyse' by die skepping en by die mens betrokke. Hierdie heelwording is op geen ander wyse as *verhoudingsmatig*

[4] Etiek no.: NWU-00209-16-A6.

(beklemtoning RK) te verstaan nie. Wat heel word, is ten diepste verhoudings, met God, met ander en met die skepping self" (a.w.:14).

1.9 HOOFSTUKOPSKRIFTE

Die volgende hoofstukindeling (hoofopskrifte) is in die skryf van die navorsingsverslag ontplooi:[5]

1. Inleiding.
2. Ervarings van verhoudingskwaliteit in die Christelike huweliks - en gesinsverhoudings binne 'n postmodernistiese paradigma. Vgl. 1.3.1.1 (1).
3. Ervarings in die Christelike huweliks - en gesinsverhoudings, soos dit beïnvloed word deur tradisies van interpretasie oor die aard van die verbondsverhouding met God. Vgl. 1.3.1.1 (2).
4. Godsdienstige en geestelike ervaring van die huwelikspaar/verbondsgesin binne 'n postmodernistiese paradigma. Vgl. 1.3.1.1 (3).
5. 'n Interdissiplinêre ondersoek na die uitwerking van die Christelike huweliksverhouding op verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin. Vgl. 1.3.1.1 (4).
6. Alternatiewe interpretasies oor verhoudingskwaliteit in huweliks- en gesinsverhoudings binne 'n postmodernistiese paradigma. Verwys na die oorkoepelende navorsingsvraag (1.3.1) asook vraag 5, 6 en 7 (1.3.1.1).

Die proefskrif/navorsingsverslag se samestelling en ontwikkeling was soos volg:

Hoofstuk 1 het die inleidende deel van die studie bevat, naamlik probleemstelling, navorsingsvrae en doelwitte, sentrale teoretiese argument en metodologiese oorwegings. Die navorsingsproses word aan die hand van 'n **metafoor van 'n gesprek** verduidelik. In hierdie proses is gespreksgenote: die **Navorser**[6] wat in gesprek tree met die **Praktyk**, die **kanonieke Bybel**, **Teologiese geskrifte**, **Buite-Bybelse bronne**, of met elke **Medenavorser**. In die loop van die betoog word elke spreekwoordelike gespreksgenoot

[5] Die proefskrif is gegrond op die model van J.C. Müller (2005:82-86) soos gestel in sy artikel "A Postfoundationalis, HIV-positive Practical Theology". *Practical Theology in South Africa.* 20(2), 72-88.
[6] Die navorsingsgespreksgenote word deurgaans met 'n hoofletter aangedui, omdat hulle metafories gestel, 'persone in 'n navorsingsgesprek' is.

wat aan die navorsingsproses deelgeneem het, bekend gestel. Aangesien navorsing gedoen word oor onder meer verhoudingskwaliteit, doen hoofstuk 2, 3 en 4, verslag oor die *navorsingsverhaal in die konteks*. Die verhaal oor verhoudingskwaliteit binne die huwelik en verbondsgesin in die *nou* kom hierin ter sprake. Die Medenavorsers was openlik oor hulle lewensverhale en gevolglik het die Navorser dit, in ooreenstemming met hulle verwagtings, op ’n simpatieke manier gedokumenteer. Hierdie verhaling het grootliks geskied deur persoonlike gesprekke, waarneming van die konteks, en die invul van relevante vraelyste om sodoende inligting oor die navorsingskonteks bekend te maak. Die navorsing het geskied deur die riglyne en prosedures in ag te neem wat die Etiekkomitee van die NWU daar gestel het.[7] Die Aksieveld (A) en Agtergrond (B) van die navorsingsverhaal is in hoofstuk 2 belig. In hoofstuk 3 kom die Aksieveld (A), Agtergrond (B) en Ontwikkeling (D) ter sprake. In hoofstuk 4 word gefokus op A, B en D van die navorsingsmetode. Elke hoofstuk volg uit ’n relevante navorsingsvraag, soos genoem onder punt 1.3 e.v. Die oorkoepelende navorsingsvraag (sien 1.3.1) word in hoofstuk 6 belig.

Hoofstuk 5 behels ’n interdissiplinêre ondersoek na beskouings oor verhoudingskwaliteit in die huwelik en gesin, en die uitwerking van die huweliksverhouding op die verhoudingskwaliteit in die gesin. Tydens literatuurstudie is daar oor die grense van verskillende dissiplines soos Sosiologie en Sielkunde beweeg om verskillende interpretasies in spel te bring oor verhoudingskwaliteit binne die gesin en die uitwerking van die huweliksverhouding op die gesin (Van Huyssteen, Junie 2000). Die literatuurstudie het ingesluit nie-teologiese geskrifte, en tydskrif- en koerantartikels. Interdissiplinêre bronne is verken, en dit is vergelyk met die insigte uit die teologiese invalshoek van hierdie studie. Korrekte verwysings wat aan die vereistes vir navorsing voldoen, het deurentyd noodsaaklike voorkeur verkry. Daar is ook gebruik gemaak van basistekste, met telkense verwysings na die bladsy, boek en skrywer. Hierdie tekste het gehelp met terugverwysings tydens die samestelling van die proefskrif. Die Navorser se eie interpretasies is die navorsingsverhaal aangevul. Waar moontlik, is relevante inligting gekopieer. Deeglike opnames het deurentyd voorrang geniet. In hoofstuk 5 word die Ontwikkeling (D) van die navorsingsverhaal uiteengesit.

[7] Etiek no.: NWU-00209-16-A6.

Narratiewe navorsing laat met ander woorde toe vir die verwikkelingsplan om te ontvou, ontwikkel en groei. In hoofstuk 6 word *in terugskouing* na die navorsingsverhaal gekyk. Die toekomsverhaal *in vooruitskouing* en vanuit ’n Christelike beskouing kom ook ter sprake. Die studie het die onderskeie interpretasies vanuit die navorsingsproses (empiriese verhale; teologiese en interdissiplinêre literatuur; eie waarneming en interpretasies; interpretasies van Medenavorsers; en Skrif-eksegese) benut om moontlike alternatiewe interpretasies oor Christelike huweliks- en gesinsverhoudings binne ’n postmodernistiese paradigma te formuleer. Die navorsingsvrae is deur die loop van die studie beantwoord. Verskillende navorsingsperspektiewe wat tydens navorsing na vore gekom het, is bespreek. In hoofstuk 6 word gefokus op die Ontwikkeling (D), Klimaks (C) en Slot (E) van die navorsingsverhaal. *Ontwikkeling* – laat toe vir die verwikkelingsplan om te onvou; *Klimaks* – dui op die verskillende verhale wat na ’n klimaks opbou en moontlike alternatiewe interpretasies; en *Slot* – ontsluit nuwe kennisinsigte wat na vore kom.

1.10 SKEMATIESE VOORSTELLING OM KORRELASIE TE LAAT BLYK

PROBLEEMSTELLING	**DOELSTELLING**	**METODE**
1.3.1 Watter uitwerking kan ’n nuwe verstaan / alternatiewe intepretasie van die aard van die Christelike huweliksverhouding (en die gesinslewe) hê op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin binne ’n postmodernistiese paradigma? **(Oorkoepelende navorsingsvraag)**	1.4.1 Om aan die hand van (1) Medenavorsers se ervarings van huweliks- en gesinsverhoudings, en (2) ’n literatuurstudie, (3) geverifieerde waarnemings, en (4) Skrif-eksegese, die uitwerking te verduidelik wat Christengelowiges se verstaan van die aard en kwaliteit van hulle huweliksverhouding (en die gesinslewe) op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin binne ‘n postmodernistiese paradigma het en kan uitoefen.	Verhale van Mede-navorsers in huweliks- en gesinsverband word vertel en gedokumenteer. Vraelyste om inligting in te win.Waarnemings en interpretasie van Navorser. Literatuurstudie (Teologiese en nie-teologiese geskrifte), met basistekste vir verwysing. Skrif-eksegese.

DIE OORKOEPELENDE NAVORSINGSVRAAG VAL SOOS VOLG UITEEN:

1. Watter verhale word vertel oor komtemporêre Christelike huweliksmaats se ervarings oor die kwaliteit van hulle huweliksverhouding en watter implikasies hou dit in vir die verhoudingskwaliteit binne die verbondsgesin? (Hfst. 2.)	1. Luister na en dokumenteer die verhale oor die ervarings van kontemporêre Christelike huweliksmaats oor die kwaliteit van hulle huweliksverhouding en die implikasies daarvan vir die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin. (Hfst. 2)	Verhale van Mede-navorsers in huweliks- en gesinsverband word vertel en gedokumenteer. Vraelyste. Empiriese fokus. Navorser wil deur die narratiewe proses van verhaling, inligting inwin oor die huidige stand van die Christelike huwelik, die verbondsgesin en verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin in die algemeen.
2. Hoe beïnvloed die tradisie van interpretasie oor die aard van die verbondsverhouding met God en die implikasie daarvan vir tussenmenslike verhoudings die ervarings in die Christelike huweliks- en gesinsverhoudings? (Hfst. 3)	2. Stel ondersoek in na die manier waarop die tradisie van interpretasie oor die aard van die verbondsverhouding met God en die implikasie daarvan vir tussenmenslike verhoudings die ervarings in die Christelike huweliks- en gesinsverhoudings beïnvloed, en dokumenteer die bevindings hieroor. (Hfst. 3)	Verhale van Mede-navorsers openbaar die tradisie van interpretasie. Opname en dokumenteer. Interpretasie en waarneming van Navorser ingesluit.
3. Watter elemente van verhoudingskwaliteit kom ter sprake in die godsdienstige en geestelike ervaring van die Christelike huwelikspaar/verbonds-gesin wanneer daardie paar/gesin hulle binne ‘n postmodernistiese paradigma bevind? (Hfst. 4)	3. Verken saam met die betrokkenes die onderskeie faktore wat die godsdienstige en geestelike ervaring van die huwelikspaar/verbondsgesin binne ‘n postmodernistiese paradigma kan vorm, en dokumenteer die bevindings. (Hfst. 4)	Verhale van Mede-navorsers openbaar inligting oor godsdienstige en geestelike ervaring. Opname en dokumenteer. Vraelyste. Interpretasie en waarneming van Navorser ingesluit.

4. Wat kan ’n interdissiplinêre literatuurstudie (in samewerking met o.m. dissiplines soos Sosiologie en Sielkunde) uitwys oor hoe persepsies omtrent die aard van die huweliksverhouding die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin binne ’n postmodernistiese paradigma beïnvloed? (Hfst. 5)	4. Onderneem ’n interdissiplinêre literatuurstudie (dissiplines soos Sosiologie en Sielkunde onder andere) ten opsigte van die uitwerking van persepsies oor die aard van die Christelike huweliksverhouding op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin, binne ’n postmodernistiese paradigma. (Hfst. 5)	Teologiese en interdissiplinêre literatuurstudie. Medenavorsers se interpretasies. Navorser se interpretasies.
5. Watter perspektiewe bied die Skrif oor die implikasies van die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die huweliksverhouding en voortvloeiend daaruit in die gesinslewe? (Hfst. 6)	5. Ontleed die Skrifperspektiewe oor die implikasies wat die verbondskonteks inhou vir verhoudingskwaliteit in die huweliksverhouding en, voortvloeiend daaruit, in die gesinslewe. (Hfst. 6)	Teologiese en interdissiplinêre literatuurstudie. Teksverse identifiseer. Navorser se interpretasies.
6. In hoe ’n mate kan die herstelde verbondsverbintenis *met God in Christus* tot ’n kenmerkende kwaliteit vir die huweliks- en gesinsverhouding/s lei. (Hfst. 6)	6. Stel vas in hoe ’n mate die herstelde verbondsverbintenis met God in Christus, tot ’n kenmerkende kwaliteit in die huweliks- en gesinsverhoudings kan lei. (Hfst. 6)	Teksgedeeltes identifiseer en dokumenteer. Eksegese. Teologiese en interdissiplinêre literatuurstudie. Navorser se interpretasies.
7. Watter alternatiewe interpretasies kan as resultaat van hierdie studie ontstaan oor verhoudingskwaliteit in Christelike huweliks- en gesinsverhoudings binne ’n postmodernistiese paradigma? (Hfst. 6)	7. Formuleer, aan die hand van verskillende interpretasies vanuit die navorsingsproses (empiriese verhale; teologiese en interdissiplinêre literatuur; eie interpretasies; interpretasies van Medenavorsers; Skrifeksegese), moontlike alternatiewe interpretasies oor Christelike huweliks- en gesinsverhoudings soos dit binne ’n postmodernistiese paradigma geld. (Hfst. 6)	Basisteksteste van teologiese en interdissiplinêre literatuurstudie bestudeer. Bevindings van Skrif-eksegese in berekening bring. Alternatiewe interpretasies ontwikkel. Eie waarnemings en interpretasies stel en beredeneer.

HOOFSTUK 2

ERVARINGS VAN VERHOUDINGSKWALITEIT IN DIE CHRISTELIKE HUWELIKS- EN GESINSVERHOUDINGS BINNE ’N POSTMODERNISTIESE PARADIGMA

2.1 NAVORSINGSVRAAG (Vgl. Hoofstuk 1, punt 1.3.1 e.v.)

In hierdie hoofstuk word met die volgende navorsingsvraag gewerk:

> *Watter **verhale** word vertel oor kontemporêre Christelike huweliksmaats se ervarings oor die kwaliteit van hulle huweliksverhouding en watter implikasies hou dit in vir die verhoudingskwaliteit binne die verbondsgesin?*

Die navorsingsvraag loop op die volgende navorsingsdoelwit uit: luister na en dokumenteer die verhale oor die ervarings van kontemporêre Christelike huweliksmaats oor die kwaliteit van hulle huweliksverhouding en die gevolge wat dit inhou vir die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin.

2.2 INLEIDING

Met die oog op die bogenoemde navorsingsdoelwit word in hierdie hoofstuk ’n duidelike begronding gebied vir die metodologie om tot ’n perspektiefryke beskrywing te kom van verhale wat deur Medenavorsers vertel word. Praktiese teologiese navorsing in ’n spesifieke veld verg verskillende perspektiewe op daardie aspekte wat as die waarheid ten opsigte van daardie veld beskou kan word. Daarom word die onderwerp uit verskillende perspektiewe nagevors.

Die navorsingsproses word aan die hand van ’n **metafoor van ’n gesprek** verduidelik. In hierdie proses is gespreksgenote: die **Navorser**[8] wat in gesprek tree met die **Praktyk**,

[8] Die navorsingsgespreksgenote se ‘name’ word deurgaans met ’n hoofletter geskryf omdat hulle metafories met persone in ’n gesprek vergelyk word.

die **kanonieke Bybel, Teologiese geskrifte, Buite-Bybelse bronne,** of met elke **Medenavorser.** In die loop van die betoog word elke spreekwoordelike gespreksgenoot wat aan die navorsingsproses deelgeneem het, bekend gestel (vgl. 2.3). Vir ‘n narratiewe berader/navorser is die gebruik van metafore om betekenisse oor te dra, van belang. Daarom word *verskillende metafore wat betekenis* dra, in hierdie werk gebruik[9]. Alle Bybelse aanhalings word gedoen uit die NAV/1983, tensy anders vermeld.

Vanaf **punt 2.4** word die narratiewe navorsingsmetodologie – wat volgens die **ABDCE-formule** geskied – bespreek. In die artikel *Fiction writing as metaphor for research: A Narrative Approach* van Müller, Van Deventer en Human (Müller *et al.* 2001:76-96) word die ABDCE formule van toepassing op narratiewe navorsing gemaak. Dit volg Anne Lamott na wat hierdie formule op fiksieskryfwerk toegepas het (a.w.:78). Gevolglik word dieselfde formule as metafoor vir narratiewe navorsing gebruik. Müller is ’n eksponent van die narratiewe benadering tot berading asook die ABDCE- formule vir narratiewe navorsing. Gevolglik steun die huidige studie sterk op sy navorsingsmodel.

Die ABDCE-formule verwoord die volgende aspekte:

- Aksieveld (“Action” – **A**);
- Agtergrond (“Background” – **B**);
- Ontwikkeling (“Development” – **D**);
- Klimaks (“Climac” – **C**); en
- Slot (“Ending” – **E**) van die navorsingsverhaal.

Die formule word in onderafdeling 2.4 van nader ondersoek. In hoofstuk 2, 3 en 4 word die Aksieveld (A), Agtergrond (B) en Ontwikkeling (D) van die navorsingsverhaal belig. In hoofstuk 5, wat ’n interdissiplinêre ondersoek na die navorsingstema loods, sal die Agtergrond (B) en Ontwikkeling (D) van die navorsingsverhaal gestel word. Laastens, in hoofstuk 6 word die Klimaks (C) en die Slot (E) toegelig. Met die Klimaks

[9] Verwys na Hoofstuk 5 – 5.5.4 *Die vlak van Trauma*; en 5.5.4.1(3) *‘n Skim wil saam met die getraumatiseer mens stap*, asook Hoofstuk 2 – 2.2 waar die navorsingsproses aan die hand van ‘n metaforiese gesprek verduidelik word - vir voorbeelde van metaforiese gebruik in hierdie werk

(C) van die navorsingsverhaal kom verskillende perspektiewe vir die navorsingstema tot ’n sentripetale punt. Met die Slot (E) van die navorsingsverhaal word op die navorsingsverhaal teruggekyk. Nuwe insigte word dan ontgin. Tog is die navorsingsverhaal nooit volledig afgehandel nie omdat die navorsing met ’n “open end” gelaat word (Müller *et al.* 2001:89). Daarom het die navorsingsverhaal narratiewe krag. Dit vertel ’n *storie* van die navorsingstema.

Die *narratiewe benadering tot navorsing* word by punt 2.5 bespreek, met die tema *Sosiale Konstruksionisme* (2.6), in verband met die narratiewe benadering wat daarop volg. Die tema *postmodernisme* skets die agtergrond wat verband hou met ’n wêreldse kultuur waarbinne die Medenavorsers leef, en volg by punt 2.7. Die *navorsingskonteks* (2.8) stel die konteks waarbinne die Medenavorsers werk/leef, en die Medenavorser bekend.

Voordat die verhale van Medenavorsers aan die woord kom, volg ’n bespreking oor die verskynsel *verhale* (2.9). Onder punt 2.10 word die konsep *ervaring* kortliks bespreek. Daarna geskied ’n dokumentering en interpretasie van Medenavorsers se verhale (2.11), met die fokus op hulle ervaring van verhoudingskwaliteit in die kontemporêre kultuur waarin hulle Christelike huwelik ingebed is. Laastens sal die verhoudingskwaliteit in die gesin deur verhaling aan die woord gestel word (2.12). ’n Kort, interpreterende bespreking volg op elke verhaal.

2.3 DIE NAVORSINGSPROSES AS GESPREK

Die navorsingsproses word vervolgens deur ’n gesprek tussen ses verskillende gespreksgenote verduidelik. Met ander woorde, die verskillende perspektiewe van die gespreksgenote dra by tot die navorsingsproses. Elke gespreksgenoot word – sonder ’n volgorde van voorkeur – “aan die woord” gestel.

2.3.1 Eerste gespreksgenoot: die Praktyk

2.3.1.1 Praktyk en teorie in wisselwerking

Eerstens, en nie noodwendig die belangrikste nie, word die **Praktyk** of praxis (die verhaal wat die praktyk vertel) by die gesprek met die Navorser betrek. Dit is en bly ’n belangrike gespreksgenoot tydens narratiewe navorsing. Die praktyk waarin hedendaagse huwelikspare en verbondgesinne leef, toon die praktiese sy van hulle lewe. Dit openbaar deur die verhaling van Medenavorsers, hulle eie asook ander se handelinge/dade, gesindhede, versugtings en drome van die dag. Die praktyk word dus verstaan as daadwerklik en konkreet, teenoor die teorie waarop die praktyk gebaseer is. “Praxis is a form of life in which a human being acts on the basis of life experience. The action is a goal in itself. This would include seeing, thinking, reading, living” (Heitink 1993:149).

Teorieë behels die bespreking, besinning en beplanning van waarhede wat vir die praktyk belangrik is, teenoor praxis wat op die konkrete handeling van ’n individu of groepe dui (Heyns & Pieterse 1991:35). Daar is wel ’n onlosmaaklike verband tussen teorie en praxis (a.w.:27), maar met narratiewe navorsing word die praktyk, en die verhale wat daaroor vertel word, van groot belang vir die Navorser. Die *konkrete werklikheid* van verhoudingskwaliteit (of nie) in die hedendaagse Christelike huweliks- en gesinsverhoudings, word in dié sin *deur verhaling* die draer van belangrike navorsingsinligting.

Teorieë, waarop die praktyk (*praxis*) gegrond word, word nie tydens die navorsingsproses as onbelangrik beskou nie. Elke handeling in die praktyk het ’n teorie as basis (Heyns & Pieterse 1991:24). Elke teorie waarop ’n handeling gebaseer word, volg nie noodwendig die slagaar na God se hart toe nie[10]. ’n Teorie dra nie vanselfsprekend die waarheid nie, en kan gegrond wees op ’n onwaarheid. Wat verhoudingskwaliteit in die huwelik en verbondsgesin betref, wys die hedendaagse praktyk duidelik uit dat sommige teorieë waarin huweliksmaats glo, die

[10] Soos teorieë wat geloof ondermyn, of teorieë wat verwydering van God voorstel, of teorieë wat poog om die gesindheid van bitterheid of haat te regverdig.

huweliksverhouding en gesinslewe kan ondermyn. Die teendeel is egter ook waar, dit is dat Christelike teorieë konkrete gestalte in die lewens van gehoorsame gelowiges – ook huweliksmaats - vind.

Navorsing sal 'n lig op beide fokusse werp. God se Woord behoort die laaste woord (teorie) oor verhoudingskwaliteit in die huwelik, en die verbondsgesin te spreek. Uit 'n Gereformeerde oogpunt beskou, behoort sy Woord wet te wees, want dit het die heil van mense, gelowiges in hierdie geval, in gedagte. Tog is God se Woord ook 'n uitnodiging tot die heil. Narratiewe navorsing, wil gevolglik "... aan die een kant die intensie van God en sy dade via tekste verstaan ten einde die betekenis en waarde van die heil vir ons menswees te ontsluit. Aan die ander kant wil dit die intensie van menslike handelinge verstaan vanuit die perspektief van die Christelike geloof en die dimensie van spiritualiteit en geloofsvolwassenheid" (Louw 2005:565).

2.3.1.2 Die daaglikse praktyk en die praktyk van die nuwe lewe in Christus

Wanneer die praktyk ter sprake kom, word twee kante van 'n saak aangeraak:

- Die **daaglikse praktyk** (die "gewone lewe") waar die Medenavorser deel in 'n huweliksverhouding en gesinsverhoudings, of as kind deel van 'n Christelike gesinsopset was.

- Die **praktyk van die nuwe lewe in Christus** (Kol. 3:5-17) in Medenavorsers se eie lewe en leefstyl soos deur verhaling verwoord. Die fokus is hier op die gestaltegewing van die Christelike geloof in die lewe van mense wat sê dat hulle aan God behoort.

1. Die daaglikse praktyk

Die verhaling van Medenavorsers maak hulle ervaring van die daaglikse praktyk ("die gewone lewe") bekend: as gelowiges in 'n Christelike huweliksverhouding en as deel van 'n verbondsgesin. Inligting oor die verhoudingskwaliteit in die huwelik en gesin word deur verhaling verwoord. Die fokus is in hierdie geval op die Medenavorsers met

hulle verstaan van die werklikheid en ervaring van verhoudingskwaliteit in hulle eie huwelik en verbondsgesin, hulle ouers se huwelik asook hulle eie kinderherinnerings van die gesinslewe en hulle geloofsverstaan.

Louw (2005:109) bring die *tegniek van storievertelling en luister* met die gebeure van ’n pastorale ontmoeting in verband. Die tegniek van storievertelling en luister is ’n algemene menslike verskynsel. Dit kom gewoonlik in elke gesprek na vore, alhoewel mense dit nie as sodanig herken nie. Verhaling oor die verhoudingskwaliteit in die huweliksverhouding en die verbondsgesin handel oor ervarings in die daaglikse praktyk. Dit sluit die volgende aspekte in: dade/optrede, gesindhede, woorde, denke, geloofsverstaan, kommunikasie, kinderonderrig, eie geestesgesondheid, lewensuitkyk, prioriteite, ’n persoonlike verhouding met God, vergifnis, en Christelike hoop.

Verhale oor die daaglikse praktyk hou ook verband met verlede- en toekomsverhale. Niebuhr (1963:92) maak belangrike stellings oor die verband tussen die hede, verlede en die toekoms. Hierby vind die narratiewe benadering aansluiting: “The past and the future are not the no-longer and the not-yet; they are extensions of the present. They are the still-present and the already-present” (sien 2.9.2). Volgens hom is die *verlede* in die hede teenwoordig en kan ’n mens dit saamdra waar jy gaan. Die mens laat nie sy of haar verlede agter soos die hand van ’n horlosie wat tyd agterlaat nie. Wat die *toekoms* betref, is dit ook in die hede teenwoordig deur die mens se verwagting daarvan asook die angs en hoop wat met hierdie toekoms verband hou (Niebuhr 1963:92). Die verhale wat oor die nou, of die verlede of toekoms vertel word, hou met mekaar verband. Die een stig die ander en kan mekaar rig. Wanneer God se verhaal van die verlede met die nou en die toekoms van die gelowige gesels, word die verband tussen die nou, die verlede en die toekoms bevestig.

Müller (2000:99) lê ook ’n verband tussen die verlede, hede en die toekoms: “Uit wat ons in die verlede ervaar het en uit wat ons nou in die hede ervaar, projekteer ons beelde (verbeelding) van wat ons bestaan in die toekoms sal wees.” Omdat die verlede, hede, en toekoms met mekaar verband hou en interaktief op mekaar inwerk, vorm dit deel van die daaglikse praktyk. Die verlede is steeds en die toekoms is reeds *lewendig*, en kom

tot uiting in die verhale wat elke dag daaroor vertel word. Uit ’n geloofsoogpunt gesien, geld dieselfde vir geloofsverhale.

Daarom, in hierdie hoofstuk kom die Aksieveld (A), Agtergrond (B) en Ontwikkeling (D) van die navorsingsverhaal ter sprake. Met ander woorde, die nou-verhale, verlede-verhale asook die toekoms-verhale van Medenavorsers word belig. Die nou-verhale wat vertel word beskryf die huidige Aksieveld (A), die verlede-verhale beskryf weer die Agtergrond (B), en die toekoms-verhale, die Ontwikkeling (D) van die *navorsingsverhaal*.

2. Die praktyk van die nuwe lewe in Christus

Die praktyk van die nuwe lewe in Christus (bv. Kol. 3:5-17) in Medenavorsers se eie lewe en leefstyl word deur verhaling verwoord. Die fokus is in hierdie geval op die konkrete gestalte van die Christelike geloof in die lewens van mense wat sê dat hulle aan God behoort.

In Kolossense 3:5-17 word gelowiges die opdrag gegee om die sonde in hul lewe ‘dood’ te maak. Elke Christen het ’n *aktiewe roeping* om sy en haar lewe daagliks te suiwer van verkeerde dinge. Gelowiges word daaraan herinner dat hulle met die ou mens en daardie gewoontes gebreek het, en die nuwe lewe in Christus moet uitleef (Vosloo *et al.* 1999:1603). Machen (1925:203) wys daarop:

> It is inconceivable that a man should be given this faith in Christ, that he should accept this gift which Christ offers, and still go on contentedly in sin. For the very thing which Christ offers us is salvation from sin – not only salvation from the guilt of sin, but also salvation from the power of sin.”

De Bruyn stel dit dat die betekenis van ons kindskap van God ’n heilige roeping op ons plaas. Dit is, om in hierdie wêreld te leef as onberispelike verteenwoordigers van God, te midde van ontaarde en korrupte mense (1997:85).

Daar is verskeie perspektiewe op die praktyk van die nuwe lewe in Christus *prakties* behels. Vervolgens word drie perspektiewe – sonder spesifieke volgorde – gestel.

a) Die eerste perspektief: Gehoorsaamheid aan God

Volgens Mack (1994a:271) moet gelowiges 'n besliste voorneme maak om die Here te gehoorsaam. Mack verwys hier na mense wat vir berading kom, maar dieselfde gedagte geld ook vir elke gelowige. Die praktyk van die nuwe lewe in Christus hang nou saam met gehoorsaamheid aan God. Hoewel gehoorsaamheid aan God 'n abstrakte konsep is, leef gelowiges dit konkreet in die praktyk uit. 'n Treffende voorbeeld is die opdrag: "Bid gedurig." (1 Tess. 5:17). Dit word konkreet geleef wanneer gelowiges sonder ophou bid. Dit word 'n geval van: volg God; maak soos God van sy kinders vra.

b) Tweede perspektief: Gelowiges se eenheid met Christus

Maddox (1994:119) stel dit soos volg: "Union with Christ is the foundation of all our spiritual experience and all spiritual blessings." Die verwysings na die eenheid tussen Christus en die gelowige word met metafore in die Woord verduidelik. Maddox (1994:121) noem 'n paar voorbeelde:

- Gelowiges word beskou as 'n gebou, opgerig op die fondament van die apostels en profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is (Ef. 2:20).
- Eenheid met Christus word in verband gebring met die eenheid tussen 'n man en vrou in die huwelik (Ef. 5:31-32).
- Die ware wingerdstok met die lote word 'n metafoor vir eenheid met Christus (Joh. 15:1-5).
- Gelowiges is lede van die liggaam van Christus (1 Kor. 12:12).

Hierdie verbintenis met Christus kan beskou word as 'n eenheid met praktiese implikasie vir die mens. Die *gawe van geloof* en die *teenwoordigheid van die Gees* moedig die mens daagliks aan op God se pad. Dit laat gelowiges aansluiting vind by God, en laat mense deurgaans na God toe draai. Die praktiese gevolge daarvan behoort

’n vanselfsprekendheid te wees, en geskied wel in die lewe van vele gelowiges. Dit gebeur wanneer gelowiges prakties in hierdie eenheid *baai*.

Die eenheid tussen God en die gelowige kom onder die gerig wanneer afstand tussen genoemdes ’n rol begin speel. Hierdie afstand word gewoonlik van die gelowige se kant af geïnisieer. Of die eenheid met God gehandhaaf en gekoester, of verwaarloos word, hou praktiese gevolge vir die mens se lewe in. Hierdie gevolge het uiteindelik ’n bepaalde uitwerking op ’n persoon se eie lewe, verhoudingskwaliteit in die huwelik en die verbondsgesin en selfs in verhoudings met ander mense.

c) Derde perspektief: Christene as gesalfdes

Christene as gesalfdes word in verband met Christus as Gesalfde gebring. Die Heidelbergse Kategismus, Vraag 31 (GKSA 2004:47) lui: “Waarom word Hy ‘Christus’, wat Gesalfde beteken, genoem?” Die antwoord is:

> Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het; tot ons enigste Hoëpriester, wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree; tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar.

Wat is die verband tussen Christus en gelowiges wanneer salwing ter sprake kom? De Bruyn (1997:76) stel dit soos volg: “As Christene moet ons die beeld van Christus vertoon. Die lewe moet vir ons Christus wees (Fil. 1:21) en Christus moet in ons lewe (Gal. 2:20). Omdat ons met die Gees van Christus gesalf is, moet ons as gelowiges ook die drie ampte vervul wat Christus vervul het (*steeds vervul* – R K). Daarom moet ons as gelowiges ook profete, priesters en konings wees.” Die voorbeelde wat De Bruyn (1997:76) stel, volg:

- **Die Christen as profeet:** “profeet-wees” hou verband met *getuienis lewer oor die evangelie,* en om dit te kan doen moet ons die Woord lees en bestudeer.

"Ons kan Christus immers alleen verkondig as ons Hom ken soos Hy Homself in sy Woord aan ons openbaar het" (a.w.:76).

- **Die Christen as priester:** die Christen as priester word in verband gebring met die taak om *te offer, te bid,* en vir die medemens *tot seën te wees.*

- **Die Christen as koning:** koning-wees word in verband gebring met die roeping om *oral en altyd teen die sonde te stry* (Luk. 13:24; Heb. 12:4). Die gevaar kom wanneer gelowiges net 'n bietjie teen die sonde stry en dan moed opgee. Die stryd teen die sonde moet end-uit voortgaan, al is dit "ten bloede toe" (a.w.79). Dit geld in 'n mens se eie lewe, en orals waar jy skouers met ander skuur. Hierin het gelowiges God se hulp en leiding nodig.

Volgens Anthonissen (2005:214) is gelowiges reeds (deur wedergeboorte) ingeskakel in die nuwe geslag van God en behoort hierdie feit die verskil in hulle lewe te maak. Antonissen (a.w.:214) stel dit só: "Die gebeure van die wedergeboorte gee ons 'n blik op die konstantheid van die Drie-enige God. Ons is reeds deur Christus se kruis en opstanding ingeskakel by daardie historiese oomblik toe die nuwe geslag van God gebore is. En vandag is dit die Heilige Gees wat ons innerlik oortuig om deel van dié nuwe geslag te word (*wees* – R K)." Volgens hom beteken dit dat gelowiges soos Christus sal word: die wedergeboorte en historiese koppeling (aan Christus se kruisdood) moet 'n innerlike werklikheid word (Anthonissen 2005:221). "'n Mens sou kon sê internalisering van die ware Mens, Jesus Christus, moet nou binne-in mens plaasvind" (a.w.: 221). Anthonissen wys voorts daarop dat 'n mens se hart van binne vernuwe moet word, dit is na die beeld van Jesus Christus en geskied deur die Heilige Gees: die vernuwing word deur die Heilige Gees bewerk (a.w.:221). Die gelowige se oorgawe aan God is 'n belangrike aspek van daardie proses. Vernuwing dui op verandering na God se wil, en daarvoor is gehoorsaamheid aan God 'n vereiste.

Sweet (2004:53) stel dit dat 'n persoonlike verhouding met God, met gehoorsaamheid aan God as belangrike bestanddeel, noodsaaklik is: "What God wants from us, even more than our obedience, is our *relationship.*" Metafories gestel is *gehoorsaamheid aan God* 'n kamer in die huis met die naam: *persoonlike verhouding met God*. Met

gehoorsaamheid is die gelowige in diens van God, en ’n persoonlike verhouding met God is die verhoudingsraamwerk waarbinne gehoorsaamheid aan God ’n natuurlike gevolg is en word.

Burger (2001:65) wys daarop dat vervulling met die Heilige Gees ’n genadedaad van God is “wat die mens as radikale en onvergeetlike ondervinding ervaar en waartydens die gelowige onder die kontrole en in die volheid van die Heilige Gees gestel word.” Hierdie ondervinding moet nie as ’n afgehandelde saak beskou word nie; eerder as beginpunt waar God mens die krag gee om heiligmaking na te jaag en in oorwinning te leef (a.w.: 65). Uit die Woord leer gelowiges dat hulle herhaaldelik vervul (of hervul) moet word (vgl. Hand. 4:8, 31; Ef. 5:18). Die Heilige Gees moet toenemend beheer van gelowiges se lewe oorneem. Sodoende kan hulle daaglikse deur die Gees leef (a.w.:65).

Die praktyk van die nuwe lewe in Christus vereis, volgens die Navorser, ’n kop-, hart-, en handelingskuif van gelowiges. Dit beteken ’n bewuste toetrede tot die geloofwerklikheid waarin ons leef. Dikwels eien ’n mens nie hierdie werklikheid se unieke aard en wat dit behoort te wees nie. Dit het ’n besliste uitwerking op die een wat dink, se lewe en lewensuitkyk.

Navorsingsinligting word dus bekom uit beide kante: (1) daaglikse praktyk waarin verhoudingskwaliteit in die huweliks- en gesinsverhouding ter sprake kom; (2) praktyk van die veronderstelde nuwe lewe in Christus in die lewenswyse van mense wat bely dat hulle aan Christus behoort. Sodanige inligting kan ooreenstemming tussen genoemdes uitwys. Navorsingsinligting kan ook dui op ’n kloof tussen gelowiges se prakties ervaring (in handeling, denke, woorde, gesindheid, en belewing) en die veronderstelde praktyk van die nuwe lewe in Christus (soos uiteengesit in o.m. Kol 3:5-17). Die praktyk van die nuwe lewe in Christus kom, met ander woorde, om verskeie redes nie duidelik in die gelowige se lewe na vore nie.

Wanneer die praktyk van die nuwe lewe in Christus ’n werklikheidsgestalte in die alledaagse lewenswyse van gelowiges vind, hou dit gevolge in vir die verhouding tussen huwelikspare en gesinslede en (volgens die Navorser se mening) kan dit selfs verder strek tot by verhoudings met ander mense buite die huwelik en gesin. Die gesagsvolle

en kragtige werking van die praktyk van die nuwe lewe in Christus wat ’n sleutelgebied ingeneem het binne die lewe van *mense wat gehoorsaam aan God leef*, kan nie onderskat word nie. Hierdie praktyk sal die verhoudingskwaliteit in die huweliks- en gesinsverhoudings vestig en voer in die rigting wat God bedoel het. Die toepassing van die praktyk van die nuwe lewe in Christus in die lewe van ’n gelowige sal uiteindelik lei tot *vryheid in Christus* (Gal. 5:1).

2.3.1.3 God is in die praktyk betrokke

Met pastorale narratiewe navorsing (vgl. 2.5) – om met God se werklikheid rekening te hou – word van die standpunt uitgegaan dat God in die praktyk betrokke is. Medenavorsers getuig ook dat hierdie stelling waar is.

Volgens Clasen (2001:34) is God die Een wat lewe gee en aan mense die lewe skenk. Alhoewel mense nie altyd God se betrokkenheid herken of erken nie, kan God geken en gereken word as die almagtige, alwetende, alwyse en sorgsame Een. God is die Versorger, die Helper en die Een vol van goedheid (vgl. Ps. 90:17; Hand. 27:24; Rom. 11:22; 1 Kor. 1:21; Tit. 3:4). God is ook die Een wat die mens uitnooi tot die ewige lewe in sy teenwoordigheid.

Nel (2005:10) wys daarop: “Aan hierdie manier hoe God met mense gehandel het en nog handel, gee ons dan name. Ons sê byvoorbeeld God is getrou. Hy is goed, Hy vergeef, Hy is geduldig, Hy roep, Hy maak ons Syne. Ons begin dan later hierdie dade aan sy Naam koppel en ons sê: getroue God, liefdevolle Vader, almagtige Here, en dies meer.” Uit God se handeling met die mens leer ons meer van wie God is. ’n Volgende verstaan van God is ook moontlik. Dit gebeur wanneer God aan mense hierdie verstaan skenk (Nel 2005:12). Nel koppel sodanige verstaan aan wedergeboorte:

> Jy kom nie self tot die verstaan van wie God is nie. Ons het God nodig om God te verstaan. Niemand kom immers na die Vader op sy eie nie. Die Bybelverhaal begin ook so: God soek na ons. Skepper kan nie skepsel los nie, al los skepsel vir Skepper. Skepper vlug nie vir wat Hy gemaak het nie. Ons leef (en vlug) eintlik met ’n ongeknipte naelstring. Ons is uit Hom gebore en die Gees hou dié nuut geskepte lewe in stand (Nel 2005:12).

God se betrokkenheid by gelowiges en die praktyk word deur hierdie stellings beaam. Nel (2005:20) voeg by dat God herskeppend by die skepping betrokke is, dat die gebrokenheid van die wêreld nie God se skuld is nie en dat Hy Hom nie van die gebrokenheid onttrek nie. Die Bybel vertel van God se suksesse met gebroke mense: "Gebroke mense word heel en ingeskakel by God se plan met die skepping" (a.w.:20). Celliers (2001:190) skryf in hierdie verband oor God se betrokkenheid by die gelowige, dat voordat die gelowige gebore is, het God al van ons gedroom. Romeine 5:8, 10 stel dit dat Hy sy liefde aan ons bewys het toe ons nog sondaars – nog sy vyande was – was.

Gelowiges is volgens Efesiërs 1:13 en 4:30 as God se eiendom beseël, en behoort in die eerste plek aan God (Gal. 1:15; Ps. 71:6; Jes. 49:1). Die gedeelte in Efesiërs wys heen na God se betrokkenheid by elkeen van sy kinders. Die betrokkenheid by gelowiges word *prakties* deur God uitgeleef: (Hy) *skenk* vergifnis aan 'n gelowige; *spreek* die gelowige vry; *moedig* hom of haar aan; *bevestig* die Woord aan 'n gelowige; *onderrig* deur die Woord tydens prediking; *bou* aan die allerheiligste geloof van 'n gelowige; *gee* leiding deur Sy Gees; *tree* in en *bied* uitkoms in 'n oomblik aan die gelowige; en *verhoor* die gebed van 'n gelowige.

In die Bybel leer ons God ken as die Een wat vir ons is; wat oor geslagte heen vir elke gelowige intree. Dinge het nie verander nie; hierdie feit geld ook vir die 21ste eeu. By die bad van Betesda lees ons hoe Jesus 'n man, wat vir 38 jaar siek was, gesond gemaak het. Aan die Jode wat daaroor teen Hom te velde trek omdat dit op die Sabbat geskied, sê Hy: "My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook" (Joh. 5:1 e.v.). Die fokus van God se werk sluit in die somtotaal van sy belange (gelowiges, mense in die algemeen, die natuur en diere) en spesifiek, om die heil wat slegs *in en deur Christus* te vind is, in mense se lewe aan te blaas en te help bewerkstellig.[11] Heilsverkondiging en -vestiging is in God se visier, maar ook sy eie praktiese betrokkenheid by die somtotaal van sy belange. Terugsit en sluimer is nie vir God 'n opsie nie. Mense, hulle lewe asook eindbestemming is en bly *God se belang.*

[11] Die mense se verantwoordelikheid vir hulle eie lewe word nie hiermee buite rekening gelaat nie.

Wat sê *die gawe van die Heilige Gees* van God (Hand. 2:38) se spesifieke betrokkenheid by die gelowige? Om gelowiges as sy eiendom te beseël word ’n stap verder gevoer. God werk nie van ’n afstand af nie; God se Heilige Gees is nader aan die mense as hulle eie vel. In die New American Standard Bible (1977) in Johannes 14:17 word soos volg oor die Heilige Gees se inwoning geskryf: “He abides with you, and will be in you.”

Volgens MacArthur (1994:136) is die permanente inwoning van die Heilige Gees binne-in gelowiges een van die wonderlike werklikhede van die nuwe verbond. Die Heilige Gees is nie slegs in die teenwoordigheid en omgewing van gelowiges nie, maar woon permanent *in* diegene wat aan Hom behoort (a.w.:136). Die belofte van Jesus in Johannes 14:16-17, dat Hy die Vader sal vra om die Heilige Gees na die elf dissipels te stuur om in hulle te bly, was nie slegs tot hulle beperk nie. Die belofte is bedoel vir elke gelowige wat Christus as Verlosser aangeneem het (a.w.:137). 1 Korintiërs 6:19-20a-b verduidelik die konsep dat die Heilige Gees in gelowiges bly op ’n persoonlike manier en deur ’n metafoor: “Of besef julle nie dat julle liggaam ’n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal” (Bybel 1983). Elke gelowige geniet die permanente en voortdurende teenwoordigheid van die Heilige Gees wat in hom of haar woon (a.w.:137).

De Bruyn (1997:130) skyn die lig op God as Gewer: Hy wat meer gegee het as die gawe van die Heilige Gees. “Dieselfde God wat sy Seun as Middelaar en Verlosser aan ons gegee het, gee ook sy Heilige Gees aan sy kerk. So kom woon God in die midde van sy kerk en in die harte van die gelowiges.” De Bruyn trek ook die gawe van die Gees deur na elke afsonderlike lid van die gemeente (a.w.:132). Hy vervolg: “Hoewel Hy self God is, het Hy Hom tog *laat gee en laat stuur en laat uitstort* en het Hy in ons *kom woon!*” (a.w.:131).

2.3.1.4 God is betrokke by verhoudingskwaliteit in die Christelike huwelik en die verbondsgesin

Die opdrag in Romeine 13:8 aan gelowiges om hulle medemens, en by implikasie hulle huweliksmaat asook gesinslede, lief te hê, wys heen na een van die maatstawwe vir

verlangde *verhoudingskwaliteit* in die Christelike huwelik en verbondsgesin. God se betrokkenheid by en verbintenis met die gelowige word ook in Romeine 13:8 soos volg gestel: “Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit” (Bybel 1983). Liefde maak ’n deurslaggewende verskil in ’n verhouding tussen twee mense, en ware liefde word met God se wet in verband gebring. Die gelowige word in die gedeelte aangemoedig om die naaste lief te hê, en sodoende aan God se wet te voldoen. God se Woord aan gelowiges spel dus duidelik sy betrokkenheid uit in die praktyk van verhoudingskwaliteit. Die veronderstelde nou verband tussen God, die wet, liefde, verhoudings, verhoudingskwaliteit, gehoorsaamheid aan God en die gelowige kan dus nie ontken word nie. Verhoudingskwaliteit hou nóú verband met God, liefde, die wet en gehoorsaamheid aan God.

Om bostaande gedagtes oor verhoudingskwaliteit teen die Woord te meet, word Efesiërs 4:32 as voorbeeld gebruik. Indien verhoudingskwaliteit verband hou met God, liefde, die wet en gehoorsaamheid aan God, hoe sou hierdie sake in Efesiërs 4:32 uiteenval? Dit lui, “Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het” (Bybel 1983).

- **God:** gee die aanwysings vir ware verhoudings in hierdie gedeelte (Ef. 4:32). In ’n verhouding is ’n goeie gesindheid teenoor die ander persoon nodig, met hartlikheid teenoor mekaar. “Hartlik” word verstaan as uit die hart, innig, opreg, ongedwonge. Wedersydse vergifnis is ’n aanwysing, en daar word in die gedeelte uitdruklik gesê: kyk na die voorbeeld van God en doen jy ook so. Die noodsaaklikheid van vergifnis word in die volgende woorde beklemtoon: “Hoe meer ons die Here leer ken, hoe meer sal ons soos Hy wil wees en hoe gretiger sal ons wees om die kwytskelding wat ons van Hom ontvang het, ook aan ander te weerkaats. As jy onwillig is om te vergewe, wys jy dat daar nog iewers ’n kortsluiting in jou verhouding met Christus is” (Vosloo *et al.* 1999:1576).
- **Liefde:** die teksvers (Ef. 4:32) promoveer wedersydse liefde. Die onderbou van die teksvers is naasteliefde.
- **Die wet:** alhoewel die wet vervul is met Christus se koms, bly die inhoud van die wet tot vandag toe steeds belangrik en van krag (Matt. 5:17-20). Liefde tot

God en liefde tot die naaste bly ’n opdrag aan die mens, gehoorsaamheid daaraan dui op nakoming van die wet. “... om alles te doen wat Moses voorskryf, maar bo alles die wet van die liefde uit te leef” (Vosloo *et al.* 1999:1124). Die wet (Eks. 20:1-7), en as uitvloeisel van die wet, om uitvoering te gee aan liefde teenoor God en teenoor mense, bly ’n belangrike rigsnoer vir die regte optrede teenoor God en mense.

- **Gehoorsaamheid aan God:** Uit Efesiërs 4:32 blyk dat gehoorsame navolging gevra word in gelowiges se optrede teenoor hulle naaste. ’n Tipe gesindheid word aangewys. God dui die pad vir verhoudingskwaliteit aan. Volgens die Navorser kan die gelowiges in diens van God hierdie woorde van vers 32 gehoorsaam en sodoende verseker wees van verhoudingskwaliteit wat daaruit sal voortvloei.

2.3.1.5 God is betrokke by bekering asook die bekeringsdade van gelowiges

Gelowiges is in ’n persoonlike verhouding met God betrokke. Daarom is God se betrokkenheid by die bekering en bekeringsdade van gelowiges ’n gegewe.

Sweet (2004:59) maak die volgende uitspraak oor ’n verhouding tussen God en die gelowige:

> To speak the truth about God, you must know God. And to know God you must love God. And to love God you must be in a relationship with God. Christians are relational fundamentalists: we put the primary relationship at the beginning, making it the foundation of all else we do and say. The primary relationship of life is a relationship with the one true and holy God. Everything else follows.

Vanuit hierdie posisie – indien van die veronderstelling uitgegaan word dat die stelling oor die algemeen van gelowiges geld – word in die wêreld geleef, gewerk en gespeel. Bekering en gepaardgaande bekeringsdade kan ’n mens (na die Navorser se mening) beskou as ’n alledaagse handelingsaksie vir gelowiges in ’n wêreld wat onder die sonde ly. Die verloste mense moet telkens weer daaraan herinner word waar hulle hulp vandaan kom, of waar die water is wat lewe gee, of hulle moet aangemoedig word om hulle in te span om by die wenstreep te kom, of om alles in gebed aan God bekend te

maak. Telkens moet hulle herinner word aan die regte optrede, woorde, gesindhede, of denke binne ’n situasie. Daarop reageer gehoorsame gelowiges, of nie.

Volgens De Bruyn (1997:230) is bekering ten diepste ’n daad van God wat roep (o.m. deur die verkondigde Woord) met die mens wat God antwoord en God se aan- en onderwysing in gehoorsaamheid volg. Die verhouding tussen God en gelowiges is ’n wederkerige verbintenis, waarin God die aanhef voer en die aangewese pad aandui vir die handeling, gesindheid, geloofsoortuigings en menseverhoudings vir diegene wat aan Hom behoort. Die kind van God gee gehoor en volg God se aanwysing. Die gelowige koop as’t ware in by God se oortuigings oor die lewe in die algemeen, glo die verkondigde lewensfilosofie (Woord) en maak dit sy of haar eie: hierdie Woord vestig en rig individuele gelowiges se lewe/lewenswyse en dade. Daarin staan die Heilige Gees die gelowige by.

Die verhouding tussen God en gelowiges, waarin bekering tot God ter sprake kom, word duideliker in De Bruyn (1997:231) se woorde: “Daarom bid Jeremia ook: ‘Bekeer U ons tot U, Here, dat ons bekeer kan wees’ (Klaagl. 5:21).” Hy sê dat God uit genade die bekering in die mens werk, en dat Hy hom uit die duisternis tot die lig bring en hom daagliks op hierdie pad laat voortgaan. In hierdie verband word die aksie van die mens nie uitgeskakel nie, maar die mens word juis daardeur tot aksie geroep[12] (indikatief-imperatief) (a.w.:231).

Hier is nie die eerste bekering (wortelbekering) ter sprake nie, maar ’n voortgaande daaglikse bekering (heiligmaking). In praktyk beteken dit die *afsterwing van die ou mens* en *die opstanding van die nuwe mens.* Volgens De Bruyn (1997:232) staan dié twee aspekte teenoor mekaar in ’n “verhouding van omgekeerde eweredigheid”. Dit wil sê, waar die een toeneem, neem die ander een af. Sodanige ware bekering kom uiteindelik in *goeie werke* na vore.

Bekeringsdade, na aanleiding van bogenoemde voorbeeld, is en bly noodsaaklik. Vir die gelowige behoort dit egter om meer te gaan. Van gelowiges word verwag, ’n *hele nuwe lewensbenadering* (Rom. 7:4; Rom. 13:10; 1 Kor. 12:27; Ef. 3:12). ’n Totale ommekeer,

[12] Filippense 2:12, 13. (Bybel 1983).

van die ou lewe na die nuwe lewe in Christus (Rom. 6:4-14). Só ’n nuwe mens verstaan hom- of haarself en die wêreld rondom hom of haar teen die agtergrond van die Christelike geloof én as verbonde aan God in Christus, en dit maak die groot verskil. Dié wat Christus as Verlosser aangeneem het, is ingelei en word begelei in die nuwe lewe.

De Bruyn (1997:164) gebruik metafore om die Christen se nuwe-lewe-ingesteldheid te verduidelik:

> Die Christen is soos ’n boom wat uit die ou sondige en onvrugbare grond oorgeplant is in Jesus Christus as die nuwe grond waaruit hy (of sy) moet lewe. Dit is ’n genadedaad van God. Maar nou is dit vanselfsprekend dat so ’n boom wat by God se waterstrome geplant is, ook vrugte sal voortbring. Die gelowige wat deur Christus as lewensboom gevoed word met die gawes van die Gees en Woord, bring spontaan vrugte van dankbaarheid voort.

Anthonissen (2005:228) stel dit dat ’n nuwe soort bestaan, gepaardgaande met ’n ander vorm van gehoorsaamheid in die wedergebore mens heers. Die mens se beslissings en optrede word van binne-uit, en nie van buite nie gedikteer (a.w.:228). Dit geld ook vir die gelowige se morele lewensgesindheid: “Ons is mense met ’n morele lewensgesindheid eerder as mense wat bloot sedelik handel” (a.w.:228). Hierin word die werk van die Heilige Gees onderstreep.

Die Heilige Gees se funksie is om die verskil te maak te midde van ’n gebroke wêreld waarvan die gelowige deel is. Dag-na-dag is en word die gelowiges in hulle denke vernuwe, leer hulle méér van God en van wat vir God belangrik is. Die teenwoordigheid van die Heilige Gees transformeer die mens, sodat daardie dinge wat vir God belangrik is, ook vir die Geesvervulde mens belangrik word. Net soos oud-Israel ná die uittog ’n nuwe manier van leef (God se manier) moes omhels en daarvolgens leef, só leer die wedergebore mens dit doen. Die gelowige se lewe is in ’n proses waarin hy of sy dit al meer regkry om so te leef soos God wil hê. Christus het gelowiges nuut gemaak, maar dit beteken nie dat die ou mens (natuurlike geaardheid) onmiddellik aan die wil van die Gees ondergeskik sal handel en wees nie. Dit word ’n lewenslange *proses* waarin die Heilige Gees gelowiges se wil ombuig sodat elkeen al meer wil doen wat God wil hê. Om die Bybel te lees en bestudeer, werk mee aan hierdie vernuwing van gees en

gedagtes sodat die beeld van God mettertyd al sigbaarder in gelowiges word (Van Rensburg 2001:1830).

2.3.2 Tweede gespreksgenoot: die kanonieke Bybel[13]

'n Tweede belangrike gespreksgenoot (in die lig van bg. metafoor) tydens die navorsingsproses, is die kanonieke Bybel. Daarsonder kan die gesprek nie na wense vorder nie. God se belang by die Christen-gelowige is onomwonde seker (1 Kor. 12:27a: "Julle is die liggaam van Christus ...") (Bybel 1983). Navorsing word daarom telkens, en in alle gevalle waar ander geskrifte betrokke is, teen die Woord gemeet en beoordeel. Artikel 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (GKSA 2004:10) handel oor die gesag van die Woord:

> Ons aanvaar al **hierdie boeke,**[14] en hulle alleen, as heilig en **kanoniek** om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind (beklemtoning - R K).

Die term kanon word gebruik om die Bybel aan te dui as 'n boek wat op Goddelike openbaring gebaseer is en die reël en norm vir ons geloof en lewe omvat (*regula fidei*). Die woord kanon beteken letterlik maatstaf of liniaal (Swanepoel 1997:10; Grenz & Franke 2001:64-66).

Volgens Heyns (1999:300) was Skrifwording van die Woord in 'n besondere sin die spesifieke taak van die Gees. Heyns stel dit dat die Bybelskrywers deur die Gees se inspirasie die Woord van God opgeteken het. Gevolglik het die kerk, ook deur die Gees gelei, die Goddelike gesag van die kanonieke boeke erken (a.w.:300). Om hierdie rede

[13] Alle Bybelse aanhalings word gedoen uit die NAV/1983, tensy anders vermeld.
[14] Artikel 4 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (GKSA 2004:10) gee 'n uiteensetting van die 39 boeke van die Ou Testament en die 27 boeke van die Nuwe Testament waarna Artikel 5 verwys, wat as die kanonieke boeke bekend staan.

rus die gesag van die Bybel nie op ’n verklaring van die kerk nie, “maar in die feit dat dit deur die Gees aan die kerk gegee is” (a.w.:300).

1 Timoteus 3: 9 moedig gelowiges aan om “in alle opregtheid aan die geopenbaarde waarheid van die geloof vas te hou” (Bybel 1983). God het Homself in die Woord geopenbaar en sy wese blootgestel. God se openbaring sluit in: God se wil vir die mens, die geskiedenis van God se verhouding met die volk Israel, die werklikheid van God se koninkryk en die heilswerklikheid – om slegs ’n paar voorbeelde te noem.

Die gelowige se verbondenheid met God en sy Woord, word duidelik uit die woorde van Heyns (2000:200):

> Omdat God die mens deur sy Skeppingswoord geskape het, deur sy Voorsienigheidswoord onderhou, en deur die mensgeworde Woord verlos en regverdig verklaar, daarom is die mens as ’n Woord-bepaalde, vir die Woord vatbare en deur die Woord aanspreekbare wese, ook ’n tot ge-hoor-saamheid aan Gods Woord bestemde wese. Die mens hoor Gods Woord, en dit word vir hom ’n roeping. Die mens word geroep om hom in geloof aan God oor te gee - en as hy, en wanneer hy, die roeping volg, is hy gehoorsaam.

2.3.3 Derde gespreksgenoot: Teologiese geskrifte

Die derde gespreksgenoot is teologiese geskrifte. Oor die eeue was en is die Heilige Gees werksaam in en deur gelowiges wat hierdie werksaamheid op skrif gestel het. Daar is dikwels veel te leer by ander gelowiges. Wanneer Paulus in die Skrif aan die woord kom, kan ’n mens deeglike teologiese beredenering eien. Die Skrif is saamgestel uit ’n groot aantal geskewe gedeeltes wat teologiese gesprek na vore bring. Navorsing is hier uiters belangrik wanneer die navorsingstema op die tafel geplaas word. Dieselfde geld die geskrifte van hedendaagse teoloë. Voorbeelde hiervan is teologiese boeke wat die navorsingtema behandel asook wetenskaplike tydskrifartikels soos dit in elektroniese joernale verskyn[15].

[15] Wetenskaplike tydskrifartikels wat in elektroniese joernale verskyn:
Nederduits Gereformeerde Tydskrif (http://ngtt.journals.ac.za/pub), en *HTS Teologiese Studies* (http://www.hts.org.za/index.php/HTS/article/view/2208).

2.3.4 Vierde gespreksgenoot: Buite-Bybelse geskrifte

'n Vierde gespreksgenoot is relevante buite-Bybelse geskrifte (byvoorbeeld oor teoretiese stof op die navorsingsterrein van Sielkunde). Buite-Bybelse geskrifte word meestal uit die perspektief van die mens geskryf, sonder om regstreeks God as Skepper asook God se betrokkenheid by die mens in berekening te bring. Die geestelike dimensie word, met ander woorde, doelbewus of onbedoeld gesystap in die skryf van die werk. Die tema van die buite-Bybelse geskrif word dan die oorheersende en belangrikste aspek van die boek. Met ander woorde, *die tema* word die woordvoerder met die leser. 'n Goeie voorbeeld is die publikasie, *Die verhouding tussen ouer en kind* – 'n tema waarin van Wyk (1983) interaktief die kind en ouer as gespreksgenote by die ontplooiing van sy gedagtegang betrek. Hierdie boek handel spesifiek oor verskillende uitgangspunte oor kinderopvoeding en praktiese aspekte daarvan soos kommunikasie tussen 'n ouer en kind word behandel. Van die ander temas is: die behoeftes van 'n kind; dissipline; en die hantering van konfliksituasies. Die fokus val op die praktiese benadering van 'n verhouding tussen ouer en kind.

Sommige skrywers volg 'n psigologiese – en/of praktiese invalshoek oor die huweliksverhouding en gesin, en daarin stel die Navorser belang. Genoemde publikasies sal help om die navorsingsverhaal af te rond[16].

2.3.5 Vyfde gespreksgenoot: Medenavorsers

'n Vyfde gespreksgenoot is elke Medenavorser wat 'n belang by die navorsingskonteks het. In hierdie geval is die Medenavorsers gelowiges. Hulle kennis en ervaring oor die navorsingskonteks maak grondliggend die navorsing vorentoe oop. Die Navorser asook die leser van hierdie werk word ingetrek in die verhale wat Medenavorsers oor hulle huweliksverhouding, verbondsgesin, geloof en probleme oordra.

[16]'n Paar voorbeelde hier is: *Trauma – riglyne vir slagoffers,* deur T. van Wijk (2013); *Confident parenting,* deur J. Burns (2007).
.

2.3.6 Sesde gespreksgenoot: die Navorser

2.3.6.1 Postfundamentele teologie[17]

Die postfundamentele teologie is ’n beweging/benadering binne die vakgebied van Praktiese Teologie. Van Huyssteen (1997:4) verduidelik postfundamentele teologie soos volg:

> [A] postfoundationalist theology wants to make two moves. First, it fully acknowledges *contextuality*, the epistemically crucial role of *interpreted experience*, and the way that tradition shapes the epistemic and nonepistemic values that inform our reflection about God and what some of us believe to be God’s presence in this world. At the same time, however, a postfoundationalis notion of rationality in theological reflection claims to point creatively beyond the confines of the local community, group, or culture towards a plausible form of *interdisciplinary conversation* (*kursief* - R K).

Die vertrekpunt vir ’n postfundamentele benadering is ’n spesifieke sosiale konteks. Die metodologiese proses wat van toepassing is, behels ’n beweging van die konteks of praxis na die teorie, en weer terug na die konteks (Müller 2005:72-88). Müller (a.w.:76) beskryf dit soos volg: “[T]he postfoundationalist approach forces us to firstly listen to the stories of people struggling in real life situations. It does not merely aim to describe a general context, but we are confronted with a specific and concrete situation. This approach to Practical Theology, although also hermeneutical in nature, is more reflexive in epistemology and methodology.” Hoewel ’n postfundamentele benadering dus steeds binne die hermeneutiese paradigma funksioneer, is die sosiale konteks en die fokus daarop, van groot belang tydens navorsing.

Omdat die huidige navorsing op navorsingstemas fokus wat met die Christelike geloof verband hou, sal die navorsingsgespreksgenoot die Woord tydens navorsing aan die woord gestel word. Verhale handel onder andere oor die Christen en sy/haar lewenswyse in ’n sosiale konteks, en daarom word die Woord tydens navorsing belig.

[17] Die proefskrif is gegrond op die model van J.C. Müller (2005:82-86) soos gestel in sy artikel “A Postfoundationalis, HIV-positive Practical Theology”. *Practical Theology in South Africa.* 20(2), 72-88.

As teoloog posisioneer die Navorser haar – vir die doeleindes van die huidige studie – binne ’n postfundamentele benadering, maar met ’n sterk *onderbou van die hermeneutiese* benadering. Die narratiewe benadering tot navorsing, vind aansluiting by die Sosiale Konstruksionisme, wat weer aanklank vind by die huidige postmodernistiese tydgleuf – en die postfundamentele benadering se werkwyse fokus weer op die sosiale konteks.

Die Gereformeerde fokus op die Woord, die belangrikheid van suiwer Woordverkondiging en in aansluiting hierby, die Gereformeerde belydenisskrifte (soos in die drie Formuliere van eenheid uitgedruk: Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls) (GKSA 2004) onderskryf die Navorser se eie geloofsbegronding en -oortuigings.

2.3.6.2 Postfundamentele teologie en ’n konfessionele vertrekpunt

Pas ’n Postfundamentele teologie in by ’n konfessionele vertrekpunt? Na die mening van die Navorser kan hierdie vraag bevestigend beantwoord word. Die Medenavorsers vir die huidige studie is gelowiges en lidmate van een van die drie Gereformeerde Kerke. Die navorsingsfokus is die verhoudingskwaliteit van die Christelike huweliksverhouding en die uitwerking daarvan op die verbondsgesin. Die Medenavorsers onderskryf dus onbewustelik en bewustelik die Gereformeerde belydenisskrifte in geloof, woord, gesindheid en optrede. Die Christelike verhaal en wat dit behels, is húlle verhaal. Volgens hierdie verhaal, waarvan die Medenavorsers deel uitmaak, haal hulle daagliks asem en handel *coram Deo* (soos deur gebed en toewyding aan God). Met ander woorde, hulle beweeg daagliks in die ruimte van die Christelike geloof wat hulle met hart en siel glo, beaam en deur dade bekragtig. Hierin staan die Heilige Gees die gelowiges by.

Wanneer ’n postfundamentele benadering ter sprake kom, formuleer Müller (2005:78) die volgende minimumvereistes vir ’n postfundamentele Praktiese Teologie: “For Practical Theology, in order to reflect in a meaningful way on the experiences of the presence of God, it needs to be ...

- Locally contextual
- Socially constructed
- Directed by tradition
- Exploring interdisciplinary meaning
- Pointing beyond the local.

Die postfundamentele Praktiese Teologie wat Müller (2005:82) ontwikkel, bestaan uit sewe bewegings tydens navorsing. Hierdie bewegings stem ooreen met die bogenoemde vyf punte. Die sewe bewegings is:[18]

1. Beskryf ’n spesifieke konteks.
2. Luister en beskryf ervarings binne die konteks.
3. Interpreteer die ervarings in samewerking met medenavorsers.
4. Beskryf die ervarings soos dit deur die tradisie van interpretasie gevorm is.
5. Reflekteer oor God se teenwoordigheid soos dit binne ’n spesifieke situasie verstaan en ervaar word.
6. Beskryf daardie ervarings, aangevul deur ’n interdissiplinêre ondersoek.
7. Ontwikkel alternatiewe interpretasies wat verder as bloot aan die plaaslike gemeenskap ’n verskil kan maak (Müller 2005:82).[19]

Vir die postfundamentele benadering is ’n spesifieke konteks en die ervarings binne daardie konteks dus belangrik. ’n Volgende fokuspunt in die proses is die ervarings soos die deur die tradisie van interpretasie vorm gekry het. Die refleksie oor die teenwoordigheid van God in Medenavorsers se ervaring word ook nagevors. Die Navorser rig vrae wat die gesprek oor God kan fasiliteer.

[18] Die proefskrif is gegrond op die model van J.C. Müller (2005:82-86) soos gestel in sy artikel “A Postfoundationalis, HIV-positive Practical Theology”. *Practical Theology in South Africa.* 20(2), 72-88.

[19] *Narratiewe navorsing* geskied volgens genoemde model. Die hoofstukopskrifte van hierdie werk is soos volg: Ervarings van verhoudingskwaliteit in die Christelike huweliks- en gesinsverhoudings binne ’n postmodernistiese paradigma (Hfs. 2); Ervarings in die Christelike huweliks- en gesinsverhoudings en hoe dit beïnvloed word deur die tradisie van interpretasie oor die aard van die verbondsverhouding met God (Hfs. 3); Godsdienstige- en geestelike ervaring van die huwelikspaar/verbondsgesin in ’n postmodernistiese paradigma (Hfs. 4); ’n Interdissiplinêre ondersoek na die uitwerking van die Christelike huweliksverhouding op verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin (Hfs. 5); en, Alternatiewe interpretasies oor verhoudingskwaliteit in huweliks- en gesinsverhoudings binne ’n postmodernistiese paradigma (Hfs. 6).

Die narratiewe benadering lê klem op die nie-weet-houding van die navorser tydens navorsing. Die navorser is in hierdie sin soos ’n bystander wat die gesprek dokumenteer. Daarna volg ’n interdissiplinêre ondersoek, met relevante sosiale wetenskaplike gespreksgenote (o.m. literatuur) wat die navorsingsverhaal met hulle verhale aanvul. Daarna, aan die einde van die ondersoek, ontwikkel ’n nuwe verhaal as gevolg van alternatiewe interpretasies. Die mikpunt is dat die alternatiewe interpretasies sodanig is dat dit nie slegs ’n verskil in die plaaslike gemeenskap maak nie, maar dat die inligting ook van betekenis vir ’n wyer gemeenskap kan wees.

Wat die huidige navorsing betref, word daar groter klem gelê op God se verbintenis met die gelowige en andersom. Met ander woorde, die verhale van Medenavorsers en God se verhaal met die gelowige, is van belang tydens hierdie navorsing. Die Medenavorser se verhaal, wat afspeel in ’n sosiale konteks, word vertel asook *onder andere* God se verhaal (die Woord) wat handel oor gelowiges se sosiale lewens. Daarom word aansluiting gevind by die postfundamentele benadering tot navorsing. Die benadering laat toe vir God se verbintenis tot mense en omgekeerd.

Om die voorafgaande punte op te som: die metafoor van ’n gesprek is gebruik om die navorsingsproses te verduidelik. Die gespreksgenote wat aan die navorsingsproses deelneem, is: die Praktyk[20] (2.3.1), die kanonieke Bybel (2.3.2), Teologiese geskrifte (2.3.3), Buite-Bybelse geskrifte (2.3.4), Medenavorsers (2.3.5) en die Navorser self (2.3.6).

In die verdere ontvouing van hoofstuk 2 word verskillende temas oor die navorsingstema toegelig. Die verduideliking oor *narratiewe navorsingsmetodologie* (2.4) wat volg, verduidelik die navorsingsmodel en relevante temas vir die navorsing. Daarna volg ’n bespreking deur die Navorser van *Die narratiewe benadering* (2.5). Die breër agtergrond van *Sosiale Konstruksionisme* (2.6) asook *Postmodernisme* (2.7) word ten slotte gebruik om die navorsingskonteks deegliker te verstaan.

[20] Hoofletters word deurgaans vir die navorsingsgespreksgenote gebruik, omdat hulle metaforsies gestel, persone in ’n ‘gespek’ is.

2.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

2.4.1 Fiksieskryf as metafoor vir narratiewe navorsing

Anne Lamott se model (ABDCE) vir die skryf van fiksieverhale, word as metafoor tydens narratiewe navorsing gebruik (Lamott 1995:65). Müller *et al.* (2001:76-96) verduidelik breedvoerig in die artikel "Fiction writing as metaphor for research: A Narrative Approach" wat hierdie fokus vir narratiewe navorsing inhou. Soos 'n skrywer met die skryf van 'n verhaal as toeskouer en betrokkene deelneem in storieontwikkeling, só word die narratiewe Navorser by die ontwikkeling van die navorsingsverhaal betrek. Daar vind deelnemende waarneming plaas.

Volgens die skrywers van bogenoemde artikel is die navorsingsoogmerk nie om die *status quo* te verander nie, wel om as Navorser in die verhale ingetrek te word (Müller *et al.* 2001:77). Van hierdie punt verskil die Navorser in huidige studie. Pastorale narratiewe navorsing wat die godsdienstige en geestelike dimensie van gelowiges se lewens in berekening bring, het méér as die verstaan van die habitus as oogmerk. Nuwe Bybelse insigte wat as gevolg van navorsing belig word, kan heenwys na die nodigheid om die *status quo* (soos mense se optrede) te verander. Bybelse navorsingsperspektiewe kan lig werp op *onder meer* mense se sondige dade of verkeerde denkpatrone. In hierdie geval kan verandering-na-God-se-wil 'n noodsaaklikheid word. In Bybelse terme word van die mens se bekering geskryf. Bekering hou verband met die mens se gehoorsaamheid aan God se opdragte in die Woord. Bekering word in hierdie sin verstaan as die gelowige, gehoorsame mens se dinamiese beweging (bewustelik) na God toe, en om te handel soos God wil.

Mack (1994a:268) wys daarop dat Bybelse verandering ook persoonlike keuse behels. Mense sal nie verander tensy hulle kies om te verander nie. Hy vervolg: "In fact, the reason people fail to change, when God has provided the resources for change, is often because they have decided to remain in a defeated state. When they say 'I can't,' they reallly mean 'I won't" (a.w.:268). Maddox (1994:117) wys daarop dat die konsep van verandering 'n sentrale motief van die evangelie uitmaak.

Vervolgens word die ABDCE-formule vir narratiewe navorsing bespreek.

2.4.2 Die ABDCE-formule vir narratiewe navorsing

2.4.2.1 Inleiding

Anne Lamott (1995:62) se ABDCE-formule vir fiksie-skryfwerk, word in die narratiewe navorsingsproses gebruik. Hierdie formule dui op ’n proses van ontwikkeling wanneer ’n verhaal geskryf word. Met ander woorde, die skryfproses het spesifieke fokuspunte, naamlik: Aksie (“Action” - A), Agtergrond (“Background” - B), Ontwikkeling (“Development” - D), Klimaks (“Climax” - C) en Slot (“Ending” - E). Hoewel die formule op fiksie-skryfwerk van toepassing is, geld dit ook vir die narratiewe navorsingsproses, omdat verhaling vir hierdie proses van belang is. Verhale handel oor ervarings, gesindhede, misverstande, seerkry, die verlede hede en toekoms en geloof. Die ABDCE-formule wat in narratiewe navorsing gebruik word, dra by om die inligting wat die Navorser uit die verhale kry, in ’n sinvolle verloop tydens navorsing te organiseer. Vervolgens word die ABDCE-formule vir narratiewe navorsing bespreek.

2.4.2.2 Aksieverhale (A)

Navorsing word oor ’n wye veld gedoen oor die Christelike huweliksverhouding, verhoudingskwaliteit en die verbondsgesin. Die navorsingsverhaal het ’n begin (A), ’n verloop (BDC) en ’n einde (E). Navorsing begin by die Aksieverhale (A). Dit behels die *nou*-verhale van Medenavorsers. Nou-verhale kan wees: probleem- en noodverhale; verhale oor geluk of ongelukkigheid; verhale oor die stand van die huwelik; of geloofsverhale. Die ervarings in die *huidige tydgleuf* kom hier ter sprake. Die Medenavorsers belig die nou-verhale oor hulle huweliks- en gesinsverhoudings in vraelyste en in onderhoude. Tydens navorsing van die huidige studie het relevante inligting oor die huweliksverhouding en die verbondsgesin *in die nou* na vore gekom.

Die Navorser se doel was om die navorsingstemas[21] tydens navorsing te verken, en het geskied vanuit ’n nie-weet-posisie. Elke navorsingsgespreksgenoot se verhale oor die verskillende temas is vertel, en gedokumenteer (bv. met vraelyste). Alhoewel die navorsing vanuit ’n nie-weet-posisie gedokumenteer is, funksioneer een van die navorsingsgespreksgenote, die Woord, vanuit ’n weet-posisie (sekerheid en waarheid), met betrekking tot die gelowiges se lewens. God se belang by gelowiges word tydens navorsing geag en betrek,[22] omdat die navorsingstemas op die Christelike godsdiens dui. Die Navorser, as navorsingsgespreksgenoot, lewer ook *as gelowige* ’n bydrae tot die navorsing.

Müller *et al.* (2001:79) wys daarop dat die narratiewe Navorser ’n dekonstruktiewe agenda tydens navorsing inspan: “Things need to be unpacked and alternatives have to be explored. Therefore, not only the problem areas of life have to be researched, but every action, with a possible alternative story in mind” (a.w.:79). Hierin kom God se verhaal, uit ’n beslissende *weet-posisie,* ter sprake. Wanneer God se verhaal beskou word teen die agtergrond van die Medenavorsers se verhale, kan dit moontlik daarop dui dat dit vir gelowiges noodsaaklik is om “in te koop” op die alternatiewe verhale[23] wat God deur sy Woord oordra.

2.4.2.3 Agtergrondverhale (B)

Die Aksieverhale (A) word dan geplaas teen die Agtergrondverhale (B) (as verledeverhale). Agtergrondverhale vul die navorsingsverhaal wat, tot in hierdie stadium gedeeltelik oorgedra is, meer volledig aan. Die volledige prent (verhaal) van ’n Medenavorser se lewe word al duideliker wanneer agtergrondverhale vertel word. Dit is in besonder ’n pastorale aktiwiteit om as terapeut (of Navorser) erns met ’n kliënt of Medenavorser se verledeverhaal te maak. Müller (2000:76) verduidelik: “Die evangelie vra van ons om nie op ’n moralistiese manier na mense se verhale te luister nie, maar op ’n historiese basis. Nie veroordelend nie, maar luisterend.”

[21] Die navorsingstema wat insluit: ’n ondersoek na die Christelike huweliksverhouding, die verbondsgesin, die verbond, en onder andere, die praktyk van die nuwe lewe in Christus lewenswyse.

[22] Die Woord as navorsingsgespreksgenoot.

[23] Verhale wat die nuwe lewe in Christus verkondig en uitspel.

Lamott (1995:62) belig die ontwikkeling van fiktiewe karakters se verledeverhaal met skryfwerk: “Background is where you let us see and know who these people are, how they’ve come to be together, what was going on before the opening of the story.” Met narratiewe navorsing – wat op dieselfde formule (ABDCE) gegrond is – geld dieselfde. Die verskil is, narratiewe navorsing werk met die werklikheidsverhale van Medenavorsers en nie met fiktiewe karakters nie. Met agtergrondverhale leer die Navorser die Medenavorsers beter ken. Dit stel die Navorser beter in staat om Medenavorsers se perspektief op die lewe te verstaan. Die *nou* van die verhaal (A) word ook teen die huidige sosio-politieke, ekonomiese en kulturele agtergrond (B) geplaas, “in which the researchers and co-researchers are busy writing their own life stories” (Müller *et al.* 2001:84). Die gedeeltes wat later in hierdie hoofstuk voorkom, *Postmodernisme* (2.7) *en die Navorsingskonteks* (2.8) is onder meer twee fokuspunte wat die agtergrond (B) van die navorsingsverhaal inkleur. Wanneer die agtergrond (B) van ’n verhaal ter sprake kom, is dit dikwels nodig om ook die kinderdae van ’n Medenavorser te besoek.

2.4.2.4 Verhaalontwikkeling (D)

Verhaalontwikkeling fokus breër op bykomende inligting wat nie noodwendig as hooffokus in die verhale van Medenavorsers na vore kom nie. Hieronder geld temas soos aggressie, jaloesie of verantwoordelikheid. Die navorsing handel in die eerste plek nie oor *aksie* nie, maar oor *mense in aksie* (Müller *et al.* 2001:86). Müller stel dit soos volg: “These characters are participants and not objects. They are the co-researchers and should be allowed to be part of the development process” (a.w.:86). Die navorsing handel dus nie slegs oor *verhaling* nie, maar ook oor verhaal*ontwikkeling*.

Binneman (2010:48) wys daarop dat daar in hierdie fase van die navorsing na *unieke uitkomste* saam met die Medenavorsers gesoek moet word: “Punte met ander woorde waarvandaan daar nuwe verhale vertel kan word is hier van belang, byvoorbeeld ’n verhaal van hoop eerder as ’n verhaal van hooploosheid.”

Volgens Müller *et al.* (2001:86) is die narratiewe Navorser voortdurend op die uitkyk vir nuwe en beter verhale om te ontwikkel. In die lig van die Skrif word nuwe en beter

verhale ’n moontlikheid wanneer dit met die verhale van Medenavorsers in verband gebring word.

Met verhaalontwikkeling (D) ontstaan mettertyd ’n navorsingsplot. Lamott (1995:62) verduidelik dat die skrywer (in hierdie geval die Navorser) die karakters (Medenavorsers) beter leer ken. Die gevolg is dat ’n plot mettertyd sal ontwikkel. Dit behels kollektief die verhale oor drama, handeling en spanning. Die narratiewe Navorser wag tydens navorsing vir die plot van die navorsingsverhaal om te ontwikkel. Die inligting oor die navorsingstema word uit verskillende invalshoeke by die oorkoepelende navorsingstema gevoeg, en sodoende ontstaan die navorsingsverhaal.

Lamott (1995:60) verskaf die antwoord oor verhaalontwikkeling en die plot wat in ’n proses van ontplooiing is:

> I would stay with the characters, caring for them, getting to know them better and better, suiting up each morning and working as hard as I could, and somehow, mysteriously, I would come to know what their story was. Over and over I feel as if my characters know who they are, and what happens to them, and where they have been and where they will go, and what they are capable of doing, but they need me to write it down for them because their handwriting is so bad.

Die plot moet self uit Medenavorsers se verhale ontvou. Die navorsingsgespreksgenote se verhale dra ook by tot die ontwikkeling van die plot.

Vervolgens word die Klimaks (C) van die ABDCE-formule vir die navorsingsproses bespreek. Van die verhaal se Klimaks (C) stel Binneman dit duidelik: “Die navorsing moet bly beweeg tot al die punte bymekaar kom in die klimaks van die verhaal. Na die klimaks van die verhaal kan dinge baie anders vir die hoofkarakters van die verhaal lyk, op ’n manier wat vir hulle werklik is. Die klimaks moet self ontwikkel en nie ’n geforseerde poging van die navorser wees nie” (2010:48).

2.4.2.5 Klimaks (C)

Tydens die navorsingsproses word die navorsingstema uit verskillende perspektiewe nagevors. Die klimaks word bereik wanneer al die navorsingsinligting wat ingewin is, na ’n hoogtepunt van *beter verstaan* van die navorsingstema lei. Soms is die navorsingstema kompleks, dan mag dit langer tyd neem om genoemde klimaks te bereik. Wanneer die Navorser die navorsingstema te vroeg “verstaan” sonder ’n deeglike navorsingsproses (soveel perspektiewe moontlik op die navorsingstema), lei die navorsing as sodanig daaronder. Die uitkoms van die navorsingsproses in só ’n geval sal gevolglik beperkte kennis oor die navorsingtema bevat. Lamott waarsku: “When ‘understanding’ comes too quickly, it is not to understand at all” (1995:85).

Lamott (1995:114) gebruik voorts ’n metafoor om te verduidelik hoe die skrywer (Navorser) die plot (verwikkelingsplan) moet toelaat om in ’n klimaks te ontwikkel: “If you’re lost in the forest, let die horse find the way home. *You* have to stop directing, because you will only get in the way.”

’n Alternatiewe verhaal is besig om vorm aan te neem namate die navorsingsproses vorder. Nuwe perspektiewe op die navorsingstema vul die navorsing deurentyd aan. Sodoende word nuwe denkrigtings oor die tema ontplooi.

Die klimaks is volgens Lamott wanneer die onderskeie komponente van die *verhaal* tot ’n sentripetale punt kom, met ’n gevolglike verandering vir die hoofkarakters van die verhaal (Lamott 1995:62). Op die navorsingsproses toegepas, beteken dit die klimaks word bereik wanneer die onderskeie komponente van betrokke Medenavorsers se verhale - asook die verhale van die ander vyf navorsingsgespreksgenote - so deeglik moontlik vertel is. Dit sluit in die verhale wat regstreeks met God verband hou, asook die inligting wat uit ’n interdissiplinêre ondersoek bekom is. In hierdie geval moet die navorsing ook kan heenwys na die nodigheid vir verandering of nie, in die verhoudingskwaliteit tussen die egpaar en die gesin.

Volgens Binneman (2010:13) beoog die narratiewe benadering tot navorsing om na verhale te luister, die verhale weer te gee en ’n bepaalde verandering teweeg te bring.

Die verandering is dikwels moontlik deur die intervensie wat navorsing bring (a.w.:13). Müller en Schoeman (2004:3) stel dit ook dat navorsing altyd ’n bepaalde intervensie teweeg bring.

Binneman (2010:13) verduidelik verder: “Die intervensie is soms duideliker sigbaar en soms minder duidelik maar dit is altyd teenwoordig” Hy (a.w.:17) sê:

> Navorsing is dus intervensie wat veronderstel is om **kennis** te genereer, die kennis sou dan **mag** kon genereer en die kennis sou dan by implikasie ook mag aan verskeie partye gee; mag om beter te verstaan wie ons is, mag om te verander, en mag om te hoop vir ’n beter toekoms. (Beklemtoning R K).

Navorsingskennis oor die Christelike huweliksverhouding, die verbondsgesin, ’n verbond, verhoudingskwaliteit, die nuwe lewe in Christus lewenswyse, asook temas wat verband hou, kan lei tot hoop vir ’n beter toekoms en die mag om te verander.

Die navorsing moet soms die pyn van Medenavorsers verwoord. Dit kan dalk die pad van navorsing bemoeilik, maar gelowiges is hier nooit sonder hoop nie. Gelowiges se hoop het in Christus opgestaan en leef elke dag tussen ons. Die Woord staan nie verleë en sonder antwoorde voor Lyding[24] nie. In narratiewe terme, is God en die Woord by uitnemendheid, dié *unieke uitkoms* vir die gelowige se lewe.

Morgan (2000:52) verduidelik meer wat unieke uitkomste behels: “Sometimes unique outcomes are known as ‘sparkling events’ as they are like events that shine or stand out in contrast to the dominant story.” Met hierdie stelling word van die veronderstelling uitgegaan dat sommige dominante stories ondermynend kan inwerk in die lewe van individue en hulle hul hoop op die toekoms kan laat verloor. Daarteenoor kan ’n Skrifgedeelte (unieke uitkoms) byvoorbeeld, geloof en hoop in die gelowige aanblaas. Daarom, ten spyte van verhale wat dalk wel pyn en lyding ontbloot, het gelowiges hoop op die toekoms omdat Christus leef, en in hulle leef. Daar geld dus ’n meerwaarde vir

[24] Personifikasie volgens die narratiewe benadering. Wanneer ’n konsep soos lyding, trauma, sonde of vrees met ’n hoofletter geskryf word, dui dit op ’n persoonsnaam (naamgewing volgens die narratiewe benadering). Die konsep word dan deur naamgewing (persoonsnaam soos Lyding) aan die leser verduidelik. Wanneer ’n kleinletter vir ’n konsep soos sonde, vrees of trauma gebruik word, is die konsep ter sprake.

die navorsing: God se groot verhaal sluit die gelowige se verhaal in, en nie andersom nie. Daarom is God se vertelde verhaal, met die gelowige ingesluit, die belangrike fokus in sodanige narratiewe navorsing.

Vervolgens word die Slot (E) van die ABDCE-formule bespreek.

2.4.2.6 Slot (E)

Die navorsingsproses behels nie bloot verhaling en die daaropvolgende refleksie oor die navorsingstema nie. Navorsing skep deurgaans ’n nuwe verhaal met nuwe moontlikhede. Daarom eindig narratiewe navorsing nie met ’n voldonge konklusie, met al die antwoorde op die navorsingsvrae nie. Narratiewe navorsing eindig met ’n oop deur (geopende einde) wat die doel het om in die toekoms nuwe navorsing onder die navorsingstema te stimuleer (Müller *et al.* 2001:76-96). Die narratiewe benadering in die algemeen beskou, laat ruimte vir die wordingsproses in mense se lewe. Daar word ook gepraat van die “oop toekoms” in gespreksgenote se lewe, wat verwys na die mens se lewe/toekoms wat in ’n staat van ontwikkeling is.

Müller *et al.* (2001:90) beskryf die volledige navorsingsproses volgens die ABDCE-model:

> As writing, research sets off with **action** of some sort. In the description of the action, and in interaction with the action, the need arises to have the **background.** And with background and interaction you have characters, and with characters it is inevitable to have **development**. With development there is dynamic and one can expect to move to some sort of a **climax**. Research is like any other story, bound to have an **ending** somewhere. Hopefully the end will be happy, but in any case, there will be an end that’s different from the beginning. In that sense the end will always be better than the start. It provides a new, although not always pleasant, perspective.

Met die aanbreek van die slot van die navorsingsproses eindig die navorsing met nuwe perspektiewe op die navorsingstema. Die navorsingsverhaal is dan so volledig moontlik vertel. Die Slot (E) van die navorsingsmodel sal in hoofstuk 6 belig word wanneer op die navorsingsverhaal teruggekyk word. Die navorsingsverhaal spreek egter nie die

laaste woord oor die navorsingtema nie. Die beleid van ’n oop deur geld hier. Die navorsing vir die studie is, met die kennis tot in hierdie stadium, afgehandel en word in ’n boek (proefskrif) gestaaf.

2.5 DIE NARRATIEWE BENADERING TOT NAVORSING

Die navorsing word gegrond op die narratiewe benadering. Müller (2000:8; Freedman & Combs 1996:19-41; Morgan 2000:5-10)[25] wys daarop dat hy die verhalende benadering verkies omdat dit die “op-pad-wees” van die menslike lewe ernstig opneem. Vir hom maak die onderliggende filosofie sin en hy vind hierin ’n sleutel om menswees en menslike ervarings te kan verstaan. Daar is heelwat ooreenkomste, maar ook verskille tussen narratiewe berading en –navorsing. Met *narratiewe berading* word ’n persoon binne die beradingsproses begelei om sy of haar verhale te vertel. Die probleemverhale/noodverhale inisieer die proses. Van daar af vloei die res van die narratiewe beradingsproses voort. By *narratiewe navorsing,* word die Navorser in die verhale oor die navorsingstema ingetrek (Müller *et al.* 2001:77). Daarna word die verhale in die navorsingsverhaal weergegee. Die grondbeginsels van die bogenoemde twee voorbeelde stem grotendeels ooreen, alhoewel elkeen – weens verskillende doelstellings – in ’n mate verskillend te werk gaan. Die narratiewe berading fokus op die enkeling en sy of haar familie asook op unieke uitkomste vir sy of haar lewe. Met hierdie narratiewe navorsing val die fokus op die individu in ’n huweliksverhouding, die gesin asook die geloofsgemeenskap. Unieke uitkomste, wat met God in verband gebring word, is weereens hier van toepassing.

Narratiewe berading/-navorsing (psigo-terapeuties van aard) fokus *as ’n reël* op die mens en sy of haar ervaringsveld wat deur verhaling belig word. Die mens met sy en haar voelbare, sigbare, verstaanbare en beleefbare dimensie word deur narratiewe berading/-navorsing benader. Die geestelike en Goddelike dimensie word meestal in

[25] Müller is ‘n belangrike eksponent van die narratiewe benadering in Suid-Afrika en die navorser het die M-graad *in hierdie verband* onder sy leiding voltooi. Daarom word daar sterk op sy insigte oor die narratiewe benadering gesteun. Die proefskrif is gegrond op die model van J.C. Müller (2005:82-86) soos gestel in sy artikel “A Postfoundationalis, HIV-positive Practical Theology”. *Practical Theology in South Africa.* 20(2), 72-88.

hierdie geval tydens die proses oorgesien.[26] Die berader/navorser is veronderstel om die berading/navorsing vanuit 'n nie-weet-posisie te benader. Die verhaling word in die proses gefasiliteer sodat die gespreksgenoot self die waarheid vir sy of haar lewe kan ontdek. Die 'waarheid' kan daarom van persoon tot persoon verskil. Die soort **spieël** wat as riglyn/maatstaf en bepalend vir 'n tipe leefwyse voorgehou word, is die mens se logika, eie oordeel, dinge/sake wat in die praktyk werk asook die goeie aspekte waarmee enige mens identifiseer (soos: moenie steel nie).

Met hierdie psigo-terapeutiese benadering geld bepaalde konsepte. *Hoop* op die toekoms word 'n konsep wat mense tipies nastreef, en word nie aan God gekoppel nie. *Verandering* van die status quo – wanneer probleme teenwoordig is – word 'n menslike inset om van die probleme te probeer wegkom. Sonde-besef, bekering en verlossing deur God is Christelik godsdienstige konsepte en geld nie tydens narratiewe berading en -navorsing nie. *Sonde-besef,* word vir die mens 'n geval van "herken-jou-verkeerde-optrede", terwyl *bekering* 'n geval wórd van, "gaan-maak-reg-wat-jy verbrou het". *Vergifnis,* met die oorsprong in die Christelike geloof, word 'n gewone "gebruiksartikel" vir alle mense en ook nie aan God se handelinge gekoppel nie. Die oorsprong van vergifnis is nie in hierdie proses van berading of navorsing belangrik nie, wel die uitwerking daarvan op mense lewens. Die narratiewe berader/-Navorser se fokus is die individuele mens in sy of haar aardse werklikheid, met die verhaling wat daaruit volg.

Dit roep die vraag op: sou die huidige navorsing die werklikheid weerspieël indien die navorsingsfokus hoofsaaklik op die aardse werklikheid van die Medenavorser val, maar die werklikheid van die koninkryk van God word in die proses vermy of geïgnoreer? In hierdie werk handel die navorsingstemas oor die Christelike geloof en die navorsing sal hierdie feit reflekteer.

Die medenavorsers is gelowiges, daarom sal hulle lewensverhale ook, onder andere, oor God handel. Carlson *et al.* (2002:218) beskryf geestelikheid soos volg: "Spirituality is a profoundly relational and moral way of being, as the primary purpose centers on our

[26] Uitsonderings op die reël geskied wanneer die een wat vir berading kom of aan die navorsing deelneem, godsdienstige – of geestelike verhale vertel.

intimate relationship with the Divine ...". Indien die Medenavorser 'n gelowige is, wat hier wel die geval is, kom daar meer ter sprake. Die verhaal handel dan nie slegs meer oor die individu en sy en haar gewone ervaringsveld nie; God en sy koninkryk kom in die prent.

Soos reeds gestel, omdat die navorsingstemas oor die Christelike geloof handel, sal narratiewe navorsing onder andere ook op God se verhaal met die mens, fokus. God se verhaal sal in verband met die verhaal van die gelowige gebring word, soos 'n **spieël** (die Woord) wat voor die gelowige se lewe opgehou word. Die vraag is dus: weerspieël die spieël 'n leefwyse wat volgens die eise van die nuwe verbond geskied, of nie? Die verhale van Medenavorsers sal 'n bepaalde beeld in die spieël weerkaats. Dit kan ooreenstem met God se eise vir 'n lewenswyse wat dui op die nuwe lewe in Christus, of dalk nie. Daarom is die doel van narratiewe navorsing om lig op die genoemde aspekte te werp: God en sy belang by die gelowige, maar ook vice versa. Narratiewe navorsing wil relevante vrae vra oor genoemdes se rol en betrokkenheid by mekaar.

Die vraag kan gevra word hoekom die narratiewe benadering tot navorsing wel ingespan word, indien hierdie psigo-terapeutiese benadering tot 'n mate aangepas moet word om met God se bestaan rekening te hou. Die rede is, volgens die Navorser beskik narratiewe berading en – navorsing oor verskeie goeie komponente tot psigoterapeutiese werk/navorsing. Narratiewe berading het reeds verskeie kere bewys dat die benadering tot groot omwenteling in die denkwyse van gespreksgenote lei en dat dit hulle met probleemoplossing help. Van die werkbare aspekte is kortliks: die beginsel van unieke uitkomste, "thin and thick descriptions", die naamgewing van die probleem, die invloed van 'n probleem in iemand se lewe, beklemtoning van eie identiteit, 'n oop toekoms, en die belang van eie verantwoordelikheid. 'n Volgende belangrike komponent is die *verhaling* wat plaasvind. Deur middel van verhaling word belangrike navorsingsinligting oor die navorsingstemas na die navorser herlei.

Huidige navorsing maak gebruik van die werkbare aspekte wat die narratiewe benadering bied. Die aanpassing wat gemaak word, is: in plaas daarvan dat die navorsingsfokus slegs op die individuele mens en sy of haar realiteit geplaas word,

verbreed die navorsingsfokus om ook God en sy werklikheid in die lewe van gelowiges te ag.

Sosiale Konstruksionisme word vervolgens bespreek. Sosiale Konstruksionisme is een van die pilare waarop die narratiewe benadering en –navorsing rus, omdat die verhale wat mense oor hulle lewens vertel, te midde van ’n sosiale konteks ontwikkel. Die sosiale proses waarvolgens kennis ontwikkel, word dus deur Sosiale Konstruksionisme beklemtoon.

2.6 SOSIALE KONSTRUKSIONISME

2.6.1 Verhaling geskied binne ’n sosiale konteks

Berger en Luckmann se boek *The Social Construction of Reality* van 1966 is een van die eerste geskrifte wat die konsep van Sosiale Konstruksionisme ondersoek het (Jary & Jary 2005:566). Gedurende die 1970s en 1980s het Michael Foucault se werk ook ’n beduidende invloed op die ontwikkeling van die Sosiale Konstruksionistiese teorie gehad. Die Sosiale Konstruksionistiese teorie, hou verband met die sosiale proses en die wyse waarop kennis in die sosiale proses ontwikkel (Müller 2000:58). Narratiewe navorsing, wat op die Sosiale Konstruksionistiese teorie gegrond word, belig die verhale wat binne die sosiale konteks vertel word. Müller (2000:58) sê oor die verband tussen die narratiewe benadering en Sosiale Konstruksionisme: “Hoewel die narratiewe benadering reeds aansluiting vind by die Konstruktiwisme, was dit eers die volgende golf, die sogenaamde *Derde Orde Kubernetika*, of Sosiale Konstruksionisme, wat die verhalende aard van die menslike lewe blootgelê het.”

Garland (1999:88; Bruce 2013:33-34), ’n eksponent van sosiale werk, verduidelik verder wat die sosiale proses behels en op watter wyse sosialisering in ’n gemeenskap ’n invloed kan uitoefen:

> Socialization is the process by which persons acquire the behaviors and values of their social world. It is the cultural training that goes on constantly in a family. We often think of children as being ‘socialized’ by the family, but adults continue to be socialized throughout

> their lives. Marriage socializes the partners as they learn how to live and love together, and as they define the limits of what the relationship allows and expects them to do inside and outside the family. They, in turn, have been socialized into these marital roles by the families in which they grew up. Children contribute to that family socialization as well as being influenced by it. My daughter has now left home for college, but most of the meals I prepare are still vegetarian. (Garland 1999:88).

Volgens Garland (1999:88) vind ’n proses van sosialisering ook plaas by die werksplek, skool en kerk, maar die familie/gesin word steeds as die primêre lokus van sosialisering vir kinders en volwassenes beskou. Freedman & Combs (1996:16) beskryf Sosiale Konstruksionisme soos volg: “The beliefs, values, institutions, customs, labels, laws, divisions of labor, and the like that make up our social realiteits are constructed by the members of a culture as they interact with one another from generation to generation and day to day. That is, societies construct the ‘lenses’ through which their members interpret the world.”

Die mens leef te midde van die samelewing, deel in die lewensbeskouing en word in ’n mindere of meerdere mate deur die denke van die samelewing beïnvloed om op ’n sekere manier te dink en redeneer. Kennis oor sake van die dag ontwikkel, met ander woorde, in ’n sosiale proses. Betekenisse word aan gebeure en ervarings toegeken en deur die taal eie aan elke mens, verwoord. Taal speel in hierdie proses dus ’n sleutelrol.

Die mens maak sin van die lewe deur verhale oor die verlede, hede en die toekoms te vertel. Mense vertel geloofsverhale, verhale van hoop, probleem-deurdrenkte verhale, noodverhale, verduisterde toekomsverhale, verhale wat moedeloosheid uitstraal en dié wat teleurstelling ontbloot. Wanneer mense probleme ervaar, weef hulle ’n verhaal rondom die probleem. Deur verhaling gee die mense uitdrukking aan hulle ervarings, gebeure van die dag, inspirasie, drome en geloofsverstaan. “Saam is ons gedurig besig om ons wêreld te konstrueer deur die verhale wat ons vertel. Met die verhale wat ons vertel, toets ons ons persepsies aan mekaar en slyp ons nie net aan ons kernverhale nie, maar aan die makroverhale van ons families en kultuur” (Müller 2000:59).

Elke huwelik- en gesinsisteem ontwikkel **kernverhale** waarvolgens die paartjie dít wat in die verlede gebeur het, asook dít wat op die oomblik gebeur, interpreteer (Müller 2000:58). Kernverhale is dominante verhale in ’n mens se lewe. Voorbeelde van kernverhale is: “Ek was nooit goed genoeg nie;” “My depressie en my stryd daarmee;” “Ek is ’n humeurige mens;” of “Ek sal hom/haar nooit vergewe nie!” Kernverhale wat oor die huwelik, gesinslewe en die eie persoon vertel word is nie slegs leë woorde nie, dit word die spreekwoordelike brandhout vir die vuur. Met ander woorde, die kernverhale wat vertel word stig identiteit, gesindhede, toekoms-hoop en toekomstige handeling. Die greep daarvan op die verteller herinner sterk aan die impak van ’n godsdienstige geloofsoortuiging op iemand. Daarom, in ’n sekere sin is kernverhale geloofsoortuigings, al blyk dit dat sommige kernverhale skynbaar van alle waarheid, wysheid en insig ontbloot is. ’n Kernverhaal kan in daardie sin opbouend óf ondermynend op die huwelik/gesin en die eie menswees inwerk.

Makroverhale, ook genoem meestersverhale, is die verhale wat deur families en die groter gemeenskap vertel en aan hulle kinders deur woord, daad en gesindheid oorgedra word. Die Woord van God is ’n goeie voorbeeld van verskillende kern- en makroverhale wat aan ’n volgende geslag oorgedra word. In die algemeen gestel, onderskryf ’n familie of die wyer gemeenskap ’n spesifieke siening oor ’n saak en daardie siening word die wegwyser waarby toekomstige waardeoordele gewoonlik staan of val. Voorbeelde van makroverhale is: die siening oor die vrou se rol in die gemeenskap; sukses word *hieraan* gemeet; en die beskouing van seksuele gemeenskap voor die huweliksplegtigheid.

Voeg by die *kernverhale* wat oor die huwelik, gesin en die eie persoon vertel en geglo word, mense se persoonlike persepsie oor *makroverhale* wat deur families en die wyer gemeenskap vertel word, en ’n soort saamgestelde verhaal word vir die individu gekonstrueer. Die werklikheid/realiteit bestaan dus uit gedeelte konstrukte, soos dit in Sosiale Konstruksionisme onderskryf word (Müller 2000:58).

Volgens Freedman en Combs (2002:191) glo postmoderniste dat wette, institusies, sosiale gebruike, haarstyle en alle ander sake wat realiteit uitspel, ontstaan deur sosiale

interaksie wat oor tyd heen geskied. Sosiale Konstruksionisme se idees sluit onder meer in:

1. Wie en wat ’n persoon is (‘A person’s sense of self.’) word gekonstrueer deur interaksie met ander mense.
2. Realiteit word sosiaal gekonstrueer.
3. Realiteit word deur taal gekonstitueer.
4. Daar is nie wesenlike waarhede nie.
5. Realiteit word georganiseer en in stand gehou deur narratiewe (Freedman & Combs 2002:141).

Met bogenoemde punte val die fokus volledig op die sosiale konteks. Die realiteit van God se verband tot die mens en andersom word deur die punte genoem, buite rekening gelaat. Punt 1 stel dit dat ’n persoon se “sense of self” deur die interaksie met ander mense gekonstrueer word. Dit is waar, maar uit ’n Christelik geloofsoogpunt kom God se interaksie deur die Woord en Heilige Gees met gelowiges, ook ter sprake. Gawes en talente wat God aan mense gee, bou ook aan daardie persoon se lewe. Met punt 4, “Daar is nie wesenlike waarhede nie,” word van die veronderstelling uitgegaan dat onderskeie sosiale kontekste moontlik ook verskillende waarhede kan aanhang. Daarom hou voorstanders van Sosiale Kontruksionisme die standpunt voor dat daar geen wesenlike waarhede is nie. Uit ’n Christelike geloofsoogpunt is die teendeel waar. Die Woord word byvoorbeeld bevat deur wesenlik kernwaarhede.

2.7 POSTMODERNISME

2.7.1 Postmodernisme in die 21ste eeu

Die begrip postmodernisme dui, volgens Müller, ’n nuwe tydvak en ’n algehele paradigmaverskuiwing aan: “Hierdie begrip verwys na ’n kentering in lewensbeskouing en wetenskap en ons in die Westerse wêreld bevind ons tans in die midde daarvan” (Müller 2002:19). Modernisme het nie aan mense wêreldwyd se optimistiese verwagting en hoop voldoen nie, en met postmodernisme wat daarna volg, word die lewensbenadering

’n “diepgevoelde wantroue in die sogenaamde objektiewe waarhede as hoop vir die samelewing” (a.w.:19; Bauman 2004:238-249).

Stott (2006:74) beaam dit dat die wêreld ’n klemverskuiwing van modern na postmodern gemaak het asook na post-tradisioneel. Die keuse om byvoorbeeld in ’n huwelik te tree, het een van vele keuses vir die postmoderne mens geword. Stott beskryf ’n postmodernistiese samelewing soos volg:

> [T]he fragmentation of all kinds of beliefs due to the breakdown of shared values and the distrust of any kind of authority, particularly political and religious authority. The so-called “metanarratives” – the big stories which purported to explain all of life, Christianity among them – have now fragmented, and truth is seen as personal rather than public, subjective rather than objective. The idea that each person has a different view of truth, but that no one person has the right to challenge another as to the veracity of that belief, is at the heart of the postmodern worldview” (Stott 2006:74).

McCarthy (2000:194) stel ook modernisme en postmodernisme teenoor mekaar wanneer hy postmodenisme bespreek: “No longer do we speak of universal principles and laws, valid for all times and places. Instead we look for the particular historical, cultural, social, and familial values that may have contributed to this particular set of principles and laws being useful in this particular set of circumstances.” Met hierdie klemverskuiwing is die huidige mens besig met ’n eie belewingsveld in die soeke na antwoorde op die waarde- en beginselvrae van die lewe.

Die wêreld waarin die huidige geslag leef, word gekenmerk deur die kommunikasie- en informasie rewolusie, ruimtereise, atoombomme, die voorkoming en beheer van siektes, en ’n wêreldkultuur in wording. Die mens het in vele opsigte ’n wêreldreisiger geword – selfs uit hulle eie sitkamer as gevolg van die Internet en televisie. In die postmodernistiese tydgleuf is kruisbestuiwing tussen verskillende groepe betreffende godsdiens, kultuurgebruike en ’n soort leefwyse, ’n gegewe werklikheid. Die gevaar van relatiwiteit (soos met godsdiens) kan as gevolg van hierdie tendens ook ’n werklikheid wees/word.

Volgens McCarthy (2000:195) is dit nie verbasend nie, dat die hedendaagse mens soekend is: "Given the questioning and breakdown of larger frameworks of meaning and of long-held values and assumptions, it is not surprising to find ourselves hungry and wandering." Mense het as gevolg van die ineenstorting van groter betekenisraamwerke, rigtingloos geword of hulle uit die samelewing onttrek, terwyl sommiges op soek is na betekenis vir hulle lewe (a.w.:195).

Die opkoms van die postmoderne lewensgevoel in die samelewing gaan volgens Müller gepaard met geweldige spanning en ingrypende polarisering in die samelewing, staat, vakbonde, kerke en selfs tussen die verskillende geslagte binne families. Byvoorbeeld, ouers kan in hierdie tye nog vasgevang wees in die denkwyse van modernisme terwyl hulle kinders grootgeword het in die "denkklimaat van postmodernisme" (Müller 2002:20-21). Dit kan lei tot spanning tussen die partye, omdat die konsepte van modernisme en postmodernisme in sommige opsigte lynreg teenoor mekaar staan.

Die hedendaagse Christelike huwelikspaartjie en verbondsgesin leef te midde van die postmodernistiese era, waartydens daar vele veranderings/ontwikkelings in die samelewing plaasvind. Verandering is nie 'n nuwe tendens nie. Oor die eeue heen was verandering deel van elke mens se lewensoriëntering. Selfs die feit dat die postmodernistiese mens al meer wegbeweeg van die Persoon (die Here) wat vir sy/haar lewe goed sou beteken, is nie 'n nuwe tendens nie. Die era is grotendeels mens-gesind, nie God-gesind nie.

Volgens Scheepers (1998:22; Bauman 2010:36-38) is postmodernisme 'n "diepgesetelde wantroue in alle tradisioneel-ordenende prinsipes soos die godsdiens, politiek, wetenskap en kuns, en 'n radikale ontologiese en epistemologiese twyfel." Dit spreek vanself dat die postmoderne tydperk, met die oordrewe klem op die selfstandige mens en individuele belang, maklik 'n wig tussen God en die gelowige kan vorm. As deel van die samelewing waarin God grootliks verontagsaam word, kan die Christen-gelowige God ewe maklik as die "Afwesige" beleef. Volgens die Navorser kan dit gebeur indien die Woord nie by herhaling ingeskerp, bestudeer en gehoorsaam word nie, en indien die gelowige nie in die gemeenskap met gelowiges deel nie.

Die voorafgaande stellings laat ’n paar vrae ontstaan. Indien die gelowige nie vir God in die midde van die (postmodernistiese) samelewing “sien” nie, of nêrens van Hom hoor of nie aan Hom herinner word nie, sal die liefde vir God steeds sterk bly brand in die hart van hedendaagse gelowiges? En, indien die gelowige wel daagliks aan postmodernistiese konsepte en wat daarmee saamhang blootgestel word, en daarby nie op ’n gereelde basis in die gemeenskap met gelowiges deel nie ... sal sy of hy steeds sterk in hulle Christelike identiteit staan, of sal daardie identiteit in die hart van die betrokke gelowige verflou? Volgens die Skrif is die Heilige Gees in gelowiges aan die werk, maar die vraag is: wie se stem hoor die gelowige daagliks die duidelikste? Is dit dié van postmodernisme te midde van ’n postmoderne samelewing, of hoor hulle nog die stem van God? Daarby bly die vraag: watter stem word die geredelikste met (daaropvolgende) dade gevolg?

Dit is waar dat gelowiges funksioneer te midde van ’n diverse samelewing – tussen ander mense wat nie vir God nie ken nie. Die vraag is egter of hierdie verbintenis die verbondsverhouding tussen God en gelowige behoort te benadeel. Christelike identiteit behoort vir die gelowige ’n vaste fondament te wees en tot elke prys vas te staan. Dit behoort ook by herhaling ingeskerp, bekragting en bevestig te word (Joh. 15:5). Christelike identiteit veronderstel ’n tipe karakter in gelowiges: ’n soort gesindheid, bepaalde oortuigings, standhouvermoë en leefstyl. Twee verdere vrae vloei hieruit voort: kan die Christelike identiteit gevestig bly en vasstaan te midde van die postmodernistiese druk om van God en eie identiteit te vergeet? Hoe of op watter manier sou hierdie identiteit gebou kon word?

Te midde van postmodernisme leef die postmoderne gelowige letterlik as een van enkeles tussen ’n skare wat nie vir God ken nie. Hierdie feit verwoord die werklikheid. Die trekkrag van die oorgrote meerderheid wat God verontagsaam, is oorheersend. Persone binne hierdie trekkrag wil onbewustelik/bewustelik nie aan God dink nie, niks van Hom hoor nie, Hom nie ken nie, Hom nie aanbid nie, nie in Hom glo nie en Hom ook nie respek betoon nie.

Die postmoderne tydperk toon positiewe en negatiewe elemente, waarvan laasgenoemde punt die negatiewe belig.

God se verhaal word tydens navorsing die konstruk (in narratiewe terme ’n “unieke uitkoms” genoem) wat met die verhale van Medenavorsers in verband gebring word. In hierdie geval is die Medenavorsers gelowiges en behoort as uitverkorenes in die eerste plek aan God. Tydens die navorsingsproses ontstaan ’n alternatiewe verhaal wat regstreeks met God verband hou. Die alternatiewe verhaal, God se verhaal vir en met gelowiges, was oor die eeue heen in die agtergrond teenwoordig, maar in ’n mate *onvertel* deur die leefwyse van sommige gelowiges. Dit is die alternatiewe nuwe verhaal (die nuwe lewe in Christus – Rom. 12:1-2) wat die Christelike hoop in gelowiges se hart bekragtig en versterk. Hierdie hoop is ook toekoms-, ewigheids- en Godsgerig. Genoemde agtergrondverhaal wil, volgens God se wil, naderkom en die Boodskap aan gelowiges en ander oordra en verkondig. Die doel is dat lewensveranderde omstandighede, en die werklikheid van die koms van die koninkryk gestalte kan vind.
Die gestalte kom na vore in verskillende dimensies: die leefwyse, met verhoudings, met gesindhede, in die toekoms- en ewigheidsbeskouing, betreffend persoonlike identiteit, en in die siening van kinderopvoeding. God wil graag in die hede ’n goeie verskil maak, indien die gelowiges hulle aan Hom oorgee en nader nooi; ook self naderkom aan God.

Vervolgens, na aanleiding van die navorsingsvraag by punt 2.1, word die *Navorsingskonteks* (2.8) beskryf, gevolg deur *’n Oriëntering van die tema: Verhale* (2.9). Die tema *Ervarings* (2.10) volg daarna. Laastens kom die verhale van Medenavorsers aan die woord onder die opskrif, *Verhale oor verhoudingskwaliteit in die huweliksverhouding* (2.11), asook *Verhale oor verhoudingskwaliteit in gesinsverhoudings* (2.12).

2.8 DIE NAVORSINGSKONTEKS

2.8.1 ’n Persoonlike verhaal

As persoonlike verhaal kan die vraag gestel word: oor watter kennis beskik ek as Navorser oor die konteks en hoe skakel my persoonlike storie by die spesifieke konteks in? My eie kennis oor die navorsingkonteks kan ’n mens as omvangryk beskou, aangesien ek ’n pastorale berader is en ook opleiding in hierdie veld ontvang het. Op 45 jaar het ek ingeskryf vir die graad B.A. (Teol) aan die Universiteit van Pretoria. Ek het

my geroepe gevoel om ’n verskil te probeer maak in die lewe van gelowiges wat ’n stryd voer met lewensvrae en geloofskwessies. Eerstens wou ek met die regte denke en optrede ’n verskil in my eie lewe maak, want ek het ook, soos ander ’n stryd met lyding, aanvegtings en geloofskwessies beleef en nie deurgaans geweet hoe om sekere sake te hanteer nie. Dit sou ’n geval wees van, help eers jouself en dan kan jy ander bystaan. Ek onthou hoe ek in my dertigerjare een Sondagoggend ná die erediens tuis gekom het met vele vrae met min antwoorde in my gemoed. Die predikant het daardie bepaalde oggend onder meer gepreek oor die gedeelte in Filippense 4:4: “Wees altyd bly in die Here.” Die vraag wat in my gemoed opgekom het was: hoekom kan ek nie die opdrag uitvoer nie? Ek voel nie bly nie, en hoe fikseer ’n mens blydskap indien jy nie uit jou eie bly voel nie? Dit is sulke vrae wat my aangemoedig het om navorsing te begin doen oor verskillende temas met ’n Bybelse-verband.

Die oorhoofse naam wat ek aan my ondersoek gekoppel het, was *Lewenskuns*. Ek wou in diepte probeer verstaan wat dit waarlik beteken om as God se kind te leef, eerder as ’n lewe wat uitloop op selfmoord (ekstreme voorbeeld van handeling). Die daad van selfmoord het nie vir my gerym met die grondbeginsels van die Christelike geloof nie. Die twee sake het vir my teen mekaar geskree. Versoening tussen sodanige ekstreme handeling en die Christelike geloof is na my mening onmoontlik. Die een (Christelike godsdiens) het ’n lewe in oorvloed vir die gelowige in gedagte, terwyl die ander een (selfmoord) die dood vir die gelowige beoog. Die vraag was: hoe gebeur dit dat gelowiges daardie plek in hulle gemoed bereik waar hulle die pad van selfmoord kies. Ander vrae het ook gevolg, waarop ek antwoorde gesoek het en in baie opsigte ook gevind het. Die onderrigpad wat ek jare gelede begin volg het tot op hede, was nie toevallig nie, maar ’n beskikking van God, glo ek. Met my studies het die grade B.A. (Hons) in Teologiese Studies en M.A. (Teol) in Pastorale Gesinsterapie gevolg. My kennis van die Christelike huweliksverhouding en die gesin sal ek dus – voordat die navorsing afgehandel is – reeds as omvattend beskou. Ek verwag dat die navorsing nuwe kennisvelde oor die navorsingstema sal open.

2.8.2 Die Suid-Afrikaanse konteks

Die Suid-Afrikaanse konteks in 2014/2015, toon trekke van ’n postmodernistiese samelewing, met oorhoofs, ’n wêreldkultuur in wording. Die samelewing, oor die algemeen bestaan uit groot diversiteit van mense, kulture en godsdienste. Die Christendenominasies wat in Suid-Afrika voorkom bestaan onder meer uit die volgende kerke: die Nederduits Gereformeerdes, Hervormdes, Gereformeerdes, Presbiteriaanse, Katolieke, Baptiste en Metodiste asook die onafhanklike kerke (Joubert 1996:144; Grenz & Franke 2001:18-24). Van die ander gelowe in Suid-Afrika is: Moslems, Boeddhiste, Hindoes, Jode, tradisionele godsdienste, Oosterse kultusse, die New Age-beweging (a.w.:196), en sektes soos die Jehovah-getuies. In die nege provinsies van Suid-Afrika word in elf amptelike tale gekommunikeer. Engels is die hoof kommunikasiemiddel, wat deur die meeste mense gepraat word, al is dit ’n tweedetaal-keuse. In die oorgrote meerderheid skole is hierdie reëling ook van toepassing. As gevolg van tegnologiese vooruitgang en “die wonder van elektroniese kommunikasie het die wêreld in ’n ‘wêrelddorp’ verander” (a.w.:52).

Binne die genoemde konteks het die Christen gelowige daagliks te doen met mense wat anders as hulle (kan) dink, doen en glo. Gevolglik kan die inspraak van stemme in die lewe van dié mense waaroor God se naam uitgeroep is, tot ’n mate van *afvalligheid* lei. Dit kan gebeur indien die Christelike identiteit nie stewig in die geloofsverstaan van die gelowige gevestig is nie, na die Navorser se mening. Die gelowiges kan dan word soos daardie mense waarmee hulle praat en saam wie hulle in die wêreld speel: onherkenbaar as kind van God, tog wel herkenbaar as wêreldling. Die teendeel is egter ook waar en kan ’n moontlikheid wees: die gelowige, herkenbaar as kind van God in ’n ‘wêrelddorp’ tussen daardiegene wat God se bestaan ontken.

2.8.3 Medenavorsers

Die huidige studie se navorsingsfokus het geval op die uitwerking van die Christelike huwelik op verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin, binne ’n postmodernistiese konteks. Die soeklig was op die Afrikaanse Christelike huwelik en die verbondsgesin in 2014/2015 en is kwalitatief gefokus. Betekenisse, ervarings, gevoelens,

geloofsperspektiewe, verhoudings in die huwelik en verbondsgesin, aanvegtings, en stryd en pyn, het van belang vir die Navorser/navorsing geword. Verhaling deur Medenavorsers (verwys na Bylae A) het laasgenoemde inligting aan die Navorser oorgedra.

Die vereistes waaraan persone, kinders of gesinne moes voldoen om aan die navorsingsprojek deel te neem was: (1) hulle moes Christene wees; (2) in die geval van ’n egpaar – in ’n huweliksverhouding staan of gestaan het, en (3) met ’n kind of kinders. Sommige van die Medenavorsers wat ouer was, het ook verhale oor hulle herinnerings aan hulle kinderdae vertel. Verhale het gehandel oor die deelnemers/gespreksgenote se siening van hulle ouers se huwelik en hulle eie ervaring van verhoudings in die verbondsgesin. Die navorsing het ook hulle eie geloofsonderrig belig.

Elf Afrikaanssprekende Medenavorsers met ouderdomme wat gewissel het tussen 30 en 65 jaar het aan die navorsingsprojek deelgeneem. Drie beradingsvoorbeelde is ook gestel. Die Medenavorsers is almal getroud. Waar moontlik, het egpare navorsingsvraelyste (Bylae B) met beskrywende antwoorde ingevul. In sommige gevalle wou die eggenoot nie vorms invul nie, met die eggenote wat wel bereid was. Die Medenavorsers woon, leef en werk in Suid-Afrika, meer spesifiek in die omgewing van Potchefstroom, Orkney en Klerksdorp. Hulle is lidmate van onder meer, die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk. Die Medenavorsers is oor die algemeen redelik aktief in die onderskeie gemeentes waar hulle lidmate is. Die verhale van Medenavorsers sal waar van toepassing aan die orde gestel word en aansluit by die tema onder ondersoek. Daarby het die Navorser uit eie ervaring tot die data-basis vir navorsing bygedra. Dit geld persoonlike verhale oor die Navorser self, onder meer die gedeelte wat later volg: “Lang bome laat my altyd terugdink....”.[27] Ná ’n huwelik van 35 jaar is die Navorser se eggenoot op 15 Januarie 2011 oorlede. Sy deel van hierdie ervarings binne ’n spesifieke vertelkonteks.

[27] Hoofstuk 5 - 5.5.2.4

2.9 ORIËNTERING VAN DIE TEMA: VERHALE

2.9.1 Inleiding

Vervolgens word uit verskillende gesigspunte na die tema *verhale* gekyk om ’n beter begrip te vorm van verhale se dinamika, inhoud en samestelling. Hierdie gesigspunte wat volg, vorm deel van die agtergrond vir die verhaling deur Medenavorsers wat later – in hierdie en volgende hoofstukke – aan die woord gestel word. Hoewel sekere perspektiewe op die tema vervolgens belig word, sal die dinamiese impak en samestelling van verhale deur die hele werk – waar toepaslik – ontvou word. Die voor-die-hand-liggende vraag is: Wat behels ’n verhaal presies?

’n Verhaal kan soos volg beskryf word: herhaling, terugherwinning, geskiedenis, gebeure mondelik of skriftelik samehangend meedeel, verslag lewer van en ’n relaas bied van ’n gebeurtenis (VAW 2007:1001).

Vir Freedman en Combs (2002:106) behels verhale veel meer as ’n verslag of mondelinge relaas, dit word die mens se lewe: “The stories that we enact with each other are not about our lives; they *are* our lives.” Anders gestel, die verhale wat ons oor ons lewens vertel, *is* en *word* ons lewe.

Die narratiewe benadering het bevind dat die grein van die lewe deur verhaling blootgelê word (Müller 2000:10). Deur die verhale wat mense oor hulle lewe vertel, skep hulle nuwe betekenis.

2.9.2 Die verband tussen die verlede, hede en toekoms by verhale

Persoonlike vertellings oor verlede-, hede- en toekomsverhale word deur Medenavorsers tydens navorsing oorgedra. Müller (2000:9) onderstreep die verband tussen die verlede, hede en die toekoms: “Die toekoms word die reeds-teenwoordige en die verlede word die steeds-teenwoordige in die verhale wat ons vertel. Die toekoms en die verlede word ’n spanningsvolle en kragtige NOU**.** Die verhale wat onthou en dié wat

verwag word, vorm die ervaring in die hede" (a.w.:9). Müller (2000:9) verduidelik dit soos volg:

> Wanneer ek iets vertel uit my verlede, is dit niks minder nie as 'n poging om my toekoms te konstrueer. Met verhale konstrueer ons ons lewe. Die verhale in ons geheue, of dit nou oorvertel word of nie, is die raamwerk wat ons help om sin te maak uit die lewe. Dit help ons ook om die toekoms te kan ingaan.

Verledeverhale is boustene vir die toekoms, daarom is elke verhaal wat oor die verlede vertel word, 'n toekomsverhaal. Die toekomsverhaal lê onder die oppervlak van die verledeverhaal, en word spreekwoordelik uit die verledeverhaal gevoed. Dit is die taak van die narratiewe berader/Navorser om die toekomsverhaal te ontsluit wat uit die verledeverhaal spruit (Müller 2000:40).

Die toekomsverhale (gekoppel aan verledeverhale) wat die gelowiges vertel, is belangrik in die sin dat dit wel deeglik kan bydra tot die mens se hoop, geloofsbou, inspirasie, voornemes en drome. In dieselfde sin kan die vertel van sekere toekomsverhale ook die teendeel teweegbring, en boustene word vir ontmoediging, ongeloof en hooploosheid. Wanneer die Christelike geloof ter sprake kom, word beklemtoon hoe belangrik die vertel van Christelike toekomsverhale is. Hier word byvoorbeeld gedink aan toekoms-/ewigheidsverhale (Tit.1:2b e.v.; 1 Kor. 2:9; 2 Kor. 4:18; Heb. 6:18; Heb. 10:25 en 2 Pet. 1:11).

Freedman en Combs (2002:38) belig die belang van die verhale wat mense oor hulle lewe vertel:

> We believe that we all live our lives through stories – the stories we tell and the stories others tell about us. Those stories carry the meaning of our lives; they organize the way we experience our relationships, our identities, and the possibilities our lives hold. We think that people's experience of the meaning of their lives and relationships changes through changes in their life narratives. As their narratives change, what they do and what they perceive change as well.

Hoewel hulle hier van verhale in die algemeen praat, belig dit die belang van die storie van die Christelike geloof wat gelowiges se identiteit bevat.

2.9.3 Die belang van God se verhaal by die mens se verhaal

Die Navorser werk met die persoonlike verhaal van ’n gelowige Medenavorser. Hierdie persoonlike verhaal maak, gemeet aan die Christelike geloofwerklikheid, slegs ’n klein deeltjie uit van die somtotaal van God se verhaal met die mens. Müller som dit só op: “’n Mens kan alleen verstaan hoe jou eie klein geskiedenis inpas en deel is van die Groot Geskiedenis (Heilsgeskiedenis) as albei, die klein verhaal én die Groot Verhaal, eers goed vertel is” (Müller 2000:77). Hoewel die stelling gemik is op die narratiewe beradingsproses, geld dit eweseer vir die navorsingsproses. Indien ’n Medenavorser sy/haar verhaal vertel en God se groot verhaal word buite rekening gelaat, sal dit beteken dat die verhaal net gedeeltelik vertel word. Vir Louw (2005:304) moet gelowiges se verhaal vertolk word in die lig van God se verhaal en omgekeerd. God se verhaal is die kompas vir die verhaal oor die nuwe lewe in Christus.

Om die persoon se eie klein geskiedenis (as persoonlike verhaal) en die Groot geskiedenis (heilsgeskiedenis) tydens die navorsingsproses net goed oor te dra, is egter nie voldoende nie. Geloof (glo) en handeling (dade) behoort deurgaans in die spore van “vertel” van (luister na) die verhaal van die heilsgeskiedenis te volg. Om God se verhaal net te vertel en te hoor, sal nie lewensomvattende verandering (bekering) in gelowiges se lewe bring nie. Dit kan dalk die bekeringsproses aan die gang stu, maar ’n leefwyse in verbondenheid aan God vra *voorop* dat gelowiges in diens van God optree (dit is, in aansluiting by God se verhaal). Die bekering van die mens, vra dat hy/sy die verkondigde Boodskap sal snap, en God se uitnodiging tot die lewe sal aanvaar, glo en daarvolgens handel. Die navorsingsproses belig die navorsingstema, en die doel is dat die navorsingsverhaal nie hierby eindig nie. Die mikpunt is dat die navorsing bydra tot nuwe insigte en ’n nuwe verhaal gepaard met beter (die regte) handeling, waar nodig, binne die konteks.

’n Saak wat deur Du Toit (2001:235) uitgelig word is: wanneer God se groot verhaal met die mens se verhaal in verband gebring word, mag die verteller onder geen

omstandighede “net die lekker of goeie dele daarvan uitkies of vertel nie. Dan kom ons nie by ons identiteit uit nie. Ook die slegte, die sondige, die foute is *deel* van ons storie wat ons identiteit gee, en daarom móét dit telkens ook vertel word.” Sodoende, kan en word die waarheid gedien. Dit was egter die tendens dat Medenavorsers tydens verhaling geneig was om slegs die “goeie” verhale oor hulle lewe te vertel.

God se verhaal maak deel uit van elke Christen se identiteit. Volgens Du Toit (2001:233) is identiteit, “om te weet wie jy werklik is.” Anders gestel, om te weet wie ’n mens in Christus is. God deel *sy* verhaal met gelowiges en gelowiges neem deel in God se verhaal. Dit is een en dieselfde verhaal. Hierdie verhaal bevat lewensomvattende en lewens-veranderende inligting oor gelowiges se identiteit in Christus. Voorbeelde van God se verhaal met die mens sluit in verhale oor gelowige voorgeslagte soos Abraham, Job, Dawid en Paulus. Dan is daar ook verhale oor die Christen se toekomsverwagting, en onder meer die verhale oor die ewige lewe. Die gelowige is een van ’n skare verlostes wie se lewensverhaal nóú met God se verhaal verweef is. Dit is gebaseer op verskeie sake wat in die Bybelse getuienis as geloofsfeite gestel word:

- Die Here het aan die kruis gesterf.
- Die ewige lewe by God, ons deel sal wees.
- Gelowiges het, as God se kinders, die Heilige Gees ontvang.
- God hou daagliks wag oor diegene wat aan Hom behoort.

Die feit is, God se groot verhaal is deel van die verhaal wat gelowiges vertel.

Die Woord is by uitstek ’n *herskeppingswoord*, as gevolg van die sonde se verskyning in die wêreld (Heyns 1992:81). Volgens die Bybelse getuienis het God in die paradys ná die sondeval met sy herstelprogram vir Adam en Eva begin, en dit voortgesit met sy heilsplan vir die wêreld – wat tot vandag toe voortduur (a.w.:81). Daarin speel die Woord ’n groot rol: die Lewende Woord moet voortgedra word. Hierdie heilsplan het onder meer ingesluit: die uitverkiesing van, die verbond met, die wet aan Israel, die profetiese belofte van die komende Messias en sy uiteindelike eerste koms in die vlees, die begin van die kerk en die geskenk van die Heilige Gees aan die Kerk. “Dit alles en nog veel meer is die inhoud van die Herskeppingswoord” (Heyns 1992:81). Vir

Christene van vandag is en bly dit ’n herskeppingswoord, wat lewens tot eer van God wil transformeer.

Volgens Van Zyl (2001:74) het die Bybel vir baie mense ikoniese status bereik. “Mense weet van die Bybel, hulle plaas dit op ’n troontjie, sal selfs die gesag daarvan gloedvol verdedig, maar hulle leef nie meer die idioom van die Bybel nie. Dit oefen nie ’n daadwerklike invloed op hulle lewe uit nie.” Dit is ongelukkig dikwels waar van gelowiges dat ’n persoonlike verhaal los van God se verhaal kan ontwikkel; of dat ’n eie verhaal God se verhaal kan verdwerg. Gelowiges ly soms aan ’n verlies van Christelike identiteit en vergeet in verskillende omstandighede aan Wie hulle behoort. Sodoende vergeet hulle soms waar hulle hoop en krag as gelowiges lê. Dit kan ook wees dat sommiges nie hierdie krag ken nie. Verbondenheid aan God word en is ’n vreemde *ou* wêreldse konsep en soms wonder gelowiges in moeilike omstandighede waar hulle hulp vandaan sal kom.

Binne die postmoderne denke word al die groot, omvattende narratiewe wat die oorsprong, voortgang en voleindiging vasmaak, uitgerafel. Van Zyl (a.w.:75) praat van die era van postmodernisme as ’n oewerlose relativisme. Volgens hom het Pilatus se siniese vraag: “Wat is waarheid?” weer binne die postmodernisme nuwe betekenis verkry (a.w.:75).

God se groot verhaal bevat lewegewende en lewensvernuwende waarhede wat - indien dit slegs gedeeltelik vertel word en ’n beperkte deel uitmaak van gelowiges se geloofsverstaan en lewenswyse - die impak, krag en doel as rigsnoer kan verloor. Gelowiges kan dan word soos mense wat leef of hulle sonder ’n belangrike geskiedenis is, of sonder herkoms en enige toekomsverwagting. Hulle kan só ook hulle vaste hoop in Christus op die lewenspad verloor, en leef of hulle nie ’n Hulp in verskillende omstandighede het nie. Gelowige Christene kan selfs – as gevolg van ’n gebrek aan ware Christelike deurleefde identiteit – vereensaam in ’n moeilike situasie voel, selfmoord oorweeg of selfs tot die daad van selfmoord oorgaan. Dit is moontlik vir gelowiges om op hierdie tragiese manier hulle eie lewe te beëindig. God het immers aan die mens vryheid van wil, besluit en keuse gegee, en selfmoord is ook ’n keuse-moontlikheid. Dit spreek ook vanself dat God beslis nie aan die stuur staan van

laasgenoemde keusemoontlikheid nie. God keur nie selfmoord goed nie, en sal dit nooit doen nie. God is ’n voorstander van die mens se *lewe*.

2.9.4 Verhale en die verteller se geloofs- en werklikheidsverstaan

Met narratiewe navorsing word die verhale wat mense oor hulle lewe vertel, van die uiterste belang vir die Navorser. Deur die vertel van verhale, word die hoorder – in hierdie geval die Navorser – ingetrek binne die leef- en denkwêreld van die verteller. Die hoorder kry, met ander woorde, deur die verhale, ’n blik op die verteller se werklikheids- en geloofsverstaan.

Ervarings word in verhale georganiseer, daarom ontbloot die verhale wat vertel word soveel van die mens se werklikheidsverstaan (Müller 2000:10). Meer nog, iemand se diepste menswees word ontbloot in en deur die verhale wat so ’n persoon vertel. In daardie sin belig verhale veel méér as slegs die woorde wat die verhaal dra. Freedman en Combs (2002:12) sluit hierby aan. Volgens hulle word mense te midde van kulturele stories gebore, en dit het ’n invloed op die vorming van persepsies. Hier word byvoorbeeld gedink aan die denke oor geslagsrolle.

Verhale openbaar die verteller se persepsies, geloofs- en morele begronding asook so iemand se interpretasie van die lewe in die geheel en sy/haar *selfaanvaarde* lewensfilosofie. “When we tell our story, we are telling of ourselves – our values, convictions, beliefs, treasures, likes or dislikes. Our stories constitute a medium of understanding and knowing” (Eberhardt 1996:25). Die vertellers koppel **betekenis** en **waarde** – of dit goed is of nie – aan gebeure en ervarings, ook aan hulleself, aan mense, God, godsdiens en die lewe. Hierdie interpretasie-elemente word deur verhaling verwoord. Met ander woorde, die wese van die verteller en die sake waarin hy/sy glo, word deur verhaling in woorde na die hoorder(s) gedra. Laasgenoemde punt is uiters belangrik vir die navorsingsproses, aangesien die geloofsoortuigings en lewensfilosofieë – of dit goed is of nie – uiteindelik dade rig en stig.

2.9.5 ’n Meerderheid verhale ingebed in die verhale van ander mense

Daar heers ’n noodwendige gemeenskaplikheid in die postmodernistiese samelewing. Die werklikheid word as gemeenskaplike werklikheid benader (Heyns 2000b:353). “Die werklikheid is ’n tuiste vir almal: vir hierdie volk en vir die ander volk, vir hierdie geslag en vir die nageslag, vir hierdie godsdiens en vir geen godsdiens” (a.w.:353). Dit het selfs reeds vir die era van modernisme gegeld. Huidige gemeenskappe koop byvoorbeeld by dieselfde ketting-winkel-groep kos. Almal se kinders gaan na dieselfde (of een van die dorp se) laerskole, hoërskole en universiteit. Die internet word vir baie mense ’n kommunikasiekanaal, sodat hulle met iemand oor die Internet kan gesels. Sondae sit lidmate langs mekaar in ’n kerk. By sportbyeenkomste skree toeskouers uitbundig in hulle moedertaal oor die optrede van die spelers op die baan/veld asook oor die skeidsregter. Die meeste mense lees gereeld verskillende koerante wat oor dieselfde nuus berig. Televisieprogramme en boodskappe wat deur ’n program oorgedra word, word ’n aanknopingspunt vir ’n gesprek. Wanneer moord en doodslag ’n gemeenskap tref, lei dit tot ’n gemeenskaplike samehorigheid, solidariteit en saamstaan teen misdaad.

Die gemeenskaplikheid raak mense se daaglikse lewe. Die gemeenskap eet mekaar se kos, koop mekaar se goedere soos meubels en motors, lewer dienste aan mekaar, begrawe mekaar, gooi by mekaar brandstof in, nooi mekaar uit vir ete en woon by mekaar of langs mekaar. Wanneer mense na die filmteaters gaan, kyk hulle na mekaar se lewensverhale. Hulle lees mekaar se skryfwerk, lewer kommentaar op mekaar se werk, en trou met mekaar. Hulle sing vir mekaar, preek vir mekaar en doen voorbidding vir mekaar. Mense kyk op na ander mense as rolmodelle, leer uit ander se foute en koop vir mekaar geskenke. Hulle bou huise vir mekaar, skakel mekaar en versorg mekaar. Al die gemeenskaplike aktiwiteite lei daartoe dat die meerderheid verhale ingebed is in die verhale van ander mense. Mense vertel verhale oor hulle persoonlike én gedeelde ervarings.

Vervolgens word die begrip *Ervarings* (2.10) kortliks bespreek. Daarna kom die verhale van Medenavorsers betreffend verhoudingskwaliteit by punte 2.11 en 2.12 aan die beurt. Die gedagtes van die Navorser vul elke verhaal aan.

2.10 ERVARINGS

In die navorsingskonteks het Medenavorsers die volgende ervarings verwoord: hulle eie ervaring van verhoudingskwaliteit in die huwelik- en gesinsverhoudings asook van die geloofsverhouding met God. Twee voorbeelde bevestig hierdie waarneming: op die vraag "Watter eienskap van jou wederhelfte waardeer jy die meeste?" (Bylae B-13) het Medenavorser Linda[28] (Bylae A-A3) geantwoord, "Ek waardeer sy deernis, integriteit, teerheid, teregwysing en opregtheid." Sy het bogenoemde kenmerke van haar man eerstehands *ervaar,* daarom waardeer sy dit. Op die vraag aan haar oor wat die Here vir haar beteken (Bylae B-24) antwoord sy, "Die Here is my enigste anker en konstante in my lewe wat my *nooit* (Medenavorser se beklemtoning) ooit begewe of verlaat het nie." Haar *ervaring* van die Here is dat Hy altyd vir haar daar is.

Ervaring hou verband met die opdoen van *ondervinding* asook met 'n leerproses. Die mens ondervind 'n bepaalde ervaring, en leer in en deur daardie ervaring meer oor die lewe in die algemeen en/of oor geloof. Geloof is dikwels op ervaring gebaseer (hierdie stelling onderlê vele godsdienste). Bekering en emosionele ervaring gaan ook dikwels hand-aan-hand. In die Nuwe Testament kom hierdie verhouding tussen geloof en ervaring duidelik ter sprake. Die vroeë Christene het byvoorbeeld ervaring van Jesus se bediening gehad. Hulle het Hom self gesien en gehoor preek. Hulle was toeskouers terwyl die wonderwerke voor hulle oë plaasgevind het. Ervaring het daarom, in hierdie geval, meegewerk tot hulle geloof in Christus. Latere geslagte moes hierdie persoonlike en sigbare ervaring ontbeer, maar in die plek daarvan het hulle ook 'n *persoonlike ervaring* (onsigbaar en soms sigbaar) beleef omdat God nie 'n onpersoonlike entiteit is nie. Tot vandag toe bly God deur sy Gees in sy kinders se lewe betrokke en *ervaar* hulle ook sy werking, wanneer hulle gebede verhoor word, deur die Woord, en deur ander se bemoediging.

'n Paar voorbeelde kan uitgelig word waar die konsep *ervaring* ter sprake kom:

- Die mens *ervaar* 'n gebeurtenis, pyn en lyding, of blydskap.

[28] Daar word skuilname vir al die medenavorsers gebruik (sien Bylae A).

- Die mens ervaar die liefde-gevoel.
- Deur *ervaring* leer ’n kind om nie dieselfde fout te maak nie, dieselfde geld vir volwassenes.
- *Ervaring* stel die mens in staat om tussen goed en kwaad te onderskei.
- Deur *ervaring* leer die gelowige vir God binne ’n persoonlike verhouding ken en liefhê.
- Wanneer die gelowige deur die Woord aangespreek word, ervaar hy/sy die werking van die Heilige Gees.
- Mense het ’n ervaring deur hulle onderskeie sintuie.
- Ervaring van gelykmatigheid kom ook voor.
- Ervaring van vooroordeel of haat kan soms sterk wees.

Vervolgens kom ’n gedeelte van die *somtotaal van verhale* van Medenavorsers aan die woord. Die res van die verhale, sal in die volgende hoofstukke, waar van toepassing, bespreek word. Die verhale wat vertel word, lok die Navorser en die leser nader en vra vir bespreking of denke daaroor. Die navorsing vir die huidige studie het geskied deur die riglyne en prosedures in ag te neem wat deur die Etiekkomitee van die Noordwes Universiteit gestel het.[29] Skuilname (pseudonimiteit) sal deurentyd van toepassing wees wanneer die verhale van Medenavorsers behandel word.

2.11 VERHALE OOR VERHOUDINGSKWALITEIT IN DIE HUWELIKS-VERHOUDING

2.11.1 Inleiding

Wanneer verhale oor die *huwelik en geluk* vertel word, belig hierdie verhale die verteller se teenswoordige gesindheid en gevoelens van geluksaligheid, dankbaarheid, welbehae, vreugde en blydskap, genoeglikheid, tevredenheid en liefde vir iemand spesiaal. Die verhale getuig onderliggend van daardie persone se respek, verering, eerbied en agting vir die huweliksmaat. Die aangehaalde en oorvertelde verhale van Medenavorsers wat direk hierna volg, bied ’n paar fokuspunte wat bogenoemde voorbeelde uitlig rakende ’n

[29] Etiek no.: NWU-00209-16-A6.

spesifieke gesindheid in die huweliksverhouding. Die verhale vertel van die positiewe ervarings oor verhoudingskwaliteit in die huweliksverhouding, maar ook van negatiewe ervarings.

Tydens navorsing en verhaling[30] het die Medenavorsers voorkeur gegee aan die goeie ervarings in die huweliksverhouding terwyl hulle die minder goeie ervarings soms verswyg het of dit eenkant toe geskuif het. Na die Navorser se mening, is die moontlike redes vir hierdie tendens: die huweliksmaat wil lojaal teenoor die ander wees; die navorsingsvrae sny te persoonlik; die persoon wil nie blatant eerlik oor die negatiewe ervarings in die huweliksverhouding wees nie; die persoon wil nie die eie of die wederhelfte se swakhede onderstreep of oorvertel nie; die persoon wil nie weer *deur die verhaling* die negatiewe ervaring "besoek" nie; die persoon maak nie maklik oop teenoor 'n vreemdeling (Navorser) nie; dit is die persoon se neiging om op die goeie te fokus eerder as die negatiewe ervarings in die huweliksverhouding; die persoon wil nie te diep in die waarheid indring nie; die persoon wou nie die waarheid erken of belig nie. Medenavorsers het soms vrae wat 'n beskrywende antwoord geverg het, kripties of met 'n *ja* of *nee* geantwoord.

Die verhale belig die Aksieveld ("Action" – A), Agtergrond – ("Background" – B) en die Verhaalontwikkeling ("Development" – D) van die narratiewe navorsingsmodel (vgl. 2.4) wat met hierdie werk gebruik word.

2.11.2 'n Tweede gelukkige huwelik

"Ek is so bly oor hom, ek wil weer en weer en weer met hom trou!" aldus **Petra** (Bylae A– A1), een van die Medenavorsers. Sy en haar man, **Jerry,** (Bylae A–A2) is 20 jaar lank getroud en dit is vir albei 'n tweede huwelik. Hulle is aan mekaar verknog, volgens haar. Albei is Christene en albei se vorige huwelik was uiteindelik 'n ongelukkige een. Petra was 15 jaar lank met haar eerste man, Gert, getroud.

[30] Vraelyste was hier van toepassing.

Vandag is die blydskap oor haar lewe en verbintenis met haar nuwe eggenoot voorop en put sy daagliks nuwe krag daaruit. En by wyse van herhaling in gesprekke, beaam sy dikwels met verskillende beskrywings haar blydskap oor haar lewensmaat. Haar woorde, wanneer sy gesels oor hom en hulle lewe saam, druk duidelik haar liefde vir hom uit. Die kwaliteit van hulle huweliksverhouding word gekenmerk deur die volgende eienskappe: ’n liefdesverhouding; lojaliteit; wedersydse respek; openhartigheid; vriendskap; geborgenheid; versorging; ’n gemeenskaplike liefde vir God en sy Woord, en sy meld spesifiek: “’n gesonde seksuele verhouding.”

Volgens haar, is wedersydse respek (Bylae B-7) beslis deel van hulle verhouding. Sy druk dit só uit: “Na my mening kan geen langtermynverhouding (lees huwelik) daarsonder staande bly nie.” Op die vraag of die huwelik aan haar verwagting voldoen (Bylae B-3), antwoord sy *ja.* Volgens haar bring die huweliksverhouding ’n geborgenheid mee wat ontstaan deur wedersydse respek en opregte liefde. Haar man antwoord op dieselfde vraag, “Ja, vreugde en swaarkry word sáám deurgemaak.” Die kenmerke wat hy graag in ’n goeie huweliksverhouding (Bylae B-12) wil sien, is in sy eie woorde: “Regtige, regtige liefde en regtige, regtige eerlikheid.” Wanneer gevra word na wat Petra se liefde vir hom beteken (Bylae B-14), antwoord hy: “Dit is soos om baie veilig te voel in die wêreld daarbuite.” Vir Petra beteken Jerry se liefde: “Alles en nog meer. Dit is ‘soos bloed’.” (Sy verwys hier na die liedjie van Theuns Jordaan – *Soos bloed*).

Op die vraag of hulle al aan skei gedink het (Bylae B-11), antwoord albei dadelik *nee.* Wedersydse openhartigheid (Bylae B-8) is ook ’n bestanddeel van hulle huweliksverhouding. Petra stel dit so: “Al is dit soms pynlik om openhartig te wees, is dit ook ‘gesond’. Dit help jou om eerlik na jouself te kyk.” Wedersydse openhartigheid behoort heelwat verder as laasgenoemde stelling te strek. Openhartigheid, eerlikheid, eerbaarheid, vertrouens-waardigheid, betroubaarheid, geloofwaardigheid, in waarheid leef, en gewetensplig is woorde wat in dieselfde asem genoem kan word. Lojaliteit (Bylae B-9) teenoor mekaar, is ook belangrik vir Petra.

Lojaliteit hang nóú saam met getrouheid. Die volgende voorbeelde van die konsep lojaliteit kan opgenoem word: die Here verwag lojaliteit van sy kinders teenoor Hom

(Ps. 119:127-128; 2 Kor. 2:14); wedersydse lojaliteit in ’n vriendskap is belangrik; lojaliteit as ’n gesindheid teenoor die eie kerkverband, aan familiewaardes; en wedersydse lojaliteit in huweliks- en gesinsverband is noodsaaklik. Met die gesindheid *lojaliteit* word die liefdesgebod teenoor ’n ander persoon uitgeleef.

Telkens keer Petra en Jerry – sonder om só daaraan te dink – terug na die (verkondigde) waardes en waarhede van die Christelike geloof in hulle nadenke oor wat vir hulle belangrik is in hulle huweliksverhouding. Die volgende teksgedeeltes is Bybelse aanwysings vir ’n verhoudingslewe met ander, in hierdie geval die huweliksmaat: Lukas 16:10ab; Johannes 17:17; Johannes 20:26-29; 1 Korintiërs 13:1-13; 2 Korintiërs 1:12; Kolossense 3:12; 1 Johannes 3:18-21 (Bybel 1983).

Die wedersydse vreugde en blydskap in die huweliksverhouding is standhoudend vir die egpaar ter sprake. Die rede is dat daar voortdurend en met normaliteit op die basis van ’n goeie huweliksverhouding gebou word. Die verhoudingsbou geskied op ’n sinvolle en Bybelsgegronde wyse. Die huweliksbedding word, met ander woorde bemes en natgelei deur goeie (die regte) gesindhede, motivering, intensies en dade, en bring sodoende ’n goeie oes voort. Omdat albei in die eerste huwelik ’n ongelukkige ervaring ervaar het, waardeer hulle die huidige ervaring van huweliksgeluk soveel meer. Hulle ken, met ander woorde, die teenkant van geluk en blydskap, en hou nie van ’n ruimte daarsonder nie. Daarom het die ervaring van geluk en blydskap in die tweede huwelik vir hulle grootliks in waarde toegeneem.

’n Gelukkige huweliksverhouding laat die mens in ’n genoeglike ruimte rondbeweeg, en toenemend as vervulde en gelukkige mens optree.

2.11.3 Die lewe is ’n blomtuin

’n Volgende verhaal oor *blydskap* in die huwelik, is dié van **Linda** (Bylae A–A3). Sy en **Johan** is 30 jaar lank getroud en het drie seuns. Albei is Christene. Sy is die enigste een wat aan die navorsing deelgeneem het. Op die vraag: “Wat beteken jou eggenoot se liefde vir jou?” (Bylae B-14) antwoord sy: “Dit maak my lewe ’n blomtuin waarin ek wil woon.” Hoewel hulle huwelik oor die jare verskeie uitdagings moes trotseer, is

Linda steeds opgewonde oor hulle huwelik. Sy verwys telkens na "my Liefling", bedoelende haar man, Johan. Hieruit kan afgelei word wat haar woorde oor die verhoudingskwaliteit in hul huwelik uitdruk. Haar man se liefde vir haar maak haar lewe 'n aangename ruimte om in te wees. Linda gebruik haar liefde vir die natuur en 'n mooi tuin as metafoor om te verduidelik wat dit vir haar beteken dat haar man haar liefhet.

Op die vraag watter kenmerke Linda in hulle huwelik sal wil sien (Bylae B-12), is haar antwoord: "Jou maat is nie jou man (besitting) nie. Behandel hom as jou 'boyfriend' – dis eienaardig dat hierdie klemverskuiwing 'n groot[31] verandering maak." Die eienskappe wat sy die meeste van haar lewensmaat waardeer is sy deernis, integriteit, teerheid, teregwysing en opregtheid. Wedersydse respek (Bylae B-7) is, volgens haar, deel van hulle verhouding: "Elkeen is 'n individu – 'n persoon in eie reg en respek is baie belangrik – niemand wil afgekraak of verneder in eie tuiste voel nie."

Wanneer haar denkwyse oor vergifnis en die daaropvolgende dade om vergifnis in werking te stel (Bylae B-37), ter sprake kom, stel sy dit soos volg: "Ek herinner my dat my eggenoot – my geliefde 'n skenk uit die Here se hand is en wanneer ek langs hom lê sê ek net dankie vir die lewe en die band wat ons saambind." Vergifnis is ook 'n kernaspek van die liefdesgebod wat uitgeleef word.

2.11.4 'n Standhoudende verhouding

Marna (Bylae A-A4) en **George** (Bylae A-A5) is tans 39 jaar lank getroud. Hulle het twee volwasse kinders, onderskeidelik 38 en 36 jaar oud. Marna is 60 jaar en George, 62 jaar oud. Wat is vir Marna en George die kenmerke (Bylae B-12) wat hulle graag in 'n goeie huweliksverhouding sal wil sien? Vir Marna is dit liefde vir mekaar, respek en getrouheid. Vir George is dit liefde, "leef en laat leef", asook dieselfde kerkverband. Vir George is die belangrikse bestanddeel in die huweliksverhouding lojaliteit. Hy lê ook baie klem op respek: "Wedersydse menswaardigheid behoort nie aangetas te word nie." Wanneer albei gevra word watter eienskap hulle van mekaar die meeste waardeer

[31] Linda (skuilnaam) het die woord *groot* onderstreep.

(Bylae B-13), antwoord Marna: “Sy liefde vir my.” George antwoord op dieselfde vraag: “Wat jy sien is wat jy kry.”

Wanneer daar verskille en konflik in die huweliksverhouding is (Bylae B-26), bespreek hulle die probleem en los dit so gou moontlik op (“dadelik” volgens Marna). Verskille tussen hulle ontaard nooit in verwyte, kritiek en beskuldigings nie (Bylae B-28) – volgens albei. Marna is die een wat ná konflik eerste toenadering soek (Bylae B-30). Albei beaam dat hulle nooit lank vir mekaar kwaad bly nie en nooit kwaad vir mekaar gaan slaap nie (Bylae B-31). Laasgenoemde is ook ’n aanwysing in die Woord (Ef. 4:26). Op die vraag: “Onthou jy die dade/woorde van jou eggenoot, toe hy/sy jou seergemaak het?” (Bylae B-34), én “Wanneer jy daaraan terugdink, voel jy weer seergemaak deur die gebeure?” (Bylae B-34), antwoord George dat hy nie oor dinge tob nie, en Marna se antwoord is *nee.*

Die egpaar is toegewyde Gereformeerde kerkgangers met elkeen ’n persoonlike belydenis rakende Jesus Christus as Verlosser.

2.11.5 Liewer vir mekaar, as vir die lewe

Marinda (Bylae A-A6) en **Dave** is 32 jaar lank getroud. Volgens Marinda het die Here en die Christelike geloof deur die jare ’n groot rol in hulle lewe gespeel. Op die vraag: “Wat beteken jou eggenoot se liefde vir jou?” (Bylae B-14) antwoord Marinda: “Ek dink ek is liewer vir hom as vir die lewe self! As hy iets moet oorkom ...! Die Here moet my liewers eerste wegvat. Ek wil nie alleen agterbly nie.” Marinda vertel ’n verhaal oor haar gevoelens vir Dave. Haar verhaal klink bekend, omdat heelwat vrouens en mans presies dieselfde verhaal vertel. Liefde vir mekaar maak dat mense aan mekaar verknog raak. Hulle wil saam wees, dinge saam doen, saam slaap, saam eet en saam kuier. En hieruit groei ’n kenmerkende mede-afhanklikheid.

In elke huweliksverhouding word die egpaar in mindere of meerdere mate mede-afhanklik van mekaar. Dieselfde geld vir Marinda en Dave. Voor die huwelik was elkeen ’n onafhanklike, selfstandige mens in eie reg. Elke persoon het self oor sy/haar lewenspad besluit en self verantwoordelikheid vir die eie doen en late geneem. In die

huweliksverhouding verander die dinamiek vir elkeen: twee onafhanklike mense se belange, doelwitte, toekomsverwagting en sin vir oorlewing word bymekaar gebring. Die beeld wat dit uitdruk: hulle stap sáám op die lewenspad.

Huweliksmaats is ook mede-afhanklik vir wedersydse versorging van mekaar, gesamentlike besluitneming en sáám lewenskeuses maak, soos oor die getal kinders wat hulle beplan. Die feit dat hulle met die aanvang van die huwelik saam op weg is, veronderstel gedeelde verantwoordelikheid vir hulle gesamentlike optredes. Hierdie mede-afhanklikheid kan soms lei tot 'n ongesonde afhanklikheid van een jeens die ander. Die veronderstelde gedeelde verantwoordelikheid vir hulle lewe kan maklik gekenmerk word deur een of albei wat sekere verantwoordelikhede verontagsaam. Dit kan verantwoordelikhede insluit soos die versorging van kinders, die behartiging van die huishouding en verantwoordelike finansiële besluitneming en -bestuur. Die gedeelde verantwoordelikheid kom ook in die gedrang wanneer een van die egpaar op sy/haar eie onverantwoordelike besluite neem wat beide se lewe in gevaar kan stel.

2.11.6 Die huwelik as instelling in moeilike omstandighede

Welma (Bylae A-A7) en **Pieter** is 33 jaar lank getroud. Hulle het vier kinders met ouderdomme wat wissel tussen 22 en 32 jaar. Op die mondelingse vraag: "Hoe belangrik is die huwelik vir jou?" antwoord Welma soos volg: "Die huwelik is baie belangrik vir my. Jy weet, ons is al 33 jaar getroud. Maar, ek moet sê, indien my man 'n alkoholis was, of my met iemand anders verneuk – sal ek níé by hom bly nie. Ek sal vir my eie geestelike welsyn intree en hom los. In daardie opsig is die huwelik nie vir my als nie." Dit is onomwonde duidelik wat Welma deur haar verhaal aandui: sy sal aanbeweeg met haar lewe indien sulke moeilike omstandighede op haar pad kom.

Daarteenoor is daar vele mense wat ten spyte van moeilike/treurige omstandighede, getroud bly, met die motivering: "Ek het belowe, tot die dood ons skei." Die instelling van die huwelik word in hierdie geval belangriker as moeilike omstandighede beskou. Die vraag is, wat die Bybelse boodskap weergee oor God se siening aangaande bogenoemde sake en die huwelik in besonder. Die Christelike huwelik is immers meer as net 'n verbintenis tussen twee mense.

2.11.7 Die huwelikslewe word ’n las – en die lewe ook

Vervolgens word ’n verhaal van ’n beradingsvoorbeeld 1[32] (Bylae A-A8) gehanteer. Die 29-jarige man is in die proses om van sy tweede vrou te skei. Hulle het probeer om die huwelik te red, maar volgens hom stel sy vrou nie meer in hom belang nie. Aanvanklik was hulle gelukkig, maar – volgens hom – het sy vrou ’n emosionele verhouding met ’n kollega by haar werk gehad. Die daaropvolgende ervaring in die huweliksverhouding was wantroue, jaloesie, argumentering, verwydering en ongelukkigheid. Uiteindelik het geweld gevolg, waar die man sy hande vir sy vrou gelig het. Hierdie huweliksonmin het soms voor hulle kinders afgespeel.

Volgens die narratiewe benadering is daar ’n samewerking tussen probleme in ’n probleem-situasie. Een probleem stig en rig ’n nuwe probleem, of een probleem bou ’n brug na ’n ander een toe. Die een probleem help ’n ander een om sterker te word, of een probleem het ’n reeks ander probleme tot gevolg. Met ander woorde, probleme help mekaar om sterker in ’n persoon se lewe te word. Die hoofdoel hiervan is op vernietiging gerig. ’n Treffende voorbeeld is die probleem leuens en wat dit in die mens se lewe tot gevolg het. Ontrouheid van een persoon in die huweliksverhouding kan wantroue, woede, onsekerheid, verwydering en jaloesie by die ander persoon tot gevolg hê. Die ouers se argumentering in die teenwoordigheid van hulle kinders kan daartoe lei dat die kinders onsekerheid, depressie en ongelukkigheid ervaar. Te dikwels sukkel *gelowiges* met die sondige dade van ander mense, asook met hulle eie sondige dade. ’n Wegkeer van die sonde, en ’n beslissende terugdraai na God is dan nodig, sodat mense beter kan leef.

Die Christelike huweliksverhouding se grondbasis is gebou op verskillende veronderstelde elemente: wedersydse lojaliteit, respek, getrouheid, vertroue asook ’n vorm van samewerkende vennootskap/ooreenkoms. Vir ’n Christelike huweliksooreenkoms is dit noodsaaklik dat die terme vasgestel behoort te word volgens die bepalings van die Een wie se idee die huwelik in die eerste plek was. Hierdie

[32] Beradingsvoorbeeld 1, van 3 voorbeelde altesaam (verwys na Bylae A).

bepalings wys heen na die doel van die huwelik, onder meer tot opbou van die twee persone wat beide tot die huweliksooreenkoms verbind is.

2.11.8 Pornografie as indringer in die Christelike huweliksverhouding

Die volgende verhaal kom ook van ’n beradingsgeval[33] (Bylae A-A9). ’n Dertigjarige man is vier jaar lank getroud. Hy is as tiener bekendgestel aan pornografiese tydskrifte en sukkel steeds om die probleem agter te laat. Pornografie het sy gedagtes destyds en tot vandag toe in ’n mindere of meerdere mate oorheers. Hy kon dit nie regkry om van pornografie weg te stap nie, ten spyte van verskeie pogings om finaal daarmee te breek. Op ’n vraag hoe pornografie hom tans beïnvloed, antwoord hy dat hy steeds soms ’n swak tyd beleef en dan weer na pornografie kyk. Dit dra daartoe by dat hy volgens hom soos ’n mislukking voel. Hy vertel dat hy as gevolg van die probleem met Pornografie[34] “flashbacks” kry wanneer hy seksueel met sy vrou verkeer, en hy hou niks daarvan nie. Vir hom is dit veronderstel om sy en sy vrou se spesiale tyd te wees, maar hy moet teen verkeerde gedagtes stry. Daarby ly hy ook aan skuldgevoelens.

Volgens die narratiewe benadering staan die mens in ’n verhouding met die probleem in sy/haar lewe. Die individu dink, voel en doen soos die probleem voorskryf. Met ander woorde, te midde van ’n soort dwang beveel en vereis die probleem dat die persoon (bv. Pornografie-verslaafde) hom/haar onderwerp aan die grondbeginsels van die probleem. Gevolglik is dit belangrik dat die gelowige se *eie optrede* teenoor die probleem onder meer verander. Toegepas op die probleem Pornografie[35] beteken dit dat die gelowige nie meer moet dink, voel en doen soos Pornografie van hom/haar eis nie. Verandering sluit in hierdie geval in: (1) skuldbelydenis/-vergifnis van sonde; (2) ’n gebed om verlossing; en (3) die bekering en bekeringsdade van die gelowige. Met al drie hierdie handelinge word die gelowige se verbintenis met God onderstreep. Bekering beteken om die rug op die Sonde[36] te draai en jouself na God toe te keer (Rom. 6:12-14). Onder God se heerskappy word anders (nuut) gedink, gedoen en geleef. Die Woord is duidelik

[33] Beradingsvoorbeeld 2 .
[34] Personifikasie volgens die narratiewe benadering.
[35] Personifikasie.
[36] Personifikasie.

daaroor. Sonde, hier as pornografie, het die mens oorweldig, en die gelowige het God nodig as Verlosser en Hulp om uit die kringloop van hierdie sonde te breek.

Ná die verhale oor verhoudingskwaliteit in huweliksverhoudings, verskuif die fokus in die volgende afdeling na gesinsverhoudings.

2.12 VERHALE OOR VERHOUDINGSKWALITEIT IN GESINSVERHOUDINGS

2.12.1 Inleiding

Die huweliksverhouding spoel oor na die gesinsverhoudings. Met ander woorde, die huweliksverhouding (en omstandighede) het ’n spesifieke uitwerking op die gesinsverhoudings. Hier onder volg ’n paar verhale wat hierdie punt bevestig.

2.12.2 Teenstrydige herinnerings uit die kinderdae

Die vraag is gestel aan die agt-en-dertigjarige **Amanda** (Bylae A-A10): “Sou jy graag ’n huwelik soos jou ouers se huwelik wou gehad het?” (Bylae B-42). Volgens Amanda kan sy *ja* en *nee* op die vraag antwoord. Somtyds was daar goeie tye, soos wanneer die huisgesin lekker etes saam geniet het, volgens haar. Ander kere weer was daar argumente tussen haar ouers wat haar as kind ontstel het. Sy het gesê:

> Wat ek wel onthou was die argumente wat my ouers gehad het. Ek is gewoonlik kamer toe gestuur terwyl harde woorde tussen hulle geval het. Een keer moes ek die foto’s wat tydens ’n argument rond gegooi is, op die vloer optel en weer terugsit in ’n boks. Ek onthou hoe dit my as kind laat voel het. Ek het die hele tyd, totdat hulle vrede gemaak het, nie lekker gevoel nie. As ek nou daaraan terugdink, was dit nogal ’n ‘big deal’ vir my. Ek was in Std. 7 toe ek iewers gehoor het my Ma praat van egskeiding. Ek onthou ek het na die hek buite geloop en gedink, dan moet een van hulle eerder dood wees. Eerder dood as skei. In my kindergemoed was die gedagte aan egskeiding so erg vir my.

Ouers verteenwoordig in vele opsigte ’n kind se geborgenheid en sekerheid. Indien die ouers se lewe bedreig word, word die sekuriteit in die kind/kinders se lewe ook bedreig. Kinders “hou aan ouers vas”. Daarom, indien die ouer dreig om te “sink”, is die vraag:

waaraan moet die kind dan vashou? Die lewe vorentoe kan in só ’n geval vir kinders na een groot bedreiging van onsekerheid lyk sodat hulle diep vrees ervaar.

2.12.3 Spontaniteit en rolverdeling in die huwelik

Op die vraag: “Hoe sal jy jou ouers se huwelik beskryf? (Bylae B-41), antwoord **Linda** (Bylae A-A3):

> Baie goeie ouers – hulle was 41 jaar getroud voor my Pappie oorlede is – maar hulle het nie noodwendig mekaar se wêrelde verstaan nie.

Dit is ’n insiggewende stelling. Die moontlikheid is daar dat dit die verhouding negatief kan beïnvloed indien huweliksmaats nie mekaar se wêrelde verstaan nie, maar dit hoef nie noodwendig so te werk nie. Om nie te verstaan nie, beteken nie noodwendig om teen te staan, nie te aanvaar, of nie te ondersteun nie. Wanneer sy gevra word of sy graag ’n huwelik soos haar ouers s’n wil hê (Bylae B-42), is dit antwoord: “Ek is dankbaar ons s’n verskil, want daar is baie meer spontaniteit en rolverdeling as vroeër jare. Hulle het vir my ’n goeie voorbeeld gestel maar ek dink my en my man sin is baie meer heg.”

Een duidelike klemverskuiwing het in die hedendaagse huweliksverhouding plaasgevind wanneer ’n mens dit met dié van ’n vorige geslag vergelyk. Dit is die verandering wat gelyke regte in rolverdeling betref met die versorging van kinders, kosvoorbereiding, opvoeding, huislike pligte en finansiële inkomste.

2.12.4 Onaanvaarbare element in ouers se huweliksverhouding

Petra (Bylae A-A1) beantwoord die vraag oor hoe sy haar ouers se huwelik sal beskryf (Bylae B-41) soos volg: “Deur baie storms het hulle staande gebly en rustige ‘laaste jare’ in ’n liefdevolle verhouding uitgeleef.” **Jerry** (Bylae A-A2), haar man, antwoord op dieselfde vraag dat sy ouers ’n model-huwelik het. Volgens hom is hulle ’n goeie voorbeeld vir ander in hulle huweliksverhouding. Hy sal ook graag so ’n verhouding wou gehad het, en bevestig dan: “Maar my huwelik ís net so!” Op die vraag of Petra

graag ’n huwelik soos haar ouers sou wou hê (Bylae B-42), is haar antwoord negatief: “Daar was ’n element in hulle verhouding wat glad nie vir my sou werk nie.” Die element waarna sy verwys, is ’n verhouding wat haar ma jare gelede met ’n huisvriend gehad het.

Sy (Petra) vertel dat sy haar ma lank oor hierdie saak verkwalik het. By hierdie element in ’n huweliksverhouding kan sy nie aansluiting vind nie. Dit is teen haar beginsels dat ’n derde party in ’n huweliksverhouding ingebring word. Indien haar man nie meer vir haar lief is nie, moet hy so sê. Maar onder geen omstandighede mag hy (of sy self) ’n derde persoon in hulle huweliksverhouding inbring nie.

2.12.5 ’n Huwelikslewe gevul met ambivalente boodskappe oor lojaliteit

Amanda (Bylae A-A10) vertel die volgende verhaal oor hoe sy haar ouers se verhouding ervaar het toe sy ’n kind was. Hoewel die grootste gedeelte van haar kinderlewe deur goeie ervarings gekenmerk is, het die huislike omstandighede vanaf haar standerd 6-jaar selselmatig begin verander, volgens haar. Sy verduidelik hoe haar pa streng was en haar ma ’n sagte tipe mens. Die gesin was gereelde kerkgangers (Gereformeerde kerk). Volgens Amanda het haar ma haar pa by tye agteraf met haar vriendin bespreek. Sy onthou wanneer sy tydens hulle gesprekke by die vertrek ingekom het, is sy uitgestuur omdat sy nie moes hoor wat hulle sê nie. Daarom het sy ook nie van haar ma se vriendin gehou nie. Hierdie besoeke het gereeld plaasgevind. Amanda onthou ook hoe haar ma, sonder haar pa se medewete, toegelaat het dat sy na ’n huispartytjie saam met ’n hoërskoolseun gaan. Sy moes net betyds en vroeg tuis wees, voordat haar pa om 11 uur van sy werkskof af terugkeer. Amanda bevestig hoewel sy bly was om na die partytjie te kon gaan, het dit haar tog gepla dat sy dit vir haar pa moes wegsteek. Sy vertel ook dat die seun, wat saam met haar huis toe geloop het, steeds by hulle huis was toe haar Pa ná werk tuis gekom het. Die res van die gesin het dus voorgegee dat die seun haar broer se vriend is.

Die vraag wat uit die narratiewe metode vloei: watter bedekte boodskappe ontvang ’n kind wat begin agterkom die een ouer is dislojaal en agteraf teenoor die ander ouer? Of selfs erger: die een ouer bespreek op ’n dislojale manier die ander ouer met eie kind.

Sulke gemengde boodskappe kan ’n huwelik, ouers en uiteindelik ’n gesin verdeel. In hierdie geval het die volgende elemente deel van die huishouding geword: ongelukkigheid, wegsteek, verwydering, voorgee, terughoudendheid, onsekerheid, onvergewensgesind, leuens en liefdeloosheid. Huweliksmaats het hier toegelaat dat daar verwydering tussen hulle ontstaan weens onverwerkte gevoelens, onbuigsaamheid, selfsugtigheid, hardkoppigheid, aggressie en sondige optrede in die algemeen. Die probleme wat die egpaar met mekaar ervaar, word nie met wedersydse kommunikasie en in liefde met mekaar uitgeklaar nie. *Reg doen voor God* word in sommige gevalle opsygeskuif. Eensydige aggressie kan byvoorbeeld die plek van ’n respek- en liefdevolle verhouding ingeneem. ’n Vriendin word die klankbord vir die probleme wat die twee huweliksmaats ervaar. En dit gebeur terwyl die man onbewus daarvan is dat hy indringend met iemand buite die huwelik bespreek word.

2.12.6 Die herhaling van onverkwiklike gedragspatrone in die huweliks- en gesinslewe

Medenavorser **Amanda** (Bylae A-A10) vertel van die volgende insident in haar kinderlewe. Op 12 jarige ouderdom het sy haar ouers by familie gaan kuier. By hierdie geleentheid het haar pa en sy broer alkoholiese drank gedrink en gekuier. Met die terugkeer na hulle huis was daar ’n hewige woordewisseling tussen haar ouers in die motor. Volgens Amanda het haar ouers nie daaraan gedink dat sy ook in die motor is nie. Ná verloop van tyd is die kuier herhaal, met dieselfde gevolge. Amanda bevestig dat sy naderhand nie meer by die familie wou gaan kuier nie.

Uit hierdie vertelling word dit duidelik: wanneer ongelukkigheid by een van die egpaar na vore tree, behoort die ander een daarop ag te slaan. Ongelukkigheid behoort op ’n volwasse manier gehanteer te word, want indien dit nie geskied nie, kan dit langdurige verwydering tussen die egpaar meebring. Ongelukkigheid[37] wil gehoor, verstaan en opgelos word. Wanneer konflik tussen die egpaar met hewige woordewisseling gepaardgaan en hulle dit self as erg negatief ervaar, is die vraag: hoe beleef die kinders, indien hulle teenwoordig is, dieselfde gebeure? Al wat kinders met die woordewisseling

[37] Personifikasie.

hoor is pa en ma wat mekaar sleg-sê. Die verdere vraag is: op watter manier kan kinders die gebeure/woorde interpreteer en tot ’n goeie slotsom kom? Binne hulle kinderlike verstaansraamwerk blyk dit onmoontlik te wees. Die uiteinde is dikwels verwarrende denke oor die gebeure wat voor hulle afgespeel het. Cummings *et al.* (2002:85) skryf oor die moontlike gevolge vir kinders wanneer konflik op ’n destruktiewe wyse deur die egpaar hanteer word:

> Problems in the marriage predict problems in the children. Marital conflict predicts children’s externalizing (e.g., aggression and conduct problems) and internalizing (e.g., anxiety and depression) disorders.

Hierin lê ouers se groot verantwoordelikheid teenoor hulle kinders, om die milieu te skep waarin kinders geborge en veilig kan voel en groot kan word.

2.13 INTERPRETASIES VAN ERVARINGS

Volgens die narratiewe benadering tot navorsing, stel die Navorser nie net belang in die beskrywing van ervarings (deur verhaling) nie, maar ook in Medenavorsers se interpretasie van hulle ervarings. Tydens navorsing word daar nie net op data (feite en gegewens) gefokus nie, maar ook op die betekenis wat Medenavorsers aan hulle ervarings koppel. Die bogenoemde punte in hoofstuk 2 het aangedui hoe ingewikkeld die mens en menslike leefwêreld is en kan wees. In hierdie leefwêreld, met uiteenlopende invloede en insprake, vorm die gelowige sy/haar interpretasie van ervarings.

Soos ’n goue draad, word die Christelike geloof deur die verhale en interpretasies van die aangehaalde Medenavorsers geweef. Hierdie tendens word verder uitgelig in die volgende hoofstukke, waar geloof ter sprake kom. Die Christelike huwelik word ook in die verhaling met God in verband gebring. Waar die verbondsverhouding ter sprake kom, word Medenavorsers se verstaan van die doop belig. Wat volgens Bybelse standaarde reg is, word bewustelik/onbewustelik deur individue as die regte optrede geïnterpreteer. Hier word gedink aan wedersydse respek, getrouheid, en om in waarheid teenoor mekaar te leef. Pornografie word byvoorbeeld geïnterpreteer as ’n handelswyse/optrede wat lynreg teen God se bedoeling vir die mens ingaan.

Medenavorsers interpreteer hulle ervaring van die huweliksverhouding meestal in die lig van die Christelike godsdiens, maar soms raak hulle so verstrengel in die oorlewingstryd vir die voortbestaan van hulle huwelik, dat die regte optrede teenoor mekaar sekondêr word (soos by Beradingsvoorbeeld 1[38], waar die man sy hande vir sy vrou gelig het).

In hoofstuk 3 word uit verskillende perspektiewe na die tema *Tradisie van interpretasie* gekyk. Tradisie as instelling word van naderby beskou asook die manier waarop die tradisie, interpretasies kan beïnvloed, rig en vorm. Die tradisie van interpretasie oor die aard van die verbondsverhouding met God word ook belig en daarmee saam die gevolge wat dit vir inter-menslike verhoudings inhou. Hierdie uiteensetting geskied, waar toepaslik, deur die metodiek van verhaling.

[38] 2.11.7

HOOFSTUK 3

ERVARINGS IN DIE CHRISTELIKE HUWELIKS- EN GESINSVERHOUDINGS EN HOE DIT BEïNVLOED WORD DEUR DIE TRADISIE VAN INTERPRETASIE OOR DIE AARD VAN DIE VERBONDSVERHOUDING MET GOD

3.1 NAVORSINGSVRAAG

> *Hoe beïnvloed die tradisies van interpretasie oor die aard van die verbondsverhouding met God en die implikasie daarvan vir tussenmenslike verhoudings, die ervarings in die Christelike huweliks- en gesinsverhoudings?*

Die bogenoemde navorsingsvraag loop op die volgende navorsingsdoelwit uit: stel ondersoek in na die manier waarop interpretasietradisies oor die aard van die verbondsverhouding met God en die implikasie daarvan vir tussenmenslike verhoudings, die ervarings in die Christelike huweliks- en gesinsverhoudings beïnvloed, en dokumenteer die bevindings hieroor.

Hoofstuk 3 behandel verskeie onderliggende temas wat met die oorhoofse tema verband hou. Ná die Inleiding (3.2) volg ’n bespreking van die Tradisie van interpretasie (3.3) en wat dit behels. Daarna word Tradisie (3.3.1) uit verskillende invalshoeke bespreek. In die gedeeltes wat volg, word die vorming van foutiewe interpretasies bespreek (3.4 e.v.). Verskillende fokuspunte wat met die Christelike geloof verband hou, word ook gestel (3.4.1.1(5, 6)). Daarna word die narratiewe navorsing met die tradisie van interpretasie in verband gebring (3.5). Laastens word die verhaling binne die tradisie van interpretasie uiteengesit en bespreek (3.5.4). Alle Bybelse aanhalings word gedoen uit die NAV/1983, tensy anders vermeld.

3.2 INLEIDING

Geloofsgemeenskappe vorm deur die jare spesifieke diskoerse en tradisies waarop persepsies, geloofsverstaan en handelinge gebaseer word. Volgens Markus 7:1-23 se vertelling kom Jesus te staan voor die tradisiebepalings van die Joodse mense van sy tyd – en Hy staan hulle teë. Die instelling "tradisie" kom in die fokus van hierdie verhaal. In hoofstuk 3 van die studie word die tema "tradisie" uit verskillende perspektiewe verken. Die geloofsverstaan van Medenavorsers oor wat die *verbondsverhouding* met God behels, het oor 'n tydperk en selfs geslagte heen ontwikkel. Hierdie verstaan word in en deur die Medenavorsers se verhaling na die oppervlak gebring. Sodanige verstaan kan in sommige gevalle beskryf word as elementêr, met ander woorde, met beperkte kennis. In ander gevalle is daar 'n in-diepte-verstaan van hierdie verbondsverhouding.

Dit is die Navorser se mening – en hierdie hoofstuk beredeneer dit – dat 'n in-diepte-verstaan van die vereistes vir 'n verbondsverhouding met God tot 'n groter erns teenoor en toewyding aan God sal lei. Gelowiges sal deeglik besef met Wie hulle te doen het asook wat elkeen se eie verband tot God behels. Laasgenoemde stelling kan beoordeel word teen die agtergrond van die gedeeltes in hoofstuk 6 (6.2.2 e.v.), wat handel oor die verskillende fasette van die verbond.

'n Verbondsverhouding met God is in 'n mate te vergelyk met 'n verhouding tussen twee vriende. Só 'n verbintenis behels 'n wederkerige verhouding van betrokkenheid, samesyn en deelname in die menswees van mekaar. Binne hierdie ruimte kan oor gemeenskaplike sake gesels word, waar 'n saambindende faktor aansluiting by mekaar is. Daar is wel 'n ingrypende verskil tussen 'n *verbonds*verhouding en 'n verhouding tussen *mense*. In die geval van 'n verbond, geld die verhouding tussen God die Skepper en sy kind, en in laasgenoemde geval is dit 'n saamwees en saam deel tussen twee persone. Die verbondsverhouding behoort 'n lewenskragtige, dinamiese verbintenis te wees, omdat God deur sy Heilige Gees in die gelowige woon. Die verhouding tussen mense behoort, volgens Bybelse riglyne, een van opofferende naasteliefde te wees (Mark. 12:28-31; Luk. 10:27).

Volgens Heyns (1999:202) vertoon die verbond tussen God en mense allerlei ooreenstemmings, maar ook grondliggende verskille wanneer dit met ’n ooreenkoms tussen mense wat op die verbondsmodel geskoei is, vergelyk word. In die verbondsverhouding tussen God en mense is daar nie sprake van gelykwaardigheid nie. Daarby is God die Een wat deur sy inisiatief met die mens in ’n verbondsverhouding tree. Dit is ook God wat die verbond van inhoud voorsien (a.w.:202). “Hierdie *een*-sydigheid van die verbond word sy *monopleuriese* karakter genoem” (a.w.:202). Die verbond is egter ook *tweesydig* (die dupleuriese karakter) en het met die mens, as tweede party in die verbond, te maak.

Heyns (1999:202) verduidelik die dupleuriese karakter van die verbond verder:

> Nie alleen word die verbond met die mens, as die tweede party, opgerig nie, aan hom word ook sekere beloftes gemaak, en sekere verpligtinge opgedra. Daarom is die verbond *monopleuries* na sy oorsprong en *dupleuries* na sy bestemming. Die mens is in die verbondsverhouding nie passief nie, maar in die hoogste mate aktief. Hy moet Gods beloftes aanvaar en Gods bevele gehoorsaam. En tog kan die mens nooit ’n selfstandige en van God onafhanklike bydrae lewer tot die instandhouding van die verbondsverpligtinge nie. Ook om te kan doen wat die mens in die wederkerigheid van die verbond, verplig is om te doen, is die mens volledig van God afhanklik.

Die tradisie van interpretasie oor die *verbondsverhouding* met God kan tydens navorsing belangrike insig verskaf. Geloofsoortuigings wat as gevolg van oorgelewerde denke gevestig is, kan dui op ’n verkeerde verstaan van die aard van die verbondsverhouding met God, die Christelike huwelik asook die verbondsgesin. Die teendeel kan egter ook waar wees: geloofsoortuigings kan ook op die korrekte verstaan van hierdie verhoudingsaspekte dui en behoort dus deur die navorsing toegelig te word.

Die voorbeeld van ouers (van die verbond) as rolmodelle vir die optrede, woorde en gesindheid in ’n Christelike huweliksverhouding, kan die tradisie van interpretasie van hulle eie kinders voed (Deut. 6:6-9). In dieselfde sin kan ouers se verstaan van die *Christelike godsdiens* en wat daarmee gepaard gaan, bou aan hulle eie kinders se verstaan van die regte optrede en gesindheid. Wat kinders se gesindhede betref, stel Wilkinson (1997:128) dit dat navorsing onder junior hoër-leerlinge in Amerika gewys

het dat hulle gesindheid teenoor God nie afhang van oor hoeveel Bybelkennis hulle beskik nie, maar van die gelowige ingesteldheid wat hulle ouers uitleef.

Die regte verstaan en interpretasie van die Woord het verreikende gevolge vir die gelowige, omdat handeling voortvloei uit mense se denke, woorde en oortuigings. Mense doen (handel) omdat hulle gemotiveer word deur dinge wat hulle glo. Die vraag is: glo en verstaan mense dinge reg? Die *ware lewe in Christus* volgens God se aanwysings (selfs in die huweliks- en gesinsverhoudings) is net ’n handreik ver van die gelowige mens af. Dit word in die Woord gevind en word konkreet gemaak deur die handeling van gehoorsame gelowiges. ’n Korrekte verstaan van die Woord is hier nodig. Daarin begelei die Heilige Gees die gelowige wat in gehoorsaamheid – soos die dissipels destyds – die Woord hoor, glo en dit gaan doen. Dit beteken om in Jesus se voetspore te volg.

Eslinger (1995:27) verduidelik die Woord se belang in hierdie opsig:

> The trajectory of Scripture’s focus on the people of the covenant extends beyond the canon to embrace contemporary Christian communities that are then connected back to their biblical roots by a story-formed tradition and by life in communion with all the saints and their stories. They are also connected forward to a future in which all creation will be restored ...

In die huidige studie word – soos reeds behandel – gebruik gemaak van die narratiewe navorsingsmodel, ABDCE. Die model ondersoek die volgende aspekte: die Aksieveld (A), Agtergrond (B), Ontwikkeling (D), Klimaks (C) en Slot (E) van die navorsingsverhaal. Hierdie benadering tot narratiewe navorsing word aanbeveel deur Müller, van Deventer en Human, in ’n artikel: “Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach” (Müller *et al.* 2001:76-96). Die narratiewe navorsing in die huidige studie fokus vervolgens op die Aksieveld (A), die Agtergrondverhaal (B) en die Ontwikkelingsverhaal (D) van die model ABDCE (Müller *et al.* 2001:76-96) asook die tradisie van interpretasie. Die Medenavorsers se verhaling aangaande die tradisie van interpretasie oor *onder andere* die aard van die verbond, ’n persoonlike verhouding

met God, die huweliksverhouding en die verbondsgesin, word ook deur die aspekte A, B en D van die navorsingsverhaal toegelig.

- Die Aksieverhaal (A) vertel van die teenswoordige, die nou van die verhaal.
- Die Agtergrondverhaal (B) vertel die verledeverhaal (geskiedenis).
- Die Ontwikkelingsverhaal (D) belig die ontwikkeling van die verhaal. Dit kan o.a. insluit: dade, versugtinge, spanning, lewensverloop, omstandighede, en gesindhede.

Die verstaan van die tradisie van interpretasie word aangevul deur te luister na die literatuur oor die tema, kuns asook die kultuur van die dag (Müller 2005:84). Müller (2005:84) maak die volgende uitspraak oor die tradisie van interpretasie:

> There are specific discourses/traditions in certain communities and in faith-based organisations, which inform perceptions and behaviour. The researchers will have to identify these discourses and try and gain some understanding on how current behaviour is influenced by these discourses by listening to the co-researchers, but also by listening to the literature, the art, and the culture of a certain context. The informative theological traditions would also be listened to.

3.3 TRADISIE VAN INTERPRETASIE[39]

3.3.1 Tradisie

3.3.1.1 Tradisie as instelling

Die kernvraag hier is: wat word onder die term tradisie verstaan? Hierdie begrip word in verband gebring met gedagtestrukture en gedragspatrone wat van ’n vorige geslag na die volgende geslag oorgedra word, en deur laasgenoemde “as inherente deel van hulle eie geestelike besit, met ’n meer of minder normatiewe aanspraak, aanvaar word” (Heyns 2000:463). Tradisie is dus ’n band wat groepe mense oor tyd heen met die

[39] Die proefskrif is gegrond op die model van J.C. Müller (2005:82-86) soos gestel in sy artikel “A Postfoundationalis, HIV-positive Practical Theology”. *Practical Theology in South Africa.* 20(2), 72-88.

geslagte in die verlede sowel as met die toekomstige geslag verbind. Dit verbind mense, selfs oor individualiteit heen (a.w.:463 e.v.).

Livermore (2009:81; Kraft 2001:44-45) vergelyk die konsep kultuur (tradisie)[40] met die metafoor van ’n ysberg. Dit is bekend dat 90% van die ysberg onder water lê, met die oorblywende 10% bo die oppervlak. Die 10% van die ysberg wat uitsteek, verteenwoordig die sigbare artefakte wat die kultuur in beeld ten toon stel. Voorbeelde wat Livermore (a.w.:81) noem is, voedsel, eetgewoontes, gebare, musiek, ekonomiese praktyke, kleredrag, die gebruik van fisiese ruimtes (soos kantore), manier van aanbidding en kuns. Die 90% van die “ysberg” wat onder die water lê, word soos volg deur Livermore (a.w.:83) verduidelik:

> The most significant aspects of culture are below the surface. This part of the iceberg represents the values and assumptions of the culture. These invisible yet powerful elements include things such as the group’s shared work ethic, identity, social etiquette, and view of authority. At its core, culture is not so much our habits, diets, and economic practices as it is the ideas and assumptions that are behind our habits, diets, and commerce. Culture represents the way a group of people organize their ideas and hence their lives. It’s what lies beneath what we think and how we live.

Kultuur word beskou as die “way of life” deur ’n gemeenskap in geheel, en dit sluit in gedragskodes, kleredrag, taalgebruik, rituele, norme vir handeling en geloofsisteme (Jary & Jary 2005:131; Anderson 2003:99-101).

Tradisionele gebruike, praktyke en geloofsoortuigings het oor geslagte heen in verskillende gemeenskappe ontstaan en het tot ’n mindere of meerdere mate volgens die kollektiewe mening, instelling-status vir elke sosiale groepering verwerf. Hierdie instelling vereis merendeels gehoorsame deelname van die geslagte wat volg. “Gerugsteun deur die openbare mening wat afwyking van die tradisionele patrone nouliks moontlik maak, en waar dit gebeur, ook sterk afkeur, is die enkeling geneig om voor die eise van die tradisie te kapituleer. So word hy ingewring in ’n wyse van lewe[41] wat eerder ontvang as gekies word, eerder gegee as geneem word. Nie wat *ek* dink nie,

[40] Tradisie en kultuur word in die teks gesamentlik en soms as wisselterme gebruik.
[41] Verwys na Hoofstuk 2, punt 2.9.2

maar wat ons dink, nie wat *vandag* nodig is nie, maar wat al die *jare* gedoen is, is van belang" (Heyns 2000a: 464). Laasgenoemde stellings onderstreep 'n benadering tot, en aanvaarding van die kultuurerfenis. Livermore (2009:83) stel 'n alternatiewe benadering tot die kultuurerfenis:

> Though it becomes part of us subconsciously, that doesn't mean we're merely passive recipients of culture who have no choice but to become programmed robots of a culture. We're affected by culture, and we in turn are active creators of culture. It doesn't simply exercise determinative power over us. *Rather, culture is both an outcome and a product of our social interaction.*

Hierin kom kritiese denke[42] ten opsigte van die tradisie van interpretasie ter sprake, omdat die kultuurerfenis soms die *nie-wenslike* op die volgende geslag wil oordra. 'n Volgende belangrik punt wat Livermore oor kultuur maak: "Culture is learned, not inherited" (a.w.:87). Kultuurpraktyke word aangeleer deur ons observasie daarvan en deur die interaksie met ander mense (a.w.:87). Hy wys daarop: "We're socialized into our respective cultures first and foremost through the family setting. This socialization is further reinforced through school, the media, church, and eventually through our professional networks and environments" (a.w.:87). Die belang van die gesin en die ouers se onderrigtaak teenoor kinders – asook die voorbeeld wat voorgeleef word – word hierin beklemtoon. Die tradisie van interpretasie, word by punt 3.3.3 uit verskillende perspektiewe belig.

3.3.2 Die resultaat waarop tradisie uitloop

Daar is drie verskillende reaksies op die verlede-tradisie wat mense moet verdiskonteer. Heyns (2000:464 e.v.) beskryf drie soorte mense en hulle uiteenlopende reaksies op die instelling "tradisie". Die soorte behels: eerstens "die vanselfsprekendheidsmens", tweedens "die onsekerheidsmens" en laastens "die krities-solidêre mens". Elkeen van hierdie soort mense word hier onder in Tabel 3.1 beskryf in die lig van hulle reaksie op die instelling *tradisie,* (a.w.:464-465).

[42] Sien die volgende punt (3.3.2 - Tabel 3.1 wat onder andere handel oor die Krities-solidêre mens se benadering tot tradisie.

Tabel 3.1: Drie soorte mense se uiteenlopende reaksie op tradisie

Vanselfsprekendheidsmens	**Onsekerheidsmens**	**Krities-solidêre mens**
Benadering tot tradisie: • Hierdie persoon word deur sleur en gewoonte beheers. • Aanvaarding van die oorgelewerde of die tradisionele, terwille van eie sekuriteit. • Oortuigings en gedragsreëls is oorgeërf en onveranderlik. • Vrees vir verandering. • Hy/sy het geen verwondering, geen vrae en geen twyfel oor lewenskwessies nie. • Het geen worsteling om nuwe antwoorde vir nuwe uitdagings te gee. • Eerder ’n kollektiewe toeskouer van die lewe as ’n individuele deelnemer. • Leef alleen vanuit die beginsel van solidariteit.	**Benadering tot tradisie:** • In alle opsigte steur hierdie persoon hom/haar nie aan die tradisie nie. • Staan los van die verlede en in ’n sekere sin ook los van die gemeenskap in die hede. • Die persoon wil nie in sisteme en volgens stelreëls lewe en dink nie. • Alles wat nuut is, en met suggestiewe krag ’n appèl op hierdie persoon maak, kan ’n hartstogtelike entoesiasme by hom/haar ontlok. • Verander net so skielik weer van mening. • Het weinig of geen historiese besef. • Het ’n houding – selfs in godsdienstige sake – van ’n speelse eksperiment. • Terwyl ’n sekere relatiwisme sy/haar beskouinge kenmerk, is die deurslaggewende oorweging dié van nuttigheid en bruikbaarheid.	**Benadering tot tradisie:** • Vir hierdie persoon is onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan God en aan Hom alleen, van groot belang. • Die tradisie kán nie normatief gemaak word nie, maar word getoets aan die Woord van God. • Die Skrif getoetste tradisie kan dan ’n aanwysing wees van ’n gerigtheid op die toekoms omdat ook in die tradisie ’n aanduiding gevind kan word van die *in die geskiedenis werkende God.* • As Christen, deelneem aan die geskiedenis tydens die gelowige se “vreemdelingskap” in die wêreld. Deel in die geskiedenis as kind van God.

1 Petrus. 2:11 verwys ook na gelowiges se *vreemdelingskap* in die wêreld. Volgens Heyns (2000:465) is dit juis hierdie vreemdelingskap wat gelowiges daartoe bring om arbeidsaam in hierdie wêreld te wees; deel te neem in die geskiedenis van God se ryk. Dit wys op die groter prent van God se koninkryk en gelowiges se verbondenheid aan en verantwoordelikheid teenoor God en mense. Dit rig ook die uitdaging aan gelowiges om in alle omstandighede gereed te wees om van hulle geloof te getuig en ’n verskil ten goede in die wêreld te maak.

Beskou in die lig van die ideaal van ’n krities-solidêre mens moet die ingesteldhede van die eerste twee persoonlikheidtipes volgens Tabel 3.1 hier bo, die vanselfsprekendheidsmens en onsekerheidsmens afgewys word. Die vanselfsprekendheidsmens voel seker en geborge *binne* die tradisie, en die onsekerheidsmens voel seker en geborge *buite* die tradisie. Heyns beklemtoon egter dat ’n mens nie sake moet vereenvoudig nie: “Dit is nie die tradisie of ’n patroon van denke of ’n geykte manier van dink en doen, wat my lewe mag reël en rig nie. Ewe min ’n kritiese bevraagtekening van en ’n prinsipiële verwerping van die tradisie” (a.w.:464 e.v.).

Vervolgens word die term *tradisie* uit verskillende perspektiewe toegelig, om sodoende ’n beter begrip te vorm.

3.3.3 Die term tradisie uit verskillende perspektiewe toegelig

3.3.3.1 Tradisie deur geloofsoortuigings en algemene oortuigings gerig

Geloof en tradisie is in ’n groot mate verweef. Sommige kulturele praktyke (rituele en gebruike) is die gevolg van die een of ander geloofsoortuiging. Hier kan drie voorbeelde uitgelig word.

Eerstens: Die Nguni, ’n etniese taalgroep, heg groot waarde aan die besit van diere: “Cattle represent wealth but, more importantly, they provide a symbolic means, more binding than a Western treaty, of uniting families and tribes through the lobola marriage system” (Thorpe 1992:34).

Tweedens: Volgens die Westerse kultuur laat ’n man ’n vrou eerste by ’n deur instap, maar in die Afrika-kultuur stap die man voor die vrou by die deur in. Eersgenoemde het bedagsaamheid teenoor ’n vrou in die oog, laasgenoemde het gesag, mag en handeling as die meerdere teenoor die mindere, in gedagte.

Derdens: In die algemeen beskou, kan die *tradisie van interpretasie* – wat gewoonlik in ’n vorige geslag ontstaan het – byvoorbeeld die gevolge van ’n verkeerde onderrigmetode van ouers aan hulle kinders uitwys. ’n Goeie voorbeeld is ouers wat kinders onderrig om alle ouer mense voor die voet te respekteer en te gehoorsaam. Wanneer die kind dus te doen kry met kwaad in die gedaante van ’n ouer persoon/molesteerder, is die eerste neiging by hierdie kind om die ouer persoon te respekteer en gehoorsaam – dikwels tot die kind se nadeel.

Volgens Van Wyk (1983:13) oefen die ouer voortdurend ’n invloed uit op sy of haar kind se lewe wanneer die verhouding tussen ouer en kind op wedersydse respek gebou is. Om hierdie rede het ouers die *beste onderrigmiddel* vir die opvoeding van hulle kinders tot hulle beskikking: die model of voorbeeld wat hulle self leef (a.w.:15). In hierdie lig beoordeel, word ’n groot vraag geponeer oor wie en wat die ouer *huidig glo* (tradisie van interpretasie), asook ouers se daaglikse optrede. Méér kom hierin ter sprake: die ouers se morele waardes; hulle verantwoordelikheidsin; die manier waarop hulle seën uitdeel; hulle toewyding aan God, betrokkenheid by hulle gesin en geloofsgemeenskap; geloofsbegronding en getuienislewering; ook hulle toepassing van die Christelike geloof volgens God se aanwysings in die Woord (Joh. 17:17; Kol. 3:13-14).

Uit ’n wyer perspektief beskou, is selfs méér as die laasgenoemde voorbeelde ter sprake: die *nuwe lewe in Christus* (Ef. 4:23-24) wat as ’n werklikheid in die lewe van gelowige ouers geleef word, waarin die kinders dan normaalweg deel. Anders gestel, die kinders word groot te midde van die dampkring van die nuwe lewe in Christus waarin hulle ouers daagliks rondbeweeg. Die hart van die evangelie wat in die hart van ouers leef en waarvolgens hulle daagliks hulle eie lewe oriënteer, voed vorm en rig dan op ’n normale manier die tradisie van interpretasie wat hulle kinder/s aanneem. Wat dit betref, is die gelowige ouer se verantwoordelikheid teenoor God nie net van toepassing

op sy of haar kind/ers nie – om hulle volgens God se eise groot te maak. Dit sluit ook daardie ouer se eie persoon in, as God se vrygemaakte kind.

3.3.3.2 Tradisiepraktyke in ’n gesinsopset

Kinders word groot te midde van sekere rituele en praktyke. Hulle word onderrig in die sake wat van belang binne die gemeenskap beskou word (bv. om ouer mense met respek te behandel) en wat as minder belangrik beskou word (bv. los en vas skryf). Só word daardie kinders se eie lewens mettertyd (in mindere of meerdere mate) die spieëlbeeld van hulle ouers se lewe, en word begrond in die kultuur van die gemeenskap waaraan hulle behoort en deelneem. Kinders leef in ’n kultuurwêreld, waarin hulle klere dra, met speelgoed speel, ’n taal praat en liedere sing wat uit ’n ver verlede dateer (Heyns 2000b:231). Heyns (2000:231) stel dit soos volg:

> ’n Ryk kultuurerfenis van die volksverband waarin die kind gebore is en waaruit hy lewe, word aan die kind oorgedra. So leer hy ’n liefde vir sy eie en ’n waardering vir wat aan ander behoort. Maar hy word ook ingelei in die kultuurerfenis van die mensheid waarvan hy deel is. Wêreldliteratuur word binne sy leefwêreld gebring en die poorte na kuns en kunswaardering, die teater en die film, word op ’n diskrete manier vir hom geopen. Meer nog: hy word ook aangemoedig om sélf skeppend besig te wees – ’n eenvoudige storie te skryf of ’n gediggie te maak, ’n karretjie aan mekaar te timmer of ’n mondfluitjie te speel.

Die belangrikste vormende invloede in ’n kind se lewe kom uit die ouerhuis. Van Wyk (1983:11) noem die ouerhuis die belangrikste opvoedingsinrigting in ’n kind se lewe. In die ouerhuis word die speekwoordelike fondamente van ’n beskawing gelê.

Müller (2002:13) beskou die gesin as primêre eenheid van mense, die eerste kring van nabyheid. Binne hierdie eenheid, besit ouers die voorreg en verantwoordelikheid om hulle kind/kinders te begelei in ’n nuwe leefwyse volgens Christus se opdrag. ’n Gesin bestaan nie noodwendig uit ’n pa, ma en kinder/s nie. ’n Gesinsisteem kan ook saamgestel word uit ’n enkelouer met ’n kind/ers, grootouer/s met kleinkind/ers, of ’n kinderhuis-gesin. Die persoon of persone met regstreekse gesag oor die kind/kinders is dan verantwoordelik vir onder meer, invloede in die kind/kinders se lewe wat hulle volgens Christus se opdrag vorm.

Ouers wys daagliks deur die voorbeeld wat hulle voorleef, vir hulle kinders hoe ’n mens moet handel en dink. Die gesindhede, gevoelens, lewensuitkyk, toekomshoop en geloofsgerigtheid van die ouers kom ook te sprake saam met die bogenoemde sake as wegwysers vir ’n kind. Deur hulle optrede dra ouers daagliks bewustelik of onbewustelik die boodskap aan hulle kind/ers oor: “Kyk na my. Ek sal jou wys op watter manier ’n mens die lewe hanteer: die manier waarop ek praat en wat ek sê – is hoe dit gedoen behoort te word; kyk na die manier hoe ek optree en die dinge wat ek doen; dan doen jy dieselfde. Let op my gesindheid teenoor mense of die lewe in die algemeen of teenoor myself of teenoor God – dít is jou voorbeeld om na te volg. Jy is ’n replika van my in wording. Jy is ... een soos ek.”

’n Haatdraende gesindheid, gekoppel aan ’n verkeerde *tradisie van interpretasie* wat ’n ouer uitleef, (bv. houding teenoor ’n ander etniese groep of land) kan van die ouer na die kind oorgedra word. Die rede is dat die kind – as moontlikheid – juis optree in navolging van die voorbeeld wat voorgeleef is. Nog ’n voorbeeld is: die pa van die huis reken dat sy vrou hom met hand en voet moet bedien, en dat die skoonmaak van die huis/kombuis ’n vrou se werk is. Hierdie soort patriargale tradisie kan op die seun/s en die dogter/s in die huis oorgedra word.

Nel (2001:110) wys daarop: vir ouers as modelle vir kinders gaan dit oor veel meer as verbale onderrig oor *wat reg is:* “Verbale modellering het waarskynlik ’n baie kleiner effek as lewenstyl, voorbeeld modellering”. In hierdie modellering behoort die Christelike leefstyl, volgens die Navorser se mening, die deurslag te gee.

Die tradisie (van interpretasie) word nie net van die ouers na die kinders oorgedra nie, maar ook van die grootouers na die huidige gesin. Louw (2012:115) verduidelik dit soos volg: “The history or narrative of the family as well as the role of grandparents and parents influence attitude within the present family system. The relationship of parents as well as their contact with their own parents indirectly shapes the patterns of family interaction.” Die rolmodelle vir kinders in ’n gesin met een/twee ouers, met grootouers, is dus volop.

3.3.3.3 Nuwe tradisiepraktyke kan in die gesinsopset ontstaan

Wanneer ’n nuwe gesinsopset vorm aanneem en vestig, dra die volwassenes/ huwelikspaar/ouers onderskeidelik hulle eie gevormde tradisie van interpretasie daardie huwelik en gesinstruktuur binne. Met ander woorde, elke volwassene bring sy of haar geloofs- en algemene oortuigings – wat die basis van elke persoon se beweegredes tot handeling vorm – na die gesinslewe. Hierdie gesinsopset behels in ’n groot mate ’n *geslote eenheid* van die lede van ’n huisgesinkern. Dieselfde geld die huweliksverhouding as *diadiese* geslote eenheid (van twee persone). In hierdie opsig sien Louw (2005:65) die gesin as “die tuiste waarbinne mense geborgenheid soek ten einde identiteit te ontdek en tot volwassenheid te kan ontwikkel”.

Tradisiegebruike wat in die gesinsopset uitgeleef word, kan goeie gevolge vir die kinders inhou, indien dit op Skrifbegronde beginsels berus, of tot opbou van kinders en gesinslede dien. Die volgende is voorbeelde van tradisiegebruike wat in die praktyk deur gesinsrituele uitgeleef word: styl van Kersfees vier; kinders leer bid en Bybel lees; etes aan tafel; verras ’n ouer tydens spesiale dae met ontbyt in die bed; ’n knielgebed voor slaaptyd; om een keer ’n maand na ’n warm skooldag tuis te kom en ’n hopie sjokolade lekkers op jou bed te vind; om vroegoggend warm tuisgebakte brood vir ontbyt te bak. ’n Nuwe tradisiegebruik, soos om voor slaaptyd ’n gedeelte uit die Bybel te lees en daarna kortliks te bid, kan vandag ’n aanvang in die gesinslewe neem. Dit is die mens wat daad by die keuse voeg. Dit is nooit te laat om met ’n goeie tradisiegebruik in die gesin, of in die individu se eie lewe te begin nie.

Die herhaling van sinvolle tradisiegebruike kan ook deeglike herinnerings vaslê. Die teenoorgestelde is ook waar: sommige tradisiegebruike kan minder goeie herinnerings oproep weens die aard en verloop daarvan. Hier kan byvoorbeeld gedink word aan die gebruik om huisgodsdiens te hou met daarna, vrae aan die kinders oor wat hulle van die gelese gedeelte onthou. Die vrae het eerder gevoelens van ongemak by die kinders ontlok, in plaas van goeie herinnering aan die huisgodsdiens en saamwees as gesin.

3.3.3.4 Tradisie as veranderlike fenomeen

Die struktuur van tradisie bly nie oor tyd heen onveranderlik nie. Die fenomeen ontwikkel, verander en groei gebruiklik in verskillende rigtings. In daardie sin is kultuur ŉ dinamiese konsep wat ŉ mens moeilik kan omskryf, wat aan mense se optredes vorm gee. Dit raak basiese aspekte van die menslike lewe, soos die manier waarop hulle eet, slaap, bad; maar ook in meer abstrakte sin – hoe hulle die Woord oordink, met God ŉ verhouding voer, en waarhede oordra. Al hierdie aspekte is in mense se kulturele konteks gewortel, aldus Livermore (2009:90). Hy vervolg: "We live in a sociocultural world of our own creation. As a result, the cultures of which we are a part are always in flux. They are forever reinventing and interpreting themselves, and the final word on them can never be said" (a.w.:90).

Tradisie en kultuur bly dus nie staties nie, omdat so ŉ toestand nie moontlik is nie. Nie een geslag bly dieselfde nie. Elke nuwe geslag dink en doen anders as die vorige een. Die een geslag lê meer klem op ŉ bepaalde saak as die voriges of komende geslagte. Gevolglik beïnvloed hierdie geslagte weer húlle kinders in hierdie verband: "There is no such thing as a cultureless human. To be human is to live in culture" (Livermore 2009:90).

Dit is só dat Christengelowiges in die hede beïnvloed word deur hulle eie tradisie van interpretasie: veronderstellings, persepsies en aannames asook algemene en geloofsoortuigings. Tog word hierdie oortuigings gevoed deur vorige geslagte se interpreteringstradisie wat op die huidige geslag oorgedra is. So ŉ gedeeltelik saamgestelde tradisie van interpretasie word weer aan die kinders van huidige ouers oorgedra. Sodoende kan die verloop van die tradisie van interpretasie oor geslagte heen geskied. (Verwys na punt 3.3.2 - Tabel 3.1 hier bo wat die reaksie van mense op tradisie uiteensit.)

3.3.3.5 Tradisie van interpretasie en standpuntinname

’n Mens kan ’n onwrikbaar oortuigde standpunt inneem oor ’n bepaalde tradisie van interpretasie, al is daardie tradisie nie gegrond op die waarheid of op oortuigings wat reg is nie. ’n Goeie voorbeeld is rassehaat waar dikwels dieselfde oortuigings/gesindhede na die volgende geslag oorgedra word. Die gesindheid van haat teenoor ander mense, is vanselfsprekend nie te versoen met die Christelike geloof nie. Die vraag is: watter *tradisie van interpretasie* (veronderstellings, persepsies en aannames, geloofsoortuigings) lei tot haatdraende gevoelens teenoor ander mense? Volgens die Navorser hou dit verband met eie persepsies en aannames wat heenwys na verknogtheid aan verkeerde denkpatrone. Freedman en Combs (1996:20) verduidelik persepsie soos volg: “We are prisoners of our perceptions – attempts to describe reality tell us a lot about the person doing the describing, but not much about external reality.”

Thruman (1999:5) vergelyk die menslike brein met ’n opnametoestel (soos die destydse kassetspeler; of die tans meer bekende DVD). Die toestel kan opneem en terugspeel en bevat ’n persoonlike inligting-stoorplek van ontelbare sektore, gereed om enige oomblik terug te speel. Die sektore bevat die oortuigings, gesindhede, en verwagtings wat tydens die persoon se lewe “opgeneem” is. Sommige van die sektore verkondig die waarheid (“Jy kan nie almal tevrede stel nie”); ander dra ’n verdraaide siening oor (“Ek moet my sin kry om gelukkig te wees”). Baie van die verdraaide gedagtes (Thruman noem dit “leuens”), is reeds sedert die kinderdae deel van ’n persoon se huidige denkwyse. Thruman(1999:6) verduidelik dit soos volg:

> You’ve listened to these lies play in your mind for so long, they may actually seem to be true even though they are really lies. The longer and more frequently a lie is played, the more deeply you believe it to be true. Many lie tapes play in your mind without your even knowing it. They play unconsciously when life presses the “Play” button through some kind of circumstance. Unconscious or not, these tapes dramatically affect your feelings and actions each day.

Thruman se stellings dui op moontlike maniere waarop ’n denkpatroon vasgelê kan word as gevolg van ’n tradisie van interpretasie.

3.3.3.6 Oorgelewerde tradisie en die gemarginaliseerdes

Oorgelewerde tradisie kan die wêreld vir sommige gemarginaliseerde persone moeilik maak. Hier word byvoorbeeld gedink aan die rol wat vroue in die samelewing speel en spesifiek by sake soos godsdiens. Daar is deurgaans die moontlikheid dat die huidige tradisie van interpretasie (veronderstellings, persepsies en aannames en oortuigings) vroue op verskeie maniere kan inperk. Dit kan in die pad staan van die roeping van die vrou, of 'n grens stel rondom en waarbinne die vrou in die samelewing of kerk *toegelaat* word om te funksioneer. Die feit dat vroue kinders voortbring, veronderstel hulle rol as voor die hand liggend: huisvrou, tuisteskepper, ma en versorger. Soms of meer dikwels word oor die hoof gesien dat vroue, soos die mans, dieselfde Gees van God in hulle het, 'n mens in eie reg is asook gawes en talente ontvang het.

Dit lei tot 'n rolverwagting waarvolgens vroue uiteindelik met hulle lewe slegs die huisgesin se sake en lewe kan dien. Die versorging van die gesin behoort deurgaans 'n belangrike verantwoordelikheid vir elke ma te bly, maar eweseer haar eie lewensontwikkeling en roeping as *nuwe mens* (van) in Christus. Oorgelewerde tradisie en die praktyk stereotipeer die vrou dikwels as *huisvrou en versorger* van die gesin of as hulp by die Vrouediens. Die vraag is of die Bybelse siening oor die vrou se bydrae tot God se koninkryk hiermee strook. Deurgaans kan bestaande interpreteringstradisies die siening aanneem dat hierdie rolverwagting van die vrou in die gemeenskap en kerk, ook God se siening onderskryf. Die gevaar bestaan egter dat die tradisie van interpretasie – en die aanname dat dit uit die Woord afgelei is – in werklikheid die versugting weergee van mense onder die indruk dat hulle God se wil ken en volg.

3.3.3.7 Tradisie/kultuur en ongewenste magspatrone

Daar bestaan voortdurend 'n gevaar dat die tradisie van interpretasie, wat groei en ontwikkel, ongewenste magspatrone in stand kan hou en legitimeer. Wanneer dit gebeur, is die tendens dat die interpreteringstradisie dan die situasie/saak van die magshebber dien, terwyl naasteliefde, opregtheid, en 'n optrede in waarheid genegeer word. Diskriminasie en teenstand raak dan prominent om die opponent buite stemming te hou. Freedman en Combs (2002:106) verduidelik hulle siening van magspatrone:

"The dominant discourses in any social network determine (and are determined by) what counts as 'knowledge' or 'truth' in that network. The dominant discourses determine who does and does not have access to power." Die tradisie van interpretasie (taal of diskoers) word in hierdie geval in diens van magspatrone aangewend.

3.3.3.8 Tradisie en die groter invloede

Tradisie verander as gevolg van groter invloede soos nuwe ontwikkelings in wêreldmarkte, wetgewing, politieke ekonomie of ook omwentelings in die geskiedenis soos ekonomiese depressie en dinamiese leierskap. Die rede daarvoor is dat tradisie gegrond is op oortuigings – wat meestal oop is vir verandering.

3.3.3.9 Subkulture binne tradisie/kultuur

Livermore (2009:92 e.v.) stel dit in sy boek, *Cultural Intelligence*, dat daar verskeie subkulture is wat binne die instelling van 'n bepaalde groter kultuur kan ontwikkel en vertak: jeugkultuur; akademiese kultuur, "Baseball"-kultuur (vir Suid-Afrika, rugby-kultuur); klub kultuur; sakekultuur; nasionale kultuur; asook sosiale groeperings soos die "Boomers" en "Gen Xers".

Die Christelike tradisie/kultuur funksioneer ook binne 'n bepaalde groter kultuurgemeenskap.

3.4 DIE TRADISIE VAN INTERPRETASIE TE MIDDE VAN VERSKEIE ERVARINGS

Die Medenavorsers tot die huidige studie is gelowiges wat in die daaglikse praktyk vanuit 'n duidelike lewens- en wêreldbeskouing ("worldview") funksioneer, met as begronding bepaalde veronderstellings, persepsies of aannames en geloofsoortuigings. Miller, Moffitt en Allen (2005:16; Polkinghorne 2007:115-116) verduidelik 'n wêreldbeskouing soos volg: "A worldview is the total set of assumptions that a person holds, either consciously of unconsciously, about the world and how it works. It is sometimes referred to as a 'belief system' or 'mind-set'. We typically acquire our

worldviews in childhood and youth, yet later in life we rarely examine the assumptions that comprise it."

Hierdie denkwyse beïnvloed die manier waarop mense – hier Medenavorsers – aspekte van hulle lewe benader: hulle huwelik, die huweliksverhouding, kinderopvoeding, sake van die dag en die lewe in die algemeen. Die Navorser fokus hier op die Medenavorsers se oortuigings, wat deur verhaling aan die woord gestel word. In die besonder gaan dit in hierdie navorsing oor wat die verbondsverhouding met God vir hulle as gelowiges beteken en inhou. Hieruit volg die implikasie wat hierdie oortuigings het vir die daaropvolgende ervarings in die huwelik- en gesinsverhoudings asook hulle ervaring in die algemeen.

Veronderstellings, persepsies of aannames en geloofsoortuigings (kollektief as "worldview") word te midde van verskillende ervarings gevorm: as kleuter, kind of jongmens; huislike omstandighede wanneer ouers skei; groepdruk; liefde in die huweliksverhouding; interaksie binne die werk- en kerkgemeenskap of deur die politieke klimaat. Dit kan ook die ervaring behels van 'n langdurige/voortslepende ongelukkige lewenstoestand waarmee 'n persoon moet saamleef; of ervaring van die Heilige Gees se inspraak.

Te midde van die bogenoemde omstandighede/ervarings vorm mense 'n lewens- en wêreldbeskouing, met daardie bepaalde veronderstellings, persepsies en aannames en geloofsoortuigings wat op die ervarings volg. Hierdie vorming behels 'n voortdurende proses en geskied deur die mens se verskillende lewensfases heen. 'n Goeie voorbeeld vir gelowiges is die pad van heiligmaking waarop die Here elke gelowige neem. Dit behels 'n voortdurende proses waarin die persoon se lewe omvorm en denke nuut gemaak word. Die mens is by uitstek 'n denker wie se denke verander, vernuwe, ontwikkel en groei met onder meer nuwe lewenservarings.

3.4.1 Die tradisie van interpretasie wys nie vanselfsprekend die waarheid nie

Die Navorser word deur verhaling by die bestaanswêreld van die Medenavorser en die navorsingsgespreksgenote ingetrek. Verhaling kan gesproke en ongesproke belangrike

inligting aan die Navorser oordra. In die volgende onderafdelings (3.4.1.1 – 3.4.1.3) word die dinamiese ondertone van verhaling belig. Die rede vir hierdie fokus is dat verhoudingskwaliteit tussen huweliksmaats en hulle gesinslede in die gedrang kan kom wanneer die *tradisie van interpretasie* begrond word op ondermynende oortuigings oor aspekte soos: die Christelike godsdiens, die lewe in die algemeen, die huwelik, kinderopvoeding en die eie persoon. Die volgende punte handel oor *Persepsies en aannames* (3.4.1.1), *Misleiding* (3.4.1.2) en die *Waarheid* (3.4.1.3) en skyn 'n lig op verskillende uitdagings wat gelowiges in die Christelike huweliksverhouding – met 'n verbondsgesin – in die gesig staar. Verhoudingskwaliteit word dan direk/indirek geraak deur verskeie ondertone wat verhaling rig, soos hier onder beskryf.

3.4.1.1 Persepsies en aannames

Die vraag kan gestel word: hoekom is 'n bespreking van *persepsies en aannames* nodig wanneer die soeklig tydens navorsing op verhoudingskwaliteit val? Die rede is dat verkeerde persepsies en aannames, wat as waarheid geglo word, vanuit die tradisie van interpretasie by die gesinskonteks ingedra kan word. Verhoudingskwaliteit in die huweliksverhouding en gesin kan hierdeur ondermyn word. Verkeerde persepsies en aannames kan verhoudings in gedrang bring en selfs tot niet laat gaan, omdat handelinge in die voetspore van denke en woorde volg. Dit is noodsaaklik dat huweliksmaats die afbrekende kenmerke van verkeerde persepsies en aannames deeglik behoort te besef, sodat hulle nie willoos daardeur op sleeptou geneem word nie. Paartjies vorm sodanige wanpersepsies en verkeerde veronderstellings nie slegs oor die lewe in die algemeen of oor die huweliksmaat/-verhouding nie, maar ook oor die Christelike geloof binne hierdie konteks. Dit kan verreikende gevolge inhou vir die verhoudings asook vir geloofsverstaan wat uiteraard op dade uitloop.

Die volgende vraag is wat die begrippe *persepsie* en *aanname* uitdruk. Die algemene betekenis van persepsie is *waarneming* (VAW 2007:641), terwyl aannames *veronderstelling* (a.w.:8) beteken. Die betekenis van beide woorde bring ook die inhoud daarvan na vore. 'n Persepsie oor 'n saak/persoon/omstandighede kan ook verstaan word as 'n waarneming, hipotese, siening of beskouing – uit 'n bepaalde hoek. Wanneer

die element van *geloofs*waarneming ter sprake kom, speel eie persepsies ook ’n groot rol. Vervolgens word persepsies en aannames uit verskillende perspektiewe toegelig.

1. Persepsies en aannames openbaar ’n *lukraak-element*

Een van die hoofkenmerke van persepsies en aannames is dat dit ’n *lukraak-element* bevat. Dit hou, met ander woorde, ’n element van onsekerheid in. Persepsies en aannames kan gevolglik nie die *volledige waarheid* oor ’n saak of gebeurtenis deurgee nie, want dit is bloot ’n siening en interpretasie oor wat daardie persoon ervaar. ’n Voorbeeld hiervan is: terwyl twee mense na ’n skildery van ’n ma en dogtertjie kyk, is dit Persoon 1 se persepsie dat die dogtertjie op haar ma se skouer huil, terwyl Persoon 2 weet – omdat die kunstenaar sy vriendin is – dat die ma bloot haar dogtertjie op die arm dra.

In die lig van die voorafgaande inligting behoort die gelowige versigtige oordeel toe te pas wanneer persepsies en aannames oor ’n saak ter sprake is. Daar bestaan deurgaans die moontlikheid dat persepsies en aannames – indien dit op waninligting gegrond is – mense se eie lewe kan ondermyn. Dit is die gevaar van ’n persepsie, dat hierdie aanname die mens se realiteit raak, waaruit dade kan voortvloei – terwyl die persepsie as moontlikheid, op vals inligting gegrond kan wees.

Terugskouend word persepsies en aannames se inhoud soms ontbloot as ’n gedeelte van die waarheid wat aangevul word deur foutiewe interpretasies of verkeerde afleidings oor ’n ander persoon of saak. As voorbeeld kan geneem word Job se vriend Elifas wat eensydige aannames – gegrond op sy eie ervaring (Job. 4:7-11) – oor Job se lewe gemaak het (Burden 2001:710). Elifas het gesien hoe Job besig is om te ly, en het die “oop spasies” (die onsekerheidselement van persepsies en aannames) oor die rede vir die lyding, verkeerd begin inkleur. Met ander woorde, Elifas het Job se lyding waargeneem en sy eie persepsie oor die rede vir daardie ontbering gevorm. Die “waarheid” wat hy oor Job se lewe oorgedra het (gegrond op sy eie aannames) was in werklikheid tekens van die waarheid vermeng met onwaarheid – en hy het self geglo dat hy in alles wat hy gesê het, die waarheid praat (Job 42:7-8). Die vraag is: hoe beoordeel die Bybelse getuienis Elifas en sy vriende? In Job 42:7-8 kondig God aan Hy is kwaad

vir hulle, want hulle het nie die waarheid oor Hom gepraat nie. Hulle moes ’n brandoffer vir hulle sonde offer en Job moes vir hulle voorbidding doen sodat God hulle nie oor hulle sonde straf nie. Vir die brandoffer is sewe bulle en sewe ramme geoffer, wat aandui: hierdie sonde van verkeerde aanname was ’n ernstige saak in God se oë.
Persepsies en aannames kan wel die waarheid bevat, maar dit bly slegs ’n gedeelte van die volle waarheid. Ten diepste is dit slegs ’n siening of interpretasie oor ’n saak, iemand anders, of oor ’n situasie. Die volle waarheid is nie tot die denker se beskikking nie, en afleidings word gebruik om tot ’n slotsom oor ’n persoon, situasie, of saak te kom. Tog bestaan daar deurgaans ’n moontlikheid dat mense se eie persepsies en aannames ook ’n *leuen of leuens* kan inhou wat die denker – selfs gelowiges – onwetend as die waarheid kan aanneem of selfs verkondig en verdedig. Die gevaar is dat hierdie mense kan leef onder leiding van ’n leuen – wat hulle as waarheid aanvaar. Die gevolg is dat mense volledig onbewus daarvan kan wees dat die “waarheidsgedagte” waarin hulle glo, in werklikheid op ’n leuen (vals inligting) gebaseer is.

DeMoss (2001:251) wys daarop dat miljoene belydende Christene bedrieg is en lewens lei wat onbybels is: “Their values, their responses, their relationships, their choices, and their priorities reveal that they have bought into the lie of the Enemy and embraced the world’s way of thinking.”

’n Bykomende gevaar is dat daardie mense in werklikheid in diens van die leuen kan staan, nie van God se waarheid nie – sonder dat hulle dit besef. Die leuen het dan in ’n mindere of meerdere mate die waarheidsgestalte in die denker se algemene lewens- of geloofsverstaan geraak en gaan ongehinderd voort om vernietigend op daardie persoon se lewe in te werk. Die moontlikheid bestaan wel dat ’n gelowige, al is dit net ’n rukkie lank, kan “inkoop” by die leuentaal wat deur Onwaarheid[43] op die markplein verkoop word. Indien dít gebeur, kan dit daartoe lei dat ’n gelowige kind van God onbewustelik die leuentaal van God se vyand *as waarheid* aangeneem het. So iets kan byvoorbeeld geskied deur eie verkeerde persepsies en aannames of deur ’n verkeerde interpretasie oor enige saak denkbaar.

[43] Personifikasie.

Miller, Moffitt en Allen (2005:11) wys daarop dat Jesus destyds ’n woord gehad het vir godsdienstige persepsies wat *verkeerdelik* gerig is: die *suurdeeg* van die Fariseërs en Sadduseërs (Matt. 16:11-12). Jesus het die dissipels destyds teen die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs gewaarsku. Dieselfde woorde geld steeds vir hedendaagse gelowiges. Daar is deurentyd ’n moontlikheid dat leuengedagtes ’n houvas op die gelowige kan kry deur verkeerde persepsies en aannames. Vandag, soos destyds, is die suurdeeg steeds in die vorm van leuens wat veld wil breek.

Leuendenke – wat herlei kan word na eie persepsies en aannames – se werklikheid word deur DeMoss (2001:48 e.v.) met ’n paar tipiese leuengedagtes geïllustreer:

> God is not really good. If He were, He would....; God doesn’t love me; God is like my father;[44] God’s ways are too restrictive; I can’t help the way I am; My sin isn’t really that bad; God can’t forgive what I have done; I cannot walk in consistent victory over sin; All children will go through a rebellious stage.

Verdere voorbeelde van leuengedagtes word voorsien deur Thruman (1999:28 e.v.):

> My worth is determined by my performance; Life should be easy; All my marital problems are my spouse’s fault; My spouse owes me (for all I do); God’s love must be earned; Because I’m a Christian, God will protect met from pain and suffering; All my problems are caused by my sins.

2. Aanvegting se rol in die vorming van persepsies en aannames

Die Woord van God wys ’n ander saak uit wat ’n belangrike rol speel in die vorming van verkeerde persepsies en aannames oor die huweliksmaat, huweliksverhouding, die self, geloof en die lewe in die algemeen. Dit is die term *aanvegting* (Matt. 6:13; Hebr. 4:15). “Aanvegting dui op innerlike vertwyfeling of ’n intense stryd tussen alternatiewe. ’n Perspektief verder as die benouende situasie ontbreek” (Louw 1999:491).

[44] ’n Vrou se persepsie van God kan positief of negatief beïnvloed word deur haar pa se handeling en houding, volgens DeMoss (2001:52)

Aanvegting gaan gepaard met inspraak van God se vyand in die lewe van die gelowige (waaraan die gelowige tyd afstaan om te luister). In wese is dit leuens wat aan die bepaalde gelowige verkondig word. As voorbeeld kan gewys word: aanvegting is so oud soos Adam en Eva in die *paradys* (Gen. 2 en 3). Aanvegting[45] bring die uitnodiging tot by die mens (gedra deur leuens) om sonde te doen, en wag dan op ’n antwoord, soos in die geval van Eva en Adam (Gen. 3). Die mens, en veral die gelowige, is in die posisie om die uitnodiging tot sonde, te weier (soos Jesus tydens sy versoeking in die woestyn). Andersins kan die sonde-uitnodiging aangeneem word (soos Eva en daarna Adam volgens die vertelling in Gen. 3). Aanvegting is daarop gemik dat die gelowiges ongelowig reageer, die verkondigde leuen glo en daarvolgens handel. Die doel hiermee is dat gelowiges wegdraai van God af, vergeet waar hulle hulp vandaan kom, geloofshoop verloor en God se aansprake op hulle lewe vergeet. Dit wil ook gelowiges so ver kry om God se wet te ignoreer, en hulle eie liggaam skade aan te doen. Hierdie aanvegtings se aanslag is met tye suksesvol, soos in die geval van Dawid, ’n “man na God se hart”, wat, volgens die Bybelse vertelling, owerspel gepleeg het.

Volgens DeMoss (2001:36 e.v.) geskied daar ’n duidelike ontwikkeling wanneer ’n leuen aan die mens gesuggereer word:

- Eerstens **luister** die mens na die vyand se leuen (‘listen to the lie’). Eva het in die Tuin van Eden na die leuens van die vyand geluister (DeMoss 2001:37). “There are no harmless lies. We cannot expose ourselves to the world’s false, deceptive way of thinking and come out unscathed” (a.w.:38).
- Tweedens **oordink** die mens die leuen (‘dwell on the lie’). “We begin to consider what the Enemy has said ... We engage the Enemy in conversation. We contemplate that he may be right, after all” (a.w.:39).
- Derdens **aanvaar** die mens die leuen as die waarheid (‘believe the lie’). “At this point, the seed that has been sown begin to take root and starts to grow. ... Once [Eve] believed the lie, the next step was a small one. Listen to the lie, dwell on it, believe it, and sooner or later you will act on the lie” (a.w.:39).
- Vierdens **reageer** die persoon op die leuen deur dade wat daaruit voortvloei (‘act on the lie’). “Beliefs produce behavior. Believing things that aren’t true

[45] Personifikasie. Satan is die vader van die leuen (Joh. 8:44), en dus die inisieerder van aanvegting.

produces sinful behavior" (a.w.:39). Sodoende beweeg die mens in die dampkring van die vyand van God, en die gevolge is vernietigend (soos met Eva, volgens die vertelling).

Die sonde word deur die Aanstigter[46] van die vergrype op 'n uitlokkende, verdoeselde en bedrieglike manier verpak sodat dit vir die mens aanvaarbaar is (vgl. Gen. 3:1-6).

Haatgedagtes teenoor 'n ander persoon kom in mense "aan die woord" en word deur die hoorder aangeneem (Ef. 2:3). Dit, terwyl God volgens die Bybel se getuienis naasteliefde eis en die waarde voorskryf waarvolgens die naaste geen kwaad aangedoen word nie. Gevolglik moet gelowiges – vir die huidige navorsing gelowige huweliksmaats – gefokus bly (Matt.10:16) en ingestel wees teen die vorming van verkeerde persepsies en aannames. Indien nie, kan liefdelose en goddelose gedagtes ongemerk insluip en, as moontlikheid, die oorhand kry. Op sodanige denke kan liefdelose en goddelose woorde, sinne en dade volg. Swak oordeelsvermoë (Spr. 13:16; 14:16; 23:23) in die vorming van persepsies en aannames, kan daartoe lei dat selfsug en haat voorrang kry, in plaas van nederigheid, waarheid en naasteliefde (in hierdie geval liefde vir die eggenoot). Afleidings en gevolgtrekkings (op beperkte feite gegrond) kan dus, weens bogenoemde redes, onwaarhede voortdra en verhoudings belemmer of selfs laat skipbreuk ly.

Die bogenoemde tendens, die vangnet van die sonde (vgl. Ps. 25:15; Ps. 31:5) geskied wanneer gelowiges hulle onwetend aan 'n sondige gedagte verbind, en dit verder bekragtig deur hulle woorde en met dade. Die tragiese werklikheid is dan dat daardie persoon tydelik uit God se dampkring beweeg en inbeweeg binne die gebiedsruimte waar God se vyand die botoon voer en die rigting wil aanwys. Deur die aksie van sonde doen, al is dit slegs deur gedagtes, is God se vyand nie ver van die sondaar af nie.

Die metafoor van 'n stoomlokomotief kan hierdie situasie verduidelik. 'n Stoomlokomotief word gestook sodat die trein gouer by 'n spesifieke bestemming sal aankom. Soortgelyk, word die gelowige deur aanvegting onder druk geplaas om verder

[46] Personifikasie.

van God af te beweeg en die bestemming – op die aarde – sal uiteindelik onverkwiklik wees. Sonde is "in sy gevolge so teleurstellend, in sy einde so wreed, in sy vrugte so wrang en in sy uitsig so troosteloos" (Heyns 1999:316). Die probleem is dat sonde dikwels so verskans is dat hierdie genoemde kenmerke nie duidelik na vore kom nie.

3. Verkeerde persepsies en aannames in die kinderjare

Verkeerde persepsies en aannames word dikwels reeds in die kinderjare gevorm. Die werklikheid van hierdie stelling word in die breër samelewing geïllustreer. 'n Voorbeeld is waar ouers se keuse vir en betrokkenheid by 'n sekte, kultus of kerkgroep die milieu skep waarbinne kinders in hulle vormingsjare makliker vir oortuiging vatbaar kan wees – selfs vir onwaarhede wat as die waarheid voorgehou word (Matt. 15:14; Luk. 6:39).

Gedurende hulle ontwikkelingsjare is kinders hoogs ontvanklik vir kennisinname. Kinders het in daardie lewensfase 'n "kennisdors", en wil deurlopend inligting oor enige onderwerp inwin. Vrae vra oor die hoekoms en die waaroms, is om hierdie rede 'n normaliteit vir kinders in dié lewensfase. Kennisoordrag aan kinders kan geskied vanaf: die ouers, grootouers, volwassenes, ander kinders, die internet, literatuur asook televisie. As deel van God se verbondsvolk kry kinders ook inspraak van die Heilige Gees. In hierdie sin kan geloofsoortuigings van ouers en ander gesagsfigure geredelik ook die kinders s'n word, as gevolg van die mens se neiging om rolmodelle te wil volg. Sake wat deur die ouers as reg beskou word – al weerspieël dit nie noodwendig God se denke nie – kan as ontwyfelbare "waarhede" aan die kinders oorgedra word deur woorde, dade en gesindhede. Anders gestel, ouers/volwassenes kan hulle geloofsoortuigings *daagliks* op hulle kinders se ontvanklike gemoedere oorplaas.

Hierdie kennisoordrag kan ook verkeerde persepsies en aannames (tradisie van interpretasie) insluit. Verkeerde persepsies oor die self (eie persoon) kan byvoorbeeld 'n oorsprong in die kinderlewe hê en, indien geen regstelling plaasvind nie, selfs voortduur tot en met die persoon se dood. Die teendeel is egter ook waar: kinders kan bekendgestel word aan die regte kennis, wat volgens die Navorser met God en die waarheid verband hou.

4. Die vrymakende karakter van *die Christelike geloof* kan betwyfel of weerstaan word weens diepliggende verkeerde persepsies wat steeds van tyd tot tyd na die oppervlak kom

Verkeerde persepsies kan steeds met tye, ook ’n volwasse persoon se denke, dade en gesindheid, belemmer en besoedel, terwyl daardie een reeds God se vrygemaakte kind is (Kol. 2:14). Die vorming van verkeerde persepsies by gelowiges is juis die oogmerk van misleiding en gebeur meermale heel natuurlik en, wat die mens betref, meestal onnadenkend.

Die geestelike oorlog wat gevoer word met ’n onsigbare vyand en deur onsigbare wapens, laat die gelowige meer dikwels kwesbaar en as oop teiken vir die slinkse misleiding van God se vyand. Die vyand se voorsprong:[47] Om inspraak in die denke van mense te hê, sonder dat hulle dit self besef of herken ... laat die ontvanger daarvan oop en kwesbaar. Vir die vyand om leuens as die *waarheid* in die gedagtes van mense te probeer “plant” ... laat daardie mense kwesbaar vir ’n leuen wat, as moontlikheid, sou kon “groei” en “lyf kry” deur die mens se dade wat daaruit vloei. Die vyand kry byvoorbeeld op ’n misleidende, persoonlike trant inspraak in die denke van mense met die woord “**Ek”**. Dit maak die speelveld groot oop vir God se vyand om die mens te mislei om ’n leuen te glo. Met ander woorde, die vyand lewer inspraak in die gedagtes van die mens en gebruik selfs die woord **“ek”** sodat die persoon aanvaar hy of sy het die gedagte self gedink. Hier as voorbeeld, geld gedagtes soos: “**Ek** is nie goed genoeg nie!” of “**Ek** beteken niks as mens nie”. Dit tipeer die vernietigingswerk van God se vyand in die lewe van mense.

Verskillende persepsies en aannames oor die Christelike geloof is nie ’n nuwe tendens nie. Daarvan getuig die uiteenlopende, gefokusde Christelike denominasies – elkeen met ’n eksklusiewe siening van wat die waarheid behels. Vir dié een groep is hierdie siening meer belangrik, ’n ander kerk-groepering handhaaf weer ’n ander siening oor dieselfde saak. In vele opsigte het “waarheid” ’n bedreigde spesie geword en mense

[47] Die gelowige het hier wel’n voorsprong, soos onder meer: God se Gees; die wapenrusting van God (Ef. 6:10-18); wysheid as gawe van God; die beskerming en hulp van die Drie-enige God; gebed; en gehoorsaamheid aan God. (Bybel 1983).

onderneem daagliks ’n soektog daarna: “Hier is die waarheid!” of: “Nee kyk, hier by my is die waarheid! Ek het dit gevind!” of “Kom hiernatoe, julle sal die waarheid hier by ons vind.” Party dominasies beweer: “Doen dinge op hierdie manier (ons manier), eers dán leef julle volgens die waarheid.”

Dit is ’n algemene feit: die mens is voortdurend op soek na die waarheid. Die vraag is: wat is mense se reaksie wanneer hulle God se waarheid vind? Daar is verskeie moontlikhede: staan en kyk daarvoor; luister in verwondering daarna; sit in die dampkring daarvan; word daaroor bly; stil tevrede oor die waarheid; kry ’n warm gevoel om die hart. Of, aan die anderkant: voel vererg met die aanhoor van die waarheid omdat dit ’n lewensveranderende aanspraak maak, of vlug weg met die aanhoor van die waarheid. Genoemde voorbeelde kan ook van toepassing vir ’n gelowige se lewe wees.

Die gelowige kan ook mislei word om God se Woord verkeerd te verstaan. ’n Voorbeeld van ’n beradingsgeval (3) is soos volg (Bylae A-A11): ’n 35 jarige vrou beland onder die invloed van ’n geloofsbeweging wat begrond is op vals oortuigings wat mense se dade/gebeure in verband met die Bybelse Heilige Gees bring, maar die koppeling is onbybels en teenstrydig met die verkondiging in die Bybel. Hierdie benadering koppel ook gewone, niksseggende gebeure aan ’n vloek[48] wat van die voorgeslagte na die teenswoordige geslag oorgedra word. Dit hou gevolge in vir die navolgers wat so glo: die herinnering aan die voorgeslagte word *gedagtes van oordeel* oor hulle sogenaamde verkeerde dade wat vloeke by die huidige lewens “indra”. Die benadering verbind sonder omhaal van woorde sommige gebeure en ervarings (soos gevoelens) aan die Heilige Gees of aan bose geeste se werksaamheid. Sodoende word die alledaagse lewe ’n spirituele mynveld vir dié wat daarin glo. Hierdie benadering is grootliks op *beperkende beskrywings* (leuens en onwaarheid) gegrond, hoewel dit ’n blyk van die Christelike geloof bevat.

Tydens die beradingsgesprek was dit vir die Navorser soos om toe te tree tot die Medenavorser se doolhof van verwarrende gedagtes. Tydens berading is die Medenavorser met verwysende Bybelgedeeltes begelei om die onwaarheid waarin sy

[48] Bloedlynvloeke en sondevloeke, volgens dié wat daarin glo.

geglo het, te vervang met die waarheid van die Woord. Indien dít nie sou gebeur het nie, sou die persoon se geloof in onwaarheid verreikende gevolge vir haar (as ouer) en vir haar kinders inhou.

In gelowiges se geval moedig die waarheid die mens aan tot ’n daadwerklike nuwe lewe in Christus-gesindheid met dade wat daarop volg. Met ander woorde, die gelowige word gekonfronteer met die vraag of God se waarheid die hoorder daarvan in beweging bring (Matt. 11:12). Die vraag is: word die Woord in die 21ste-eeu opnuut “vlees” omdat dit prakties deur die gelowige uitgeleef word (Joh. 1:14), en daar gestalte aan die Woord gegee word? Betreffende die huweliks- en gesinsverhoudings word gelowiges met die vraag gekonfronteer of elke huweliksmaat die leefwyse van *nuwe-lewe-in-Christus* daagliks tot binne-in die gesinsruimte bring sodat dit ook aan die kinders bekend gestel kan word.

5. Die nuwe, praktykgerigte lewe in Christus

Die nuwe, praktykgerigte lewe in Christus behoort God se denkwyse daaroor te weerspieël in die hart, gedagtes en lewe van sy kinders – in hierdie geval gelowige huweliksmaats en hulle kinders. Die nuwe lewe ontspring uit die binneste van die gelowige waar nie meer hy-/syself nie, maar Christus op die troon sit en sy “heerskappy oor gesindheid, denke woorde en dade uitoefen” (Heyns 1999:322). Hierdie vorm van lewe kan waar wees en word. Die innige verbondenheid tussen Christus en die gelowige word met verskillende beelde verduidelik, onder meer die wingerdstok en die lote (Joh. 15:5) (a.w.:322).

In werklikheid lyk die ware prent dikwels anders. Weens verskeie redes, soos daaglikse verpligtings, werkseise, tydsbestuur, afvalligheid, selfsug, omstandighede en alledaagse probleme, kan die verhouding tussen God en mens onder ernstige druk kom. Tog behoort Christene telkens die Here te besoek, en weer kontak te maak om tyd in sy teenwoordigheid (soos met stiltetyd) deur te bring. In God se teenwoordigheid word gelowiges vernuwe, skep hulle hoop en word hulle bemoedig. Só word hulle geloof bevestig en versterk, hulle gees verlig en kry hulle nuwe lewensywer en energie.

Piper (2009:190) wys op Jesus wat dit vir gelowiges moontlik gemaak het om op ’n nuwe manier te leef en dat dit met wedergeboorte gepaardgaan. Jesus se menswording, sy kruisiging ter wille van ons sondes, sy opstanding en die feit dat Hy aan die regterhand van God sit en vir ons intree, het die *gawe van wedergeboorte* (“gift of the new birth”) vir gelowiges, moontlik gemaak (a.w.:190). Die nuwe lewe in Christus waarin wedergebore gelowiges deel, dui op ’n nuwe bedeling wat onder Christus se heerskappy aangebreek het. Dit is bedoel vir dié wat Christus as Verlosser aangeneem het. Die *gawe van die nuwe lewe in Christus* dui nie op onsekerheid nie: “Miskien kan ek dit regkry om op ’n sekere wyse te lewe”; of “Ek gaan probeer om soos ’n Christen te lewe”, of: “Net soms geld Christenskap wel in my lewe.” Die hoofboodskap van wedergeboorte is, volgens die Navorser, die volgende: Om onder Christus se eienaarskap te leef, dink en doen ons volgens Christus se voorbeeld.

Louw (1999:217) wys daarop dat die gelowige se dood en opwekking saam met Christus in verband gebring word met die aflê van die “ou mens” en die aantrek van die “nuwe mens”. Hy verduidelik: “Hierdie verandering is ’n ‘buite’- persoonlike veranderingsproses wat aan die mens voltrek word en wat ’n nuwe kwalitatiewe bestaanstoestand, as werk van die Gees, ontketen. Hierdie vernuwende werking van die Gees word beskryf as die inlywing van die mens by die heilswerk van Christus, wat veral na die doop verwys (Kol. 2:11-12)” (a.w.:217).

MacArthur (1994:140) bring wedergeboorte in verband met die Heilige Gees se werk in die mens (Joh. 3:8): “And every aspect of true spiritual growth in the life of the believer is prompted by the Spirit, using the truth of Scripture (John. 17:17).” Die betrokkenheid van die Heilige Gees in die praktiese lewe van die gelowiges word hierin onderstreep.

Die Christelike lewensfilosofie, in samehang met die Heilige Gees se inspraak, behoort die weg te baan in die lewenspraktyk van gelowiges. In Christus het gelowiges ’n volledige nuwe identiteit gekry wat die deurslag in hulle lewe behoort te gee (2 Kor. 5:17). Louw (2005:66) stel dit soos volg: “Identiteit staan in verband met norme en lewenswaardes wat vastigheid en waarde aan ’n mens se bestaan gee”. Die Woord bevat die verhaal wat handel oor die geloofsgemeenskap se identiteit (Birch & Rasmussen 1989:14).

Die Bybel is duidelik verstaanbaar oor wat aanneemlik of afkeurenswaardig is vir ’n praktykgerigte *nuwe lewe in Christus* (Rom. 12:19; Kol. 1:23; 3:8). As deel van ’n geloofsgemeenskap wat in die eerste plek aan God behoort, is Bybelse *onderwysing* God se hulp aan gelowiges. God se aan- en onderwysing dui die pad aan na ’n lewe in vryheid en in waarheid (Joh. 8:31; Gal. 5:1). Gehoorsaamheid aan hierdie onderwysing (onder meer die gebooie), sal daartoe lei dat die gelowiges vry van spesifieke sondes se houvas kan leef (Rom. 6:13), en terselfdertyd, vry sal wees om in diens van God te staan.

6. Praktiese, alledaagse vryheid in Christus

Die betekenis van die konsep, *vry in Christus*, veronderstel veel meer vir gelowiges as (1) vry van sonde se beheer en (2) vry om God te dien. Ten grondslag van vry-wees in Christus lê gemeenskap met God. Dit behels God wat tuis is by (in) die gelowige en die gelowige wat tuis is in God se teenwoordigheid. Die teenwoordigheid van die Heilige Gees is binne hierdie verbintenis ’n gegewe feit, en gelowiges deel en neem deel in die wesensaard van die Gees. Dit is die teenwoordigheid van die Gees wat *praktiese alledaagse vryheid* vir die gelowige daarstel, maar ook die gehoorsaamheid van gelowiges aan die Gees wat lei tot praktiese alledaagse vryheid. Terwyl die gelowiges deelneem, word hulle vry van die ervarings en invloede wat hulle gees en lewe wil ondermyn. Met deelname beweeg die gelowiges binne daardie ruimte waar vryheid in Christus ’n gegewe, alledaagse werklikheid kan wees en word.

Die vraag is dus: wat behels die wesensaard van die Gees waarin die gelowige kan deel? Vervolgens ’n paar voorbeelde om te verduidelik. Wysheid is deel van die Gees se wesensaard, en God skenk dit as gawe ook aan die gelowige (Jak. 1:5). Die vrug van die Gees soos dit in Galasiërs 5:22 beskryf word, is deel van die Gees se aard. Hierdie vrug word met gelowiges gedeel (liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid en getrouheid). Daarom dui praktiese alledaagse vry-wees in Christus, op deurlopende gemeenskap met God wat Gees is.

Johnson (2000:121) verwys na Johannes 8:31-36 waar Jesus beklemtoon dat enigeen wat sonde doen ’n slaaf van die sonde is, maar dat Hy as Seun die mens waarlik vry kan

maak. Betreffende die *praktiese vryheid* in Christus, verduidelik Johnson (2000:121): "This freedom includes freedom from all those forces that have invaded my life and yours – guilt, shame, fear, hypocrisy, greed, and the like." Om as gelowige vir Christus te volg, hou, met ander woorde, praktiese gevolge in: vry-wees van sonde.

Die vraag hier is: ken gelowiges hulle *ware identiteit* in Christus – soos die Bybel dit stel? Hiermee korreleer ander vrae: glo hulle dit en leef daarvolgens? Word gelowiges in die Woord onderrig? Dit gebeur wel, maar veronderstel 'n verdere vraag: is dit genoegsaam sodat die Christelike identiteit, in die onderskeie terreine van hulle bestaan, hulle daaglikse lewe kan bepaal en rig? Dit sluit in: woorde, gedagtes, gesindheid en handeling/optrede. Hier sou die Navorser self wou vra wat die basis en begronding van sinvolle verhoudingskwaliteit in die Christelike huwelik en verbondsgesin sou behels. Na aanleiding van die bostaande argument sou 'n saak uitgemaak kon word dat 'n algehele *nuwe lewensbenadering* in Christus, 'n leefwyse wat aan God verbonde is, noodsaaklik is vir die vorming van diepgaande verhoudingskwaliteit in die huweliks- en gesinslewe. Dit wil sê, 'n persoonlike verbondverhouding tussen God en die gelowige is noodsaaklik. Dit beteken onder meer om naby aan die Bron van die lewe (Ps. 36:10) te leef. Tydens navorsing word die navorsingstema oor die huweliks- en gesinsverhoudings en verhoudingskwaliteit uit verskillende perspektiewe verken en bespreek, om sodoende die navorsingstema beter te verstaan.

Vervolgens word die tema van *persepsies en aannames* (3.4.1.1), in verband gebring met *misleiding* (3.4.1.2) en *God se waarheid* (3.4.1.3). Die bespreking van hierdie drie-deling hou verband met die *tradisie van interpretasie*, omdat enige verhaling 'n bepaalde interpretasie veronderstel.

3.4.1.2 Misleiding wys heen na 'n onsigbare werklikheid

Dit is nodig dat egpare wat in 'n verbondsverhouding met God staan, deeglik bewus sal wees wat dit beteken om in die 21ste eeu kind van God te wees en watter bagasie uit die tradisie van interpretasie die aard van die verbondsverhouding negatief kan beïnvloed. Gelowiges behoort te weet wat die volgende beteken: die verantwoordelikheid van

kinders van God, die eise vir hulle Christenskap, God se beloftes vir hulle lewe, sy vermanings en opdragte in sy Woord aan hulle gerig.

Jesus se woorde aan die gelowiges voordat hy opgevaar het, was nie sonder meer gemoedelike afskeidswoorde nie. Sy woorde was met erns en vermaning gemeng. Hy het die koninkryk van God verkondig (Hand. 1:1-3), mense vermaan (bv. Matt. 10:16). Hierdie boodskap van vermaning is ook deur sy volgelinge oorgedra en in die eerste gemeentes uitgeleef (Ef. 5:14-20; 2 Tim. 2:14-15). Daarby het Jesus se hele lewe/woorde getuig van die werklikheid dat God *verlore* mense roep. Die erns van die situasie is met elke daad van Jesus onderstreep. Lydende mense het verlossing nodig gehad. Dit het beteken dat hulle vrygemaak moes word van die impak wat die sonde op hulle lewe uitoefen. Die omgewing waarin die Woord verkondig is, was dikwels ’n vyandige een waarin Jesus teengestaan is.

Die teenstander volgens die vertellings (in die vier Evangelies) was Satan. Selfs Jesus se gebed vir sy dissipels (Joh. 17:1-26) het die erns van die situasie onderstreep. Daardie gebed is geopper teen ’n bedreigende agtergrond waar Jesus vir God gevra het om gelowiges te bewaar. Die bedreiging is aangedui as: God se vyand, ’n gedugte teenstander waarmee Jesus se volgelinge deeglik moet rekening hou (Ef. 6:10-12; 1 Pet. 5:8-9). Jare het sedert hierdie Nuwe- Testamentiese gebeure verloop, maar die boodskap geld steeds vir hedendaagse gelowiges. Gelowiges is verbonde aan God deur Christus, en die bedreiging het nie oor tyd heen uitgewoed nie. Jesus se woorde wat die gelowige destyds gewaarsku en vermaan het, bly steeds van krag.

Die tema *misleiding* wys heen na ’n onsigbare werklikheid van ’n misleier en teenstand teen die gelowige as God se uitverkorene. Die term *mislei* beteken om te bedrieg en om verkeerd te lei (VAW 2007:512). Die Woord hanteer die tema van misleiding uitvoerig:

- Mense se kwesbaarheid vir misleiding (Mark. 13:5; Kol.2:18);
- Die stryd teen misleiding (Kol. 2:4);
- Die moontlikheid dat die mens deur misleiding tot sonde oorgehaal kan word (Gen. 3:13);
- Misleiding met leuens in verband gebring (Spr. 4:24);

- Gelowiges herhaaldelik gewaarsku teen vals christusse en profete se misleidende woorde en optrede (Matt. 24:24).

Misleiding se impak word egter duideliker wanneer die afvalligheid teenoor God in die wêreld in die geheel onder die vergrootglas geplaas word. Misleiding[49] is uitermate suksesvol in die werk met die individu as God se skepping. Leuens soos: "Daar is geen God nie," of: "Verwerf self jou verlossing deur jou dade," word vir mense die "waarheid", en God se waarheid (soos volkome redding slegs in Christus) word vir die afvallige mens die "leuen" (Rom. 1:25). Misleiding is egter nie net op God gefokus, om 'n verdraaide en leuenagtige beeld oor God die wêreld in te stuur nie. Die mens is ook in die Leuen[50] se visier. Die Leuen poog onder meer om verhoudings te verongeluk – dié tussen God en mens, maar ook die Christelike huwelikverhouding en verhoudings in die verbondsgesin. Een van die doelwitte van *misleiding* is om die gelowige mens weg te stuur van die Drie-enige God en die medemens af. Of, vir die doel van die huidige studie, weg van die huwelikmaat en die gesinslede (verbondsgesin) af.

'n Gebrek aan die regte kennis (oor God en die waarheid) kan die gelowige soos 'n stad sonder mure laat: kwesbaar en ontvanklik vir leuens wat mislei. Wanneer gelowiges leuens aanvaar, dit glo en daarvolgens optree, kan dit hulle aardse lewe uiteindelik in chaos dompel. Verwikkelings soos selfmoord, 'n swak selfbeeld en depressie kan 'n werklikheid word vir diegene wat "inkoop" in die woorde/denke wat Leuens aan hulle stel. Wanneer gelowiges nie toegewy aan, of as 'n vaste reël in gemeenskap met God leef nie, is daar deurgaans die moontlikheid dat hulle nader aan die skade kan beweeg en wees. Skade kan onder meer behels denkpatrone wat teenstrydig met hulle nuwe lewe in Christus is (bv. "Dit sal beter wees as ek dood is!") of gesindhede (aanhoudende neerslagtigheid) wat hulle eie lewe ondermyn.

As pastorale berader en gesinsterapeut, wil die Navorser 'n saak uitmaak vir die volgehoue geloofstoerusting vir alle gelowiges: die Bybel word aan die mensdom as verkondigde waarheid gerig, maar meer spesifiek aan gelowige Christene, onder meer as riglyn vir die werklikheid van hulle nuwe lewe in Christus. Die Gewer van die

[49] Personifikasie.
[50] Personifikasie.

Woord se bedoeling was en is, dat sy woorde die gelowige deurtrek en deurdring (2 Kor. 3:18; Kol. 3:10). Die verkondigde/gelese woorde en lewensfilosofie word sodoende ’n integrale deel van die gelowige se denkwyse, en uiteindelik, daaglikse optrede. Deur die lees van die Woord, saam met die inspraak van die Heilige Gees, word gelowiges daagliks vernuwe om volgens Christus se voorbeeld in hulle denkwyse en optrede te leef. God se woorde wil die gelowige se gedagtes, woorde, dade, en gesindhede rig. Geloofstoerusting bring die gelowige tot in die midde van die verkondigde Woord. Van daar af kan onderrig voortgaan oor God se pad en Christelike lewenskuns. Dit raak die waarheid volgens God soos dit in sy Woord oorgedra word.

Soos reeds genoem, openbaar die praktyk waarin Medenavorsers leef en waarin hulle beskouings oor verhoudingskwaliteit ingebed is, nie vanselfsprekend die waarheid nie. Die tradisie van interpretasie kan beperkende beskrywings (‘thin descriptions’ volgens die narratiewe benadering) oor godsdiens of enige ander saak na vore bring. Hierdie interpreteringstradisie word ook gekenmerk deur die waarheid wat van geslag tot geslag oorgedra word. As voorbeeld kan die Bybel en die Christelike geloof geneem word. Dit is vanselfsprekend dat die huweliks- en gesinslewe nadelig geraak kan word deur die tradisie van interpretasie wat nie waarheid voortdra nie. Die strewe vir elke gelowige behoort te wees dat God se waarheid die rigting vir hulle nuwe lewe in Christus sal aandui.

3.4.1.3 Die waarheid volgens God teenoor die leuen wat in die wêreld werksaam is

Die term waarheid word in verband gebring met: juistheid, ware, en betroubaar (VAW 2007:1069). Die Skrif lê ’n merkwaardige verband tussen God en die waarheid (Joh. 8:40; Rom. 1:25) (Heyns 2000a:342). Die verband strek egter verder as bloot tussen God en die waarheid, en sluit, volgens die Skrif se getuienis, die Seun en die Heilige Gees in (Joh. 1:14; 16:6; 10:30; 15:26). Die Skrif leer dat die woorde wat vanaf God, die Seun en die Heilige Gees uitgaan, *die waarheid* is. Die Skrif se koppeling aan die waarheid (Joh. 17:17) hou ook regstreeks verband met God, want dit is die verkondigde waarheid wat deur God se Gees geïnspireer is (2 Tim. 3:16).

God het, deur die werking van die Heilige Gees, mense as tussengangers gebruik om sy woorde op skrif te stel. Wanneer die Skrif getuig dat die waarheid ’n mens vry maak (Joh. 8:32), beteken dit onder meer dat die waarheid mense bring tot by God se werklikheid, en weg van die trekkrag van die leuen af.

Met Jesus se koms na die wêreld het Hy getuienis afgelê oor die waarheid aangaande God en die koninkryk van God (Joh. 18:37). God se waarheid is ook deur die optrede van Jesus aan die omstanders bekendgestel. Die feit dat Jesus verklaar het Hy is die “weg en die waarheid en die lewe” (Joh. 14:6) (Bybel 1983), verduidelik in duidelike terme dat Hy (as Woord, Joh. 1:1) in diens van die waarheid van God staan. Die waarheid het mense aangegryp, in verwondering gelaat, aangetrek, oortuig, afgestoot en tot ’n nuwe lewe opgeroep. Die waarheid van God was in en deur die Seun aan die werk, met Jesus se koms as mens na die aarde. Mense moes dit hoor, sien, proe en beleef en oor hierdie waarheid, moes berig word. Die waarheid beur tot vandag toe voort om tot stand te bring wat God in sy wêreld beoog.

Die waarheid belig die grondbeginsel vir die manier waarop die hele stelsel van die heelal funksioneer. Dit is die manier waarop die natuur leef en blom, die interaksie en leefwyse van diere, insekte en voëls, die beginsel van man en vrou met afstammelinge, die konsep van liefde, hoop en geloof – al hierdie dinge wys heen na ’n meesterplan met ’n Meester daaragter. Die Skepper en Meesterontwerper word deur die Skrif aangekondig as God. God het die waarheid bepaal en gevestig. Hierdie waarheid is wat dit is. Die waarheid staan in diens van die orde wat God vir die bestaan van mense daar gestel het, aldus Heyns (2000:342). Heyns wys verder daarop: “Waar die waarheid heers, word lewensruimte geskep, want daar is God self teenwoordig” (Heyns 2000a:342). In en deur Jesus se koms breek God se nuwe era aan wat sy waarheid oor die verlossingsplan aan die mens bekend maak (Kol. 1:26-29).

Met die koms van die leuen verander die speelveld. Die leuen se allesoorheersende fokus is uit die staanspoor daarop gerig om die waarheid teen te staan. Hierdie ondermyning van die waarheid is primêr gemik teen God en sy saak. Sekondêr word die ondermyning deurgevoer na die mens as geskapene deur God. Deur die mens seer te

maak, word God indirek seergemaak, redeneer die Leuen[51] (Op. 12:12). Heyns (2000:342) wys daarop: vir die Leuen gaan dit oor die vernietiging van die werklikheid wat die naaste se redding, welsyn en herstel moet bring. Hy verduidelik dit soos volg (a.w.:342):

> Terwyl die waarheid die mens in ’n heilswerklikheid plaas, haal die leuen die mens daaruit. Die waarheid lê verbande, die leuen vernietig verbande. Die leuen is die woord of daad wat ’n skynwêreld skep en waarop die mens nie kan staatmaak nie – dit is ’n woord of daad wat jou nie tot jou bestemming as mens voer nie: wat jou nie tot heil strek nie, maar in die ongeluk stort. Dit is ’n bose woord wat Gods orde vir hierdie wêreld nie eerbiedig nie, maar wil vernietig en in chaos wil verander.

Die Woord onderrig die gelowige in dieper kennis oor die Leuen[52]. God se vyand, die duiwel (Joh. 8:44) is die vader van die leuen en word deur Jesus ’n moordenaar genoem (Joh. 8:44d). Leuentaal is in sy aard en daar is geen waarheid in hom nie (Joh. 8:44).

Die wortelverhouding van die mens tot God word deur die werking van die leuen aangetas (Heyns 1999:406). Dieselfde geld verhoudings tussen mense: eggenotes, ouers en kinders, broers en met vriende of vreemdelinge. Op die onderskeie terreine en verhoudings werk die leuen aktief “om God se goeie wêreld af te breek en te vernietig en ’n eie onleefbare skynwêreld daar te stel” (a.w.:342). Die teendeel is egter ook waar: *God se waarheid* breek steeds ’n pad na mense se hart oop . Die waarheid bly – ongeag die weerstand en teenstand – steeds die norm en maatstaf vir ’n sinvolle en verstandige bestaanswyse.

Waarheid en liefde hou met mekaar verband. Slegs persone wat liefde het, kan werklik die waarheid praat, want juis die liefde wil vir die ander ’n leefruimte skep (Heyns 2000a:354). Met ander woorde, die liefde en waarheid is pasmaats en vul mekaar aan in diens tot die mens. Waar waarheid in liefde uitgespreek word, hanteer die spreker daardie gegewens op so ’n manier dat die werk van God se vyand vernietig word, en die werk van God se versoening voortgesit word – én God se koninkryk op aarde daardeur

[51] Personifikasie.

[52] Personifikasie.

gedien word (Heyns 2000a:354). In die huweliksverhouding en verbondsgesin is hierdie punte van kardinale belang vir die verstaan van die *waarheidskonsep* binne die pastorale konteks.

Ter opsomming, soos die bogenoemde punte belig, bring die praktyk waarin Medenavorsers leef nie vanselfsprekend die waarheid na vore nie. Die voorafgaande bespreking het verskillende fokuspunte behandel oor die tradisie van interpretasie. Daar is ook gevind: die waarheid volgens God kan ’n rol speel wanneer die gelowige as verhoudingswese te midde van die huweliks- en gesinsverhoudinge funksioneer en leef.

Vervolgens word ’n aantal perspektiewe oor die narratiewe navorsing ondersoek, wat by die voorafgaande besprekings aansluit.

3.5 NARRATIEWE NAVORSING EN DIE TRADISIE VAN INTERPRETASIE

Die pastoraat het die taak om God só te vertolk dat geloof sin maak in die wêreld van die gelowiges. Dit geld ook omgekeerd: die gelowiges moet die wêreld waarbinne hulle daagliks leef en optree, sodanig verstaan en vertolk dat hulle hierdie konteks in aanraking met die evangelie bring (Louw 2005:23). Hierin kan die narratiewe benadering ’n belangrike rol speel. Die Godsverhaal en mensverhaal moet met mekaar in verband gebring word.

Volgens Louw (a.w.:23) moet daar fusie tussen hierdie twee verhale plaasvind. Storievertel en die luister na stories word dan ’n belangrike pastorale strategie (Louw 2005:23). Die narratiewe benadering is veral geskik om inligting, wat dikwels diep verborge in die verteller se gemoed lê en nie noodwendig aan hom- of haarself bekend is nie, deur verhaling na die oppervlak te bring. Wanneer hierdie model in die pastoraat gebruik word, word die aanname gemaak dat “die mens self deur God in die tyd geskape is met die veronderstelling dat tyd en geskiedenis die lewensverhale van mense weef” (a.w.:24). In narratiewe navorsing geld dieselfde beginsels. Die Medenavorser se verhaal word met God se verhaal in verband gebring, in ’n poging om, indien nodig, vernuwende denke en nuwe-lewe-handeling na vore te laat tree.

Vervolgens word ’n aantal belangrike fokuspunte van die narratiewe benadering van nader beskou om ’n beter begrip te kry van die onderliggende dinamika wat in verhale afspeel, en daarby hoe belangrik die soort verhale is wat mense oor hul lewe vertel.

3.5.1 Ryk en beperkende beskrywings volgens die narratiewe benadering

Gesprekvoering is soos spoorsny vir die Navorser. Die verhaal dra belangrike, gesproke en ongesproke inligting aan die hoorder/leser oor. Hierdie feit word verder onderstreep deur die voorkoms van *ryk* en *beperkende beskrywings* (“thick ... and thin descriptions”) in ’n verhaal. Die verteller self asook die hoorder van die verhaal, sien dikwels ryk en beperkende beskrywings in ’n verhaal oor die hoof.

’n Ryk beskrywing dra betekenis na die hoorder oor. Freedman en Combs beskryf ryk beskrywings soos volg: “... thick descriptions or rich, meaningful, multistranded stories of those aspects of people’s life narratives that lie outside the influence of problems” (2002:12). Uit ’n narratiewe perspektief gesien, hou ryk beskrywings verband met alternatiewe verhale. In die navorsing se geval hou alternatiewe verhale dus verband met die Christelike geloof en die nuwe lewe in Christus lewenswyse, met die betekenis daarvan vir die gelowige se lewe. Sommige beperkende beskrywings is weer maklik *in ’n gewone sin* uitkenbaar, omdat die woorde deur Onkunde, Dwaasheid of Leuens[53] gedra word en hulleself in die spreker se woorde, ontbloot. Vervolgens word voorbeelde van ryk beskrywings gestel, en daarna beperkende beskrywings.

- **Voorbeelde van ryk beskrywings:**

Ryk beskrywings behels: beskrywings wat dui op unieke uitkomste; alternatiewe verhale wat met God verband hou; beskrywings oor eie identiteit in Christus; verhale wat van ware hoop op God vertel; en beskrywings oor verhoudingskwaliteit wat ryk is aan betekenis en verhoudings bou. So ’n beskrywing herinner gelowiges ook aan hulle identiteit in Christus wanneer hulle, binne ’n bepaalde oomblik, alleen en verstote voel. Hierdie beskrywing bou geloof (soos ’n Bybelse verhaal oor die konsep *vergifnis,* of ’n

[53] Personifikasie volgens die narratiewe benadering.

oproep om te glo). ’n Ryk beskrywing kan ‘n verhaal oor liefde wees, of ’n sinsnede soos “Mamma het jou lief!” ’n *Ryk beskrywing* (1) maak deure oop op die lewe as ‘n gawe van God, terwyl ’n *beperkende beskrywing* (2) deure wil toemaak. Eersgenoemde moedig ware hoop op die toekoms aan, terwyl laasgenoemde poog om die mens hoop te laat verloor. Dit moedig selfs valse hoop aan. Eersgenoemde wil bou aan iemand se menswees, terwyl laasgenoemde poog om ’n persoon se menslikheid te ondermyn.

- **Voorbeelde van beperkende beskrywings:**

’n Beperkende beskrywing is daardie siening wat die deur op die Christelike geloof toemaak; eie identiteit ondermyn; onkunde blootstel; nie die ware feite dra nie; nie op die waarheid gebaseer is nie; selfmoord of ’n buite-egtelike verhouding aanmoedig; en leuens.

’n Mens kan beperkende beskrywings uitken in ’n verhaal wat vertel word. Die volgende algemene voorbeelde sal dit duidelik maak. Hier onder word stellings weergegee van gelowiges aan die woord, met ’n kort ontleding daarna:

- “Die Here het my kind weggevat!” (’n Ouer uiter hierdie woorde nadat sy of haar kind in ’n motorongeluk omgekom het.) *Beskuldig God. Die stelling is nie waar nie. Die Here het nie die kind weggevat nie, die kind is in ’n ongeluk oorlede waar nalatigheid of ’n fout (meganies of menslik) ’n rol gespeel het. Hierdie stelling, wat geglo word, moedig verwydering tussen die mens en God aan*.
- “My lewe beteken niks. Dit sal beter wees as ek dood is.” *Selfmoord word aangemoedig op grond van ’n wanvoorstelling vir die self*.
- “Ek is hopeloos! Ek kan niks reg doen nie.” *Selfondermynende denke; op leuens gebaseer.*
- “Ek het ’n probleemkind!” *Die kind word die probleem gemaak, terwyl hy/sy met ’n probleem sukkel*.
- “Niemand is lief vir my nie!” *Leuen: die stelling is nie waar nie*.
- “Ek het nie meer hoop nie!” *Leuen: in Christus is daar altyd hoop*.

- “Mans is almal dieselfde. Goed vir niks!” *Leuen: mans is nie almal dieselfde nie. Mans is wel goed in heelwat aangeleenthede*.
- “Dit was my skuld!” (’n Tiener se siening nadat sy gemolesteer is.) *Leuen: stelling werk selfondermynend in die persoon se lewe*.
- “Jou lewe gaan op niks uitloop nie!” (Ouer se woorde aan sy kind.) *Leuen: stelling wil hoop op die toekoms doodmaak.*

’n Volgende perspektief op die temas van ryk en beperkende beskrywing volg hierna.

3.5.2 Ryk en beperkende beskrywings word deur handeling gevolg

Daar is ’n samehang tussen (1) ’n ryk – of beperkende beskrywing oor ’n persoon, die self of ’n saak, (2) geloof in die ryk – of beperkende beskrywing en (3) dade wat in diens van genoemdes volg. Die een het die ander tot gevolg.

’n Ryk beskrywing dra by tot die opbou van individue en groepe mense (soos met ’n gemeente). Hier word byvoorbeeld gedink aan die ryk beskrywings wat oor die nuwe lewe in Christus lewenswyse handel, wat tydens die erediens verkondig word. Die domino-effek wat ryk beskrywings tot gevolg het, kan nie in waarde gemeet word nie. Omdat ’n ryk beskrywing - wat geglo word - tot opbou van ’n persoon en sy of haar lewe dien, volg ooreenstemmende dade hiervanuit as ’n noodwendigheid.

Die domino-effek wat beperkende beskrywings tot gevolg het, kan krisissituasies vir die verteller en hoorder veroorsaak. Beperkende beskrywings kan wel as boustene dien vir die volgende: ’n verkeerde lewensuitkyk, beperkte geloofsoortuigings, geloofsondermyning, die aanblaas van haatgedagtes of jaloesie en ’n swak selfbeeld. In pastorale konteks kan beperkende beskrywings/sienings, wat die huweliksmaats individueel (of saam) handhaaf, wel ongemerk vernietigend inwerk op die kwaliteit van verhoudings in die huwelik en gesin. En dit, terwyl die egpaar moontlik onbewus is van die gevaar wat hulle huweliks- en gesinsverhoudings bedreig.

3.5.3 Kernverhale ontwikkel deur die tradisie van interpretasie

Volgens die narratiewe benadering ontwikkel kernverhale, soos reeds daarop gewys, deur die tradisie van interpretasie. Die een geslag interpreteer ’n saak op ’n bepaalde manier en die sienings (interpretasie) word natuurlikerwys aan die volgende geslag oorgedra. Mense leef onbewustelik te midde van en word beïnvloed deur die *tradisie van interpretasie*. Gestel ’n Christelike gesin leef daagliks in ’n atmosfeer van bedagsaamheid teenoor mekaar. Sekere kernverhale lê in die begronding van hierdie soort wedersydse optrede. Gestel ’n ander gesin leef daagliks te midde van onverdraagsaamheid teenoor ’n ander etniese groep. Ook in so ’n geval lê sekere kernverhale in die begronding van hierdie soort optrede. Hierdie bogenoemde stellings sal in die volgende hofies nader verduidelik word.

3.5.3.1 Binne gesinsverband

Mense, in die geval van die huidige navorsing gelowiges, vertel kernverhale oor hulle lewe. Kernverhale is dominante verhale wat mense herhaaldelik oordra. Dit behels verhale oor die identiteit waarin hulle glo, of oor húlle interpretasie/siening oor gebeure/sake, of verhale oor die belangrike feite van hulle lewe. Hierdie verhale handel oor die verlede, vandag en môre se ervarings, en kan ’n positiewe of negatiewe impak op die verteller asook die hoorder hê. Morgan (2000:8) verduidelik hieroor:

> An individual may have a story about themselves as being successful and competent. Alternatively they may have a story about themselves as being ‘a failure at trying new things’ or ‘a coward’ or as ‘lacking determination’. Families may have stories about themselves as being ‘caring’ or ’noisy’ or ‘risky’ or ‘dysfunctional’ or ‘close’. A community may have a story about itself as ‘isolated’ or ‘politically active’ or ‘financially strong’. All these stories could be occurring at the same time, and events, as they occur, will be interpreted according to the meaning (plot) that is dominant at that time.

Kernverhale kan die volgende insluit:

- Geloofsverhale wat op die Christelike waarheid gegrond is. *'n Voorbeeld is die verhaal van Petrus wat op die water geloop het*.
- "Ek kan nie in 'n huweliksverhouding vasbyt nie." *Persoonlike denke van 'n man wat reeds drie keer getroud/geskei is.*
- "My Pa is/was 'n humeurige man." *Volgens Pieter ('n fiktiewe naam), is 'n uitstaande karaktertrek van sy Pa sy kort humeur.*
- "Ek weet nie of ek die ewige lewe gaan beërwe nie." *'n Gelowige se twyfel-kernverhaal.*

3.5.3.2 Binne gemeenskapsverband

Selfs binne die groter gemeenskap word dominante verhale vertel wat wyer geglo word: "There is always a context in which the stories of our lives are formed. This context contributes to the interpretations and meanings that we give to events. The context of gender, class, race, culture and sexual preference are powerful contributors to the plot of the stories by which we live" (Morgan 2000:9).

Dominante diskoerse oor byvoorbeeld wat die groter gemeenskap as die ideale, mooi vrou beskou, word maklik die maatstaf waarteen jong meisies hulleself meet (en soms volgens hulle eie persepsie te kort skiet – wat tot eetversteurings kan lei). Dominante verhale ontstaan kollektief binne die groter gemeenskap. Dit word gevorm deur die gemeenskap se interpretasie van waardes en deugde: wat mooi, reg, eg, stand, belangrik, minder belangrik, aanvaarbaar en nie aanvaarbaar is nie. Of, dit fokus op "hoort" of "nie hoort nie" – gemik op rang, posisie of rolverwagting. Binne die geloofsgemeenskap word kernverhale vertel oor die nuwe lewe in Christus, geloofsverhale, en Christus se offer aan die kruis.

3.5.3.3 Die impak van 'n dominante verhaal

Die impak van 'n dominante verhaal in 'n persoon se lewe kan omvangryk wees en inwerk. Wanneer geloof in 'n dominante verhaal gevestig is, vloei dade daaruit voort. Om hierdie rede is die kernverhale wat mense oor hulle eie lewe vertel, van die uiterste

belang. Indien die kernverhaal op ’n verkeerde tradisie van interpretasie gegrond is, is daar ’n besliste moontlikheid dat verkeerde dade daaruit kan voortvloei. ’n Moontlike voorbeeld kan lui: “Ek kan hulle (bedoelende persone van ’n ander groep) nie verduur nie.” Op hierdie denke volg dade wat getuig van afkeer teenoor daardie groep – en kan selfs in xenofobie ontaard.

Die teenpool is: wanneer ’n dominante verhaal gegrond is op die Christelike geloof en ’n persoonlike verhouding met God, beïnvloed dit die persoon se optrede – en in die geval van die navorsing, binne die Christelike huweliks- en gesinsverhoudings. Dade vloei voort uit die begronding van mense se geloof en beïnvloed individue se ervarings in die huwelik en gesin positief. Sodoende word verhoudingskwaliteit vir gelowiges ’n werklikheid.

3.5.3.4 Alternatiewe verhale wat verband hou met die Christelike geloof

In die narratiewe benadering word daar na die verhale van Medenavorsers geluister. Soms word verhale oor die huweliksverhouding vertel wat die toekomsverwagting vir een of albei ondermyn en in gedrang bring. Die oop deur op die toekoms word, met ander woorde, toegemaak deur die verhaal wat oorgedra word. Hoop op ’n goeie toekoms verdwyn met die verhaal wat oor die huweliksverhouding vertel word. Die egpaar se huweliksprobleme kan uit hulle perspektief omvangryk blyk, sodat hulle nie meer hoop oor het vir ’n sinvolle saam-oppad-wees nie. Indien dit gebeur, behoort ’n appèl gemaak te word op die Christelike geloof om ’n verskil ten goede te bring wat betref gesindhede, dade, en verhoudingskwaliteit in die huweliksverhouding en in die lewe van die betrokkenes. Morgan (2000:14) stel dit soos volg: “Just as various thin descriptions and conclusions can support and sustain problems, alternative stories can reduce the influence of problems and create new possibilities for living.”

Die Christelike geloof se inhoud veronderstel méér as slegs die gesigswaarde wat die verhale daaraan toeken. In, met en deur die Christelike geloof kom staan die gelowige langs die Here, wat in ’n soort taalgebruik wat vir daardie persoon verstaanbaar is, die optrede van die nuwe lewe in Christus verkondig. Die Woord, in samewerking met die Gees, wil mense vernuwe deur ’n leefstyl te verkondig wat lewens kan transformeer. Dit

geskied wanneer die verkondigde Woord vir mense ’n saak word van: “Ek hóór wat die Woord sê ...”, en “... ek gaan dóén soos die Woord eis.” Dit behoort ook vir gelowiges ’n geval te wees van: “Hóór in die Woord wat jy in gehoorsaamheid aan *God se eise* moet doen, en gaan dóén dit dan” (Jak. 1:22-25). Van die gelowige verg dit om toe te tree tot die nuwe lewe in Christus wat gepaardgaan met optrede, wat die uitwerking het dat dit die betrokke mens se lewe ten goede omvorm. Uit hierdie genoemde scenario sal meer gevolge spruit: optrede volgens die nuwe lewe sal, gemerk en ongemerk, bou aan die huweliks- en gesinsverhoudings.

Daar is dus alternatiewe verhale nodig wat met die Christelike geloof verband hou en daarby, die verhale van pyn oor die huweliks- en gesinsverhoudings kan vervang. Die noodsaak vir sulke alternatiewe verhale dui aan hoe nodig denke en optrede is vanuit die nuwe lewe in Christus. Die alternatiewe verhale wat gelowiges oor hulle lewe vertel, sal asof vanselfsprekend volg op handelinge uit hulle nuwe lewe in Christus. Andersom gestel: die verhale oor so ’n nuwe lewe in Christus kan ten goede ’n verskil in die lewe van ’n gelowige maak indien dit volgens daardie voorbeeld toegepas word. ’n Alternatiewe verhaal kan die volgende wees: onregverdigheid wat vervang word met ’n regverdige gesindheid – ’n keuse. Die Christelike geloof, wat in en deur gelowiges se handelinge gestalte kry, kan ’n lewensomvattende verskil in die huweliks- en gesinsverhoudings maak, asook in die wêreld waarbinne hulle beweeg. Vervolgens word kortliks twee voorbeelde aangedui van nuwe-lewe-verhale wat ’n sinvolle verskil kan maak indien dit prakties toegepas word.

1. ’n Verhaal van vergifnis

Die tema *vergifnis* loop soos ’n goue draad deur die Bybel. Gelowiges het uiters nodig om met ’n gesindheid van vergifnis te leef. In die Christelike huweliksverhouding staan of val die huwelik by so ’n ingesteldheid. Vergifnis is ’n daad van liefde teenoor ’n ander; dit behels ’n doelbewuste keuse vir die liefde. In 2 Korintiërs 2:5-11 moedig Paulus die gemeentelede aan om ’n medegemeentelid wat hartseer veroorsaak het, te vergewe. Hy eindig die gedeelte waar hy die noodsaak van vergifnis bevestig: “Die Satan moet nie die oorhand oor ons kry nie. Ons ken sy planne maar alte goed” (v. 11).

Vergifnis lei daartoe dat ’n verhouding tussen twee mense – wat voorheen onder die druk van die sonde geswig het – herstel word.

2. ’n Verhaal van verantwoordelikheid

Paulus is aan die woord in 2 Korintiërs 2:17 e.v.: “Ons verkondig die woord in opregtheid, in verbondenheid met Christus, in opdrag van God en in verantwoordelikheid aan God” (Die Bybel 1983). Paulus het ’n opdrag ontvang om God se boodskap te verkondig, daarom is Paulus ook verantwoordbaar aan God vir wat hy doen en sê. Net so is ’n gelowige teenoor God aanspreeklik vir sy of haar optrede/lewe. Om dus met verantwoordelikheid reg op te tree, behoort vir gelowiges vanselfsprekend te wees. Dit gebeur slegs wanneer die “reg doen” gepaardgaan met die gelowige se vasberade wilsbesluit. Die huweliks- en gesinverhoudings verg ook hierdie soort sin vir verantwoordelikheid. Na die Navorser se mening is ’n standvastige verantwoordelikheidsin gekoppel aan ’n Bybelse waardesin, of dan *God se sin vir waarde*. In sulke omstandighede weet die gelowige, volgens Bybelse standaarde, wat die regte optrede (gesindheid, denke) in ’n situasie behoort te wees, en voeg dan sy of haar eie insette by hierdie woord.

Wanneer die verantwoordelikheidsin aan God gekoppel word, beteken dit dat die gelowige net soos God oor ’n saak dink, en dat God se denke oor enige saak vir die gelowige belangrik word en is, met die ooreenkomstige optrede wat daaruit vloei. In hierdie sin weerspieël die optrede die mens se verantwoordelikheid teenoor God, om te doen wat in God se oë *reg* is. ’n Bybelse sin vir verantwoordelikheid bring mee: ’n erns teenoor God asook ’n dringendheid om die regte ding volgens God se standaarde te doen.[54] ’n Bybelse verantwoordelikheidsin laat die mens vasstaan volgens (Bybelse) grondwaardes, te midde van tye van aanvegting om die sin vir verantwoordelikheid, as ’n bestaansmoontlikheid, oorboord te gooi. Hier is ’n goeie voorbeeld: wanneer

[54] Die dringendheid om ’n mens se eie dade volgens God se standaarde te rig, is letterlik ’n saak om lewe of dood (bv. Deut. 30:14-20) (Bybel, 1983). Dit behels lewe of dood in die sin dat **lewe** gekenmerk word deur dade wat in diens is van God en die nuwe lewe in Christus, teenoor die dade wat in die mag van sondige doodsheid (die **dood**) geskied. Laasgenoemde dade maak die mens letterlik onvry, rusteloos, en vasgevang. Eersgenoemde keuse behels ’n ruimte waarin dade in diens van God geskied en letterlik gekenmerk word deur blydskap, entoesiasme oor die toekoms, opregtheid, waarheid en opgewondenheid oor die lewe. Reg-doen, in diens van God, het hierdie laasgenoemde kenmerke tot gevolg.

verslawing ’n houvas op ’n mens wil kry, laat ’n sterk verantwoordelikheidsin jou makliker *nee* sê vir iets wat duidelik en sonder twyfel teen jou eie gevestigde waardesin is. Hierdie *waardesin* verskaf grondwaardes vir die siening oor en behandeling van ’n mens se eie liggaam, die optrede teenoor ouers en ander, die soort verhouding met die Here, morele waardes, en optrede in die algemeen.

3.5.3.5 Betekenisvolle herformulering

Volgens Müller *et al.* (2001:89) herinner die navorsingsproses aan die neerpen van ’n verhaal. In hierdie geval bevat die proses die volgende elemente: die verhale van Medenavorsers; inligting verkry uit die beradingsproses; ’n verhaal van ’n predikant; persoonlike verhale en interpretasies van die Navorser; die verhaal van die Woord; en verhale verkry uit die literatuurstudie. Hierdie genoemde elemente saam vertel die navorsingsverhaal. Hieruit, en samevattend, ontstaan ’n nuwe verhaal deur betekenisvolle herformulering. Die Woord speel ’n belangrike rol in hierdie herformulering omdat die Medenavorsers gelowiges is en hulle lewe volgens die Woord inrig en wil uitleef.

Die verhaal van die nuwe lewe in Christus dra ’n spesifieke leefwyse oor. Dit behels ’n bepaalde gesindheid, gebedslewe, toewyding aan God en najaag van die goeie. Daarby geld ’n verstandigheid, hart vir die naaste, vergewensgesindheid, werkbare Bybelkennis en ’n toewyding aan die gemeenskap van gelowiges. Die gelowige behoort nie sonder hierdie aspekte te leef nie, want die een fokuspunt bekragtig die ander en help saam om die gelowige op die geloofspad te versterk. Die gelowige kan ook nie ver van die Bron van die lewe bestaan nie. Indien hulle dit wel wil doen, kruip die dood, in die gedaante van die sonde, ongemerk nader en kan verhoudings en lewens skade aanrig. Die gelowiges het God by uitnemendheid nodig in hulle leefwyse. Naby God word die gelowige se bestaan omvorm tot die nuwe lewe in Christus, met die regte optrede wat vanuit hierdie nuwe lewe (sal) volg.

Die verhaal van God (Woord) word, deur die begeleiding van die Heilige Gees, self die veranderingsagent in die lewe van die gelowige indien daardie gelowige God gehoorsaam volg.

Betekenisvolle herformulering oor byvoorbeeld die aard van die huweliksverhouding, verbondsgesin asook verhoudingskwaliteit, kan ook dien as veranderingsagent in die lewens van mense wat aan God behoort. Dit verg ook nuwe perspektiewe op die Woord, want van daar uit kan nuwe insigte oor die navorsingstemas ontstaan.

3.5.3.6 Die nuwe lewe in Christus

Die narratiewe navorsingsverhaal hou met God se verhaal met mense, rekening. Die Medenavorsers is gelowiges en die navorsingstemas handel oor die Christelike geloof. Elke gelowige het God nodig: God se hulp, inspraak, vrymaking van sonde (verlossing), leiding, goeie gawes, seën, liefde, en God se Gees. Weens die sondeval het die mens ’n behoefte aan heelword en die vestiging van heil wat *in Christus* ’n werklikheid word. Hierdie vestiging is *heeltyds* nodig: dit dra die gelowiges, beskerm hulle teen die kwaad, lig hulle gees en hart, vestig blydskap, hoop, en geloofsoorwinning in Christus se Naam. Die vestiging van hierdie heil dui op ’n praktiese uitlewing van die nuwe lewe in Christus. God is besig met die gelowiges, en gelowiges is met God besig. God het *lewe in oorvloed* vir die gelowiges in gedagte – voortdurend. Jesus het, volgens die Evangelies, juis na die aarde gekom om ’n verskil ten goede in mense se lewe te maak wat Hom as Verlosser aangeneem het.

Hierdie verskil behoort, as naklank, ’n omvattende en sigbare verandering in die lewe van gelowiges te bring, en hulle toe te rus dat hulle self in die huidige wêreld tussen alle ander mense ’n goeie verskil kan maak. Hierdie verskil werk op twee vlakke. Eerstens het gelowiges God nodig sodat hulle eie lewe ten goede omvorm kan word; tweedens sodat hulle, soos Jesus, ’n verskil ten goede ter wille van ander mense kan maak. Binne die konteks van die huidige navorsing behels dit ’n goeie verskil ter wille van: die self, die eggenoot, eie kinders, familie, kennisse, ander gelowiges, en in ’n gebroke samelewing wat hierdie nuwe fokus uiters nodig het. Oor die algemeen het mense vir God méér nodig as wat hulle in enige stadium van hulle lewe kan besef. Daarby kan God ’n lewensomvattende verskil maak wat daardie mens se lewe opbou. Hierdie verskil reik selfs so ver as die ewige lewe in Christus wat hier en nou begin.

Om op te som: die voorafgaande gedeeltes het (vanaf 3.5) op narratiewe navorsing en verwante onderwerpe gefokus. ’n Belangrike fokuspunt was die verband wat beperkende beskrywings (3.5.1) het met die tradisie van interpretasie. Daar is gevind dat beperkende beskrywings die mense wat daarin glo en dit propageer, uitbring by ’n verkeerde opsomming en verstaan van hulleself, die lewe, ander mense, of van enige saak. Indien ’n beperkende beskrywing geglo en verkondig word, kom dit ook in dade na vore (sien 3.5.2).

Die gedeeltes wat hierop volg gee telkens ’n ander perspektief op die tema *verhale*. Die volgende onderwerp word van nader ondersoek: Medenavorsers se verhale en, in hierdie geval, spesifiek die tradisie van interpretasie oor die aard van die verbondsverhouding met God asook die gevolge wat dit vir tussenmenslike verhoudings inhou. Daarna word ’n kort interpretasie gegee.

3.5.4 Verhaling in die tradisie van interpretasie

3.5.4.1 Inleiding

Om die verhaling in die tradisie van interpretasie te ondersoek, moet teruggekeer word na die navorsingsvraag: *Hoe beïnvloed die tradisie van interpretasie oor die aard van die verbondsverhouding met God, en die implikasie daarvan vir tussenmenslike verhoudings, die ervarings in die Christelike huweliks- en gesinsverhoudings?* (Verwys na navorsingsvraag 3.1.) Medenavorsers tot die huidige studie kom vervolgens oor die genoemde vrae deur verhaling aan die woord.

3.5.4.2 Die tradisie van interpretasie oor die funksionering van die verbonds-verhouding

Onder die temas wat volg, word die spesifieke geloofsoortuigings van Medenavorsers gestel en kortliks deur die Navorser belig. Hier is van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak, waarvan beskrywing, verstaan en betekenis belangrike aspekte uitmaak. Die

verhaling van Medenavorsers[55] dra betekenis en ’n beter verstaan van die navorsingstema oor aan die Navorser. Kortliks opgesom, het altesaam elf Medenavorsers tussen die ouderdomme 30-65 jaar aan die navorsing deelgeneem, en drie voorbeelde van beradingsgevalle is gestel (vgl. Bylae A). Al die deelnemers is Afrikaanssprekend, lidmate van die Nederduits Gereformeerde, Hervormde, en Gereformeerde Kerke. Al die Medenavorsers woon in die Klerksdorp-, Orkney- en Potchefstroom-distrikte, binne Noord-wes, Suid-Afrika. Almal het van hulle geloof in Christus getuig. Bylae B verskaf ’n lys van die vrae wat aan Medenavorsers gestel is. Die vrae het oor die volgende temas gehandel: die huwelik; verbondsverhouding; die doop; ’n persoonlike verhouding met God; verhoudingskwaliteit; konflik; vergifnis; ouers/skoonouers/familie/skoonfamilie; alledaagse lewe; en kinders/tieners/volwasse kinders. ’n Gedeelte van die vrae en antwoorde, met betrekking op ’n spesifieke tema wat ’n tradisie van interpretasie na vore bring, word vervolgens aan die orde gestel.

1. Die tradisie van interpretasie oor geloofsekerheid

Al die Medenavorsers het getuig van hulle geloof in die Drie-enige God en spesifiek ook van hulle geloof in Jesus as hulle Verlosser. Die volgende antwoorde is onder meer gegee: die Here beteken “alles, in lewe en in sterwe” (Bylae A-A5); “Die Here is my enigste Anker ...” (Bylae A-A3); “Ek het die Here lief” (Bylae A-A10); “Ek staan in ’n persoonlike verhouding met God” (Bylae A-A10); en “die Here beteken vir my alles – sonder die Here sal ek nie staande kan bly nie” (Bylae A-A1).

Die Medenavorsers se *tradisie van interpretasie* onderskryf die geloofsbegronding van die Gereformeerde leer. In geen van die vrae wat oor geloofsverwante sake aan hulle gestel is, het twyfel in God in die antwoorde na vore gekom nie. Respek en eerbied vir God, het ook duidelik uit hulle verhale geblyk. Die Medenavorsers se toewyding aan God kan ook in ’n mate gemeet word aan hulle belang by die geloofsonderrig van hulle kinders, hulle het getuig van hulle kinders se geloof in Christus. Dit blyk dat die Christelike geloof en Drie-enige God vir die Medenavorsers ’n saak van die hart én verstand behels.

[55] Verwys na Hoofstuk 2 – 2.8.3 vir inligting aangaande die Medenavorsers.

Die Heilige Gees se werk staan in hierdie verband uit. God se koninkryk is in ’n groot mate ’n saak wat heenwys na ’n *onsigbare werklikheid*[56] waarin gelowiges glo en deel. Die daaglikse geloofswerklikheid van die Medenavorsers wys ook duidelik en ondubbelsinnig uit watter verskil die volgehoue werk van die Heilige Gees in hulle lewe maak.

2. Die tradisie van interpretasie oor die verbond en verbondsverhouding met God

Die Medenavorsers se verstaan van die verbondsverhouding met God, word vervolgens gestel. Op die vraag: “Wat verstaan jy onder die term ‘Verbond’? (Bylae B-16), is daar uiteenlopende antwoorde. Die antwoorde was meestal kripties en elementêr gestel, soos: “Die Verbond is ’n plegtige verbintenis met God” (Bylae A-A1); “Die Verbond is ’n belofte” (Bylae A-A4); of: “Die Verbond is ’n ooreenkoms tussen die Here en myself.” (Bylae A-A2). Hierdie stellings belig verskillende invalshoeke van Medenavorsers se verstaan van die verbondsverhouding tussen God en hulleself, maar behels veel meer as wat hier genoem word.

Linda (Bylae A-A3) se verstaan van die verbond (Bylae B-16) is: “Dat ons geestelike kinders van Abraham is, maar deur Jesus se kruisdood ingesluit is in ’n unieke verhouding van bewaring en seën tot in die 1 000ste geslag van die wat die Here liefhet. Ons het egter ook ’n baie groot verantwoordelikheid om die Here te dien met alles wat ons het en doen. Deut. 28.”[57] Volgens Amanda (Bylae A-A10) is die verbondsverbintenis tussen God en die gelowige ’n ooreenkoms: “Die verbondsverbintenis is ’n ooreenkoms tussen God en my. God het die ooreenkoms geïnisieer. In en deur Jesus se kruisdood het ek redding ontvang. Die pad na God is vir my oopgemaak deur Jesus se kruisdood. Ek kan nou tot God nader. Hy is my God en ek is Sy kind. En omdat ek aan Hom behoort leef ek reeds nou die nuwe lewe in Christus.”

[56] *’n Onsigbare werklikheid* … met die belofte van ’n ewige lewe; … met die beginsel van verlossing van sonde; asook die vestiging van liefde vir die onsienlike God wat in die hart van die gelowige bewerk word.

[57] Die Medenavorser het die gedeelte in Deuteronomium aangehaal.

Oor Medenavorsers se tradisie van interpretasie rakende die tema verbond en verbondsverhouding, word die volgende punte gestel: nie een van die Medenavorsers het van ’n *nuwe* verbond gepraat nie. Dit val op: in sommige van die antwoorde (tradisie van interpretasie) oor die verbondsverhouding en ’n persoonlike verhouding met God, het Medenavorsers soms die name van God en die Here in dieselfde sin gebruik, sonder om spesifiek te onderskei. Die antwoorde skep die indruk dat die begrippe *God* en *Here* vervloei en Elkeen (God en Christus) nie tot eie reg in die verbondsverstaan van Medenavorsers kom nie. ’n Voorbeeld kan hierdie punt illustreer: Linda (Bylae A-A3) het op die vraag, “Wat verstaan jy onder die begrip, “’n Persoonlike verhouding met God?”” geantwoord: “’n Persoonlike verhouding met God[58] beteken om te kies om die Here te dien en saam met Hom die lewenspad te stap in verwagting en geloof.”

Die betekenis van die verbond, soos reeds genoem, is deur Medenavorsers herlei na ’n ooreenkoms, belofte en plegtige verbintenis. Vir die Navorser is *inhoud* van hierdie verbintenis van belang in die verbondsverhouding met God. Dit is o.a. die inhoud van die verbondsooreenkoms, en die inhoudelikheid van die beloftes wat aan die verbond/verbondsverhouding gekoppel word. Die Navorser is van mening dat gelowiges die inhoudelikheid van die verbond/verbondsverhouding volledig moet ken wanneer hulle toetree tot die werklikheid van die verbintenis waarin hulle reeds deel.

’n Gewone verhouding kan mettertyd tot niet gaan, omdat een of albei die partye nie weet watter rol hy of sy in die verhouding behoort te vervul nie. Om in ’n sinvolle verhouding te staan, behoort die mens te weet wat sy of haar rol daarin behoort te wees. Dieselfde kan vir ’n verbondsverhouding met God geld, hoewel sodanige verhouding ’n ewige verbintenis behels, deur God geïnisieer is en deur Hom in stand gehou word. Hierdie verhouding kan wel van die mens se kant af, skipbreuk ly. Die mens behoort, na die mening van die Navorser, te weet wat sy of haar rol in die verbondsverhouding behoort te wees, en dit dan gehoorsaam uit te voer.

[58] Die woorde, “God” en “Here” is deur die navorser onderstreep om vervloeiing van begrippe in die antwoord van hierdie medenavorser aan te toon.

Die nuwe verbond is ’n verbintenis in genade waarin God die inisiatief geneem het om verlore mense nader en na Hom toe te roep. Volgens die Bybelse getuienis het Christus, wat sonder sonde was, Hom as eenmalige en finale offer gegee vir die sonde van dié wat Hom as Verlosser aanneem. Diegene wat Christus aanneem, word kinders van God. Die nuwe verbond het vir húlle van krag geword. Gelowiges wat aan God behoort, het ook die (inspraak van die) Heilige Gees ontvang, God se beloftes is op hulle elkeen gerig, en die doop en nagmaal is vir hulle en hulle kinders bedoel. Die beloftes in die Woord dring aan by elke gelowige om met erns tot die werklikheid van die Christelike geloofslewe toe te tree.

Die Duitse teoloog Dietrich Bonhoeffer, wat uiteindelik deur die Nazi’s tereggestel is, het die begrip “goedkoop genade” gebruik om ’n wanpersepsie op te ruim. Genade is vry maar duur, het hy daarop gewys. “Genade is nie net ’n goedkoop salfie wat aangesmeer word nie. Dit eis ons hele lewe op” (Müller 2000:44). Die vraag kan dus gestel word: het gelowiges lui ontvangers van genade geword? Hierop het ’n gespreksgenoot tydens ’n gesprek oor die tema *genade*, soos volg geantwoord:

> Die mens is baie geneig om die boodskap van genade te *embrace*, maar nie die boodskap van geloof en bekering nie – terwyl jy nie die een sonder die ander kan *embrace* nie. Dan is dit ’n baie selfsugtige rede om ’n Christen te word. Dit beteken jy behoort nog steeds aan jouself en jy doen nog steeds wat jy wil doen, sonder om uit jou *comfort zone* te kom en te verander. Mens is ’n nuwe mens, die oomblik wat jy die Here aanneem, en Hy woon in jou en jy wil nou uit ‘response’ vir wat Jesus gedoen het nie meer net vir jouself leef nie ... omdat jy ’n nuwe mens is. (Aanhaling van W. Koekemoer [31 jaar oud], jongste seun van die Navorser, tydens ‘n gesprek op 9 Augustus 2014).

Die doop is die teken dat die dopeling in die verbond van God met die gemeente ingelyf is. Dit bring tegelyk die verantwoordelikheid vir die dopeling mee om volgens die verbondseise te leef. Hoewel dit ’n genadeverbond is (met ander woorde, ’n geskenk) vra hierdie verbintenis ook veel insette van die mens wat daarin deel. ’n Paar voorbeelde kan dit illustreer: liefde teenoor God en die naaste is ’n verbondsvereiste (met goeie gevolge), en nie ’n keuse-moontlikheid vir die gelowige nie. Die daad van vergifnis is ’n verpligting (met goeie gevolge) vir die betrokke partye, terwyl die daad

van onvergewensgesindheid ’n vyandige ruimte is waaraan die gelowige nie enige tyd moet afstaan nie.

Die nuwe bedeling (nuwe verbond) onder God se heerskappy het aangebreek, en in hierdie bedeling leef die gelowige *nuut* in Christus. Die gelowige het, met ander woorde, toegetree tot ’n nuwe werklikheid. Te midde van hierdie nuwe werklikheid neem die belofte van *’n lewe in oorvloed* (Joh. 10:10; Jud. v 2) reeds in verskillende fasette ’n plek in die gelowige se lewe in. Voorbeelde hiervan is: gebed bring die gelowige se woorde tot by God uit, terwyl God luister en antwoord volgens sy wil. Die goeie gawes van God word die gelowige se gawes - God deel sy wesensaard met gelowiges. Daarby word die goeie van God se karakter die gelowiges se deel omdat die Heilige Gees in hulle werk en woon. Daarom is die kernvraag: besef die gelowiges waarlik met Wie hulle *in God* te maak het?

Voorts wat die verbondsverhouding betref: in die nagmaal word gelowiges se verbintenis met die Drie-Enige God telkens bevestig en hulle geloof versterk. Dit beklemtoon: God se verbond met sy mense is ’n ewige verbond wat Hy as Drie-enige God in stand hou.

3. Die tradisie van interpretasie oor ’n persoonlike verhouding met God

’n Persoonlike verhouding met God hou ook verband met die verbondsverbintenis wat die gelowige mens met God het. McDowell (2006:74) beskryf ’n persoonlike verhouding met God soos volg: “Because he is the God of relationships, he gives us his Spirit and his Word that we might know him so intimately that he literally lives in and through our very lives.” In die lig van hierdie stelling kom Medenavorsers se antwoorde aan die orde op die vraag “Wat verstaan jy onder die begrip ‘’n persoonlike verhouding met God?”’ (Bylae B-20).

Die antwoorde was uiteenlopend en elkeen het ’n eie beklemtoning in sy of haar persoonlike verhouding met God verskaf.

- Jerry (Bylae A-A2) het aangedui: “Ek dink gedurig aan God, Jesus en die Heilige Gees. God is altyd deur die Heilige Gees met my.”
- Marna (Bylae A-A4) het haar persoonlike verhouding met God soos volg beskryf: “My daaglikse omgang met God wat voortdurend en altyd is.”
- Petra (Bylae A-A1) het ’n persoonlike verhouding met God in verband gebring met die oggend-stiltetyd: “Wanneer stiltetyd met Sy Woord en jou gebed vir jou onontbeerlik is voordat jy die dag in alle erns kan begin.”
- Vir ’n volgende Medenavorser, George (Bylae A-A5), is gebed baie prominent in ’n persoonlike verhouding met God.
- Vir Linda (Bylae A-A3) is ’n saam-met-God-oppad-wees van belang in haar verhouding met God. Sy het verduidelik: “Slegs deur saam met Hom op die lewenspad te wandel is daar sin in die lewe – net deur Hom is daar geluk en blydskap wat ons daagliks kan ervaar. Hy is my Hemelse Vader waarmee ek alles[59] kan deel.”
- Amanda (Bylae A-A10) het vertel van haar persoonlike verhouding met God: “Die Woord lééf vir my wanneer ek daarin lees. As ek die belangrikste kenmerk van my persoonlike verhouding met God moet uitlig, is dit my gebedslewe. Ek is altyd in een of ander stadium wat ek vir my kinders, of my man of vir myself, of vir ander mense voorbidding doen. Daar is gewoonlik, in die meeste gebede, iets wat dringend God se aandag en hulp benodig. Ek bid oor klein goedjies, groot goed of gesels net met God in my gebede. Ek het iets ervaar van die seën wat God se teenwoordigheid meebring, en dit is een van die redes waarom gemeenskap met God vir my belangrik is.”

Op die vraag, “Wat beteken die Here vir jou?” (Bylae B-24) was die antwoorde persoonlik en uit die hart:

- George (Bylae A-A5), ’n lidmaat van die Gereformeerde Kerk, het geantwoord: “Alles, in lewe en in sterwe.” Hierdie woorde herinner aan Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus. (GKSA 2004:39).

[59] Medenavorser Linda het die woord self onderstreep.

- Medenavorser Petra (Bylae A-A1) het ook die woord *alles* gebruik om te verduidelik wat die Here vir haar beteken: "Alles – sonder die Here sal ek nooit staande kan bly nie."
- Jerry (Bylae A-A2), Petra se man het uitgedruk wat die Here vir hom beteken: "Hy het Sy Seun gestuur (Hy het self aarde toe gekom in die gestalte van 'n mens) om te sterf sodat ons gered kan word van die dood."
- Marna (Bylae A-A4) het bely: "Met die Here in my lewe is ek tot alles[60] in staat." Dit is duidelik 'n aanhaal van Paulus se woorde in Filippense 4:13: "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee." (Bybel 1983).
- Amanda (Bylae A-A10) het beskryf wat die Here vir haar beteken: "Alles. Van kleins af was die Here vir my belangrik. Vandag is dit meer as ooit waar vir my lewe."

Uit Medenavorsers se tradisie van interpretasie blyk dit dat die Here volkome belangrik in hulle lewe is. Die woord *alles* wat Medenavorsers telkens gebruik het om te verduidelik wat die Here vir hulle beteken, vat in een begrip saam hoe hulle oor God en sy insette in hulle lewe voel. God wat hulle nie kan sien nie, beteken "alles" vir hulle. Die antwoorde wys heen na die werk wat die Here reeds tot dusver in elke Medenavorser se lewe gedoen het. Hulle het Hom lief en is aan Hom verbind, sonder dat hulle Hom ooit gesien het. Dit het uit die antwoorde ook duidelik geblyk dat God ook ander mense betrek by sy werk met elke gelowige – klein of groot. Dit geld die ouers, onderwysers, predikers, vreemdelinge, buurmense, verpleegsters, kinders, maar heel spesifiek die Woord.

4. Die tradisie van interpretasie oor die doop

Die doop hou grootliks verband met gelowiges se verbondsverhouding met God. Drie van die Medenavorsers het die doop in verband met die verbond gebring. Na aanleiding van die vraag: "Wat verstaan jy onder die term 'verbond'?" (Bylae B-16), het George geantwoord (Bylae A-A5): "Omdat die doop eintlik 'n 'regeringsverandering' is, behoort ons nou aan die Here." Jerry (Bylae A-A2) het op die twee vrae (Bylae B-15) "Hoe verstaan jy die doop? En, hoekom word mens gedoop?" soos volg geantwoord:

[60] Die Medenavorser het die woord onderstreep.

"Doop is die afwassing van die sonde. Die verbond wat die Here met ons sluit." Marna (Bylae B-4) se antwoord op dieselfde twee vrae (Bylae B-15) was: "Om deel aan God se verbond te hê."

Die volgende twee vrae oor die betekenis van die doop is aan Medenavorsers gestel: "Hoe word die doop verstaan?" (Bylae B-15) en "Hoekom word mens gedoop?" (Bylae B-15). Hierop het die Medenavorsers soos volg geantwoord:

- George (Bylae A-A5) het gesê: "Omdat die doop in die plek van die besnydenis gekom het (Kol. 2) moet ons gedoop word, anders is ons 'vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld' (Ef. 2:12)."
- Vir Amanda (Bylae A-A10) beteken haar doop: "Die naam van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees is met my doop oor my uitgespreek. Ek behoort aan God."
- Petra (Bylae A-A1) het dieselfde uitspraak gehad, maar met ander woorde: "Die doop beseël my as kind van God."

Dit is interessant dat slegs twee Medenavorsers, George (Bylae A-A5) en Amanda (Bylae A-A10), die doop in verband met die besnydenis in die ou verbond gebring het. Die doop is 'n kerngedagte wat na vore tree wanneer die verbintenis tussen God en mens ter sprake kom. Dit is ook die Navorser se oortuiging dat 'n korrekte verbondsverstaan nóú met die regte doopsverstaan saamhang.

5. Die tradisie van interpretasie oor verbondstoerusting

Dit is belangrik om daarop te let: Bylae A gee die Medenavorsers se persoonlike inligting weer. Vervolgens die fokus op die vrae oor verbondstoerusting wat aan Medenavorsers gestel is. Op die vraag, "Het jy op enige stadium spesifieke (formele) onderrig ten opsigte van die nuwe verbond en die betekenis van 'n verbondsverhouding ontvang?" (Bylae B-19), het Medenavorsers, sonder uitsondering, *nee* geantwoord. Een persoon, Linda (Bylae B3), het *nee* geantwoord en bygevoeg: "Die Bybel verduidelik

self." Nie een van die Medenavorsers kon spesifieke formele verbondsonderrig onthou nie, daarom het hulle ontkennend op die vraag geantwoord.

Die Navorser kan self ook op dieselfde vraag *nee* antwoord. Sy het ook geen formele onderrig ontvang oor wat 'n verbondsverhouding behels nie. Sondagskool, destyds só genoem, het bestaan uit die memoriseer van Bybelversies en die leer van gedeeltes uit die *Heidelbergse Kategismus.* Die Navorser was tot en met haar en haar man se huweliksbevestiging in 1975 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk. Daarna het sy lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geword. Hier het sy ook nie spesifieke formele verbondsonderrig ontvang nie. Soos die Medenavorsers getuig het, het ook die Navorser in 'n mindere of meerdere mate verbondsonderrig deur die weeklikse prediking ervaar. Sy het ook in die Woord oor 'n verbondsverhouding gelees.

Die antwoord van al die Medenavorsers op bogenoemde vraag dui op 'n ongelukkige stand van sake oor verbondstoerusting. Dit is só dat 'n tekort aan die regte kennis die gelowige uiteindelik kan laat met 'n gebrekkige verbondsverhouding met God. Dieselfde argument kan ook toegepas word op geloofstoerusting oor die Christelike huwelik en die verbondsgesin. Indien geloofstoerusting by laasgenoemde te kort skiet, kan dit ook negatiewe gevolge vir die Christelike huwelik en die verbondsgesin inhou.

6. Die tradisie van interpretasie oor geloofstoerusting en geloofsgroei

Die Medenavorsers het uiteenlopende antwoorde verskaf op die vrae: "Hoe belangrik is geloofsgroei en -onderrig vir jou? (Bylae B-21); en: "Hoe implementeer jy dit in jou lewe?" (Bylae B-21). Vir almal is geloofsonderrig en -groei 'n belangrike saak hoewel daar verskillende uitgangspunte oor die toepassing daarvan is, soos hier onder blyk:

- Petra (Bylae A-A1) het verduidelik: "My wederhelf en ek het dikwels lang gesprekke oor geloof en geloofsgroei. Ek implementeer dit deur met 'nuwe oë' na alles en almal om my te kyk – met groter deernis en liefde."
- Marna (Bylae A-A4) het geantwoord: "Geloofsonderrig en -groei is uiters belangrik." En die wyse waarop geloofsonderrig en -groei geïmplementeer

word, is “deur die kerk gereeld te besoek en geestelik te groei en deur dit uit te leef.”

- Jerry (Bylae A-A2) beskou geloofsonderrig en -groei ook as baie belangrik. Die manier waarop hy dit in sy lewe implementeer is, “Ek lees boeke wat deur mense geskryf is, wat ek weet jy kan dit lees. By die werk en orals waar ek kan probeer ek dit toepas.”
- Linda (Bylae A-A3) het bevestig: “Geloofsgroei en verandering vind slegs plaas in tye van benoudheid, kommer of moeilike skurwe plekke op die lewenspad waar jy leer om die Here alleen te vertrou.”
- George (Bylae A-A5) het die twee vrae (Bylae B-21) soos volg antwoord: “Geloofsonderrig en -groei is baie belangrik.” Die wyse waarop hy dit in sy lewe implementeer is deur gereelde kerkbesoek en selfstudie van die Woord.
- Amanda (Bylae A-A10) het verduidelik oor geloofsonderrig en -groei in haar eie lewe: “Geloofsonderrig en -groei is ’n natuurlike proses vir my. Daar gaan nie ’n dag in my lewe verby wat ek nie op een of ander stadium met die Here praat, of in die Bybel lees, of die kerk besoek, of stiltetyd hou, of die Bybelstudie bywoon nie.”
- Amanda (Bylae A-A10) het aangedui sy lees graag Christelike boeke en sy en haar vriendin het soms diep gesprekke oor die Christelike godsdiens.

Uit die bostaande blyk dat geloofsonderrig en -groei grootliks verband hou met eerstens, ’n persoonlike verhouding met die Here, tweedens met toewyding, derdens met Bybelkennis en vierdens met geloof wat in dade oorgaan (Jak. 2:17-25). Die Medenavorsers bring hulle verstaan van wat geloofsonderrig en -groei behels in verband met die volgende: lang gesprekke met ’n medegelowige oor geloofsake; gereelde kerkbesoek; selfstudie van die Woord; gemeenskap met die Here; Bybellees, stiltetyd, Bybelstudie; en die lees van Christelike boeke. Die Skrif leer ook dat geloofsgroei ’n deurlopende proses behels, dag in en dag uit, omdat die Heilige Gees in die gelowige woon en geloofsgroei aanwakker.

Daar word algemeen aanvaar dat *geloof in Christus* die baan vir elke gelowige sal breek, en nie noodwendig ’n in-diepte verstaan van wat die verbondsverhouding met God behoort te behels nie. Die redenasie is: God is immers in die geloof met die

gelowiges besig en hulle begrip sal mettertyd volg. Daar steek waarheid in laasgenoemde stellings, maar ongelukkig is dit so dat die gawe van geloof aan *persoonlike geloofstoewyding* gekoppel word. Dit kan daartoe lei dat gelowiges soms verleë en sonder die nodige kennis langs die geloofspad staan. So kan dit ook gebeur dat sulke gelowiges se persoonlike geloofstoewyding ontoereikend blyk te wees.

Die vraag wat hieruit voortvloei is: wat kan geloofsonderrig vermag? Volgens Wilkinson (1997:263) leer gelowiges die inhoud van hulle geloof deur onderrig ken. Dit is gewoonlik nie ’n eenmalige gebeurtenis nie, maar is ’n aaneenlopende proses (Wilkinson 1997:263). “Elke onderriggeleentheid hou op so ’n manier verband met vorige geleenthede dat kennis vermeerder en begrip verdiep” (a.w.:263). Die onderrigmetode waarvolgens kennis oorgedra word, kan geskied deur ’n lesing, bespreking, stories te vertel of deur projekte (a.w.:263). Ander metodes vir kennisoordrag kan gepaardgaan met toegespitste prediking, toerustings-geleenthede oor spesifieke gelooffokusse, gesamentlike Bybelstudieprojekte, 40-dae geloofsbou-geleenthede, naweekkampe vir geloofsbou onder gemeentelede of vir die jeug, selgroepbyeenkomste en huisgodsdiens.

Na die Navorser se mening is *toerustingsgeleenthede oor spesifieke gelooffokusse* noodsaaklik vir voortgesette geloofsbou. Toerusting kan oor die volgende temas geskied: die nuwe verbond; die verbondsverhouding met God; die doop; die nagmaal; die sin van lyding; wat volharding behels; vergifnis, trauma hantering, ’n buite-egtelike verhouding en die gevolge daarvan; hantering van destruktiewe emosies soos woede, vrees en bekommernis.

Dit bring ’n volgende vraag na vore: wat is die verskil tussen verbondsonderrig en geloofsonderrig? Verbondsonderrig hou verband met ’n regte verstaan van die verbond en verbondsverhouding met God, die doop, die vereistes van die verbond, wat ’n persoonlike verhouding met God sou behels, en die erns wat met hierdie geloofsaspekte gepaard behoort te gaan. Geloofsonderrig is algemene onderrig/toerusting oor enige tema wat verband hou met die Christelik geloof.[61] Temas ter sprake kan wees: gebed,

[61] Geloofsonderrig sluit verbondsonderrig in.

die Christelike huweliksverhouding, kinderopvoeding uit ’n geloofsoogpunt, die tema volharding, asook die betekenis van die nuwe lewe in Christus *in praktyk*. Die balans op ’n skaal tussen (1) die Christelike geloof met die tallose temas waarin die gelowige toerusting kan ontvang, teenoor (2) die halfuur of uur per week se geloofstoerusting wat die gelowige tydens die erediens ontvang, wys heen na hoogs ontoereikende geloofsontwikkeling/-groei vir so ’n gelowige.

Die Christelike geloof eis elke gelowige se heelhartige toetrede tot die geloofswerklikheid waarin hy of sy reeds deel. Daarom is die slotsom oor die bostaande argument tweeledig: eerstens is daar ’n noodsaak en nodigheid vir intensiewe toegespitste geloofstoerusting vir alle gemeentelede; tweedens moet gemeentelede self aktief toetree tot hierdie werklikheid wat hulle geloof uitbou en hulle toerus om met wysheid as Christene te leef.

7. Die tradisie van interpretasie oor die Christelike huwelik

Die Christelike huwelik – indien van die veronderstelling uitgegaan word dat die huwelikspaar albei gelowiges is – funksioneer daagliks in die beweegruimte van die nuwe verbond. Die egpaar glo in hierdie verbond en word daardeur aangespoor. Só plaas hulle hul hoop op die waarheid daarvan en dien God onder die vaandel van die nuwe verbond binne hulle huweliksverhouding. Al die Medenavorsers van die huidige studie het aangedui dat die volgende aspekte vir hulle noodsaaklik vir die huweliksverhouding is: wedersydse respek, openhartigheid en lojaliteit asook om te leef in waarheid. Die feit dat beide van die paartjie gelowiges is, het ’n impak op die manier hoe hulle die lewe en verhoudings benader. Almal het beslis ontkennend geantwoord op die vraag: “Het jy al aan skei gedink?” (Bylae B-11). Die *nee* is van toepassing op die paartjies se teenswoordige huweliksverhouding, aangesien twee Medenavorsers in ’n tweede huwelik is (en dus reeds geskei was).

Die veronderstelling is dat Medenavorsers se huweliksverhoudings gegrond sal wees op die Christelike geloof, omdat hulle belydende gelowiges is. Dit is nie noodwendig deurgaans die geval nie. Die Christelike geloof verkondig ’n besondere leefstyl, gesindheid, en optrede. Hieronder geld eiesoortige elemente: die gemeenskap met die

heiliges, ’n soort gebedslewe, geloofsvertroue, ewigheidsbeskouing, verbonds-verhouding met God, verstaan van die doop en nagmaalgebruik. Dit behels ook spesifieke optrede soos bestraffing van die kwaad, getuienislewering, geloofsgroei, toewyding aan God en ’n leefwyse in die liefde. Hierdie ingesteldheid en optrede word gedra deur unieke waardes soos: bedagsaamheid, goedgesindheid, eerlikheid, opregtheid, eerbaarheid, sedelikheid, en vergewensgesindheid. Hierdie genoemde aspekte moet uitgeleef en ingestel word in die werklike, daaglikse huwelikslewe.

In die meeste gevalle getuig die Medenavorsers van ’n persoonlike verhouding met God, en is hierdie verhouding ’n daaglikse werklikheid vir albei partye in die huwelik. In sommige gevalle (soos Bylae A-A3) het slegs een van die egpaar (waar albei toegewyde Christene is) aan die navorsing deelgeneem. Deelname aan die navorsingsproses was vrywillig en sommige huweliksmaats wou die proses eerder vermy as ondersteun. Verhoudingskwaliteit, met die verband tot God, is in ’n groot mate ’n werklikheid in die huweliksverhouding en gesinslewe van die Medenavorsers wat deelgeneem het.

Volgens elke Medenavorser se tradisie van interpretasie is hy of sy ’n verbondskind, al is die verstaan van hierdie uitspraak, ’n basiese of deeglike verstaan. ’n Basiese verstaan kan byvoorbeeld wees, dat die gelowige nie ten volle besef wat sy of haar eie rol in die verbondsverhouding behoort te wees nie. Daarteenoor kan ’n deeglike verstaan beteken, om die volle betekenis van die standvastige ooreenkoms tussen God en gelowige te besef en daarvolgens te leef.

Die Bybelse aanwysing dat gelowiges mekaar en ander moet vergewe omdat God ons sondes vergewe, is ’n aanwysing wat Medenavorsers onthou en, volgens hulle eie erkenning, toepas. Net een vroulike Medenavorser, Petra (Bylae A-A1), het gereageer: “Bybelse vergifnis is nie maklik haalbaar vir ons as mense nie en kan slegs plaasvind deur pynlike geloofsgroei.” Tog het sy op die vraag, “Hoe lyk jou vergifnis teenoor jou kinders?” (Bylae B-37), geantwoord: “Ek vergewe hulle maklik.” Hier is twee uiteenlopende uitgangspunte oor vergifnis by dieselfde persoon. Volgens die tradisie van interpretasie waarin Petra (Bylae A-A1) se lewe ingebed is, is vergifnis aan die een kant dus maklik haalbaar (vergewe haar kinders); en aan die ander kant nie so

eenvoudig nie. In die laasgenoemde geval word dit moeilik om te vergewe en vind vergifnis slegs deur pynlike geloofsgroei plaas, volgens haar. Vergifnis is nietemin in albei gevalle ’n belangrike fokus vir haar Christenskap.

Twee algemene perspektiewe oor die daad van vergifnis volg:

- Die daad van vergifnis is moeiliker vir dié een teenoor wie daar daagliks en herhaalde kere oortree word. Hierdie mens se lewe en gemoed kan spreekwoordelik gekompakteer word met trauma-gedagtes[62] en -gevoelens,[63] en uiteindelik tot dade[64] lei wat die gedagtes en gevoelens onderskryf. In sodanige omstandighede kan die daad van vergifnis ’n daaglikse noodsaaklikheid word, of, deur eie keuse kan onvergewensgesindheid die plek daarvan inneem. Die daad van vergifnis bly steeds ’n noodsaak vir die lydende party, ter wille van sy en haar eie geestelike welsyn.
- Die oortredings van die ander teenoor die een kan minder belangrik blyk, gemeet teen die een se omvattende liefde vir die ander (oortreder). Dan word dit makliker om te vergewe. In der waarheid behels Bybelse vergifnis ten diepste ’n keuse vir die liefde.

8. Die tradisie van interpretasie oor die verbondsgesin

Op die vraag, “Het jy al ooit in terme van julle gesin as ’n ‘verbondsgesin’ gedink?” (Bylae B-18), het Medenavorsers almal *bevestigend* geantwoord. Op die vraag, “Wat verstaan jy onder die term ‘verbondsgesin’?” (Bylae B-17), was die antwoorde:

- Petra (Bylae A-A1) het gereageer: “Dat ’n gesin die Drie-enige God as die ware en enigste God aanvaar en Jesus Christus as hulle Saligmaker bely en erken.”
- Marna (Bylae A-A4) het daarop gewys dat ’n verbondsgesin ’n gesin is waar almal gedoop is.

[62] Traumagedagtes soos “Dit gaan nooit beter gaan nie, ek het nie hoop vir die toekoms nie.”
[63] Traumagevoelens soos neerslagtigheid as gevolg van moeilike omstandighede, of bitterheid teenoor die oortreder.
[64] Dade wat teenstrydig is met die Christelike geloof.

- Jerry (Bylae A-A2) se antwoord oor wat hy onder die term “verbondsgesin” verstaan, het met die vorige Medenavorser (Maryna) se antwoord ooreengestem: “Almal wat gedoop word in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.”
- George (Bylae A-A5) het ook ’n verbondsgesin beskryf as ’n gesin waar almal gedoop is. Of hy ooit in terme van sy gesin as ’n “verbondsgesin” dink (Bylae B-18), het hy geantwoord: “Ja, en ek het die Here baie gedank vir die gawe van geloof.”
- Linda (Bylae A-A3) het op die vraag of sy ooit in terme van hul gesin as ’n verbondsgesin dink (Bylae B-18), bevestigend geantwoord en bygevoeg dat die Here hulle toedek onder sy beskermende vleuels. Op die vraag hoe sy die term “verbondsgesin” verstaan (Bylae B-17), het sy geantwoord: “Kinders wat gebore word in liefde en waar die ouers die Here dien.”

Dit is duidelik: hierdie tradisie van interpretasie koppel ’n milieu van liefde en ouers wat die Here dien aan die bestaansruimte waarbinne ’n verbondsgesin veronderstel is om te funksioneer. Die genoemde faktore onderskryf ook verhoudingskwaliteit binne ’n huwelik en gesin.

Op die vraag, “Wat is, na jou mening, die stand van elkeen van jou kinders se geloofsoortuigings?” (Bylae B-22), was die antwoorde soos volg:

- George (Bylae A-A5) het geantwoord dat hulle kinders Christene volgens die Gereformeerde leer is. Volgens hom, weet sy kinders hoe hy oor die Here voel omdat hy by tye oor sy geloof teenoor sy kinders getuig.
- Petra (Bylae A-A1) het die volgende oor haar kinders se geloofsoortuigings gesê: “Hulle is almal sterk in hulle geloofsoortuigings en leef dit ook uit in hulle alledaagse omgang met mense.” Sy getuig ook teenoor haar kinders oor haar geloof: “Ek getuig gereeld oor Sy eindelose liefde en trou in my en hulle lewe.”
- Marna (Bylae A-A4) het bevestig haar kinders is “uiters gelowig”.
- Jerry (Bylae A-A2) het oor sy seun se geloofsoortuigings uitgewy: “Dit is baie goed. My seun het nog nooit ’n lelike vloekwoord in sy lewe gesê nie (dit is

maar terloops wat ek dit sê).” Volgens hom weet sy seun hoe hy oor die Here voel, want hy getuig oor sy geloof teenoor sy seun.

- Linda (Bylae A-A3) het die volgende geantwoord oor die stand van haar kinders se geloofsoortuigings: “My kinders se geloofsoortuigings is radikaal verskillend van die ‘norm’ in die algemene kerke.” (Sy bedoel dat die Christelike godsdiens uiters belangrik vir haar kinders is, anders as met jongmense in baie hoofstroomkerke). Haar kinders weet ook hoe sy oor die Here voel want sy getuig teenoor hulle oor haar geloof: “Daar is baie wonderwerke wat in ons lewens plaasgevind het en die kinders weet daarvan – hulle was deel daarvan.”

Die tradisie van interpretasie van ouers oor die betekenis van ’n verbondsgesin en of hulle die gesin as ’n verbondsgesin beskou, dui op die geloofpad wat die Here tot dusver met elkeen gestap het. Al die Medenavorsers wat die vraelys beantwoord het, beskou hulle gesin as ’n verbondsgesin wat die Here dien. Drie Medenavorsers noem uitdruklik dat die gesin gedoop is, omdat dit vir hulle ’n belangrike fokuspunt van hulle geloof is. Die Medenavorsers getuig ook van hulle kinders se geloof, en dat hulle teenoor hulle kinders oor hulle eie geloof getuig.

Dit is die Navorser se mening dat ouers die verbondsverhouding met God wel deeglik behoort te verstaan (bv. hulle eie rol daarin), sodat hierdie begrip in woord, gesindheid en daad na hulle kinders kan deurvloei. Indien ’n gelowige se verstaan hier te kort skiet sal die beperking na die verbondsgesin oorgedra word. Albei voorbeelde, ’n deeglike verstaan van die verbondsverhouding met God, of ’n beperkte verstaan van daardie verbintenis, sal uiteindelik gevolge vir die nageslag meebring. Die rede is duidelik: elke mens leef volgens die waarheid (tradisie van interpretasie) waarin hy of sy glo.

Met die geloofsbegeleiding van kinders behoort die verskillende geloofsboodskappe wat na die kinders oorgedra word, mekaar aan te vul en te bevestig. Dit wil sê, die woord moet die daad bevestig en andersom. Ouers moet ’n gesindheid uitleef wat heenwys na die prediking, of toewyding wat geloof as waar bevestig. Dit beteken ook stiltetyd wat heenwys na ’n persoonlike verhouding met God, of gasvryheid wat die Christelike geloof onderskryf. Waar die ouers ter sprake is, is die boodskappe nog kragtiger as dié van vreemdes, omdat kinders ouers vertrou en onvoorwaardelik glo en wil volg.

3.5.5 Voorlopige bevindings

Daar is wel voorlopige bevindings uit die Medenavorsers se verhale omtrent die persepsies of wanpersepsies wat by hulle geskep is weens die manier waarop hulle lewe ingebed is in die tradisie van interpretasie. Die Navorser het in gedagte gehou dat Medenavorsers ’n geneigdheid gehad het om die “goeie sy” in die vraelys te beklemtoon, terwyl sommige vrae vermy of kripties beantwoord is. ’n Voorbeeld is: “Ly jy ooit aan depressie?” (Bylae B-51), en die opvolgvraag: “Wat veroorsaak dat jy depressief voel? Met ander woorde, watter gebeure, ervarings, ens. maak dat jy depressief begin voel? Wees spesifiek.” (Bylae B-51). Dit was twee van die vrae wat sommige Medenavorsers vermy het. Medenavorsers het ook ’n neiging getoon om vrae kripties te antwoord, sonder om uit te brei. Byvoorbeeld op die vraag: “Weet jou kinders hoe jy oor die Here voel? Getuig jy teenoor jou kinders oor jou geloof” (Bylae B-23), was een antwoord: “Ja.”

Die voorlopige samevatting van die bevindings oor Medenavorsers se tradisie van interpretasie kan soos volg weergegee word deur die elemente wat hier bo behandel is (3.5.4.2(1-8) kortliks te ontleed:

1. **Geloofsekerheid:** al die Medenavorsers het geloofsekerheid bevestig. Hulle het getuig van hulle geloof in die Drie-enige God en Jesus as Verlosser. Hulle interpretasies oor sake rakende die Christelike geloof onderskryf die geloofsbegronding van die Gereformeerde leer in hierdie verband.
2. **Die verbond en verbondsverhouding:** Medenavorsers herlei hulle verbondsverstaan na kriptiese woorde soos “’n belofte”, ’n “plegtige ooreenkoms” of “dit is ’n ooreenkoms tussen God en myself”. Nie een van die Medenavorsers het na die *nuwe* verbond verwys nie. Elkeen het hulle eie gesin as ’n verbondsgesin geklassifiseer en getuig van hulle kinders se geloof. Volgens die Navorser is die *inhoud* van die verbond/verbondsverhouding met God, van besliste belang.
3. **Persoonlike verhouding met God:** die Medenavorsers beklemtoon die erns oor wat God vir hulle beteken.

4. **Die doop:** dit was ’n kerngedagte waar die verband tussen God en die Medenavorsers ter sprake gekom het.
5. **Verbondstoerusting:** die Medenavorsers het getuig dat hulle nie spesifieke formele onderrig in die verbond/verbondsverhouding ontvang het nie. Met ander woorde, hulle het nie toegespitste toerusting oor die tema ontvang nie (die kernwoorde is *spesifieke formele onderrig*).
6. **Geloofstoerusting en geloofsgroei:** Medenavorsers het hieronder verstaan - gereelde kerkbesoek; selfstudie van die Woord; gemeenskap met die Here; Bybellees; stiltetyd; en die lees van Christelike boeke. Volgend die Navorser behoort geloofsgroei deurlopend plaas te vind, en sluit dit onder meer ook toerustingsgeleenthede in.
7. **Die Christelike huwelik:** die feit dat Medenavorsers gelowiges is, het ’n impak op die manier waarop hulle die lewe en verhoudings benader. Verhoudingskwaliteit wat met God verband hou, is in ’n groot mate ’n werklikheid in hulle huweliksverhouding en gesinslewe. Hulle erken self dat hulle die Bybelse aanwysings vir vergifnis in hulle huweliksverhouding en gesinslewe toepas.
8. **Die verbondsgesin:** vir gelowige ouers is hulle kinders se geloofsverstaan en -oortuigings van allergrootste belang.

Die finale bevindings word in hoofstuk 6 deurgegee, met alternatiewe interpretasies. In hoofstuk 5 word die verbond uit ’n interdissiplinêre ondersoek aangepak. Dit sal geskied deur teologies-teoretiese beredenering oor wat ’n verbond behels.

Hoofstuk 4 wat volg, belig die godsdienstige en geestelike ervaring van die huwelikspaar/verbondsgesin binne ’n postmodernistiese paradigma. Hier kom godsdienstige en geestelike ervarings soos huisgodsdiens onder die loep. In hoofstuk 3 is die narratiewe navorsing bespreek deur te fokus op die Aksieveld (A), die Agtergrondverhaal (B) en die Ontwikkelingsverhaal (D) volgens die model ABDCE (J. Müller *et al.* 2001), en spesifiek op die tradisie van interpretasie.

Hierdie hoofstuk (hfst. 3) het die dinamika toegelig wat met die tradisie van interpretasie verband hou. Gelowige Medenavorsers se tradisie van interpretasie oor die

verbondsverhouding is ontleed. Die navorsingsverhaal binne die huidige studie is steeds aan die ontwikkel. Die volgende hoofstuk (hfst. 4) vul hierdie navorsingsverhaal aan deur die toevoeg van navorsingsresultate oor godsdienstige en geestelike ervarings.

HOOFSTUK 4

GODSDIENSTIGE EN GEESTELIKE ERVARING VAN DIE HUWELIKSPAAR/VERBONDSGESIN BINNE ’N POSTMODERNISTIESE PARADIGMA

4.1 NAVORSINGSVRAAG

Die navorsingsvraag wat verder in hierdie hoofstuk ondersoek word, lui soos volg:

> *Watter elemente kom alles ter sprake in die godsdienstige – en geestelike ervaring van die Christelike huwelikspaar/verbondsgesin ten opsigte van verhoudingskwaliteit wanneer daardie huwelikspaar/verbondsgesin hulle in ’n postmodernistiese paradigma bevind?*

4.2 INLEIDING

Die navorsingsfokus belig die godsdienstige en geestelike ervaring van die Christelike huwelikspaar en verbondsgesin, en meer spesifiek, die elemente van verhoudings-kwaliteit wat na vore kom. **Verhale,** soos dié van huwelikspare en hulle gesinne, maak inligting bekend oor godsdienstige en geestelike ervarings. Die taalgebruik toon byvoorbeeld die spreker/skrywer se geloofsverstaan en ’n toekomsverwagting wat met God verband hou, of nie. Die gespreksgenote tot die navorsing, **Medenavorsers**[65], die **Praktyk**, die **kanonieke Bybel**, **Teologiese** en **Buite-Bybelse geskrifte**, en die **Navorser** self het bygedra tot die navorsingsverhaal soos dit tydens die navorsingsproses ontvou het.

Narratiewe navorsing was van toepassing, waardeur navorsingsinligting oor die navorsingstema uit die verhale van die bogenoemde Medenavorsers na die Navorser herlei is. Die navorsing het gebruik gemaak van die ABDCE-model (sien 2.4.2 vir ’n

[65] Hoofletters word deurgaans vir navorsingsgesprekgenote gebruik, omdat hulle spreekwoordelik, ‘persone’ in ’n navorsingsgesprek is.

volledige bespreking van die model). In hierdie hoofstuk word die Aksieveld (A), die Agtergrond (B) en die Ontwikkeling (D) van die navorsingsverhaal belig. Die ABDCE-model vir navorsing word aanbeveel deur Müller, Van Deventer en Human, in 'n artikel: "Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach" (2001:76-96). Vir die doeleindes van die navorsing posisioneer die Navorser haar as praktiese teoloog binne 'n postfundamentele benadering, met 'n sterk onderbou van die hermeneutiese benadering in die huidige studie.

Vir die Navorser van belang met die postfundamentele benadering, is die fokus op die *sosiale konteks* waarbinne o.a. gelowige Medenavorsers hulleself bevind. Die gespreksgenote uit die navorsing soos hier bo aangedui,[66] benewens gelowige Medenavorsers, lewer ook 'n bydrae tot hierdie studie. Die spesifieke konteks bring verhaling mee. Die Navorser stel belang in hierdie inligting wat spruit uit die verhaling oor die konteks. Müller (Junie 2005:74) verduidelik dit soos volg: "Postfoundationalist Practical Theology should be seen as a way of understanding within the paradigm of the hermeneutical approach."

Die vertrekpunt vir 'n postfundamentele benadering is 'n spesifieke sosiale konteks. 'n Postfundamentele teologie vind identiteit in die balans/diskoers tussen teologiese tradisie en die konteks, aldus Müller (2005:86). Die Woord is steeds van belang (sien punt 5 hier onder). 'n Postfundamentele Praktiese Teologie bestaan uit sewe bewegings, soos hier aangehaal:[67]

1. A specific context is described.
2. In-context experiences are listened to and described.
3. Interpretations of experiences are made, described and developed in collaboration with "co-researchers".
4. A description of experiences as it is continually informed by traditions of interpretations.

[66] Ses navorsingsgespreksgenote: die Praktyk, kanonieke Bybel, Teologiese geskrifte, Buite-Bybelse geskrifte, Medenavorsers en die Navorser.

[67] Die proefskrif is gegrond op die model van J.C. Müller (2005:82-86) soos gestel in sy artikel "A Postfoundationalis, HIV-positive Practical Theology". *Practical Theology in South Africa.* 20(2), 72-88.

5. A reflection on, as it is understood and experienced in a specific situation, God's presence.
6. A description of experiences, thickened through interdisciplinary investigation.
7. The development of alternative interpretations, that point beyond the local community. (Müller 2005:82).

Die Navorser se benadering is postfundamenteel in die sin dat dit nie tevrede is met pasklaar antwoorde wat, sonder interaksie met die konteks, simplisties vooraf voorberei word nie. Wanneer 'n preek gelewer word, word dit aan die hoorders in die/hulle konteks gebring. Die eeue oue Woord word relevant verkondig en op hedendaagse gelowiges se konteks van toepassing gemaak. In dieselfde sin word die navorsing relevant gemaak deur te luister na die verhaling oor die hedendaagse konteks en tegelyk die Woord se belang vir gelowiges se lewe in gedagte te hou. In wisselwerking word die Woord (as navorsingsgespreksgenoot) tydens navorsing met die hedendaagse konteks in verband gebring, en andersom word die konteks met die boodskap in die Woord geskakel. Die navorsingsproses handel immers oor die gelowige se lewe, die Christelike huweliksverhouding, die verbondsgesin en die kwaliteit van daardie verhoudings wat met God verband hou.

Die gespreksgenote vir die navorsing se verhaling oor onder meer, die Christelike geloof, Christelike huweliksverhouding, die verbondsgesin en verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin, verskaf waardevolle inligting oor die navorsingstema. Die onderbou van die huidige navorsing hou verband met die belang van die verbondsverbintenis tussen God en die gelowige, dit is die primêre navorsingsfokus. Vir 'n narratiewe berader/Navorser is die gebruik van metafore belangrik om betekenisse oor te dra. Daarom word *metafore* wat betekenis dra, in hierdie studie gebruik.[68]

Die postfundamentele benadering fokus, met ander woorde, op die **sosiale konteks** waarbinne gelowiges leef en werk, met die belang van die **verbondsverbintenis** tussen God en die gelowige wat in hierdie studie benadruk en ondersoek word (*sien* 2.6 en 6.2.2 e.v.). Wat die Navorser self bybring, is 'n sterker klem op God se verband met die mens asook sy en haar ervaring van die Christelike geloof, huweliksverhouding, die

[68] Vir voorbeelde van metaforiese gebruik in die huidige studie sien 5.5.4 *Die vlak van Trauma* en 2.3, waar die navorsingsproses aan die hand van 'n metaforsiese gesprek verduidelik word.

verbondsgesin asook die kwaliteit van verhoudings binne ’n postmodernistiese tydgleuf.[69] Alle Bybelse aanhalings word gedoen uit die NAV/1983, tensy anders vermeld.

Verskillende geestelike – en godsdienstige ervarings word vervolgens belig en bespreek.

4.3 GODSDIENSTIGE EN GEESTELIKE ERVARINGS BINNE KONTEKS

Te midde van ’n postmodernistiese era, woon en werk gelowige Medenavorsers wat Christus as Verlosser aangeneem het. In hierdie werklikheid, waar ’n sekulêre lewensgevoel (Nel 2001:42) dikwels die bo-toon voer, leef die Medenavorsers daagliks met verskeie soorte mense saam. Die diverse postmodernistiese samelewing behels ’n netwerk uiteenlopende interpretasies oor tallose temas. Die postmodernistiese interpretasies waarmee gelowiges daagliks te doen kry, oefen onvermydelik ’n invloed op hulle denke uit. Gevolglik kan daar moontlik ’n mate van verwydering tussen die gelowige en God geskied. Gelowiges het dikwels ’n veeleisende leefstyl en dagprogram – met ’n voltydse werk, deelname aan sportaktiwiteite, die opvoedingstaak van hulle eie kinders en tyd wat televisie in beslag neem. Hierdie aktiwiteite kan gelowiges se verhouding met God verder onder druk plaas omdat daar gewoonweg nie meer tyd ingeruim word vir *alleen-wees met God* nie. Soms is die gelowige nie ’n toegespitste of toegewyde Bybelleser en stiltetyd-persoon nie. Hierdie omstandighede bemoeilik ’n deurlopend innige persoonlike verhouding en kontak met God. Sulke persone het wel geloof in die hart, maar hulle laat om die een of ander rede dit agterweë om tyd met God deur te bring. Die genoemde omstandighede kan, uit die *mens* se oogpunt, die persoonlike verhouding met God in die gedrang bring.

Die postmodernistiese samelewing[70] se fokus is as sodanig weg van God af en gerig *op die mense en hulle belange*. Hiermee saam geld die eise om in vandag se samelewing sinvol te kan optree en aan gesinslede se behoeftes te voorsien. Hierdie genoemde faktore kan bydra daartoe dat gelowiges se persoonlike verhouding met God

[69] Sien 2.3.6 vir ’n bespreking van Postfundamentele Teologie en die navorser se teologiese beskouings.
[70] Verwys na 2.7 vir ’n bespreking van die postmodernistiese era.

gekniehalter word. Wanneer gelowiges nie hierdie persoonlike verhouding met God koester, najaag en in stand hou nie, kan die mens en menslike belange in die proses nadelig geraak word. Geestelike en godsdienstige ervaring kan sodoende 'n afname toon. Godsdienstige en geestelike ervarings het – in die geval van gelowiges wat in Christus glo – te maak met verbondshandelinge. Dit behels aspekte soos die inneem van en gehoorsaamheid aan die Woord, Bybelstudie, stiltetyd, die bywoning van die erediens, gemeenskap met gelowiges, 'n persoonlike verhouding met God, gebed, lofprysing en optrede in diens van God.

Godsdienstige en geestelike ervarings hou binne die konteks van hierdie navorsing verband met die geloof se verankering in die Drie-enige God. Algemene ervaring is 'n menslike gebeurtenis, dit behels 'n betrokkenheid by die aardse werklikheid. In die geval van godsdienstige en geestelike ervarings word dit 'n spreekwoordelike "skouerskuur" met die werklikheid wat verband hou met die onsienbare God. Met ander woorde, met die ontmoeting tussen God en die gelowige, vind 'n wisselwerking plaas tussen God (die sigbare en onsigbare werklikheid van God) en die gelowige (in sy of haar aardse werklikheid). Hierin speel die Woord tot die beskikking van die gelowige asook die werk van die Heilige Gees wat binne die gelowige leef, 'n groot rol (Rom. 5:5; 1 Kor. 6:19; 2 Kor.1:22). Sondag 20 van Die Heidelbergse Kategismus (GKSA 2004:52) antwoord op die vraag, "Wat glo jy van die Heilige Gees?" soos volg:

> Eerstens is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Tweedens is Hy ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, my troos en ewig by my bly.

Tydens die gelowige se persoonlike verhouding met God, geld 'n hoor-van-mekaar wat die aardse werklikheid oorbrug en transendeer. Dit is 'n wederkerige verhouding waarin die individu God as sy/haar Here eer en dien terwyl God se almag (en die Heilige Gees[71]) daagliks in die gelowige se lewe *sorgsaam besig* is. Van God se kant af is die proses 'n gegewe werklikheid. Die behels versorging van, intree vir, leiding gee aan, bemoediging van, en geloofsbou van elke gelowige. Daarvoor kan verskeie redes

[71] Van der Spuy (1998:18) beklemtoon: "Die Heilige Gees is die Derde Persoon van die Goddelike Drie-eenheid: een in wese maar drie persone." En: "Soos die ander twee persone, is die Heilige Gees ook God" (a.w.:18).

aangevoer word. Een daarvan is omdat God deurgaans getrou bly (vgl. Ps. 31:2) as die God wat Liefde is. God het sy kinders by die naam geroep, en só geld hulle werklikheid voor God. Hulle is geroep om nader (aan God) te kom, nie om ’n tydperk lank of vir ewig weg te gaan nie. Die Woord as gespreksgenoot tot die navorsing bevestig telkens hierdie gedagtes oor gelowiges se godsdienstige en geestelike ervarings.Vervolgens, word verskillende temas bespreek wat met hierdie ervarings verband hou.

4.4 TEMAS WAT MET GODSDIENSTIGE EN GEESTELIKE ERVARINGS VERBAND HOU

Verskillende temas wat verband hou met godsdienstige en geestelike ervarings (ontmoetings/saam wees met God) word vervolgens belig en bespreek. Die temas is: die belang van die Woord vir die gelowige se lewe (4.4.1); die verbondenheid tussen Christus en gelowiges (4.4.2); toewyding aan God (4.4.3); ’n persoonlike verhouding met God (4.4.4); identiteit soos dit tot uitdrukking kom in kindskap van God (4.4.5); gelowiges behoort aan God wat goed doen (4.4.6); gebed (4.4.7); gemeenskap met God in persoonlike Skrifstudie en gebed (stiltetyd) (4.4.8); huisgodsdiens (4.4.9); en geloofsgroei en geloofsonderrig (4.4.10).

Waar dit verband hou, word die Medenavorsers se geestelike en godsdienstige ervarings ook verskaf. Die gespreksgenote tot die navorsing vul die navorsingsverhaal aan. Hulle behels: die Praktyk, die Kanonieke Bybel, Teologiese en Buite-Bybelse geskrifte, Medenavorsers en die Navorser se perspektiewe. Na bogenoemde gedeeltes oor godsdienstige en geestelike ervarings, word die volgende temas bespreek: kinders as deel van ’n gesinstruktuur se godsdienstige en geestelike ervaring (4.5); en ouers as Christelike verbondsleiers in die gesinstruktuur (4.6).

Die daaglikse besig wees met die Woord is ’n noodsaaklike godsdienstige asook geestelike ervaring. Die belang van die Woord word hier onder van nader beskou.

4.4.1 Die belang van die Woord vir die gelowige se lewe

Die omgang met **die Woord** as verbondshandeling (godsdienstige ervaring), word vervolgens kortliks uit ’n paar verskillende perspektiewe belig om die omvang van godsdienstige ervarings, soos Bybellees, aan te dui. ’n Medenavorser (A-A2)[72] het godsdienstige ervaring met die Woord in verband gebring. Hy het op die vraag, “Watter rol speel godsdiens in julle alledaagse gesinslewe?” (B-47) geantwoord: “Baie belangrik. Ek sal iets uit die Bybel lees wat my opval en dan vir haar [sy vrou – R K] daarvan vertel. Dit bly in my gedagtes as ek iets gelees het wat my opval.” Hierdie Medenavorser het getuig van die indruk wat die gelese Woord in sy eie lewe maak. Die uitwerking daarvan geskied in die oomblik maar duur ook deur die res van die dag voort omdat die Heilige Gees die gelese gedeelte in sy gedagtes *lewend* hou. Met ander woorde, ’n proses om die Woord te bevestig, waarby die Gees betrokke is, volg op die lees/bestudering/ oordenking/van die Woord. Indien die gelowige nalaat om die Woord te lees en oordink, ontbeer so iemand in ’n mate hierdie bevestigingsproses.

Van der Watt, Joubert, du Rand en Naudé (2002:36) wys daarop: “Die Bybel is ’n wonderlike boek, maar dan moet ’n mens dit oopmaak en lees.” Die vraag is: hoe dikwels maak die gelowige die Boek oop om dit te lees? Deurlopende besig wees met die Woord behoort ook uit meer as bloot *lees* van die tekste te bestaan. Whitney (1999:41) beklemtoon dat die intensiewe bestudering van die Woord ’n groter indruk op die gelowige maak as slegs Bybellees.

Whitney (1999:41 e.v.) vertel ’n verhaal van twee broers wat by ’n vrugteboom in die veld vrugte geëet het. Die een broer het vrugte gepluk voor hy na sy huis vertrek het, en die ander broer het die boom uitgespit om dit by sy huis te gaan plant. Whitney verduidelik sy eie narratief:

> The Bible is like the fruit-bearing tree in this story. Merely hearing the Word of God is to be like the first brother. You may gather much fruit from the encounter and even bring home enough to feed on for a few days, but in the long run it doesn’t compare with having your own tree. Through the disciplines of reading and studying, we make

[72] Verwys na Bylae A vir inligting oor die Medenavorsers.

> the tree our own and enjoy the fruit. Among the spiritual disciplines [d.i. Bybellees en gebed – R K] we also find the tools of memorization, mediation, and application, which bountifully increase our harvest of fruit from the tree.

Hierdie aanhaling bevestig die belang van die Woord as onderrigmiddel vir die leefwyse van die nuwe lewe in Christus – wat onder meer die kentekens dra van die vrugte van die geloof, begelei deur die werking van die Heilige Gees.

Die Woord en die Heilige Gees werk aanvullend wanneer die geloofsgroei van die gelowige ter sprake is. Indien die Woord slegs ŉ geringe rol in die gelowige se toewyding aan God speel, is die vraag: watter *praktiese* indruk kan dit in die gelowige se lewe maak? Nürnberger (2009:12) verduidelik dat God se Woord die krag het om mense se lewe te omvorm. Die Woord skrik mense af van ŉ houding of handeling wat hulleself of ander skade kan berokken (a.w.:12). Hierdie stelling strook met Paulus se leiding in 2 Timoteus 3:16. In die lig hiervan gee Nürnberger (2009:13) voorbeelde van die Woord se krag om lewens te verander:

> [Dit] gee rigting aan mense wat hulle pad deur die lewe verloor het; dit aanvaar mense wat oënskynlik onaanvaarbaar is ... versoen mense wat agterdogtig en vyandelike houdings teenoor mekaar ronddra ... gee mense selfvertroue as hulle onseker of bang is ... gee moed aan mense in skynbaar hopelose situasies; en ...vreugde aan mense wat hartseer ervaar.

Joubert (2004:68) bring die Woord in verband met God se genade: "[God se – R K] genade tref in die eerste plek jou ore, dan die res van jou lewe." Met ander woorde, die inhoud van die Skrif (God se woorde) word gehoor, en werk dan transformerend deur na die res van die hoorder se lewe. Joubert (2004:70 e.v.) gebruik Jesus se werk met mense as voorbeeld om laasgenoemde stelling te bevestig (vgl. Luk. 7:36-38 se vertelling van die vrou wat aan Jesus se voete gesit het). Joubert (2004:71) stel dit sterk:

> Sy, ŉ onheilige, het dit gewaag in die teenwoordigheid van die Allerheilige. Al wat sy aan Jesus kon bied, was sonde en ŉ stukkende hart. Maar toe **tref genade haar vinniger as die spoed van lig.** Toe trek die hemel skielik bo haar oop wanneer Jesus vir haar sê dat God haar vryspeek (beklemtoning deur die navorser, R K).

Die Woord dra God se *genade* na die hoorder en die Gees bevestig hierdie Woord aan die gelowige ... byna onmerkbaar vinnig indien die gelowige hom- of haarself na die Woord wend. ’n Verbondshandeling, soos om die Woord te hoor, lees, en te bestudeer, is ’n innerlike ervaring wat die individu se geloofsgroei aanhelp.

Met (1) die *sekerheid* van die inwoning van die Gees, en met (2) die *sekerheid* van God se Woord in gelowiges se hande terwyl hulle God se woorde lees, is hierdie gelowiges deur die Gees omgewe. Dit is ’n geval van God se inwoning binne gelowiges, terwyl hulle sy woorde (denke) in die Woord lees. Daarby bevestig die Gees die gelese Woord aan gelowiges sodat hulle kan hóór, gló en gaan dóén. Bogenoemde twee voorbeelde dui op die genadegawe van die Gees en die Woord wat gegee word aan diegene wat hulle in geloof aan Christus verbind het.

God se Woord (die Skrif) aan die mens kan by verskeie geleenthede gelees en bestudeer word, en telkens begrippe en denke oor nuwe-lewe-konsepte en – denke na die hoorder/s oordra. Gelowiges het deurlopende toegang tot die Woord vir bemoediging, leiding, geloofsbou, bevestiging van die waarheid en vir gemeenskap met die lewende en sprekende God. Die Skrif is juis binne bereik van elke gelowige gebring sodat hy of sy dit herhaaldelik kan lees, bestudeer, bepeins, met ander gelowiges kan bespreek, kan hoor en glo. Die uiteindelike doel is dat gelowiges deur hulle dade die Woord uitvoer. Nicol (2001:200) wys op die verband wat die Woord en die Gees met die geloof het:

> Sondag 7 van Die Heidelbergse Kategismus leer dat **ware geloof** uit twee elemente bestaan, naamlik kennis en vertroue. Die kennis kan ons in ’n groot mate self opdoen deur te leer ken wat God in die **Woord** aan ons openbaar en dit vir waar te aanvaar, maar as dit by die vertroue kom, staan ons magteloos. Die inhoud van ’n mens se vertroue is dat God ’n vaste verhouding met jou het en jou nooit sal los nie. Uit jouself kan ’n mens glad nie daar uitkom nie. Daarom sê die Kategismus tereg in dieselfde sin dat die **Heilige Gees** dit in my hart werk. (Beklemtoning deur die navorser – R K).

Hierdie soort godsdienstige ervaring – soos daaglikse besig wees met die Woord – is onontbeerlik vir ’n verbondskind in sy of haar verhouding met God. Die Woord spreek gelowiges aan en omvorm hulle lewe.

Heyns (1999:29) druk die Woord en geloof se verband soos volg uit:

> Die spreke van God deur die Skrif roep geloof in die hart van die mens op en deur hierdie geloof erken die mens die gesag van die Bybel. Daarom kan ons sê dat die gesag van die Bybel, wat wel los en onafhanklik van die mens buite hom staan, sigbaar en effektief word *in* die menslike aksie van geloof.

Met ander woorde, God gebruik die Skrif (en die werking van Sy Gees) om "geloof in die hart" van die gelowige te wek, en hierdie geloof word sigbaar en effektief deur die "menslike aksie van geloof" (a.w.:29).

Van der Watt (2000:150) wys daarop dat mense as rasionele wesens weer die waarde van geloof moet besef; as mense God se wêreld wil betree, is geloof nodig want hulle verstand is te klein om God se wêreld oop te sluit. Anders gestel: geloof laat die gelowige iets/baie van God se wêreld verstaan. Die vraag is, hoe kan dit gebeur? Die Heilige Gees wek *onder andere* geloof in die hart van die gelowige met die verkondigde/gelese Woord en laat geloofsverstaan 'n plek in die gelowige se hart vind. Die *Heilige Gees* en die *Woord* rig geloofsverstaan op God se werklikheid. *Geloof* word gerig op God se werklikheid.

Hedendaagse gelowiges binne 'n postmodernistiese era het nodig om die Woord *gereeld* duidelik en ongekunsteld tussen die geraasbesoedeling van vreemde stemme te hoor. Volgens Van der Spuy (1998:157) is daar 'n wesenlike gevaar dat 'n Christen weer wêrelds kan word en "deur die sondige wêreld van God af weggetrek kan word". Hy stel dit dat die stryd tussen die mens se ou en nuwe natuur deurgaans teenwoordig is, en wanneer die ou natuur die oorhand kry, "stagneer jy in jou geestelike lewe en hou jy op om geestelik te groei" (a.w.:157). Die gedeeltes oor *spesifieke godsdienstige en geestelike geloofservarings* (later in hierdie hoofstuk) sal die sienings van die gespreksgenote tot die navorsing, die Praktyk, die Woord, Teologiese en Buite-Bybelse geskrifte, Medenavorsers en die Navorser, by die bespreking betrek (*sien* 4.4 e.v.).

Die Woord bevestig telkens die verbondenheid tussen Christus en gelowiges, en word vervolgens met 'n bespreking ter sprake gebring.

4.4.2 Die verbondenheid tussen Christus en gelowiges

Teologiese besinning oor die verbondenheid tussen Christus en die gelowige val in drie aspekte uiteen (Heyns 2000a:99). Die drie punte word vervolgens kortliks bespreek:

1. *Geloofsverbondenheid in Christus:* navolging van Christus is slegs moontlik "op die basis van die mees intieme verbondenheid met Christus" (a.w.:99).
2. *Geloofsgehoorsaamheid aan Christus:* "Navolging is nie net 'n status nie, maar ook 'n lewe in ooreenstemming met daardie status, en in gehoorsaamheid aan die norme wat geld vir daardie status en daardie lewe" (a.w.:99).
3. *Geloofstryd met Christus:* weens die sonde in die wêreld is navolging van Christus nie bloot 'n positiewe begrip nie. Die werklikheid van die sonde is in die wêreld teenwoordig. Die gelowige het slegs hoop op 'n oorwinning, indien elkeen self "gelowig aanvaar dat Christus vir hom [of haar – R K] die stryd gevoer het, en nog steeds besig is om die magte van die duisternis te vernietig (1 Kor. 15)" (a.w.:99).

Kortliks gestel, (1) *Geloofsverbondenheid in Christus* hou verband met navolging wat gekenmerk word deur die gelowige se intieme verbondenheid met Christus. (2) *Geloofsgehoorsaamheid aan Christus*: verbondenheid met Christus hou ook verband met die gelowige se gehoorsame navolging van Christus. Hierin geld onder meer, die aanwysings (2 Kor. 4:16-16; 5:1-10), onderwysing (Joh. 10), verhale en beloftes in die Woord. Die gelowige kan immers nie weet wat gehoorsame navolging behels nie, indien hy/sy nie daarin onderrig ontvang nie. Hierdie aspekte van onderrig dui die pad aan na die leefwyse van die nuwe lewe in Christus. In hierdie proses tree God se Gees as die gelowiges se Helper op. (3) *Geloofstryd met Christus* dui op die aanvegtings en stryd wat navolging van Christus vir die individu inhou. In hierdie proses is God deur sy Gees die gelowige se Ondersteuner en Helper.

'n Belangrike punt wat Heyns (2000:99) oor genoemde punte maak, is dat dit nie net 'n individuele aangeleentheid is nie. Daar is ook 'n kollektiewe basis wat heenwys na deelname aan die gemeente van Christus. Dit behels gevolglik: die *geloofsverbondenheid van die gemeente in Christus* [vgl. 1], *die geloofsgehoorsaamheid*

van die gemeente aan Christus [vgl. 2] en die *geloofstryd van die gemeente met Christus* [vgl. 3].

Wanneer die Christelike huweliksverhouding en die verbondsgesin tydens navorsing ter sprake kom, geld die verbondenheid tussen Christus en gelowiges (Kol. 2:6) vanselfsprekend. Die werklikheid van hierdie verbondenheid veronderstel ook dat die kwaliteit van die verhouding binne die huwelik grootliks positief deur hierdie verbintenis geraak sal word. Dit gebeur egter nie deurgaans nie, soos uit die praktyk blyk. Die redes daarvoor kan onder meer behels:

- Die gelowige se gebrek aan die regte *kennis* oor wat hierdie verbondenheid eintlik behels.
- Die invloed van die *sonde* in die gelowige se lewe kan die verbondenheid in gedrang bring.
- Gebrek aan *toewyding* aan God kan die verbondenheid tussen Christus en die gelowige in die huidige oomblik verskraal.

Gevolglik is die standpunt: wanneer die verbondenheid tussen Christus en die gelowige weens byvoorbeeld hierdie redes verswak, kan dit moontlik ’n nadelige uitwerking hê op die kwaliteit van die verhouding tussen huweliksmaats asook binne die verbondsgesin (Jer. 17:13-14).

Die teendeel is egter ook waar: die verbondenheid tussen Christus en die gelowige (bv. ’n huweliksmaat) het in ander gevalle so ’n groot impak op die gelowige se eie lewe dat hierdie mens in en deur sy en haar lewe/leefwyse *veel* ten toon stel van wat die *nuwe lewe* in Christus spesifiek beteken. Voorbeelde hiervan is: ’n oorvloed naasteliefde, ’n verhouding van respek met die lewensmaat, persoonlike toewyding aan God, getrouheid in karakter, geloof in God, ’n leefstyl van vreugde en vrede (Gal.5:22-23), goedhartigheid, en ’n gesonde verantwoordelikheidsin.

Die vraag is: wat maak vir laasgenoemde gelowiges die verskil? Hoekom blyk dit dat die lig van die *nuwe lewe in Christus* só helder in hulle lewe skyn? Na die Navorser se

mening speel gehoorsaamheid aan God[73] hier ’n belangrike rol, en dat die gelowige telkens te midde van omstandighede (goeies of moeilikes) terugkeer na die Bron, vir *gemeenskap met die Drie-enige God*. Daardeur ontvang die gelowige krag om in die geloof te volhard en ook om ná aan hierdie Bron te bly wat begelei: “Gaan hiernatoe,” of: “Doen só,” of: “Pasop!” In God se teenwoordigheid word die gelowige ten goede geraak, beïnvloed en vernuwe. Dit is God se Gees wat in die gelowige aan die werk is.[74] Dit is die navorser se mening dat ’n innige persoonlike verbondsverhouding tussen die gelowige (in hierdie geval ’n huweliksmaat) en God, ’n lewensveranderende uitwerking uitoefen op die verhoudingskwaliteit in die huwelik en verbondsgesin. Buys en du Plessis (2014:21) koppel die verbond en die huweliksverhouding op die volgende manier:

> Gelowiges staan in ... ’n verbondsverhouding met God en daarom is die huweliksverhouding tussen man en vrou ook die sluiting van ’n verbond voor God. Vir gelowiges is die huwelik nie bloot net die sluiting van ’n kontrak nie. ’n Wettige kontrak gaan oor reëls en regulasies wat verbreek kan word. ’n Verbond handel egter oor ’n liefdesverhouding. Gelowiges se huweliksverhouding moet eintlik ’n afspieëling wees van Christus se verhouding met die kerk en hulle moet kanale van God se liefde vir mekaar wees.

Indien ‘n innige verbondsverhouding met God as werklikheid geleef word, sal verhoudingskwaliteit positief gestem word, en sal die egpaar ook kanale van God se liefde vir hulle kinders wees.

’n Innige persoonlike verhouding met God behels ’n wilsbesluit en -keuse en is ’n alledaagse, konkrete werklikheid. So ’n verhouding is brood-nodig vir elke gelowige kind van God. Hieruit volg die denke, handeling en gesindhede wat ’n lewensveranderende verskil in persoonlike verhoudings met ander sal maak. In die daaglikse omgang met God, word die gelowige omvorm tot die regte gesindheid, denke,

[73] Gehoorsaamheid aan God hou goeie gevolge in vir die dader en (as moontlikheid) vir ander mense by wie die dader betrokke raak.

[74] Verwys na die begin van dieselfde gedeelte (4.4.2), waar ’n teologiese besinning oor die verbondenheid tussen Christus en die gelowige volg. Hierdie gedeelte lê klem op verbondenheid met Christus wat berus op: (1) ’n Mees intieme geloofsverbondenheid, (2) geloofsgehoorsaamheid in Christus (2) en (3) die geloofstryd saam met Christus. Laasgenoemde getuig van aanvegting en stryd wat ’n navolger van Christus se aardse deel sal wees. Hierin staan God elke gelowige by.

en handeling – met goeie gevolge vir die ander verhoudings. ’n Innige persoonlike verhouding met God dra energie in wat die gelowige se lewe innerlik vernuwe. Dit behels ’n lewende, wederkerige verhouding waarin die Here deur sy Gees die inisiatief neem. Die gelowige is daardeur die *begunstigde in genade*. De Klerk (1985:24) vat aangrypend in woorde vas hoe God genade aan die gelowige betoon. Die verbondsverhouding kom op uit God se uitverkiesende genadebesluit *oor* die mens, en daardie verbondsverhouding rus op God se genadewerk *in* die mens (a.w.:24).

Die **Medenavorsers** (Bylae A) het *verbondenheid aan God* met verskillende betekenisse/fokuspunte verwoord. Die *skuinsdruk* in die gedeelte wat volg, belig die betekenisse wat aan hierdie verbondenheid gekoppel word:

- Die *doop* wys heen na die verbondenheid (A-A2).
- Ons as *gelowiges is geestelike kinders van Abraham*, en dui op die verbondenheid van hedendaagse gelowiges aan God (A-A3).
- *Jesus se kruisdood* onderskryf hierdie verbondenheid (A-A3).
- Die verbondenheid aan God behels ’n *unieke verhouding van bewaring en seën* van God se kant af, met die gelowige wat van sy of haar kant af ’n groot verantwoordelikheid het om die Here te dien (A-A3).
- *Ouers wat die Here dien en hul kinders in die weë van die Here opvoed*, onderstreep hierdie verbondenheid (A-A4).
- Gelowiges *stap die lewenspad sáám met die Here, in verwagting en geloof* (A-A3).
- *Geloofsgroei* is noodsaaklik, dit *versterk geloof in God* (A-A11). Nicol (2002:172) gee in hierdie verband ’n verduideliking van wat geloof is: “Ware geloof is eerder dankbaar dat die Here in my woon en teen al my sondigheid in werk om my hart na Hom te draai, sodat die bewussyn waarmee ek leef sy gawe is waaroor ek bly kan wees.”
- *Kind van God* dui op ’n innige, betekenisvolle, permamente verbintenis tussen genoemdes (A-A1).
- *“Stiltetyd” met die Woord en gebed* is onontbeerlik voordat die dag in alle erns kan begin (A-A1).
- *Lang gesprekke met gelowiges oor geloof en geloofsgroei* (A-A1).

- *Daaglikse omgang met God*: voortdurende en altyd (A-A4).
- *Geloofsgroei en -onderrig* is uiters belangrik. Die kerk word gereeld besoek om geestelik te groei en dan daarvolgens te gaan leef (A-A4).
- *Dankbaarheid teenoor God vir die gawe van geloof* (A-A5).
- *Gebed* is prominent in ’n persoonlike verhouding met God (A-A5).
- *Kerkbesoek en selfstudie van die Woord* is uiters belangrik (A-A5).
- *Die Here beteken alles, in lewe en in sterwe* (A-A5).
- Die term *“verbond” wys heen na die ooreenkoms tussen die Here en myself* (A-A2).
- ’n *Verbondsgesin is almal wat gedoop is* in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees (A-A2).
- *God het Sy Seun gestuur om te sterf sodat gelowiges gered kan word van die dood* (A-A2).
- Gelowiges het die *bystand van die Heilige Gees* (A-A2).

Uit die antwoorde in skuinsdruk hier bo, blyk dit dat Medenavorsers se verbondenheid aan God strek van die bystand van die Heilige Gees (Bylae A-A2) tot dankbaarheid oor die gawe van die geloof (Bylae A-A5).

Die Woord as gespreksgenoot tot die navorsing getuig telkens oor die gelowige se verbondenheid met God. Deur objektief ’n geheelindruk van die boek Hebreërs voor te hou, val dit op dat die skrywer uitnemend die verbondenheid tussen Christus en die gelowige beklemtoon. Hebreërs se Christologie fokus eers op die betekenis en waarheid oor Christus se lewe (bv. Heb. 5:7-10), en verskuif dan die fokus na gelowiges (bv. met Heb. 6:1-3), wat in hierdie heilige verbintenis nuut behoort te dink en leef. Dit is asof die skrywer by gelowiges aandring: “Besef Wie Christus is en wat sy roeping vir julle lewe inhou. Dan: “Besef wie julle in Christus is en behoort te wees!” en: “Lééf dan daarvolgens!”

Wolmarans (1999:1677) wys daarop dat die hoofargument van Hebreërs fokus op die werk van Jesus Christus as Hoëpriester. Ná die hoofargument wat tot Hebreërs 10:1-18 strek, doen die skrywer ’n oproep op die lesers om vas te hou aan die grondwaarhede van die Christelike geloof (Heb. 10:19-39; a.w.:1677). En: “noudat die lesers gehoor

het wat Jesus Christus vir hulle doen, volg ’n uiteensetting van wat hulle moet doen. Hierdie deel bestaan uit oproepe (Hebr. 11:1-12:29)” (a.w.:1677).

Onderwysing oor die praktiese toepassing van die nuwe lewe in Christus (Ef. 4:23 en 24) loop soos ’n goue draad deur die Nuwe-Testamentiese Boeke, hoewel dit soms minder prominent vertoon (sien 2.3.1.2). Die skrywers praat met mense wat in Christus aan God behoort, gelowiges wat hulle toekomsverwagting *aan Christus koppel* (Rom. 6:13), en ’n unieke eindbestemming (eskatologies) volg (Joh. 3:36; 6:54; 10:27-30; 17:3), en wat genade op genade ontvang het (Joh. 1:16).

Jakobus is een van die boeke in die Bybel met praktiese aanwysings oor hoe om in diens van en in verbondenheid met God en Christus te leef (Jak. 3:9-12; 3:13-18; 4:11-12; 5:13-18). Dit raak die hele menswees: kwaliteit van verhoudings in die huwelik en binne die Christelike gesin. Binne die skopus val ook die lewensuitkyk, toekomsbeskouing, selfbeeld en denke en soos Jakobus beklemtoon: dade (Jak. 1:22-25). Wolmarans (1999:1704) verduidelik: “In Jakobus 2:14-26 argumenteer die skrywer dat **glo en doen bymekaar moet uitkom.** Jy kan nie glo sonder om te doen nie; jy kan ook nie doen sonder die regte geloof nie. Jou geloof is ‘reg’ as jou dade wys dit is reg” (die beklemtoning is dié van die skrywer self). Dit is ’n belangrike punt wat Wolmarans maak oor ’n eenheid van wedersydse implikasie tussen geloof en dade.

In 1 Petrus 1 e.v. word die verbondenheid tussen God en die gelowiges ook deurentyd onderstreep (1 Pet. 1:3-9; 2:9; 2:16). Die gelowiges word daaraan herinner dat Jesus Christus se dood, opstanding en beloofde wederkoms hulle *vaste fondament* is, sodat hulle kan aanhou glo, hoop en volhard (1 Pet. 1:17-21). Hierdie verbondenheid van Christus aan die gelowige en andersom is nie ’n mite nie, dit is ’n reeds voldonge feit. Die verbondenheid van Christus aan die gelowige kan nie ongedaan gemaak word nie, maar die gelowige behoort volgens hierdie waarheid te bly leef. Aanvegting, lyding, verontregting en die eise van die lewe laat gelowiges soms van hierdie heilige verbintenis vergeet – al is dit net ’n kort rukkie (Rom. 12:12; Heb. 3:14; 1 Pet. 5:8-11). Die onsigbare werklikheid wat die Christelike geloof begrond, moet die sigbare werklikheid rig en stig, met ander woorde die Christelike geloof se begronding behoort

’n goeie verskil in die sigbare werklikheid van die gelowige te maak. Dit gebeur onder andere deur die gelowige wat waarlik glo en volgens die Christelike aanwysings leef.

2 Petrus onderstreep ook hierdie verbondenheid deur te fokus op die Christen se roeping en verkiesing: “Daarom broers (en susters – R K) moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het” (2 Pet. 1:10). (Bybel 1983). Met ander woorde, die leefwyse van die gelowige (of die gelowige huweliksmaat) behoort nie hierdie verbondenheid te weerspreek nie. Dit onderstreep ook Jakobus se gedagte van geloof wat in dade moet oorgaan. Indien die gelowige ’n nuwe mens *in Christus* is, sal sy of haar dade daardie feit verkondig. Ook vir Johannes behoort die verbondenheid aan Christus ’n impak op mense se leefwyse te hê: “As ons beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie. Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde” (1 Joh. 1:6-7) (Bybel 1983).

Heyns (1999:322) verduidelik hoe die verbondenheid tussen Christus en die gelowige met unieke beelde in die Bybel beskryf word:

> Die innige verbondenheid met en gemeenskap tussen Christus en die gelowige, word met verskillende unieke beelde omskrywe. Een daarvan is die beeld van die wynstok en die lote. Sonder die sap wat die lote uit die wynstok ontvang, kan daar aan die lote geen vrugte verskyn nie. So kan die gelowige alleen uit Christus lewe en vrugte dra (a.w.:322).

Die feit dat gelowiges aan God in Christus verbonde is, het dus ’n duidelike uitwerking op Christene se handelinge (“vrugte” in Bybelse terme), denke, gesindhede en die keuses wat so iemand uitoefen.

Die waarheid wat die Christelike geloof begrond, moet die bepalende faktor vir toekomstige handeling, gesindhede, woorde en denke word. Dit dui op die geheimenis van die Christelike geloof se *alreeds* en *nog nie* asook op die *sigbare* en die *onsigbare* werklikheid. Hierdie waarheid dui ook op die *toekoms* en die *ewigheid* in God se

teenwoordigheid. Die Heidelbergse Kategismus (GKSA 2004:39) stel die vraag, Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? Die antwoord is:

> Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my Verlosser, Jesus Christus behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so ’n wyse dat, sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.

Die verbondenheid van Christus aan gelowiges, en hulle aan Hom, behoort ’n verskil te maak aan die kwaliteit in die huweliksverhouding en verhoudings binne die verbondsgesin, asook in die aanwesiges se leefwyse as sodanig. Dit geskied wanneer gelowiges deurentyd aan Christus verbonde is, na sy woorde luister en dan gaan doen wat Hy vra.

Binne hierdie verbondenheid word die praktyk van *toewyding aan God* duidelik. Hierdie tema word vervolgens bespreek.

4.4.3 Toewyding aan God

Die woord *toewyding* beteken om iets *met oorgawe* te doen (dit dra ook die volgende konnotasies: erns, geesdrif, energie loslaat, diens, dissipline, pligsgetrouheid, volharding, inspanning, verantwoordelikheid en beskikbaarheid). Hierdie aspekte kan by *toewyding* aan ’n loopbaan na vore kom; net so, basies beoordeel, geld dieselfde voorbeelde wanneer toewyding *aan God* ter sprake is. Hierdie soort toewyding behels egter veel meer. Dit gaan oor die gelowige se liefde en ontsag vir God. Dit behels ’n *innige* persoonlike verhouding met God deur gebed, en oordenking van en gehoorsaamheid aan die Woord. Die een aspek in die verbintenis stig die ander, en moedig sodoende toewyding aan God aan. Toewyding vra dat iemand vrywillig tyd vir God afstaan. Indien hierdie toewyding nie in ’n gelowige se lewe voorkom nie, hou dit uiteraard nadelige gevolge in. Dit raak daardie gelowiges se liefde vir God, hulle persoonlike verhouding met God, asook hulle omgang met die Woord en

gehoorsaamheid daaraan. Dit kan ook ’n geval wees dat daardie gelowige bloot nie behoorlik tyd vir God inruim nie.

Vir die **Medenavorsers** (verwys na Bylae A) beteken *toewyding* aan God onder meer getroue kerkbesoek, gemeenskap met gelowiges, gebed en stiltetyd, Bybelstudie, selfstudie van die Woord, en eerbied vir God en sy Woord. Linda (A-A3) se antwoord op die vraag, “Wat beteken die Here vir jou?” (Bylae B-24)[75] was: “Ek het Hom lief omdat Hy so kosbaar en getrou is en ons eerste liefgehad het.” Hierdie stelling getuig van ’n soort begrip van wie God is, en dat sy Hom lief het al het sy Hom nog nooit gesien nie. Uit haar unieke begrip van wie God is – waaraan persoonlike kenmerke gekoppel word – vloei haar toewyding aan God voort. Die woord *toewyding* het die volgende konnotasies: die mens se verantwoordelikheidsbesef, getrouheid aan ’n saak, verpligting teenoor ’n saak of persoon, doeltreffende werketiek, insette gelewer, volharding - al lyk die pad vorentoe moeilik, en dissipline wat onontbeerlik is wanneer mense hulle tot ’n saak/projek/God verbind. Medenavorser George (Bylae A-A5) het daarop gewys dat geloofsgroei en -onderrig uiters belangrik is en dat hy dit in sy lewe prakties uitleef deur kerkbesoek en Woordstudie (Bylae B-21). Sy toewyding aan God word konkreet in sy kerkbesoek en studie van die Woord. Petra (Bylae A-A1) dui aan dat geloofsgroei in haar lewe geskied deur met “nuwe” oë (met groter deernis en liefde) na alles en almal om haar te kyk. Haar toewyding aan God word sigbaar deur haar lewensbenadering teenoor ander mense. Hierdie toewyding kan verskillende gesigte toon, soos bogenoemde voorbeelde van die Medenavorsers getuig.

Toewyding aan God en ’n persoonlike verhouding hou verband. Die tema *’n persoonlike verhouding met God* word vervolgens aangespreek en die Medenavorsers se ervaring daarvan word ook uitgelig.

4.4.4 ’n Persoonlike verhouding met God

Smalley (2004:171) verstaan ’n persoonlike verhouding met God soos volg: “Jesus Christ, through his death on the cross, has made it possible for you to be in a

[75] Vraelys wat die Medenavorsers beantwoord het.

relationship with God." Hierdie versoening (wat uit die dood van Christus voortvloei) hou verreikende gevolge in vir die persoonlike verhouding met God. Christus se offer aan die kruis het dit vir gelowiges moontlik gemaak om God direk en sonder omhaal van woorde, in 'n persoonlike verhouding te nader. Versoening was God se idee. God het in genade na die sondige mens uitgereik en verlossing in Christus[76] as werklikheid in plek gestel.

Een van die besliste gevolge van *verlossing* in Christus wat werklikheid geword het, is die skenk van die ewige lewe aan dié wat in Christus as Verlosser glo. Hierdie spreekwoordelike brug wat God *in Christus* na gelowiges/mense gebou het, het persoonlike gemeenskap met God moontlik gemaak. Om die verhouding tussen God en die gelowige te herstel het angswekkende gevolge vir Jesus se aardse lewe ingehou. Om hierdie rede is 'n persoonlike verhouding met God nie 'n saak wat belydende gelowiges as moontlikheid behoort te verontagsaam/ignoreer/verwaarloos/of negeer nie. Indien dit wel gebeur, is 'n regstelling nodig. Voor die regstelling egter kan geskied, behoort die gelowige te weet wat 'n persoonlike verhouding met God behels. Hier onder word die Medenavorsers se sienings oor hulle persoonlike verhouding met God uiteengesit. Verskillende navorsingsperspektiewe sal die persoonlike verhouding met God verder duidelik maak namate die navorsingsverhaal in die hieropvolgende hoofstukke verder ontwikkel.[77]

Die Medenavorsers – saam as gespreksgenoot tot die navorsing – het almal bevestigend geantwoord op die vraag of hulle 'n persoonlike verhouding met God het. Ter verduideliking van hoe hulle 'n persoonlike verhouding met God beskou, trek Medenavorsers die antwoord deur na (1) daaglikse denke oor God (A-A2); (2) gebede wat in die persoonlike verhouding vooropstaan (A-A5); (3) daaglikse omgang met die Woord (A-A1); en (4) om saam met God die lewenspad te stap (A-A3). Hoewel die Medenavorsers verskillende beklemtonings aan hulle persoonlike verhouding met God gegee het, word hierdie verhouding nie slegs tot die binnekamer beperk nie. Die persoonlike verhouding syfer deur na die daaglikse gebeure in hulle lewe en is voortdurend 'n agtergrondpersoonlikheid, soos hulle antwoorde daarvan getuig.

[76] Verlossing van die sonde.

[77] Sien 6.2.2 e.v. wat handel oor die nuwe verbond; ook 6.2.2.7.

Gelowiges se gesindhede, woorde, optrede en lewensbenadering word op ’n besondere manier gerig deur die begronding van die Christelike geloof – dit waarin hulle glo. Medenavorser Petra (A-A1) het op die vraag “Wat verstaan jy onder die begrip ‘’n persoonlike verhouding met God’?” (B-20) geantwoord: “Wanneer ‘stiltetyd’ met Sy Woord en jou gebed vir jou onontbeerlik is voordat jy die dag in alle erns kan begin.” Hierdie stelling bevestig bogenoemde argument dat die persoonlike verhouding met God na die alledaagse lewe deursyfer. Dit lei na die vraag hoekom stiltetyd en gebed vir Petra onontbeerlik is. Die rede is dat sy deur die Woord, gebed en gemeenskap met God in die geloof versterk word, en dit haar die basis bied vanwaaruit sy haar dag in die wêreld aanpak.

Al die Medenavorsers het van hulle geloof in die Drie-enige God getuig asook hulle liefde vir God.[78] Hieruit blyk duidelik: God is die Hoofspeler in die opvoering van hulle lewe, en die draaiboek waarvolgens hulle leef, is die Woord. Die Medenavorsers se verhale het ook getuig van hulle ontsag vir God en afhanklikheid van God. Op die vraag, “Het jy al ooit in terme van julle gesin as ’n “verbondsgesin” gedink?” (B-18) het Medenavorser Linda (A-A3) geantwoord: “Ja, die Here dek ons toe onder Sy beskermende vleuels,” wat van die afhanklikheid getuig. ’n Persoonlike verhouding met God behels egter veel meer as wat hierdie voorbeelde uitdruk.

Net soos wederkerigheid ’n kenmerk van die verhouding tussen twee mense behoort te wees, só behoort die persoonlike verhouding tussen die onsienlik God en die gelowige *wederkerigheid* te spel.[79] Prakties beteken dit: soms gesels God met die gelowige – soos deur die Woord – terwyl die gelowige aandagtig luister en die Woord oordink. Ander kere praat die gelowige in gebed of deur ’n versugting (soms skietgebed) met God – terwyl God aandagtig luister. Tydens gebed word hulp en leiding van God gevra, waarop God weer *met ’n antwoord* (soos met gebedverhoring) reageer. Du Preez (1980:14) wys daarop: “Gebed is ’n spreke van die mens tot God op grond van die feit dat God uit genade eerste met die mens gespreek het.” Die gelowige word soms met

[78] Medenavorser George (A-A5) het byvoorbeeld getuig dat die Here vir hom alles – in lewe of in sterwe – beteken (wat herinner aan die Heidelbergse Kategismus, Antw. 1) (GKSA 2004:39).
[79] 2 Tessalonisense 1:3 verwys na wederkerige liefde tussen mense: “Ons moet God altyd vir julle dank, broers. En dit is ook reg, want julle geloof neem sterk toe, en sonder uitsondering word julle *liefde vir mekaar* [skuinsdruk – R K] altyd meer.” (Bybel 1983).

aanwysings in die Woord onderrig (die Woord is besig met die gelowige!) waarop hy of sy in gehoorsaamheid reageer.

Om dit anders te stel: God praat by tye met die gelowige terwyl hy of sy luister; en ander kere praat die gelowige met God terwyl God op sy manier luister. Daarby word ook soms van die gelowige gehoorsame reaksie op die Woord gevra – soos dit in 1 Tessalonisense 4:1-12 vereis word. Medenavorser Linda (Bylae A-A3) het gemeld dat daar baie wonderwerke in hulle gesinslewe plaasgevind het en dat die kinders daarvan weet. Hierdie stelling getuig van God se betrokkenheid in die gesin se lewe en hulle betrokkenheid by God. Wat wederkerigheid in ’n verhouding betref, is nie een van twee persone in ’n verhouding veronderstel om tydens hulle saamwees-oomblikke “in die wind” te praat nie – sonder om gehoor te word. Dieselfde geld ’n verhouding tussen God en die gelowige. Tog is dit waar dat God soms “in die wind” moet praat omdat die mens nie luister nie (Jak. 1:22-25; Matt. 13:1-9), terwyl die mens wat tot God nader nooit só hoef te praat nie.

Die Woord speel ’n kernrol in die verhouding tussen God en die mens. God is in die Woord besig met *mense* tot hulle voordeel, en mense is terselfdertyd besig met God – ook tot *hulle* voordeel. Swanepoel (1997:32) verduidelik oor die Bybel se ontstaan:

> Inderdaad is die Bybel veel meer as net mensewerk: dit is die werk van God en mens in ’n verhouding. Dit is God se boodskap aan die mens; ervaar en opgeteken, oorgelewer en vertaal, gedruk en gelees deur mense onder die leiding en inspirasie van die Heilige Gees. Dit is ons kosbaarste besitting: God se gawe en riglyn aan elkeen.

Hieruit word duidelik: die Woord is ’n gawe *tot die lewe.* Die woorde in die Skrif wek lewe in Christus. Die Woord bemoedig, skenk insig, onderrig in Christelike lewenskuns en bevestig die waarheid. Dit maak God se wil bekend en belig God se werk met mense – wat wonderwerke insluit. Die Woord is net so relevant vir hedendaagse mense as wat dit vir destydse mense was, slegs die kontekste verskil. Die verskynsel van die sonde wat die Woord destyds aangespreek het, is vandag steeds dieselfde. Die konsep, *verlossing in Christus*, het oor die vele jare sedert die Woord saamgestel is, nie van gedaante verander nie. God se liefde vir die mens, soos in die Woord gestel, word

steeds oorgedra deur Woord, Gees en handeling (God se betrokkenheid in gelowiges se konteks) – soos destyds. Dit is dieselfde woorde vandag, wat God destyds te boek laat stel het. Slegs die tyd het verloop.

Du Plessis (1999:1278) beklemtoon dat diegene wat God se krag positief in hulle lewe wil ervaar, positief op Jesus se prediking reageer: "Dit is 'n voorreg wat elkeen het wat die woord van God hoor." God wat goed is, is in en deur die Woord tot gelowiges se voordeel op hierdie gelowiges gerig. God wil 'n goeie uitkoms vir sy kinders voorsien. Die Woord hou lewensveranderende kwaliteite in vir die mens wat dit lees of hoor; die Woord ter harte neem en glo; die boodskap onthou, leer en herhaal; en die Woord gaan doen en toepas. Die rede daarvoor: God se woorde het transformerende kwaliteite vir die mens wat daardie woorde ernstig opneem en daarvolgens leef. Hierdie transformerende kwaliteite stig *byvoorbeeld* 'n gesindheid. Dit haal die mens oor tot regte dade; of tot geloof. Sondag 25 van Die Heidelbergse Kategismus (GKSA 2004:56) vra die vraag,

> Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan? Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die heilige sakramente.

Kortliks gestel: die Heilige Gees werk geloof in die gelowige se hart deur die verkondiging van die Woord. Met die gebruik van die sakramente (doop en nagmaal) versterk Hy ook die geloof van die gelowige. Die gevolge vir die gelowige se lewe (vlg. die aanhaling hier bo), wys heen na omgang met die Woord. Gestel die gelowige sou nie moeite doen met die lees/bestudeer van die Woord, of nie na die verkondigde Woord in die erediens gaan luister nie; en ook nie die doop/nagmaal gebruik nie. Dan behoort hierdie nalaat noodwendig 'n nadelige uitwerking op sy of haar geloof te hê.

'n Volgende aspek in 'n persoonlike verhouding met God, is die gelowige se *volkome geloof* in God se *bona fides,* in die feit dat God persoonlik sal instaan vir die beste belange van sy kinders: "Geloof besit die karakter van vertroue" (Louw 2005:221). Twyfel in God bring die persoonlike verhouding met God onder verdenking, daarom

behoort twyfel nie ’n opsie vir die gelowige te wees nie. Twyfel in God neem die hedendaagse gelowige – soos met Eva in die paradys – tot by ’n tweegesprek tussen die gelowige en God se vyand. Twyfel in God, probeer onwaarheid oor God en sy werklikheid, aan die gelowige verkoop. Dit spel die werkwyse uit van God se vyand (Joh. 8:44).

Verhoudingskwaliteit word regstreeks geraak deur die gelowige se innige, persoonlike verhouding met God, soos die huidige navorsing bevind het.[80] Twee groothede, God se werklikheid/koninkryk en die aardse werklikheid, ontmoet daagliks deurdat die wedergebore gelowige in die wêreld tussen alle soorte mense rondbeweeg. Omdat die Gees van God in die gelowige is, behoort die koninkryk en alles wat God voorstaan, die deurslag in die gelowige se lewe en optrede te gee, en nie sondige praktyke nie. Met ander woorde, die koninkryk van God is die “swaargewig” wat teenwoordig is (God se Gees in die gelowige). Uit ’n geloofsoogpunt behoort God se vorige en huidige insette (deur Woord en Gees) *in die gelowige se geloofsbou,* die deurslag te gee in enige situasie.

Dit beteken verder die Christelike geloof se grondbeginsels (soos geloof in God, toekomshoop en blymoedige gees) behoort in die praktyk vir gelowiges te werk. Meer nog, dit behoort nie moeilik te wees om volgens hierdie grondbeginsels te leef nie, want die Heilige Gees is nader as die mens se vel. Gehoorsaamheid aan God bring die gelowige tot by die *werkbare uitvoering* van God se aanwysings vir die Christelike geloof. Daarin is die Heilige Gees die gelowige se Hulp. MacArthur (1994:139) wys daarop: “Christianity involves a supernatural relationship with the Trinity. The Spirit indwells the believer, kindling righteous desires and holy affections, pouring out the love of God in our hearts. The believer thus loves Christ and strives to obey Him.”

Die betrokkenheid van die koninkryk van God (d.i. deur die Gees van God) kan ook die verhoudingskwaliteit in die huwelik en verbondsgesin rig. Dit kan gebeur indien die

[80] Sien 6.2.2.7 (Die Nuwe Verbond wys heen na ’n persoonlike verhouding met God); 6.2.2.8 (Die Nuwe Verbond roep om geloofsdade en bekering); 6.2.2.10 (Een kern-implikasie van die Verbond: dit vereis die nakoming van die wet van liefde vir God en naaste, van elke verbondskind) en 6.7.2 e.v. (Die Hoof-bevinding van die navorsing, plus Bevinding 2, 3 en 4 wat hieruit vloei).

gelowige huweliksmaat in diens van God én in gehoorsaamheid aan God, die aanwysings volg vir die werklikheid van die nuwe lewe in Christus.

Om dít te kan doen, moet die gelowige onderrig word in hierdie nuwe lewenswyse wat God in sy Woord aanbeveel, daarin glo, 'n keuse daarvoor maak en dit dan *daad*werklik bevestig. Dit behels nog meer: hierdie aanwysings van God moet 'n lewensingesteldheid word, sonder dat Wettisme[81] dit rig. Die koninkryk van God kan wel te midde van die aardse werklikheid in die Christelike huwelik seëvier, indien die gelowige huweliksmaat kies vir 'n nuwe lewe in Christus lewenswyse en daarvolgens handel. Te dikwels seëvier sondige gedagtes, gesindhede en dade wel: dit raak gelowiges in hulle eie huis; eie huweliks- en gesinsverhoudings; met eie gesindhede; eie lewe wat 'n gawe van God is; én gedurende hulle eie tyd. Só word hierdie gelowiges deur die sonde aangegryp, besig gehou en ondermyn. Gelowiges laat met ander woorde toe dat die sonde oor hulle spoel en hulle lewe bepaal en in 'n negatiewe rigting stuur. Die sonde word toegelaat om vernietigend op 'n lewe in te werk. Dit gebeur, terwyl gelowiges in Christus vrygemaak is en die Gees van God in hulle bly/werk; gelowiges het dus 'n keuse of hulle in diens van God of die sonde wil wees.

Causey (2002:19) stel 'n belangrike punt oor die verskynsel van sonde en die gelowige se keuse daaroor: "The Bible teaches that when we choose habitual sin, the inevitable result or consequence of that choice is bondage or slavery to that sin" (a.w.:19). Om in diens van die sonde te wees, beteken om vasgevang te wees in sondige denke (soos haatgedagtes), woorde, gesindhede (soos ongeloof), keuses en optrede. Met verloop van hierdie proses word die gelowige, soos die Woord dit stel, 'n "slaaf van die sonde" (Joh. 8:34-36) (Bybel 1983).

Deist (1989) fokus in *Dade kan alles verander* op die verandering wat die gelowige se dade teweeg kan bring. Die temas behandel verskillende uitwerkings van dade wat: *Lig* maak (in God se ligspoor); welkom heet; lyding help dra; vrede maak; en wat geregtigheid vestig (Deist 1989). Volgens Bybelse aanwysings kan baie voorbeelde hierby gevoeg word. Daadwerklike handeling in diens van God kan 'n deeglike verskil

[81] Wettisme wil die genadeverbond en Christus se soenoffer aan die kruis verontagsaam/uitsluit en die lotgeval in mense se eie hande plaas deurdat hulle allerlei wette moet nakom om gered te word.

in die huweliksverhouding en binne die verbondsgesin maak. Die kwaliteit van verhoudings kan hierdeur positief geraak word.

Terwyl die gelowige as Geesvervulde mens deur die wêreld en tussen mense rondbeweeg, behoort die koninkryk van God veld te wen en met hand oor hand en met lang hale ’n sigbare verskil te maak in die wêreld, en wat verhoudingskwaliteit betref. Die rede is duidelik: omdat die gelowige *in diens van God* optree en leef. Om in diens van God te wees, is ’n geloofskeuse wat uiting vind in dade wat deur God gesanksioneer word. Hierin speel gehoorsaamheid aan God ’n beslissende rol. Heyns (1999:130) verduidelik oor *diens aan God*, *gehoorsaamheid aan God* en *vryheid as status*:

> Die Bybel leer dat die mens, gebind deur die bande van sonde, daarvan deur Christus losgemaak word, en dat hy bevry is tot **diens aan God**. Die mens wat dus is wat hy moet wees, wat leef in die hoogste gebondenheid aan God en sy Woord, dié mens is **vry**. Maar die mens wat *nie* is wat hy van Godsweë bestem is om te wees nie, wat *nie* in gehoorsaamheid lewe aan Gods Woord en wet nie, dié mens is onvry en ’n slaaf. Vryheid is nie ’n vanselfsprekende status waarin die mens geplaas word nie, maar wat hy **in gehoorsaamheid** steeds weer en steeds méér moet verwerf (Beklemtoning van die navorser – R K).

Om in diens van God te wees, veronderstel gehoorsaamheid aan God. In hierdie gesindheid lê die status van vry-*wees*. Tydens die oomblikke waarin gelowiges in diens van God optree (gehoorsaam), is hulle vry van die sonde se houvas, en kan hulle God dus voluit dien soos hulle behoort te doen.

Vir die gelowige om in ’n persoonlike verhouding met God te wees, dui op sy of haar kindskap van God. Kindskap hou verband met identiteit wat in Christus gesetel is. Vervolgens word die identiteit van gelowiges belig.

4.4.5 Identiteit soos dit tot uitdrukking kom in kindskap van God

4.4.5.1 ’n Persoon se identiteit

Die vraag is: hoe ontstaan *identiteit* vir die mens? ’n Belangrike insig van Lane en Tripp (2006:57) oor identiteit uit ’n Christelike perspektief is: “A large part of the biblical story is about identity. It reveals the wrong reactions that come when we forget who we are, as well as the godly responses that come with remembering.” Hiermee word die gelowiges (onder die ou en die nuwe verbond) daaraan herinner dat hulle identiteit by God lê. Daar is verskeie voorbeelde in die Woord van gelowiges wat van hulle identiteit in God vergeet, en dan verkeerde keuses *los van God* gemaak het (a.w.:58). Lane en Tripp (2006:58) noem hier ’n paar voorbeelde:

- Abraham en Sara het van hulle identiteit in God vergeet en self planne probeer beraam om ’n kind te kry.
- Die volk Israel het van hulle identiteit in God vergeet en die nasies rondom hulle gevrees. Hulle vrees het God buite rekening gelaat al was hulle identiteit in Hom gesetel.
- Koning Saul (as aardse heerser het hy die hemelse Koning verteenwoordig) het vergeet van sy identiteit in God en die oorlogsbuit vir homself gehou in plaas daarvan om dit vir God te offer.
- Jesus se dissipels het destyds vergeet dat hulle met die hand gekies is sodat hulle die Woord kon uitdra, en het tydens Jesus se kruisdood weggevlug (a.w.:58).

Daar is ook, volgens Lane en Tripp (2006:58), voorbeelde in die Woord van mense wat hulle ware identiteit in God onthou het:

- Moses het die Israeliete deur die Riet See begelei, want hy het onthou aan wie hy/hulle behoort. Hy het onthou dat sy identiteit in God setel en dat God hom uitgekies het om die Israeliete uit te lei.
- Dawid het sy identiteit in God onthou toe hy die reus Goliat in die geloof aangevat het.

- Sadrag, Mesag en Abednego (Dan. 3) het geweier om die goue beeld te aanbid, hoewel hulle die dood in die oë gestaar het. Hulle identiteit in God het daardie optrede bepaal.
- Paulus en Silas het liedere in die tronk gesing, want hulle het besef hulle lot is in God se hande. Hulle identiteit was vir hulle in God geanker (a.w.:58).

'n Volgende belangrike punt wat Lane en Tripp (2006:58) maak: ons as gelowiges behoort aan God (en ons identiteit is dus in Hom gesetel). Daarom is gelowiges veronderstel om te leef binne die grense wat God vir hulle vasgestel het. Gelowiges se identiteit is, met ander woorde, in God gesetel en God bepaal die grense waarbinne hulle behoort te beweeg. Hierdie grense word duidelik in die Woord omskryf en is daarop gerig om die heil in die lewe van God se kinders te verseker.

Mense se identiteit kan deur vele invloede bepaal word. Hieronder geld aspekte soos geslagsidentiteit ("gender"); talente en gawes van God ontvang; waardes en norme van die Christelike geloof; 'n voortdurende gesindheid van blymoedigheid; en 'n vergewensgesinde persoon. Dit kan ook berus op sake soos die ervaring van trauma (bv. molestering); verwerping deur ander; ongegronde of gegronde kritiek wat ter harte geneem word; mislukking (bv. 'n vorige huwelik); of onbeheersde woedebuie en jaloesie. Identiteit kan ook deur omstandighede bepaal word, soos iemand wat nie 'n vaste werk kan behou nie; 'n voortslepende siektetoestand; om deurgaans by ander te moet bedel/skimp vir aalmoese; of sukkel om die mas op te kom. Dit kan verband hou met gesindheid en gevoelens, soos om gedurig oor ander te skinder en leuens te vertel; voortdurende bekommernis; en geleidelike vereensaming.

Die lewensverhaal van 'n individu kan daardie een se identiteit begrond. 'n Persoon se omstandighede, optrede, woorde, gesindhede, keuses en geloofsoortuigings kan, as moontlikheid, sy of haar identiteit as mens bepaal. Dit is so dat die mens in 'n verganklike wêreld leef met die werklikheid van die Sonde[82] wat tussen mense rondloop. Gevolglik kan sodanige mense 'n soort identiteitsverstaan vorm en ontwikkel wat van die waarheid verwyder is. 'n Paar voorbeelde kan dit beter verduidelik:

[82] Personifikasie.

- Mense se sondige optrede kan geïnterpreteer word as “my identiteit”, of “sy of haar identiteit”. Voorbeelde: iemand sê: “Ek is ’n aggressiewe persoon, ek kan dit nie help nie.” Of: “My Pa is ’n humeurige man, só ken ons hom.”
- Sondige dade (soos seksuele molestering) van een persoon teenoor die slagoffer kan soms die slagoffer se identiteit word: “Dit is wie ek is, ek kom nie daarvan weg nie. Die gebeure oorheers my gedagtes en bepaal my optrede. Dit is nou eenmaal so, en so sal dit bly.”
- Slegte ervarings kan ook iemand se identiteit bepaal. Voorbeeld: ’n geskeide persoon sê: “Ek het voorheen met my huwelik misluk, hoekom sal dit nie weer gebeur nie?”

Mense vorm en ontwikkel die verstaan van hulle identiteit deur die onderskeie lewensfases: van baba, tot kleuter, tot jongmens, en tot in hoë ouderdom. Soms kleur die waarheid die identiteitsverstaan in, en soms skakeer die leuen of die sonde hierdie verstaan. Die een dogter dink/hoor dat sy baie spesiaal is (die waarheid) en die ander een dink/hoor dat sy nie goed genoeg is nie (leuen). Albei kan daardie boodskappe glo, en dit kan deel word van hoe hulle hul eie identiteit verstaan.

Vir gelowiges is daar die seker basis van ’n Christelike identiteit. Die **Medenavorsers** het getuig van hulle identiteit in Christus. ’n Paar fokuspunte het na vore gekom:

- Die Christelike huwelik is ’n heilige instelling van die Here. Huweliksmaats is vir mekaar geskep en is tot mekaar verbind (A-A4).
- Die gesin is ’n verbondsgesin, en dus deel van die verbond (A-A2).
- Jesus Christus is ons Saligmaker. Sy kruisdood is ’n werklikheid (A-A1, A3).
- Jesus se opstanding is ’n werklikheid (A-A6).
- Kind van God dui op ‘n innige, betekenisvolle, permanente verbintenis tussen genoemdes (A-A6).
- Drie-enige God: gelowiges se Vader in die hemel (Matt. 6:10), die Skepper God (A-A2).
- Stiltetyd met die Woord en gebed is belangrik, voor die dag in alle erns begin (A-A1).

- Geloofsgroei en -onderrig is vir die Medenavorsers van belang (A-A6).
- Die gesin dien God, die kinders in die gesin (tans volwasse) glo in Christus as Verlosser (A-A1).
- Omdat die doop eintlik ’n regeringsverandering behels, behoort gelowiges nou reeds aan die Here (A-A5).
- ’n Persoonlike verhouding met God is van groot belang (A-A10).
- Die Here is ’n werklikheid vir gelowiges (A-A3).
- Vergifnis is ’n wesenlike aspek van die Christelike huweliksverhouding (A-A6).

4.4.5.2 Die Woord begelei die identiteitsverstaan van God se kinders

Die verhale oor die geloofservarings in die Ou- en Nuwe-Testamentiese[83] tyd dra ’n duidelike boodskap oor aan die leser (hedendaagse gelowige huweliksmaat) van die unieke aspekte wat die identiteit van *God se kinders* onderskryf en rugsteun. Dié aspekte behels ’n nuwe gesindheid en lewensuitkyk; ’n verbondenheid aan God; en geloofsvertroue en naasteliefde. ’n Mens kan die aspekte wat verband hou met die identiteit van God se kinders, selfs aflei uit die Bybelse verhale oor afvalligheid teenoor God en oor sondige praktyke van mense wat van God af weggedraai het – al was dit soms net tydelik. Hierdie verhale *getuig indirek* op ’n omgekeerde manier (teenstrydigheid) oor hoe die identiteit van God se kinders daaruit behoort te sien. Hierdie verhale dra dus ook ’n boodskap oor van daardie aspekte wat *nie* te versoen is met die identiteit van ’n kind van God nie. Anders gestel, die Woord onderrig die gelowige duidelik oor sy en haar identiteit as kind van God – direk en indirek. Daar kan dus nie twyfel oor die identiteitskenmerke van God se kinders bestaan nie. Hierdie kenmerke word in die volgende onderafdeling van nader ondersoek.

4.4.5.3 Voorbeelde in die Woord van gelowiges se identiteitskenmerke

Die Woord as gespreksgenoot tot die navorsing, skets deur vertellings die unieke aspekte wat die identiteit van gelowiges stempel. Die Woord moedig gelowiges aan om volgens hulle nuwe identiteit te gaan leef en die aanwysings gee terselfdertyd kenmerke

[83] Die geskiedenis van God met sy mense.

van hierdie identiteit in Christus weer wat aandui: “Dit is hoe jy in die wêreld moet wees!” ’n Paar voorbeelde uit die Woord maak dit duidelik:

- **Geloof** is ’n veronderstelde kenmerk van die Christen se identiteit en is ononderhandelbaar vir ’n leefwyse van die nuwe lewe in Christus (Fil. 2:16). *Twyfel in God* plaas die gelowige buite die raamwerk van so ’n lewensbenadering.
- **Getuienislewering** is ’n kenmerk van identiteit want hierin word voldoen aan Jesus se opdrag volgens Markus 16:15 om die Woord aan ander te verkondig (Fil. 2:16).
- **Vrygespreekte status in Christus** (Fil. 3:9) is ’n kenmerk (stand) van gelowiges. Om (1) in Christus vrygespreek te wees, plaas ’n ander klem op ’n persoon se lewe as om (2) nie vrygespreek te wees nie. Die verskil is omvattend en beide statusse hou ernstige gevolge vir die mens se lewe in – onder meer oor lewe ná die dood (1) of die ewige dood (2).
- **Gedoop** in die Naam van God Drie-enig (vgl. Matt. 28:19) is ’n besliste kenmerk. Louw (1989:79) koppel die doop van die gelowige aan identiteit. Gelowiges se identiteit is aan God gekoppel, en die doop beseël hulle as kinders van God. Dis ’n uitsonderlike kenmerk van gelowiges.
- **Kennis van die Woord:** Dit behels dat die boodskap van Christus in *volle rykdom* in gelowiges bly (Kol. 3:16). Hierdie kenmerk is ononderhandelbaar vir die leefwyse: nuwe-lewe-in-Christus. Indien gelowiges kenners van die Woord is en word, het die Woord se doelstelling tot volle wasdom gekom.
- **Gebedslewe** (1 Tess. 5:17). Heyns (2000:470) gee duidelikheid oor die geloofspraktyk van gebed:

  Gebed is nie ’n monoloog nie (soos bv. by Immanuel Kant), of ’n mistieke onderhoud met ’n denkbeeldige wêreld van die gees nie (bv. by Arthur Schopenhauer), of die prestasie van die skeppende gees van die projekterende mens nie (o.a. by Ludwig Feuerbach). In die gebed gaan dit om die gelowige antwoord van die mens op die woord van die lewende, persoonlike God. As sodanig is die gebed dus nie ’n blote meditatiewe ontlading van onderdrukte nie-uitgesproke wense en begeertes nie; nie ’n retoriese roep of selfs klag waarop in elk geval geen antwoord en geen reaksie verwag word nie.

> Gebed is, as antwoord op die aansprekende woord van God, **sê en vra.** Aanbidding en verheerliking, lofprysing en danksegging word aan God gebring. Smeking en versugting, worsteling en vertwyfeling word voor God gelê. Maar dan is dit 'n **sê** en 'n **vra** genormeer deur en in ooreenstemming met die wil van God (a.w.:470).

Gebed is 'n uitstaande kenmerk van 'n Christen se geloofslewe. Nicol (2002:125) wys op 'n belangrike fokus van die gebedslewe: dit is die hart van die evangelie van God wat alles uit vrye guns vir ons as gelowiges gee, so ook sy teenwoordigheid en werksaamheid in ons (a.w.:125). God is reeds binne die gelowige en "... wag daar vir ons" (a.w.:125).

- **Waardigheid in gedrag** (Tit. 2:7). Hierdie kenmerk wat deel is van die gelowige se identiteit in Christus en vloei natuurlik vanuit 'n leefwyse wat geskoei is op die nuwe lewe in Christus, soos netjies in die Woord uiteengesit word.
- **Toegerus met die "waarheid as gordel"**[84] (Ef. 6:14). Hierdie aanwysing is en behoort 'n kenmerk van elke gelowige se identiteit te wees. Omdat die Heilige Gees in die gelowige woon, behoort die leuen nie 'n opsie te wees nie. Twee koninkryke sal teenoor mekaar te staan kom indien die gelowiges (met die Gees van God in hulle) 'n leuen (met God se vyand as vader daarvan) vertel. Daarom gaan dit oor wie die gelowige (as God se kind) wil gehoorsaam. Dit behels (soos reeds daarop gewys) 'n keuse tussen om in diens van God, of in diens van die sonde te wees.

Die bogenoemde voorbeelde gee slegs 'n breukdeel weer van moontlike kenmerke wat gelowiges se identiteit as God se kinders stempel, soos dit in die Bybel oorgedra word. Wanneer gelowiges tot die nuwe lewe in Christus toetree, gaan 'n hele nuwe wêreld voor hulle oop – God se werklikheid binne hulle werklikheid. Daarom is die vraag hoekom gelowiges soms in die oomblik van aanvegting vergeet aan Wie hulle behoort. Hoekom hardloop hulle saam met die Sonde[85] op die stoep uit om te gaan "speel"? Hiermee hang die vraag saam: is die identiteit van gelowiges so deeglik in die bewussyn ingegraveer dat dit as kompas vir hulle daaglikse lewe en leefwyse kan dien? Hier moet

[84] Verwys na Hoofstuk 3 – 3.4.1.3
[85] Personifikasie.

van die veronderstelling uitgegaan word dat die identiteit van die gelowige van kleins af ’n plek in die innerlike moet vind. Seamands (1991:73) beklemtoon: “Develop the picture of your worth and value from God.” Hoe vroeër die ontmoeting met God plaasvind, en deur die kinderdae tot volwassenheid voortgaan, hoe gouer word die *ware lewe* in die lewe van die mens ingedra. Hierdie ware lewe word deur die Gewer, die lewende God, so dikwels moontlik aangeblaas. Daarin kan ouers God wel help deur die geloofsonderrig van hulle kinders.

Die verhaling van die Medenavorsers het bevestig dat die bogenoemde identiteitskenmerke van gelowiges, soos die Bybel dit aandui, ook deel van hulle lewe uitmaak. Die kenmerke (as slegs ’n paar voorbeelde) is onder meer: *geloof*, *getuienislewering*, *vrygespreekte status in Christus*, *gedoop*, *kennis van die Woord*, *gebedslewe*, *waardigheid in gedrag*, en *toegerus met die “waarheid as gordel”* (Efes. 6:14) (Bybel 1983).

4.4.5.4 Gelowiges dra hulle identiteit as kind van God die huwelik binne

Die identiteit as God se kind was voor die huweliksverhouding reeds ’n werklikheid. Daarom, wanneer daardie persoon in die huwelik tree, word hierdie identiteit by die huwelik ingedra. De Klerk (1985:26) wys daarop: “Omdat die verloste mens nou in die groot genade-ooreenkoms deelgekry het aan die koninkryk van die hemel, moet al sy uitinge deur hierdie grondverhouding gekleur word.”

Hierdie werklikheid figureer as ’n agtergrond- en ook voorgrondspeler in die gelowige se lewe. Die identiteit as God se kind maak van mense wie en wat hulle is. Hierdie identiteit, behoort die gelowige se lewensuitkyk, toekoms- en ewigheidsbeskouing, asook daaglikse optrede te bepaal. Dit behoort ook verhoudingskwaliteit in die huwelik en verbondsgesin – uit elkeen se oogpunt – te rig. Weens verskeie redes gebeur dit ongelukkig nie deurgaans binne Christelike verhoudings nie. Soms versper verskeie faktore die pad van die nuwe lewe in Christus vir die gelowiges. Dit behels belemmerings soos: uitdagings en eise van die lewe, die aanpassing by omstandighede,

die uitnodiging tot die doen van sonde, 'n verkeerde selfbeskouing,[86] of 'n gebrek aan toerusting in Christelike identiteit.

Die verkondigde waarheid dat gelowiges die tempel van die Heilige Gees is, bly soms abstrak in heelwat gelowiges se denke. Die werklikheid daarvan kan gevolglik vir dieselfde gelowige onwerklik "voel". Dieselfde tendens kan geld vir ander Bybelse waarhede wat die identiteit van gelowiges omskryf. Die vraag kan gestel word of daar wel genoeg oor die identiteit van gelowiges gepreek word en of gelowiges hoor dat dit vir hulle geld. Met ander woorde: omhels gelowiges die waarheid oor hulle identiteit in Christus genoeg? Laat hulle geloof in hierdie identiteit hulle wegdraai van aanvegtings, soos die keuse tot selfmoord? Laat hierdie geloof in hulle unieke identiteit hulle vasstaan in die onderrig van hulle kinders sodat dié ook van hulle identiteit in Christus kan hoor, dit verstaan en dit glo? Daarop volg die opdrag: "Gaan doen dan volgens jou identiteit in Christus."

Vervolgens word Medenavorsers se verstaan van hulle identiteit in God ontleed.

4.4.5.5 Medenavorsers se verstaan van hulle identiteit in God

Die **Medenavorsers**[87] se verstaan van hulle identiteit in God word met die volgende begrippe in verband gebring:[88] 'n persoonlike verhouding met God, verbondskind, verbondsgesin, gebed, vergifnis vir huweliksmaat en kinders, doop, Christelike huwelik, geloofsonderrig van eie kinders, kerkbesoek, geloofstoerusting, stiltetyd, wedersydse respek in die huwelik, en kenmerke in die huwelik, soos lojaliteit, openhartigheid en waarheid. Jerry (Bylae A-A2) het beklemtoon: "God is altyd deur die Heilige Gees met my," – wat dui op sy verstaan van sy identiteit in God. Hierdie stelling is ook 'n kenmerk van die identiteit van alle gelowiges.

[86] Nel (1999:18) deel 'n ware gebeurtenis mee wat 'n verkeerde selfbeskouing uitwys: "Twee pragtige studente (broers) is na my verwys omdat hulle 'n ander standpunt as die betrokke kerk se leer oor oorwinning gehuldig het. Hulle oortuiging was naamlik dat hulle geen sonde meer het nie. Ek onthou 'n dag in my kantoor toe een van hulle sê: 'Soos ek hier sit, is ek my van geen sonde in my lewe bewus nie.' Ek het, so simpatiek moontlik, gesê: 'Dit is natuurlik juis jou sonde wanneer jy so iets beweer. Jy is op meer as een manier skuldig. Om maar een te noem: "As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar" (1 Joh. 1:8-10). En dit lyk tog heel ernstig.' " (Bybel 1983).

[87] Sien Bylae A vir die medenavorsers se inligting.

[88] Sien Bylae B vir die vrae wat aan die medenavorsers gestel is.

Bykomende voorbeelde oor die identiteit van ’n kind van God behels: die nuwe verbond, gelowiges ontvang genade op genade, alle handeling/gesindhede wat die leefwyse van die nuwe lewe in Christus kenmerk, die nagmaal, voorbidding, gelowiges is die appel van God se oog (Deut. 32:10c,d), gelowiges se name is in God se handpalm gegraveer (Jes. 49:16a), die teenwoordigheid van die Heilige Gees in gelowiges (Luk. 24:49a, b), en nuwe mense in Christus (Bybel 1983).

Sommige van die kenmerke wat heenwys na gelowiges se *identiteit in* Christus, word metafories/abstrak verduidelik (bv. gelowiges is ’n tempel van God) hoewel dit ook ’n konkrete sy het. Gelowiges beleef hierdie identiteit in ’n mate as abstrak (glo daarin), omdat God se teenwoordigheid in die gelowige nie deurgaans so opsigtelik vir hom/haarself is nie. Sommige kenmerke wat heenwys na die gelowige se identiteit in Christus is weer ooglopend konkreet, soos gebed. Konkrete gebed het ook ’n abstrakte sy, omdat God en die koninkryk van God by die gebed betrek word. Dieselfde geld die gelowige se doop: daar is ’n konkrete/praktiese kant asook ’n abstrakte-betekenis-kant.

Beskou teen die agtergrond van bogenoemde voorbeelde van die identiteit as God se kind (4.4.5.1 – 4.4.5.5), loop die Sigbare (personifikasie vir konkreet/aardse) en Onsigbare (abstrak/koninkryk van God en wat dit behels) werklikhede soms langs mekaar. Albei aspekte gee in hierdie geval betekenis aan mekaar en stig mekaar. Die twee werklikhede is ook – soms meer en soms minder – met mekaar besig. Die twee roep mekaar wedersyds op. Albei aspekte soek en vind mekaar deur die Woord en die Gees, gebed, toewyding aan God, afhanklikheid van God asook deur God se hulp en seën. Abstrak en konkreet verkondig in hierdie geval dieselfde boodskap. Wanneer die gelowige byvoorbeeld bid, tree die Koninkryk van God[89] nader – reg vir die hulp wat gevra word. Wanneer gelowiges hulle kind laat doop, kom die kragtige betekenis van die doop in God se koninkryk (waar God regeer) ter sprake. Wanneer ’n kindjie in die Naam van God Drie-enig gedoop word, werk konkreet en abstrak saam, tot heil van ’n mens en tot eer van God. Wanneer iemand op aarde tot bekering kom, is daar ’n gejubel in die hemelse (abstrakte) koninkryk van God. Jesus het ook destyds herhaaldelik oor die geheimenis van God se koninkryk gepraat om die hoorders tot oorgawe aan God op

[89] Personifikasie.

te roep. Werklikheid en abstrak sou mekaar dus kon ontmoet wanneer ’n mens bekeer word.

Die interaksie tussen God se koninkryk en die aardse werklikheid van die gelowige werk beide kante toe. Hierdie verband is diep en uiters belangrik. Wat nodig was om die verbinding te bewerkstellig, is eenvoudig God se liefde vir verlore mense en Jesus se kruisdood. Die verbinding het, met ander woorde, duur gekos: die lewe van God se Seun. Die vraag is: besef die gelowiges vandag waarlik wat hierdie verbintenis beteken? Of het dit in ’n mate ’n vergete of verontagsaamde verbinding geword? Soms reageer gelowiges met die volgende woorde: “My terme vir die wyse waarop ek God dien, is geldend, want ek glo mos al klaar.” Die vraag hier is: sou dit genoegsaam wees vir ’n geloofslewe voor God se oë?

4.4.6 Gelowiges behoort aan die *God wat goed doen*

Gelowiges – volgens die huidige studie, huweliksmaats en gesinslede – behoort aan God wat goed doen. Gelowiges behoort nie aan die kwaad nie. Die vraag is dus hoekom hulle wel met tye die kwaad (sonde) volg, in plaas van om goed teenoor mekaar op te tree? Hoekom groei die haat soms – en word net meer en meer soos die tyd vorder – in die hart van die een persoon teenoor die ander? Egskeiding kan só ’n moontlikheid en opsie raak vir die twee mense in ’n *Christelike* huweliksverhouding. Soms is dit ’n poging om aan die haatdraende situasie te ontkom sodat dit beter met hulleself en hulle gesinslede kan gaan.

Lane en Tripp (2006:64) stel dit dat God steeds besig is met sy vernuwingswerk in gelowiges. Geen persoon is in ’n verhouding met iemand wat volkome afgerond (en sondeloos) is nie (a.w.:64). Hulle dui aan waarom dit sulke belangrike punte is om te onthou: “When I forget this, I become self-righteous, impatient, critical, and judgmental. I give in to the tempation to play God and try to change you in ways only God can” (Lane & Tripp 2006:64).

Louw (1989:133) stel dit dat ’n huwelik siek raak wanneer die liefde (’n opbouende komponent) tussen die egpaar ondergrawe word deur isolasie-faktore soos

vervreemding, aggressie en haat. God se opdrag van liefde en vergifnis vir mekaar, is dan dikwels vergete. Huweliksbeloftes wat aan mekaar en aan God gemaak is, is dan vergete. Haat[90] het, in hierdie geval, die oorwinnaar geword vir dié wat eens liefde aan mekaar beloof het. Die moontlikheid bestaan voortdurend dat haat, bitterheid en die kwaad in die hart van die een huweliksmaat teenoor die ander een kan seëvier. Lane en Tripp (2006:38) gee 'n interessante aksent aan die manier waarop die een huweliksmaat na die ander se verkeerde optrede – as moontlikheid – kan kyk:

- I confess your sins to myself with bitterness. *I can't believe she did that to me!*
- I confess your sins to another person in gossip. "Let met tell you what she did to me!"
- I confess your sins to God, seeking vengeance. "God, when are you going to do something to the person who hurt me?"
- I confess your sins to you in anger. "How dare you do such a thing to me?"

Gelowige huweliksmaats wat in 'n bepaalde geloofsgemeenskap ingebed is (vir die huidige navorsing, Gereformeerde tradisie), sou 'n gesindheid van haat kon weerstaan, na aanleiding van die Heidelbergse Kategismus se perspektief op hoe gelowiges die sesde gebod behoort te volg. Vraag 106 vra of die sesde gebod net handel oor *moord pleeg*. Die antwoord is soos volg:

> Deur doodmaak te verbied leer God ons dat Hy die wortel daarvan, soos afguns, haat, woede of wraaklus, verafsku. Dit alles is vir Hom heimlike moord (GKSA 2004:70).

Om iemand te haat is, met ander woorde, heimlike moord en daardie ruimte waar Haat[91] rondloop, praat, gebied en heers – wil die gelowige tot elke prys vermy. Met die toepassing van vergifnis kan 'n haatdraende gesindheid oorwin word. Aan die ander kant kan vergifnis egter ook 'n moeilike haalbare handeling word wanneer daagliks en herhaaldelik teenoor dieselfde persoon oortree is. Wanneer onreg (soos kwetsende woorde) daagliks teenoor 'n onskuldige party gepleeg word, word haat en verwydering 'n keuse-moontlikheid vir die onskuldige party. Hierdie party kan dus moontlik die volgende gevoelens beleef: ontsteltenis, woede, magteloosheid, onsekerheid,

[90] Personifikasie.

[91] Personifikasie.

bekommernis, minagting en moedeloosheid, afgewissel met gevoelens van liefde vir die ander persoon (d.i. lewensmaat vir die huidige studie). Hierdie afbrekende situasie dra by tot ’n verwonde mens wat daagliks beweeg tussen gevoelens van liefde vir en verwerping van die ander persoon (of lewensmaat).

Vergifnis behels ’n persoonlike keuse om, volgens God se wil en opdrag, reg te doen. Vergifnis dien daarom God se saak. Hier moet gewys word op die Bybelse aanwysing: “Moenie kwaad met kwaad vergeld nie” (Rom. 12:17) (Bybel 1983). Hieraan herinner die gespreksgenoot tot die navorsing, God se Woord, elke gelowige. Christelike huweliksmaats behoort hulle in te oefen om maklik te kan vergewe, om daagliks met ’n gesindheid te leef van: “Ek sal die ander een eerste vergewe.” Die struikelblok wat vergifnis nodig gemaak het, moet so gou moontlik gehanteer word – en dan deur die daad van vergifnis (d.i. Goddelike liefde) uit die weg geruim word.

Die keuse vir en die daad van vergifnis is ’n *kop*saak en nie ’n *hart*saak nie. Met ander woorde, vergifnis word met die verstand geloods (’n keuse) en nie deur emosies nie. Die mens se kop heers, nie die emosies nie. Die Kop[92] tree na vore om die daad van vergifnis toe te pas, terwyl Emosies (personifikasie van afbrekende gevoelens) weg staan en uiteindelik vir goed weggaan. Die daad van vergifnis word ’n noodsaaklike handeling om die verhouding te herstel en ongewensde gevoelens wat tussen die egpaar wil posvat en vasskop, uit die weg te ruim. Hierdie gevoelens behels negatiewe emosies soos bitterheid, haat, kwaadwees en verwydering. ’n Keuse vir vergifnis is daarmee ’n keuse vir ware liefde. Voortdurende vergifnis is een van die boustene van ’n gesonde huweliksverhouding asook vir die individu se goeie geestesgesondheid.

Smith (2010:168) wys daarop: die persoon wat vergewe moet word, is ook belangriker as die oortreding wat hy of sy begaan het. Hy verduidelik sy siening: “Forgiveness means letting go of your right to punish another and choosing through the power of God’s love to hold onto the other person rather than his or her offence.” Dit gebeur dikwels dat ’n persoon verdwerg word deur die oortreding wat hy/sy begaan het. Gevolglik sien die omstanders net die oortreding raak, nie die individu nie. Die mens is

[92] Personifikasie.

belangriker as die sondige optrede wat hy of sy begaan het, en Jesus het tydens sy aardse bediening hierdie stelling telkens onderskryf.

Die gespreksgenote tot die navorsing, die Woord en Teologiese geskrifte, beklemtoon die leefwyse van die nuwe lewe in Christus asook die feit dat gelowiges aan God behoort en dat God die Een is wat goed-doen en reg-doen voorstaan. God moedig deur die verkondigde Woord gelowige huweliksmaats aan om uit sy voorgeleefde voorbeeld te let op die sake wat God voorstaan, die dinge wat vir Hom belangrik is, en die kwessies wat Hy bespreek. Gelowiges moet dus leer wat vir God belangrik is en dit nastreef en navolg.

Gebed maak ’n integrale deel van die geloofslewe uit. Vervolgens word die noodsaak van hierdie aspek bespreek en dié kenmerk van die kind van God se identiteit van nader beskou.

4.4.7 Gebed

Hierdie afdeling fokus op die belang van gebed vir gelowiges in die algemeen en in die besonder vir huweliksmaats. Uit die Woord stel Efesiërs 1:4-5 stel dit soos volg: “So het Hy, nog voordag die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. In Sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees.” (Bybel 1983).

Gelowiges is in Christus deur God uitverkies. Die gedeelte hier bo belig ’n belangrike perspektief: uitverkiesing was eerste, daarna het gebed uit die verhouding met God voortgevloei. Wanneer gelowiges God in gebed nader, sien en hoor God *sy* kind. Wanneer God gelowige gebede verhoor, is dit *sy* kinders se gebede. Volgens Louw (2005:500) word die gebed binne ’n Vader-kind-verhouding ’n *communio*-fenomeen, met ander woorde, die intieme gemeenskap met God is meer werd as die aspek van *vra*. Gebed is nie ’n eensydige praktyk nie; wisselwerking tussen God en die gelowige is ’n gegewe werklikheid tydens gebed. Nel (2005:49) stel dit ook dat gebed gemeenskap met God behels.

Louw (2005:500) bring die gelowige se gebed in verband met ’n persoonlike afhanklikheid van God, omdat die mens weet dat God Hom tot die bidder gekeer het:

> Binne hierdie persoonlike relasie gee die mens God nie bloot inligting in gebed aangaande dít wat God reeds weet nie; gebed herinner Hom ook nie bloot aan dít wat Hy miskien vergeet het nie; gebed is ’n erkenning en ’n belydenis van ’n gelowige se persoonlike afhanklikheid van God, op grond daarvan dat die mens weet dat God in sy verbondsliefde Hom tot die mens gewend het” (a.w.:500).

Wisselwerking tussen God en die gelowige het hierdie besef van afhanklikheid van God reeds lank tevore voorgegaan. Die wisselwerking duur voort tydens gebed en selfs daarna. Barnard (2009:68) stel dit dat, hoewel ons God nie kan sien en Hom nie kan aanraak nie, is Hy wel tydens gebed deur sy Gees teenwoordig. Barnard verduidelik verder: “En tog, deur sy Woord, deur die Heilige Gees, deur die geloof, en veral in gebed, kan ons die Drie-Enige God hoor en ‘sien’ en ‘aanraak’” (a.w.:68). Om *Iemand* te kan hoor, “sien” en “aanraak,” vra na wisselwerking tussen die twee partye. Dit verg ook die gelowige se “besig raak” met die Woord, en sy en haar betrokkenheid by die geloofsgemeenskap. Verder gaan dit ook oor die gelowige se beskikbaarheid (tydsgewys beskikbaar vir God) sodat wisselwerking van God se kant af, asook na hierdie kant vanaf die gelowige kan plaasvind. Nicol (2001:214) wys daarop dat egte gebed maklik is: “My gebede hoef nie ‘kragtig’ te wees om byvoorbeeld ‘deur die plafon te dring’ nie, want God het klaar deur die plafon gebreek en sy oor teen my mond en hart gedruk.” Egte gebed gaan dus oor ’n opregte hart wat God direk nader.

Du Preez (1980:32) bring gebed met die kerk in verband. Daarom geld dit ook vir die gelowige se gehoorsaamheid aan die verbond: “Die gehoorsaamheid wat hier in die spel is, is ... geen wettiese gehoorsaamheid nie, maar gehoorsaamheid binne die kader van die genadeverbond” (a.w.:32). Die gebed is dus ’n daad van verbondsgehoorsaamheid *in geloof, liefde en hoop*, volgens Du Preez (1980:32). Gebed is ’n geloofs-aksie, liefde dui op die gelowige se liefdesdade, en hoop fokus op die gelowige se toekoms (a.w.:32).

’n Bykomende gegewe werklikheid is dat *gebedsversoeke* – al is die gebed afgehandel – deur God se *gebedsverhoring* in werking tree. Hierdie verwerkliking van gelowiges se

gebedsversugtings kan oombliklik geskied, of eers geld ná jare, of selfs tot met die dood van die een vir wie voorbidding gedoen is. ’n Gebedsversugting kan verwerklik word selfs lank ná die bidder se dood. Hier kan gedink word aan ouers se gebede vir hulle kinders se bekering. Die gebedsversugtings van die gelowige kry spreekwoordelik vlerke omdat God sy krag, almag en wil in wisselwerking met die gebed tot uitvoer bring. ’n Enkele gelowige gebed oorkom tyd, grense, teenspraak, natuurlike en onnatuurlike omstandighede, aanvegtings, probleme asook mense wanneer ’n hulproep (versugting) tot God vir sy hulp, seën, uitkoms, verlossing en wil in enige saak, gemaak word. Só gesaghebbend kan ’n enkele gelowige gebed wees, omdat God deur sy Gees betrokke is, die versugtings van sy kinders ter harte neem en vir hulle intree.

Die wisselwerking tydens en ná die gebed, gaan die aardse werklikheid te bowe, met God se koninkryk wat die aardse arena – op gebedsversoek – binnedring om verandering volgens sy wil te bewerkstellig. Die aardse speelveld benodig by tye *spesifieke handelinge* van God tot opbou van sy koninkryk. In hierdie tye is die mens – en veral God se kinders in fokus. God se manier van optrede behels verlossing, uitkoms, redding, opbou en bemoediging. God is “voortdurend reddend, herstellend met diegene wat Hy gemaak het besig” (Nel 2001:14). God se besondere sorg oor die mens strek nie slegs veldiep nie, want mense is die skepping van sy hande. Vir gelowiges geld hierdie waarheid nog meer. Hulle is God se uitverkore mense.

Die Woord lei die gelowiges om die geheimenis van gebed tot God te verstaan. Gelowiges word geleer dat ’n gelowige gebed ’n kragtige werking het, omdat God se handeling (met gebedsverhoring) volg op die versugtigings van die gelowige (vgl. Jak. 5:16c). Die gelowige gebed sit die momentum aan die gang en juis daarmee die handeling waardeur God die versugtings van die gelowige waar maak en uitvoer. Al neem hierdie *waar maak* en uitvoering langer as wat die biddende gelowige gehoop het, is die momentum reeds aan die gang gesit. Daarom moet gelowiges nie moedeloos word as die verandering oënskynlik uitbly nie; God is getrou. Sy beloftes vir gebedsverhoring staan vas. Die omvattende redding en herstel van sy kinders is vir Hom belangrik.

God is die gelowige se Bondgenoot, en nie ’n twyfelagtige Een nie. Daarom geld die verhoring van gebede vanselfsprekend (Ps. 9:11, 13b, 19c; Ps. 31:24c; Ps. 55:18 en 19).

Anders gestel, God sien die groter perspektief, die geheelbeeld van die saak waarvoor die gelowige voorbidding doen. Die gelowige wat voorbidding doen het nie hierdie voordeel nie, en die gebede weerspieël soms hierdie beperking. God neem dit in ag, en tree – met die oog op die wyer perspektief – ten beste volgens sy wil vir die gelowige in. Wanneer gebede nie verhoor word nie – wat wel gebeur – kan daar verskeie redes voor wees. Die gelowige bid (vra) dalk vir iets wat buite God se wil is; iets wat God nie kan goedkeur nie, of onbelyde sonde van die bidder kan in die pad van die gebede se verhoring staan.

Daarteenoor word ’n uitnemende uitnodiging (’n belofte) tot gebedsverhoring aan gelowiges gestel. Die beperking op gebedsverhoring word van die tafel gevee (Matt. 21:22; Mark. 11:24). Die gebedsveld word voor die gelowiges oopgemaak: “As julle glo, sal julle alles ontvang wat julle in gebed vra.” (Matt. 21:22) (Bybel 1983) en, “Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees” (Mark. 11:24) (Bybel 1983). Duideliker kan dit nie gestel word nie. God sê onomwonde dat Hy wíl help, wíl gee en gebede wíl verhoor. Die werking van gebed vertel ook veel van God se almag, alwetendheid, en sy liefde vir die gelowiges. Selfs die slotwoord van die gebed “Amen,” vertel ’n duidelike verhaal oor die verbondenheid tussen Christus en die gelowige.

Maartens (1989:22) stel ’n belangrike perspektief op God se benadering tot die gebede van gelowiges. Terwyl God besig is om verlore mense te red, om “sterwendes te dra, soldate te beskerm, siekes te genees, seisoene in stand te hou, rampe af te weer”, verhoor Hy ook die gebede van gelowiges, wat soms oor oënskynlik geringe sake handel, volgens sy wil (a.w.:22). God is die Betrokkene in sy kinders se lewe, en hierdie betrokkenheid werk kragdadig in die daaglikse bestaan van die mense wat aan God behoort.

Die **Medenavorsers**[93] het aangedui dat gebed ’n belangrike aspek van hulle Christenskap behels. Stiltetyd en gebed word in hulle reaksies saam genoem. Dit word beskou as onontbeerlik voordat die dag begin, volgens Petra (A-A1). ’n Volgende

[93] Verwys na Bylae A vir die inligting van die Medenavorsers.

Medenavorser het bevestig dat sy voortdurend vir geliefdes voorbidding doen (A-A10). Een Medenavorser het beklemtoon dat gebed baie prominent in ’n persoonlike verhouding met God is (A-A5). Oor die algemeen gestel, het die Medenavorsers die tema “gebed” as sodanig min uitgelig in die vraelyste wat hulle geantwoord het. Die navorsingsvrae het gehandel oor onder meer, die verbondsverhouding tussen die gelowige en God, ’n persoonlike verhouding met God, wat die Here vir hulle beteken, asook verhoudingskwaliteit.

’n Kernaspek van verhoudingskwaliteit en kenmerk van die gelowige se identiteit is die hou van *stiltetyd,* soos in die volgende onderafdeling bespreek word.

4.4.8 Gemeenskap met God in persoonlike Skrifstudie en gebed (Stiltetyd)

Die belangrike vraag is na die doel van stiltetyd. Hierdie vraag word hier onder beantwoord teen die agtergrond van die vorige gedeelte wat oor gebed gehandel het. Indien God en die Woord nie bestaan het nie, was stiltetyd immers nie nodig nie. Stiltetyd hou verband met die lewende God en is ’n ontmoeting van die mens en God.

Swanepoel (1997:172) stel dit soos volg: “Wanneer jy die Bybel in jou stiltetyd lees, lê die klem daarop dat jy die Bybel lees en dit op jou laat inspeel – ja, sommer net lees om daardeur aangespreek te word.” Die gedagte van “inspeel” is ’n belangrike kenmerk van stiltetyd hoewel die een wat dit hou (die leser) hierdie feit nie noodwendig as sodanig verstaan nie. Die leser soek en vind gewoonlik ’n Skrifgedeelte wat hom of haar in die hart sal aanspreek, opbou, bemoedig, versterk en leiding gee. So iemand gaan ná die stiltetyd die nuwe dag versterk in, of gaan slaap met ’n meer geruste hart.

Stiltetyd is ’n tyd vir wedersydse kommunikasie tussen God en sy kind. Met stiltetyd begelei God die gelowige op sy en haar lewenspad deur die Woord, en die gelowige leer God terselfdertyd beter ken. “Die skepsel het God nodig om God te ken. Tot insig kom jy deur gegewe insig. Tot verstaan word jy gehelp (begenadig)” (Nel 2001:19). Bookman (1994:95) beklemtoon die Woord se belang in die proses: “We simply need to be reminded that it is foolish to ‘forsake the fountain of living waters’ that is to be found in the Word of God. In a word, the Scriptures are sufficient.”

Die *tragedie van stiltetyd* behels die volgende: aangesien God nie tydens stiltetyd sigbaar is nie, kan dit as "alleen en persoonlike" tyd ervaar word. Juis omdat die leser stiltetyd as ’n *alleen*handeling ervaar, kan hy of sy die Woord lees met die onbewustelike persepsie dat God *ver* is. God se teenwoordigheid word dus in die saamkomtydperk onbewustelik verontagsaam of misgekyk omdat Hy nie in daardie oomblik sigbaar is nie. Hierdie tragedie kan ’n tendens raak by byeenkomste soos stiltetyd, Bybelstudie, selbyeenkomste, vroue- en kerkraadsvergaderings asook kerkdienste. Metafories gestel, kan dit dieselfde wees soos wanneer iemand oor ’n ander teenoor ’n groep mense praat asof die ander persoon nie teenwoordig is nie. Die een persoon praat namens ’n ander een, terwyl die ander se teenwoordigheid verontagsaam word. Omdat God onsigbaar is, bestaan daar ’n moontlikheid dat laasgenoemde tendens in ’n mate kan plaasvind by byeenkomste wat in God se Naam gehou word. Die werklikheid is: God is teenwoordig (Matt. 18:19; 1 Kor. 6:19; 2 Kor. 13:13) in daardie oomblikke waar gelowiges in sy Naam saamkom, of waar die enkeling uit die Woord sit en lees. Dit is God saak, daarom spreek dit vanself: God sal *nie* die afwesige Een wees as Hy die rede vir die byeenkoms is nie. Hierin lê die geheimenis van die Christelike geloof.

’n Verdere vraag is ewe relevant: is stiltetyd, soos huisgodsdiens, aan die uitsterf? Dit wil voorkom of die postmodernistiese gelowige al minder tyd vir hom-/haarself kry, met die gevolg dat stiltetyd soms in die slag bly. Stiltetyd hou verband met huisgodsdiens weens die vele ooreenkomste. Net soos met stiltetyd, kom die gesin met huisgodsdiens om die Woord bymekaar. Beide praktyke gaan oor gemeenskap met God, en beide kan ’n gereelde instelling word – as die betrokkene/s so besluit. Met stiltetyd, soos met huisgodsdiens, word die gelowiges onderrig in hulle allerheiligste geloof, en in beide praktyke word met ’n gebed afgesluit.

Die verskil tussen hierdie praktyke is dat stiltetyd individueel gehou word en huisgodsdiens die teenwoordigheid vra van meer as een lid, waaronder gewoonlik kinders. ’n Duidelike verskil: stiltetyd is makliker uitvoerbaar aangesien net een persoon betrokke is; huisgodsdiens word weer moeiliker uitgevoer omdat verskeie faktore ’n rol kan speel voordat ’n groep mense bymekaar kom. Nog ’n groot verskil is dat stiltetyd hoogs persoonlik is (ék en God) terwyl huisgodsdiens ter wille van die

groep – op die nodige vlak – gehou word. *Godsdiensonderrig*[94] aan kinders kry ’n spreekbeurt tydens huisgodsdiens. Deur hierdie aksie voldoen ouers in ’n mate aan hulle doopbelofte waarvolgens hulle onderneem om hulle kinders volgens God se pad te onderrig.

Stiltetyd is ’n tyd vir vernuwing van gelowiges se eie denke. Daarmee saam kom moed skep op die geloofspad, geloofsbou, bevestiging van die waarheid en om herinner te word aan ’n mens se eie identiteit in Christus. Sodoende word gelowiges geestelik versterk, in besluitneming gelei en daartoe gebring om die verbondenheid tussen hulleself en Christus voluit te beleef en ervaar. Hierdie belewing vind plaas binne die bestek van ongeveer 30 minute – die tyd wat daagliks vir stiltetyd opsygesit word. Die voordele uit die hou van stiltetyd oortref die persoonlike insette by verre.

- Die impak van gebedsverhoring as reaksie op die gebed wat tydens stiltetyd gebid is, en die betekeniswaarde van stiltetyd, styg met rasse skrede.
- Die gelese Woord (as sprekende God) vertoef ná stiltetyd by die gelowige, dit talm... is ’n tyd lank teenwoordig ... rek die bestaan daarvan ... en dit kom by tye weer in die gelowige se gedagtes te voorskyn.
- Die Woord wat gelowiges tydens stiltetyd lees en oordink, stig ’n soort gesindheid – wat die verstand te bowe gaan – waarmee hy of sy die dag of nag tegemoet gaan. Hierin komplimenteer die Woord en die Gees mekaar se werk in diens aan die gelowige. “Terwyl die Heilige Gees van die Vader en die Seun uitgaan, gaan alle werke van God na buite altyd *van* die Vader uit, *deur* die Seun en geskied dit *in* die Heilige Gees” (Heyns 1992:141).

Maddox (1994:125) verduidelik die verband tussen die gelowige en die Heilige Gees:

> The Spirit indwells Christ (1 Cor. 12:13), and by virtue of union with Christ those who believe participate in the Spirit. It follows then that one who is joined tot Christ is joined to the Spirit (1 Cor. 6:17).

[94] Personifikasie.

Die betrokkenheid van God Drie-enig in die leefwêreld van die gelowige – wat stiltetyd insluit word telkens opnuut bevestig.

Vir **Medenavorsers** gaan ’n persoonlike verhouding met God, gebed en stiltetyd, hand aan hand. Petra (A-A1) het op die vraag, “Wat verstaan jy onder die begrip ‘’n persoonlike verhouding met God’?” (Bylae B-20) geantwoord: “Wanneer ‘stiltetyd’ met Sy Woord en jou gebed vir jou onontbeerlik is voordat jy die dag in alle erns kan begin.” George (A-A5) het op dieselfde vraag geantwoord dat gebed prominent in ’n persoonlike verhouding met God is. Al die Medenavorsers het bevestigend geantwoord op die vraag of hulle ’n persoonlike verhouding met God het, maar slegs een medenavorser (Petra) het stiltetyd in haar persoonlike verhouding met God beklemtoon.

Benewens die enkeling se tyd om die Woord saam met God, is daar die dimensie wat meer mense betrek: die gesin. Vervolgens word die tema *huisgodsdiens* bespreek.

4.4.9 Huisgodsdiens

Hier is ’n geldige voorafvraag: wat het huisgodsdiens met die huweliksverhouding en verhoudingskwaliteit in die gesin te maak? Lane en Tripp (2006:65) verduidelik die verband tussen aanbidding, en huisgodsdiens is ’n vorm van aanbidding, en gesonde verhoudings:

> Good relationships are rooted in identity and worship. Only when I remember who I am and worship God for who he is can I respond to you with patient, gentle, hopeful, and courageous love.

Volgens Louw (1989:225) is huisgodsdiens die “geleentheid waar die *koinonia* van die verbondsisteem gerealiseer word”. Die gesin vergader rondom die Woord, en gemeenskap met God raak vir die gesinslede persoonlik. Terselfdertyd geskied *koinonia,* innige saamwees, met mekaar.

Nel (2001:19 e.v.) stel dit dat die gesin ’n hermeneutiese ruimte is, want binne hierdie ruimte kom kinders en ouers persoonlik tot ’n beter verstaan van God en sy manier van

optrede met mense. Die gesin is *saam* op die geloofsgroei-pad en ouers het die voorreg om voor te loop en hulle kinders op God se pad te begelei. "Terwyl daar slegs een Verbondsmiddelaar is, speel ouers 'n sleutelrol in die intermediêre koms van God na kinders" (a.w.:95).

Ouers se positiewe gesindheid en geloofsoortuigings is noodsaaklik vir doeltreffende oordrag aan hulle kinders, aldus Larney (2009:95). Volgens Larney koppel kinders 'n positiewe Godsbeeld aan die beeld wat hulle van hulle ouers het (a.w.:95). Hier lê die ouers se verantwoordelikheid teenoor God, hulle kinders asook hul eie lewe – om kenmerke van God se kind uit te leef.

Die vinnige ritme van die postmodernistiese tyd stel geweldige eise aan hedendaagse gelowiges, met die gevolg dat "stil-raak-met-die-Woord" soms of dikwels in die slag bly. In die verlede het gesinne ná aandete as 'n tradisie "boeke gevat"; vandag is die nuwe voorkeurtradisie vir vele gesinne om voor die televisie te eet. Indien hulle wel by die tafel aansit, bly huisgodsdiens in elk geval agterweë. Die oorbrugging van die kloof tussen 'n leefwyse as gelowige binne 'n postmodernistiese tyd en die stilword met die Woord is moeilik haalbaar. Huisgodsdiens is 'n *afspraak met woorde* – soos deur 'n buitestaander se oë gesien. Die gesin se afspraak is met woorde (die Woord), met geen sigbare besoeker teenwoordig nie ("Kom ons gesin lees nou 'n gedeelte uit die Bybel"). Volgens Jesus se belofte is die Here van die Woord teenwoordig waar twee of meer in sy Naam saamkom (Matt. 18:20). Tog ervaar hedendaagse gelowiges iets van die afwesigheid van die Besoeker. Tydens huisgodsdiens word gelees oor God en die sake wat met Hom verband hou, maar God Self word nie gesien nie. In die Skriflesing word die woorde van die Skepper en die evangelie gehoor, maar nie die Here self nie. God praat tydens huisgodsdiens nie met sy eie stem nie, maar sy woorde word deur 'n leser (ouer of grootouer) se stem oorgedra. 'n Hoogs verwikkelde situasie speel af in die ruimte van die omvattende waarheid wat uit die Bybel voorgelees word. God se koninkryk en die aardse werklikheid ontmoet met huisgodsdiens, maar die aardse werklikheid en praktyk beskik oor 'n voordeel wat gewig dra in die mens se gemoed.

Die vraag is dus na die voordeel. Aan die een kant is God se koninkryk wel grotendeels onsigbaar, en die verkondiging deur woorde en die Woord word deur die Heilige Gees

bevestig. Aan die ander kant is die aardse werklikheid vol visuele beelde wat om die gelowige se aandag roep. Hier geld ook ’n magdom besondere aktiwiteite, soos sport beoefen, musiek geniet, teater toe gaan, met vriende saam wees, buite speel, skilderkuns of net teken, fietsry, en televisie kyk. Hedendaagse tegnologie is sodanig dat dit ’n groot deel van die gelowige se aandag aangryp (selfone, rekenaars, iPad, Twitter, Facebook, Instagram, Internet-gebruik), en tyd in beslag neem. Die *afspraak met woorde* (die Woord) tydens huisgodsdiens, moet meeding met die *wêreld van speel, ervaar, doen en besig wees.* Die vraag kan gevra word: wie het lus vir stilsit, lees en luister, wanneer daar gespeel, sport beoefen, en televisie gekyk kan word?

Tog kan die belang van huisgodsdiens vir verbondsgesinne nie ontken word nie. Die belangrikheid van Woordverkondiging – selfs tydens huisgodsdiens – lê daarin dat die Woord mense transformeer, en kinders is juis in ’n lewensfase waar hulle leergierig is. Die leefwyse van die nuwe lewe in Christus moet van kleins af aangeleer en gevestig word (Deut. 11:19; Spr. 22:6). Sodoende sal die kinders, wanneer hulle volwassenes is, nie daarvan afwyk nie (Spr. 22:6). Die teendeel is egter ook waar. Kinders kan sondige praktyke as die norm aanleer, en gevolglik hierdie praktyke ook by hulle volwasse lewe indra.

Twee van die **Medenavorsers** George (A-A5) en Marna (A-A4) het jare lank getrou huisgodsdiens gehou. Hulle is lidmate van die Gereformeerde Kerk. Volgens hulle het hulle daagliks ná die aandete aan tafel huisgodsdiens gehou. Net Sondae was uitgesluit omdat hulle kerk toe gegaan het. Die huisgodsdiens het vir hulle bestaan uit: lees uit die Woord, gebed en sang (Psalms). Die huisgodsdiens is gereeld gehou totdat aktiwiteite by die skool die kinders se aandag in beslag geneem het. Medenavorser Marna (A-A4) het aangedui sy glo dat die hou van huisgodsdiens uiters belangrik vir ’n gesinslewe is. God seën ’n mens se huwelik en jou gesin wanneer julle as gesin gereeld met die Woord besig is (huisgodsdiens). Hierdie feit is telkens deur die Medenavorsers bevestig. Mense kom nie in aanraking met die lewende God en bly daarna onaangeraak nie.

Hier onder volg drie persoonlike verhale (uit die lewe en milieu van die navorser self) oor die *praktyk van huisgodsdiens*. Elke verhaal het ’n ander invalshoek.

- **Verhaal 1:**

Huisgodsdiens onder leiding van my (navorser se) ouers het ook nie in my eie kinderdae plaasgevind nie. Wat wel gebeur het, en uitstaan in my geheue as ’n goeie ervaring, is dat ons drie kinders in ’n stadium vir ’n paar kere huisgodsdiens in ’n kamer gehou het. Dan het ons beurte gemaak om uit die Bybel te lees en te bid. Onder die spieëlkas se middelste gedeelte, waar die stoeltjie inskuif, het ons ’n naam-tabel met witkryt gemaak en elke keer tydens huisgodsdiens afgemerk wie gelees en wie gebid het. Ek onthou nog hoe ek op my rug onder die spieëlkas ingeskuif het om een van ons name af te merk. Wie se idee die huisgodsdiens was, weet ek nie. Dit was wel ’n goeie idee (ek was as kind in die Gereformeerde Kerk).

- **Verhaal 2:**

Ons as gesin (navorser s’n), het ook by tye huisgodsdiens gehou. Dit het ná aandete aan tafel geskied, en het bestaan uit Bybel lees, ’n gebed en soms is daar gesing. As ouers het ons beurte gemaak om met die huisgodsdiens voor te gaan. Die huisgodsdiens het aan en af geskied totdat verskillende aktiwiteite (soos tydens hoërskooldae, verhuising, besoek van kuiermense asook diaken- en ouderlingspligte) gesinslede se aandag geverg het.

- **Verhaal 3:**

Nadat die kinders uit die huis getrek het, het ek (die navorser) en my man by tye huisgodsdiens gehou, met die hoofdoel om nagmaal by die huis te gebruik. Ons het in daardie stadium ongeveer 70 km. van die kerk af gewoon, daarom het ons by tye *huisgodsdiens met nagmaal* gehou. Die ete het dan ons nagmaal-ete geword en het net uit die nodige bestaan, geen oordaad nie. My man het hom altyd voorberei vir die geleentheid. Hy het voor die ete by die tafel gesit en blaai totdat hy besluit het op ’n gedeelte om te lees.

Na sy bepeinsing van die gedeelte, kon die nagmaal begin. Hy begin met ’n gebed en lees die toepaslike gedeelte: Jesus wat destyds saam met sy dissipels die nagmaal ingestel het (Matt. 26:26-30). Ons, as hedendaagse gelowiges is ligjare van destydse gebeure verwyder. Tog is dit dieselfde, met dieselfde betekenis vir ons – om die waarheid te sê, ons nagmaal-gebruik in die *huidige* oomblik, sinkroniseer met die Woordgebeure rondom die nagmaaltafel van Jesus en sy dissipels, *destyds*. Ons dink terug aan Jesus se woorde en is

> bly dat ons ook deel is van God se groter plan vir Sy kinders. Ons is versterk in ons geloof. Ons eet rustig verder aan die maaltyd en sluit daarna af met ’n paar liedere (gesange en Halleluja-liedere) en ’n gebed. Ons kinders kon ook op ’n geleentheid wat hulle kom kuier het, die nagmaal tuis saam met ons vier. Dit was spesiale oomblikke.

’n Kernfokus van huisgodsdiens is om geloofsonderrig deur te gee. Vervolgens, word geloofsgroei en -onderrig bespreek.

4.4.10 Geloofsgroei en geloofsonderrig

Geloofsgroei en -onderrig is ’n belangrike aspek van die Christelike geloofslewe. Volgens Louw kan die weiering om in die geloof te groei, “gesien word as die sterkste kenmerk van Christelike onvolwassenheid” (Louw 2005:223). Hy stel dit ook dat Christelike of geloofsvolwassenheid met ’n belydenis begin (oor wie God vir die persoon is) gevolg deur ’n radikale verandering: bekering (wie die persoon in God se oë is) (a.w.:223). Geloofsgroei bring die gelowige nader aan God se (geloofs-)ideaal vir hom of haar.

Die **Medenavorsers** het op die vrae, “Hoe belangrik is geloofsgroei en – onderrig vir jou? En: Hoe implementeer jy dit in jou lewe?” (Bylae B-21), soos volg geantwoord: Marna (A-A4): “Uiters belangrik – deur die kerk gereeld te besoek en geestelik te groei en deur dit uit te leef.” George (A-A5) het bevestig dat geloofsgroei baie belangrik is, en hy noem spesifiek kerkbesoek en Bybelstudie wat belangrik is vir geloofsgroei. Jerry (A-A2) beklemtoon dat geloofsgroei uiters belangrik is en dat hy Christelike boeke lees. Petra, Jerry se vrou (A-A1), noem dat sy en hy dikwels lang gesprekke oor geloof en die geloofslewe voer. Die manier waarop sy in haar geloof groei, is om “met nuwe oë na alles en almal om my te kyk – met groter deernis en liefde”. Geloofsgroei en -onderrig is van groot belang vir ’n Christen se lewe. Die Woord is ’n omvattende biblioteek van boeke waaruit ’n mens kennis oor die Christelike geloof kan verkry. Geloofsgroei en -onderrig bring ’n beter begrip/verstaan van die Christelike geloof en verwante sake na die gelowige. Die Woord stel Lewenskuns[95] aan die gelowige bekend. Die geloofsgroei en -onderrig laat die gelowige God se lewenskuns ontdek.

[95] Personifikasie.

Ontoereikende geloofsgroei en -onderrig kan gelowiges op verskillende vlakke in hulle lewe belemmer. ’n Paar voorbeelde volg:

- Die *tradisie van interpretasie* kan verkeerde opvattings/dade[96] (sien 3.4.1.1(4)) tot gevolg hê. Indien dit gebeur, is die aangewese manier dat die gelowige die verkeerde opvattings/dade vervang met denke/dade wat die Christelike geloof onderskryf/bevestig. Seamands (1991:70) stel dit soos volg:

  > Let God and His Word straighten out your false beliefs. Many Christians have adopted an idea which is really a sin in God’s sight, and have wrapped it in pious theological garb. You too may have made a virtue out of a vice. Now you cannot at the same time think wrongly and live rightly. You cannot believe error and practice truth.

  Omgang met die Woord en volkome deel wees van die gemeenskap van gelowiges beteken ’n saamstap met God/gelowiges op die geloofs(groei)pad. Dit is dus belangrik om volledig in kerk*wees* te deel.
- Die *onderrig van kinders* kan nadelig geraak word indien ouers se eie geloofsgroei op ’n ontoereikende vlak bly vassteek. Die ouers kan byvoorbeeld ’n gebrek aan Christelike lewensvaardighede toon (soos ’n soort lewensuitkyk) omdat hulle eie geloofsgroei en -onderrig oor vele jare ongenoegsaam was. Gevolglik moet hulle kinders die gevolge daarvan saam met hulle dra. Hierdie argument is gegrond op die veronderstelling dat die Christelike geloof ware *lewe* (vernuwing en heiliging) in ’n gelowige se bestaan indra. Die Gees blaas onder meer deur *die Woord* lewe in die gelowige, maar dan is daardie gelowige se gereelde gemeenskap met God ’n noodsaaklikheid. ’n Wederkerige verhouding tussen God en die gelowige is ’n verhouding wat na beide kante toe werk.
- Die skrywers in die Bybel is uitgesproke oor die verkry van *wysheid volgens God se aanwysings.* In God se teenwoordigheid (met die Woord en die Heilige Gees) word die gelowiges getransformeer tot die soort wysheid wat van God kom. Indien ’n gelowige se eie geloofsgroei en -onderrig gestagneer het, of dalk net stadiger ontwikkel, plaas daardie persoon hom- of haarself vrywillig verder van die Bron van lewe en van ware wysheid af.

[96] Denke en dade wat nie met die Christelike geloof versoen kan word nie.

Joubert (1995:48) wys daarop: "'n Standvastige geloof vra toewyding. Dit vra dat mens jou gedagtes en jou geestesoë deur die Heilige Gees moet laat instel op God se wêreld." Die vernuwing van denke (om soos God oor sake te dink), raak die menswees van die gelowige. Ná die destydse uittog van die Israeliete uit Egipte, moes hulle 'n nuwe manier van lewe aanleer – geskoei op God se aanwysings. Hierdie aanwysings was omvattend, soos die Ou Testament daaroor getuig. God se aanwysings vir die nuwe leefwyse moes in die hart van sy mense inslag vind. Sommige sondige praktyke, soos afgodediens, was nie met God se volk te rym nie. Die volk moes verander, nuut begin dink en handel. Die raamwerk van God se aanwysings sou vir hulle die riglyn wees en word. Sommige van hierdie aanwysings was moeilik om in hulle lewe toe te pas, aangesien verkeerde praktyke en gewoontes reeds deur die jare in hulle optrede en leefstyl gevestig geraak het. Tog was God se mense destyds gewillig op hierdie verandering ingestel.

Om nuut oor God te dink vra na 'n nuwe ingesteldheid jeens God, volgens Joubert (1995:48): "Dit vra na 'n bereidwilligheid om die Heilige Gees toe te laat om ons te herprogrammeer sodat al die negatiewe gedagtes waarvan ons koppe so vol is, die wyk sal neem. Dit vra dat ons die Gees sal toelaat om ons lewe so te vorm dat dit net op God gerig sal wees" (a.w.:48). Prakties beteken dit om: (1) die dag met God te begin en te eindig (deur gebed); (2) tyd in te ruim vir Bybellees; (3) gereeld terug te dink aan wat die Here in die Bybel oorgedra het; (4) halt roep vir kwaliteit-tyd saam met God (gesels met God); (5) geloof geniet: "Dit moet innerlike krag en blydskap in jou lewe bring. Jy het immers mos 'n hemelse Vader wat vir jou sorg" (Joubert 1995:48 e.v.).

'n Belangrike punt wat Van der Spuy (1998:9) in verband met geloofsgroei uitlig, is dat die geheim van geestelike groei nie beteken om "net te sit en te ontvang en te eet van die brood van die lewe nie". Gelowiges behoort 'n stadium te bereik waar hulle dít wat hulle ontvang het, aan ander uitdeel (a.w.:9). Meer nog, indien gelowiges die "brood van die lewe" wat hulle ontvang het, só uitdeel, word die waarheid van God se woorde ook aan die sprekers bevestig. Met ander woorde, die hoorder en die spreker hoor die woorde en word tot opbou van God se koninkryk binne hierdie proses in die geloof versterk. Die rede is voor die handliggend. Die Woord is met albei, die hoorder én spreker van die Woord, besig.

Vervolgens word die kinders as deel van die gesinstruktuur, se godsdienstige en geestelike ervaring, wat onder andere verband hou met die geloofsonderrig in die gesin, toegelig.

4.5 KINDERS DEEL IN ’N GESINSTRUKTUUR SE GODSDIENSTIGE EN GEESTELIKE ERVARING

4.5.1 Inleiding

’n Gesinstruktuur is ’n eenheid in die kleine: “’n Gesin is ’n primêre eenheid van mense. Die eerste kring van nabyheid. Ons almal het so ’n kring nodig. Dit is funksioneel in baie opsigte. Hierdie kring voorsien in die basiese behoefte aan intimiteit en ook in die basiese behoefte aan sorg dra en sorg ontvang” (Müller 2002:13). Nel (2001:20) wys daarop dat God aan die gesin ’n hermeneutiese funksie gegee het waar kinders deur hulle ouers se insette begrip kan ontwikkel van Wie God is en hoe God met mense handel. Die gesin is ’n veilige ruimte waarbinne elke lid die Here ongeveins kan dien, waar elkeen kan leer van God/Christelike grondbeginsels, en die Christelike geloof in woorde, gesindhede, denke en dade kan uitleef. In hierdie geval neem die ouer/s of ’n voog die rol aan van ’n leier *in diens van die Here*. Ouers word die toonaangewers van die Christelike geloof vir hulle kinders. Soms gebeur dit dat die Christelike gesin nie as ’n eenheid optree en saam vorentoe trek nie.

Wanneer een of meer lede van ’n gesin weerstand teen die Christelike geloof bied, kan dit daartoe lei dat hierdie tendens die ander persone in die gesin se *dien van die Here* bemoeilik. Meer nog, in kinders se geval kan hulle – as ’n natuurlikheid – na aanleiding van die ouers se voorbeeld óók ’n aversie vir die Christelike geloof en selfs God ontwikkel. Indien die ouer nie die Here voor die kinders konkreet dien nie, kan met reg gevra word na die gevolge vir die kinders. In hierdie geval het die ouer en die kinders inspraak van God deur sy Gees nodig sodat verandering (bekering) kan plaasvind.
Die bogenoemde problematiek word bevestig in ’n ope brief oor die stand van die jeugbediening in 2013 (sien Bylae C vir die volledige brief). Die skrywer is Ds. Okkie

Celliers.[97] Die rede vir die plasing van die brief is dat dit ’n belangrike perspektief bied op ’n deel van die jeug wat die toekoms van die Kerk van Christus uitmaak. Die problematiek is duidelik: gelowige gesinne is immers verbondsgesinne en gelowige ouers daarom verbondsouers, met kinders van gelowige ouers by implikasie verbondskinders. Daarby is gelowige ouers verbondsleiers in die gesin (minstens teoreties gesproke). Dit roep die ernstige vraag op hoekom die kerk van Christus leegloop. Hoekom blyk dit dat Christelike gesinne nie behoorlik as verbondsgesinne funksioneer nie? Die genoemde brief van Ds. O. Celliers, onderstreep hierdie onrusbarende tendens. Die brief word vervolgens teologies ontleed.

4.5.2 Die stand van Jeugbediening in 2013

Tydens ’n gemeenteseminaar met die tema “Huisgodsdiens” het Ds. Okkie Celliers die stelling gemaak dat die *huidige geslag* kinders in die kerk, die *laaste geslag* kinders in die kerk is. Die navorser het hom gevra om sy standpunte oor jeugbediening op skrif te stel. Die brief (Bylae C), skets ’n kommerwekkende scenario oor die kerk-jeug en die kerk van Christus.

Die kerk se jeug word hoofsaaklik deur hulle ouers binne die ruimte van die gesinslewe in God se Woord en leer opgevoed. Daarom is die brief oor die stand van jeugbediening relevant vir die huidige studie. Hierdie geloofsonderrig wat in die gesin – as moontlikheid – sou plaasvind, hou verband met die teorie (geloof) en die praktyk van die Christelike geloof (die uitleef van die nuwe-lewe-in-Christus-leefwyse). Die kerkjeug se geloofsontwikkeling behoort merendeels die vrug uit te wys van die geloofsinsette wat in die verbondsgesin plaasgevind het. Die geloofsgemeenskap en skool het ook insette gelewer om kinders se geloof te bou, hoewel in ’n mindere mate. ’n Verbondsgesin wat God dien, met ’n verbondsouer wat as verbondsleier leiding in die gesin neem (soos dit hoort), dra grootliks by tot die geloofsontwikkeling van die verbondskind/ers in die gesin. God se Gees ondersteun die proses, deur onder andere die bevestiging van die verkondigde Woord in die hoorder se denke en die gawe van geloof.

[97] Ds. O. Celliers is ‘n predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Miederparkgemeente, Potchefstroom. Hy is verantwoordelik vir die Jeugbediening in die gemeente, en die brief handel oor die stand van jeugbediening volgens sy ervaring.

Gemeenskap met God (soos met die erediens), bou ook aan die verhouding tussen God en sy kind (groot of klein). In die lig van hierdie insig word die brief van Celliers vervolgens bespreek.

4.5.3 ’n Teologiese refleksie op kritiese elemente oor bediening aan die jeug

’n Mens kan aanneem dat die jeug ’n spieëlbeeld is van hoe belangrik die Christelike geloof in die algemeen binne die Christelike huisgesin beskou word. In daardie geval, skets Celliers se brief ’n kommerwekkende prentjie van die “Christelike” huisgesin. Dit spreek vanself dat daar uitsonderings op die reël sal wees, dit is, Christelike huisgesinne wat erns met hulle verbondsverhouding met God maak.

Die teorie rig die praktyk en geloofsoortuigings rig dade. Daarom kan gevra word na watter teorieë in die Christelike gesin die geloofspraktyk rig. Of, anders gestel: watter geloofsoortuigings bepaal die gelowiges in die gesin se optrede? Indien die handeling van gelowige ouers heenwys na ’n verontagsaming van hulle doopbelofte, om hulle kinders volgens God se aanwysings/riglyne te onderrig en te laat onderrig, wat het nodig om te verander? Die probleem kan wees dat verbondsouers:

- nie *regtens* besef dat hulle die opdrag ontvang het om hulle kinders (self verbondskinders) in die Christelike geloof en sake wat verband hou, te onderrig nie;
- nie begryp dat hulle gesin ’n verbondsgesin is wat onder die nuwe verbond leef nie;
- kan in ’n mate self nie as verbondsleier in die gesin optree nie;
- nie self ’n persoonlike verhouding met God najaag en koester nie.

Die belangrike vraag is dan wat die uitwerking van die bogenoemde voorbeelde vir die hele verbondsgesin sou wees.

Hiermee hang ’n grondliggende probleem saam: indien ’n ouer nie self tot oorgawe aan God gekom het nie, hoe lei hy/sy die kinders in die gesin tot oorgawe aan God? Dit is belangrik dat die ouer besef: God is nie net ’n veraf wete voor Wie ’n doopbelofte

afgelê word, waarna die mens, sonder verpligting voortgaan met sy/haar lewe nie. God, as Grondlegger van die doop, maak erns met sy deel van die doopbelofte aan ouers. Die vraag is dus: wat is die gelowige ouer se insette tot die doopbelofte aan God?

Dit is ’n geldige veronderstelling dat sommige hedendaagse Christelike ouers ’n vorm van afwesigheid *bestuur*[98] wat hulle eie diens aan God betref. Dus is die kernvraag hier: wat is nodig om die status quo te verander? Volgens die navorser hou drie punte met verandering verband.

- Ter sprake is ’n ware bekering tot God – wat met opregte dade gepaard gaan.
- ’n Regte verstaan is noodsaaklik van wat die verbondsverhouding tussen God en die gelowige behels. Die verbondsouers behoort te weet wat hulle rol as verbondsleiers in die gesin behels, om uitvoering daaraan te kan gee.
- ’n Persoonlike verhouding met God hou verband met vernuwing van denke asook gemeenskap met God. De Klerk (1985:25) stel dit dat die verbondsverhouding tussen God en die gelowige op die pad van geloof en bekering *verwerklik*. God roep die mens inwendig en die gevolg is dat die mens “antwoord op die evangelie wat uitnooi tot die deelhê aan die verbond van genade” (a.w.:25).

De Klerk (1985:24) maak ’n belangrike stelling oor gelowiges se deelwees van die verbond, en hulle betrokkenheid by die Woord en sakramente (doop en nagmaal). Hy wys daarop: “Die verbondsbeloftes[99] wat uitgeroep is in die kring van die verbond waar die Woord en die sakramente bedien is, gaan in vervulling.” Die *betekeniswaarde* van die verbondsverhouding met God (met gepaardgaande verbondsbeloftes), die verkondigde Woord wat gelowiges alreeds/steeds hoor of lees, asook die sakramente wat hulle gebruik/het, word hierin beklemtoon. Om deel van die verbond te wees, is nie

[98] Bestuur: leiding neem en beheer toepas.
[99] De Klerk (1985:24) wy uit oor verbondsbeloftes: “Die identiteit wat hy [die gelowige – R K] gekry het, lê in die feit dat sy naam of sy ouers se naam by die teken van waterdruppels aan die Drie-enige God verbind is. Hy het immers by die doop as teken van die verbond en as bewys van verbondenheid met die gemeente van God, die heerlikste verbondsbeloftes ontvang. Die troue God het by die mens kom staan en gesê dat Hy aan sy kant is, dat Hy hom tot sy eiendom en erfgenaam wil aanneem, hom wil was in die bloed van Christus, en in hom wil woon deur sy Gees. Deur Woord en sakrament het die Here sy eiendomsreg oor hom uitgeroep en het Hy hom verseker van sy ‘hartlike liefde en trou’. Hierdie mens besit ’n eie identiteit. Hy is vanweë God se verbondsgenade betrek in die adeldom van die Godsryk. Hy is ’n Koningskind.”

’n ligtelike saak nie, daarom kan die gelowige nie net ligvoets verby die Verbond[100] stap, terwyl anderpad gekyk word nie.

Louw (1989:79) stel dit treffend: “Via die doop is die uitverkiesende genade van God op elke individu gefokus.” Die dopeling is alreeds deel van God se koninkryk. God bly getrou aan die dopeling al word die ouers, wat nie hulle doopbelofte hou nie, ontrou. God wil egter hê dit moet anders vir die ouers wees: God wil ’n innige verhouding met hulle sluit en handhaaf. Dit kan gevolglik so anders en beter as die huidige ontrouheid wees, want in God se teenwoordigheid word die mens ten goede omvorm. God is die Een wat ouers en kinders nader roep vir die nuwe lewe in Christus, en vir ’n persoonlike verhouding met Hom. Christenskap is ’n saak van ’n verbinding van wedersydse liefde tussen die gelowige en God. Die vraag is: ken die ouers God sodat hulle vir hulle kinders kan vertel van *dié Een wat hulle ken*? Daarby: indien ouers God nie regtig ken nie, is dit moeilik om te sien hoe God se Woord ’n impak kan hê wat hulle lewe verander.

In sy brief wys Celliers daarop dat kinders vir hulle ouers verantwoordelikheid moet aanvaar en sorg dat hulle ouers terugkeer kerk toe (verwys na Bylae C - p. 404). Die tragedie van die situasie word hierin onderstreep. Sommige ouers in ’n gesinseenheid loop nie meer *as verbondsleiers* voor op die Christelike lewenspad nie; hulle kind/ers moet hier die voortou begin neem. Ouers word dan die mense wat na die Here terug begelei moet word.

Celliers belig, volgens die navorser, ’n uiters belangrike punt: gelowiges verstaan nie die hart van die verbond[101] nie (verwys na Bylae C – p. 401). Die vraag is hier of die verbond regtig geleer en verstaan is. Hieroor is die volgende vraag aan **Medenavorsers** gestel: “Het jy op enige stadium spesifieke onderrig ten opsigte van die nuwe verbond en die betekenis van ’n verbondsverhouding ontvang? Indien ja, wanneer?” (Bylae B-19). Al die Medenavorsers (Bylae A), sonder uitsondering, het ontkennend op die vraag geantwoord. Die navorser is van mening dat ’n beter verstaan van die nuwe verbond en

[100] Personifikasie.
[101] Du Preez (1980:14) verduidelik oor die verbond: “Die genade waarmee die God van die Skrifte die mens besoek, neem die vorm van ’n verbond aan.”

die betekenis van ’n verbondsverhouding, kan lei tot ’n groter erns *teenoor* en ontsag *vir* God.

’n Mens moet weet wat jou eie rol in ’n verhouding met iemand behoort te wees voordat jy daardie rol na wense kan vervul. Dieselfde geld ’n verbondsverhouding. Gelowiges moet weet wat hulle rol in die verhouding met God behoort te behels, om daardie rol na *God se wens* te kan vervul. Hulle moet ook God se rol ken en verstaan, om die verhouding tussen God en die gelowige beter te verstaan en te eerbiedig. ’n Goeie verstaan maak nuwe horisonne oop; dieselfde kan geld vir ’n verbondsverhouding met God. Later in die studie (6.2.2 e.v.) word in diepte na die verbond en verbondsverhouding gekyk. In die volgende afdeling word ouers as (verbonds)leiers in die gesinstruktuur ondersoek (sien 6.4 e.v.).

4.6 OUERS AS CHRISTELIKE VERBONDSLEIERS IN DIE GESIN-STRUKTUUR

Dit is nie ’n gegewe werklikheid dat ouers as Christelike leiers in die gesinstruktuur optree nie – soos reeds uitgewys. Indien ouers wel Christelike leiers in diens van God is, kan dit tot ’n oorwinning vir God se koninkryk in daardie gesin lei. ’n Nie-weet-posisie beskryf die werklikheid van ’n mens wat gebore word. Daarna, word die mens stelselmatig in die weet-posisie van die algemene lewe ingelyf. Die mens word ook stelselmatig deel gemaak van ’n weet-posisie oor die Christelike geloof, Christelike geloofsbegronding, die werkwyse van God en die nuwe lewe in Christus en wat dit prakties behels. Om dieselfde rede het Jesus die opdrag gegee dat gelowiges die Woord tot aan die uithoeke van die wêreld moet verkondig. Die nie-weet-posisie teenoor die evangelie moet dus verander na ’n weet-posisie.

Deur die onderskeie lewensfases, van kleutertyd tot volwassenheid en selfs as bejaarde, word die mens wat uitverkies is, in God se waarheid ingelei. Dit behoort ’n gegewe werklikheid vir elke gelowige en sy en haar kinders te wees, maar gebeur nie deurgaans nie. Die verantwoordelikheid om, binne die ruimte van die huisgesin vir God aan die kind bekend te stel, is groter as wat ouers dalk dink en besef. Ouers se woorde,

gesindheid, optrede, lewensuitkyk, geloofsonderrig en denke speel ’n groot rol wanneer hulle verantwoordelikheid teenoor hulle kind/ers ter sprake kom. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat een of beide ouers gelowig is. Gevolglik het hierdie ouers vanselfsprekend die verantwoordelikheid teenoor God om hulle kinders volgens God se riglyne en aanwysings op te voed. Metafories gestel: indien iemand ’n kosbare diamant ontdek, spreek dit vanself dat hy/sy dit met die mense naby hom/haar sal deel. Dit geld nog meer wanneer die lewe in Christus ter sprake kom. Die ouer het ook ’n verantwoordelikheid teenoor God vir sy en haar eie lewe. Christelike gesinne maak deel uit van die uitverkore volk van God, en daarom leef hulle ook soos uitverkorenes, is die veronderstelling.

Die **Medenavorsers**[102] het duidelik van hulle kinders se geloof getuig. Op die vraag, “Wat is – na jou mening – die stand van elkeen van jou kinders se geloofsoortuigings?” (B-22), was die antwoord sonder uitsondering positief. Een antwoord was: “Hulle is Christene in die Gereformeerde Leer” (A-A5). ’n Medenavorser het byvoorbeeld geantwoord: “Hulle is almal sterk in hulle geloofsoortuigings en leef dit ook uit in hulle alledaagse omgang met mense” (A-A1). Een persoon het dit gestel: “Hulle is uiters gelowig en meelewende Christene” (A-A4). Al die Medenavorsers, wat vraelyste ingevul het, het getuig van hulle kinders se geloof asook hulle eie geloof in God, en dat hulle ’n persoonlike verhouding met God handhaaf.

Gevolglik blyk die gelowige sin, die geskikte ruimte te wees vir geloofsonderrig van die kinders. Een belangrike aspek binne so ’n gesin is die huwelik van die gelowige ouers. Die Christelike huwelik kan dus sodanig as belangrike onderrigmiddel vir kinders in ’n gelowige gesin dien. Hierdie saak word vervolgens ondersoek.

4.6.1 Die Christelike huwelik as onderrigmiddel vir die kinders in die gesin

Daar is reeds gewys op die feit dat gelowige ouers die verantwoordelikheid het om hulle kinders volgens God se aanwysings op te voed: deur onder andere, woord en daad. In hierdie sin kan hulle eie Christelike huweliksverhouding ’n opvoedingsmiddel vir hulle

[102] Verwys na Bylae A vir die inligting van Medenavorsers.

kind/ers word. Wanneer Christelike aanwysings deel van die huweliksverhouding raak, word dit ook ’n voorbeeld vir kinders om na te volg. Hier kan gedink word aan Christelike riglyne soos die uitleef van liefde, goedhartigheid, regverdigheid, getrouheid, opregtheid asook die leef in waarheid, lojaliteit en naasteliefde. Die verhouding tussen man en vrou word deurlopend ten toon gestel. Kinders ervaar hoe ouers stres en konflik hanteer en hoe hulle probleme oplos. Die kinders beleef ouers se toegeneentheid teenoor mekaar, hulle ongeduld en woede, en hoe hulle bekommenis hanteer. Die egpaar is ontbloot in die manier waarop hulle as paar die lewe, huweliksverhouding en gesinsverhoudings hanteer. Deurgaans hou hulle vir die kind/ers ’n voorbeeld voor om na te volg.

Volgens Collins (2005:491) verg die huwelik “tyd, inspanning en toewyding as dit moet groei en ontwikkel”. Hy stel dit dat huweliksmaats gehelp kan word deur seminare oor huweliksverryking, besprekingsgroepe, die lees van toepaslike boeke, video-programme asook Bybelse prediking oor die huwelik. Hierin het die kerk ’n groot rol om te speel, en sodanige hulpbronne kan in ’n groot mate bydra tot huweliksbou wat op die Christelike geloof begrond is.

Medenavorsers wat saam as gespreksgenoot tot die navorsing funksioneer, getuig oor die algemeen van ’n goeie huweliksverhouding. Christelike waardes is vir hulle belangrik. Hulle het ook aspekte beklemtoon soos wedersydse respek, openhartigheid en lojaliteit (A-A5). Een medenavorser (A-A2) het dit gestel dat hy nie van konflik hou nie. Wanneer daar konflik is, gee hy die voordeel aan die ander party. As egpaar (A-A1; A2), maak hy en sy vrou nie voor die kinders rusie nie. Volgens hom, soek sy vrou eerste toenadering ná ’n argument (B-30). Hy neem ook nie sy vrou op so ’n oomblik kwalik oor dinge wat in die verlede gebeur het nie (B-32). Hulle het vroeg in hulle verhouding soms kwaad vir mekaar gaan slaap, maar so ’n optrede is iets van die verlede (B-31). Hy is ’n voorstander van vergifnis (B-38).

Ter opsomming, in Hoofstuk 4 is temas bespreek wat verband hou met die godsdienstige- en geestelike ervaring van die huwelikspaar/verbondsgesin in ’n postmodernistiese paradigma. Van die temas was, die belang van die Woord (4.4.1), toewyding aan God (4.4.3), ’n persoonlike verhouding met God (4.4.4), gebed (4.4.7),

persoonlike Skrifstudie (stiltetyd) (4.4.8), huisgodsdiens (4.4.9) en geloofsgroei (4.4.10). Die navorsingsgespreksgenote die Praktyk, die Woord, Medenavorsers, Teologiese geskrifte en die Navorser is aan die woord gestel. Daarna het die navorsingsfokus verskuif na die godsdienstige- en geestelike ervaring van kinders in die gesin. Die stand van Jeugbediening, na aanleiding van Ds. O. Celliers se brief (Bylae C) is deur die Navorser by punt 4.5.3 bespreek. Volgende, het die navorsingsfokus op die ouers as Christelike verbondsleiers in die gesin (4.6) geval. Die laaste punt van die hoofstuk (4.6.1) belig die Christelike huwelik as onderrigmiddel vir die kinders in die gesin.

In Hoofstuk 5, wat hierop volg, word ’n interdissiplinêre literatuurstudie[103] onderneem oor die uitwerking van persepsies aangaande die aard van die huweliksverhouding op verhoudingskwaliteit in ’n postmodernistiese paradigma. Die navorsingstema word uit verskillende perspektiewe belig, om sodoende ’n beter begrip te verkry van die Christelike huweliksverhouding asook kwaliteit van verhoudings binne die verbondsgesin.

[103] Die proefskrif is gegrond op die model van J.C. Müller (2005:82-86) soos gestel in sy artikel “A Postfoundationalis, HIV-positive Practical Theology”. *Practical Theology in South Africa.* 20(2), 72-88.

HOOFSTUK 5

’N INTERDISSIPLINÊRE ONDERSOEK NA DIE UITWERKING VAN DIE CHRISTELIKE HUWELIKSVERHOUDING OP VERHOUDINGSKWALITEIT IN DIE VERBONDSGESIN

5.1 NAVORSINGSVRAAG

Wat kan ’n interdissiplinêre literatuurstudie (in samewerking met onder meer dissiplines soos Sosiologie en Sielkunde) uitwys oor hoe persepsies omtrent die aard van die huweliksverhouding die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin binne ’n postmodernistiese paradigma beïnvloed?

5.2 INLEIDING TOT DIE HOOFSTUK

’n Interdissiplinêre literatuurstudie maak inligting bekend oor die *persepsies* aangaande die aard van die huweliksverhouding en die uitwerking daarvan op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin binne ’n postmodernistiese paradigma. In hierdie hoofstuk belig narratiewe navorsing die Agtergrond (“Background” - B) asook Ontwikkeling (“Development” - D) van die verhaal oor die Christelike huwelik en die uitwerking wat dit het op die kwaliteit van verhoudings in die verbondsgesin. Die navorsingsfokus, Klimaks (“Climax” - C) en die Slot (“Ending” - E) van die navorsingsverhaal sal in Hoofstuk 6 aan die orde kom. Hierdie navorsingsbenadering word aanbeveel deur Müller, Van Deventer en Human in ’n artikel: “Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach” (2001:76-96), soos vroeër gestel. ’n Literatuurstudie oor hierdie onderwerp sal onder meer ook verskillende dissiplines insluit soos Sielkunde en Sosiologie. ’n Pastorale en Christelike literatuurstudie sal die bo-toon in die navorsingsfokus voer. Verskillende temas wat verband hou met die Christelike huwelik asook die uitwerking van die huweliksverhouding op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin, word vervolgens gestel. Verskillende perspektiewe op hierdie temas dra by tot ’n beter verstaan van die navorsingstema.

Die gespreksgenote tot die navorsing, die **Praktyk**[104], die **Bybel**, **Teologiese** en **Buite-Bybelse Geskrifte**, **Medenavorsers** en die **Navorser** dra by tot die navorsingsverhaal. Alle Bybelse aanhalings word gedoen uit die NAV/1983, tensy anders vermeld. Die navorsingsverhaal word hier onder verder uitgebrei.

5.3 TWEE VERSKILLENDE MENSE VERBIND HULLE TOT DIE HUWELIK

In hierdie hoofpunt word uit die navorser se ervaringswêreld ’n narratiewe verkenning gedoen van die tipiese dinamika wat aan die werk is wanneer twee mense hulle tot ’n verhouding/huweliksverhouding verbind. Wanneer twee Christene in die huwelik bevestig word, en later dan wel skei, is die vraag: Wat het skeefgeloop? Hierdie vraag word deur die loop van die hoofstuk gehanteer, en verskillende interdissiplinêre perspektiewe vanuit aangrensende wetenskappe (soos Sosiologie en Psigologie) lig die onderwerp toe.

Wanneer twee mense mekaar leer ken en lief kry, is daar ’n besondere *aantrekkingskrag* tussen die partye. Dit behels: vriendelikheid met mekaar, die vreugde en blydskap om by mekaar te wees, die opgewondenheid om aan mekaar te raak en om te soen. Die aanvanklike liefdesbetuiging blyk net nie genoeg te wees nie. Dit is ook opwindend om mekaar se denkwyse, manier van lag en praat, van luister en doen, lyftaal, en onderlinge emosies te ontdek. Die partye se oë weerspieël hoe hulle oor mekaar voel: die bewondering, teerheid, liefde, begeerte, hartstog, goedkeuring, blydskap oor en hunkering na mekaar. Daarby volg die oë van die een maat die ander een in die opstaan, die verby loop en die gaan sit. Dan is daar ook spesiale intieme oomblikke van diep gesprekke oor lewenskwessies.

Wanneer iemand van die teenoorgestelde geslag ’n mens lief het, voel jy goed oor jouself. Jy dink: “Daar moet iets spesiaals aan my wees, want hierdie persoon is erg oor my!” Dit word ’n geval van: iemand gee om wat jy dink, hoe jy voel, wat jy wil doen of nie. Wat met ’n mens gebeur, gaan gebeur of reeds gebeur het, word belangrike inligting vir die ander persoon in die verhouding. Die ander gee om wat jy van hom of haar dink,

[104] Hoofletters word vir die navorsingsgespreksgenote gebruik, omdat hulle spreekwoordelik, ‘persone’ in ’n navorsingsgesprek is.

en gaan daarom uit sy of haar pad uit om jou te beïndruk. Hy of sy gee genoeg om vir jou om ’n langtermynverbintenis met jou aan te gaan: elke dag by jou te wees, saam met jou te eet, met jou intiem te verkeer en langs jou wakker te word. Die liefde bring die beste in beide lewensmaats na vore. Dit is ’n besondere ervaring om iemand lief te hé. Só word dit ’n geval van: “Ek trap op wolke!” Dit is liefde op sy beste ten toon gestel. Poe (2001:86) verduidelik die verskynsel van die liefde:

> Love is not a theoretical or philosophical concept even though it can be discussed and described theoretically and philosophically. Love represents a holistic dynamic of emotion, intellect, will, and behavior directed toward a person or persons.

Aan die begin van die huwelik, is die saambindende faktor die liefde. Elkeen in die huwelik is ’n mens in eie reg, verantwoordbaar aan God vir sy en haar lewe. Gesien uit die veronderstelling dat albei gelowiges is, was God tot in hierdie stadium aktief betrokke in beide se lewe. Twee verskillende geslagte, wat verskillend grootgemaak is en verskillende ervaringsvelde het, begin die lewenspad saam stap. Omdat toewyding aan God, gehoorsaamheid aan God en beskikbare tyd in geloofsgroei ’n rol speel, vind die paartjie se geloofsgroei ook nie teen dieselfde tempo plaas nie. Die egpaar het dikwels verskillende geloofsoortuigings: vir die een is hierdie saak belangrik, en vir die ander een daardie saak. Moontlik is die praktyk van die Christelike godsdiens in die een se kinderlewe as uiters belangrik beskou, terwyl dit in die ander se kinderlewe vir die huismense nie so belangrik was nie. Laasgenoemde werklikheid het ’n uitwerking op albei huwelikmaats se geloofsverstaan uitgeoefen en hierdie ingesteldheid word in die huweliksverhouding en hulle lewe in die algemeen, ingedra.

Daar is ook ander verskille. Die egpaar se menings verskil: die een beskou ’n bepaalde saak as minder belangrik, terwyl die ander dit uiters belangrik ag. Hulle behoeftes verskil: die een soek na meer innigheid en samesyn terwyl die ander een met minder kan klaarkom. Die een wil meer kommunikeer terwyl die ander ’n stiller soort persoonlikheid het. Selfs met seksuele saamwees kan die egpare nooit op “presies dieselfde bladsy” wees nie. Bykomend het die egpaar dikwels uiteenlopende belangstellings in die lewe, moontlik juis as vertrekpunt die geslag waaraan elkeen behoort. Een van die egpaar toon dalk sterk leiereienskappe terwyl die ander een meer

’n volgeling is. Hierdie persoonlikheidsverskil kan tot heelwat verhoudingsprobleme lei indien eersgenoemde die vrou is. Die hantering van finansies kan ook verhoudingsprobleme veroorsaak, veral indien die gevolge daarvan negatief op die egpaar en gesin inwerk. Die teendeel is ook waar: dikwels kom egpare tot ’n vergelyk oor die hantering van die finansies.

Benewens die verskille tussen die egpaar is daar ook heelwat raakpunte: godsdiens is ’n saambindende faktor, so ook elkeen se respek vir ouers en skoonouers. Ander gemeenskaplike aspekte kan behels: gedeelde sin vir humor, die seksuele verhouding, blydskap en vrolikheid, liefde vir kinders, hardwerkendheid, eerbaarheid, ’n speelsheid en goedhartigheid. Met ander woorde, die egpaar bring elkeen die kwaliteite van hulle onderskeie geaardhede en die soort lewensingesteldheid na die huwelikstafel. Daarby het elkeen spesifieke gawes van God ontvang. Dit kan die volgende behels: ’n vaste geloof, ’n voortdurend blye gees, pligsgetrouheid, toegewydheid, kunssinnigheid, ’n liefde vir vlieg/vliegtuie, ’n liefhebber van mense, ’n uitsonderlike liefde vir kinders, ’n liefde vir die natuur, en die gawe van dig of skryf, om slegs ’n paar voorbeelde te noem. Sodanige gawes kan tot die opbou van die verhouding tussen die twee bydra.

Bogenoemde gedeelte het die werklikheid (die verwondering en verwikkeldheid) van ’n verhouding/huweliksverhouding uitgelig. Hier onder volg ’n gedeelte wat die tragiek beklemtoon van ’n moontlike klemverskuiwing wat in die huweliksverhouding kan plaasvind. Dit wil sê, ’n klemverskuiwing vanaf ’n *liefdes*verhouding na ’n verhouding met insette wat die huwelik ondermyn en – as moontlikheid – tot niet kan laat gaan.

5.4 ’N TRAGIESE KLEMVERSKUIWING IN DIE CHRISTELIKE HUWELIKSVERHOUDING

Weens verskeie redes kan daar mettertyd ’n tragiese klemverskuiwing in die huweliksverhouding ontwikkel. Die volgende redes kan hier geld: moeilike omstandighede, finansiële nood, kroniese siektetoestand, probleme wat ’n kind in die gesin ontwikkel, werkdruk, ’n veeleisende lewenstyl, of die sondige praktyke van een of albei van die egpaar.

Die volgende **narratief**, geskryf deur Rosa Koekemoer (navorser), vat ’n kernaspek van sodanige klemverskuiwing saam:

DIE HUWELIK[105]

- In die huwelik was daar eers liefde, toe word dit vervang met liefdeloosheid.
- Daar was aanvanklik in die huwelik eensgesindheid, toe word dit vervang met stryd en twis.
- Daar was eers wedersydse respek en agting in die huwelik, toe word dit vervang met geen of min respek.
- Daar was eers wedersydse openheid tussen twee mense in die huwelik, toe word dit vervang met afsydigheid en geslotenheid.
- Daar was eers waarheid tussen twee mense in die huwelik, toe word dit vervang met halwe waarhede, misleiding en leuens.
- Daar was eers eerlikheid in die huwelik, toe word dit vervang met ’n valse front.
- Die huwelik was eers ’n groot vreugde: om mekaar lief te hê en só uiting daaraan te gee met die liefdesdaad, toe word dit vervang met min of geen liefdesuiting.
- Aanvanklik was daar in die huwelik groot geesdrif, blydskap, vreugde, en opgewektheid; toe word dit vervang met swaarmoedigheid, bitterheid, geïrriteerdheid, en botheid.

Die huwelik het begin in die goeie, en geëindig in die kwaad.
Dit het begin as ’n fees, en geëindig as lyding.

---o---

Bostaande scenario skets die moontlike tragiese verwikkeling wat in ’n huweliksverhouding kan plaasvind. Die kwaad bekruip die gelowige stilletjies en word of kan ’n werklikheid in sy of haar lewe word. Indien hierdie scenario ’n werklikheid geword het, word die huwelikspaar sodoende self die argitek – in samewerking met die

[105] Die narratief, “Die Huwelik” is deur Rosa Koekemoer (navorser) in 2001 geskryf. Die gedeelte stel ’n moontlike scenario/ontwikkeling/tendens in die huweliksverhouding voor. Sodanige ontwikkeling kan oor dae, maande en jare plaasvind. In plaas daarvan dat die Christelike huweliksverhouding gedy omdat huweliksmaats doen wat reg is, word die verhouding ondermyn omdat daar *ingekoop* word in *dit* (ondermynende gedagtes, gesindhede en dade teenoor die huweliksmaat) wat die kwaad op die markplein “verkoop”. Laasgenoemde tendens kan daartoe lei dat die huwelik uiteindelik tot niet gaan.

sonde – van die gepaardgaande pyn en onverkwiklike gevoelens wat in die proses ervaar word.

Dreyer (1997:100) opper oor hierdie proses ’n kernvraag: “Maar wat gaan in ons verhoudingslewens aan? Talle mense lei beslis nie ’n kwaliteit-lewe nie. Vanweë die oorlog tussen die geslagte voed en beskerm die huwelik of die gesinstruktuur hulle nie; inteendeel, dit wond en skaad hulle.” Dit hoef egter nie die geval te wees nie. In diens van God word gebou aan gesonde verhoudings en veral wat die huweliksverhouding betref. Die Sonde[106] kom staan soms tussen mense wat mekaar lief het, maar dit behoort ’n tydelike stand te wees. As God se nuwe mense kan gelowiges in enige omstandighede ’n keuse vir *in diens van God* maak. God is dan hulle Hulp. Sodoende wil gelowiges God met hulle denke, gesindhede, dade en keuses dien. Daarom gaan hulle oor tot die diens aan God wat ’n keuse behels.

Nadat die scenario van ’n afwaartse klemverskuiwing ondersoek is, word verskillende perspektiewe op die Christelike huwelik met behulp van ’n interdissiplinêre literatuurstudie toegelig. Die vraag is na die uitwerking van persepsies oor die aard van die huweliksverhouding op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin, in ’n postmodernistiese paradigma. Om die vraag te beantwoord, word gefokus op verskillende interdissiplinêre perspektiewe oor die betekenis wat die Christelike huwelik en die verbondsgesin inhou vir verhoudingskwaliteit binne interpersoonlike verhoudings.

5.5 INTERDISSIPLINÊRE PERSPEKTIEWE OOR DIE BETEKENIS VAN DIE CHRISTELIKE HUWELIK

5.5.1 Inleiding

Die vraag kan gevra word: wat is die betekenis van die Christelik huwelik en die verbondsgesin, volgens eksponente[107] wat daaroor skryf? Die Navorser stel vervolgens

[106] Personifikasie.
[107] Eksponente: Navorsingsgespreksgenote naamlik, die Praktyk, Bybelse en Buite-Bybelse Geskrifte, Medenavorsers en die Navorser.

die uiteenlopende of ooreenstemmende interdissiplinêre perspektiewe. Die eerste perspektief handel oor die liefde in die huweliksverhouding:

5.5.2 Liefde in die huweliksverhouding

5.5.2.1 Liefde as begrip, respek, aanvaarding en vertroue

Liefde is ’n aspek wat herhaaldelik in verskillende geskrifte met die huwelik in verband gebring word. Louw (1993:97) beklemtoon vanuit ’n psigologiese perspektief vyf onderliggende punte oor huweliksliefde, naamlik *begrip*, *respek*, *aanvaarding*, *vertroue* en *openhartigheid*. Elke punt word hier onder van nader bekyk:

- **Begrip:** dit behels ’n verstaan dat jou maat ’n unieke persoon is. Dit hou ook rekening met die feit dat ’n man en vrou gelykwaardig, maar nie gelyksoortig is nie (a.w.:97): “Die man en die manswêreld is dikwels meer taak-georiënteer; direk fisiek in die liefdesverhouding; onmiddellik seksueel gestimuleer; logies-beredenerend in lewensbeskoulike sake. Die vrou en die vrouwêreld is dikwels meer intimiteit-georiënteer; sterk belewend en emosioneel in die liefdesverhouding; in die seksuele meer ingestel op waardering en persoonlike kommunikasie; diepsinnig en waarde-gerig in die algemene lewensbeskouing” (a.w.:97). Begrip dui daarop dat die egpaar mekaar se wêrelde in ’n mate verstaan en aanvaar.
- **Respek:** hierdie woord hou verband met die konsep van agting/ eerbied/bewondering/hoogag. Louw (1993:97) stel dit soos volg: “Liefde as respek beteken dat jy agting het en bewondering koester vir jou maat se voortreflikhede en vermoëns.” Medenavorsers het deur hulle reaksies die begrip respek as belangrike aspek vir ’n huweliksverhouding bevestig. Medenavorser Linda (Bylae A-A3) verduidelik: “Respek is baie belangrik – niemand wil afgekraak of vernederd in eie tuiste voel nie.” Verkeerde handeling en woorde lei soms daartoe dat die oortreder respek moet inboet. Vergifnis, bekering, versoening, ’n gesindheid van genade, en liefde wil dan nader staan om ’n rol in die herstel van ’n huweliksverhouding te speel.

- **Aanvaarding:** dit beteken om jou maat onvoorwaardelik te aanvaar, maar sonder om goedkeuring vir sondige optrede te gee (a.w.:98). Aanvaarding speel ’n rol in ouerskap; net so behoort aanvaarding ’n rol in die verhouding tussen man en vrou te speel.
- **Vertroue:** volgens Louw (1993:98) het hierdie aspek te maak met die feit dat liefde ’n verantwoordelikheid is. Jyself moet dit maklik maak vir ’n ander persoon om jou lief te hê. Daarom behoort jy betroubaar, verantwoordelik, opreg en lojaal in die verhouding te wees en op te tree. Die (vertrouens-)verhouding behoort nie binnegedring te word deur oneerlikheid, leuens en bedrog nie (a.w.:98). Louw (1993:98) wys daarop: “Liefde en vertroue wil die waarheid dien en maak die belange van jou maat die hoogste prioriteit. Binne die vertrouensirkel van die liefde is daar nie ruimte vir voortdurende wantroue, jaloesie en beskuldigings nie.”[108]
- **Openhartigheid:** dit hou verband met die graad van spontaniteit waarmee iemand hom- of haarself (liggaam, gedagtes, besittings, drome) met iemand anders deel (a.w.:98). Louw bevestig: “Openhartigheid weerstaan selfsug en soek voortdurend die teenwoordigheid van die maat” (a.w.:98). Medenavorsers het openhartigheid as belangrike komponent in die huweliksverhouding bevestig. Openhartigheid hou nou verband met, en word makliker geaktiveer in die teenwoordigheid van vertroue, respek en aanvaarding. Medenavorser Linda (Bylae A-A3) sê oor die openhartigheid in haar eie huwelik, “Ons deel ons diepste wese met mekaar.”

Wanneer hierdie bogenoemde aspekte, wat met liefde verband hou, as werklikheid in die huweliksverhouding geld, sal dit uiteindelik goeie gevolge vir die hele verbondsgesin inhou. Die huweliksmaats leef dan letterlik vanuit die liefde en binne die ruimte van ’n gesindheid van *begrip, respek, aanvaarding, vertroue* en *openhartigheid.* Hierdie gesindhede ondersteun gesonde verhoudings: tussen die egpaar, en gevolglik ook die kinders wat onder die vaandel van die gesin leef.

[108] In ’n verhouding tussen vriende, ouer en kind, of tussen gesinslede, geld eweseer vir ’n vertrouensverhouding.

Voorbeelde wat bogenoemde aspekte aanvul, kan wees: getrouheid, bedagsaamheid, opregtheid, ’n keuse vir die waarheid, vriendelik, beginselvas en toegewy aan God. Die **Medenavorsers** het op die vraag, “Watter kenmerke sal jy graag in ’n goeie huweliksverhouding wil sien?” (Bylae B-12) soos volg geantwoord: liefde, eerlikheid, dieselfde kerkverband, respek, getrouheid, vriendskap, geborgenheid, ’n liefde vir God en sy Woord, en ’n gesonde seksuele verhouding. Op die vraag, “Watter eienskap van jou wederhelfte waardeer jy die meeste?” (Bylae B-13) het Medenavorsers geantwoord: opregtheid, liefdevolle geaardheid, “wat jy sien is wat jy kry”, spontaan en opgeruimd, deernis, integriteit, teerheid, gelykmatige geaardheid, en teregwysing.

5.5.2.2 Liefde as essensie vir die mens se lewe

Strong, DeVault en Cohen (2005:132), wat navorsing oor die huwelik, die gesin en die familie doen, baseer hulle teorieë op Psigologie en Sosiologie. Volgens hulle is die liefde ’n essensiële bestanddeel van die mens se lewe (a.w.:132). Hulle verduidelik dit soos volg: “Love is essential to our lives” (a.w.:132). Liefde bind twee mense saam en dit is ’n kragtige gevoelservaring wat daartoe lei dat ’n persoon belangrike lewensbesluite in die krag van die liefde neem. Strong *et al.* (2005:132) gaan voort: “Love creates bonds that enable us to endure the greatest hardships, suffer the severest cruelty, overcome any distance” (a.w.:132). Die liefde help die mens om die moeilikste omstandighede te oorkom. Sodoende is en word ware liefde ’n dryfveer vir hoop. In die Woord (Mark. 12:28) word die grootste gebod (wat alle gebooie omsluit) gestel: om God bo alles lief te hê en die naaste soos jouself. Hierin word ware liefde as essensie vir die mens se lewe onderskryf. Die verskillende perspektiewe op die liefde – veral huweliksliefde – sal laasgenoemde feit *as waar* bekragtig.

5.5.2.3 Die ideaal van huweliksliefde

Mense beskou die ideaal van huweliksliefde as: romanse, seksuele gemeenskap, vriendskap en toewyding aan mekaar, volgens Whitehead *et al.* (2014:36; Bradshaw 2009:289-292) wat vanuit ’n psigologiese perspektief skryf. Die punte wat hulle maak, word hier onder kortliks uiteengesit:

- **Romanse:** huweliksmaats wil hê dat die emosionele en fisieke aantrekkingskrag wat hulle in die beginstadium van die verhouding ervaar het, in die huwelikslewe voortduur.
- **Seksuele gemeenskap:** seksuele gemeenskap moet vir albei partye bevredigend wees, "... enhanced by a deepening responsiveness to each other's preferences and needs."
- **Vriendskap:** die huweliksverhouding moet soos 'n vriendskap wees; die paartjie moet mekaar se teenwoordigheid geniet, en "... to find in each other the sources of comfort and challenge, of solace and stimulation that we need for continuing growth."
- **Toewyding aan mekaar:** huweliksmaats moet op mekaar kan vertrou en kan staatmaak. Whitehead *et al.* (2014:36) verduidelik: "We want to be able to 'count on' one another, to give our trust in the deep conviction that it shall not be betrayed, to experience the awesome responsibility and transforming power of holding someone else's well-being as important to us as our own and to know that we, too, are held in such care." (Whitehead *et al.* 2014:36).

Hierdie genoemde hoë verwagtings van die huwelik is soms/dikwels voor die huwelik gesluit word, reeds by jong mense teenwoordig en kan selfs gedurende die huwelikstyd 'n wesenlike verwagting bly. *Romanse, seksuele gemeenskap, vriendskap en toewyding aan mekaar,* is op 'n hoogtepunt aan die huwelik se begin, daarom kan dit as die ideaal vir huweliksliefde beskou word. Die verhouding is nuut en opwindend en onderskeie ervarings wat daarmee saamhang dui vir die paartjie op 'n hoogtepunt. Voorbeelde van sulke hoogtepunte sluit in: die opwinding oor die verhouding, die aantrekkingskrag tot die ander, die aansporing tot 'n verhouding en die spesiale tye van saamwees. Hierdie hoogtepunte spoor 'n paartjie aan om 'n verhouding te vestig, wat uiteindelik tot 'n huwelik en 'n gesin kan lei.

Met narratiewe navorsing word die belang van die gespreksgenote se verhale belig. 'n Volgende perspektief op die verskynsel van die liefde word vanuit 'n persoonlike oogpunt vertel. Die verhaal[109] wat volg, beklemtoon die waarde van 'n huwelikspaar se

[109] Die verhaal, "Lang bome laat my altyd terugdink ...", is in 2008 geskryf deur Rosa Koekemoer (die navorser) en in 2015 afgerond.

verwoording van hulle liefde vir mekaar. Die verhaal omsluit ook ’n eendaagse-ekskursie-in-liefde. Hierdie verhaal staan in verbinding met die sielkundige aspekte van inter-verhoudingsdinamika in die huwelik.

5.5.2.4 ’n Persoonlike liefdesverhaal: *Lang bome laat my altyd terugdink....*



(wyle) Jan Koekemoer

LANG BOME LAAT MY ALTYD TERUGDINK ...

Dit is somer in die Laeveld, en die pad strek langsamerhand in die rigting van Nelspruit. Die wêreld hierlangs is – vir ons twee oud Noordwesters[110] – asemrowend mooi. Terwyl die motor oor die pad dreun, wonder ek so by myself of ek ooit aan die natuurskoon in hierdie geweste gewoond sal raak. Ek hoop nie so nie. Vyf jaar in hierdie omgewing het dan *juis* my liefde vir die natuur beklemtoon en na vore laat tree. ’n Vreemde emosionaliteit kom sit ewe skielik in my binneste. Gevoelens van

[110] Voorheen van die Orkney-en-Klerksdorp-omgewing.

aandoening, ootmoed en bewoënheid. Was ek dan vroeër jare siende-blind dat ek nie dieselfde as nou *raak* gesien en ervaar het nie? Moes gewees het.

Buitekant Graskop ry ons verby die Graskop Lughawe, op linkerhand. 'n Geel Drummond Ag Cat staan in die vliegtuigloods, gereed vir die volgende vlug. Die vliegveld is verlate – darem staan die hek oop. Die dag is mooi. Helder blou lug, 'n swart pad, gras afgewissel met digte plantegroei en bome, en in die verte, berge. Ons ry verby 'n bakenpunt wat sê *Kowynspas*. Die plantegroei raak digter, met op sommige plekke tot bykans teenaan die pad. Op hierdie bekende deel van die pad draai ons albei tegelyk die vensters af en luister of ons sonbesies kan hoor. Dit is ons sonbesie-plek. Met 'n vorige verbyrit het ons dié plek per toeval ontdek. *Ja, ons hoor hulle!*

Vorentoe lê die betonbrug aan die linkerkant van die berg – ons regterkant wanneer ons verbyry. Daarna loop die pad boontoe, ondertoe en kant toe. Oor hoogtes en laer af, draai hier en maak 'n boog soontoe. En orals begroet *pittoreske* tonele van bome en verskillende hoogtes van plantegroei mens. By die padaanwysing wat *Hazyview* sê, draai ons regs.

Vorentoe en weerskante van die pad lê 'n Bloekomplantasie. Die bome, met 'n hoogte van sowat dertig meter, is tot teenaan mekaar geplant. Dit bly 'n mooi gesig om te sien. Jan kyk na my en sê: "Ek het jou so lief soos 'n pad wat tussen Bloekombome deur kronkel!" Die liefdeswoorde wat hy met die natuurverskynsel rondom ons in verband bring, vang my vir 'n oomblik effens onkant. Terwyl ek die betekenis en vreemdheid van die vergelyking oordink, volg hy met "Ek het jou so lief soos lang Bloekombome!; laaaaaaaaang bome!" beklemtoon hy dit. My hart voel warm oor sy woorde. Ek kyk na die Bloekombome en die pad, en dink: só lief is hy vir my! Kyk die baie bome! En die pad is nimmereindigend! Wat 'n wonderlike manier om dit te stel, so lief soos lang bome en 'n pad ...! Die natuur snel verby ons. Die lug is helderblou en wolkloos. "Ek het jou so lief soos die blou lug daarbo." waag ek ook 'n natuurmetafoor. Hy glimlag wyd terwyl hy sê: "Dit werk vir my!"

En só begin 'n hele nuwe wyse van woordelikse liefdesbetuiging tussen ons. Alledaagse dinge kry nuwe betekenis omdat ons dit deur middel van metafore met ons liefde vir mekaar in verband bring: die lampie op die tafel in 'n restaurant in Lydenburg; 'n kersboom met geskenke onder die boom (ons eie by Area Village no. 52 naby Burgersfort); 'n mangoboom langs Casterbridge Kompleks buite Witrivier;

kosmosblomme in die veld op pad na Middelburg; ’n maan wat soos ’n ronde koringkoek lyk (naby Lydenburg); ’n vliegtuig buite Witrivier[111] en ’n kruis teen ’n muur (in ons eie huis by Area Village no. 52). Ons begrip van die konsep liefde het sigbare gestalte gekry. Telkens as ons die pad, bome of blou lug sien, dien dit as ’n herinnering aan ons liefde vir mekaar. Die herinnering bring ons telkens weer terug tot by die wonderlike gawe van die liefde waarin ons kan deel ...

Terug by ons rit: Die pragtige natuurskoon snel by ons verby. Ons is op pad na Witrivier vir ’n genotvolle kuier. Voor, langs die pad, is ’n bordjie wat *Witrivier,* ’n verdere 10 km, aandui. By die eerste verkeerslig draai ons links na Witrivier. Ons bestemming is nie soseer Witrivier nie, eerder Casterbridge Kompleks wat aan die noordekant van en net buite Witrivier geleë is.

Met eerste aanskoue bring Casterbridge Kompleks altyd goeie herinneringe na vore. Die omgewing nooi mens nader. Die tuine is ’n lushof vir die oog. Goed beplan in terrasse en uitgelê met paadjies, randbeddings en potte met blomme in. Dit gaan hier nie net oor die aksie van aankope nie maar is daarop gerig om die mens *in vervoering* te bring. *En dit doen!* Die stoepe is groot en gesellig. Hier en daar staan mooi banke wat kunstig uit hout gemaak is. Selfs groot gebruikte wynvate word uitgestal om te koop. In die oop binnehof, wat omring is met klein spesialiteits-winkels, staan tafels en stoele onder die groot Laeveldse bome. ’n Mens kan sjokolade by die een winkel koop, tyd in die boekwinkel verwyl of na eksklusiewe linne in ’n ander kyk. Natuurlik drink ek en Jan eers wyn onder ons mangoboom, terwyl ons kuier en gesels. Ons baai ons behoorlik in die mooi natuur rondom ons.

Heelwat later slenter ons rustig tussen die winkeltjies deur na die motormuseum. Jan kan ure tussen die motors deurloop en almal van naderby beskou. Volgende keer wanneer ons weer kom, kyk hy asof vir die eerste keer na al die motors. Dit is die een plek waarby ons nooit verbystap nie. Daar is onder meer ’n Messerschmidt 2-seater, ’n Morris 1 000, Volkswagens, outydse Ford-motors, Mini’s uit vervloë dae, ouerige motorfietse en selfs ’n F1-motor van die renjaer Senna.

Wanneer dit tyd is vir middagete, klim ons in die motor en ry net oorkant die pad na Stefano se Italiaanse Restaurant.

[111] Jan was ’n vlieënier en het ’n uitsonderlike liefde vir vlieg gehad.

Trattoria Stefano Restaurant (oorkant Casterbridge Kompleks, Witrivier)

Die Europese atmosfeer in die restaurant is aangenaam. Daar is min mense wat besig is om te eet. Ons hou daarvan só. Orals langs die mure hang gewone lapvlae en portrette van bekende Italiaanse mense, meestal operasangers. Net oorkant die tafels, agter ’n toonbank, is ’n groot ingeboude pizza-oond. Ons gaan sit naby ’n oop dubbeldeur sodat ons ook buitetoe kan kyk en die ligte briesie ervaar. Dit is landelike gebied rondom die klein kompleks. In die verte kan mens ’n plaasopstal met perdestalle sien. Ons bestel goeie wyn. Die spyskaart is interessant. Iemand het ’n goeie poging aangewend om op ’n humoristiese wyse, verskillende geregte en Italiaanse gebruike te verduidelik: **“**Gooda food take time to prepara, notta sit, eatta, go ... no, no, first you musta bring nice friends, then relax, havva vino, laugh, talkka, laugh again. Then you givva me time to prepara your meal, because we prepara from da beginning!” Op ’n ander plek in die spyskaart lees dit: “In Italia da cook/chef (padrone) iss always right, notta da customer, please-a-remember dat! ... besides, who has been-a cooking Italian food for over 40 years ... you or me?” Jan bestel vir ons: Bistecca alla Stefano (vleis in rooi wyn gemarineer) vir my en vir homself, tuisgemaakte Gnocchi met ’n Gorgonzola kaassous. Alle geregte word hier op die Italiaanse wyse gaargemaak. Ons sit behaaglik terug en

teug elke nou en dan aan ons wyn. Ons gesprek gaan oor mense en hulle dinge, oor die hoekoms van die lewe, en ons drome en ervarings.

Goeie en spontane idees het al só ontstaan, soos beplanning vir ’n toekomstige besoek aan die Kruger Wildtuin. So ’n Witrivier-uitstappie het, om een of ander rede, ’n inspirerende uitwerking op ’n mens. Jy wil net ’n beter mens wees as wat jy glo jy is, ná so ’n besoek. Ná ete ry ons weer terug oor die pad na Casterbridge Kompleks. Ons is nog lank nie klaar gekuier nie. Nou is ons op pad na die Lemoenwyn-winkel. Die wyn word in interessante kraffies verkoop. Eers proe voor koop. Daarna loop ons tot by die venster van Antjie Newton se pottebakkerswinkel. Soveel mooi breekgoed om van te kies en ook relatief goedkoop. Dit is al ’n instelling dat ons ’n mooi bak of ornament met elke besoek aankoop. Kunswerke bring mos meestal iets goeds na die mens, iets soos blydskap en verwondering. Daarmee saam, goeie herinnering van die eendagse ekskursie.

Dit word tyd om huiswaarts te keer. Behaaglikheid en blydskap is deel van ons gevoelens en ons gemoedere is propvol visuele indrukke van die pragtige Laeveldse omgewing en dit wat ons deur die dag beleef het, soos ons terugkeer. “Dit was lekker!” Volgende keer, en gou! maak ons weer so.[112]

---o---

’n Volgende perspektief, wat handel oor konflikhantering in die huweliksverhouding, word vervolgens uit die insigte van ’n interdissiplinêre ondersoek toegelig.

5.5.3 Konflikhantering in die huwelik

Huweliksmaats verskil as ’n reël drasties van mekaar – onder meer wat betref: geslagsverskille, historiese agtergrond, lewensuitkyk, geloofs- en lewenservaring, geloofsoortuigings, lewensbenadering, en reaksie op gebeure. Daarom is die veronderstelling dat konflik tussen die egpaar ’n natuurlike uitvloeisel van ’n huweliksverhouding sal wees. Konflik tussen mense is nie ’n nuwe verskynsel nie, volgens Sande *et al.* (2002:33; Vangelisti & Maguire 2002:44-45). Konflik se beginpunt was, volgens die vertelling in Genesis 1, reeds in die paradys (a.w.:33).

[112] Opgedra aan Jan Koekemoer (1 Januarie 1951 – †15 Januarie 2011).

Selfs die styl van konflikhantering verskil tussen huweliksmaats. Aan die begin van die huwelik veroorsaak die samesmelting van twee onderskeie leefwyses of lewensbenaderings ook konflik, omdat elke huweliksmaat gewoond is aan sy of haar manier van dink, doen en leef.

Die vraag is dus: hoe hanteer die egpaar die konflik wat tussen hulle ontstaan? In liefde of nie? Stilswye binne, of wegstap uit 'n konfliksituasie word dikwels 'n keusemoontlikheid vir een van die egpaar, in plaas daarvan om *in liefde en in waarheid* saam na oplossings vir die konfliksituasie te soek. Die konflik tussen die egpaar kan sodoende onopgelos bly en daartoe bydra dat 'n vorm van verwydering tussen die lewensmaats intree. Wanneer die probleem Konflik[113] ter sprake kom, kan verskillende unieke uitkomste[114] die egpaar bystaan in die oplossing daarvan: "Anything that defies the problem or that contravenes the problem can be seen as 'n unique outcome or sparkling event" (Morgan 2000:58).

Unieke uitkomste wat 'n konfliksituasie kan ontlont is: volwassenheid; wysheid; die teenwoordigheid van liefde vir mekaar; nederigheid; stilbly wat ook 'n antwoord is; 'n gees van goedgesindheid; persoonlike verhouding met God; vergewensgesindheid; vergifnis; empatie; wedersydse respek; begrip vir die ander in die verhouding; gehoorsaamheid aan die aanwysings in die Woord; die gawe van bemoediging/opbou van 'n ander; die ingesteldheid tot probleemoplossing; gebed; toewyding aan mekaar; lojaliteit en dade wat van liefde getuig. Wanneer hierdie bogenoemde uitkomste as werklikheid in 'n huwelikspaar se lewe regeer, sal die probleem genaamd Konflik, nie maklik as wenner uit die (woorde-)stryd kan tree nie.

Hierin tree ook die waarde weer na vore van 'n nuwe-lewe-in-Christus-ingesteldheid. Konflikhantering hou ook heg verband met (1) vergifnis, (2) die regte woorde/ gesindhede/handeling/keuses wat *in diens van God* geskied, en (3) die gelowige se identiteit in Christus wat as aanwysing dien vir die woorde/gesindhede/handeling/ keuses[115] wat gaan volg: wat 'n duidelike keuse behels.

[113] Personifikasie.
[114] Unieke uitkomste, volgens die narratiewe benadering.
[115] Verwys na 4.4.5 e.v. wat handel oor die identiteit van 'n kind van God.

Medenavorser Jerry (Bylae A-A2) antwoord op die vraag, "Wanneer daar verskille en konflik in die huweliksverhouding is, hoe hanteer jy/julle dit as egpaar?" (Bylae B-26) die volgende: "Ek hou niks van konflik nie. Wanneer daar konflik is, gee ek die voordeel aan die ander party." Marna (Bylae A-A4) antwoord oor haar en haar man se hantering van konflik: "(Ons) bespreek die probleem en los dit so gou as moontlik (dadelik[116]) op. Haar man George (Bylae A-A5) sê oor konflikoplossing: "Om vrede te bewerkstellig dieselfde dag."

Konflik en konflikhantering word vervolgens uit verskillende perspektiewe toegelig.

5.5.3.1 Drie soorte reaksies op konflik

Volgens Sande *et al.* (2002:7), reageer huweliksmaats op drie verskillende maniere jeens konflik en konfliksituasies. Die drie reaksies is: (1) ontsnap-reaksie, (2) aanval-reaksie en die (3) vredemakende reaksie (a.w.:7 e.v.). Sande *et al.* (2002:7 e.v.) se punte oor reaksies op konflik word hier onder van nader ontleed:

- **Ontsnap-reaksie:** "The escape responses to conflict are favored by those who are more interested in avoiding a conflict than in resolving it" (Sande *et al.* 2002:8). Die mense wat die ontsnap-reaksie op konflik kies, word **'peacefakers'** genoem (a.w.:8). Ontsnap-konflik lei tot drie vorme van reaksie, naamlik *ontkenning*, *vlug* en *selfmoord*:

  - *Ontkenning ("Denial")* - hierdie persoon leef in ontkenning dat daar 'n probleem bestaan, of weier om te help om 'n oplossing daarvoor te vind (a.w.:8).
  - *Vlug ("Flight")* - hierdie persoon draai in sy of haar spore om en vlug weg van konflik af: na die motorhuis, beëindig 'n vriendskap, bedank by die werk, verander van kerk/gemeente, of begin met 'n egskeidingsgeding. Soms is vlug 'n geregverdigde reaksie op konflik soos fisieke mishandeling, maar: "In most cases, however, flight only postpones a proper solution to a problem" (a.w.:8).

[116] Medenavorser plaas self die woord "dadelik" tussen hakies.

- *Selfmoord ("Suicide")* - "Tragically, some people lose all hope of resolving a conflict and seek the ultimate escape – suicide" (a.w.:8). Hierdie persoon kies die radikale uitweg van selfmoord in reaksie op konflik.

- **Aanval-reaksie:** Sande *et al.* (2002:9) verduidelik dit só: "These responses are employed by those more interested in winning a fight than preserving a relationship. Conflict for these folks is an opportunity to assert their rights, to control others, or to take advantage of their situation." Hierdie persone is **'peacebreakers'** (a.w.:9). Hier is drie reaksies op konflik ter sprake, naamlik *aanval*, *regsgeding*, of *moord*:

  - *Aanval ("Attack")* - hierdie soort reaksie op konflik gaan gepaard met verbale aanvalle en fel kritiek, en kan selfs tot fisiese vyandigheid lei. Sande *et al.* (2002:9) wys daarop: "... it involves verbal attacks, harsh criticism, nagging, slander, angry words or threats. Tragically, it sometimes expands to include physical hostility as well" (a.w.:9).
  - *Regsgeding ("Litigation")* - om iemand voor die hof te daag, dui op 'n aanval-reaksie jeens konflik (a.w.:9).
  - *Moord ("Murder")* - hoewel Christene nie fisies moord pleeg nie, pleeg hulle gereeld op 'n ander manier moord. Sande *et al.* (2002:9) wys uit: "In Matthew 5:21-22, Jesus teaches that if we harbor anger or hatred in our hearts toward someone else, we are guilty of murder in God/s eyes. By this definition, many of the conflicts that go on in Christians homes result in repeated murder. Without repentance, these serial 'murders' often kill a marriage." Fisiese moord geskied ook in 'n reaksie op konflik.

- **Vredemakende reaksie:** volgens Matteus 5:9 bevestig Jesus: "Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word" (Bybel 1983). Die vredemakende reaksie op konflik handel oor die "Ons is saam" in 'n huweliksverhouding, waar 'n ontsnap-reaksie op die "Ek wil ontsnap" gefokus is, en die aanval-reaksie weer op "'n Aanval op jou" gerig is (Sande *et al.* 2002:10). Die vredemakende reaksie is daarop gemik om huweliksmaats saam te bind, en nie, soos met 'n ontsnap-reaksie of 'n aanval-reaksie verwydering tussen die egpaar te bring

nie. Sande *et al.* (2002:10) verskaf ’n paar voorbeelde van die vredemakende reaksie:

- *Die saak wat konflik veroorsaak, word oor die hoof gesien en geïgnoreer*. Die oortreding word onmiddellik vergewe en vergeet: “First, one may resolve a conflict by simply, and consciously, **overlooking** the offense and offering immediate forgiveness. Many disputes are so insignificant that they should be resolved in this way, a way the Bible commends (see Proverbs 12:16; 17:14; 19:11)” (a.w.:10).
- *Die saak waaroor die konflik handel, word bespreek.* Sommige sake wat konflik veroorsaak, kan nie oor die hoof gesien word nie, maar noodsaak ’n bespreking. Die bespreking maak die deur oop vir belydenis, vergifnis en versoening. Sande *et al.* (2002:10) wys daarop: “Some conflicts are too significant to overlook, however. When important personal or relational issues are at stake, we should resolve them through **discussion**, that is, confession or loving confrontation. This, in turn, opens the door to forgiveness and reconciliation. Jesus repeatedly affirms this method for resolving interpersonal troubles (see Matthew 5:23-24; 7:3-5; 18:15).”
- *Sommige sake wat konflik veroorsaak, vereis onderhandeling tussen die twee partye.* Elke party stel sy of haar siening oor die saak wat konflik veroorsaak. Dit geskied in ’n gees van samewerking totdat ’n werkbare oplossing gevind is vir die konfliksaak: “When a dispute involves substantive issues – matters relating to money, property, or other rights – then we should engage in **negotiation**. This involves discussing each side’s concerns and interests and working together to find a mutually satisfactory solution (see Philippians 2:4).” Indien ’n dispuut nie privaat opgelos kan word nie, moet lede van die kerk of gemeenskap betrek word om oplossings te help vind (a.w.:10):
    - Deur gebruik te maak van *individuele berading* by ’n Christelike berader, kan ’n oplossing vir huweliksprobleme gevind word.
    - *Gesamentlike berading vir die egpaar*, tot opbou van die huweliksverhouding kan geskied.
    - Wanneer een van die egpaar in sondige optrede volhard, kan *kerklike tug* toegepas word (a.w.:10).

Vrede is belangrik vir ’n sinvolle huwelikslewe asook vir die kwaliteit van verhoudings in die huwelik en verbondsgesin. Dreyer (1997:100) stel dit soos volg: “Net in vredestyd kan mense ’n kwaliteitslewe lei en werklik, soos hulle graag wil, vir hul kinders die beste gee. Kinders is een van die belangrikste redes om enige oorlog so spoedig moontlik te beëindig – ook die oorlog tussen geslagte.”

’n Volgende perspektief op die huweliksverhouding belig die *Vlak van Trauma*[117] waar ’n huweliksmaat hom- of haarself in ’n mindere of meerdere mate kan bevind. Die voorkoms van wat as “traumagebeure” geklassifiseer kan word, is geweldig omvattend. Dit skep die moontlikheid dat ’n huweliksmaat aan onverwerkte pyn en destruktiewe gevoelens en emosies kan dra. Sodanige emosies kan verband hou met die traumagebeure wat daardie persoon die een of ander tyd in die verloop van sy of haar lewe ervaar het.

Sommige mense het ’n natuurlike aanleg/ingesteldheid om traumagebeure op die regte manier te verwerk en daarna met hulle lewe voort te gaan. Vir ander is dit moeilik om voort te gaan nadat traumagebeure plaasgevind het. Die trauma hou hulle spreekwoordelik gevange by die traumadaad/-dade. Hulle bly by herhaling oor die traumagebeure praat, daaraan dink, daaroor sleg-voel, en dit bepaal hulle optrede. Om by die traumagebeure verby te beweeg, is in hierdie stadium nie vir hulle ’n opsie nie. Aan die een kant wil hulle die traumagebeure graag agterlaat, maar dit lyk onmoontlik om daarvan af te kan wegstap, want hulle ervaar steeds soveel bitterheid, woede en vrees oor die gebeure.

Sommige mense[118] besef nie eens dat hulle hul op ’n Vlak van Trauma bevind nie, want die pyn van die traumagebeure (soos ’n gewelddadige ervaring) is diep in die hart weggebêre. In só ’n geval word daar nie oor die traumagebeure gepraat of selfs gedink nie. Dit word geïgnoreer asof dit nooit gebeur het nie. Die bitterheid, ongelukkigheid, woede en vrees-reaksie op die traumagebeure lê onopgelos in die gemoed van hierdie persoon wat dit beleef het. En só, met die gevoelens en emosies as metgeselle, gaan hy

[117] Personifikasie.
[118] Huweliksmaats ingesluit.

of sy deur die lewe as verwonde mens wat op die oppervlak normaal probeer funksioneer.

5.5.4 Die Vlak van Trauma[119]

Die konsep *trauma* kan die volgende aspekte bevat: (1) verwonding; (2) abnormale toestand van die liggaam deur uitwendige besering veroorsaak; (3); plotselinge, hewige geestesaandoening wat ’n langdurige steurnis teweegbring (VAW 2007:945). Hier is verskeie faktore ter sprake. Hoë misdaadstatistieke, gewelddadige sterftes, die hoë voorkoms van insidente soos motorkapings, verkragting, molestering, bloedskande, plaasmoorde en HIV-Vigs wys heen na ’n “ongelooflike klomp individuele trauma en pyn vir talle persone” (Coetzer 2013:2). Wanneer mense wat aan trauma blootgestel is, so spoedig moontlik begeleiding/ondersteuning ontvang (bv. berading) lei dit dikwels tot die emosionele/geestelike groei van die getraumatiseerde persoon.

’n Groot aantal mense gaan deur ’n traumatiese ervaring, sonder die nodige begeleiding/ ondersteuning agterna (a.w.:3). In ’n poging om te oorleef word die onverwerkte emosies diep in die gemoed weggebêre, terwyl die persone met die lewe voortgaan. Dit het tot gevolg dat opgekropte gevoelens telkens na bo wil uitborrel (a.w.:3). Coetzer (2013:3) vergelyk die onderdrukte gevoelens met ’n drukkoker: “Drukking bou gaandeweg ál meer op wat mettertyd lei tot meer oorreaksies na aanleiding van klaarblyklike onbeduidende insidente. Dit veroorsaak talle verleenthede asook verwarrende gevoelens. Verder gee dit ook dikwels aanleiding tot allerlei emosionele probleme soos depressie, vrees, angs, aggressie, slaapprobleme, eetversteurings en liggaamlike probleme.”

Mense wat bepaalde lyding/trauma ervaar het, bevind hulle dikwels op die *Vlak van Trauma.*[120] Ná die traumatiese gebeurtenis (of voortdurende traumatiese omstandig-hede), tree die getraumatiseerde persoon (met enkele uitsonderings op die reël)

[119] Die navorser het in haar M-skripsie (UP) *Seksuele molestering van ’n dogter binne gesins- en familieverband* ’n gedeelte geskryf met die opskrif “Vlak van Trauma” (sien 5.3). In die huidige studie word verder op hierdie tema uitgebrei (sien 5.5.4).

[120] Personifikasie. Die “Vlak van Trauma” is ’n figuurlike/denkbeeldige ruimte soos ’n kamer met ’n oop/toe deur. In hierdie trauma-ruimte, en op hierdie denkbeeldige gebied (vlak) heers en beweeg Trauma (personifikasie) rond.

gewoonlik vrywillig tot die Vlak van Trauma toe. Op hierdie vlak gedy herinnerings aan die insident, óf dit word deur geheimhouding onderdruk. Op trauma-vlak word die volgende gevoelens ervaar: selfbejammering, haat, angs, hartseer, verwardheid, depressie, kwaad of magteloosheid. Sulke persone ervaar: gebrek aan sekuriteit, hooploosheid, van-mens-verlate en/of van-God-verlate, die verskuiwing van skuld of ’n passiewe lewensingesteldheid. Dit gaan soms/dikwels gepaard met leuengedagtes, maalkolk-gedagtes waar die emosie net onder die oppervlak lê. Gevolglik is die reaksies dat hulle maklik huil, en ’n swak selfbeeld ervaar. Daarby word die traumatiese gebeure óf telkens oorvertel óf heeltemal verswyg (geheimhouding). Die traumatiese gebeurtenis word ’n wesenlike probleem in die getraumatiseerde se gemoed, woedebuie kom na vore asook aggressie, en die getraumatiseerde persoon kan selfs na alkohol keer vir ontvlugting.

Sommige mense bevind hulle net ’n kort tydsduur op die *Vlak van Trauma* en beweeg dan uit eie keuse daarvandaan weg, terwyl ander spreekwoordelik binne die Vlak van Trauma tent opslaan en begin woon. In laasgenoemde geval het die ervaring van traumatiese gebeure daartoe gelei dat so iemand willoos op die Vlak van Trauma beland. Die Vlak van Trauma het na die gebeurtenis, die ruimte geword waarbinne die getaumatiseerde persoon, met die gepaardgaande gevoelens, voortleef.

Traumatiese gebeure kan die volgende behels: die dood van ’n geliefde (soos ’n vriend, broer, eie kind, eggenoot of ouer); die ervaring van molestering; ’n lewe saam met ’n alkoholis; slagoffer van misdaad; ’n egskeiding of ’n onstabiele finansiële lewe. Dit kan ook insluit: ’n huweliksmaat wat ontrou was/is; hewige argumentering; ouers se erge rusies voor ’n kind wat ’n volwassene geword het. Of dit kan wees die voorkoms van geweld; verbale aanval; ’n huis wat afgebrand het of ’n vertrouensbreuk wat plaasgevind het. Trauma kan beteken iemand is slagoffer: van bedrog; diefstal; ’n onstabiele lewenswyse; of werkloosheid. Dit kan ook erge situasies behels: teleurstelling in eie kinders/ouers; dwelmgebruik binne die gesin; verkragting; ’n motorongeluk; verhuising; verwerping deur ’n ander persoon; die selfmoord van ’n gesinslid; ’n ouer wat huis verlaat; ’n kind wat verdrink; die voorkoms van moord in ‘n gesin/familie; of ’n siektetoestand.

Traumabelewing kan ook die vorm aanneem van voortdurende hewige optrede teenoor ŉ slagoffer gerig, soos kritiek, beledigings, afkraak, haatdraende woorde, of swak gedrag. Wanneer ŉ geliefde sterf en die ander persoon moet afskeid neem, is dit ook ŉ traumatiese ervaring (Barnard 1997:9). Traumatiese gebeure word as verlies ervaar (a.w.:9). Barnard (1997:9) beskryf trauma by die naasbestaandes van iemand wat sterf: dat hulle leeg en vol heimwee voel. Lewenspatrone kan deur traumatiese gebeure (soos die dood van ŉ geliefde) vernietig word (a.w.:9). Trauma bedreig ŉ persoon se gevoel van veiligheid en sekuriteit, en as gevolg van die traumatiese ervaring, beleef die slagoffer allerlei vrese oor die toekoms (Barnard 1997:9).

Op hierdie emosionele vlak heers Trauma[121]. Die persoon wat hom- of haarself om die een of ander rede op hierdie vlak bevind, bly dikwels vrywillig daar en beweeg daarop/daarin rond. Dit gebeur meestal omdat so iemand nie weet hoe om hierdie vlak agter te laat nie.

Op hierdie vlak, word *trauma* die bril waardeur sulke persone na hulle eie lewe en die lewe in die algemeen kyk. Mense laat hulle soms/dikwels beheer deur die emosies wat met trauma verband hou, en nie noodwendig deur hulle verstand nie.

Een voorbeeld[122] vertel die verhaal van ŉ sewentigjarige Christen-vrou, wat een van haar seuns – as jongman – in ŉ vragmotorongeluk verloor het. Sy het daarna nagklere aangetrek, en haar bed het haar leefwêreld geword.[123] Haar man – wat ŉ probleem met velkanker gehad het – moes elke dag kos maak. Hy het sy vrou in die bed bedien. Elke keer wanneer sy van die oorlede seun gepraat het, het sy bewoë geraak. Die ander vier kinders het gereeld kom kuier, en altyd rondom haar bed gesit en gesels. Wanneer die predikant haar besoek het, het hy langs die bed gesit. Trauma het in hierdie geval, die hoofspreker in die egpaar se lewens geword/gebly. Trauma is nie reg verwerk en geïnterpreteer nie, en het ŉ daaglikse metgesel geword. (Sien 5.5.5 e.v., vir ŉ bespreking oor die benadering tot trauma wat tot heling kan lei.). (R K).

[121] Personifikasie.
[122] ŉ Ware gebeurtenis uit die ervaringswêreld van die navorser.
[123] Haar reaksie op trauma: onttrekking van die wêreld; boedel oorgee; ontvlugting van die werklikheid.

Op die Vlak van Trauma verwag die persoon wat daar rondbeweeg nie noodwendig beter as die huidige seer en pyn nie. *Jy verwag nie beter van jouself nie, en ook nie van ander nie*. Om na ’n beter punt te werk, is nie ’n opsie nie. Binne die Vlak van Trauma raak mense passief, terwyl hulle die pyn en seer herhaaldelik beleef. Dit raak moeilik om daarvan weg te beweeg.

Aan die ander kant bly sommige mense op hierdie trauma-vlak ná so ’n ondervinding. Hulle ervaar by tye die emosies wat daarmee verband hou, maar weier weer om oor die traumatiese gebeure te praat. Hulle sluit die herinnering aan die trauma in hulle binneste toe.

Trauma (en die gevolge daarvan) kan ’n mens se identiteit[124] word, jou lewe oorheers en as die wenner uit die stryd om jou aardse lewe tree. Dit kan veroorsaak dat ’n mens soveel lewensaspekte verloor: jouself, jou kinders, jou huweliksmaat, jou sin vir oorlewing, jou geloof, hoop en lewensmoed. Dit kan ook veroorsaak dat ’n persoon sy of haar aardse lewe verloor (soos met selfmoord).

Trauma se uitnodiging bly altyddeur staan: “Bly hier binne my ruimte!” en “Beweeg slegs binne my ruimte rond!” en: “Dit is die plek om te bly!”

Indien sulke persone trauma en die gevolge daarvan nie reg verwerk en interpreteer nie, kan hulle dit met normaliteit vereenselwig, dat dit later hulle keuses, besluite, denke, gesindhede en dade rig. Trauma se gevolge (soos angs) kan ook deur die slagoffer in woord, denke en dade bevestig en versterk word. In só ’n geval hou die woorde, denke en dade van die slagoffer die gevolge van die trauma springlewendig en aan die gang, in die oomblik. Anders gestel, die gevolge van trauma word lewend gehou deur die voortdurende bevestiging van die teenwoordigheid daarvan. Neem die voorbeeld van iemand wat herhaaldelik aan iemand anders vertel dat “Alles hopeloos is.” Of: “Ek is vir niks lus nie, ek wil net lê.” Die persoon uiter nie slegs die woorde nie, hy of sy *hoor* ook die woorde. Die probleem, Hopeloosheid[125] en Neerslagtigheid kan in die proses versterk en bekragtig word – en spesifiek wanneer daardie trauma ’n metgesel word.

[124] Sien 4.4.5 wat handel oor die ware identiteit van ’n kind van God.
[125] Personifikasie volgens die narratiewe benadering.

Trauma en die gevolge daarvan kan die verwysingsraamwerk vir verhoudings word. Hoe dikwels hoor ’n mens van vrouens wat uit een huwelik van mishandeling, in die volgende een instap waar mishandeling weer haar voorland is? Die soort man wat vrouens sal mishandel, is bekend. Van Wijk (2013:111) wys daarop: “Baie keer leer die kinders dieselfde gedrag van mishandeling aan. Wanneer hulle dan in ’n verhouding staan, kan hulle self mishandelaars word. Baie dogters wat in ’n huis grootgeword het waar die pa die ma mishandel het, kies mans wat húlle weer mishandel, want dit is die gedrag wat hulle ken.” Dit gebeur wel dat die teenoorgestelde plaasvind: wanneer die vrou saam met voortdurende mishandeling in die huwelik moes saamleef, en hulle skei, sterf die probleem Mishandeling[126] saam met die ontbinde huwelik.

Dit laat die vraag: wat sou nodig wees om die Vlak van Trauma agter te laat? Wat behoort te gebeur? Verskillende perspektiewe oor die verskynsel van trauma word hier onder bespreek.

5.5.4.1 Post-traumatiese stressindroom (PTSD)

Van Wijk (2013:129; Jackson & Wenzel 2002:182-184) verduidelik wat Post-traumatiese stressindroom behels:

> PTSD kom na vore wanneer ’n persoon blootgestel word aan ’n gebeurtenis of ervaring wat buite die normale raamwerk van menslike ondervinding val. Dit behels gewoonlik ’n gebeurtenis wat ’n intense bedreiging vir die mens se lewe inhou, waar daardie persoon ’n erge verlies ervaar of sy/haar lewe onherroeplik verander. PTSD skop in wanneer die persoon hierdie traumatiese gebeurtenisse onderdruk, dit nie kan (of wil) hanteer en verwerk nie.

’n Belangrike punt wat Van Wijk (2013:55) maak, is dat die simptome van PTSD ’n werklikheid vir slagoffers van trauma word, indien hulle nie daardie trauma (en pyn) in die oë wil kyk en dit verwerk nie.

[126] Personifikasie.

Coetzer (2013:53) bevestig dat die traumatiese gebeure wat normaalweg tot PTSD lei, so buitengewoon of intens is "dat dit bykans enige persoon sal ontstel. Hierdie gebeure is gewoonlik skielik en dit word beskou as gevaarlik vir die persoon self of vir andere, en dit oorweldig die persoon se vermoë om op 'n normale toepaslike wyse te reageer." PTSD kan ook die gevolg wees van 'n reeks gebeure, soos die emosionele belewenis van VIGS-pasiënte (a.w.:53). Traumatiese omstandighede kan ook 'n voortdurende teenwoordigheid handhaaf (soos met moeilike finansiële omstandighede, verbrokkelde verhoudings, of onopgeloste gesinsprobleme). Gesinne kan daarom as geheel in 'n mindere of meerdere mate deur die gevolge van Trauma geraak word en selfs aan PTSD lei/begin lei. Die gevolge van die traumagebeure kan ook oorspoel van die een persoon na die ander een wat daarmee in aanraking kom.

Die simptome van Post-traumatiese stressindroom word vervolgens uiteengesit.

1. Die simptome van Post-traumatiese stressindroom (PTSD)

Die simptome van PTSD, soos gestel in die boek 'Trauma. *Riglyne vir slagoffers* van die traumaspesialis Dr. Tessa van Wijk (2013:48), word in geheel geplaas. Eerstens word die emosionele simptome van PTSD gestel, en daarna die fisiese simptome van PTSD.

a) Emosionele simptome wat ná 'n trauma kan ontwikkel:

- **Angs** – die gevoel dat jy verwurg word; jou gedagtes bly besig met die dood (bang jy gaan dood, bang iemand na aan jou gaan dood, droom selfs van die dood – 'n obsessie met die dood).
- **Angsaanvalle en vrees** – die wilde-dier-in-'n-hok-gevoel ... "Ek is vasgevang en kry nie asem nie!"
- **Moedeloosheid** – die gevoel van: "Niks wil uitwerk nie, dit gaan nooit beter word nie."
- **Hopeloosheid** – die ervaring: "Ek wil nie meer lewe nie, ek wil nie meer aangaan nie, daar is net geen hoop op uitkoms nie."
- **Huilerigheid** – jy kan nie ophou huil nie; selfs al maak 'n nuwe Spar op die hoek oop, huil jy daaroor ook – dinge is vir jou net te veel.

- **'n Depressiewe gevoel** – asof jy in 'n donker gat sonder 'n bodem afstort – niks interesseer jou nie; jy is nie lus vir lag nie.
- **Voel sonder enige beheer** – asof jy nie eens besluite kan neem nie.
- **Geïrriteerd** – niks is reg nie en alles irriteer jou.
- **Emosioneel dood** – beweeg en tree op soos 'n zombie; jy het geen energie of gevoelens nie.
- **Kompulsiewe en obsessiewe gedrag**. Jy wil net koop, of maak jou huis vier keer 'n dag skoon, of kan nie ophou eet nie.
- **Woede-uitbarstings** – onbeheersde uitbarstings, byvoorbeeld in 'n bank waar die teller 'n klein foutjie gemaak het, of wanneer iemand voor jou by die ry indruk.
- **Skuldgevoelens** – skuldig oor alles: omdat jy te veel geld uitgee, jou kinders afskeep; gedurige self-kritiek (Van Wijk 2013:49).

b) Die *fisieke* simptome wat ná 'n trauma kan ontwikkel:

- **Eetversteurings** – eet meer of minder as gewoonlik; hou selfs heeltemal op om te eet, of eet alles wat voorkom en raak nie versadig nie.
- **Lae energievlakke**: As jy in die oggend ná agt uur se slaap opstaan en wens dit is weer aand dat jy kan gaan slaap. (Dit kan ook baie keer weens lae bloedsuiker wees).
- **Onvermoë om te konsentreer**, byvoorbeeld: Jy lees 'n boek en kom aan die einde van die bladsy, maar besef jy weet nie wat jy so pas gelees het nie; of jy sukkel om in die kerk te konsentreer op wat die leraar sê.
- **Slaapversteuring** – jy kan nie aan die slaap raak nie; of kan nie aan die slaap bly nie.
- **Seksuele disfunksie** – jy het geen seksdrang (libido) nie; jy ly aan impotensie, of wil elke dag vyf keer seks hê.
- **Hoofpyne** – as gevolg van voortdurende spanning.
- **Korttermyn-geheueverlies** – kan nie onthou waar jy jou motorsleutels neergesit het nie; of gaan winkels toe en weet nie wat jy wou koop nie.
- **Vind dit moeilik om besluite te neem** – selfs net klere koop, want jy weet nie meer wat by jou pas nie (Van Wijk 2013:49).

Coetzer (2013:76) bespreek ook die simptome van PTSD in die boek *Trauma – Die meedoënlose vyand. Praktiese riglyne vir Pastorale begeleiding* (2013). Die simptome word kortliks uiteengesit.

- **Depressie:** in talle gevalle van depressie, is dit ’n uitvloeisel van onverwerkte pyn en seer, met die teenwoordigheid van emosies soos onderdrukte woede en onverwerkte rouprosesse (a.w.:76).
- **Angs:** “Dit voel vir die persoon asof die angs en vrees eenvoudig net nie afgesluit kan word nie. Daar is dikwels ook nie ’n realistiese verhouding tussen hierdie emosies en dit wat werklik in so ’n persoon se lewe aan die gang is nie” (a.w.:77).
- **Vyandigheid:** ’n houding van weersin en wantroue teenoor ander mense: “Dit kan manifesteer in die vorm van geïrriteerdheid, woede of emosionele uitbarstings teenoor diegene wat nie deur die trauma gegaan het nie en nie die oortreder sien en beleef soos wat hy/sy werklik is nie” (a.w.:79).
- **Vermyding:** “Vermyding is een van die kenmerke van angs. Ons probeer om te vlug vanaf die dinge wat die angs geaktiveer het omdat dit tydelike verligting bring, maar gewoonlik teen ’n prys. Ons leer dus nie om ons vrese te hanteer nie want elke keer wanneer ons die werklike probleem vermy en dit dan beloon word met korttermyn verligting, lei dit daartoe dat ons dieselfde strategie in die toekoms weer herhaal” (a.w.:79).
- **Rou weens verliese:** wanneer ’n bepaalde trauma geskied, beroof dit mense van talle aspekte “en dit impliseer in talle gevalle ’n rouproses vir die slagoffers agterna” (a.w.:80).
- **Impulsiewe gedrag:** “Ten einde van die pyn te probeer ontvlug, onderneem mense soms impulsiewe reise, bly skielik weg van die werk, of toon skielike veranderinge in lewensstyl. Daar kan ’n kompulsiewe koopgier ontstaan of kompulsiewe eetpatrone of skielike veranderinge in seksuele gedrag” (a.w.:81).
- **Liggaamlike klagtes:** “Wanneer trauma-materiaal nie geprosesseer of verbaal uitgedruk kan word nie, manifesteer die pyn soms fisies – dikwels gekoppel aan die liggaamsareas wat fisies getraumatiseer is. Die fisiese pyn kan dan ook dien as ’n afleiding vir die emosionele pyn. Fisiese klagtes in hierdie verband kan die volgende insluit: chroniese pyn, hoofpyne, hartpyne, pynlike gewrigte, rugpyn en bekkenpyn, hipertensie, allergieë, asma, reumatoïde artritis, velprobleme, ledemate wat swaar voel, knop in keel, floutes, doodse gevoel of tinteling in liggaamsdele, hipochondriase, maagsere en uitputting (dit is uitmergelend om

die simptome van PTSV te probeer hanteer en maak jou net meer kwesbaar vir meer probleme)" (a.w.:81).

- **Oorkompensasie:** mense sal sukses, prestasie, of om fiksheidgedrewe wees, aangryp in 'n poging om die verlies van beheer te oorkom wat die traumatiese gebeure in hulle lewe veroorsaak het: "... dit kan 'n positiewe uitvloeisel van die trauma wees, maar dit kan ook die fokus verskuif weg vanaf genesing" (a.w.:82).
- **Herhalende kompulsiewe gedrag:** mense sal geneig wees om dieselfde vorm van trauma te herhaal sodat hulle daardie gebeure "hierdie keer" kan bemeester, kan hanteer en uitsorteer (a.w.:82).
- **Selfbenadelende gedrag:** "Een van die ironieë van PTSV is dat slagoffers soms geneig is om hulself verdere skade, veral ook liggaamlik, aan te doen. Sommige sal hulleself sny, slaan, skop, hare uittrek, objekte in die liggaam indruk, lang tye van kos weerhou, ekstreme tatoeëring, weerhouding van die nodige medikasie, ens." (a.w.:83).

Die simptome (gevolge) van Post-traumatiese stressindroom is omvattend en kan 'n persoon op die Vlak van Trauma gevange hou. Genesing is 'n noodsaaklike en haalbare alternatief vir getraumatiseerde persone (sien 5.5.5 e.v.). Die voorbeeld van die sewentigjarige vrou, wat ná haar seun se dood in die bed geklim het om nooit weer daaruit te klim nie, wys heen na die noodsaaklikheid om trauma op die regte manier, met die verband tot God, te verwerk.

2. Onderskeie soorte trauma

Post-traumatiese stressindroom kan onderskei word volgens *primêre, sekondêre, tweedehandse,* of *kollektiewe trauma.* Die trauma ontstaan as die "slagoffer nie die pyn verwerk nie" (Van Wijk 2013:55). Die onderskeie soorte trauma word vervolgens van nader beskou:

- **Primêre trauma:** dit is wat 'n persoon direk en persoonlik ervaar. "Dit verwys na die eerste en primêre insident waardeur 'n mens getraumatiseer word, soos die motorkaping, die verkragting, die roof, die mishandeling wat jy deurgaan ..."

(Van Wijk 2013:55). Molestering (primêre trauma) kan byvoorbeeld in die kinderjare plaasvind en eers in die volwasse lewe aan die lig gebring word. In hierdie geval leef die slagoffer jare lank ná die molestering met *en sonder hulp vir* die simptome (gevolge) van die trauma. Onverwerkte trauma is 'n werklikheid in die geval van sommige volwasse persone, selfs huweliksmaats.

- **Sekondêre trauma:** "Dit verwys na 'n insident wat geskied het *na* die primêre trauma, waar 'n mens as persoon weer getraumatiseer word" (Van Wijk 2013:56). Voorbeeld: vrouens wat verkrag is, ondervind gereeld sekondêre traumatisering aan die hande van die polisie (a.w.:56).
- **Tweedehandse trauma:** "... tref brandweermanne, polisiebeamptes, sosiale werkers, dokters en verpleegsters, sielkundiges, traumatoloë en selfs dominees. Enige hulpverlenende beroep wat elke dag aan traumagevalle blootgestel word en dit moet hanteer, kan indirek getraumatiseer word deur die aanhoor en aanskoue van traumagevalle" (Van Wijk 2013:56).
- **Kollektiewe trauma:** "Traumatiese insidente wat deur 'n hele gemeenskap aanskou word, kan 'n kollektiewe opskudding en selfs verlamming veroorsaak" (Van Wijk 2013:57). Die voorval van 9/11 in Amerika is 'n voorbeeld van kollektiewe trauma (a.w.:57). Van Wijk (2013:57) wys daarop dat kollektiewe trauma 'n sleutelrol in die identiteit van 'n gemeenskap speel: "'n Gemeenskap kan emosioneel beskadig word weens trauma van insidente soos oorlog, gewapende geweld, misdaad, hongersnood of vrees. Die blootstelling aan sulke insidente veroorsaak emosionele ongeskiktheid binne 'n gemeenskap en kan deur vrees van geslag na geslag oorgedra word" (a.w.:57). Gesinne kan ook in geheel deur traumatiese gebeure geraak word.

Vervolgens word 'n perspektief op die verskynsel van trauma gestel:

3. 'n Skim[127] wil saam met die getraumatiseerde mens stap

Aan die hand van die voorafgaande gedeeltes is dit duidelik dat die volgende gevoelens heel dikwels met die voorkoms van trauma gepaardgaan: depressie, angs,

[127] Metafoor vir God se vyand.

moedeloosheid, hopeloosheid, vyandigheid teenoor mense, en selfhaat wat kan realiseer in die skending van die eie liggaam. Seamands bring ’n paar emosies in verband met God se vyand: “Some of the most powerful weapons in Satan’s arsenal are psychological. Fear is one of these. Doubt is another, hostility, worry and of course guilt.” (Seamands 1991:48). Ander emosies wat Seamands opnoem is, minderwaardigheid, swak selfbeeld, en “an uneasy sense of self-condemnation hangs over many Christians” (a.w.”49).

In samehang hiermee, kan daar wel lae energievlakke wees asook ’n gebrek aan entoesiasme vir die lewe as ’n gawe uit God se hand. Daar kan ook ’n onvermoë wees om te konsentreer, ’n vergeetagtigheid, en ’n verandering in eet- en slaappatrone. Die mens is weens die trauma, nie volkome hom- en haarself soos voor die traumagebeure nie. Daar volg heel dikwels ná trauma ’n klemverskuiwing in die slagoffer se gemoed/gesindheid/woorde/gedagtes en dade. Voordat die trauma plaasgevind het, was Hooploosheid,[128] Angs en Selfhaat nie daaglikse meelopers nie. Die persoon was sorgvry, en met ’n liefde vir die lewe. Ná die traumatiese gebeurtenis is daar skielik ’n teenwoordigheid van daaglikse meelopers in die slagoffer se lewe: Angs[129] en Vrees kan byvoorbeeld voor stap, terwyl Wanhoop of Geïrriteerdheid kort of hulle hakke volg. (Die soorte meelopers kan van persoon tot persoon verskil.)

Voorbeeld: wanneer die trauma van ouers se egskeiding vir hulle kind ’n werklikheid word, kan Hooploosheid en Vrees as meelopers opdaag, hulleself aan die kind bekend stel en saam met hom of haar begin stap. Die kind kan dink: “Die goeie verhaal van Pa en Ma en ons as ’n gelukkige gesin het nou doodgeloop; watter goed kan die toekoms inhou?” en: “Wat gaan van my word?” Goeie hoop vir die toekoms kan dan onbewustelik vervang word met geen hoop nie vir ’n goeie toekoms. In hierdie geval, kan hooploosheid en vrees vir die toekoms ’n plek in die kind se gemoed vind. Die vraag is: wat gebeur dan verder met die kind? Indien die kind gaan sit, gaan sit Hooploosheid, en Vrees langs hom of haar. Indien die kind besig is om op die speelgrond by die skool met ander kinders te speel, staan hierdie meelopers nie te ver van die kind af nie, hulle wag vir hom of haar. Wanneer die kind klaar gespeel is, en

[128] Simptome (gevolge) van Post-traumatiese stressindroom.
[129] Personifikasie volgens die narratiewe benadering.

weer alleen in sy of haar kamer sit, gaan sit Hooploosheid en Vrees weer op hulle "plek", dit is: langs die kind. Gepaardgaande met die gemelde gevoelens neem ooreenstemmende gedagtes ook 'n plek in die kind se gemoed in. En sommige dade volg hieruit voort.

Wat verhoudingskwaliteit in die huweliksverhouding betref, is die voorbeeld van Beradingsgeval 1 (Bylae A-A8) hier van toepassing. Die (vermoedelike) huweliks-ontrou van die vrou, het gelei tot die rusie tussen die egpaar. Daarna het Jaloesie, Wantroue en Hand-geweld, *gemik teen die man en die vrou,* meelopers van die man geword. Die (vermoedelike) huweliksontrou het 'n traumatiese gebeurtenis in die huweliksverhouding teweeggebring, en die egpaar (en uiteindelik hulle kinders wat die rusie en omstandighede beleef het) het hulle op die Vlak van Trauma bevind. Met die egskeiding, wat daarna gevolg het, het die onderskeie partye hulle eie rigtings inbeweeg met daardie destruktiewe gevoelens as metgeselle. Soms vind 'n natuurlike ontknoping vir destruktiewe gevoelens plaas, indien die omstandighede daarna gunstig is en die traumagebeurtenis reg geïnterpreteer word. Maar soms/meestal bly 'n onwelkome meeloper by die getraumatiseerde mens agter om by tye na vore te kom en van sigself te laat hoor.

Die vraag is egter: wat moet gebeur om hierdie tendens te verander? Wat het nodig om te gebeur sodat traumatiese gebeure nie bogenoemde uitwerking op die mense het nie? Hierdie vrae sal vanaf punt 5.5.5 e.v. gehanteer word.

'n Traumatiese gebeurtenis laat die slagoffer in die oomblik alleen en uitgelewer aan iets ondenkbaars voel: "Niemand het vir my ingetree nie, ek het gedink so-iets sal nooit met my gebeur nie, ek kan nie glo dit het met my gebeur nie, ek het gedink die Here sal my van sulke dinge spaar ..." Die slagoffer voel in die oomblik van trauma van God verlate. Verwarrende gedagtes van ongeloof ("Waar is God?") en verbasing ("Gebeur dit regtig met my?") tree in.

Enige vorm van trauma skep ’n deur waardeur wanhoop,[130] vrees, ongeloof, moedeloosheid, kwaad wees, bitterheid, ’n vasgekeerde gevoel en depressie, in die slagoffer van trauma se lewe ingedra kan word. Die gewone reaksie op trauma kan verval in angs, moedeloosheid en meer. Sodoende kan ’n ongewenste meeloper (soos Angs) ’n daaglikse teenwoordigheid by die slagoffer handhaaf en selfs vir jare daarna by die slagoffer bly.

Die gelowige kan hieroor vra:

> As ons as gelowiges na God gaan soek, sal ons Hom in moedeloosheid vind? Of miskien sal ons Hom in wanhoop vind? Wat van in hooploosheid, miskien is Hy daar? Of, is God te vind in die aksie om myself te sny (selfbenadelende gedrag,[131] punt 5.5.6.1(1)? En, is vyandigheid teenoor mense (5.5.6.1(1) met God te versoen? Die antwoord is nee. (R K).

Daarom is die aangewese vraag: waarom koop sommige gelowiges, selfs huweliksmaats, tydens trauma (en selfs ander tye) in by wanhoop-denke as God wel leef? Hiermee hang ’n ander vraag saam: wat het geword van ’n gelowige wat tydens alle omstandighede – selfs te midde van trauma – op God steun, in plaas daarvan om te verval in vrees en hooploosheid – wat deur die Skim aangevuur word? En, indien daar wel in wanhoop tydens trauma ingekoop is, behoort daar nie ’n klemverskuiwing na geloof, hoop en vertroue op God te wees nie? Laastens: sou die gelowige in enige stadium – tydens die trauma en daarna – ingekoop het in gevoelens soos wanhoop (wat God uitsluit), is skuldbelydenis aan God nie dan ’n noodsaaklikheid om die verhouding met God te herstel nie? Hier kan verwys word na Romeine 6:12-14 (Bybel 1983).

Enige *God-verontagsaming-denke* (soos “Waar sal my hulp vandaan kom?”), of *God-ontkennende-denke*, of *Gaan-weg-van-die-Bron-van-die-lewe-denke* (soos wanhoop), of *Téén-nuwe-lewe-in-Christus-denke* is daarop gemik om die gelowige denker se lewe te ondergrawe. Daarby, indien *teen-nuwe-lewe-in-Christus-denke* in die lewe van die gelowige realiseer en ’n plek in die gedagtewêreld vind, kan dit ook in *téén-nuwe-lewe-in-Christus-woorde-en-dade* oorgaan.

[130] Die simptome (en gevolge) van Post-traumatiese stressindroom.

[131] Die simptome (en gevolge) van Post-traumatiese stressindroom.

Dit kan selfs oorgaan in geskrewe woorde soos:

> Sarel, alles het vir my te veel geword (leuentaal – R K). Niemand gee om vir my nie (leuentaal – R K). Ek kan nie meer nie (leuentaal – R K). Sorg asseblief mooi vir Nina en Pieter. Ek is baie lief vir hulle. Susan. Ns. Ek is jammer oor alles. (’n Selfmoordbrief[132]).

Die Skim se misleidende taktiek kan uiters gevaarlik blyk te wees vir die gelowige, indien sy of haar denke nie die nuwe lewe in Christus – sonder uitsondering – onderskryf nie. Dieselfde geld indien die gelowige se verstaan van en eie inkoop in die Christelike identiteit,[133] afgewater is. Dit kan gebeur dat die gelowige se begrip van sy of haar verbondsverbintenis met God gebrekkig gevorm is. In daardie geval kan sulke gelowiges moontlik tydens aanvegtings en in moeilike omstandighede (soos trauma) vergeet Wie se Naam oor hulle uitgeroep is. Die gelowiges kan uit eie keuse hooploosheid aankleef en in die proses God as Redder minag of verontagsaam. Hulle kan dalk verkeerdelik dink: “Waar sal my hulp vandaan kom? God hoor nie my gebede nie. Ek het al baie oor die saak gebid, en niks gebeur nie. Ek is alleen. Dit sal beter wees as ek dood is.” Hierdie mens wat deel is van God se verbondsvolk, is dan soos ’n stad sonder mure en sonder ware geloof. Hierdie mens behoort aan God maar in die oomblik van aanvegting en weens misleidende denke wat verkeerdelik geglo word, voel so iemand alleen en sonder God.

5.5.5 Verskillende perspektiewe op die genesing van traumaverwante, destruktiewe emosies/gevoelens

Genesing van enige trauma is ’n sterk moontlikheid – die rouproses ná die dood van ’n geliefde kan as bewys hiervan dien. Shaw (2010:13) wys daarop dat droefheid en soortgelyke emosies voorkom tydens gebeurtenisse soos egskeiding, siekte, die skeiding van familie en vriende, finansiële probleme, ouderdom (verlies van jonkheid, beweeglikheid of onafhanklikheid) en mishandeling. ’n Ongewone werklikheid het as gevolg van die trauma in die plek van die vorige werklikheid[134] kom staan, en die

[132] Net ’n voorbeeld, nie ’n werklike selfmoordbrief nie.
[133] Sien 4.4.5 wat handel oor die gelowige se identiteit in God.
[134] Die werklikheid voor die trauma plaasgevind het.

getraumatiseerde mens moet moontlik aanpassings maak (bv. wat denke en omstandighede betref).

Soos met gifstowwe wat in die natuur gestort word, gebeur dieselfde met mense wat negatiewe gevoelens in hulle binneste stoor (Van Niekerk 2000:21). Van Niekerk (2000:21) lig verdere aspekte van vergiftiging uit: teleurstellings, kritiek, pyn, mishandeling, verlies, verwerping, vernedering, ontrouheid, skuldgevoelens, vals skuldgevoelens (bv. kinders ná seksuele molestering), haat, aggressie of jaloesie, om ŉ paar te noem. Hy wys op die "ingrypende invloed op die wyse waarop ons liggaam funksioneer. Die deurvloei van liefde uit ons lewe na ander word deur hierdie gevoelens geblokkeer[135] en wanneer dit gebeur, is ons gesondheid volgens kenners in gevaar" (a.w.:21). Enige vorm van trauma het ŉ negatiewe invloed op ŉ lewe. Die manier waarop dié trauma verwerk word, kan lei tot die genesing van negatiewe gevoelens – wat meelopers met die getraumatiseerde mens geword het. In die volgende onderafdeling word gefokus op agt instrumente ('tools') – *in die getraumatiseerde mens se hand* wat die helingsproses kan aanhelp.

5.5.5.1 Instrumente wat kan bydra tot heling vir die getraumatiseerde Christen

Piper (2009:41) beskryf aangrypend wat die lewensbenadering van gelowiges behoort te wees:

> I need to be new. I need to be transformed. **I need life.**[136] I need a new way of seeing and thinking and valuing. That's why Ezekiel speaks of a new heart and a new spirit in verses 26-27: "I will give you a new heart, and a new spirit I will put within you. And I will remove the heart of stone from your flesh and give you a heart of flesh. An I will put my *Spirit*[137] within you, and cause you to walk in my statutes and be careful to obey my rules (a.w.:41).

Moeilike omstandighede (1), traumatiese gebeure (2), en aanvegting (3) laat die gelowiges soms vir ŉ kort tyd of selfs langdurig vergeet van die heilige verbintenis

[135] ŉ Belangrike punt: Liefde en Haat sluit mekaar uit. Liefde is ŉ keuse, asook haat.
[136] Aksent deur die navorser.
[137] Aksent deur die skrywer.

tussen hulle en God. Verkeerde lewenspatrone, gesindhede, denke en optrede kan in die spore van die bogenoemde drie punte volg. Dit kan lei tot ’n gelowige wat onvry of op die Vlak van Trauma leef. Gevolglik, ten spyte van die teenwoordigheid van die Heilige Gees en die genadegawe van die *lewe in Christus* kan hierdie gelowige wel by tye in diens van die sonde en, uit vrye keuse, los van God leef. Daar is egter ’n uitweg moontlik.

In aansluiting by vorige psigologiese en sielkundige perspektiewe (sien 5.5.4.1 wat handel oor Post-traumatiese stressindroom), word in die volgende gedeelte agt toepaslike instrumente ondersoek wat kan bydra tot heling vir die getraumatiseerde Christen. Heling hou onder meer verband met ’n nuwe lewensbenadering wat die verbintenis met God bevestig.

Die volgende insigte kom meestal uit die ervaringswêreld van die gespreksgenoot tot die navorsing, *die navorser self,* wat as pastorale berader in die praktyk staan. Bykomende verwysings vul die verhaal aan. ’n Huweliksmaat wat hom- of haarself om die een of ander rede op die Vlak van Trauma bevind, kan daardie gevoelens op ’n Christelike wyse verwerk, en sodoende kan dit bydra tot ’n verdieping in die verhoudingskwaliteit tussen die egpaar.

Die eerste instrument wat tot heling vir ’n getraumatiseerde Christen kan bydra, word hier onder bespreek. Hierdie instrument se beheer word in ’n groot mate in die gelowige se hande geplaas vir toepassing, omdat dit geskied deur gebedsversoeke vir God se hulp. Die eerste instrument vir toepassing is: gebed om verlossing.

1. Gebed om verlossing

Wanneer die getraumatiseerde gelowiges hulle op die *Vlak van Trauma* bevind, is gebed tot God vir hulp ’n noodwendigheid. Die belang van die volgende sewe instrumente (stappe) tree in hierdie geval ook na vore vir toepassing. Hierin gee die gelowiges hulle samewerking aan God.

Die tweede instrument wat kan bydra tot heling vir ’n getraumatiseerde Christen, word vervolgens gehanteer. Die tweede instrument vir toepassing is: gehoorsaam God.

2. Gelowiges het ’n keuse gemaak om in diens van God te wees[138]

Hierdie instrument plaas die beheer van gedagtes, woorde, gesindhede en handeling in ’n groot mate in die gelowige se hand. Wanneer die gelowige in ’n gewone werkdag besluit om te gaan sit, doen hy of sy só. Dit is die gelowige se eie keuse wat hy of sy tot uitvoering bring. Dieselfde geld ’n keuse om in diens van God te leef. Hier geld: die gelowige het ’n besluit geneem en voeg daad by die gedagte/wil. Hierin ondersteun en help God die gelowige. Seamands (1991:74) verduidelik oor die gelowige se samewerking met die Heilige Gees in die genesingsproses: “You must become a partner with God in this reprogramming and renewal process. Such work is a continuous process, not a sudden crisis.”

Meestal neem denke oor traumagebeure die persoon tot op ’n plek waar vrees, bekommernis, aggressie, haat, hooploosheid en wanhoop wil heers. Sodoende kry negatiewe gevoelens ’n voet in die deur van die gelowige se gemoed. Van Niekerk (2000:22) wys op die volgende:

> Wanneer iemand jou seergemaak het, wil jy met alle mag terugveg. Dit is menslik en natuurlik dat ’n mens veg vir jou huweliksgeluk wanneer dit bedreig word. Maar nou veg talle mense – ook Christene – met verkeerde wapens: kom ons noem dit nou maar ‘wêreldse wapens’ en nie Gód se wapens nie. Wanneer dít gebeur, kry die Bose jou in sy mag, sê Romeine 12:21.[139] As jy met sý wapens begin veg, beland jy noodwendig in sy greep. As jy bitterheid met bitterheid beveg, word jy self naderhand ’n stuk bitterheid. Jy word bitterheid van die ander een se bitterheid. Jy word self ’n stuk kwaad. Dan tree daar onafwendbaar ’n stuk verharding in. Juis dit blokkeer die vloei van liefde. Nee, oorwin die kwaad met die goeie; dit wil sê met Gód se wapens: liefde, gebed, geduld en selfbeheersing. Dan tree God in aksie vir jou en die vloei van liefde bly behoue. Laasgenoemde is van lewensbelang.

[138] Vgl. Romeine 6:12-14. (Bybel 1983).

[139] Romeine 12:21: “Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.” (Bybel 1983).

Dieselfde geld wanneer die gelowige inkoop by wantroue, vrees, ongeloof en hooploosheid – tydens en ná ’n eenmalige traumagebeurtenis of selfs tydens voortdurende traumatiese omstandighede. Die gelowige se reaksie op trauma kan een wees van: bitterheid, verwerping van God, bevrees wees, verwerping van mense, die haat vir die self of lewe. Dit kan ook die volgende negatiewe gevoelens toon: neerslagtig, haatdraend, woedend, voortdurend kwaad of bakleierig. Die optrede kan behels: tree kwetsend op, moedswillig iets verkeerds doen, minagtend wees, sonder respek, ongehoorsaam aan ouers, selfvernietigend optree, vyandig teenoor mense, ondankbaar, arrogant, humeurig, aggressief, gewelddadig raak, skel of vloek mense of kwaad stook. Dit kan met erge emosies gepaardgaan soos: bedruk, sonder toekomshoop, en die oorweeg van selfmoord.

Hierdie bogenoemde reaksies op trauma laat die mens – soos in die voorbeeld hier bo wat Van Niekerk noem – in die mag van die Bose beland. Die Vlak van Trauma hou so iemand gevange, terwyl daardie mens hom- of haarself dikwels willoos laat saamsleep deur destruktiewe gevoelens[140] wat “teenwoordig is”. Die slagoffer sê dan: “Ek is te na gekom, ek het rede om só te voel!”; “Iets skokkends het met my gebeur, daarom voel ek só.” Of: “Niemand het vir my ingetree nie, daarom is ek kwaad!”

Net soos met Van Niekerk se voorbeeld hier bo (sien ook 5.5.4 oor die voorbeeld van die sewentigjarige vrou se reaksie op trauma) het die mens ná die traumatiese gebeure, in ’n mate deur sy/haar reaksie[141] op die voorkoms van trauma, ingekoop in die gesindhede en denke, bevestig deur dade, wat die Kwaad[142] op die markplein verkoop. Hierdie reaksies waarin die persoon ingekoop[143] het, wag daarna altyd in die agtergrond vir die regte tyd en tree dan weer in die mens se lewe na vore. Dit word ’n onwelkome meeloper wat blykbaar nie blywend wil weggaan nie. Die destruktiewe reaksies op trauma (soos in vorige voorbeelde genoem) oortree op verskeie vlakke die Wet van God, en kan gemeet word of dit vir die Wet aanvaarbaar is of nie.

[140] Met gepaardgaande denke en dade.
[141] Reaksies soos, minagtend teenoor God, ongelowig, hatige gevoelens, vrees, en bitterheid.
[142] Personifikasie: Kwaad as ’n persoon voorgestel.
[143] Metafories gestel, dui “ingekoop” op ’n mens wat *in diens van die sonde* is met ’n sondige reaksie op die trauma-gebeure.

Dit is ook waar dat nie alle reaksies op trauma, by die Kwaad[144] ingekoop het nie. Hier kan gedink word aan aspekte soos: hartseer, skok, verwarring, verbystering, onthutswees, bedroefdheid, en verbaas wees. Tog, in ’n sin kan hierdie reaksies ook te lank by ’n slagoffer van trauma vertoef en sodoende ’n probleem in daardie een se lewe word.

Deur ’n gelowige reaksie op die traumagebeurtenis reik die slagoffer na God uit as sy/haar Hulp in moeilike omstandighede. ’n Gelowige fokus hou rekening met God en die koninkryk van God, in enige omstandigheid. Die rede is: in goeie en moeilike omstandighede bly die gelowige God se kind. God en sy koninkryk is die spreekwoordelike Swaargewig gemeet teen die kleiner prent van die traumatiese gebeurtenis/ervaring. God is die altyd-Betrokkene want sy Gees wat in die gelowige leef, handhaaf nie ’n passiewe teenwoordigheid nie. Dit is die seker werklikheid, volgens God se belofte. Die gelowige is daarom nooit alleen en uitgelewer aan die *oomblik van trauma* nie.

’n Ander belangrike feit is dat mense nie noodwendig hulle reaksies op trauma ten toon stel nie. Trauma in ’n kind se lewe kan lei tot innerlike vrees – waarvan buitestaanders nie weet nie. Dan word Vrees[145] ’n metgesel wat by tye na vore kom, die slagoffer se lewe nadelig beïnvloed, sy of haar besluite bepaal, en so meer. Dit raak ’n onwelkome meeloper in die getraumatiseerde mens/kind waarvan niemand weet nie.

Gelowiges het ’n keuse gemaak om in diens van God te staan, daarom behoort hulle hierdie keuse prakties in werking te stel. Hulle behoort aan God, die vraag is: watter gesindheid, dade en woorde stel hulle in die praktyk ten toon? En: na traumatiese gebeure, watter aspekte word ten toon gestel? Om in diens van God te wees vra na ’n bewustelike keuse vir liefde in plaas van haat; vir hoop op God in plaas van om sonder hoop te wees; vir dankbaarheid oor die gawe van lewe in plaas van neerslagtigheid oor ’n traumatiese gebeurtenis.

Die derde instrument wat kan bydra tot heling vir ’n getraumatiseerde Christen, word vervolgens gehanteer, naamlik belydenis van skuld.

[144] Personifikasie.
[145] Personifikasie volgens die narratiewe benadering.

3. Belydenis van skuld is van lewensbelang, want ons behoort aan God

Die derde instrument vir heling – belydenis van skuld – verg ook toepassing. Met hierdie instrument word die beheer weer in ’n groot mate in die hande van die gelowige geplaas. Die gelowige maak ’n keuse om skuld te bely en gee uitvoering aan hierdie keuse. In Romeine 6:13-14 verduidelik Paulus dit soos volg:

> Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as ’n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil. Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade. (Bybel 1983).

Hierdie teksverse druk die kern van die saak uit, die spil waarom praktiese Christenskap draai. Om in diens van God te wees beteken om nié in diens van die sonde te wees nie. Die kruis van Christus herinner gelowiges aan ’n ernstige waarheid: “[The] revolting truth about all of us – the truth about the envy and the hate and the lust and the selfishness and the rage that permeate this fallen, sinful world of human beings. The truth of life in this world came out in the crucifixion of the Son of God” (Seamands 1991:99). Gelowiges besef nou dat God weet hoe dit voel om in hierdie wêreld te leef; Hy is ons Hoëpriester, “who is touched with the feelings of our infirmities” (a.w.:99).

Indien gelowiges inkoop in destruktiewe gevoelens en emosies (asook denke of dade wat dit ondersteun), is hulle (juis wat hierdie saak betref) onder God se vaandel uit en leef hulle in diens van die sonde. Vir die Christen gaan dit oor twee keuses: **eerstens** die gelowige se keuse om nie meer in diens van die sonde met destruktiewe gevoelens en emosies te wees nie; en **tweedens**, die gelowige keuse om in diens van God te wees. Dit verg ’n bewuste keuse om nie meer woedend, hooploos, en bevrees te wees nie; ook om die destruktiewe gevoelens en emosies te ontken deur die gedagte, woorde, en optrede. Metafories gestel, is dit om soos ’n vis stroomop te swem. Die keuse is ook nie moeilik nie, dit verg net: “Hou op om in die ruimte van woede, neerslagtigheid, en bitterheid te leef!” Verlaat die Vlak van Trauma en leef letterlik in diens van God: gelowig, met

hoop op God, met liefde vir God, die naaste, huweliksmaat, en vir die self. God help gelowiges om hierdie keuse uit te leef.

Indien hierdie bogenoemde sondige reaksies op ’n traumatiese gebeurtenis/voortdurende trauma gevolg het, word **skuldbelydenis aan God** ’n noodsaak. Hoewel die gelowige dikwels onbewustelik *in diens van die sonde* gereageer het, bly dit steeds noodsaaklik om skuld te bely gepaard met ’n regstelling van gedagtes, woorde, gesindhede en dade wat in diens van God geskied. Met ander woorde, die imperatief is: gaan uit die Vlak van Trauma en lewe daarna letterlik volgens die leefwyse van die nuwe lewe in Christus. Gelowiges behoort aan God; daarom kan hulle gedagtes, woorde, gesindhede en dade hierdie feit te alle tye en in enige omstandigheid weerspieël.

Die vierde instrument wat kan bydra tot heling vir ’n getraumatiseerde Christen, word hierna bespreek: die oogpunt van die Christelike geloofsbegronding.

4. Verstaan die traumagebeure vanuit die oogpunt van Christelike geloofsbegronding

Hierdie vierde instrument – begrip van die trauma uit die oogpunt van die Christelike geloofsbegronding – plaas die beheer weer in ’n groot mate in gelowiges se hande. Dit behels ’n bevestiging van, en “rondstap in”, die Christelike geloofsbegronding en wat ’n mens se eie verband tot God behels, saam met ’n afwys van traumagedagtes wat poog om die gelowige se lewe te ondermyn. Sodoende word hierdie oogpunt ’n instrument tot heling. Vervolgens word die instrument van nader beskou.

’n Volgende belangrik saak wanneer genesing van traumaverwante, afbrekende emosies/gevoelens ter sprake kom, is die interpretasies van daardie traumagebeure. Enersyds is die agtergrond van die Christelike geloof ’n werklikheid; die identiteit in Christus ’n vaste sekerheid; en die Heilige Gees in die gelowige teenwoordig; die gelowige woon steeds elke week die erediens by en lees uit die Bybel. Tog, andersyds veroorsaak ’n traumatiese gebeurtenis soms dat die gelowige van God en sy krag vergeet of deur verkeerde denke van God af wegdraai. Indien die traumatiese omstandighede voortduur (soos ’n ongelukkige huwelik), kan verkeerde interpretasies –

gekoppel aan destruktiewe gevoelens/emosies as gevolg van die ongelukkigheid – ’n groot teenwoordigheid in die lewe van die getraumatiseerde persoon handhaaf. Dit bly dus ’n moontlikheid. Verkeerde interpretasies, gekoppel aan traumagebeure, kom dikwels na die oppervlak en kan dan moontlik wortel skiet.

Daarom bly dit so noodsaaklik om die Christelike waarheid aan te hang. Die getraumatiseerde mens het soms ’n neiging om stellings te maak wat van waarheid[146] ontbloot is. Voorbeelde hiervan is: “Daar is geen uitkoms nie.”; “Niemand sal my help nie.”; “Ek kan nie oorleef nie.”; “Ek sal nooit oor hierdie trauma-gebeure kom nie.”; of “God gee nie vir my om nie.” Hierdie soort selfspraak is ondermynend en maak deure toe op God, ’n beter toekoms, ander mense, die self, die wegstap van die trauma af, en geloof in Christus. Sodoende word ’n getraumatiseerde persoon op die Vlak van Trauma *gevange* gehou. Thruman (1999:6) maak ’n belangrike stelling oor die waarheid, in teenstelling met bogenoemde verkeerde interpretasies daarvan:

> Thoughts produce after their own kind: lies produce death; truth produces life. This psychological and spiritual “law”, gives even the most miserable and desperate person real hope. Why? Because truth is accessible to all of us, making real life available to anyone who is willing to dedicate himself to knowing, believing, and doing the truth. (a.w.:6).

Die regte interpretasie tydens traumatiese gebeure hou verband met die gelowige se denke/geloofsingesteldheid oor die volgende geloofswaarhede: (1) God is gelowiges se Vader en hulle is Sy kinders; (2) die grondbeginsels van die Christelike geloof rig gelowiges se lewe; en (3) ’n verstaan van die verband tussen (a) traumagebeure, (b) die koninkryk van God en (c) die sonde. Traumagebeure word soms/dikwels deur die slagoffer daarvan as persoonlik gerig ervaar, terwyl die koninkryk van God en die Sonde[147] in ’n stryd gewikkel is. God is die Een wat verlos, beskerm, uitkoms gee, lewend maak, opheffingswerk doen, genesing skenk, gebede verhoor en hulp verleen. Daarteenoor gaan God se vyand ondermynend, afbrekend en vernietigend teen die skepping te werk. Vir die jagter met die naam Sonde,[148] is elke mens, sonder aansien

[146] In der waarheid is dit leuens.
[147] Personifikasie volgens die narratiewe benadering.
[148] Personifikasie.

van persoon, *geoorloofde wild*. Die vraag is: hoekom sou dit wees? Mense is die werk van God se hande. Hierdie feite word deur die werklikheid uitgespel.

Die vyfde instrument wat kan bydra tot heling vir ’n getraumatiseerde Christen word vervolgens bespreek, naamlik die reaksie gegrond in Christelike identiteit.

5. Reaksie op lyding en trauma, wat tred hou met Christelike identiteit

Die instrument, reaksie op lyding en trauma vanuit die Christelike identiteit, plaas die beheer weer grootliks in gelowiges se hande. Trauma se invloed in mense se lewe word kragteloos gemaak indien die gelowige se reaksie daarop vanuit die Christelike identiteit geskied.

Soms of dikwels werp gelowiges hulle met oorgawe in die poel van lyding en trauma, in die sin dat hulle ’n lyding/trauma-identiteit vestig. Soms is die oorgawe aan trauma slegs passief, ’n wees-in-trauma. In sulke gevalle kan lyding/trauma ook die slagoffer se identiteit bepaal.

Wanneer die gelowige se identiteit in God[149] ter sprake kom, word spesifieke geloofskonsepte, Bybelse terme, karaktereienskappe en handelingswyses belig. Die nuwe verbond, die doop en nagmaal, die Christelike gebed, en ’n innige persoonlike verhouding met God, word met die gelowige se identiteit vereenselwig. Dit behels konsepte soos *die nuwe lewe in Christus*, geloof, genade, en die vryspraak in Christus. Handelingswyses wat met die gelowige se identiteit verband hou, is goedhartigheid, nederig, vredeliewend, liefde vir God en naaste, opregtheid, en diens aan God en naaste. Hierdie paar voorbeelde gee nie die omvattende waarheid van die gelowige se identiteit in God weer nie. Petersen (2007:145) verduidelik gelowiges se identiteit soos volg: “God is our King. We are citizens of His kingdom, members or His household. That is our present reality.”

[149] Sien 4.5.5 wat handel oor die identiteit van ’n kind van God.

Wanneer gelowiges lyding en trauma ervaar, behoort hulle identiteit in God as vaste wete, daardie gelowiges deur die ervaring heen te begelei. Die bril waarmee die gelowige na trauma en lyding kyk, is, met ander woorde, dié van die Christelike geloofsbegronding. Dit behels dat die Christelike geloofsbegronding reeds van teorie (geloof) na die praktyk (geloof in werking/handelingswyse) in die geloofslewe gevorder het, en geloof (teorie) reeds prakties deur geloof in werking bevestig/versterk/bekragtig is. Die Christelike geloofsbegronding leef, met ander woorde, nie net in die hart van die gelowige nie, maar in ’n *lewenswyse* wat van die nuwe lewe in Christus getuig.

Die sesde instrument wat kan bydra tot heling vir ’n getraumatiseerde Christen, word hierna uiteengesit: verhaling vir die getraumatiseerde.

6. Verhaling vir ’n getraumatiseerde persoon

Die instrument, verhaling, val onder die beheer van die getraumatiseerde persoon. Met ander woorde, die gelowige kan verhaling aanwend tot sy of haar heelwording. Verhaling van die traumatiese gebeure is ’n belangrike aspek van die herstelpad wat ’n getraumatiseerde persoon behoort te loop. Verhaling van die traumagebeure is soms moeilik vir ’n persoon wat daardeur gegaan het. In der waarheid lei verhaling tot ’n soort bevryding van vernietigende emosies en opgekropte hartseer wat die persoon in sy of haar binneste onderdruk het. Hoewel die persoon tydens die traumagebeure nie werklik ’n stem gehad het nie, gee die verhaling van die traumagebeure en hoe die persoon in die oomblik gevoel het, daardie een se stem terug: “Wanneer ons iemand probeer help na ’n traumatiese ervaring moet die persoon die gebeure kan herleef in ’n veilige plek [deur verhaling – R K]. Op hierdie wyse word die persoon begelei om weer beheer te verkry oor die detail van die verhaal en van sy/haar situasie” (Coetzer 2013:136). Dít is ’n belangrike stap in terapie.

Twee belangrike punte oor verhaling: (1) Dit behoort in ’n veilige omgewing te geskied en met vertroulikheid gepaard te gaan, en (2) ’n punt behoort bereik te word waar spesifieke sake in die gelowige se verstaan in plek val. Dit sal aspekte behels soos: vergifnis, hoop op die toekoms, geloof in God, ’n interpretasie van die traumagebeure vanuit die Christelike geloofsbegronding/identiteit in God, en die wete dat persoonlike

identiteit en verantwoordelikheid bevestig is. Vanuit ’n narratiewe benadering word hierdie voorbeelde *unieke uitkomste* genoem. Unieke uitkomste, vanuit die Christelike oogpunt verstaan, maak die deur op God en die toekoms *in Christus* oop, en beoordeel die traumagebeure vanuit die geloof en die getraumatiseerde mens se identiteit in God.

Die sewende instrument wat kan bydra tot heling vir ’n getraumatiseerde Christen word vervolgens bespreek: omvattende vergifnis.

7. Vergifnis vir die oortreder of vir die self

Die volgende instrument, vergifnis, is ’n daad waaraan die getraumatiseerde persoon uitvoering kan gee. Die beheer van hierdie stap is in sy of haar hande. God bekragtig die optrede.

Vergifnis is belangrik indien die trauma gepaardgegaan het met die verkeerde optrede van iemand anders teenoor die eie persoon. Die daad van vergifnis breek die band waarmee die slagoffer aan die oortreder/traumatiese gebeurtenis, *deur onder andere eie denke*, vasgebind word. Wat die huweliksverhouding betref, word die *eie* band met pynlike/sondige gedagtes, destruktiewe gevoelens en ondermynende optrede wat ’n gevolg is van die ander party se oortreding teenoor die self, deur die daad van vergifnis gebreek. Wat vergifnis vir die eie persoon aanbetref, word die band met destruktiewe gevoelens wat teen die self gerig is, gebreek met die daad van vergifnis.

Christelike vergifnis word ook in verband gebring met die konsep van genade uit die Christelike geloof (Wright 2002:246; Nel 2002:288), wat ’n belangrike perspektief op vergifnis bied. Wright (2002:246; Williams *et al.* 2000:24-25) wys daarop: “Christian forgiveness enshrines the same revolutionary grace that saves us. It is an undeserved gift freely given, humbly received.”

Onder punt 5.5.6 e.v. wat hier onder volg, word die tema vergifnis meer breedvoerig ondersoek. Die agste instrument wat kan bydra tot heling vir ’n getraumatiseerde Christen volg hier onder: ’n lewensingesteldheid tot die lewe as God se gawe.

8. ’n Lewensgesindheid van: Die lewe as gawe uit God se hand

Hierdie instrument, gelowige lewensingesteldheid, plaas ook die beheer vir verandering in die gelowige se hande. ’n Lewensgesindheid wat die lewe as gawe uit God se hand aanvaar, is ’n bewuste keuse wat die gelowige maak.

Só ’n lewensgesindheid word gekenmerk deur dankbaarheid teenoor God vir die gawe van die lewe. Hierdie dankbaarheid val uiteen in dankbaarbaarheid oor die groter gawes, maar ook oor die kleiner gawes. Dit behels dankbaarheid vir die gawe van die lewe en ook vir die gawe van sig; vir die gawe van geloof maar ook vir die gawe van smaak, vir die gawe van denke en vir die ervaring van die skepping. Die verbinding tussen God en ons as gelowiges word hierin duidelik: ons is deel van God se skepping. Ons is, omdat *God is* (vgl. Eks. 3:14). Wanneer die gesindheid van dankbaarheid teenoor God vir die gawe van die lewe in gelowiges se lewensbenadering tot volle blom kom, sal dit verreikende gevolge vir so een se hele lewe inhou (soos denke, gesindhede, handeling en keuses). Ter afsluiting volg ’n narratief deur die navorser, “Die lewe as gawe uit God se hand”.

DIE LEWE AS ’N GAWE UIT GOD SE HAND

Ek[150] lees eenkeer ’n interessante artikel waarin iemand kommentaar gee oor die diagnose van kanker in sy eie lewe. Hy sê onder meer dat dit ironies is dat die diagnose ’n mens se lewenskwaliteit verhoog omdat jy dinge waardeer wat jy vroeër as vanselfsprekend ervaar het. Hy sê: “Jy verander jou denkpatrone geheel en al. Dit bring ’n verandering teweeg in jou gemoed: ’n totale herrangskikking van jou voorkeure in die lewe. Jy waardeer die bome en die voëls se sang: ’n mooi oggend of ’n sononder. Jy waardeer opnuut die eenvoudige dinge soos jou kinders se liefde en jou kleinkinders se vreugde. Jy geniet elke dag gewoon meer!”

Die kommentaar het my laat dink, hoekom moet ’n traumatiese gebeurtenis soos bo – wanneer jou lewe deur kanker bedreig word – ’n mens tot wyser insigte bring oor die waarde van die lewe as gawe uit God se hand? Waarom nie reeds vandag, met geen bedreiging op die horison, met ’n groter waardering vir die lewe leef nie?

[150] Die navorser, R. Koekemoer.

Dit is só, mens leef soms of selfs dikwels belangeloos en ongeërg deur jou dag en kom dit nie eers agter nie. Mens waardeer nie na behore nie; het nie lief na behore nie, maak nie die beste van tye saam nie, en só snel die lewe verby. Sake van waarde word ’n lae prioriteit en minder belangrike sake, ’n hoë prioriteit. Velerlei eise en aansprake op mens se tyd en energie neem jou gedagtes en gemoed in beslag en sodoende raak mens siende-blind vir die **lewe** as ’n gawe van God aan jou.

Iemand het iewers gesê dat hy onvoorwaardelik in die menslike spesie glo en dat hy nie tyd het vir die hedendaagse mode om die mens af te kraak nie. Ons lewe, omdat God wil! (Ps. 118:27ab: “Die Here is God; Hy skenk ons die lewe.”; Ps. 104:30a en Job. 10:12). (Bybel 1983).

Die lewe is te interessant om belangeloos te lewe. Daar is soveel goeie dinge om te ervaar: soveel kennis om na te jaag, plekke om te besoek, mense om lief te hê, nuwe vaardighede om aan leer, om die natuur te geniet, om diep gesprekke met mekaar en met God te voer, om God beter te leer ken, om musiek te waardeer wat jou gees optel en soveel leeservarings wat jou menswees verryk. Te veel goeie ervarings om te noem.

Dit is ook só dat die gesindheid waarmee mens elke dag leef ’n groot invloed op jou lewenskwaliteit het. Sommige mense leef byvoorbeeld met die gesindheid: die lewe is een fees. Hulle gaan makliker oor moeilike omstandighede en probleme. Hulle besit hope entoesiasme vir die lewe en beskou die lewe as ’n uitdaging. Van “gaan lê en boedel oorgee” is daar nie sprake nie.

Ander weer, leef met ’n gesindheid van wroeg oor alles: wat kon gewees het ...; hoe mense húlle nie reg behandel nie; hoe húlle nie kry wat hulle meen hulle toekom nie; hoe niemand húlle liefhet nie; hoe húlle moet sukkel; en so kan ons opnoem. Al is dit waar dat sommige mense hulle byvoorbeeld nie reg behandel nie, verwerk diegene daardie feit op só ’n wyse dat dit die lewe nog moeiliker maak. Elke gelowige beleef die een of ander tyd moeilike omstandighede, maar die gesindheid waarmee dit verwerk word – selfs in die lydensoomblik – ***dra by*** om dit ligter of moeiliker te maak. Paulus en Silas kon byvoorbeeld in hulle tronk-ure lofliedere tot God se eer sing (Hand. 16:22-25). Te midde van moeilike omstandighede het hulle gesindhede geloofsvlerke gekry. Hulle teenwoordigheid in die tronk het hulle nie tot wanhoop gedryf nie, want hulle oë was op God gerig. So hoort dit, **geloof** behoort (in aansluiting by God se Woord en Gees) die gelowige deur die oomblik van gekneldheid en *tot by* die werklikheid wat God omgewe, te bring. Teen God se werklikheid gemeet, word die gekneldheid dan van mindere of nul-en-gener waarde. God se almag oorskadu enige gekneldheid wat die mens mag ervaar.

> Te midde van moeilike lewenservarings soos probleme, stryd en lyding behoort gelowiges te leef met die vaste wete wat ’n voldonge feit is: hulle is Koningskinders (Luk. 19:38). “Ons behoort aan God, ons lewe is in sy hand, sal Hy ons dan nie help in enige omstandigheid nie? Hy sal beslis!” (Ps. 63:9; Luk. 18:7 en 8). Mens behoort die lewe elke dag te waardeer en die beste daarvan te maak, ten spyte van watter omstandighede ook al. Ons vergeet soms te maklik om met dankbaarheid teenoor God te leef, vir die goeie gawe van die lewe .....

---0---

Ter opsomming: vir ’n getraumatiseerde persoon om – as moontlikheid – van trauma weg te stap, verg die volgende reaksies: (1)[151] ’n gebed om verlossing van die band met die traumagebeure; (2) ’n daaglikse keuse om in diens van God te handel deur *gedagtes, woorde, dade en keuses*, met die wete “ons behoort aan God”; (3); ’n skuldbelydenis aan God oor ’n mens se eie reaksie op die traumagebeure, ’n reaksie wat in diens van die sonde was; (4) ’n verstaan van die traumagebeure vanuit die oogpunt van Christelike geloofsbegronding; (5) toekomstige reaksie op lyding/trauma wat tred hou met die gelowige se identiteit in God; (6) verhaling vir ’n getraumatiseerde persoon; (7) vergifnis vir die oortreder of vir eie persoon; en (8) om met die gesindheid te lewe: die lewe is ’n gawe uit God se hand.[152] Die toepassing van hierdie punte is noodsaaklik vir ’n huweliksmaat wat hom- of haarself op die *Vlak van Trauma* bevind. Die instrumente (stappe) kan gelyktydig en samelopend toegepas word. God se hulp in hierdie verband staan vas en seker, want gelowiges het die versekering: “Ons behoort aan Hom.”

In die lig van die voorafgaande, om trauma agter te laat, word vergifnis gehanteer as belangrike onderdeel van die huweliksverhouding.

5.5.6 Vergifnis in die huweliksverhouding

Medenavorser George (Bylae A-A5) het op die volgende twee vrae, “Hoe lyk jou vergifnis (elke dag) teenoor jou eggenoot? Wat is jou denkwyse oor vergifnis en jou daaropvolgende dade om die vergifnis in werking te stel?” (Bylae B-C37) soos volg geantwoord: “Almal maak foute – almal behoort te vergewe.” Sy vrou, Marna (Bylae

[151] Verwys na die voorafgaande 8 punte, wat handel oor die genesingsproses (vanuit ’n Christelike oogpunt) vir ’n getraumatiseerde persoon.
[152] Met ander woorde, besef wie julle in Christus is.

A-A4), het dieselfde vrae beantwoord: “God vergewe my al my sondes – ek kan nie iets teen my man hou nie.” Volgens hulle eie getuienis staan al die Medenavorsers vergifnis voor en pas hulle dit toe in hulle lewens.

Op die vraag, “Erken jy ooit aan ander dat jy verkeerd opgetree het? Met ander woorde, erken jy jou foute of ignoreer jy dit net?” (Bylae B-C40) was die antwoorde soos volg: “Ek probeer om met ’n skoon gewete te loop.” (Bylae A-A5); “Ja, ek is nie bang om jammer te sê nie.” (Bylae A-A4); “Ja, ek erken dit.” (Bylae A-A1); en “Ja – dis maklik. Hoe vinniger dit uitkom, hoe nader en gouer is jy weer terug by die voete van die Here en voel jy Sy teenwoordigheid.” (Bylae A-A3). Al die Medenavorsers het daarvan getuig dat hulle teenoor hulle huweliksmaat erken wanneer hulle verkeerd opgetree het.

Sande *et al.* (2002:83), wat op die sielkundige uitwerking van gebrek aan vergifnis ingegaan het, verduidelik:

> Because Christians are the most forgiven people of the world, we should be the most forgiving people in the world as well. That’s the theory anyway. God forgives us perfectly and completely, and He calls us to forgive our brothers and sisters in like manner. But in practice it doesn’t turn out that way. The forgiveness we offer others is often far from complete, and it frequently fails to match the marvelous forgiveness that God bestows on us.

Daar is ’n onsigbare geheimenis rondom die werking van vergifnis. Vergifnis hou met God verband, omdat God die Een is wat die daad van vergifnis predik en ook omdat God Homself as ’n uitnemende Eksponent daarvan bevestig het. Met die mens se daad van vergifnis en as gevolg daarvan, tree ’n onsigbare/sigbare werksaamheid en uitkoms in werking – wat met God verband hou. Die werking van die Heilige Gees, wat tydens die voldoening van vergifnis werksaam is, blaas sodoende God se *genade van vryskelding* aan na die mens. David Seamands (1991:98) het, nadat hy ’n verhaal met slegte herinnerings van ’n kliënt gehoor het, gevra of die persoon bereid is om die oortreders te vergewe. Die kliënt het *ja* geantwoord. Tydens gebed, het die kliënt elke persoon wat teenoor hom oortree het, vergewe. Die Heilige Gees het gevolglik die angel uit daardie herinnerings geneem (Seamands 1991:98; Exline & Baumeister:136-139).

Janson (1989:93; Griswold 2007:38-112) verduidelik dit soos volg: "Die mens wat kan vergewe, word dikwels as swak en ruggraatloos uitgemaak, en tog is die teenoorgestelde waar. 'n Mens moet baie sterk wees om te kan vergewe, omdat vergewe 'n besonder *positiewe daad* [beklemtoning – R K] is. Verder het dit natuurlik 'n geweldige krag: dit verander jou asook die een vir wie jy vergewe." In hierdie proses is die Heilige Gees aan die werk.

In die huweliksverhouding bring vergifnis versoening na die huwelikspaar. "... just as God's forgiveness of us breaks down the walls we erected between Him and us by our sin, our forgiveness of our spouse opens the way for a renewed relationship with him or her. It brings us back together after an offense has separated us from each other" (Sande *et al.* 2001:85). Om vergifnis te skenk, vermag baie in die regeerruimte van God se koninkryk. Dit bereik veel meer vir God se saak met mense en dra veel meer by tot die uitwis van die merktekens van die sonde in die betrokke mense se lewens.

5.5.6.1 Die praktiese implikasie van vergifnis

Gelowiges weet nie noodwendig hoe om vergifnis toe te pas nie en behoort gevolglik daarin onderrig te word. Wanneer die Woord dit stel dat mense mekaar moet vergewe, skep dit die indruk dat 'n mens die handeling van vergifnis maklik sou kon afhandel. Dit is egter nie deurgaans die geval nie. Ná die keuse vir vergifnis laat Bitterheid[153] en Gekrenktheid soms van hulle hoor. Hulle bly roep na vergelding, hulle por die mens aan om te wil "terugkry". Soms is hierdie meelopers stil, net om later weer sterk na vore te kom. Die gelowige se keuse vir volgehoue vergifnis gee egter die deurslag.

1. Die bagasie van gekneldheid

Metafories gestel, beteken wedersydse vergifnis tussen lede van die egpaar dat elkeen (of hy of sy) die bagasie moet neersit en daarvandaan wegstap. Hierdie bagasie, wat tydens kommunikasie tussen die egpaar vergader is, kan uit die volgende ervarings bestaan: pyn, seerkry, skuld, verwyte, bitterheid, kwaad-wees, verontreg voel en kritiek. Soms, uit gewoonte, draai die gelowige weer terug en gaan tel die *bagasie van*

[153] Personifikasie volgens die narratiewe benadering.

gekneldheid op om dit weer saam te dra. Onthou[154] (die rede vir die pyn) en Seer-voel[155] (pas by onthou) word dan saamgedra. ’n Neersit-aksie en ’n wegstap-aksie word weer ’n noodsaaklikheid. Dit is ook nie regtig so moeilik om weg te stap nie. Die gewig van die bagasie is net te veel om gemaklik te dra, die gesindhede wat dit bevat, net te beklemmend om te verduur, en die ongelukkigheid wat die bagasie vergesel, net te diep. Daarom bly gelowiges daarvan wegstap om hierdie bagasie nie weer te gaan terughaal nie.

Die wegstap-aksie dra by tot die vestiging van ’n nuwe gewoonte/denkwyse, gedra deur vergifnis/liefde asook die loslaat/agterlaat van gevoelens van seer en gekrenktheid. Vergifnis besit ’n plek in die hart van die gelowige; nie gevoelens van seer en gekrenktheid nie. Wanneer een mens weier om iemand anders te vergewe, moet hy of sy nie verbaas wees as Depressie[156] as ’n nuwe metgesel by die geselskap aansluit nie (Seamands 1991:127).

2. Die agterlaat van die bagasie is ’n keuse

Deur vergifnis te skenk, draai die gelowige weg van vernietigende emosies wat ’n tuiste in die hart wil vind of gevind het, en fokus op die keuse vir die liefde (vergifnis). Die destruktiewe gevoelens is dan nie meer welkom nie; ’n nuwe gesindheid teenoor die huweliksmaat is nou *meer as welkom*. Wanneer vergifnis geskenk is, word dit ’n bewustelike keuse om nie langer te talm in die ruimte van sleg-voel, en negatiewe herinnerings nie – met emosies opgeroep deur die sake waarvoor vergifnis aanvanklik nodig was. Hierdie ruimte van negatiewe gevoelens en herinnerings hou die mens vasgebind aan die saak waarvoor vergifnis nodig is. Daarteenoor: om vergifnis te skenk, maak die skenker vry van hierdie onverkwiklike band met sy of haar eie en ander se sonde.

Sande *et al.* (2001:85) noem vier punte wat verband hou met die denke, handeling en gesindhede wat in die voetspore van die daad van vergifnis behoort te volg. Hier kom die metafoor ter sprake van die gelowige wat soms wil terugdraai om die *Bagasie van*

[154] Personifikasie.
[155] Personifikasie.
[156] Personifikasie.

gekneldheid weer te gaan optel sodat hy of sy dit kan saamdra. Die neersit-aksie en die wegstap-aksie van die bagasie is belangrik wanneer vergifnis ’n plek in mense se hart wil vind.

Sande *et al.* (2001:85) lig vier punte uit wat dui op die neersit- en wegstap-aksie:

- Daar word nie meer aan die insident[157] gedink nie.
- Daar sal nie tydens gesprekke oor die insident gepraat word nie, en die insident sal nie teen die oortreder gehou word nie.
- Daar word nie teenoor ander mense oor die insident uitgepraat nie.
- Die insident mag nie tussen die egpaar kom staan en hulle persoonlike verhouding belemmer nie (Sande *et al.* 2001:85)

3. Vergifnis is ’n besliste keuse

Kendall (2011:44) stel dit dat vergifnis – volledige vergifnis – ’n duidelike keuse behels. Hy stel dit soos volg:

> Volkome vergifnis is ’n keuse ... Dit is die keuse om die rekord van wandade op te skeur. Ons sien en erken die kwaad wat ons aangedoen is, maar ons wis dit uit – of vernietig die rekord – voordat dit in ons hart kan vassteek. Op dié manier kry gegriefdheid nie kans om te groei nie. Wanneer ons ’n lewenstyl van volkome vergifnis ontwikkel, leer ons om die onreg uit te wis eerder as om dit in die rekenaar in ons gemoed te liasseer. Wanneer ons dit heeltyd doen – as ’n lewenstyl – verhinder dit nie net dat ons verbitterd raak nie, maar beleef ons uiteindelik ook volkome vergifnis as ’n gevoel – en dit is ’n goeie gevoel (Kendall 2011:44).

Hierdie keuses is in der waarheid gerig *teen* gegriefdheid en bitterheid oor die kwaad wat ons aangedoen is. Seamands wys daarop: indien iemand onvergewensgesind optree, word daardie een deur *skuld* en *bitterheid* geteister (1991:27). Die onvergewensgesinde persoon leef in ’n tronk, waar hy of sy deur allerlei innerlike emosionele konflik geteister word (a.w.:27). Die keuse vir en die uitvoering van die daad van vergifnis,

[157] Byvoorbeeld, sondige handeling en woorde.

maak die gelowige vry van die bande van skuld/bitterheid wat hy of sy ervaar. Die keuse vir vergifnis is in gelowiges se hande, en hierin is hulle nie alleen nie. Die Heilige Gees is die gelowiges se Hulp in die proses van vergifnis.

Kendall (2011:23) bevestig dat die persoon wat die meeste baat vind by die daad van vergifnis, die een is wat die vergifnis skenk. Die persoon wat vergifnis *in werking* stel, het ’n keuse gemaak vir vergifnis[158] *eerder as* om bitter, gegrief of haatdraend op die sondige dade van iemand anders te reageer. Daar is drie sake van belang by volkome vergifnis: (1) ’n persoon maak ’n bewustelike of ’n onbewustelike keuse om iemand te vergewe; (2) soms is ’n gelowige persoon (persoon A) onbewus daarvan dat hy/sy nodig het om iemand anders (persoon B) te vergewe, en vergifnis vind gevolglik nie plaas nie. Sodoende kan gesindhede soos bitterheid of haat ongemerk/gemerk in persoon A se gedagtes en gemoed wortel skiet en ook konkrete uiting vind in sy/haar woorde, gesindhede, handeling en keuses; en (3) die daad van vergifnis word net nodig wanneer die sonde ter sprake kom (Sande *et al.* 2001:85).

Wanneer een huweliksmaat die ander een vergewe, fnuik dit God se vyand wat poog om die verhouding te laat skipbreuk ly. Met ander woorde, die gelowige se daad van vergifnis krap die vyand se planne deurmekaar. Met elke daad van vergifnis word die vyand se betrokkenheid in die saak waarvoor vergifnis nodig is, gesnuit.[159] Met die daad van vergifnis word die vyand ontmagtig in sy gang om verwydering tussen die egpaar aan te vuur. In hulle diens aan God word die gelowiges deur die daad van vergifnis bemagtig, om sodoende, God se vyand *in sy werkwyse* met die ondermyning van die huweliksverhouding, te ontmagtig en tot doodse stilstand in sy voetspore te stuit.

Ter opsomming: Vergifnis in die huweliksverhouding is ’n noodsaaklike optrede vir egpare. Dit dra by tot die herstel en behouering van die huweliksverhouding en lei ook tot die goeie geestesgesondheid van die persoon wat vergewe. Vergifnis is ’n keuse wat *in diens* van God en van die naaste gemaak word. Die persoon wat vergewe vind self baat by hierdie aksie.

[158] Vergifnis is ’n liefdesdaad.
[159] Hier geld die beeld van ’n kers wat met ’n snuiter uitgedoof word.

Albei partye in die huweliksverhouding word bevoordeel indien slegs een van die partye sover kom om vergifnis toe te pas. Die pyn en seer wat huweliksmaats mekaar aandoen deur wedersydse woorde, dade, gesindhede en optrede verskaf die *bagasie van gekneldheid* vir die lydende party (of vir albei). Hierteenoor geld die daad van vergifnis (’n keuse), die toepassing van die liefdesgebod teenoor die huweliksmaat (’n keuse), en om die bagasie neer te sit om dit nie weer te gaan haal nie. Hierdie aksies dra by tot die herstel van ’n verhouding wat in die gedrang is. Sodoende word die werk van God se vyand – om bitterheid en haat tussen die egpaar aan te blaas – tot stilstand gedwing. In hierdie sin wys vergifnis op die uniekheid van die Christelike benadering tot die huwelik. In die volgende onderafdeling word interdissiplinêre perspektiewe behandel oor die uitwerking wat so ’n Christelike benadering het op verhoudingskwaliteit binne die huwelik en die verbondsgesin.

5.6 INTERDISSIPLINÊRE PERSPEKTIEWE RAKENDE DIE UITWERKING VAN ’N CHRISTELIKE BENADERING OP VERHOUDINGSKWALITEIT IN DIE VERBONDSGESIN

5.6.1 Inleiding

Verskillende beklemtonings oor die betekenis van die verbondsgesin kom na vore in die werk van Christen-teoloë, -sielkundiges of -sosioloë. Die onderskeie perspektiewe dra by tot ’n beter verstaan van wat die tipering van die gesin as verbondsgesin behels – veral met die oog op die versterking van verhoudingskwaliteit binne die gesinslewe. Hier onder word die verskillende beklemtonings kortliks ondersoek.

5.6.2 Die gesin as verbondsgesin

5.6.2.1 Die gesin as hermeneutiese ruimte

Een van die fokuspunte in Nel se boek oor Jeugbediening is: die gesin as *hermeneutiese ruimte* (2001:19). Binne die groter ruimte van die kerk geld die kleiner ruimte van die gesin, waarbinne geloofsake oor God en sy handeling met die mens op ’n natuurlike manier aan die gesin oorgedra word (Nel 2001:21; Bailey 2002:127-144). Omdat die

ouers in die eerste plek verbondskinders is, maar ook verbondsouers/-leiers geword het, kan die Christelike geloof op ’n natuurlike wyse deur hulle woorde, gesindheid, optrede en keuses aan die kinders oorgedra word.

Du Toit (2001:237) belig ’n belangrike perspektief op die soort leefwyse wat nodig sou wees: “Dit is nie meer bloot die vraag na wat reg of verkeerd is nie; dit gaan selfs nie meer in die eerste plek oor wat ek moet doen nie; maar oor die mens wat ek moet wees.” Met ander woorde, ons is God se nuwe mense wat volgens hierdie status handel. Omdat die ouers God in byvoorbeeld handelingswyse dien, kan die kinders hulle voorbeeld navolg. Die teendeel geld wanneer die ouers as gelowiges nalaat om God getrou en behoorlik te dien. Dit hou spesifieke gevolge in vir ouers se eie lewe en dié van hulle kinders.

Volgens Tripp (2001:40), wat vanuit ’n Christelik-sielkundige benadering werk, is die gesin “God’s primary learning community”. Binne die gesin het die ouers die gulde geleentheid om hulle kinders volgens God se aanwysings groot te maak (a.w.:41). Ouers is, met ander woorde, instrumente in God se hand wanneer dit by hulle kinders kom. Tripp verduidelik:

> If you are going to function as God’s instrument in the life of your teen [kind – R K], you need to know that God intended the family to be his primary learning community, parents to be his primary teachers, and family life to be just the right context for life instruction to take place (Tripp 2001:42).

Vervolgens word ’n perspektief gegee op die kinders van verbondsouers.

5.6.2.2 Behandel jou kind as verbondskind

Vos (1999:17), wat ’n teologiese perspektief stel, beklemtoon dat ouers hulle kinders as verbondskinders moet behandel. Dit wil sê, behandel jou kinders soos die verbondskinders wat hulle is. Die kind is deur die doop by die verbond ingelyf asook by die gemeente ingewy.

Tog, volgens Vos, hang daar ’n skadu oor die doop van so ’n kind (1999:17):

> .... dit is dat jou kind kan weier om in God te glo en in ’n verhouding met Hom te leef. As dit gebeur, staan ons stom voor die groot raaisel van die kwaad. Dit is die raaisel van die volhardende ongeloof, en wat maak dat die dopeling die verbintenis met God opsê. Daar is geen groter tragedie as juis dit nie (Vos 1999:17).

In so ’n geval is daar wel troos vir ouers in Jesus se woorde volgens Johannes 10:27-29 (Bybel 1983). Hier bevestig Jesus onder meer daardie mense wat God Hom gegee het – “is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie.” Gelowige ouers en hulle kinders se redding hang dus uiteindelik van God af, en God het reeds vir hulle as gelowiges *ja* gesê. Uitverkiesing in Christus wys heen na ’n daad van God wat verband hou met blywendheid en sekerheid. Die Dordtse Leerreëls bely soos volg oor die uitverkiesing en die kinders van gelowiges:

> Die Woord van God, waaruit ons die wil van God leer ken, getuig daarvan dat die kinders van die gelowiges heilig is. Hulle is nie van nature heilig nie, maar kragtens die genadeverbond waarin hulle saam met hulle ouers opgeneem is. Gelowiges ouers moet daarom nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hulle kinders wat God in hulle kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie (Gen. 17:7; Hand. 2:39; 1 Kor. 7:14)” (GKSA 2004:83).

Vir ouers van ’n kind wat gedoop is, maar nie sigbaar in ’n verhouding met God leef nie, is daar ’n verdere troos te vind in die gelykenis van die verlore seun (Luk. 15:11-32). Dit dui daarop dat die Vader sy verlore kinders soek en ook sal vind. Daarna bring Hy hulle terug na waar hulle behoort te wees.

Kinders van gelowige ouers is reeds deel van die verbond, maar hulle moet bekend gestel word aan (1) die God van die verbond en (2) die inhoud en betekenis van die verbond waarin hulle reeds deel. Anders gestel, die kind word onderrig in die waarheid van sy of haar identiteit in God. Indien ouers hulle kinders as verbondskinders behoort te behandel, veronderstel dit tog dat ouers sal weet wat hierdie handeling behoort te behels. Die vraag bly egter: hoe sal ouers hulle kinders aan God bekend kan stel indien hulle Hom nog nie self *behoorlik* ontmoet het nie?

5.6.2.3 Die vorming van karakter geskied grootliks in die gesin

Wat die hedendaagse verbondsgesin betref, is die veronderstelling dat die lede onder die gesag van God leef. Harry Lee Poe (2001:85) stel belangrike punte oor gesag: "Authority ultimately involves the claim of something or someone on the life of another". Volgens Poe gee 'n huweliksmaat in 'n mate 'n deel van sy of haar gesag prys wanneer in die huwelik getree word (a.w.:85). Hy noem dit "a surrender of autonomy" (a.w.:85). Aan die ander kant is dit wel moontlik om huweliksbeloftes af te lê sonder om 'n mens self aan die gesag van die beloftes te verbind. Die verantwoordelikhede/verpligtings wat die instelling van die huwelik vereis, kan dus wel verontagsaam word (a.w.:86). Poe (2001:86) beklemtoon dat gesag nie onderworpenheid kan afdwing nie. Die erkenning/aanvaarding van gesag kom van binne die mens: "The recognition of authority comes from within a person as the appropriate response to what they regard as having authority over their life" (Poe 2001:86).

Gelowiges behoort in Christus aan God. Daarom is die natuurlike veronderstelling dat hulle God se gesag oor hulle lewe aanvaar en daarvolgens sal leef. Dit is egter moontlik om beloftes tydens die doop van die kinders aan die gesagsvolle God te maak, sonder dat ouers hulle tot die gesag van die beloftes verbind, soos in die geval met die huwelik hier bo gestel is.

Onder God se gesag word *karakter en deugde* gekenskets volgens God se aanwysings in die Woord. Sommige karaktertrekke is te versoen met die Christelike geloofsbegronding, en sommige nié. Hierin dien die gebod om God en die naaste lief te hê, as riglyn tot karaktervorming. Dit verskaf deugde se fokus en sluit ook onder meer kenmerkende gelowige optrede in.

Die perspektief wat Du Toit (2001:238) bring, beklemtoon die roeping van elke gelowige gesin om karakter en deugde in die kinders te help vorm. Die vraag kan gestel word oor die bloudruk waarteen karakter en deugde gemeet sou kon word. Uit 'n verbondswerklikheid beoordeel, verskaf die Woord die bloudruk vir alle sake wat – uit God se oogpunt – met die menslike bestaan te maak het. Indien dit die roeping van elke

gelowige gesin is om hierdie deugdelike eienskappe in die gesin te help vorm, roep dit die vraag op oor die ouers se eie innerlike kwaliteite.

Newman (2011:31) stel dit weer anders: gesinne dien as God se opvoedingsentrums. In die gesin word kinders opgevoed in die karakter en deugde wat met God verband hou. Hy wys daarop: "Consider the many verses in Proverbs that portray the family as the setting for promoting wisdom, developing discernment, acquiring prudence, and establishing the fear of the Lord" (a.w.:32). Die boek Spreuke onderrig die mens in die regte optrede/gesindheid/leefwyse. Spreuke begin byvoorbeeld met 'n pa wat sy seun vertel hoe om wysheid te bekom; en die boek eindig met die beskrywing van Goddelike wysheid as 'n uitstaande vrou (a.w.:31). Newman (2011:31) noem voorbeelde uit Spreuke wat dui op die vorming van karakter en deugde wat met die Christelike geloof verband hou:

> Taming your tongue, balancing your budget, overcoming sloth, controlling your temper, cultivating generosity, and many other fruits of righteousness all rely on personal discipline and wisdom, which flow from the 'fear of the Lord.' But the numerous promises for family prosperity and the many admonitions for parent to raise godly children support a high estimation of the power of family to forge character (a.w.:31).

Binne die (verbonds)gesin help die lede voortdurend vorm aan die karakter van 'n kind asook terselfdertyd, aan dié van die ouers (heiligmaking).

Die goeie beginsels van Christelike naasteliefde (karaktertrek en deug), wat in die Woord aanbeveel word, word as ideaal in die gesin gehandhaaf en deur die ouers by die gesin ingedra en voorgeleef. As ideaal word verkeerde optrede[160] onder gesinslede ontmoedig en Bybelgefundeerde optrede aangemoedig. Verkeerde optrede van die onderskeie individue in die gesin – ouers en kinders – moet plek maak vir reg doen (Rom. 6:13, en 14; Ef. 4:21-24). Hierdie proses gaan gepaard met selfdissipline asook ouerlike dissipline, en is in vele opsigte 'n natuurlike ontwikkeling in die gesin omdat die ouers Christene is.

[160] Optrede wat teenstrydig met die Christelike geloof is.

Reg doen word later vanselfsprekend wanneer dit herhaaldelik ingeoefen en ingeprent is. Toegespitste dissipline gerig deur aanwysings uit God se Woord, kan die proses – om volgens God se standaarde karakter te bou – verder aanmoedig. Die beginsel van die ou en nuwe lewe waaroor Paulus onderrig (Kol. 8:5-17), dui daarop dat die oorblyfsels van die ou lewe *uitgewan* moet word uit die gelowige en sy of haar kinders se lewe, terwyl die beginsels wat die nuwe lewe in Christus begrond, in die plek daarvan as alledaagse werklikheid geleef word. Hierin staan die Heilige Gees gelowiges, klein en groot, by. Die Christelike geloof is juis 'n *lewende* godsdiens, omdat God leef.

Die probleem ontstaan wanneer die gelowige ouer nie die beginsels van hierdie nuwe lewe in Christus ken nie, en dit gevolglik nie behoorlik in die gesin kan aanwakker nie. In so 'n geval het die ouer en die gesin 'n tekort, want die nuwe lewe in Christus bring die goeie na die mens toe (soos om in die regte verhouding met God te staan as gevolg van gehoorsaamheid). Die gelowiges moet die grondbeginsels van die Christelike geloof ken om dit in hulle eie en in ander se lewe te kan aanmoedig en toepas.

Die huweliksverhouding is een voorbeeld waar die beginsel geld dat gelowiges die ou lewe aflê en die nuwe lewe as werklikheid gaan leef. Dit beteken: lê die sonde af (moet dit nie meer doen nie) en moedig die Christelike grondbeginsels in die huweliksverhouding aan (deur dit te gaan doen). Die probleem ontstaan wanneer die gelowige huweliksmaat nie hierdie beginsels ken nie, en dit nie behoorlik in sy of haar eie lewe en die huweliksverhouding werklikheid kan laat word nie. In hierdie geval kan die egpaar van God se goeie gawes ontbeer wat Hy tot opbou van die huweliksverhouding wil skenk. Dit behels gawes soos: seën en bemoediging by die lees van die Woord, hoopgewing wat gelowiges motiveer, en geloof wat versterk.

Ter opsomming: Karakter en deug hou met die Christelike geloof verband, en word deur die Woord *in besonderhede* omskryf (soos in die boek Spreuke). Die Christelike gesin is die ideale ruimte waarbinne die karakter/deug van kinders gevestig kan word. Vervolgens word die verskynsel van gesonde en disfunksionele gesinne in die volgende onderafdeling belig.

5.6.3 Gesonde gesinne teenoor disfunksionele gesinne

5.6.3.1 Gesonde gesinne

1. Kenmerke van ’n gesonde gesin

’n Gesonde gesin (emosioneel, psigologies en geestelik) is juis wat ’n disfunksionele gesin *nie* is nie, volgens Harris (1995:191; Beavers 2003:317-339). Die vyf kenmerke van ’n gesonde gesin wat Harris uitlig, behels kortliks die volgende:

a) Gedemonstreerde liefde: volgens Harris kan liefde op verskillende Bybelse maniere betoon word. Die voorbeelde wat hy voorhou, is: “Selflessly (Ephesians 5:25), supportively (Galatians 6:1-2), empathetically (Romans 12:9, 15) and consistently (1 Corinthians 12:7-8a)” (a.w.:191). Voorbeelde wat bygevoeg kan word, is: voorbidding, belangstelling en ondersteuning. Na die navorser se mening is die toepassing van dissipline in diens aan God, van die uiterste belang met betoonde liefde.

b) Oop en direkte kommunikasie: Harris (aw.:192) stel dit dat elke gesinslid die vrymoedigheid moet hê om te sê wat hy of sy dink en voel, en dat sodanige kommunikasie met respek en bedagsaamheid gepaard moet gaan. Oop en direkte kommunikasie moet só wees dat kinders na hulle ouers kan gaan met lewensprobleme waaroor hulle moontlik skaam is. Goeie kommunikasie moet tydig en ontydig in die gesin gekoester of bewerkstellig word. Dis ’n kenmerk wat dui op openhartigheid teenoor mekaar.

c) Eenheid in verskeidenheid: binne die gesinseenheid het gesinslede ’n verskeidenheid gawes ontvang; daar is verskillende voor- en afkeure, geslagsverskille asook uiteenlopende persoonlikhede. Harris verduidelik: “A functionally healthy family is able through its demonstrated love and open and direct communication to understand, and even delight in the personality, capability, and interest differences of its various members” (aw.:192).

Die raakpunte tussen die lede binne die gesinseenheid is: taal, dieselfde ouers vir kinders (indien van toepassing), dieselfde geloof, ’n gesamentlike lewensreis, en ’n gedeelde geskiedenis. In hierdie ruimte behoort elke individu veilig en gelief te voel. Uit die konteks van die gesin beoordeel: indien die liefdesgebod (liefde vir God en die naaste) metafories met ’n vliegtuig vergelyk word, spreek dit vanself dat die eerste landingsplek by God en die tweede by die gesinslede is.

Gelowige gesinslede se benadering tot die liefdesgebod-aspek, *liefde vir die naaste*, geskied vanuit hulle posisie as deel van ’n gesin. Die liefdesgebod wat handel oor die naaste begin, met ander woorde, by ’n persoon se liefde vir die huweliksmaat en gesin. Van hierdie beginpunt af word verder aan ’n gesonde gesinstruktuur gebou, en kan die toepassing van die liefdesgebod van daar af na ander mense versprei.

d) Persoonlike privaatheid: Harris (aw:193) wys daarop: “Physical, emotional, and psychological boundaries are identified and set in place. In the healthy family these boundaries are respected.” Die oorsteek van fisiese, emosionele en psigologiese grense kan verband hou met die sondige optrede van die een gesinslid teenoor ’n ander. Respekvolle optrede teenoor ’n ander persoon (ouer, huweliksmaat, volwassene of kind) dui op liefde wat in die praktyk uitgeleef word. ’n Volgende voorbeeld wat Harris noem, is dat die huwelikspaar se houding van respek teenoor mekaar navolgenswaardig word vir die kinders in die gesin (aw.:193).

e) Persoonlike veiligheid. Wanneer die bogenoemde vier punte – (a) ’n gedemonstreerde liefde, (b) oop en direkte kommunikasie, (c) eenheid in verskeidenheid en (d) persoonlike privaatheid – as werklikheid in die gesin geld, moedig dit (e) persoonlike veiligheid aan (Harris 1996:193). Harris beklemtoon: “There can be a true physical, emotional, psychological, spiritual, and sexual safety for each of the family menbers. A lack of safety in any of these areas results in a fear basis for relationships and outlook” (a.w.:193).

Hoewel hierdie bogenoemde punte ’n sterk saak vir gesonde gesinne uitmaak, is daar tog ’n leemte. Die aspekte van geloofsbegronding, die Christelike geloof, en die

verbondsverhouding met God word nie met hierdie punte aangeraak nie. Die huidige navorsing wil juis ’n saak daarvoor uitmaak dat die Christelike geloofsbegronding en die opset van die verbondsgesin bydra tot verhoudingsnetwerke wat gesond en stabiel is, en ’n hoë kwaliteit toon.

Die Medenavorsers, wat in die hedendaagse, postmodernistiese era leef, se verhaling het punte belig wat dui op die kenmerke van ’n gesonde gesinstruktuur. Hierdie Medenavorsers is belydende gelowiges wat die Here dien. Hulle liefde vir die Here het duidelik in hulle verhale na vore gekom.

Die Medenavorsers beskou hulle huwelik as ’n heilige instelling van die Here (bv. A-A5) en ’n heilige verbintenis voor God (bv. A-A1). Wat verhoudingskwaliteit betref, behandel die egpare mekaar as “mens in eie reg”, volgens al die respondente. Wedersydse respek, openhartigheid, lojaliteit, en “die leef in waarheid teenoor mekaar” is sake wat vir al die Medenavorsers van belang is. Die kenmerke wat elkeen in ’n goeie huweliksverhouding sou wou sien, is “Liefde vir mekaar, respek en getrouheid” (Bylae A-A4); “Regtige, regtige liefde en regtige, regtige eerlikheid” (Bylae A-A2); “Liefde, respek, getrouheid, waarheid, kommunikasie” (Bylae A-A10); “Liefde, leef en laat leef en dieselfde kerkverband” (Bylae A-A5); en “Liefde, respek, vriendskap en daarmee samelopend – geborgenheid, ’n liefde vir God en sy Woord. Ook ’n gesonde seksuele verhouding” (Bylae A-A1). Die Medenavorsers het almal *liefde* as ’n belangrike kenmerk van die huweliksverhouding uitgelig.

Uit die bostaande blyk dat die Medenavorsers die verbondsverhouding met God as uiters belangrik beskou; dieselfde geld ’n persoonlike verhouding met God. Hulle gesinne is volgens hulle verstaan, verbondsgesinne.

Een van die punte wat Medenavorsers beklemtoon het, is die toepassing van vergifnis binne die gesinstruktuur (sien Bylae B, vrae 32-40 wat oor vergifnis handel). Wanneer verskille en konflik in die huweliksverhouding opduik, praat die egpare daaroor. Volgens al die Medenavorsers maak hulle nie voor die kinders rusie nie

(Beradingsvoorbeeld 1 [B-8] uitgesluit).[161] Medenavorser Linda (B-3) het byvoorbeeld op die vraag of hulle as egpaar voor die kinders rusie maak (Bylae B-27) geantwoord: "Nee, maar kinders kan dadelik spanning in die verhouding aanvoel." Die verhale van Medenavorsers wat gehandel het oor ervarings in hulle kinderdae (vgl. 2.12.2; 2.12.4; 2.12.5; en 2.12.6), het op gesonde tendense in die gesinslewe gewys maar ook op 'n destruktiewe sy.

Uit die voorafgaande verwysing na ouers se optrede wat aan die kinders oorgedra word, blyk die ouer se bydrae belangrik om 'n gesonde Christelike gesin te help vorm. Hierdie bydrae word vervolgens van nader beskou.

2. Die ouer se bydrae tot 'n gesonde Christelike gesin

Hier onder volg twee fokusse van Burns vanuit 'n interdissiplinêre perspektief, wat handel oor 'n ouer se bydrae tot 'n gesonde gesin (Burns 2007:102). Die eerste fokus is: 'n "A.W.E.[162] to-do list" (a) en die tweede, die "A.W.E. filled home" (b). Daarna volg 'n perspektief op die konsep van unieke uitkomste (c), wat 'n positiewe verskil in die gesinslewe kan maak.

(a) "A.W.E. to-do list"

Volgens Burns (2007:102) het die volgende drie punte betrekking op die ouers se optrede in die gesin:

- **Ouers moet konkrete liefde teenoor die kinders uitleef ("affection").** Wanneer kinders in die teenwoordigheid van hulle maats is, deins hulle gewoonlik terug van hulle ouers se soene en drukkies, tog bly die koestering van kinders belangrik (op die gepaste tyd en manier) (aw.: 102). Burns wys verder daarop: "... loving gestures of touch, along with words of affection and encouragement, will do wonders for your relationship" (a.w.:102). Hy verwys

[161] Tydens navorsing was die Medenavorsers geneig om eerder die positiewe sy van die huweliks- en gesinsverhoudings te beklemtoon.

[162] A.W.E. dui op "Affection, Warmth and Encouragement".

ook na navorsing oor die grootmaak van gesonde kinders, en dat ’n interessante feit hierin na vore gekom het:

> The happiest respondents – those who enjoyed their families, their jobs, and possessed a zest for living – shared one important characteristic: their parents have been warm and affectionate, generous with hugs, kisses, and playtime. It’s amazing, but the study indicated that the most important predictor of future happiness is not a good education or an upscale home, but physical closeness with parents (aw.: 102).

- **Ouers moet ’n gesellige atmosfeer in die huis skep (“warmth”).** Soos ’n kaggel in die sitkamer vir warmte en geselligheid aangesteek word, so moet die gesin ’n veilige hawe van warmte en geselligheid weerspieël. Deur hierdie warmte en geselligheid in die huis te skep, gee elke ouer se gesindheid die deurslag (aw.:104). Burns stel twee vrae aan ouers van kinders: “What type of attitude and warmth do you personally bring to the home? Does it feel welcoming and secure or is it a place of conflict?” (a.w.:104). Ouers se reaksies op hulle kinders is ook van uiterste belang en soms spoel ’n konfliksituasie wat die ouer ervaar het, oor in sy of haar reaksie teenoor die kind. Hierteenoor nooi ’n liefdesgesindheid die ander party nader.

- **Ouers moet hulle kinders aanmoedig (“encouragement”).** Wanneer opvoeding en die dissipline van kinders ter sprake kom, is die ouers se aanmoediging ’n groter motiveerder vir kinders as om skuld en skaamte op te roep (aw.:107). Om kinders aan te moedig is ’n daad van liefde, want Aanmoediging[163] wil die goeie in die mens bewerkstellig. Kinders reageer ook beter op ’n kompliment as op ’n kwaai, negatiewe reaksie teenoor hulle (a.w.:107). Burns verduidelik waarom ’n mens makliker aangetrek word na ’n persoon wat jou motiveer en inspireer. Met die toepassing van dissipline wil ’n ouer ’n nuwe, beter optrede by die kind aanmoedig, en nie die kind se gees in die proses knak nie (a.w.:108).

[163] Personifikasie volgens die narratiewe benadering.

Die volgende fokus van Burns (2007:108) oor die ouer se bydrae tot 'n gesonde gesin val op 'n "A.W.E. filled home".

(b) "A.W.E. filled home"

'n "A.W.E. filled home" hou verband met, (1) die ouer se betrokkenheid by die kind se lewe; (2) 'n gesindheid van dankbaarheid in die gesin; (3) speel; en (4) glimlag. Hierdie aspekte kan meewerk tot 'n gesonde gesinstruktuur, en word kortliks bespreek.

- **Ouers se teenwoordigheid:** dit maak 'n groot verskil in kinders se lewe indien ouers 'n teenwoordigheid by hulle sportbyeenkomste en ander aktiwiteite handhaaf (aw.: 109). Dit geld selfs in volwasse kinders se lewe: "Children regard your very presence as a sign of caring and connectedness" (a.w.:108). Die betrokkenheid van die ouer by die kind bou aan die verhouding tussen hulle.
- **Dankbaarheid:** 'n Huis wat met dankbaarheid gevul is, is 'n gelukkiger huis: "... whether it's called gratefulness or thankfulness, it's presence in the home and in our individual hearts is a choice" (a.w.:110). Dankbaarheid is ook bewustelik/onbewustelik op God gerig, vir elke goeie gawe uit sy hand.
- **Speel:** Wanneer gesinslede saam speel en pret het, dien dit tot opbou van die gesin as eenheid: "Play builds family memories. Play reduces family tension and stress. It encourages good communication and often provides opportunities for affirmation and support" (aw.:112). Enige gesinsaktiwiteite wat gerig is op ontspanning, pret ervaar, lag, en saam speel, is hier van toepassing. Hierdie aktiwiteite is 'n kernnoodsaaklik vir die bou van gesonde verhoudings wat met pret en ontspanning gepaardgaan.
- **Glimlag:** Om te glimlag dra 'n positiewe gesindheid oor. Burns verduidelik wat 'n positiewe ingesteldheid vir die gesin kan beteken:

  You can be an optimist even if you are naturally on the pessimistic side. An optimist is also a realist, but one who can find the good even in some pretty crummy circumstances. The tendency to be a wet blanket in just about any situation is what experts call 'dispositional pessimism.' This kind of attitude doensn't just ruin a good family time; it brings a negative spirit into the home that becomes as contagious as the

> flu. Optimists, as it turns out, do a better job in work, school, sports, and relationships. Optimists even live longer (aw.:112).
>
> Om ’n positiewe atmosfeer in die huis te skep, verg moeite. Die gesinslewe sal as gevolg van die sondeval nooit perfek wees nie, maar ’n keuse vir ’n positiewe eerder as negatiewe gesindheid, bring die goeie na die mens (a.w.: 113).

(c) Unieke uitkoms

’n Keuse vir die alternatief, teenoor positiewe ingesteldheid, kan neerslagtigheid, negatiwiteit, onbeskoftheid of foutvinderigheid na die mens bring. Die belang van ’n *unieke uitkoms* word in narratiewe berading/navorsing onderstreep, en in hierdie geval kan dit ook dien tot opbou van ’n gesin. ’n Unieke uitkoms dui op ’n gebeurtenis, woorde, gesindheid of gedagtes wat die volgende ervarings na vore bring: Hoop/ bemoediging/opheffing/opbou/inspirasie/geloof. ’n Unieke uitkoms is ’n verhelderende oomblik wat die mens se gees ophef en hom/haar hoop en moed gee. ’n Optimistiese ingesteldheid van ouers is, volgens ’n narratiewe betekenis, ’n unieke uitkoms. Dieselfde geld ’n glimlag, lag, opgeruimdheid, vrolikheid, vreugde, blymoedigheid, opgewek, uitbundig en blydskap. In die huweliksverhouding word humor ’n *unieke uitkoms* wanneer dit die spanning in ’n konfliksituasie help verlig.

Ter opsomming: Die studie het ’n gesonde gesin vanuit verskillende perspektiewe toegelig. Harris (1995:191) beklemtoon vyf punte van belang vir ’n gesonde gesin: (1) gedemonstreerde liefde, naamlik ondersteuning, hulp en versorging; (2) oop en direkte kommunikasie: onder meer omsluit deur respek en bedagsaamheid; (3) eenheid in verskeidenheid: gesinslede is verskillend, maar steeds ’n gesinseenheid; (4) persoonlike privaatheid: persoonlike grense gerespekteer; (5) persoonlike veiligheid: emosionele, fisiese, psigologiese en geestelike veiligheid. Die punte wat Harris maak, sluit egter die bydrae uit van die Christelike geloofsbegronding en die insette van die verbondsgesin tot ’n gesonde gesinslewe.

Burns (2007:102) lig drie punte uit oor ’n ouer se bydrae tot ’n gesonde gesin met sy “**A.W.E. to-do list**” (5.7.2.1(2). Die punte behels: (1) praktiese liefde (“affection”):

soen, druk en raak aan, op ’n gepaste tyd en manier – liefdevolle optrede hou goeie gevolge in vir die kind se volwasse lewe; (2) warmte (“warmth”): skep ’n gesellige atmosfeer in die huis, ’n veilige hawe vir gesinslede; (3) aanmoediging (“encouragement”): komplimenteer, motiveer en inspireer gesinslede. Hoewel hierdie punte praktiese aanwysings beklemtoon, vra die Christelike geloofsbegronding se teorieë (aanwysings) na praktiese uitvoering in die huweliksverhouding of verbondsgesin. Hierdeur kry verhoudingskwaliteit gestalte tot opbou van mense.

Die aspekte van ’n “**A.W.E. filled home**” (5.7.2.1(2) is volgens Burns (2007:108): (1) ouers se teenwoordigheid: byvoorbeeld by die sportveld wanneer die kind speel, as teken van omgee en verbondenheid; (2) dankbaarheid: die verskil vir die goeie in die huis; (3) speel: saamwees van die huisgesin terwyl hulle prettig speel (enige speel-aktiwiteite) bou onderlinge verhoudings; (4) glimlag: ’n positiewe gesindheid wat mense aantrek, en hulle daartoe bring om ook positief te wees.

Die narratiewe benadering se fokus op **unieke uitkomste** belig die moontlikhede wat geleë is in onder andere, gebeure, insette, gesindhede, handeling, woorde en keuses, wat tot die opbou van ’n gesin kan lei. Hierin kom die Christelike geloofsbegronding (as unieke uitkoms) ook ter sprake. Dit kan ‘n omvattende verskil in die gesin maak.

Burns se aanwysings dui op die ouer se betrokkenheid by die kind, en beskryf ’n soort gesindheid in die huisgesin wat tot opbou van die menswees van al die betrokkenes lei. Die Christelike geloofsbegronding word wel in die bogenoemde punte bevestig, al word dit nie noodwendig as “Christelik” herken nie. Wanneer die Woord dit stel dat liefde tot God en mens die belangrikste gebooie is, is bogenoemde punte, soos glimlag, dankbaarheid, betrokkenheid by mekaar, praktiese liefde, en aanmoediging, die nadere besonderhede van hierdie liefdesgebod.

Die teenoorgestelde pool van hierdie punte vind ’n mens in daardie opset wat as die “disfunksionele gesin” bekend staan. Dus word hierdie vorm van gesinne vervolgens ondersoek.

5.6.3.2 Disfunksionele gesinne

Dit is waar dat disfunksionele gesinne dikwels in die bogenoemde punte misluk, naamlik ’n gedemonstreerde liefde, oop en direkte kommunikasie, eenheid in verskeidenheid, persoonlike privaatheid en persoonlike veiligheid (Harris 1995:194). Die voorkoms van alkoholisme (Dolan & Nathan 2002:215-227), molestering, huweliksprobleme tussen die ouers, finansiële probleme en mishandeling maak die omstandighede binne die gesin verder problematies. Uit die verhaling van Medenavorsers asook die verhale van beradingsvoorbeelde 1-3, het duidelike boodskappe van disfunksionaliteit in die huwelik en gesin na vore gekom.

Beradingsvoorbeeld 1 (Bylae A-A8) was die geval van die getroude vrou se emosionele betrokkenheid met iemand anders by haar werk. Ná ’n hewige rusie tussen die egpaar het handgeweld teen die vrou gevolg (vgl. 2.11.7). Beradingsvoorbeeld 2 (Bylae A-A9) dra die verhaal oor van ’n 30-jarige man wat ’n probleem met pornografie gehad het (vgl. 2.11.8). Beradingsvoorbeeld 3 (Bylae A-A11) handel oor ’n Nederduits Gereformeerde lidmaat (vrou) wat by ’n sekte betrokke geraak het. Die sekte het onder meer gefokus op vloeke wat oor ’n mens se lewe uitgespreek sou wees (vgl. 3.3.3.1). In al drie hierdie gevalle het ’n vorm van disfunksionaliteit ’n teenwoordigheid in hulle lewe gehandhaaf. Daarom het die paartjies vir berading gekom. In al drie die gevalle het die Sonde/Leuen[164] op die een of ander manier ’n rol in hulle lewe gespeel. Die verskynsel van die sonde het soos volg afgespeel:

- Beradingsvoorbeeld 1 (Bylae A-A8): daar het ’n buite-egtelike verhouding ontwikkel. Dit het gelei tot jaloesie, wantroue en handgeweld van die man. Die woordewisseling het voor die kinders geskied. Rusies oor die gebeure, die betrokke gevoelens wat woordeliks gelug is asook en die verwerping en verwydering van mekaar het soms voor die kinders afgespeel. Hierdie gebeure het bygedra tot die verbrokkeling van die huweliksverhouding en uiteindelik egskeiding (2.11.7).
- Beradingsvoorbeeld 2 (Bylae A-A9): Die man het ’n probleem met pornografie gehad en het vir beradingshulp gekom (2.11.8).

[164] Personifikasie, volgens die narratiewe benadering.

- Beradingsvoorbeeld 3 (Bylae A-A11): Die vrou het die leuens geglo oor vloeke en dies meer wat die sekte verkondig het. Dit het tot erge verwarring (doolhof-denke) vir haar gelei (3.3.3.1(4).

'n Volgende medenavorser **Amanda** (Bylae A-A10) se verhaal het getuig van ambivalensie. Aan die een kant was daar 'n goeie kinderlewe gevul met musiek, die koekies wat haar ma voor Kerstyd gebak het en musiek in die huis. Aan die ander kant was Vernietiging[165] hard aan die werk in die huweliksverhouding om die egpaar by egskeiding uit te bring: hulle rusies was sodanig dat ou foto's in 'n stadium op die vloer beland en daar sprake van 'n egskeiding was. Die kinders was by tye getuies van die gebeure wat tussen die egpaar afgespeel het. In sulke omstandighede was die paartjie 'n disfunksionele egpaar, en ander kere het hulle as funksionele egpaar opgetree (vgl. 2.12.2). Die kinders het die disfunksionaliteit ervaar en deel daarvan geword.

Medenavorser Amanda (Bylae A-A10), het die volgende voorval uit haar kinderlewe teruggeroep: sy het as 12-jarige dogter saam met haar pa en ma by familie gaan kuier. By hierdie geleentheid het haar pa en sy broer alkoholiese drank ingeneem. Met die terugkeer huis toe het haar ouers hewig in die motor gebaklei. Met 'n volgende kuier by dieselfde familie, is die onverkwiklike gedragspatrone herhaal: die drinkery en haar ouers se hewige rusie op pad terug (vgl. 2.12.6). Destruktiewe gedragspatrone vind in hierdie geval 'n vastrapplek in die gelowige egpaar se lewe, want onverkwiklike dade word telkens herhaal. Een party kan nie aanklank vind by sommige gebeure wat tydens die huweliksverhouding afspeel, of by bepaalde optrede van die ander party nie. Dit kan lei tot bitterheid en kwade gevoelens van die een teenoor die ander. Hierdie gevoelens bemoeilik versoening van die egpaar se lewe saam op pad. Die eenheidsband van die huweliksverhouding word onder druk geplaas, omdat die een nie by die dade van die ander aanklank vind nie.

Amanda (Bylae A-A10) vertel 'n volgende verhaal wat op destruktiewe gedragspatrone in haar kinderlewe dui (vgl. 2.12.5). Haar pa en ma (en die gesin) was gereelde kerkgangers, maar die huweliksverhouding het by tye van 'n verwydering getuig. Haar ma het, volgens Amanda se vermoede, haar pa met 'n vriendin bespreek en sy het die

[165] Personifikasie volgens die narratiewe benadering.

afleiding gemaak dat die gesprek dislojaal teenoor haar pa was. Daarby het haar ma ook agteraf sekere besluite geneem sonder om haar pa in die saak te ken. Meer nog, die agterafbesluite het soms tot blatante leuens teenoor haar pa gelei. Die gesinslede het ook oor ’n spesifieke insident, onder aanwysing van die ma, onderling ooreengekom om ’n leuen aan haar pa te vertel:

Hierdie verhaal hou verband met Amanda wat as 14-jarige dogter deur haar ma toegelaat is om saam met ’n skoolseun na ’n sokkiedans te gaan, sonder haar pa se medewete. Die pa het ’n laat skof gewerk, en met sy aankoms by die huis het hy gevra of die jongman ’n vriend van een van die broers is, waarop almal bevestigend geantwoord het, aldus Amanda.

In die lig van die vertelling hier bo kan die volgende vraag gestel word: Wat sal daartoe lei dat ’n huweliksmaat haar aan dislojaliteit teenoor haar man skuldig maak (deur hom op ’n afbrekende manier met ’n vriendin te bespreek), asook om ’n leuen aan haar man te vertel en die kinders oor te haal om dieselfde te doen (vgl. 2.12.5)? Disfunksionaliteit kry ’n voet in die deur met die vrou se dislojaliteit teenoor die man, en deur leuens te vertel en die kinders aan te sê om saam te jok. Die Sonde[166] waarby mense deur hulle denke, woorde, gesindhede en keuses inkoop, was in hierdie geval suksesvol in die poging om verwydering tussen mense/gesinslede te bring. Daartoe het die *mens se samewerking* met die probleem genaamd Verwydering[167] ’n rol gespeel: die vrywillige samewerking van ’n vrou; en sy sê haar kinders aan om saam te jok. In hierdie huweliksverhouding/gesinslewe word, metafories gesproke, ’n bord geplant waarop staan: *Disfunksionele gesin in ontwikkeling*.

Ter opsomming: die verskynsel van disfunksionele gesinne is belig. Hierin is gefokus op die verhale van Medenavorsers wat gelowiges is. In disfunksionele gesinne word onder meer gedrag (sondige praktyke) ten toon gestel wat die huweliksverhouding/gesin/gesinslewe ondermyn. Hierdie werklikheid van ondermynde gesinslewe het gegeld vir sommige van die verhale wat Medenavorsers oor hulle ervarings van die gesinslewe oorgedra het.

[166] Personifikasie volgens die narratiewe benadering.
[167] Personifikasie.

Die volgende hoofstuk (6) sal die lig laat val op alternatiewe interpretasies[168] oor verhoudingskwaliteit in die huweliks- en gesinsverhoudings binne ’n postmodernistiese paradigma. Hieronder val ’n bespreking oor die nuwe verbond en wat dit behels. Dit dien as agtergrond vir die nadere ondersoeke oor die Christelike huwelik en verbondsgesin wat daarna sal volg. Alternatiewe interpretasies, wat met God verband hou, sal ontleed en bespreek word, na aanleiding van die navorsingsinligting wat ingewin is. Die verhale, navorsingsinligting, interdissiplinêre ondersoek, die Skrif en die gedagtes van die navorser sal byeengebring word. Die mikpunt is om alternatiewe interpretasies ter afsluiting van die studie te kan voorstel.

[168] Die proefskrif is gegrond op die model van J.C. Müller (2005:82-86) soos gestel in sy artikel “A Postfoundationalis, HIV-positive Practical Theology”. *Practical Theology in South Africa.* 20(2), 72-88.

HOOFSTUK 6

ALTERNATIEWE INTERPRETASIES OOR VERHOUDINGSKWALITEIT IN HUWELIKS- EN GESINSVERHOUDINGS BINNE 'N POSTMODERNISTIESE PARADIGMA

6.1 INLEIDING

Die **oorkoepelende navorsingsvraag** was (sien 1.3.1):

> *Watter uitwerking kan 'n nuwe verstaan/alternatiewe interpretasie van die aard van die Christelike huweliksverhouding (en gesinslewe) hê op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin binne 'n postmodernistiese paradigma?*

Die volgende subvrae wat uit bogenoemde oorkoepelende vraag voortvloei, word in hoofstuk 6 ter sprake gebring (sien 1.3.1.1 [navorsingsvrae 5, 6 en 7]):

5. Watter perspektiewe bied die Skrif oor die implikasies van die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die huweliksverhouding en voortvloeiend daaruit in die gesinslewe?
6. In hoe 'n mate kan die herstelde verbondsverbintenis *met God in Christus* tot 'n kenmerkende kwaliteit vir die huweliks- en gesinsverhouding/s lei?
7. Watter alternatiewe interpretasies kan as resultaat van hierdie studie ontstaan oor verhoudingskwaliteit in Christelike huweliks- en gesinsverhoudings binne 'n postmodernistiese paradigma?

Bogenoemde **navorsingsvraag 5** handel oor die verbond (veral die gestalte van die nuwe verbond soos dit in die Nuwe-Testamentiese bedeling na vore kom), die verbondskonteks, en die implikasie daarvan vir kwaliteit van verhoudings binne die huwelik en die gesinslewe. In antwoord op hierdie vraag word die verbond en

verbondskonteks vanuit die Skrif toegelig en daarna word die implikasie van die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die huwelik en gesin bespreek.

Navorsingsvraag 6 vind aansluiting by navorsingsvraag 5 en brei verder uit op die tema van die verbondskonteks/-verbintenis. Die fokus is op die plek van die herstelde verhouding met God in Christus, en hoe dit kan bydra tot ’n kenmerkende kwaliteit in die huweliks- en gesinsverhoudings.

Navorsingsvraag 7 handel oor die alternatiewe interpretasies, wat as resultaat van hierdie studie kan ontstaan, oor die kwaliteit van die Christelike huweliks- en gesinsverhoudings binne ’n postmodernistiese paradigma. Daar word in *terugskouing* na die verskillende perspektiewe op die navorsingstema gekyk. Die toekomsverhaal in *vooruitskouing* en vanuit ’n Christelike beskouing kom ook ter sprake. Die belang van die nuwe verbond vir Christenskap en die huweliksverhouding/gesinslewe word belig. Navorsingsvrae 5-7 asook die oorkoepelende navorsingsvraag, kom hierna aan die orde. Die oorkoepelende navorsingsvraag bind navorsingsvrae 5-7 saam, met ’n fokus op die verbond.

6.2 PERSPEKTIEWE UIT DIE SKRIF OOR DIE IMPLIKASIE VAN DIE VERBONDSKONTEKS VIR VERHOUDINGSKWALITEIT IN DIE HUWELIK EN GESINSLEWE

6.2.1 Inleiding

Die bespreking van bogenoemde navorsingsvraag 5,[169] *“Watter perspektiewe bied die Skrif oor die implikasies van die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die huweliksverhouding en voortvloeiend daaruit in die gesinslewe?”* volg hierna.

Narratiewe navorsing ontwikkel in hierdie hoofstuk alternatiewe interpretasies op die navorsingstema, “Die uitwerking van die Christelike huweliksverhouding op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin in ’n postmodernistiese paradigma – ’n

[169] Sien 1.3.1.1 (navorsingsvraag 5).

Narratiewe pastorale ondersoek." Tydens hierdie ontwikkeling fokus die benadering op die Klimaks- en Slotverhaal (C en E van die ABDCE-model; Müller *et al.* 2001:76-96), wat die navorsingsverhaal na vore bring. Die navorsingsverhaal in die huidige studie is bykans uitgespeel. Die navorsingsverhaal oor die Christelike huwelik se uitwerking op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin is uit verskillende perspektiewe toegelig. Wanneer verskillende verhale bymekaar gevoeg word, mekaar herhaal en aanvul, word 'n nuwe verhaal met moontlike alternatiewe interpretasies gebore.

Hoofstuk 6 handel oor die Klimaks ("Climax" – C) en die Slot ("Ending" – E) van die navorsingsverhaal. Deur die Klimaks word die plot van die verhaal toegelaat om tot 'n hoogtepunt te ontwikkel. Die gespreksgenote tydens die navorsing was: die **Praktyk**, kanonieke **Bybel**, **Teologiese geskrifte**, **Buite-Bybelse geskrifte**, **Medenavorsers** en die **Navorser** self. Alle Bybelse aanhalings word gedoen uit die NAV/1983, tensy anders vermeld.

Müller *et al.* (2001:89) verduidelik oor die Slot ('Ending' – E):

> The research process equals the writing of a story, the creating of a book. It involves many of the stories of those involved: the clients; the families; the researchers; the patients; the church members. But the research process is not only a mere reflection on those stories; it is always a new writing. Research creates it's own story with new possibilities. Therefore, narrative research doesn't end with a conclusion, but with an open ending, which hopefully would stimulate a new story and new reseach.

Vervolgens word die nuwe verbond se inhoudelikheid bespreek. Dit dien as agtergrondverhaal vir die res van die hoofstuk en verskeie perspektiewe wat volg. Die perspektiewe handel oor die implikasie wat die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die huwelik inhou, en daaruit voortvloeiend, ook vir die gesinslewe. Hierin, kan *alternatiewe interpretasies* na vore kom oor die volgende sake: die Christelike huweliksverhouding, verhoudingskwaliteit, die verbondsgesin, verbond, God asook die gelowige se rol in die verbond.

6.2.2 Bybelse perspektiewe met die klem op die nuwe verbond

6.2.2.1 Wat ’n verbond behels

In die navorsingsgeval word daar op die nuwe verbond tussen God en mens gefokus. Williamson (2007:40) noem verskillende voorbeelde in die Ou Testament, waar ’n verbond tussen God en die mens ter sprake gekom het. God se verbond met: Adam (Gen. 6:18); Noag (Jes. 54:9); Abraham (Gen. 17:2); en Israel (Eks. 19:5). Die nageslagte van elke spesifieke persoon is ook by hierdie verbond ingesluit. Die verbond tussen God en mens dui op ’n bepaalde verstaansverhouding tussen die genoemde partye. Dit is ’n “gemeenskapsverhouding waarin die element van wederkerigheid van wesenlike betekenis is” (Heyns 1999:216). In hierdie gemeenskapsverhouding is daar nie sprake van ’n gelykwaardigheid tussen God en die gelowige nie, omdat God die Skepper met die mens in ’n verbondsverhouding tree (a.w.:216). Aangesien die verbond met die mens God se inisiatief is, het Hy die verbond se inhoud voorsien. God het met die verbond sekere beloftes aan die mens gemaak, asook sekere verpligtings aan die mens opgedra (a.w.:216). Heyns (1999:202) wys verder daarop:

> Daarom is die verbond monopleuries na sy oorsprong [God het die inisiatief geneem - R K] en dupleuries in sy bestemming [verbond met die mens – R K]. Die mens is in die verbondsverhouding nie passief nie, maar in die hoogste mate aktief. Hy moet Gods beloftes aanvaar en Gods bevele gehoorsaam. En tog kan die mens nooit ’n selfstandige en van God onafhanklike bydrae lewer tot die instandhouding van die verbondsverpligtinge nie. Om ook te kan doen wat die mens in die wederkerigheid van die verbond, verplig is om te doen, is die mens volledig van God afhanklik.

Daarom behoort hedendaagse gelowiges (huweliksmaats ingesluit) deeglik te weet wat die betekenis, inhoud, beloftes, en verpligtings van die verbond behels – sodat hulle in gehoorsame afhanklikheid van God die riglyne van die verbond kan uitleef.

Gentry en Wellum (2012:648 e.v.) noem drie wesenlike sake rakende die verbond: (1) Jesus se koms het die nuwe verbond in werking gestel; (2) elke *gelowige in Christus* ontvang onder hierdie nuwe bedeling die Heilige Gees; en (3) die belofte van volkome

vergifnis van sonde het ’n werklikheid geword vir dié wat in Christus is. Hierdie voorbeelde onderskryf die erns en impak van die verbond vir hedendaagse gelowiges. Ingrypende gebeure – soos Jesus se koms, die teenwoordigheid van die Heilige Gees[170] in elke gelowige, en volkome vergifnis van sonde met Jesus se koms – kan nie nonchalant eenkant toe geskuif word nie. ’n Grootse gebeurtenis, met geweldige impak en ingrypende gevolge, het met Jesus se koms/kruisiging plaasgevind. Die vraag is: wat doen hedendaagse gelowiges met hierdie feite? Het die verbondsverhouding die gewenste impak in die lewe van hierdie gelowiges asook in die lewe van hulle gesinne?

Verskillende fasette van die verbond word vervolgens uiteengesit, om sodoende ’n beter verstaan daarvan te probeer vorm.

6.2.2.2 Die verband tussen die ou en die nuwe verbond

Die vraag kan gevra word: is daar ’n verband tussen die ou en die nuwe verbond en, indien wel, hoe verstaan mense hierdie verband? Daar is verskillende perspektiewe op hierdie verband tussen die ou en nuwe verbond. Gentry en Wellum (2012:62) verduidelik dit soos volg:

> ... under the old covenant, the covenant of grace was administered through various promises, prophecies, sacrifices, rites, and ordinances (e.g. circumcision) that ultimately typified and foreshadowed the coming of Christ. Now, in the light of our Lord’s coming and work, the covenant of grace is administered through the preaching of the Word and the administration of the sacraments. But in God’s plan there are not two covenants of grace, one in the Old Testament and the other in the New Testament, but one covenant differing in substance but essentially the same across the ages.

Heyns (1999:200) bevestig dit ook dat daar slegs een verbond is: “Soos daar één God, één verkiesing, één Middelaar, één Heiligmaker en één geloofsvolk is, só is daar één verbond” (a.w.:200).

[170] Uitstorting van die Heilige Gees.

Heyns verduidelik die verskillende gestaltes, fasette of bedelings van hierdie één verbond soos volg:

> In die voortgang van die één verbondsgeskiedenis, is dit die deurgaande handelinge van God met mense, en die reagerende handelinge van mense ten opsigte van God, wat ’n konstante struktuur verseker. Wat by verskillende geleenthede met verskillende persone – individue en of groepe gebeur, is nie ou verbonde wat beëindig of nuwe verbonde wat begin word nie, maar dieselfde verbond wat andermaal herhaal, bevestig en opnuut uitgewerk word. Hoe groot die verskille ook al mag wees – en dit mag sekerlik nie ignoreer word nie – van ’n selfstandige bestaan wat elke verbondsluiting op sy eie sou voer, is daar nie sprake nie. Hoogstens kan ons praat van verskillende gestaltes, fasette of bedelinge wat die één verbond, in sy heilshistoriese ontwikkelingsgang, deurmaak (aw.:200).

Die tema van die verbond loop dwarsoor die Woord. Williamson (2007:29) wys daarop: “... the concept looms large at important junctures throughout the Bible. It underpins God’s relationship with Noah, Abraham, Israel, the Levitical priesthood and the Davidic dynasty. It is also used with respect to God’s relationship with the reconstituted ‘Israel’ of the future.”

Daar is ’n onlosmaaklike band tussen die Ou en Nuwe Testament wat die verbondstema betref. Hoewel die verbond soms van spreekwoordelike kleur verander om die bepaalde tydstip se mense aan te spreek, is dit steeds *een* verbond met ’n beginpunt in die Ou Testament, wat *voortduur* in die Nuwe Testament, tot vandag toe. Israel het wel die verbond verbreek wat God by die berg Sinai met hulle gesluit het (Eks. 19). Tog kom God later weer by ’n punt waar Hy ’n verbondsverklaring maak teenoor iemand soos Dawid, wat Hom waarlik wil dien. God wíl in ’n verbondsverhouding met iemand staan wat Hom van harte wil dien, liefhê, aanbid en na sy wil vra. God wil ’n verbintenis behou met diegene wat God se betrokkenheid en teenwoordigheid verwelkom, Hom om hulp vra, en ook vrywillig in sy teenwoordigheid wil wees. Van God se kant af wil Hy die mens in die verbondsverbintenis versorg, bystaan, liefhê, seën, beskerm, lei, bemoedig, ondersteun, en van sonde verlos. Om hierdie rede soek God ’n innige verbondsverbintenis met sy dienaar.

6.2.2.3 Die verbond is deur God geïnisieer

Die ou en nuwe verbond is deur God geïnisieer en druk ’n heel persoonlike verhouding uit tussen God en die mens: dié van Skeppergod met skepsel. Nel (2001:14) beklemtoon: “Uit die Bybel is dit duidelik: God het die mens geskep en het Hom vir altyd aan hierdie eiendom van Hom verbind. Hoe die mens ook al weerbarstig die Skepperhand deur eeue heen probeer wegklap, God bly aan sy Skepperseie getrou.” Met Jesus se menswording/kruisdood/opstanding neem die nuwe verbond ’n aanvang en steek God weer sy hand uit na die mense wat verlore is in hulle sonde, volgens die getuienis van die Woord. God neem weereens die inisiatief en tree vir die mense in nog voordat hulle daarna kon vra. Redding en verlossing word ’n uitnodiging en ’n geskenk aan dié wat God na Homself toe roep, dié mense wat omdraai en na God toe kom om Hom te aanbid. Al het Jesus opgevaar, het die werk waarin God die inisiatief en leiding geneem het, steeds voortgegaan. Hierin is die Heilige Gees die Voorloper.

God wil steeds mense na Hom toe trek: die gebrokenes, treurendes, hooploses, gekneldes, verontregtes, uitgeworpenes, dié in bannelingskap, die nie-geliefdes, of mense wat water in “gebarste waterbakke” hou (Jer. 2:13) (Bybel 1983). Dit sluit in: die aanhangers van afgodediens, diegene wat onder die juk van voorvadergeeste leef, mense wat hoop dat die “tweede” of “derde” lewe beter sal wees as die huidige een, mense wat die eerste koms van die Verlosser verwag, en diegene wat herhaaldelik op ’n dag ’n versinsel aanbid. ’n Hartsaak vir God, is sy verbondskinders. Hierdie mense het na God toe gekom, soos die tollenaar waarvan Jesus in Lukas 18:9-14 (Bybel 1983) vertel – met ’n opregte hart. Hulle is deel van God se verbondsvolk en sy Gees woon in hulle. Die verbintenis tussen God en sy kinders strek verder as wat die menslike verstand kan begryp.

6.2.2.4 Die nuwe verbond en Christus

Oor die nuwe verbond deur Christus kan die Johannes-Evangelie in drie hooftemas gedeel word:

(1) Jesus is die Messias, die Seun van God.

(2) Christene lewe vir ewig in die gesin van God.
(3) Die kerk staan onder leiding van die Gees (Van der Watt 1999:1316).

'n Deurstap deur die Johannes-Evangelie laat die leser nie onaangeraak nie. Een van die hooftemas handel oor Jesus wat 'n Mens tussen mense geword het. Van Hom word gesê dat Hy reeds in die begin by God was en dat alles deur Hom tot stand gekom het (Joh. 1:2-3). Met die *leestog* deur die Boek Johannes, leer mense meer van Jesus se wonderdade en sy woorde wat gespreek het van empatie en liefde vir die mens asook sy erns oor God se saak. Stap 'n mens verder in die Johannes Evangelie, leer jy baie van *Jesus se identiteit* uit sy optrede. In heelwat gevalle lees dit soos 'n outobiografie.

Deur die verkondiging/lees van hierdie Evangelie, sou vele mense 'n beter begrip kry van die koninkryk van God en Jesus se groot rol daarin. Burger (2008:47 e.v.) beskryf John Owen (1616-1683) se siening oor drie verskillende momente van Jesus se verhaal wat – benewens die kruisverhaal – vir Christene belangrik is:

(1) Jesus se menswording;
(2) Jesus se gehoorsaamheid aan God tydens sy aardse lewe; en
(3) die werk van Christus ter wille van die hele skepping. Hy het God die Vader verteenwoordig, en God se goedheid, genade en mag – met die oog op herskepping – aan die mense gekommunikeer (a.w.:47 e.v.; Kraft 2001:193-196).

In God se plan van redding vir 'n verlore mensdom het Jesus op aarde 'n grootse rol gehad om te speel,[171] en steeds vandag, speel Hy as Here 'n belangrike rol in die lewe van God se kinders. Mense sou ook begelei word in die verstaan van Jesus se kruisiging en God se plan van redding vir 'n verlore mensdom.

[171] Jesus se groot rol het ingesluit: Sy menswording (Joh. 1:1-16), God aan mense bekend gestel (Joh. 3:16), Sy tyd, energie, opoffering, genesing van mense (Mark. 7:31-37), verlossing van sonde (Luk. 19:1-10), opdragte wat mense moes hoor, Woordverkondiging, roep van dissipels, wonderwerke doen (Joh. 6:15), openbaarmaking van die geheimenisse rondom die koninkryk van God (Joh. 5:22-40), sy kruisiging en opstanding (Luk. 23 en 24). Die omvattende werk van die Christus strek veel wyer as hierdie voorbeelde.

Die plan kan soos volg uiteengesit word:

"Die oomblik het aangebreek ..." Die Gestuurde van God word onskuldig gekruisig. Midde in God se eie skepping met na-sy-beeld-geskapenes wat rondom Hom toekyk, vind Jesus se kruisiging plaas. Haat en die kwaad het die mens tot hierdie daad gedryf. Dit wil voorkom asof dit die laaste woord sal spreek en uiteindelik die oorhand kry ...? Tog, al spel die werklikheid voor hande tragedie, word Jesus se kruisdood uiteindelik God en gelowiges se triomf! Jesus se vrywillige, gehoorsame neerlê van sy mens geworde lewe beteken uiteindelik verlossing vir God se uitverkore volk. Die sigbare aardse werklikheid van die kruisiging én God se onsigbare werklikheid en heilsplan speel terselfdertyd af. In die donker oomblikke van Jesus se dood het God se nuwe tyd aangebreek. Die gebeure wat voor oë afgespeel het, het toe nie die ware betekenis van die daad oorgedra nie. Eers mettertyd sou die waarheid van God se liefde vir die verlore mens wel bekend word ... (R K).

Du Rand (2003:678) stel dit dat Jesus altyd in beheer gebly het van sy (aardse – R K) situasie en dat hy 'n verheerlikingsdood gesterf het. "Die lyding en kruisiging is waar God se liefde en die sondaar se nood bymekaarkom" (a.w.:678). Wright (1996:610) se siening brei hierop uit:

> Unlike his actions in the Temple and the upper room, the cross was a symbol not of praxis but of passivity, not of action but of passion. It was to become the symbol of victory, but not of the victory of Caesar, nor of those who would oppose Caesar with Caesar's methods. It was to become the symbol, because it would be the means, of the victory of God.

Oor Jesus se lewe en kruisiging bevestig Heyns (1999:214) "... Jesus verkondig nie alleen die seëninge van die (nuwe – R K) verbond nie, Hy verwerf dit ook deur sy gehoorsaamheid tot die dood." Christus is die Een wat die deur oopgemaak het op God se genade vir mense wat in hulle sonde verlore was. Die nuwe verbond het *in Christus 'n werklikheid* geword en was die beginpunt vir die Christelike kerk. Vir Nuwe-Testamentiese gelowiges is die verbond in die Ou Testament 'n agtergrondspeler, en die nuwe verbond in die Nuwe Testament 'n voorgrondspeler binne die verhaal van God met mense. Nuwe-Testamentiese gelowiges leef in die ruimte van die nuwe verbond, waarvan Christus die Middelaar tussen God en mense is (Hebr. 8:6).

In die Nuwe Testament (nuwe verbond) word getuienis gelewer oor die nuwe bedeling in Christus[172] wat aangebreek het. Dit het die volgende implikasies: die ware lewe is slegs in Christus te vind; God se liefde vir die verlore mens het die offer van sy Seun geverg; die gawe van die Heilige Gees word gegee aan dié wat in Christus as die Verlosser glo; en gelowiges kan, volgens God se belofte, uitsien na die ewige lewe by God. Die Nuwe Testament lewer ook getuienis oor die werklikheid en kenteken van 'n nuwe lewe in Christus, en wat dit behels om onder die nuwe verbond te leef.

Die vraag wat uit die bostaande voortvloei, is: Watter impak het die heilsopenbaring *in Christus* in die lewe van Christenhuwelikspare wat verhoudingskwaliteit betref? Is dit 'n geval dat die heil in Christus, wat gelowiges hier en nou kan ervaar, wel in hulle verhoudings deur denke, woorde, dade en gesindhede vrygestel word? Of: Volg hulle die sonde-aanwysings met hierdie lewensaspekte totdat daar niks van 'n sinvolle verhouding oorbly nie? God het gelowiges *in Christus* vrygemaak sodat hulle in hierdie vryheid kan bly leef. Dit beteken dat hierdie gelowiges – huweliksmaats ingesluit – nie gebonde aan die sonde sal leef nie, maar *vry in Christus* met hulle denke, optrede en gesindhede wat hierdie vryheid onderstreep. Met ander woorde, dit beteken dat hierdie lewensaspekte die nuwe lewe in Christus sal weerspieël.

6.2.2.5 God sluit kinders en volwassenes by die verbond in

Artikel 34 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (GKSA 2004:33) verduidelik die implikasies van die verbond vir volwassenes sowel as kinders:

> Christus het sy bloed nie minder vir die reiniging van die gelowiges se kindertjies as vir die volwassenes vergiet nie. Daarom behoort hulle die teken en die sakrament [Die heilige doop – R K] te ontvang van wat Christus vir hulle gedoen het, soos die Here in die wet beveel het om hulle kort na die geboorte deel te laat hê aan die sakrament van die lyding en sterwe van Christus deur vir hulle 'n lam te offer wat 'n sakramentele

[172] Die nuwe verbond: "Met die koms van Jesus sluit God 'n nuwe verbond met sy gelowige volk deurdat Hy deur die bloed van Jesus versoening doen vir die sonde en die weg van genade open. Christus word die Middelaar van 'n nuwe verbond of testament (Hebr. 8:6; 9:15; 12:24). Hierop sinspeel die instelling van die nagmaal (Luk. 22:20). In die nuwe testament (= nuwe verbond!) blyk dat God sy verbond met Abraham en Israel nie verbreek het nie. Dit word nou net uitgebrei tot gelowiges ook uit ander volke. Niemand wat die verbond van die bloed minag, sal aan die oordeel van God ontkom nie (Hebr.10:20)" (Bybel 1983:377).

> heenwysing na Jesus was. Buitendien doen die doop aan ons kindertjies dieselfde as wat die besnydenis aan die Joodse volk gedoen het; dit is die rede waarom die heilige Paulus die doop '... die besnydenis deur Christus ...' noem (Kol. 2:11) (Bybel 1983).

Dit is duidelik uit die *verbondsverpligting* van die besnydenis in die Ou Testament asook die doop, wat die besnydenis in die Nuwe Testament vervang het, dat kinders ook in die verbond ingesluit word. In Jesus se opdrag aan die dissipels in Matteus 28:16-20 (Bybel 1983) word 'n paar verbondsoogmerke uiteengesit. Dit geskied teen die agtergrond van Jesus Christus se mag en die belofte van sy teenwoordigheid by gelowiges tot die voleinding van die wêreld. Hierdie oogmerke is:

- Verkondig die Woord (vers 19). Omdat die Heilige Gees in gelowiges woon, volg verkondiging van die Woord vanselfsprekend. Prakties beteken dit byvoorbeeld om 'n mens se eie kinders volgens God se aanwysings te onderrig en te laat onderrig. 'n Verdere voorbeeld van Woordverkondiging kan wees om 'n mens se eie kinders teen die invloed van die kwaad te waarsku.
- Doop die mense wat Jesus as Verlosser aangeneem het, in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees (vers 19). Gelowiges is reeds in die Naam van God Drie-enig gedoop; die praktiese implikasie is om vanuit hierdie verbondswerklikheid in die wêreld te gaan leef. Die doop veronderstel 'n nuwe leefwyse: in diens van God.
- Leer hulle om alles[173] te onderhou wat Jesus beveel het (vers 20). Hierdie opdrag het die dissipels destyds uitgevoer en selfs *God se onderrig* te boek gestaaf. Baie van hulle geskrifte is uiteindelik in die kanonieke Bybel opgeneem vir almal om te lees.

Kinders van gelowiges word by God se verbond ingesluit. God se verbond met Abraham is 'n goeie voorbeeld hiervan en is die basis vir die toekomstige gelowiges se inwyding in God se verbond. Vos (1999:34) verduidelik dit soos volg: "... dit is nie net grootmense wat kan glo nie, kinders kan ook glo." En indien kinders bekend gestel kan word aan die waarheid van die verbond waarin hulle reeds staan, sal geloof die natuurlike gevolg wees omdat die Heilige Gees die geloof in klein of groot aanwakker.

[173] Verbondsvereistes soos, onder meer, liefde vir God en die naaste (Mark. 12:29-31). (Bybel 1983).

6.2.2.6 Die nuwe verbond en die sakramente[174]

Die verband en eenheid tussen die ou en nuwe verbond is reeds by ’n vorige punt (6.3.1.2) verken. Die sakramente, doop en nagmaal, wys heen na die nuwe verbond. Heyns beskryf ’n sakrament soos volg:

> Soos die Woord wys ook die sakramente heen na die offerande van Christus aan die kruis, maar anders as die Woord kan die sakramente nie geloof in die hart van die mens werk nie, dit versterk alleen die geloof wat deur die Woord in die hart van die mens geplant is. Daarmee is die sakramente nie van hulle belangrike betekenis beroof nie, maar alleen binne perspektief geplaas. Hulle kom nie vóór of bó die Woord nie, maar ná die Woord, maar dan moet hulle inderdaad ook ná die Woord kom omdat hulle ingestel is, nie omdat die Woord self ongenoegsaam of onduidelik is nie, maar ter wille van die swakheid van ons mense: deur die sakramente as die ‘sigbare Woord’ kan mense **beter** verstaan en **beter** glo. Die kerk wat hom nie by hierdie sakramente hou nie, is nie gehoorsaam aan die Woord nie. (Heyns 1992:344).

Vos (1999:20) beklemtoon oor die sakrament van die nagmaal: “In die sakrament van die nagmaal sien ons, voel ons en proe ons die verlossing. Op hierdie manier belowe en skenk die Woord en die sakrament aan ons verlossing. Om egter verlossing te *ontvang*, veronderstel geloof by ons.” Dieselfde geld die doop, hoewel die dopeling – wat as baba gedoop word – nie die geleentheid kan onthou nie. Nogtans bly die doop geldig, want God is by die dopeling betrokke. Artikel 33 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (GKSA 2004:32) verduidelik dat God die sakramente ...

> ... by die Woord van die evangelie gevoeg [het] om vir ons uitwendige sintuie des te beter voor te stel wat Hy ons deur sy Woord te kenne gee en wat Hy inwendig in ons hart doen. So bekragtig Hy in ons die heil wat Hy aan ons meedeel. Dit [die doop en nagmaal – R K] is immers sigbare tekens en seëls van ’n inwendige en onsigbare saak, en deur middel daarvan werk God in ons deur die krag van die Heilige Gees.

[174] Volgens die Gereformeerde beskouing is daar twee sakramente: die doop en die nagmaal. Artikel 33 van Die Nederlandse Geloofsbelydenis (GKSA 2004:32) stel dit soos volg: “… die aantal sakramente wat Christus, ons Meester, vir ons ingestel het en wat slegs twee is, naamlik die sakrament van die doop en van die heilige nagmaal van Jesus Christus.”

Verderaan bely Artikel 33: die sakramente se "waarheid is juis geleë in Jesus Christus, sonder wie hulle geheel en al betekenisloos sou wees" (GKSA 2004:32). Dit is belangrik om te noem dat die sakramente van die doop en die nagmaal nie 'n "selfstandige, magiese werking los van God se verlossingswerk" het nie (Vos 1999:20). "Dis nie asof die brood en die wyn, of die doopwater, in sigself vir ons verlossing bring nie. Ons moet dit in *geloof* ontvang. Die verlossing wat in die sakramente aan ons beloof word, word deur ons in *geloof* ontvang" (a.w.:20). Indien ons nie die verlossing in geloof aanneem nie, het die Woord/sakramente geen betekenis vir ons verlossing nie (a.w.:21). Vos beklemtoon verder: "As ons die sakramente met ongeloof verwerp, is dit 'n krag wat oordeel soos vuur laat gloei" (a.w.:21). Gelowiges ontvang die sakramente – wat heenwys na Christus se verlossingsdaad – in geloof omdat hulle die waarheid daarvan omhels het. Hiertoe help die Heilige Gees die gelowiges. Ongeloof[175] daarenteen wil dat mense hulle rug op God draai.

Artikel 33 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (GKSA 2004:31) stel dit sterk: "Ons glo dat ons goeie God, omdat Hy rekening hou met ons stompsinnigheid en swakheid, die sakramente vir ons ingestel het om sy beloftes aan ons te beseël, tekens van sy goedheid en genade teenoor ons te wees en om ons geloof te voed en in stand te hou." Die sakramente is ook as sodanig 'n belydenis van geloof, volgens Calvyn (a.w.:23). Die gelowige wat nagmaal gebruik (en sy of haar kinders laat doop), sê daarmee onomwonde: "Ek glo ..." (a.w.:23).

Jesus se koms en kruisdood word verbind met die nuwe verbond wat God sluit met *elke* mens wat Jesus as sy of haar Verlosser aanneem. Die sakramentele doop en nagmaal, waarin die verloste mens volledig deel het en ook aan *deel*neem, word met Jesus se offerdaad verbind.

Vervolgens, 'n perspektief op die verbond waarin die perspektiewe van navorsings-gespreksgenote oor die belang van 'n persoonlike verhouding met God toegelig word.

[175] Personifikasie vanuit die narratiewe benadering.

6.2.2.7 Die nuwe verbond wys heen na ’n persoonlike verhouding met God

Die gespreksgenote tot die navorsing, **Medenavorsers**[176], die Praktyk, die kanonieke **Bybel, Teologiese –** en **Buite-Bybelse Geskrifte,** asook die **Navorser** het tot die inligting in die navorsingsverhaal bygedra. Die inligting van hierdie gespreksgenote het verskillende perspektiewe gebied op die nuwe verbond en ’n persoonlike verhouding met God. God is ’n persoonlike God vir elkeen van sy kinders, daarop dui die persoonlike verhouding wat God met elke gelowige aanvoer en in stand hou. Die gespreksgenoot tot die navorsing, die Woord, maak hierdie waarheid duidelik. Barnard (2009:68) bevestig:

> Die God wat ons ken, is nie ’n stom afgod of ’n blinde natuurkrag of ’n onpersoonlike idee wat nie kan praat, nie sy wil en gevoel kan bekend maak nie. Hy is God wat met ons praat. Hoe ‘praat’ God? Ons word aangespreek deur God wat in ons taal en in ons wêreld ingaan en só met ons saam is. God verkeer ook innerlik met ons deur die stroom indrukke en gedagtes wat Hy deur sy Gees uit die Skrif in ons hart werk. God werk veral direk op ons hart in deur sy Gees om te glo, geestelik te leef en te bid.

Vir God om ’n verbond met die mens te sluit, veronderstel naderkom, uitreik, en om ’n spesifieke verbintenis met die mens te vestig. Aan hierdie verbintenis gee God dan ook inhoud en Hy verduidelik breedvoerig in die Woord wat die verbintenis sal behels.[177] God sal *in die verbintenis met die mens* op “hierdie wyse dáár vir die mens wees en op hierdie wyse optree”; en van die mens se kant af, sal die mens “só in die verhouding optree en wees” (een van vele voorbeelde wat handel oor laasgenoemde stelling is in die boek Hebreërs te vinde). Wanneer die mens (1) reeds deel van die verbond is, en (2) nie in ’n persoonlike verhouding met God staan nie, is daar ’n duidelike teenstrydigheid in sy of haar lewe aan die werk. Wanneer die mens reeds deel van die verbond is (“Ek glo in Christus as my Verlosser!”), vra hierdie feit na die gelowige se verantwoordelike toetrede tot die ooreenkoms waarop die verbond dui en waartoe God Hom reeds verbind het.

---

[176] Hoofletters word vir die navorsingsgespreksgenote gebruik, omdat hulle spreekwoordelik, ‘persone’ in die navorsingsgesprek is.

[177] Die navorsingsgespreksgenoot, die Woord, bevestig wat die verbondsverbintenis sal behels. Lees Genesis 17:1-15; Jesaja 55; en Hebreërs 10. (Bybel 1983).

Indien verskillende aspekte van ’n persoonlike verhouding met God uitgelig word, word duidelik hoe omvattend hierdie dinamiese en wederkerige verhouding is. Kommunikasie van die mens af geskied deur gebed, persoonlike gesprek, sang, lofprysing, dankbaarheid, toewyding, gehoorsaamheid en geloofsdade. Van God se kant af geskied kommunikasie onder meer deur die Woord, Gees, leiding, ondersteuning, hulp, seën en optrede. Laasgenoemde kenmerke van ’n persoonlike verhouding tussen God en die gelowige kan nie die omvattendheid van hierdie interaksie na regte in woorde vasvat en beskryf nie. Die Medenavorsers het in 3.5.4.2 (1-3) oor hulle siening van die persoonlike verhouding met God getuig. Hulle het elkeen ’n ander beklemtoning aan sy of haar persoonlike verhouding met God geheg. Medenavorser Jerry (Bylae A-A2) bevestig hy dink gedurig aan God, Jesus en die Heilige Gees en dat God altyddeur deur die Heilige Gees by hom is. Marna (Bylae A-A4) se beklemtoning van haar persoonlike verhouding met God is dat haar daaglikse omgang met God voortdurend en “altyd is”. Vir Petra (Bylae A-A1) is dit oggend-stiltetyd. Vir George (Bylae A-A5) staan gebed voorop in die persoonlike verhouding met God. Linda (Bylae A-A3) beskryf die persoonlike verhouding as ’n saam-met-God-op pad-wees in lewenswandel. Vir Amanda (Bylae A-A10) is die Woord van groot belang in haar persoonlike verhouding met God.

Volgens die gesprekgenoot tot die navorsing, Bybelse Geskrifte, speel die Woord[178] ’n groot rol in die persoonlike verhouding tussen God en die gelowige.[179] Nicol (2001:207) wys daarop: “In ons verlange om ons liefdesverhouding met ons Vader so werklik moontlik te beleef kan en behoort die Bybel ’n deurslaggewende rol te speel.” Nicol (2001:207) brei insiggewend uit oor persoonlike omgang met die Woord:

> Maar, soos wat ’n mens twee bene nodig het, is daar ook ’n ander modus in ons omgang met die Bybel nodig. Ons moet nie net met die kop verstaan nie, maar ook in die hart geraak word. God moet kans kry om my hart tot rus te bring in die ewige

[178]Die Bybel staan ook bekend as die Verbondsboek: “**Verbondsboek** is die ‘boek’ waarin die gebooie en bepalings van God se verbond met sy volk opgeteken is (Eks. 24:7). Dit het in die eerste plek betrekking op Eks. 20:22 tot 23:33, maar in ruimere sin sluit dit ook die tien gebooie (Eks. 20:1-17) en die wetgewing in die eerste vyf boeke van die Bybel in. In nog ruimere sin kan die hele Ou Testament (2 Kor. 3:14) en die Bybel as sodanig die boek van die verbond genoem word” (*Die Bybel Nuwe Vertaling*. Electronic ed. Cape Town: Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1998, c1983).

[179] Die navorsingsgespreksgenoot, die Woord, onderskryf ook die stelling dat die Woord ’n groot rol in die persoonlike verhouding tussen God en die gelowige speel.

> woorde waardeur Hy met my kommunikeer. My kop kan so vinnig beweeg dat ek klaar kan wees met my Bybelstudie voor my hart kans gekry het om vol te loop van dankbaarheid daaroor, of om daaroor aan die juig te gaan, of om daarin tot rus te kom. Ek moet nie net met die teks werk nie, maar ek moet die teks ook kans gee om met my te werk, tot op die intuïtiewe en emosionele vlak. Na ek gelees en verstaan het, kan daar nog ’n tyd van wag wees, luister, die woorde kans gee om in te sink en al hulle krag in my vry te stel, soos iemand wat ’n suiglekker nie byt nie, maar geduldig suig sodat dit al sy geur kan vrystel.[180]

Die navorsing het ook uitgewys dat ’n persoonlike verhouding met God verder strek as gemeenskap met God wat in die binnekamer geskied. In die binnekamer word die saamwees met God onder meer gekenmerk deur Woord-oordenking en gebed. Dit gebeur *terwyl* die Heilige Gees in die gelowige woon en ’n deurlopende teenwoordigheid, as sekerheid, in die daaglikse lewensloop van elke gelowige handhaaf. God se daaglikse teenwoordigheid is ’n vanselfsprekende werklikheid volgens Jesus se belofte in Lukas 24:49ab (Bybel 1983). Die betrokkenheid van die Heilige Gees in die alledaagse lewe van die gelowige is nie ’n veraf en vérlangse handeling nie, maar ’n aanwesige, teenswoordige, voortdurende, innerlike én uitwaartse betrokkenheid.[181] Die veronderstelling volgens die bogenoemde Skrifgedeelte is dat die persoonlike verhouding tussen God en die gelowige kenmerke sal toon wat vergelyk kan word met die metafoor van ’n twee-gesprek tussen (2) mense. Hierin speel die omgang met die Woord ’n groot rol.

Die Gees word nie aan die gelowige gegee as *’n Gespreksgenoot wat in stilte* teenwoordig is nie, of dat die gelowige die *stille gespreksgenoot* kan wees nie. Interaksie tussen beide (te vergelyk met die metafoor van ’n gesprek tussen twee mense) rig bepaald die persoonlike verhouding tussen God en die gelowige. Die Heilige Gees word aan die gelowige gegee met ’n doel: Sy Teenwoordigheid is nie ’n veraf teenwoordigheid nie, maar ’n Teenwoordigheid wat in die huidige oomblik van daaglikse lewe van die gelowige ’n goeie verskil wil maak en ook doen. Maar die gelowige se insette tot die persoonlike verhouding met God is ook van groot belang, anders verkry

[180] Nicol (2001:207) sê, “Hierdie manier van luister na die Bybel is in die Christelike tradisie sedert die sesde eeu *meditatio* genoem.”
[181] Sien 2.3.1.3 – 2.3.1.5 wat handel oor God se betrokkenheid by die gelowige se lewe.

die verhouding meestal ’n eensydige beklemtoning wat God se insette tot die gelowige se lewe betref. Die verhouding kan dan in ’n mate ’n alleen-gesprek van God tot die mens word.

’n Volgende voorbeeld oor die voortsetting van die metaforiese twee-gesprek tussen God en die gelowige wys heen na die erediens. Die erediens beklemtoon die wedersydse kommunikasie tussen God en die gelowige. Die kommunikasie sluit in: God spreek die seën oor die gelowige uit (soos met die aanvang/einde van die erediens); die gelowige bid tot God deur die *voorganger in gebed*; die gelowige sing tot lof van God en word terselfdertyd opgebou in sy en haar allerheiligste geloof deur die woorde van die lied wat gesing/gehoor/geglo word; en in die Woordverkondiging is God *deur die Woord* en *Gees* met die luisteraar (gelowige) besig. Tydens die prediking bevestig God die waarheid aan die gelowige. Die gelowige word in die geloof bemoedig en versterk, en die Woord breek nuwe insigte vir die gelowige oop. Geloofsgroei is ’n voortdurende proses, en God bly bou aan die allerheiligste geloof van dié een wat Hy verlos en nader geroep het. Nel (1999:140) bevestig: “Ons is opgeneem in ’n verhouding waar dit nie moontlik is om dieselfde te bly nie. As deel van God se gesin word ons en ons lewe verander. Ons word weer wat Hy ons in Christus gemaak het.” Die gelowige se persoonlike verhouding met God is ’n lewende wederkerige verbintenis.

God se kommunikatiewe betrokkenheid by gelowiges *en die kerk* strek volgens Nel (2001:81) ook verder, na die verskillende bedienings van die kerk: *kerugma* (verkondiging), *marturia* (getuienis), *didache* (onderrig), *leiturgia* (erediens), *koinonia* (gemeenskap van gelowiges), *paraklese* (pastoraat), *diakonia* (diens van barmhartigheid) en *kubernesis* (administrasie). Nel (2001:80) vervolg: “Dit word redelik algemeen aanvaar dat die kerk deelneem aan die *getuienis* aangaande Jesus Christus.” In ’n persoonlike verhouding met God is die betrokkenheid van gelowiges by getuienis ook van belang, omdat dit onder meer die verhouding met God versterk en bekragtig. Die metaforiese twee-gesprek tussen God en die gelowige duur ook voort tydens die verskillende bedienings van die gemeente.

Die Heilige Gees se begeleiding is ’n belangrike faktor in die persoonlike verhouding met God. Die Heilige Gees en die waarheid[182] is sinoniem. Daar waar die Heilige Gees is, daar is *die Waarheid.*[183] Dit geld ook die verhouding tussen God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees. Artikel 8 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (GKSA 2004:12) stel dit soos volg:

> Die Heilige Gees is die ewige krag en mag wat van die Vader en die Seun uitgaan. Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeel is nie, aangesien die heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, onderskei deur sy eienskappe, op so ’n wyse dat hierdie drie Persone slegs een enige God is. Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie. Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is, nie gedeel nie en ook nie onderling vermeng nie. Want die Vader en die Heilige Gees het nie die vlees aangeneem nie, maar slegs die Seun. Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie, want al drie is van gelyke ewigheid in een en dieselfde Wese. Daar is nie ’n eerste of ’n laaste nie, want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid.

Hierdie uiteensetting kan ’n mens *relasionaliteit in waarheid* noem. Dit dui op een van die meer unieke kenmerke wat die Drie-enige God tipeer. Dit was Jesus se belofte aan alle gelowiges oor tye heen, dat Hy die Voorspraak, die Heilige Gees na hulle toe sal stuur (Joh. 16:5-15). Jesus het daarby die versekering gegee: “Wanneer Hy kom, die Gees van waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei” (Joh. 16:13) (Bybel 1983). Die Gees verteenwoordig Jesus en God, want daar is ’n onlosmaaklike band tussen hulle, volgens die navorsingsgespreksgenoot, die Woord. Die werk van die Heilige Gees is so omvattend en dikwels bokant menslike verstand en begrip. Nel (1999:133) wys daarop:

> Die Heilige Gees werk in ons lank voordat ons verstaan dat Jesus die Christus is en dat God ons Vader is. Hy verlaat ons ook nie wanneer ons dit wel snap nie. Ons sal onmiddellik ophou om te glo as die Gees uit ons lewe sou moes vertrek. Hy skenk geloof

[182] Die Heilige Gees word in Johannes 16:13 die “Gees van die waarheid” genoem. (Bybel 1983).
[183] Personifikasie volgens die narratiewe benadering.

> én onderhou geloof. Anders gesê: Hy trek ons in hierdie herstelde verhouding in en Hy hou ons binne hierdie verhouding. Hy hou die verhouding vars en gesond.

Die Heilige Gees is duidelik vir gelowiges tot Hulp en ondersteuning. Die vraag is: Bereik die volle hulp en ondersteuning van die Heilige Gees elke gelowige tydens sy of haar aardse lewe, of staan die Heilige Gees soms/dikwels eenkant: *verstote, verontagsaam, geïgnoreer of selfs teengestaan?* Daarmee saam hang 'n volgende vraag: Is die persoonlike verhouding met God 'n volwaardige verhouding, waarin gemeenskap met God die alledaagse werklikheid van die gelowige met die Christelike geloof inkleur sodat hy/sy dit weer op sy/haar beurt in woord en daad kan gaan uitdra? Gelowiges is in Christus nuutgemaak. Die rede is dat God se teenwoordigheid en insette in gelowiges se lewe hulle omvorm. Die aspekte wat tot ware transformasie meewerk, is: die Woord, bywoning van die erediens, gemeenskap met gelowiges, gebed, gehoorsaamheid aan God en geloofstoerusting. Deelname in die nagmaal het ook transformerende kwaliteite. Welker (2013:291) skryf oor die gebruik van die nagmaal:

> Asserting that the celebrating of Holy Communion institutes a remembrance of Jesus Christ implies far more than a mere act of intellectual remembrance of a 'past event'. Such remembrance is instead a reenactment. It is not just that Jesus Christ's life, death, and resurrection are individually and collectively 'internalized,' they are also publically proclaimed and acquire a living monument, for this recollection of Jesus Christ is transmitted further, disseminated, his memory renewed, stimulated, and intensified.

Volgens Welker (2013:291) is die gebruik van die nagmaal méér as 'n herinneringsmaal wat heenwys na gebeure in die verlede. Met ander woorde, die nagmaalgebeure in die huidige is een en dieselfde as die nagmaalgebeure destyds. Die nagmaalgebeure van vandag is 'n lewende monument wat na Jesus Christus heenwys en die verhaal van Jesus Christus word ook hierin bekragtig, aldus Welker. Hieruit blyk: alhoewel hedendaagse gelowiges net van die nagmaal-gebeure in die bo-vertrek *in die Woord* gehoor en gelees het, ervaar en neem hulle in die huidige tydgleuf aan soortgelyke nagmaalgebeure deel, wanneer hulle die nagmaal vier. Die verskil tussen vandag en destyds se gebruik van die nagmaal is verskillende tydgleuwe waarin die

nagmaal plaasvind; ander mense wat aan die nagmaal deelneem; die nagmaal op ’n ander plek as die Bybelse bo-vertrek; en vind moontlik selfs in ’n ander land plaas.

Jesus was destyds met die nagmaal in persoon teenwoordig, vandag is Hy deur die Gees by die nagmaal betrokke. Dit is ná die verloop van eeue, steeds God wat met die gelowige in die nagmaal besig is – daarom die heilige Sakrament. Die teenwoordigheid van God tydens die nagmaal laat die gelowige nie onaangeraak nie. Die Eregas is in die nagmaal teenwoordig, so ook die uitverkore gaste. Samesyn en gemeenskap van die teenwoordiges behoort daarom vanselfsprekend te wees.

6.2.2.8 Die nuwe verbond roep om geloofsdade en bekering

Die Nuwe-Testamentiese literatuur lewer vanaf Matteus tot by Openbaring getuienis oor die feit dat geloofsdade en bekering[184] tot God ’n noodwendigheid onder die nuwe verbond behoort te wees. Voorbeelde van die getuienis wat gelewer word: “As julle my liefhet, sal julle my opdragte uitvoer” (Joh. 14:15) (Bybel 1983); “Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly” (Kol. 3:16a) (Bybel 1983); en “Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen” (Rom. 12:1d, e) (Bybel 1983).

Die verbondskind word nie net goedsmoeds aangemoedig om met sy of haar lewe en wese in diens van God te wees nie, dit is ’n saak om lewe of dood. Die keuse lê tussen die nuwe-lewe-in-Christus-leefstyl of om te bly in die doodsheid van sondige dade. Die feit dat die gelowiges onder die nuwe verbond as verbondskinders leef, behoort die skaal na die regte kant te swaai – die leefwyse van die nuwe lewe in Christus. Hierin is ook ’n noodwendigheid geleë omdat God deur die Gees in die gelowige woon en werksaam is. Die sonde moet sigself uit die voete maak. Met ander woorde, in narratiewe terme wat heenwys na personifikasie, moet Vernietiging, Leuens, Bedrog,

[184] Sondag 33/88 van die Heidelbergse Kategismus (GKSA 2004:64) vra: “Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?” Antw.: “Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a). (a) Rom. 6:1, 4-6; Ef. 4:22-24; Kol. 3:5, 6, 8-10; 1 Kor. 5:7; 2 Kor. 7:10.” (Bybel 1983).

Steel, Vermoor en Verwoes[185] pad gee, weg van en uit die teenwoordigheid van die gelowige. Wat die beradingsvoorbeelde se verhale betref, het die sonde in sommige opsigte die skaal lelik laat kantel - wat bepaalde optredes in die huweliksverhouding betref (vgl. 2.11.7).

Gehoorsaamheid aan God is ’n belangrike geloofsaspek vir die verbondskind wat onder die verbond leef, soos die Woord bevestig. Gehoorsaamheid aan God is méér as ’n opdrag en verpligting om God se aanwysings in die Woord na te kom. Gehoorsaamheid aan God is ’n sleutel wat die deur op die konkrete ervaring van die heil (soos vreugde en vrede) in Christus oopmaak, sodat die gelowige kan ingaan.

6.2.2.9 Die nuwe verbond en die verbintenis tussen God en gelowige

Die nuwe verbond in Christus verskaf betekenis, struktuur en inhoudelikheid[186] aan die verbintenis tussen God en die gelowige – in hierdie geval die huweliksmaat. *Betekenis,* word verstaan as die sin van die lewe, *struktuur* as raamwerk waarbinne die Christen funksioneer; en *inhoudelikheid* as die verhale en boodskappe van die Woord. Dit dra ook ’n verstaan na die verbondskind oor die rol wat hy of sy in die verbond behoort te speel asook wat God se rol daarin is. Gelowiges behoort aan God en is dus verbondskinders. Gevolglik word hulle lewensuitkyk, benadering tot mense, hoop en geloof asook hulle handeling en gesindhede en denke, voortdurend in ooreenstemming met God se Woord gerig en gebring. Die Woord en die Heilige Gees speel hierin ’n groot rol. Dieselfde geld ’n persoonlike verhouding met die Verbondsgod, persoonlike toewyding aan God, en gehoorsaamheid aan God.

[185] Personifikasie van sonde se oogmerke. Personifikasie vind plaas teen die agtergrond van die narratiewe metodologie wat gebruik word asook in die manier waarop teologiese inhoude in hierdie benaderingswyse aan medenavorsers gekommunikeer word.

[186] Sien 6.4.2.5 - waar ’n bespreking volg van die betekenis, struktuur en inhoudelikheid van die nuwe verbond.

6.2.2.10 Kernimplikasie[187] van die verbond: die wet van liefde vir God en naaste deur elke verbondskind

Jesus spel duidelik uit watter soort leefstyl in ooreenstemming met die nuwe verbond is. Die nuwe verbond wys heen na daardie lewe wat volgens God se wil geskied, 'n leefwyse wat by kinders van God hoort.

> *Een van die skrifgeleerdes het hulle hoor redeneer en het nader gestaan.[188] Toe hy sien dat Jesus hulle 'n goeie antwoord gegee het, vra hy vir Hom: "Wat is die heel grootste gebod?" Jesus antwoord hom: "Die eerste is: 'Luister, Israel, die Here is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.' Die tweede is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' Geen ander gebod is groter as dié twee nie (Mark. 12:28-31). (Bybel 1983).*

Die nuwe verbond word in die liefde begrond. Dit behels onder meer God se liefde vir ons as gelowiges (en mense in die algemeen) en, in antwoord, gelowiges se liefde vir God en die naaste. Ryle (2009:54) sê oor gelowiges se deelname in die liefde: "... when we become 'partakers of the divine nature' (2 Peter 1:4) by union with Christ, one of the first features of that new nature is Christian love." Anders gestel, om in eenheid met Christus te leef en om Jesus se liefde-opdrag in Markus 12:28-31 (Bybel 1983) te gehoorsaam, hang innig saam. Jesus se opdrag oor die grootste gebod oor die liefde, dui op 'n Christelike karaktertrek en kenmerk. Hierdie kenmerk dui op gehoorsaamheid aan God se opdrag om die liefdesgebod uit te leef.

Newman (2011:108) neem die teksgedeelte in Johannes 4:7-12 (Bybel 1983) in oënskou wanneer hy bevestig dat God die Bron van liefde is. Hy sê oor Johannes se logika in die gedeelte (wat handel oor *God en liefde*) die volgende: "... he says we love because God first loved us, because his very nature is love; we are now recreated by the gospel to reflect that love. We love because it fits our new identity in Christ and reveals the nature of the God who now dwells in us." Newman (2011:108) noem, na

[187] Die kernimplikasie van die verbond (die nakoming van die wet van liefde vir God en naaste) word vir bespreking uitgesonder, omdat dit 'n samevatting van die wet in Eksodus 20:1-17 behels. (Bybel 1983).
[188] Teen die agtergrond daarvan dat die Sadduseërs met Jesus oor die opstanding uit die dood geredeneer het. "'n Belangrike en gesiene groep onder die Jode was die Sadduseërs. Hulle het geglo daar is geen opstanding uit die dood nie." Van der Watt (2003:632).

aanleiding van Johannes 4:7-12 (Bybel 1983), 'n paar belangrike punte: wanneer gelowiges die liefdesgebod uitleef, demonstreer hulle aan ander hoe God se liefde lyk; wanneer hulle die liefdesgebod konkreet uitleef, ervaar hulle die innerlike uitwerking van die liefde. Hy sê: "The effects go inward as well" (a.w.:108).

I. Howard Marshall[189] (aangehaal deur Newman, a.w.:108) stel dit soos volg: "When we love others, God's love for us has reached its full effect." Hy gaan voort om te bevestig dat sulke persone God se liefde volledig in hulle hart ervaar en God se teenwoordigheid in hulleself leer ken. Wanneer gelowiges dus God se teenwoordigheid *in die liefdesgesindheid* binne hulle ervaar, word hulle daardeur verander. "As we sense God's presence in us and his love for us, it simultaneously softens and emboldens us to love even the most unlovable people around us. This includes the ones in our family" (a.w.:108). Die liefde van God kan, met ander woorde, 'n indrukwekkende verskil in gelowiges se lewe maak, indien hulle God se liefdesgebod gehoorsaam en daadwerklik uitleef.

Om verbondskind te wees, beteken om ingestel te wees op liefde vir God en naaste. Die implikasie van die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die huwelik en gesinslewe, bring die eis van die gebod vir liefde tot God en naaste, tot voor die huweliksmaat. As deel van die verbond leef gelowiges soos God wil. Hulle maak dus 'n keuse vir die liefde. Voorbeeld: die kwaad van hardkoppigheid en onvergewensgesindheid het nie plek onder die nuwe verbond en in die hart van verbondskinders nie. Vergewensgesindheid is 'n aanwysing van Jesus (vergewe 70 x 7) en bring die een wat vergewe weer terug tot by die liefde vir die persoon wat teenoor hom of haar oortree het.

Nel (1999:39; Fincham & Beach 2002:282-283) beklemtoon: "Vergifnis is 'n verhoudingswaarheid. Wanneer 'n mens of mense iets aan ons gedoen het wat ons as onreg beleef, het dit 'n invloed op ons verhouding met daardie persoon of persone. So kom daar 'skuld' tussen ons lê – en dit moet uit die weg geruim word." Vergifnis is daarom 'n belangrike bestanddeel van 'n gesonde huweliksverhouding. Huweliksliefde word in stand gehou deur Bybelse konsepte toe te pas, meer spesifiek gestel: konsepte wat die nuwe verbond uitdruk. Die Nuwe Testament (nuwe verbond) is duidelik oor

[189] I. Howard Marshall, *The Epistles of John* (Grand Rapids, MI: Eerdmans, 1978), 217.

elke mens se praktiese handeling teenoor ’n ander in ’n verhouding. Dit geld die huweliksverhouding, maar ook enige ander verhouding. Louw (2001:249) stel dit duidelik: “Liefde is wesenlik ’n etiese daad van trou aan mekaar.”

6.2.2.11 Verbondskinders en die eise van die verbond

Wanneer die eise van die verbond, of onderlinge verhoudingkwaliteit in die huwelik of gesin ter sprake kom, staan die sondige mens soms verleë voor byvoorbeeld die gebod van die liefde vir God en naaste (Mark. 12:28-31). Dit gebeur wanneer verbondskinders wat in die ruimte van die verbond leef, self besef dat hulle te swak en onvolmaak is om te kan voldoen aan die eise wat die verbond aan hulle stel (bv. die liefdesgebod). In sulke omstandighede vereenselwig gelowiges hulle met Paulus se woorde in Romeine 7:19-20: “Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek. En as ek nou doen wat ek nie wil doen nie, dan is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon” (Bybel 1983). Die sonde word toegelaat om in tye wanneer waaksaamheid verslap, wel ’n rol te speel in onder meer gelowiges se optrede. Gelowiges bevind hulle op die pad van heiligmaking – dit is die werk van die Heilige Gees – maar het geensins ’n punt van volkomenheid bereik nie.

Petersen (2007:62) wys daarop dat gelowiges nuwe mense in Christus is, en groot veranderings vind plaas wanneer ’n mens tot bekering kom (a.w.:63). Hier verander die bekeerling se posisie/status asook omstandighede (a.w.:63 e.v.). Na aanleiding van Efesiërs 2:1-2, 4-6, 19, 22 (Bybel 1983) druk Petersen (2007:64) die statusverandering soos volg uit:

> This passage describes well the changes that take place in our status when we become believers, and there are many other passages. They have to do with our relationships, our destiny, and our identity. Conversion changes who we are. It also changes the status of our relationship to sin. We’re paid up – no longer in debt to sin. In time, as we mature, these changes in our status have increasing influence on the way we live life. As we comprehend the magnitude of God’s generosity toward us, we begin to live according to our new identity.

Tydens bekering en wedergeboorte kan die verandering wat plaasvind, vergelyk word met **God** wat berge in die **gelowige** se lewe versit. Die verandering betrek die huidige, die verlede, toekoms en die ewige bestemming van die gelowige.

As nuwe mense in Christus word gelowiges in die nuwe leefwyse onderrig. Hierin speel die **Heilige Gees** 'n groot rol. Hy tree onder meer op as gelowiges se Berader en Onderwyser om hulle op God se nuwe pad te lei (a.w.:64). Petersen beklemtoon: "The One who created the universe is bound to cause a stir as He begins doing His creative work in our lives. As He creates a new nature in us, we will experience new desires, new values, and new attitudes" (aw.:64). Volgens Petersen sal die nuwe mens steeds by tye sondig, maar nie soos voor die oomblik van wedergeboorte nie. Die teenwoordigheid van die Heilige Gees maak die verskil vir gelowiges wanneer die sonde inspeel. Die Gees se transformerende betrokkenheid in die gelowige se lewe gaan daagliks voort en sal eers volledig afgehandel wees wanneer die gelowige by Christus is (a.w.:64).

Volgens Tolmie (1999:1560) kom die Gees van God wat in die gelowige se hart leef, *lynreg* teenoor die gelowige se sondige natuur te staan: "Amper soos twee gevegslinies in 'n oorlog teenoor mekaar opgestel ..." (a.w.:1561). Tolmie brei hierop uit:

> Prakties beteken dit dat 'n gelowige as't ware verskeurd is tussen sy/haar sondige natuur en die Gees. Aan die een kant voel jy lus om toe te gee aan jou sondige natuur en aan die ander kant wil jy luister na wat die Gees in jou hart vir jou voorsê. Die punt is egter dat 'n gelowige oomblik vir oomblik die regte keuse moet maak. Daarom doen Paulus twee keer die oproep: laat julle deur die Gees van God lei! Prakties: Kies kant vir die Heilige Gees in die oorlog in julle binneste! (a.w.:1561).

Janse Van Rensburg (2003:756) wys daarop dat daar net een manier is hoe gelowiges dit regkry om mekaar nie te byt en verskeur nie; dit is deur hulle lewe deur die Gees te laat beheers: "As die Gees jou gedrag bepaal, sal jy nie meer verwaand wees, ander uittart en afgunstig wees nie" (a.w.:756). Volgens Janse Van Rensburg (2003:756) beteken oorgawe aan die Gees, om die sonde praktyke doelbewus te vermy.

Die navorser beaam hierdie siening, maar wys daarop dat meer ter sprake is: gehoorsaamheid aan die Gees; ’n fyn aanvoeling vir die inspraak en werking van die Gees; liefde vir God en mense en self; en kennis van die Woord.

6.2.2.12 Die noodsaak om die betekenis van die verbond werklik te verstaan

Die werklikheid van die verbond het ’n beduidende impak op die kwaliteit van verhoudings in die huwelik en die gesinslewe. Daarom is dit nodig om die verbond werklik te verstaan en te weet wat dit behels. Om bloot te weet: “Ek het ’n persoonlike verhouding met God,” kleur nie noodwendig die persoon se verstaan van die nuwe verbond in nie. Met ander woorde, die aksies van *’n persoonlike verhouding met God*, *gebed*, *Bybelstudie*, *persoonlike stiltetyd*, *kerkbesoek*, of *diens as diaken of ouderling*, kan in die gelowige se geloofsverstaan steeds los van die verbond staan. Anders gestel, die persoon bring nie die verskillende aksies in verband met die nuwe verbond nie, terwyl hierdie aspekte juis in die kern daarvan verbondshandelinge is. Die Medenavorsers het verskillende beklemtonings gegee aan hulle verstaan van die verbond (sien 3.5.4.2(2).

Die vraag, “Wat verstaan jy onder die term ‘verbond’?” (Bylae B-16) het uiteenlopende antwoorde ontlok. Sommige kriptiese antwoorde was dat die verbond ’n belofte is, of ’n ooreenkoms tussen die Here en die persoon self, of ’n plegtige verbintenis. Een van die Medenavorsers (Bylae A-A3) se verstaan van die verbond (Bylae B-16) lui soos volg: “Dat ons geestelike kinders van Abraham is, maar deur Jesus se kruisdood ingesluit is in ’n unieke verhouding van bewaring en seën tot in die 1 000ste geslag van die wat die Here liefhet. Ons het egter ook ’n baie groot verantwoordelikheid om die Here te dien met alles wat ons het en doen (Deut.28).” Met hierdie stelling het die medenavorser haar as geestelike kind van Abraham (die ou verbond) geëien, die gedagte verder deurgetrek na Jesus se kruisdood (die nuwe verbond) en bevestig dat gelowiges hulleself as gevolg hiervan in ’n “unieke verhouding” met die Here bevind. Hieruit volg gelowiges se groot verantwoordelikheid om die Here te dien, volgens haar.

Oor ’n persoonlike verhouding met God[190] – wat vanuit die verbondsverbintenis vloei – het Medenavorsers ’n paar kenmerke uitgelig: daaglikse denke oor God, Jesus en die Heilige Gees (Bylae A-A2); die wete dat God deur die Heilige Gees by die gelowige is (Bylae A-A2); onontbeerlikheid van stiltetyd met die Woord en gebed (Bylae A-A1); gebed is prominent in ’n persoonlike verhouding met God (vlg. George: Bylae A-A5); ’n saam-op pad-wees met God (Bylae A-A3); en die gebedslewe as uitstaande kenmerk van die persoonlike verhouding met God (vlg. Amanda: Bylae A-A10). Vir die Medenavorsers vloei daaglikse denke oor die Skrif ook voort uit ’n persoonlike verhouding met God *wat Woordgebaseer is*.

Op die vraag, “Wat beteken die Here vir jou?” (Bylae B-24) was die antwoorde persoonlik en uit die hart.[191] Die antwoorde het getuig van ’n vaste sekerheid en volkome geloofsoortuiging oor wat die Here vir hulle beteken: die Here is “alles, in lewe en in sterwe” (Bylae A-A5); Petra (Bylae A-A1) het ook bely die Here beteken alles vir haar en dat sy nie sonder Hom staande sal bly nie; Marna (Bylae A-A4) het bevestig: “Met die Here in my lewe is ek tot alles[192] in staat.” Medenavorser Amanda (Bylae A-A10) het ook die woord “alles” gebruik om uit te druk wat die Here vir haar beteken. Sy het bygevoeg: “Van kleins af was die Here vir my belangrik.” Die Medenavorsers het deurgaans die woord “alles” gebruik om te beskryf wat die Here vir hulle beteken. Hierdie volkome geloofsoortuigings dui op verskeie faktore. Hieronder geld: die werk van die Heilige Gees, in aansluiting by die bediening van die Woord, die inhoudelikheid van die erediens asook die geloofsinsette van die Medenavorsers. Hiermee saam volg die lewensvoorbeeld van die Medenavorser as ouers in die gesinslewe en die gesin se geloofservaring uit huisgodsdiens. Dit sluit in geloofsonderrig in die kategese of tydens jeugbediening/jeugkampe asook in die algemeen (godsdiensonderrig). Die Medenavorsers het God oor die verloop van jare leer ken, en Hom lief gekry – al het hulle Hom nog nooit gesien nie.

[190] Sien 3.5.4.2(3) wat handel oor die tradisie van interpretasie aangaande ’n persoonlike verhouding met God.
[191] Sien Bylae B vir die navorsingsvrae.
[192] Medenavorser het die woord *alles* geonderstreep.

Die doop en nagmaal is wesenlike aspekte van die verbondsverhouding met God.[193] Drie van die Medenavorsers het die doop aan die verbond verbind. Een Medenavorser het die doop ’n “regerings-verandering” genoem (Bylae A-A5). Op die vrae hoe hulle die doop verstaan en hoekom mense gedoop word (Bylae B-15), was die antwoorde onder meer, dat die doop die afwassing van sonde is en dat dit na die verbond heenwys. Antwoorde was ook: die doop het in die plek van die besnydenis gekom (Bylae A-A5), tydens die doop word die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees oor die dopeling uitgespreek (Bylae A-A10), en die doop beseël ’n mens as kind van God. Dit is die navorser se mening dat ’n korrekte verbondsverstaan innig saamhang met ’n korrekte verstaan van die doop.[194]

Die nagmaal se verband tot die verbond loop onmiskenbaar deur Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond – daaroor getuig die navorsingsgespreksgenoot, die Woord. Met die antwoorde op die vrae wat aan Medenavorsers gestel is,[195] word dit duidelik dat die Medenavorsers die Gereformeerde belydenisskrifte bewustelik en onbewustelik in woord (verhale), gesindheid, daad en geloof onderskryf. Die Christelike verhaal, met die volle inhoud, is (sonder uitsondering) ook die Medenavorsers se verhaal. Volgens hierdie verhaal, waarvan hulle volledig deel uitmaak, haal hulle elke dag asem en geskied hulle handeling (soos met gebed, stiltetyd, kerkbesoek, en die uitleef/toepassing van Christelike konsepte). Die Medenavorsers (en gelowiges in die algemeen) beweeg daagliks binne die ruimte van die Christelike geloof wat hulle met hart en siel glo, beaam en deur dade bekragtig. Hierin staan die Heilige Gees gelowiges by. Die feit is, die erns wat die gelowige met ’n persoonlike verhouding met God maak, dra by die lewe van daardie gelowige vrugte in wat sal hou. Dit sluit in Woordoordenking en gehoorsaamheid aan God.

Op die vraag, “Het jy op enige stadium spesifieke onderrig ten opsigte van die nuwe verbond en die betekenis van ’n verbondsverhouding ontvang? Indien ja, wanneer?” (Bylae B-19), was die antwoorde van Medenavorsers, sonder uitsondering, ontkennend. Die antwoorde was: “Geen spesifieke onderrig ten opsigte van die nuwe verbond nie” (Bylae A-A1); en: “Nee, die Bybel verduidelik self” (Bylae A-A3). Die

[193] Sien 3.5.4.2(4) wat handel oor die doop.
[194] Sien punt 6.2.2.6 vir ’n bespreking oor die verbond en die sakramente (nagmaal en doop).
[195] Sien Bylae B vir die lys vrae wat aan die medenavorsers gestel is.

antwoord *nee* op laasgenoemde vraag is ook waar vir die navorser se lewe. Indien daar nie spesifieke onderrig oor die nuwe verbond en die betekenis van ’n verbondsverhouding ontvang word nie, bly die vraag: waar laat dit die gelowige in sy of haar geloofsmondering? Word daar genoeg gemaak van die feit dat hedendaagse gelowiges wat, onder die nuwe verbond leef, verbondskinders, -leiers, en -ouers is? Hiermee saam hang die vraag: Word genoeg daarop gefokus dat gelowiges in ’n verbondsgesin leef, onder die verbond gedoop is, en as deel van die nuwe verbond, nagmaal gebruik? Daarby: Word behoorlik aan die vereistes van die verbond voldoen, of is gelowiges net “Christene wat glo”? Verstaan gelowiges werklik wat dit beteken om onder die *nuwe verbond* te leef?

Dit is dus belangrik om nader te beweeg aan ’n ware verstaan van hierdie aspekte van die geloof: die verbond, van God en sy rol in die verbond, én die persoonlike verband van elke gelowige tot die verbond. Só ’n begrip sal besliste, omvattende en verreikende gevolge vir die gelowige se lewe inhou. Die gevolge word vervolgens uiteengesit.

1. Gelowiges se verhouding met God asook met mense wat naby aan hulle is, sal verinnig

Indien daar ’n *ware verstaan* is van die verbond, wat ’n verbondverhouding met God behels, en Wie God is – sal dit noodwendig daartoe lei dat die gelowige se verhouding met God verinnig. Die redes daarvoor kan soos volg uiteengesit word.

Eerstens: die gelowige bring meer tyd deur in die teenwoordigheid van *Woordgebeure* (oordenking van die Woord, prediking, Bybelkennis, informasie uit die Woord, Christelike boeke wat handel oor die Christelike geloof) wat onder meer heenwys na die verbondsgebeure. Daarby rig die Woordgebeure hierdie gelowiges se begrip van die verbondswerklikheid asook hulle verstaan van God self. Janse van Rensburg (2003:839) verduidelik oor die Woord: “As jy met die Bybel besig is, het jy nie maar net met dooie letters op papier te doen nie, maar die Bybel bring jou vóór God.” Tydens die proses waar God in Woordgebeure met gelowiges besig is, en andersom, leer die gelowiges meer oor die inhoudelikheid van die verbond (die hoekoms en waaroms); oor God se werkwyse (soos met sy Seun se koms na die aarde); die

eienskappe van God (soos genade, vreugde [Matt. 3:16-17]); al God se woorde gerig aan mense;[196] God se liefde vir mense (1 Joh. 4:16); en gelowiges se eie rol in die verbond (dien God met alles wat julle het en is). Sodoende neem die *Woordgebeure* (kennis) 'n waarheidsgestalte aan binne die gelowiges se denkraamwerk. Met ander woorde, die waarheid van God neem al meer die denkwyse van die gelowige oor.[197] Die Medenavorsers het getuig van hulle liefde vir die Woord en stiltetyd (Bylae A-A2).

Tweedens: wanneer gelowiges God goed leer ken, sal hulle liefde vir God op 'n geïnspireerde manier groei en verinnig,[198] – dit is 'n gegewe werklikheid. Die rede daarvoor is dat die Woord en die Heilige Gees die gelowiges bring tot by 'n plek waar die volgende belewing heers: bekendheid (God en sy sake is bekend), aanvaarding (God aanvaar die gelowige heelhartig), liefde (God het die gelowige lief, en omgekeerd), vertroue (God kan altyd vertrou word) en omgee (niemand gee meer vir die gelowige om as God nie). Ryle (2009:45) verduidelik oor die Woord: "It is the Bible which the Holy Spirit uses to convert sinners. He brings its truth home to their conscience and through the truth he works a moral miracle in their lives. Day by day throughout the world all kinds of people are experiencing this miracle of the new birth brought about by die Holy Spirit through the Bible."

Derdens: dit is noodsaaklik dat bogenoemde geloofsonderrig oor en kennisinname van die waarde van die verbond/God/God se rol in die verbond/persoonlike verband tot die verbond, vir gelowiges 'n werklikheid is. Indien wel, sal daardie gelowige se gebedslewe verinnig. Die rede daarvoor is: omdat die gelowige die Een – oor wie hy of sy lees (soos in die Woord) of van hoor (soos met Woordverkondiging) – al meer leer ken. Die gelowige het dan reeds herhaaldelik, by verskeie geleenthede, 'n bepaalde ontmoeting met God gehad. Hoe meer die gelowige met God, deur die Woord en Gees,

[196] 'n Voorbeeld van God se woorde: 1 Petrus 2:11-12: "Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe. Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening." (Bybel 1983).

[197] Die Heilige Gees begelei die proses. Ryle (2009:45) wys daarop: "The Holy Spirit uses his own Word, either as it is read privately or as it is preached publicly, to cleanse and sanctify them, to instruct them in righteousness, and to equip them for all good works."

[198] Volgens Ryle (2009:45) is die Woord en die Heilige Gees noodsaaklike rolspelers in die Christelike lewenswyse: "If the Holy Spirit is living in your heart and you have the Bible in your hand, you have everything that is absolutely necessary for your Christian life. Even if you were put in prison and cut off completely from other Christians, you would have in your possession God's infallible guide for life."

kontak het, hoe meer sal geloofsverstaan die gelowige volg, hoe werkliker sal God vir die gelowige word, en hoe inniger sal die gebed raak. Sodoende raak dit ’n geval van: ek dien nie meer my ouers se God nie; ek dien die Skepper God wat mý God is. Ortberg (2011:41 e.v.) beklemtoon dat gelowiges ’n minderwaardige weergawe van hulleself word indien hulle nie aan God verbind bly nie. In God se teenwoordigheid word gelowiges omvorm en verkry hulle “innerlike lewenskrag” (a.w.:42) vir hulle lewenspad. Gemeenskap met God word sodoende ’n natuurlike uitvloeisel van die geloofslewe, want oordenking van die Woord moedig gebed aan.

Vierdens: nog meer sal gebeur, indien geloofsonderrig/kennisinname betreffende die verbond toeneem. Die Christelike geloof sal meer *vaste inhoud* in die gelowige se lewensbenadering verkry, omdat daardie gelowige gereeld en in diepte heen en weer tussen geloofsaspekte van die verbond beweeg. Hieruit sal dade, denke en gesindhede vloei. Hulse (2011:213) wys daarop: “The instrument of our sanctification is the Bible. As the truths of the Bible are understood and acted upon so our lives are transformed.” Hy belig ’n paar perspektiewe wat aandui hoe belangrik die Woord vir die geloofslewe is. Die Woord: verduidelik die skepping; God Drie-enig en die Persone se verhouding word verduidelik; die verskynsel van die sonde word duidelik (die aard, oorsprong en vernietigende gevolge); verlossing in Christus kom aan die lig; en die nuwe lewe in Christus word uitgestippel. Daarmee saam maak die Woord duidelik wat die genade van God behels en hoe gelowiges dit kan navolg deur dade wat van genade getuig, teenoor ander mense uit te leef. Daarby berig die Woord oor die werksaamheid van God se vyand, Satan, en op watter maniere die Bose teengestaan word (Hulse 2011:213 e.v.). Om dus in die Skrif deeglik onderlê te wees, sal gelowiges beter in staat stel om die Christelike lewenspad met geloofsoortuiging asook met *geloof in Christus* te kan stap.

Vyfdens: daar vind toegespitste geloofsbou plaas gebaseer op die verbond/God/God se rol in die verbond/persoonlike verband tot die verbond. Deur hierdie opbou sal die Heilige Gees se teenwoordigheid ’n groter indruk op die gelowige maak omdat hy of sy meer tyd in die teenwoordigheid van die Woord deurbring. Die Heilige Gees en die Woord het as oorsprong dieselfde Bron: God self. Die Heilige Gees bevestig daarom die Woord aan die hoorder/leser, volgens God se wil.

Heyns verduidelik:

> Die Heilige Gees maak die Bybel duidelik, en dit doen Hy deur die mens tot omgang met die Bybel aan te spoor, en dan *in* sy omgang met die Bybel, die *saak* waarom dit gaan, en die menslike *hart* waarvoor die saak bedoel is, so op mekaar te betrek, dat die hart spontaan en entoesiasties sal weet: die saak is God se saak, en Sy saak is my saak (1999:33).

Die Heilige Gees is tydens die verkondiging van die Woord met die gelowige besig. Daarom geld dit vanselfsprekend: indien die gelowige meer tyd met die Woordgebeure deurbring (Woordverkondiging, stiltetyd, selfstudie van die Woord, Bybelstudie) sal die Heilige Gees, deur bevestiging van die Woordgebeure, ’n groter indruk op die gelowige maak.

Sesdens: die gelowige se gehoorsaamheid (aan God) sal ’n natuurlike gevolg word van die bogenoemde geloofsingesteldheid, omdat dade uit denke/geloof voortvloei. Heyns (1999:309) koppel geloof en gehoorsaamheid aan God: “Duidelik word in die Skrif verband gelê tussen geloof en die hoor van die Woord (Rom. 10:8 e.v.). Trouens, as *antwoord* van die mens veronderstel geloof ’n gerigtheid op die Woord.” Heyns (a.w.:309) gaan verder en verduidelik die gevolge: “Die mens *in Christus* is die mens wat horend op Gods Woord ingestel is, en wat in die geloofsakte so ’n antwoord gee dat daarin God se Woord beantwoord word. Die mens wat só handel is gehoorsaam.”

2. Die gelowige se denke/handeling/gesindheid sal ten goede beïnvloed word

Wanneer die verbondsbegronding[199] - soos in die Woord gestel - binne die hart van die gelowige (soos die huweliksmaat) leef, sal dit denke, handeling en gesindhede volgens die verbondseise beïnvloed. Wanneer die verbondseise organies in die gelowiges se daaglikse lewe geïnkorporeer word, kan dit nie anders nie, as om deel van daardie persoon se innerlike lewe te word. Gelowiges het God se Woord en Gees nodig om te

[199] Verbondsbegronding sluit onder andere in: die betekenis, stuktuur en inhoudelikheid van die verbond (6.2.2.9); Kern-implikasie van die verbond: Die wet van liefde vir God en naaste deur elke verbondskind (6.2.2.10); en die nuwe lewe in Christus lewenswyse, soos in die Woord uitgestippel.

leer wat hulle, in hulle optrede, woorde en gesindheid, as nuwe mense van God behoort te doen. Die Woord en Gees behoort ’n kans te kry om ’n appèl op gelowiges se leefstyl te maak. Indien dit nie gebeur nie, bly die vraag oor die toestand van hedendaagse gelowiges binne ’n postmodernistiese paradigma – geestelik verarm? Ryle (2009:47) stel dit soos volg:

> The Bible must be our standard. Whenever we are confronted with a question about Christan practice, we must apply the teaching of the Bible. Sometimes the Bible will deal with it directly, and we must go by its direct teaching. Often the Bible will not deal with it directly, and then we must look for general *principles* to guide us.

Die somtotaal van die verbondsvereistes in die Woord (soos liefde vir God en naaste), maak ’n appèl op elke gelowige om God in gehoorsaamheid te volg. Geloofsdade kan vanselfsprekend volg, indien kernaspekte van ’n verbondslewe ’n regmatige plek in ’n verbondskind se lewe inneem: die Woord, Gees, ’n persoonlike verhouding met God, gebed, kerkbesoek, Bybelstudie, geloofstoerusting en gemeenskap met gelowiges. Hierdie aspekte verg ’n persoonlike keuse van die verbondskind.

Die Christelike geloof word konkreet deur die vrugte van geloof. Indien die vrugte grootliks afwesig is, is die vraag wat dit van ’n Christen se leefwyse as verbondskind uitdruk. Ryle (2009:27) stel dit soos volg:

> What *fruit* does your Christianity bear in your heart and life? Real Christianity is known by its fruits – the fruits of repentance, faith, hope, love, humility, spirituality, kindness, self-denial, forgiveness of others, self-control, truthfulness, and patience. The degree to which these are seen will vary from one believer to another, but the root of each of them is in every true child of God.”

Die faktore wat die vrug van die geloof in die lewe van gelowiges kan belemmer, is ’n afname in: toewyding aan God; omgang met die Woord; gehoorsaamheid aan God se aanwysings; en daarteenoor, toename in praktyke van die sonde in die gelowige se lewe.

3. Die gelowige sal telkens teruggebring word na die verbond[200] *– tydens aanvegtings en moeilike omstandighede*

Wanneer die verbondsverstaan as bestaande werklikheid in die denke van die gelowige oorneem, moet moeilike omstandighede en aanvegtings eenkant toe staan voor God se werklikheid. Met ander woorde, die *aardse* moeilike omstandighede (wat dit ook al behels) en aanvegtings (hoe erg ook al), weeg lig teen die omvattende verbondswerklikheid waarin gelowiges deel. Dit wil sê, wanneer moeilike omstandighede/aanvegtings die gemoed van die gelowige wil oorheers, verdring die waarheid van die verbondswerklikheid dit. Dit gebeur omdat die waarheid van die verbondswerklikheid[201] en wat dit behels daagliks in die gemoed van die gelowige leef. Hierdie bestaan word telkens deur Woordgebeure bevestig: die verbond is ’n werklikheid; God is ’n werklikheid; die redding is ’n werklikheid; die verbondswerklikheid is bekend; gelowiges weet waar hulle redding lê, en ken hulle Verlosser; hulle glo sy woorde en beloftes en verwag die ewige lewe by God. Die werklikheid is ook: God se belofte oor gebedsverhoring staan vas en die gelowiges het hulle by God geskaar. Gentry en Wellum (2012:689) stel dit soos volg:

> In Christ’s coming, the new age is here; the Spirit has been poured out on the entire community (Acts 2); we *all* know God in a direct and immediate fashion (Eph. 2:18; Heb. 10:19-25); we are now experiencing our adoptions as sons (and daughters – navorser); and we are declared just before God (Rom. 8:1) – even though we still long for the consummated realities of what has already begun. The massive changes the Old Testament anticipated are now here in the church.

Verbondskinders is deel van die verbond. Daarom behoort die verbondskonteks (persoonlike verhouding met God, geloof, God, die koninkryk van God, hulle gebedslewe) ’n gewigtige verskil in hulle benadering tot moeilike omstandighede en tydens aanvegtings te maak. Geloof (’n vaste sekerheid) in God (’n vaste sekerheid) is nie ’n saak vir twyfelagtigheid nie. Twyfel[202] poog om mense van God te vervreem.

[200] Die verhouding tussen die Woord en Heilige Gees word integraal betrek by hierdie verdiepende en her-ontdekkende terugbring tot die verbond.
[201] Soos die werklikheid van ’n persoonlike verhouding met God, werklikheid van die Woordverkondiging, gebed wat alreeds gebid is, en so meer.
[202] Personifikasie.

Daarom is ’n ware verstaan van die verbond en sake wat daarmee verband hou, so noodsaaklik. ’n Deeglike verstaan van onder meer wat ’n persoonlike verhouding met God behels en wat gelowiges se eie doop beteken, sal hulle tot in die teenwoordigheid van God se waarheid bring – om dus van hieruit te gaan leef in ’n soms vyandige wêreld. Wanneer ’n ware verbondsverstaan in die hart van die gelowige gevestig is, sal dit nie meer ’n kwessie wees dat die gelowige in tye van aanvegting/moeilike omstandighede bloot vashou aan geïsoleerde teksverse nie. Dit sal eerder ’n geval wees van die Bybelteks wat aangevul word deur die verbondswerklikheid/verbintenis met God waarin die gelowige stewig staan. Met ander woorde, die Bybelteks dra nie slegs die waarde van bemoediging aan die gelowige oor nie, die geloofwaarde lê in die verbondswerklikheid met God as die Verbondmaker. Die Bybelteks is slegs ’n klein deeltjie in die groter prent van God se omvattende werklikheid, en maak meer sin binne die legkaart wat die volledige prent van die verbondswerklikheid bied.

Indien die verbondsverstaan ’n stewige vastrapplek in die gelowige (ook huweliksmaat) se geloofsverstaan kry, trek die verbondswerklikheid[203] die gelowige weer telkens terug na die verbond toe, wanneer moeilike omstandighede en tye van aanvegting die teenoorgestelde wil doen. Die verbondswerklikheid word en is sodoende ’n ligbaken in sulke donker oomblikke. Die vraag word dan: Wie is die gelowige te midde van die aardse werklikheid? Die antwoord is: ’n verbondskind. Die gelowige onthou dan: “Hierdie is my familie,[204] só lyk my Pa,[205] hier is my Anker,[206] dít is my Pa se beloftes.[207] Hoe kan ek vergeet! Ek is ’n verbondskind, ek behoort aan God. Daar ís uitkoms, indien nie nou nie, dan later. Hoekom? Want my Pa leef. Sy beloftes van hulp en uitkoms staan vir tyd en ewigheid vas, en Hy is gesteld daarop om sy woord gestand te doen.”

[203] Die Woord en Heilige Gees speel ’n grootse rol hierin. Heyns (1999:33) sê oor die Woord en Gees se verband: “Wat die Heilige Gees *vir ons* bedoel het en in die Bybel ook vir ons gegee het, word deur Hom ook *in ons* uitgestort. Die duidelikheid van die Skrif is nie ’n evident-deursigtige saak nie. Die Heilige Gees maak die Bybel duidelik, en dit doen Hy deur die mens tot omgang met die Bybel aan te spoor, en dan *in* sy omgang met die Bybel, die *saak* waarom dit gaan, en die menslike *hart* waarvoor die saak bedoel is, so op mekaar te betrek, dat die hart spontaan en entoesiasties sal weet: die saak is God se saak, en Sy saak is my saak.”
[204] Met verwysing na die geloofsgemeenskap waarin die persoon se lewe ingebed is.
[205] Met verwysing na die manier waarop ’n nabye verhouding met God beleef word.
[206]Met verwysing na die manier waarop die onwankelbare trou van die Verbondsgod beleef word.
[207] Met verwysing na God se beloftes soos dit in die Woord gelees en toegeëien word.

Wat gelowiges, ook as huweliksmaats, betref, is dit belangrik om met die aardse werklikheid tred te hou. Tog is hierdie werklikheid nie al een waarin gelowiges leef nie. God se koninkryk en verbondswerklikheid speel ’n kernrol wat gelowiges soms of dikwels uit die oog verloor. Soms of dikwels staan of val[208] gelowiges by die aardse werklikheid, asof dit die hoofwerklikheid met die laaste sê in hulle lewe sal wees. Só vergeet gelowiges wie hulle is (verbondskinders), en aan Wie hulle behoort (God die Skepper van alles). Wanneer omstandighede vir die gelowiges te veel blyk te wees, hoef hulle nie net teen die omstandighede in die aardse werklikheid vas te kyk nie. Die verbondswerklikheid behoort daardie kernrol in hulle lewe te speel. Indien nie, bestaan die moontlikheid dat die gelowiges hulle teen die onmiddellike moeilike omstandighede kan blind staar en in ongeloof verval, of van die geloofpad af wegdraai. Die hardste Stem in die gelowige se lewe behoort dié van die Verbondsgod te wees, en sekerlik nie die onmiddellike omstandighede nie. Die verbondswerklikheid moet daarom besondere gewig in die gemoed van gelowiges dra deur bekendheid, geloof/glo, memoriseer, kennis, herhaling van Woordgebeure, en geloofsdade wat geloof bevestig en versterk. Dit moet so sterk staan, dat niks van die aardse lewe die gelowige kan indwing buite God se wil en weg van ’n vaste geloof nie. Dit moet ’n geval wees waar die gelowige bevestig: “Hierdie is my identiteit, ek gee nie toe aan mismoedigheid of afvalligheid nie. God is altyd en voortdurend my Helper.”

Gelowiges kan hulle daarom nie blindstaar teen die sigbare aardse werklikheid, en dan ’n oordeel van “alles is tevergeefs” oor byvoorbeeld hulle eie lewe vel nie. Gelowiges weet hulle behoort in die eerste plek aan God en is verantwoordelik aan God vir hulle lewe. Hulle behoort nie aan hulleself nie, maar aan die goeie God wat deurlopend die goeie vir hulle in gedagte het.

As gelowiges “sien” mense God se werklikheid met ’n geloofsoog en hulle hart en siel word daardeur aangetrek.[209] Meer as bloot “sien” met ’n geloofsoog, van God se werklikheid, is ter sprake. Gelowiges *hoor* God se woorde en ervaar die werking deur sy Gees tydens hulle geloofshandelinge te midde van die verbondswerklikheid. Gelowiges ervaar ook onder meer die verhoring van hulle gebede, God se hulp aan sy

[208] Enkele gelowiges gee soms die aardse stryd gewonne deur hulle eie dood te veroorsaak – selfmoord.
[209] Die gelowige – in wie die Heilige Gees woning maak – word deur dieselfde Gees se werksaamhede *tot geloof gedring* (vgl. Hand. 20:22a). (Bybel 1983).

kinders, God se bemoediging en sy leiding. Die geloofsoog kyk, met ander woorde, ook wyer na geloofservaring, want gelowiges dien ’n lewende God. Barnard (2009:68) beklemtoon:

> Ons kan God wel nie sien en aan Hom raak nie. Tog is God teenwoordig deur sy *Gees.* Daarom kan ons God ontmoet en met Hom praat. Toe Christus op aarde was, kon die mense Hom sien, hoor en aan Hom raak. Nou kan ons Hom egter nie meer sien en aan Hom raak nie, maar wel hoor. En tog, deur sy Woord, deur die Heilige Gees, deur die geloof en veral in gebed, kan ons die drie-enige God hoor en “sien” en “aanraak”.

6.3 DIE IMPLIKASIE VAN DIE VERBONDSKONTEKS VIR VERHOUDINGSKWALITEIT IN DIE HUWELIK EN, DAARUIT VOORTVLOEIEND, IN DIE GESINSLEWE

6.3.1 Inleiding

Navorsingsvraag 5[210] lui soos volg: *“Watter perspektiewe bied die Skrif oor die implikasies van die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die huweliksverhouding en voortvloeiend daaruit in die gesinslewe?”*

Uit die bespreking in die vorige afdeling oor die nuwe verbond,[211] blyk duidelik dat die verbondskonteks – wat nie losgemaak kan word van die werking van die Goddelike Drie-eenheid nie – een van die kernaspekte in die lewe van gelowiges is en behoort te wees. Hierdie konteks bepaal onder meer die identiteit van gelowiges, geloofshoop, en die getuienis oor Christus. Soms is die verbondskonteks as werklikheid op die *voorgrond* – soos met die doop, nagmaal, gebed en getuienislewering; ander kere figureer dit in die *agtergrond* – soos met geloof as onderliggende lewensingesteldheid. Die verbondskonteks – met alles wat dit behels – handhaaf voortdurend ’n omvattende teenwoordigheid: daar waar die gelowiges eet, sit, werk, speel en slaap.

Gevolglik kan die implikasie van die verbondswerklikheid gekoppel word aan verhoudingskwaliteit in die Christelike huweliksverhouding. Alternatiewe

[210] Sien punt 1.3.1.1(5).
[211] Sien punt 6.2.2.

interpretasies word vervolgens ondersoek wat gespreksgenote tot die navorsing se perspektiewe op die navorsingstema uitdruk. Hierdie gespreksgenote is: die Praktyk; die Woord; Teologiese en Buite-Bybelse geskrifte, Medenavorsers en die Navorser.

6.3.2 Die implikasie van die verbond vir verhoudingskwaliteit in die Christelike huweliksverhouding

6.3.2.1 Die verband tussen God en sy verbondsmense soos dit ook in die onderlinge verhoudingsnetwerk tussen huweliksmaats na vore kom

In Hoofstuk 2 is gevra na die praktiese implikasie van die Christelike geloof (leefwyse van die nuwe lewe in Christus) vir die alledaagse lewe van die gelowige (2.3.1 e.v.). Omdat hedendaagse gelowiges aan God verbonde is, is hulle God se mense wat *nuut in Christus* binne ’n postmodernistiese wêreld leef. Dit is die veronderstelling, hoewel die praktyk van Christenskap soms of dikwels die teendeel uitwys.

Hoofstuk 2 (2.3.1. e.v.) het drie perspektiewe ondersoek oor die praktyk van die nuwe lewe in Christus, en is deur die gespreksgenoot, die Woord, toegelig. Dit is: (a) *Die gelowige se gehoorsaamheid aan God* (2.3.1.2(2a); (b) *Gelowiges se eenheid met Christus* en, *Christene as gesalfdes*. Die vraag ontstaan: Wat is die impak van hierdie genoemde drie voorbeelde in die lewe van gelowige huweliksmaats wat binne ’n postmodernistiese wêreld leef? Hoewel dié voorbeelde ’n abstrakte sy van Christenskap aandui, wys dit ook op ’n praktiese sy – die gelowige se ooreenstemmende handeling en gesindhede. *Gehoorsaamheid aan God* vra na dade wat op God se Bybelse aanwysings en opdragte volg. *Gelowiges se eenheid met Christus* vertel ’n verhaal van een-wees met Christus wat implikasies inhou vir optrede, woorde, gesindhede, keuses en besluite. *Christene as gesalfdes* wys op die uitverkiesing asook roeping om as kind van God te leef en op te tree.

Wanneer een van die punte, *Christene as gesalfdes* (2.3.1.2(c), belig word, word die feit dat Christus tot Priester, Profeet en Koning gesalf is, na die gelowige deurgetrek. Dit is volgens die gespreksgenote tot die navorsing, die Woord en Teologiese geskrifte. Die gelowige is, in navolging van Jesus, tot priester, profeet en koning gesalf. Dit

veronderstel die waarde/waardigheid/identiteit van die verbondskind en wys heen na ’n spesifieke gesindheid en lewensbenadering. Meer nog, dit dui op God se verbintenis met die gelowige. Verbondskinders, is ná Jesus se kruisiging, in ’n spesiale posisie (as gesalfdes) geplaas om God op aarde te verteenwoordig. Dit veronderstel ook ’n mens wat lê met die oor teen die grond waarop God loop. Om as verbondskind gesalf te wees, hou ook gevolge in vir kwaliteit van verhoudings in die huwelik en binne gesinsverhoudings. Om vir God as priester, profeet en koning op te tree, behoort ’n bepaalde impak op die gesinsdinamika uit te oefen. Daar is, met ander woorde, werk – as priester, profeet en koning – om in diens van God binne die gesin af te handel.

God se betrokkenheid in die praktyk is in Hoofstuk 2 behandel (2.3.1.3 e.v.). Hierdie betrokkenheid by die lewe van die gelowiges blyk heel omvattend te wees, hoewel gelowiges God nie kan sien nie. Die gedeeltes stel dit dat God in die eerste plek die lewe aan gelowiges skenk. God leef sy betrokkenheid by die gelowige prakties uit soos deur die skenk van vergifnis, bystand, geloofsbou en bemoediging. Wanneer die verbondskind in ’n huweliksverhouding staan, is God by daardie gelowiges betrokke met die oog op bystand binne die onderskeie dimensies: hulle heil; die huweliksverhouding, en die verbondsgesin. Hierdie betrokkenheid van God geld vanselfsprekend, want God het die totale mens in sy visier. Piper (2012:255) vra na wat dit beteken om deel van die kudde van God te wees. As antwoord spel Psalm 23 volgens hom die betekenis treffend uit:

> It means the promise of green pastures and still waters. It means guidance in the light of life and comfort in the shadow of death. It means triumph over enemies and overflowing cups of gladness and omnipotent goodness and mercy pursuing us every day of our lives forever and ever. And now we have met our Shepherd-God face to face in Jesus (Piper 2012:255).

Die gelowige huweliksmaat is deel van God se kudde, en daarom is die kudde-konsep ook op hom of haar van toepassing.

Die gespreksgenote tot die navorsing, die Woord en die Navorser het in Hoofstuk 2 (2.3.1.4) die veronderstelde verbande uitgewys wat in die Christelike

huweliksverhouding en die verbondsgesin lê tussen (1) God, (2) die wet, (3) liefde, (4) verhoudings, (5) verhoudingskwaliteit, (6) gehoorsaamheid aan God, en (7) die gelowige self. Hierdie verbande behoort die gegewe werklikheid te wees waarbinne elke gelowige funksioneer. Daarom kan gestel word: indien die **liefdesgebod** nie in onderlinge verhoudings toegepas word nie, sal verhoudingskwaliteit daaronder ly. Indien **die wet** in die gesinslewe geminag en oortree word, ly die gehalte van verhoudings tussen gesinslede. Indien **verhoudings** nie ook God insluit nie, is die gevaar groot dat teenstrydige praktyke/waardes/norme in verhoudings kan "insluip" en ’n (verkeerde) normatiewe riglyn vir gesinsverhoudings kan word. Indien die **verhoudingskwaliteit** dus nie aan God gekoppel is nie, is daar ’n moontlikheid dat hierdie "kwaliteit" op ander maatstawwe as God s’n vir verhoudings gebaseer kan word. Indien **gehoorsaamheid aan God** nie lei tot verhoudingskwaliteit wat heenwys na die verbond nie, sal ongehoorsaamheid aan God verkeerde optrede/woorde/gesindhede in verhoudings invoer. Hierdie punte onderstreep hoe wyd God in gelowiges se lewe betrokke is.

God is ook betrokke by die bekering en bekeringsdade van die gelowiges (insluitend die huweliksmaat – sien 2.3.1.5) – soos die navorsing beklemtoon het. Hierdie betrokkenheid geld vanselfsprekend omdat die gelowige aan God behoort en in ’n persoonlike verhouding met God staan. God onderrig, lei en roep die gelowige om in diens van Hom te staan. Daarop reageer die mens in gehoorsaamheid met woorde, dade, gesindheid en keuses. Hierdie dinamiese ontwikkeling in die persoonlike verhouding tussen God en gelowiges geskied teen die agtergrond van die verbond. Die vraag is: Besef die gelowige huweliksmaat wel deeglik hoe diep God se liefde[212] vir hom of haar strek, en wat God se betrokkenheid in sy of haar lewensverloop behels?

Die gespreksgenote, Medenavorsers, het getuig van ’n liefdesband tussen hulle en God. Die verbond wat God met die gelowiges aangegaan het, is van lewensbelang vir God. Die vraag is dus: Wat beteken die verbond met God vir elke gelowige? Is dit ’n geval van ’n wete wat wel geglo word, maar die verbondswerklikheid speel in der waarheid ’n mindere rol in die lewe van hierdie persoon? Indien dit wel die geval is, sou die

[212] Efesiërs 3:18 – "Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek." (Bybel, 1983).

mens armer daardeur wees. Dit sal ’n geval wees van die mens wat ’n skat[213] ontvang het, maar dit nie van naderby beskou of dit heeltemal oopgemaak het om die skoonheid daarvan te aanskou nie. Daarby het die gelowige dus geensins uitgekom by “speel” met die skat nie. Om God te dien, is ’n leefwyse, soos MacArthur (1983:13) bevestig: “Worship cannot be isolated or relegated to just one place, time, or segment of our lives. We cannot verbally thank and praise God while living lives of selfishness and carnality. That kind of effort at worship is a perversion. Real acts of worship must be the overflow of a worshipping life.”

God se verhaal met mense, soos in die Woord oorgedra, is deel van die verhaal wat gelowiges oor hulle eie lewe vertel (sien 2.9.3). Die geskiedenis van die gelowige (soos dit in die klein kring van sy of haar lewe verloop), pas binne die groot geskiedenis van God met die mens. Die gespreksgenoot tot die navorsing, Teologiese geskrifte, het hierdie feit beaam. Vir Louw (2005:304) moet gelowiges se verhaal vertolk word in die lig van God se verhaal, en omgekeerd. God se verhaal is die kompas vir die verhaal van die nuwe lewe in Christus.

Volgens Van Zyl (2001:80) gee die Bybel God se perspektief op gebeure weer. Die gesag van die Bybel is, volgens hom, geleë in die *Goddelike perspektief* op gebeure destyds, soos weergegee deur die Bybelskrywers se interpretasie in die geloof. Hy haal twee voorbeelde aan om sy punt te staaf: 1 en 2 Konings wat handel oor die lotgevalle van die konings van Juda en Israel. Die Boeke handel, volgens Van Zyl, nie soseer oor administratiewe, politieke en militêre prestasies of mislukkings nie, “maar of hulle goeie of slegte konings in die oë van die Here was” (aw.:80 e.v.). Hedendaagse gelowiges kan, met ander woorde, die Goddelike perspektief op gebeure, soos die Bybelskrywers dit weergee, lees, ontdek, aanhang en navolg.

Volgens Heyns (1992:81) is die Woord – as God se verhaal in narratiewe terme – onder meer ’n **herskeppingswoord,** weens die sonde se verskyning in die wêreld. Ná die sondeval het God nie die mense aan hulleself oorgelaat nie, maar dadelik met die herstelprogram begin (a.w.:81). Dit het geskied deur opeenvolgende heilsdade: “... die

[213] Sinspeling op Matteus 13:44 (Bybel, 1983). In bogenoemde geval dui die woord “skat” ook op die nuwe lewe in Christus.

uitverkiesing van, die verbond met, en die wet aan Israel, die profetiese belofte van die komende Messias en sy uiteindelike eerste koms in die vlees, die begin van die kerk en die geskenk van die Heilige Gees aan die kerk. Dit alles en nog veel meer is die inhoud van die Herskeppingswoord" (a.w.:81). In die Woord leer gelowiges wat hulle verband tot hierdie heilsaspekte is.

Daarom behoort die hedendaagse gelowige huweliksmaat, wat in 'n postmodernistiese paradigma leef, telkens terug te keer na die Woord om versterk te word, leiding te ontvang, weggewys te word van sondige praktyke af, en herinner te word aan die leefstyl van die *nuwe lewe in Christus.* Die rede is omdat die mens so maklik vergeet om die goeie te kies met 'n neiging om die kwaad te doen. Gelowiges behoort aan God. Die praktiese verbinding (o.m. Woordgebeure, gebed, kerkbesoek, Woordkennis, geloofshandeling, eie getuienislewering) tussen hulle en God behoort herhaaldelik bevestig en ingeskerp te word sodat die kwaad hulle nie van God kan weglok nie. Daarom behoort God se verhaal 'n *welbekende* saak vir gelowiges en hulle kinders te wees. Te dikwels bestee gelowiges te min tyd aan die werklikheid van God se koninkryk en die gepaardgaande sake, terwyl dit juis húlle storie en húlle identiteit is.

6.3.2.2 Die huweliksverhouding en die verbondswerklikheid

Die huweliksverhouding ontwikkel te midde van die verbondswerklikheid waarin een of albei van die egpaar as verbondskinders staan. Met ander woorde, een of albei van die egpaar is reeds verbondskinders van God, en leef teen die agtergrond van die verbond wat vir sy of haar lewe geld. God het in die verbond met die mens die inisiatief geneem en 'n verbondsruimte daargestel, "waarbinne 'n gemeenskapslewe op die Woord en antwoord, belofte en geloof, tot volle ontplooiing sou kom" (Heyns 1999:202).

Die hedendaagse verbondskind leef ten tye van die nuwe verbond in 'n verhouding met Jesus Christus, die Verlosser; is gedoop as teken van die verbond; gebruik nagmaal; en is veronderstel om volgens die standaard en aanwysings van die verbond te leef. In dié sin behoort gelowiges aan God en dien God volgens sy aanwysings. Die gelowige het

spreekwoordelik nader gestap na Jesus, Sy woorde gehoor en geglo, en stap voortaan saam met Hom op die lewenspad.

Die implikasie van die verbond – om te leef as nuwe mense in Christus – vra na ŉ ooreenstemmende handeling in die huweliksverhouding. Die begronding van die leefwyse in die verbond behoort gevolglik die kwaliteit van verhoudings te bepaal. Prakties beteken dit: "Ek behoort aan God en leef reeds die nuwe lewe in Christus: dit bepaal my gedrag teenoor my eggenoot en gesinslede. Ek hét lief, ek doen goed, ek stel verkeerdhede reg indien ek kan, ek verkondig die Woord van lewe, ek bid sonder ophou vir my huweliksmaat en gesin, ek bemoedig deur hoop te gee wat in Christus gesetel is, ek praat die waarheid teenoor my eggenoot en gesin, ek bou aan ŉ persoonlike verhouding met God, en ek leef vanuit die geloof." Die verbondswerklikheid vind dus uiting in die aardse werklikheid van die gelowige.

Die verhale van Medenavorsers wat oor die huweliksverhouding en geluk gehandel het, bevat sekere belangrike aspekte. Vervolgens word sommige van hierdie aspekte nader ondersoek.

6.3.2.3 Die huweliksverhouding se verband met die verbond en die Christelike geloof

Die Medenavorsers se verhale oor die huweliksverhouding in Hoofstuk 2 (2.11 e.v.) toon oor die algemeen ŉ sterk verband met die verbond en die Christelike geloof. Dit is ŉ belangrike aspek van die huwelik, selfs al is net een van die huweliksmaats ŉ verbondskind. Die Christelike geloof/nuwe verbond is méér as bloot ŉ geloof in ŉ saak, dit is ŉ (nuwe) leefwyse in Christus. Hierdie leefwyse vul tyd, plek, en gemoed. Dit omvat veel meer as slegs geloof in wat Christus gedoen het. Die Medenavorsers se verhale het getuig van ŉ Christelike benadering tot die huweliksverhouding wat insluit ŉ fokus op vergifnis en geloofsonderrig aan hulle kinders (sien 3.5.4.2 e.v.). Elke medenavorser het ook getuig van ŉ persoonlike verhouding met God (3.5.4.2(3), wat heenwys na ŉ huweliksmaat se geloofshandeling.

Medenavorser Linda (Bylae A-A3) se verstaan van die verbond (Bylae B-16) het ’n belangrike punt uitgelig oor die mens se verantwoordelikheid in die verbondsverhouding met God (3.5.4.2(2). Haar antwoord was: “Dat ons geestelike kinders van Abraham is, maar deur Jesus se kruisdood ingesluit is in ’n unieke verhouding van bewaring en seën tot in die 1 000ste geslag van die wat die Here liefhet. Ons het egter ook ’n baie groot verantwoordelikheid om die Here te dien met alles wat ons het en doen (Deut. 28).” Hierdie verantwoordelikheid teenoor God word soms in ’n mate deur kinders van God nagelaat, en dit kan ’n indirek/direkte invloed op die kwaliteit van die verhoudings in die huwelik en die verbondsgesin uitoefen. ’n Voorbeeld van so ’n indirekte/direkte invloed is wanneer die ouer nie as verbondsleier die leiding *in diens van God* binne die gesin neem nie (sien 6.4.2 e.v.). ’n Tweede voorbeeld wys heen na die huweliksverhouding: Beradingsvoorbeeld 1 (2.11.7) het vertel van ’n man wat tydens argumente met sy vrou sy hande teen haar gelig het. Elke gelowige huweliksmaat het ’n verantwoordelikheid teenoor God om Hom heelhartig in woorde, gesindhede, optrede en keuses te dien, en nie aan sondige praktyke toe te gee nie. Die navorsing het telkens bevestig dat verhoudingskwaliteit met God en die nuwe-lewe-in-Christus-styl verband hou. Wanneer die gelowige huweliksmaat sy of haar verantwoordelikheid nalaat om God volledig te dien, is die moontlikheid daar dat verhoudingskwaliteit wat, op die Christelike geloof gegrond is, in die slag kan bly (sien 6.3.2 e.v.).

Om verbondskind te wees, dui op die verantwoordelikheid teenoor God om volgens die aanwysings van die nuwe verbond te leef (die nuwe-lewe-in-Christus-styl). Die gelowige is in liefde aan God gebonde, en die res vloei daaruit.

6.3.2.4 Die huweliksverhouding en gesindhede

’n Volgende belangrike onderdeel van ’n gelukkige huweliksverhouding wat geblyk het, is die gesindheid waarvolgens huweliksmaats elke dag leef. Dit sluit in vreugde en blydskap, respek, verering, agting en liefde vir mekaar. Die Medenavorsers het getuig van hierdie kenmerke *as deel* van hulle huweliksverhouding (sien punt 2.11.2 e.v.). Met verwysing na die verbondsbespreking by 6.4.2.3 naamlik, *Ouers is aan die stuur van verhoudingskwaliteit in die gesin,* dieselfde geld vir die huweliksverhouding. In

die huweliksverhouding is elke huweliksmaat aan die stuur van sy/haar eie benadering tot verhoudingskwaliteit in die huweliksverhouding. Met ander woorde, elke huweliksmaat is in beheer van sy of haar eie optrede, denke en gesindhede asook keuses. Iemand kan redeneer, hierdie feit is vanselfsprekend. Tog, te dikwels seëvier sondige gedagtes, gesindhede en dade in huweliks- en gesinsverhoudings. Só word die dader daarvan deur die sonde aangepor en word sy of haar eie lewe in die proses ondermyn.

In hierdie sin laat gelowiges binne die huwelik en gesin toe dat die sonde oor hulle spoel en hulle lewensrigting bepaal. Dit gebeur, terwyl gelowiges in Christus vrygemaak is en die Gees van God in hulle leef. Die keuse tussen om in diens van God of in diens van die sonde te handel, behoort vir gelowiges vanselfsprekend te wees. Smalley (2004:57) gebruik die term, "... die mag van een" wanneer hy van die dinamika in die huwelik skryf. Die mag van een, het in Smalley se skryfkonteks te maak met die reaksie van 'n huweliksmaat op die voorkoms van vrees. In die konteks van hierdie werk, wys dit heen na elke huweliksmaat se eie verantwoordelikheid – en daarom die mag van een – om die regte benadering in die huweliksverhouding te handhaaf. Elke gelowige huweliksmaat se reaksie op konflik asook keuse tot die regte benadering in die huweliksverhouding, lê by hom- of haarself. Laasgenoemde voorbeeld uitgebrei: in diens van God, word die mag van een, ook die mag van twee (die Skepper en die gelowige), omdat die Gees die gelowige ondersteun en help.

Louw (2001:255) haal Galasiërs 5:25 aan wanneer die huweliksverhouding ter sprake kom, "Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal." (Bybel 1983). Louw vervolg: "Konkreet beteken dit vir huwelikskliefde: ... vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing ... (Gal. 5:22-23). Hiertoe is ons as huweliksgenote .... geroep" (a.w.:255). Die bogenoemde gesindhede wat in die huweliksverhouding ten toon gestel word, bring die beste in albei partye na vore.

6.3.2.5 Verhoudingskwaliteit se oes in die huwelik wys heen na die saad wat geplant word

'n Volgende belangrike aspek van die Christelike huweliksverhouding wat tydens navorsing na vore getree het, is die noodsaak om voortdurend met toegespitste handeling, denke en gesindhede op die grondakker van 'n goeie huweliksverhouding te plant.[214] Die huweliksbedding word bemes en natgelei deur goeie (die regte) gesindhede, motivering, intensies en dade van die egpaar en bring sodoende 'n goeie oes voort.[215] Medenavorsers Jerry (Bylae A-A2) en Petra (Bylae A-A1) se verhale het getuig van die verband tussen hulle geloof en hulle benadering tot die huweliksverhouding (sien 2.11.2). Hulle verhouding is op liefde gegrond en van daaruit vloei gedrag, soos wedersydse respek en lojaliteit. Hierby kan aspekte gevoeg word as resultaat van die saad wat in die huweliksverhouding geplant is: eerlikheid, eerbaarheid, vertrouenswaardigheid, betroubaarheid, getrouheid, opregtheid, leef in waarheid teenoor mekaar asook gewetensplig. Hierdie resultate kan na die Christelike geloof deurgetrek word. Laasgenoemde voorbeelde onderskryf 'n persoon se liefde vir God en die huweliksmaat, indien dit toegepas word. Jerry en Petra se aansluitingpunt by mekaar is hulle gemeenskaplike liefde vir God en sy Woord.

Daarteenoor volg die voorbeeld van beradingsgeval 1 (Bylae A-A8), die 29-jarige man wat besig was om van sy vrou te skei (sien 2.11.7). Die vrou het, volgens die man, 'n emosionele verhouding met 'n kollega by die werk gehad. Hierop het gevolg: wantroue, jaloesie, rusies, verwydering, ongelukkigheid en uiteindelik geweld, waar die man sy hande vir sy vrou gelig het. Daarna het die skei-aksie gevolg. Die getrouheid van die vrou in die huweliksverhouding is deur haar man bevraagteken, en dit het tot die skeiding tussen man en vrou gelei. Gevoelens wat verwydering tussen die egpaar aanmoedig, het op die vertrouensbreuk tussen die twee gevolg.

Die Medenavorsers het getuig van 'n persoonlike verhouding met God, waarin die volgende aspekte vooropstaan: stiltetyd, Bybelstudie, gebed, daaglikse denke oor God, en liefde vir God. Die uitwerking van 'n persoonlike verhouding met God op die

[214] Sien 2.11.2; 2.11.4.
[215] Sien 2.11.2.

gelowige is ontwyfelbaar heilsaam. Indien die gelowige hierdie uitwerking ernstig opneem en in die huweliksverhouding uitleef, dra dit beslis goeie saad die huwelik in. Wanneer die persoonlike verhouding met God egter in afwesigheid in die gelowige se lewe skitter, kan hy of sy soos ’n “stad sonder mure” wees. Om in Christus te wees, lê die gelowiges se krag. In die herinnering aan die handelswyse van die nuwe lewe in Christus, kry gelowiges nuwe energie. In Bybelstudie, lê gelowiges se geloofsbegronding wat dien as kompas vir ’n lewe *coram Deo* – voor God se oë. Sonder Christus in gelowiges se lewe, strompel hulle soos die verlore seun tussen die varke rond (Luk. 15:11-32). Indien gelowiges se *dien van Christus* om die een of ander rede agterweë bly, ontbeer hulle van die heil wat in Christus se teenwoordigheid ervaar word. Gelowiges ontbeer ook as hulle nie die woorde wat lewe gee, gereeld hoor nie.

Die gespreksgenote tot die navorsing, uit die Teologiese geskrifte, het die liefde as kernbestanddeel vir die lewe uitgelig (5.5.2.2). Die liefde is die basis vir woorde, optrede en gesindhede teenoor die huweliksmaat. Liefde as motivering, dra saad in die huweliks- en gesinsverhoudings in, wat tot ’n goeie oes kan lei.

6.3.2.6 Die Christelike huwelik as leefruimte

’n Verdere aspek van die Christelike huweliksverhouding is dat dit ’n aangename ruimte is om in te wees, volgens die verhale van Medenavorsers.[216] Omdat ’n huweliksverhouding ’n heeltydse (24 uur per dag, 7 dae per week) ruimte bevat, behoort dit ’n aangename ruimte te wees waar die lewensmaats saam tyd deurbring. As iemand in die huweliksruimte leef – en ’n verbondskind is – word die verbond letterlik by die huwelik ingedra deur daardie persoon se Christelike geloofsoortuigings, verbondshandelinge, woorde, gesindhede, keuses en besluite wat in diens van God geskied. Dan het die verbond in daardie huwelik gearriveer! Hoekom kan so gesê word? Dit gaan oor die identiteit van daardie huweliksmaat: ’n verbondskind wat onder die verbond met God leef. Hy of sy is nuutgemaak in Christus, leef in ’n persoonlike verhouding met God, gesels gereeld met God in gebed, en leef tans, te midde van die huweliksverhouding, die nuwe lewe in Christus uit. God se Gees leef in die verbondskind, en dit is wie daardie een in die huweliksverhouding is. Indien die egpaar

[216] Sien 2.11.2 - 2.11.5.

albei verbondskinders is – wat die geval met sommige Medenavorsers is – vind hulle sterker aansluiting by mekaar omdat hulle een van (die Heilige Gees) gees is.

Die Medenavorsers het getuig van hulle "saam op pad wees" as huwelikspaar, maar ook as gelowiges (2.11.2 en 2.11.4). Hierin vind hulle hoop en geloofsmoed vir die toekoms. Die huwelik is een van die belangrikste verhoudings waarbinne 'n huweliksmaat tydens sy of haar lewensverloop in die wêreld leef.

Indien die huweliksverhouding nie 'n aangename ruimte is om in te wees nie,[217] bevind daardie mense hulle in 'n onverkwiklike konteks waarin een of beide vasgevang kan voel. Die huweliksbeloftes wat hulle destyds aan mekaar en voor God gemaak het, word dan vir elkeen, eie beloftes wat hom of haar vasmaak aan 'n ruimte waarin ongelukkigheid heers en die sonde gedy. Daarom behoort *beide* die "gereedskap" – *liefde, vergifnis, bekering, belydenis van skuld en in diens van God optree* (alles verbondshandelinge) – daagliks te gebruik om die verhouding te bou en te herstel, indien die sonde dit in die gedrang bring. Gelowiges oortree soms teenoor mekaar, maar erken dan hulle foute en begin weer by hulle liefde vir mekaar – sodat die liefde in elke omstandigheid kan oorwin. Van Niekerk (2000:89; Garrard & McNaughton 2010:3-6) verduidelik oor vergifnis en liefde:

> Vergifnis skenk telkens 'n nuwe *begin* in menslike verhoudings deur wat Paulus die uitnemendste weg noem: die liefde. Dit is die sterkste mag, want dit kom uit God se hart. Dit styg dus uit bo die menslik-moontlike, want skielik is die krag daar om *alles* te *verdra*, *alles* te *hoop*, *alles* te *glo*, *alles* te *vergewe.* Dit is wat die liefde doen.

Van die Medenavorsers het getuig van vernietigende en ondermynende patrone wat in die ruimte van die huweliks- en gesinsverhoudings ontstaan weens sekere handelinge van gelowiges wat nie met die Christelike geloof te versoen is nie. Sulke optrede kan insluit: woorde, gesindhede en keuses (2.11.6 – 2.11.8; en 2.12.2; 2.12.4 – 2.12.6). Dit kan ook behels: sprake van 'n buite-egtelike verhouding (2.11.7), argumente tussen die egpaar wat met geweld gepaardgaan (2.11.7), 'n gelowige met pornografie gemoeid (2.11.8), kerkbesoek en sprake van egskeiding voor die kinders (2.12.2); sprake dat een

[217] Sien 2.11.6 – 2.11.8.

van die ouers ’n buite-egtelike verhouding het (2.12.4), gereelde kerkgangers en dislojaliteit tussen die egpaar (2.12.5), gelowiges, drankmisbruik en rusies (2.12.6).

Verbondsbepalings geld vir alle *gelowiges*, en in van die gevalle hier bo genoem, staan twee *gelowiges* in ’n huweliksverhouding. Indien die aanwysings vir verhoudingskwaliteit – soos in die Woord gestel – nie in die ruimte van die huweliksverhouding tot uiting kom nie, is die vraag wat dit vir die huwelikspaar kan beteken. Die Woord se verbondsaanwysings maak dan nie ’n verskil in hierdie paartjie se omstandighede nie. Met ander woorde, die Woord se aanwysing tot **glo en doen**[218] bereik nie ooreenstemming in die lewe van ’n verbondskind nie. Selfs Christus se koms het dan nie die verskil gemaak soos wat dit wou nie, omdat die verbondskind se woorde, gesindhede, handeling, gedagtes en keuses nie in ooreenstemming met die verbondsbepalings geskied nie. Hier kan dit ’n geval word van *dieselfde gelowige wat soms vir Christus is* (soos in die erediens), maar *soms ook teen Christus optree* (deur te vloek, skel, en handgeweld teenoor ’n vrou te gebruik).

Die mens het ’n geweldige verantwoordelikheid om daagliks ’n keuse te maak om in diens van God te wees deur woorde, gesindhede, optrede en keuses. Die gevaar bestaan deurentyd dat, indien die verbondsbepalings nie in die lewe en huweliksverhouding van verbondskinders konkreet word nie, die huweliksverhouding ’n kans staan om ’n *peptiese ruimte van ongelukkigheid* te word. Dit gebeur, indien die huweliksruimte in ’n mate gevul word met dade, woorde, gesindhede, keuses en gedagtes wat in diens van die sonde staan. Met hierdie moontlikheid in gedagte, word die egpaar se kinders deel van laasgenoemde scenario omdat hulle onder leiding en in die teenwoordigheid van die ouers groot word.

6.3.2.7 Die Woord en Gees maak ’n verskil in gelowiges se lewe, en ook in die huweliksverhouding

Die Medenavorsers het getuig oor hulle persoonlike verhouding met God (4.4.4). In ’n persoonlike verhouding met God is daar ’n paar sake wat duidelik na vore tree: gebed,

[218] Sinspeling op Jakobus 2:17 (Bybel 1983)

die Woord, noodsaaklike gehoorsaamheid aan die Woord, en die werking van die Gees. Viljoen (2010:4) wys daarop:

> Om verhouding met God te bou is ’n proses. Dis soos om ’n huis te bou. Eers moet die fondasie gelê word. Daarna word die mure gebou en dan word die dak op gesit. Daar is ook baie afronding binne en om die huis wat gedoen moet word voordat dit ’n tuiste word. Om met God in ’n intieme verhouding te staan, is om tuis te kom. Dis om ’n plek te kry waar ons beskut en veilig en geliefd kan voel. Net soos ’n stewig geboude huis, bied ’n stewige verhouding met God sekuriteit teen storms in die lewe, omdat ons niks meer alleen te bowe hoef te kom nie.

In die verhouding met God, speel ’n paar aspekte ’n groot rol in die kommunikasie tussen God en die gelowige: (1) die Woord en (2) die Heilige Gees, asook (3) die gebed/versugtinge/handeling/sang van die gelowige. Deur hierdie faktore vind gemeenskap tussen die Verbondsgod en die gelowige plaas. Die verskil wat God in die gelowige se lewe maak, is allesomvattend en voortdurend (al besef die gelowige dit nie deurgaans nie). In Christus het die nuwe tyd aangebreek en gelowiges word voortdurend deur die Woord en Gees hierin onderlê. Die Medenavorsers het byvoorbeeld van hulle liefde vir God getuig en die vraag kan gevra word, op watter manier die gelowige se liefde vir (die onsigbare) God groei, indien die Heilige Gees dit nie aktief in die gelowige aanblaas en skenk nie.

God is op ’n daaglikse basis in die lewe van gelowiges betrokke (2.3.1.3). MacArthur (1994:136) stel dit dat die permanente inwoning van die Heilige Gees binne-in gelowiges een van die wonderlike nuwe verbond-realiteite is. Hy wys verder daarop dat die Heilige Gees nie slegs in die teenwoordigheid en omgewing van gelowiges is nie, maar permanent in hulle woon omdat hulle aan God behoort (a.w.:136). Die verband tussen die Woord en die Heilige Gees is duidelik. God se Boodskap moet die hart van die mens vind, en daartoe werk die Heilige Gees mee.

Hedendaagse gelowiges leef daarom nie net vanuit die geloof nie. Hulle “sien” die Onsienlike God; hulle praat met Hom en Hy met hulle; en hulle ervaar daagliks die werking van die Heilige Gees in hulle lewe. Meer nog, die Woord bevestig aan hulle die waarheid wat God geopenbaar het. Dit is egter ook waar dat die persoonlike

verhouding met God as gevolg van verskeie redes – soos werkdrukte of die sorge van die lewe – wel agterweë gelaat kan word. Viljoen (2010:3) verduidelik: "Om God in verhouding te beleef in al Sy teerheid en liefde is nie iets wat sommer vanself reg uitwerk nie. Selfs al is ons wedergebore is daar dikwels dinge wat verhouding met God in die wiele ry." Hier van belang is dat God gelowiges *in Christus* nader geroep het om in 'n innige persoonlike verhouding met Hom te leef. Deur die Woord en Gees leer gelowiges wat God van hulle verwag en hoe Hy oor hulle voel.

Wanneer gelowiges deur die Woord en Gees getransformeer word, kan hulle ook daardie verskil by die huweliksverhouding indra.

6.3.2.8 Die instelling van die huwelik is tot hulp en opbou van mekaar

'n Beradingsvoorbeeld in Hoofstuk 2 (2.11.7) vertel die verhaal van 'n man en sy vrou se huweliksprobleme nadat die vrou 'n emosionele verhouding met iemand by die werk aangegaan het. Die man het in wantroue en jaloesie verval en tydens 'n rusie sy hande vir sy vrou gelig. Die egpaar se insette tot die huweliksverhouding was daarom afbrekend. In hulle geval het dit 'n saak geword van: "Met my eie woorde, gesindhede, handeling en keuses werk ek daaraan om my eie huwelik tot niet te laat gaan!" Die Christelike huweliksverhouding se grondbeginsels – soos liefde, respek, getrouheid, goedhartigheid, waarheid – werk mee om die beste in die partye na vore te bring, indien dit toegepas word. Die teendeel, sondige praktyke soos ontrouheid in die huwelik, haatdraende optrede, en geweld, werk mee om die huweliksverhouding te ondermyn. Sommige optredes behoort vir 'n gelowige taboe te wees. Die voorbeeld van God in Jeremia 7:32c is vir elke gelowige navolgenswaardig: "... so iets het selfs nie in my gedagte opgekom nie." (Bybel 1983).

Die Christelike huweliksverhouding se grondbeginsels is in die algemeen dieselfde as die grondbeginsels vir Christenskap. Die konsepte wat van belang is vir die gelowige se lewe, is ewe belangrik vir die ruimte van die huweliksverhouding. Die gelowige is in die eerste plek kind van God, en daarna kind van God *in* 'n huweliksverhouding. Die begronding in die verbond was vir die verbondskind reeds voor die huwelik se begin van krag, en bly ná die huweliksbevestiging steeds van krag. Daarom, indien die

gelowige huweliksmaat met sy of haar verbondenheid aan God erns maak, en nie slegs ’n toeskouer van die verbond is nie, word die vrugte daarvan by die huweliksverhouding ingedra.

6.3.2.9 Teenstrydige boodskappe oor die huweliksverhouding aan kinders in die gesin, verkondig[219]

In die onderstaande bespreking word drie verhale van Medenavorsers as voorbeelde gebruik om aan te dui hoe teenstrydige boodskappe oor die huweliksverhouding aan die kinders in die gesin oorgedra word. Medenavorser Amanda (Bylae A-A10) se verhaal vertel van, aan die een kant, ’n huislike lewe vol van gemoedelikheid; aan die ander kant, by tye hewige rusies tussen die ouers (2.12.2). Die verhaal van Beradingsvoorbeeld 1 (Bylae A-A8) het die volgende na vore gebring: huweliksrusie tussen die egpaar wat met die man se handgeweld gepaardgegaan en voor die kinders afgespeel het (2.11.7). Medenavorser Amanda (Bylae A-A10) het vertel oor haar ervaring van haar ouers se verhouding en haar eie ervaring as kind. Hierdie ervaring het ingesluit, aan die een kant die gesin se gereelde kerkbesoek, en aan die ander kant, verwydering tussen die ouers, dislojaliteit van die ma teenoor die pa en agterafbesluite van die ma – met doelbewuste uitsluiting van die pa se bydrae in die gesin (2.12.5).

Uit hierdie bogenoemde navorsingsverhale kan die volgende afleiding gemaak word. Die kinders in die gesin kan *dubbele boodskappe* oor hulle ouers se huwelik ontvang: die eerste boodskap het nie die heil van die egpaar of die gesin in die oog nie, terwyl die tweede boodskap dit wel aanmoedig. Die eerste boodskap ondermyn die egpaar en die kinders se menswaardigheid, terwyl die tweede alle betrokkenes se menswaardigheid bevestig en vier. Die eerste boodskap het die stadige afsterf van die Christelike huweliksverhouding/verbondsgesin in gedagte, terwyl die tweede boodskap fokus op ’n sinvolle lewe in diens van God en tot opbou van al die betrokke partye. Wat is die twee boodskappe wat oor die huweliksverhouding vertel word, en wat die kinders as bystanders ervaar?

[219] Sien 2.12.2.

Die eerste boodskap oor die huweliksverhouding is: die egpaar se rusies wat gepaard gaan met woordgeweld, fisieke geweld, kwetsende naamgewing, dislojaliteit, en disrespekvolle optrede teenoor mekaar. Hierdie soort optrede het die stadige dood van die huweliksverhouding/verbondsgesin in die oog en kan ook moontlik bydra tot die vestiging van vrees en onsekerheid by kinders wat hierdie omstandighede moet aanskou en verduur.

Die tweede boodskap wat aan kinders in die gesin oor die huweliksverhouding verkondig word, het die heil van die betrokkenes (egpaar en kinders) in gedagte. Die liefdevolle huweliksverhouding vind uiting in wedersydse respek, toewyding aan mekaar, lojaliteit, lewe in waarheid, verskil in liefde en toewyding aan God en sy Woord. Die heil van mense word met die uitleef van hierdie gesindhede aangemoedig. Hier is egter ook méér ter sprake: sulke optrede geskied in diens van mekaar en van God. Die Medenavorsers het getuig hoe laasgenoemde voorbeelde, soos lojaliteit teenoor mekaar, ’n lewensingesteldheid vir hulle geword het. In gehoorsaamheid aan God se aanwysings, byvoorbeeld leef die liefdesgebod teenoor mekaar uit, vind gelowiges die *nuwe-lewe-in-Christus*-leefstyl. Hierdie leefwyse wys terug na die verbondkonteks waarbinne gelowiges hulle lewe inrig.

Vervolgens, word die implikasie van die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die gesinslewe toegelig.

6.4 DIE IMPLIKASIE VAN DIE VERBONDSKONTEKS VIR VERHOUDINGSKWALITEIT IN DIE GESINSLEWE

6.4.1 Inleiding

Wanneer ’n soeklig uit die verbondskonteks, waarin gelowiges hulle bevind, op die verhoudingskwaliteit in die gesin geskyn word, dra dit inligting oor omtrent die impak van die verbond op die lewe van gelowiges wat erken dat hulle aan God behoort. So ’n ondersoek kan die volgende uitwys: ’n verbondsgesin wat van die verbondskonteks af weggedwaal het; ’n gesinslewe waarin die verbondskonteks geen of ’n mindere rol speel; of ’n gesin wat toegewy aan God leef. Vervolgens word ’n paar

gedagtes/alternatiewe interpretasies bespreek oor die verbondskonteks waarin gelowiges hulle bevind. Die navorsing oor die verskillende perspektiewe op die verbond, het die volgende aangaande die dinamiek in die huweliksverhouding en gesin laat blyk. Omdat die huweliksmaat/ouer ’n verbondskind is, plaas dit hom of haar midde in die verbond en dus verantwoordbaar aan God vir sy of haar eie lewe (onder meer ook as huweliksmaat) en vir die leiding wat aan die kinders in die gesin gegee word.

Indien ’n volwasse persoon hom-/haarself kragtens die geloofsverbondenheid met God as ’n verbondskind sien, geld die volgende:

- Om gedoop te wees, ook die doop van hulle eie kinders, is ’n vanselfsprekende noodsaak. Sulke gelowiges ken behoorlik waarde toe aan hulle eie doop en dié van hulle kinders (6.2.2.6).
- Nagmaalgebruik is ’n ingesteldheid wat met erns en verootmoediging gepaardgaan (6.2.2.6).
- ’n Persoonlike verhouding met God word ’n daaglikse werklikheid (6.2.2.7).
- Liefde vir God en die naaste raak ’n basiese ingesteldheid (6.2.2.10).
- Hulle geloofsdade wys heen na die nuwe verbond (dade uit die geloof geld as noodwendige uitvloeisel onder die nuwe verbond; vgl. 6.2.2.8).
- Die gesinsruimte word deur die verbondsouer met verbondsinhoud ingekleur (6.4.2.2).
- Die ouer dra verhoudingskwaliteit wat met God verband hou, by die huweliks- en gesinslewe in (6.4.2.3).
- Die toepassing van die Christelike geloof in die ouer se lewe werk deur na die gesin en gesinslewe (6.4.2.5).

Die vraag kan gevra word: Sou ’n afwesigheid van hierdie kenmerke van ’n verbondskind se lewe wys op die noodsaak om terug te keer na die verbond, God, verbondsbepalings, en verbondshandelinge? Dit is die navorser se mening – wanneer die huweliksverhouding binne die verbondskonteks beskou word. Dus word die implikasie van die verbondskonteks vir die gesinslewe hier onder bespreek.

6.4.2 Verhoudingskwaliteit in die gesinslewe

6.4.2.1 Die verantwoordelikheid vir die gesin rus op die ouer/s se skouers

Newman (2011:31) stel dit dat Christelike gesinne as "God's training centers" behoort te dien. Om hierdie standpunt te staaf verwys hy na die boek Spreuke: "Consider the many verses in Proverbs that portray the family as the setting for promoting wisdom, developing discernment, acquiring prudence, and establishing the fear of the Lord. Relational bookends shape Proverbs – beginning with a father telling his son to pursue wisdom and concluding with a beautiful portrayal of an 'excellent wife'" (Newman 2011:31). In Spreuke word nie net sake gehanteer wat op die gesin van toepassing is nie. Sake wat persoonlike toepassing verg, word ook uitgelig: "Taming your tongue, balancing your budget, overcoming sloth, controlling your temper, cultivating generosity, and many other fruits of righteousness all rely on personal discipline and wisdom, which flow from the 'fear of the Lord'" (Newman 2011:31).

Die dinamika van die geloofsonderrig aan kinders binne die verbondsgesin behels die aanleer asook praktiese toepassing van Christelike geloofspraktyke; en daarmee saam die afleer van woorde, denke, optrede en keuses teenstrydig met die Christelike geloof. Hierin word die verantwoordelikheid van die ouer/s as verbondsleier/s bevestig. Hoeveel verantwoordelikheid aan ouer/s toegesê word, word duidelik uit die rol wat daardie persoon veronderstel is om in die gesin te vervul. Dit is 'n geweldige verantwoordelikheid om 'n verbondskind te wees, en ouer/s behoort dit wel deeglik te besef. Eerstens behoort die styl van die nuwe lewe in Christus vanselfsprekend in die lewe van die gelowige te figureer, en tweedens behoort omvattende geloofsonderrig aan gelowiges se eie kinders 'n verantwoordelike, voldagse taak te wees.

Die konsep *verantwoordelikheid* is sinoniem met leierskap se volmag jeens 'n saak. Die volmag tot leierskap word van God ontvang en die gelowige ouer is aan God verantwoordbaar vir hierdie opdrag om, waar toepaslik, sinvolle leierskap te handhaaf. Ouers stap as verbonds- en algemene leiers voor in die gesin, om in gehoorsaamheid aan God die geloofpad vir die res van die gesin aan te dui. Janse van Rensburg (2003:829) verduidelik: "Wanneer mense hulle verantwoordelikheid teenoor God

besef, sal hulle self só begin lewe dat hulle ’n bydrae tot ’n gesonde samelewing maak [asook gesin en huweliksverhouding – R K]. Hulle sal deur dankbaarheid en liefde gemotiveer word en nie deur vrees vir wette nie.” Om dit te kan doen, behoort ouers kennis te dra van die gawe van hulle eie lewe, die gawe van kinders en God se betrokkenheid by hulle lewe en hulle in God se bestaan. Hierdie ouers behoort ook te verstaan hoe ’n kind aanmekaar geweef is en hoe belangrik God en die Woord vir hulle lewe is.

6.4.2.2 Die ouer/s kleur die gesinsruimte in met verbondsinhoud

Vos (1999:16) verduidelik oor gelowige verbondsmense se verantwoordelikheid: “Op ons as bondgenote rus die verpligting om die verbond te bewaar. Maar hoe moet ons dit doen? Natuurlik deur ons trou aan God en aan die bepalinge van die verbond. Watter bepalinge moet ons nakom? Ons moet naby God leef (Gen. 17:1).” Die verbondsbepalings strek egter veel verder as slegs om “naby” God te leef. Dit sluit onder meer ook ander opdragte van God in, soos die geloofsonderrig aan eie kinders (Deut. 6:6). Indien ouers die verbond moet bewaar, beteken dit ook die oordrag van verbondskennis aan hulle kinders sodat hulle kinders dit later weer aan húlle kinders kan oordra. Die vraag is hoe dit prakties kan geskied. Dit gebeur wanneer die betrokke ouer/s die gesinsruimte met verbondsinhoud inkleur.

Dit is ouers wat die gesinsruimte spreekwoordelik inkleur met hulle woorde, atmosfeer, versorging, handeling, reëlings, tradisie, vreugde, liefde en geloofsoortuigings. Die ouer/s rig/vul die ruimte-inhoud in die gesin met hierdie aspekte en rig ook die lewensvaart van die gesin. Die kinders, in hulle ontwikkeling van baba tot jongmens, maak hierdie vaart mee. Kinders is in die posisie om tydens die vaart saam met die gesin, die volgende eienskappe te ontwikkel: geloofsidentiteit en geloofsoortuigings. Dit sluit ook in musieksmaak, lewenskuns en -vaardighede, -ervaring, en -benadering. Daarby geld morele begronding, geloofshoop, liefde vir die lewe, God, mense en ook persoonlike liefde. Binne die ruimte van die ouerhuis vind elke kind in die gesin sy of haar identiteit, wat in die geval van verbondskinders, lê in hulle verbintenis aan God. Hierin tree die ouers se groot verantwoordelikheid teenoor die gesin/kinders weer na vore.

6.4.2.3 Die ouers is aan die stuur van die gesin se verhoudingskwaliteit

Die ouers se verantwoordelikheid is om aan die stuur te wees van die verhoudingskwaliteit[220] binne die gesin. Dit is duidelik wie loop as (verbonds)rolmodel voor om vir gesinslede te wys hoe praktiese geloofshandeling lyk: die ouers. Dit is ook een van die verantwoordelikhede van die ouer/s teenoor die gesin, want gelowiges leef in ’n soms vyandige wêreld waar die sonde ’n neiging het om in mense se lewe te wil heers en dit ook soms regkry. Ouers het ’n verantwoordelikheid om ’n voorbeeld as volwasse Christene, vir hulle kinders te stel (Collins 2005:165). Volgens Collins (a.w.:165) is drie sake van belang by die ouers se voorbeeld: (1) **Luister:** om na die Woord te luister (bestudeer) sodat dit deel van die gelowige se wese kan word; (2) **Gehoorsaamheid:** om aan God gehoorsaam te wees deur sy verordenings en gebooie te onderhou; en (3) **Liefde:** om lief te wees vir God en om Hom met hart en siel te dien. Collins (2005:165) wys daarop dat wanneer die ouers glad nie die behoefte toon om God te gehoorsaam nie, kan die kinders van hulle kant af moontlik ook minder geneig wees om hulle ouers en God te gehoorsaam.

Die konkretisering van die konsepte van die *nuwe lewe in Christus* binne die verbondsgesin, is in sommige opsigte maklikhaalbare handelinge (soos: Moenie steel nie). In ander opsigte is dit weer moeilikhaalbare handelinge (soos: Moenie kwaad met kwaad vergeld nie, of: Bly gelowig ten spyte van moeilike omstandighede). Tog bly dit ’n nastreefbare ideaal wanneer dit in gehoorsaamheid aan God geskied. Gelowiges behoort aan God en nie aan die kwaad nie. Daarom volg hulle ook nie die kwaad met dade, denke of gesindheid nie. Gelowiges se dade, denke en gesindhede behoort te toon dat hulle aan God behoort. Om die nuwe-lewe-in-Christus-styl in die lewe van die verbondsgesin aan te moedig, behels gereelde herhaling, toepassing asook vestiging van Christelik gebaseerde norme, handeling, denke en gesindhede.

[220] Verhoudingskwaliteit word in verband gebring met Christelike aanwysings soos gestel in Kolossense 3:12-17; Markus 12:29-31; 1 Petrus 3:9-12; ensovoorts (Bybel 1983).

Prakties beteken dit dat die Christelike geloof se grondbeginsels[221] in die persoon se eie lewe/die gesinslewe ingesluit en toegepas word. Daarteenoor word dié sake teenstrydig met die Christelike geloof se grondbeginsels, wat in die gesinslewe wil posvat, uitgesluit (neergelê, afgewys en verwerp). Goeie oordeel wat in elke omstandigheid op God fokus en tot ’n goeie verskil[222] in die verbondsgesin sal bydra, is ’n broodnodige voorvereiste vir enige verbondsleier. Die volgende sake dra daartoe by om die verbondsleier te bekragtig: wysheid wat in diens van God is, Bybelkennis (verbondskennis), toewyding aan God, en toegespitste keuses en dade in diens van God. Om te weet volgens watter maatstaf gelowiges binne die verbondsgesin moet handel, het hulle nodig om na God se hart te luister, en dan daarvolgens te gaan optree. God se Woord en Gees help die gelowige ouers daartoe.

6.4.2.4 Verhoudingskwaliteit wat met God verband hou word in die gesin ingedra wanneer die ouers hulle verbondsverantwoordelikhede nakom

In aansluiting by die voorafgaande gedeeltes (6.4.2.2 en 6.4.2.3), het die navorsing bevind dat verhoudingskwaliteit heg gekoppel is aan God/verbond en die nuwe-lewe-in-Christus-styl. Ouers is bondgenote van God (sien 6.4.2.2), en behoort deur hulle eie konkrete toetrede tot die genoemde leefstyl hierdie verhoudingskwaliteit wat met God verband hou, by die gesinslewe in te dra. In hierdie sin vloei die verhoudingskwaliteit uit die leefwyse van die nuwe lewe in Christus (verbondshandelinge). As verbondskinders is gelowiges se eerste verantwoordelikheid teenoor God, om Hom en hulle naaste lief te hê volgens God se opdrag. Hulle verantwoordelikhede strek egter verder: om konkreet as verbondskinders te leef en hulle eie kinders in hierdie werklikheid te onderrig en te laat onderrig.

[221] Hier geld onder meer: die waardes, verbondseise, geloofshoop, handeling, lewensuitkyk, samesyn met die gemeenskap van gelowiges, voorbidding, liefde vir God en naaste, en morele standaarde.

[222] Voorbeelde: ’n Gesinslid kan ’n persoonlike oorgawe tot geloof (teenoor ongeloof) maak, indien Woordverkondiging tydens huisgodsdiens plaasvind; die geloof van elke gesinslid kan daagliks gebou word, indien die Woordkonteks ’n bekende terrein is waarbinne die gesin daagliks rondbeweeg; die praktiese aanmoediging van gesinslede/kinders tot die styl van die nuwe lewe in Christus, kan uitvloei, indien die verbondsleier *self* toegetree het tot hierdie leefstyl; elke gesinslid se persoonlike identiteit in Christus kan deur die verbondsleier se oordeelkundige gebruik van die Woord, bevestig word; *geloofsekerheid in Christus* kan daagliks gebou word, indien behoorlike verbondsleiding in die gesinslewe plaasvind; elke gesinslid se liefde vir God kan deurentyd groei, indien die verbondsleier leiding neem in die *bekendstelling* van die Verbondsgod aan elke verbondskind in die gesin.

Die vraag bly: Hoe sal gelowige ouers weet op watter manier die verbondskinders leef en watter handelinge verhoudingskwaliteit toon? Ryle (2009:45) verduidelik die Woord se impak in gelowiges se lewens:

> The Bible is the chief means by which Christians grow after they have been converted. The Holy Spirit uses his own Word, either as it is read privately or as it is preached publicly, to cleanse and sanctify them, to instruct them in righteousness, and to equip them for all good works. The Bible can show you how to live your everyday life in a way that pleases God.

Ryle (2009:45) voeg hierby: "If the Holy Spirit is living in your heart and you have the Bible in your hand, you have everything that is absolutely necessary for your Christian Life." Met ander woorde, Bybelbegronde verhoudingskwaliteit word sigbaar in die lewe van gelowiges, indien hulle in gehoorsaamheid aan God, konkreet doen wat God vra. Dit spel: nakom van verbondsverantwoordelikhede.

Indien die ouers nie hulle verbondsverantwoordelikhede nakom nie – wat Bybelbegronde verhoudingskwaliteit in die gesinslewe invoer en insluit – sal die hele gesin daaronder ly. Die ouers sal self onder hierdie versuim, geestelike skade ly. Twee keuses bly hier 'n moontlikheid. **Eerstens:** gee as verbondsleier deur woorde, gesindhede en dade, 'n regmatige plek aan die Christelike geloof in die verbondsgesin, en ervaar heil en seën as gevolg van die gehoorsame navolging van Christus. **Tweedens:** Versuim as verbondsleier om laasgenoemde te doen, en die gevaar is daar dat afvalligheid van God in die (verbonds)gesinslewe ingevoer kan word. Verbondshandelinge (soos dade in diens van God) en praktyke (soos kerkbesoek, Bybelstudie, doop, nagmaal, kategese, stiltetyd, Woordgebeure) werk mee om die gelowiges op hulle geloofspad te versterk en bekragtig. Indien verbondshandelinge en -praktyke agterweë gelaat word, is dit tot die gelowige se nadeel. Die gelowige word dan nie op 'n gereelde basis aan die aanwysings in die Woord herinner nie, en die Woord speel, weens die persoon se eie keuse, 'n verminderde rol in sy of haar lewe. Dit hou duidelike gevolge in vir die verbondsouer asook die nageslag se lewe. Die kwaliteit van verhoudings word ook hierin geraak.

Die vraag hier is: Waar begin toewyding aan God? Die antwoord: by ouers. Die hele gesin sal uiteindelik die goeie vrugte van die ouer/s se toewyding kan pluk – indien die ouer/s ’n keuse vir God maak en dit in die praktyk deurvoer.

6.4.2.5 Die toepassing van die Christelike geloof[223] begin by die ouer se eie lewe en vloei daarvandaan na die gesinslewe

Hierdie punt vind aansluiting by die bostaande uiteensetting. Die vloei van die verbond is ook vir die nageslag van die gelowige bedoel. Die nageslag van die gelowige maak reeds deel van die verbond uit. Indien die ouer/s in ’n mate los van die verbond en ’n verbondsverhouding met God leef, word die vloei van die verbond van *ouer tot kind* belemmer. Soos reeds gestel is, verskaf die verbond betekenis, struktuur en inhoudelikheid aan die verbintenis tussen God en die gelowige (sien 6.2.2.9). **Betekenis:** word deur Woordgebeure na die Bybelleser gedra (soos gedeeltes oor God se liefde vir die mens). **Struktuur:** bied die raamwerk vir ’n lewe voor God se oë. Gelowiges weet byvoorbeeld waar hulle hulp vandaan sal kom en wat die sonde behels. **Inhoudelikheid:** stel onder meer verhale (geskiedenis en gelykenisse) bekend. Identiteit in Christus word hierin toegelig, en die gelowiges hoor en weet wat vir hulle heil nodig is.

Die bogenoemde drie voorbeelde onderstreep hoe belangrik die Woord in ’n gelowige se lewe is. Voeg hierby ’n aktiewe persoonlike verhouding met God, en handeling[224] word uit die bogenoemde voorbeelde gestimuleer. Indien die Christelike geloof om die een of ander rede ’n minimale rol in die gelowige se lewe speel, raak dit ook daardie persoon se optrede, gesindhede, denke en keuses. Gelowiges is veronderstel om naby aan die Bron van die lewe te leef. Sonder so ’n verbintenis gebaseer op die verbond kan hulle moontlik tydelik “verlore” raak, sodat God hulle moet gaan “vind” en na ’n lewe in oorvloed terugbring.

[223] Met spesifieke verwysing na die verbondshandelinge soos dit in die nuwe-lewe-in-Christus–styl na vore kom.

[224] Die nuwe-lewe-in-Christus-styl.

Hierdie verbondsverbintenis word, na aanleiding van navorsingsvraag 6 (sien 6.1), hier onder gestel en bespreek.

6.5 DIE HERSTELDE VERBONDSVERBINTENIS MET GOD LEI TOT KENMERKENDE KWALITEIT IN DIE HUWELIKS – EN GESINSVERHOUDINGS[225]

Navorsingsvraag 6 (Sien 6.1) vind aansluiting by navorsingsvraag 5 en brei verder uit op die tema van die verbondskonteks en verbondsverbintenis. Die fokus is op die herstelde verhouding met God in Christus, en hoe dit kan bydra tot ’n kenmerkende kwaliteit in die huweliks- en gesinsverhoudings. Navorsingsvraag 6 lui soos volg:

> *In hoe ’n mate kan die herstelde verbondsverbintenis met God in Christus tot ’n kenmerkende kwaliteit vir die huweliks- en gesinsverhoudings lei?*

Volgens die voorafgaande bespreking oor die verbond (sien 6.2.2) en wat dit behels, word dit duidelik dat die verbondsverbintenis tussen God en die gelowige soms of selfs dikwels nie tot die reg kom in die lewensuitings van die gelowige huweliksmaats nie. Sommige van die Medenavorsers se verhale het hierdie tendens bevestig: in 2.11.7 is ’n verhaal vertel waar huweliksonmin daartoe gelei dat die man sy hande vir sy vrou gelig het. In ’n volgende verhaal het pornografie die huweliksverhouding binnegedring (2.11.8). Die verhaal van teenstrydige herinnering oor die kinderlewe, is deur die 38-jarige Amanda (Bylae A-A10) oorgedra. Aan die een kant onthou sy die heerlike gesinsetes en hoe haar Ma kleinkoekies tydens Kerstyd gebak het en aan die ander kant was daar sprake van egskeiding tydens haar ouers se rusies (sien 2.12.2). By punt 2.12.4 is ’n verhaal vertel oor een van die ouers se buite-egtelike verhouding wat vermoed is. ’n Volgende verhaal het vertel van ’n medenavorser se kinderlewe: aan die een kant was die gesin gereelde kerkgangers en aan die ander kant het die ma dislojaal teenoor die pa opgetree (sien 2.12.5). By punt 2.12.6 is die verhaal oorgedra wat dui op die herhaling van onverkwiklike gedragspatrone in die huweliksverhouding – waarby drank en huweliksonmin betrokke was.

[225] Sien 1.3.1.1, vraag 6.

Die bogenoemde voorbeelde beskryf wel trekke van die nuwe-lewe-in-Christus-styl. By tye is daar handelinge soos gereelde kerkbesoek, die gesin wat almal gedoop is, persoonlike gebed, 'n tafelgebed of gebed voor ete, omgang met die Woord en nagmaalgebruik. Daar is egter ook trekke van 'n sondige leefwyse waarin strydig met God se aanwysings vir die nuwe lewe in Christus opgetree word. Dit behels voorbeelde soos: 'n huweliksmaat wat met pornografie besig is, 'n buite-egtelike verhouding waarby een van die egpaar betrokke raak, woord- en fisiese geweld tussen die egpaar, en dislojaliteit in die huweliksverhouding. Hierin kry die Sonde[226] 'n vastrapplek in die lewe van 'n gelowige.

Die leefwyse van huweliksmaats wat aan God behoort, kan trekke van die dood weerspieël – en hulle kinders kan die toeskouers van sulke optrede word. Dit kan ook gebeur dat 'n mens met die hart aan God behoort, maar met sommige dade die saak van die sonde dien. Christus se koms en kruisdood het juis plaasgevind om die Sonde[227] te ontmasker en mense daarvan te verlos. Die vraag is dus: waarom sal gelowiges 'n deel van hulle lewe aan die Sonde afstaan?

Die gespreksgenote, die Woord, die Praktyk, Teologiese en Buite-Bybelse Geskrifte, Medenavorsers asook die Navorser het tydens die navorsing oor die nuwe verbond aan die woord gekom (sien 2.3. e.v.). In die navorsing oor die verbond, word dit duidelik dat die verbintenis met God nie 'n losweg of veraf verbintenis is of behoort te wees nie. Die gespreksgenoot die Woord, is duidelik oor die nuwe heerskappy waaronder die verloste kind van God nóú – selfs in 2015 – is (Rom. 6-8).

Die postmodernistiese era – met die fokus meestal op 'n leefwyse wat God uitsluit – dra by tot die ondermyning van die verbondsverbintenis tussen God en die gelowige omdat die gelowige in dieselfde tydgleuf eet, werk, speel en slaap en gekondisioneer kan word deur die filosofie, "Die afwesigheid van God in die samelewing". Die persoonlike verhouding tussen God en die gelowige kan ook in die wiele gery word deur gelowiges se onkunde oor wat God oor hulle dink en verkeerde persepsies oor "wie en hoe God is" (Viljoen 2010:3). 'n Volgende rede vir die verbondsverbintenis

[226] Personifikasie volgens die narratiewe benadering.
[227] Personifikasie.

wat in die gedrang kan wees. Dit kan gebeur, indien die gelowige nie die volle betekenis van sy of haar redding in Christus verstaan en omhels nie. In sulke gevalle kan dankbaarheid en die getroue dien van God in die gemoed/handeling van die gelowige afwesig raak. Met ander woorde, die regte begrip van die verbondsverbintenis is in ’n mate afwesig in die gelowige se verstaan. Gevolglik kan daardie gelowige se gesindheid, optrede en denke *oor* hierdie verbintenis, nie *vanuit* ’n verstaan van die verbintenis vloei nie.

In dieselfde sin kan laasgenoemde stelling ook omgekeer word: die gelowige se gesindhede, optrede en denke sal uit sy of haar verbondsverstaan van krag word, indien die regte begrip as begronding in die gelowige se innerlike leef. Om te verstaan en kennis te dra (te weet) wat die begronding van die Christelike geloof behels, is egter nie genoeg om ’n sondige mens tot die regte optrede oor te haal nie. Dit is wel ’n stap in die regte rigting, omdat denke handeling rig. Wat wel ’n verskil sal maak, is om toe te tree tot ’n innige verbondsverbintenis met God, met gehoorsaamheid aan God as belangrike onderdeel. Die navorsing het ook uitgelig dat die gelowige wat ver van God af leef, naby aan sy of haar eie skade is (soos sommige verhale van Medenavorsers uitwys).

Die herstelde verbondsverbintenis veronderstel ’n innige, persoonlike verhouding met die Verbondsgod, wat soos ’n geur deur die gelowige se lewe trek en oral en altyd ’n duidelike teenwoordigheid handhaaf. Of die gelowige sit of staan, of kom of gaan, die nuwe lewe in Christus is en word vir hom of haar ’n alledaagse werklikheid. Omdat elke gelowige die Heilige Gees van God ontvang het, is die veronderstelling dat die Gees ’n alledaagse teenwoordigheid in die gelowige se lewe sal handhaaf. Dit is die gegewe werklikheid, volgens die (navorsings)gespreksgenoot, die Woord.

Die Medenavorsers het in hierdie verband getuig van hulle geloof in God en liefde vir God, wat die werk van die Heilige Gees in hulle lewe onderskei (sien 4.4.4). Die gespreksgenoot Die Praktyk, het gewys op twee sye van die werklikheid. Aan die een kant het sommige verhale (sien 2.11.2 e.v.) van Medenavorsers getuig van ’n persoonlike verhouding met God wat konkreet word deur toegewyde stiltetyd, gebed, kerkbesoek en die geloofonderrig van hulle kinders. Aan die ander kant het van die

verhale uitgewys dat optrede in die huweliksverhouding afbrekende optrede kan insluit, soos hewige argumente en geweld (sien 2.11.7) asook pornografie (2.11.8). Die vraag is dus: Wat maak die verskil in laasgenoemde twee voorbeelde waarop die gespreksgenoot Die Praktyk wys? Duidelik kom enersyds verbondshandelinge (Christelike begronding) in die lewe van gelowiges tot uiting. Maar andersyds kom sondige optrede duidelik na vore in die optrede van gelowiges wat openlik sê: "Ek glo beslis in die Here!" Die vraag wat hiermee verband hou, handel oor die teenwoordigheid van die Heilige Gees in die gelowige – 'n gegewe werklikheid, volgens die Woord. Die Heilige Gees se teenwoordigheid wil 'n goeie verskil in die lewe van God se kinders maak. Die duidelik vraag: Wat staan hierdie teenwoordigheid teë?

'n Herstelde verbondsverbintenis met God wys heen na 'n innige, persoonlike verhouding met God (6.2.2.8). Binne dié verhouding werk gemeenskap met God om die gelowiges se denke te vernuwe dat hulle waarlik vry *in Christus* in die praktyk kan gaan leef. Hierin werk die Gees wat in die gelowige teenwoordig is. 'n Herstelde verhouding tussen God en die gelowige vra ook die gelowige se insette in die verhouding, wat hy of sy met ywer aanmoedig. Hier geld gehoorsaamheid aan God en vind dit uiting in die denke, gesindhede, optrede en keuses, wat die nuwe lewe in Christus as bestaande werklikheid onderskryf. Hierin lê die voordeel vir huweliks- en gesinsverhoudings. Christus word prakties gevolg, en die huwelik en gesin trek voordeel daaruit.

Vervolgens word alternatiewe interpretasies bespreek oor die gevolge wat die verbondskonteks inhou vir die kwaliteit van verhoudings in die huwelik en gesin. Navorsingsvraag 7 (sien 6.1) word ook hieroor nader ondersoek.

6.6 'n BESPREKING VAN ALTERNATIEWE INTERPRETASIES OOR DIE IMPLIKASIE VAN DIE VERBONDSKONTEKS VIR DIE VERHOUDINGS-KWALITEIT IN DIE HUWELIKS[228] - EN GESINSVERHOUDINGS[229]

6.6.1 Inleiding

Navorsingsvraag 7[230] behandel die alternatiewe interpretasies oor kwaliteit van die verhoudings in die Christelike huwelik en gesin binne 'n postmodernistiese paradigma. Daar word *terugskouend* na die verskillende perspektiewe op die navorsingstema gekyk. Die toekomsverhaal *vooruitskouend* en vanuit 'n Christelike beskouing kom ook ter sprake. Die belang van die nuwe verbond vir Christenskap en die huweliksverhouding/gesinslewe sal 'n belangrike fokus wees wanneer alternatiewe interpretasies ondersoek word. Navorsingsvraag 7 (sien 6.1) het soos volg gelui:

> *Watter alternatiewe interpretasies kan as resultaat van hierdie studie ontstaan oor verhoudingskwaliteit in Christelike huweliks- en gesinsverhoudings binne 'n postmodernistiese paradigma?*

Die navorsingsverhaal is tot in hierdie stadium van die studie volledig vertel. Die navorsingsproses is aan die hand van die *metafoor van 'n gesprek* in Hoofstuk 2 (2.3) verduidelik. Vir die navorsingsproses was die gespreksgenote: die Navorser (1) wat in gesprek getree het met (2) die Praktyk, (3) die kanonieke Bybel, (4) Teologiese geskrifte, (5) Buite-Bybelse geskrifte en ook met (6) Medenavorsers. Elke gespreksgenoot het tydens die navorsing aan die woord gekom, en het 'n ander perspektief op die navorsingstema geopen. Alle perspektiewe vorm saam die navorsingsverhaal. Daar is ook alternatiewe interpretasies van hierdie verhaal om in gedagte te hou. Hierdie interpretasies word vervolgens van nader beskou.

[228] Sien 6.3.
[229] Sien 6.4.
[230] Sien punt 1.3.1.1, vraag 7.

6.6.2 Alternatiewe interpretasies[231] oor verhoudingskwaliteit in die huweliks-verhouding

Die alternatiewe interpretasies bring die studie uit by die Klimaks en die Slot van die navorsingsmodel ABDCE van die navorsingsverhaal (sien 2.4 e.v.). Anne Lamott (195:62) se ADCE-formule vir fiksie-skryfwerk, is vir die narratiewe navorsingsproses gebruik. Die ABDCE-formule dui op ’n proses van ontwikkeling in ’n verhaal – in hierdie geval ’n navorsingsverhaal – wat geskryf word (sien 2.4.2). Die navorsingsverhaal het spesifieke fokuspunte en dra by om die inligting wat uit die verhale verkry is, tydens navorsing in ’n sinvolle verloop te organiseer. Die fokuspunte is: Aksie (“Action” - A), Agtergrond (“Background” – B), Ontwikkeling (“Development” – D), Klimaks (“Climax” – C) en Slot (“Ending" - E).

Die Klimaks (“Climax” – C) en Slot (“Ending” – E) van die navorsingsverhaal – wat in hierdie hoofstuk ter sake kom – word bereik wanneer al die navorsingsinligting wat uit die verhale van die verskillende navorsingsgespreksgenote ingesamel is (sien 2.3. e.v.), lei na ’n *hoogtepunt van beter verstaan* van die navorsingstema. Met die aanbreek van die Slot (E) van die navorsingsproses, eindig die navorsing met nuwe perspektiewe op die navorsingstema. Narratiewe navorsing skep deurgaans ’n nuwe verhaal met nuwe moontlikhede, daarom eindig die navorsing nie met ’n volledige konklusie wat al die antwoorde op die navorsingsvrae verskaf nie. Narratiewe navorsing eindig met ’n oop deur (geopende einde) wat hopelik tot nuwe navorsing sal lei (Müller *et al.* 2001:90).

’n Alternatiewe interpretasie dui op ’n unieke uitkoms, in narratiewe terme. Morgan (2000:59) beskryf ’n unieke uitkoms soos volg:

> Unique outcomes are the doorways or openings to new and different stories. The therapist [navorser in hierdie geval – R K] attemps to trace the history of the unique outcomes, formly ground them, make them more visible, and link them in some way with an emerging new story. As more and more unique outcomes are traced, grounded, linked and given meaning, a new plot emerges and an alternative story becomes more richly described. By paying attention to the unique outcomes, the therapist [navorser –

[231] Die proefskrif is gegrond op die model van J.C. Müller (2005:82-86) soos gestel in sy artikel “A Postfoundationalis, HIV-positive Practical Theology”. *Practical Theology in South Africa.* 20(2), 72-88.

> R K] facilitates the placing of these events more in the foreground of people's consciousness/awareness. Attributing meaning to them and linking them to other events in the past contributes powerfully to the co-authoring of a new story. This alternative story is usually 'anti-problem' and brings forth people's skills, abilities, competencies and commitments. Identifying some of these competencies may have been difficult when they were overshadowed by the dominant problem story, and the act of bringing them forward assists people to reconnect with their preferences, hopes, dreams and ideas. Bringing the alternative story forth and accessing people's skills and abilities will, it is assumed, in turn affect future actions.

In die huidige navorsing het die navorser die konsep *unieke uitkoms* met God/nuwe verbond in verband gebring en die aanknopingpunt met die Christelike huweliksverhouding en die verbondsgesin gevind. In Christus, het 'n unieke uitkoms by uitnemendheid voor elke gelowige (ook die huweliksmaat) se deur gearriveer en ook binne gekom. Sonder dat hulle daarvoor gevra het, het redding in Christus hulle deel geword. Hierdie unieke uitkoms dui ook op 'n alternatiewe verhaal wat gelowiges oor hulle lewe – as moontlikheid – kan vertel. Navorsing het die verhaal oor die verbond na vore gebring, die belangrikheid daarvan beklemtoon en die betekenis daarvan toegelig. Sodoende word die belang van die verbond deur die lees van hierdie navorsingsverhaal versterk (soos die bostaande aanhaling bevestig). Die verband van die ou en die nuwe verbond is deur die navorsing beklemtoon. Die navorsing het ook die feit benadruk dat gelowiges 'n identiteit in Christus het en aan God behoort. Die alternatiewe interpretasies oor die huweliksverhouding en die verbondsgesin, wat verband hou met die *unieke uitkomste van God en die verbond,* word vervolgens ondersoek.

Met die navorsing het 'n paar sienings oor die postmodernistiese era na vore getree: die wêreld het 'n klemverskuiwing ondergaan van modern na postmodern, asook 'n skuif na post-tradisioneel gemaak volgens Stott (2006:74; sien 2.7). 'n Wantroue in enige vorm van gesag – veral politiese en godsdienstige outoriteit – het in hierdie tydgleuf na vore getree (a.w.:74). Scheepers (1998:22) belig ook die wantroue "in álle tradisioneel-ordenende prinsipes soos die godsdiens, politiek, wetenskap en kuns, en 'n radikale ontologiese en epistemologiese twyfel," wat met die postmodernistiese era vereenselwig word. Die idee dat elke persoon 'n eie siening van die waarheid kan handhaaf en dat dit nie bevraagteken kan word nie, vorm die hart van die postmodernistiese wêreldsiening

(Stott 2006:74). Die huidige milieu word ook gekenmerk deur die kommunikasie- en informasierewolusie. Die postmodernistiese mense beskou hulle meestal as selfstandig en los van God, en hulle leefwyse bevestig hierdie feit. As mens in die wêreld asook mens van God, leef en beweeg die gelowige midde-in hierdie postmodernistiese wêreld.

In die navorsing oor die verbond het die gespreksgenote tot die navorsing elk hulle bydraes gelewer. Hierdie navorsing het die volgende perspektiewe op die verbond belig. Die gespreksgenoot, die Praktyk, het ’n paar Bybelse perspektiewe oor die praktiese implikasies van die nuwe lewe in Christus vir gelowiges se lewe na vore gebring (2.3.1.1). Eerstens, is die *gelowige se gehoorsaamheid aan God* (2.3.1.2(2) genoem; tweedens, *gelowiges se eenheid met God;* en derdens, *Christene as gesalfdes.* Die teorie en die praktyk van die Christelike geloof behoort in die handeling van die gelowige te ontmoet. Die Woord het duidelike uitsprake oor hierdie genoemde punte, met ander woorde, gló so en dóén dan só. Wat hedendaagse gelowige huweliksmaats betref, geld hierdie aanwysings tot ’n praktiese Christelike lewenswyse nie minder nie. Gelowiges se eenheid met God behoort hulle hele manier van leef te stig en rig.

Die Christelike huweliksverhouding ontwikkel te midde van die verbondswerklikheid – aldus een van die alternatiewe interpretasies wat by punt 6.3.2.2 geopper is. Dit geld as vanselfsprekend, indien een of albei van die egpaar ’n verbondskind is, word die verbondswerklikheid weens die gelowige se betrokkenheid daarin, binne die huweliks- en gesinsverhoudings ingedra. Die gelowige huweliksmaat leef teen die agtergrond van die verbond asook as deel van die verbondswerklikheid. ’n Mens kan nie ’n verbondskind wees, en hierdie verbondenheid met God buite die huwelik laat wanneer hy of sy die huweliksverhouding betree nie. Daarom behoort begronding in die verbond – soos deur die gebruik van nagmaal, doop, gehoorsaamheid aan God, die aanwysings tot ’n Christelike lewenswyse – die kwaliteit van die verhouding in die huwelik te bepaal. Verbondsbegronding rig die verhoudingskwaliteit in die huweliks- en gesinsverhoudings wanneer gehoorsaamheid aan God ’n plek in die handeling, denke, woorde en keuses van die gelowige vind. Wanneer hierdie gesindheid en optrede in diens van God geskied, tree die verbondswerklikheid nader en vind hierdeur uiting in die aardse werklikheid en in verhoudings.

Die huweliksverhouding se verband met die verbond en die Christelike geloof, stel sekere aspekte ten toon (6.3.2.3), soos deur die navorsing bevestig. ’n Paar voorbeelde hier is: blydskap oor die huweliksmaat (2.11.2); die huweliksmaat put daagliks krag uit die huweliksverbintenis (2.11.2); die kwaliteit van die huweliksverhouding word onder meer gekenmerk deur (1) ’n liefdesverhouding, (2) lojaliteit, (3) wedersydse respek, (4) openhartigheid, (5) vriendskap, (6) geborgenheid, (7) versorging, (8) gemeenskaplike liefde vir God en sy Woord (indien albei die egpaar gelowiges is), (9) ’n gesonde seksuele verhouding, (10) eerlikheid, (11) egte liefde vir mekaar, (12) eerbaarheid, (13) getrouheid, en (14) betroubaarheid (sien 2.11.2). Met ander woorde, die gesig van die Christelike huweliksverhouding toon sekere karaktertrekke.

’n Volgende onderdeel wat die huweliksverhouding behoort te kenmerk, is die toepassing van die konsep van vergifnis – in reaksie op ’n oortreding van iemand anders/sigself wat *’n ruk lank* deur woorde, dade, gesindhede en keuses by die werksaamhede van die sonde ingekoop het. Die konsep *vergifnis* kan in dieselfde asem as *boetedoening* genoem word. Dit is twee begrippe wat saam tot opbou van ’n stukkende verhouding kan dien, hoewel die een (boetedoening) nie noodwendig in die voetspore van die ander (vergifnis) volg nie. Vergifnis vir ’n oortreder is van die uiterste belang, sodat die werksaamhede van die sonde – wat by die oortreding betrokke was – ontmagtig kan word. ’n Verhouding wat ’n tyd lank gekenmerk is deur haatdraende optrede, woorde, gesindhede en keuses, word deur die toepassing van vergifnis tot by die liefde gebring. Vergifnis is liefde in werking. Die gespreksgenote die Woord, Teologiese geskrifte, die Navorser, asook Medenavorsers, het die navorsing in hierdie opsig onderskryf. Die gelowiges behoort aan God en hulle woorde, handeling, gesindhede en keuse behoort hierdie feit na ander mense (soos die huweliksmaat of selfs aan kinders) te herlei. Die gelowiges behoort vóór in God se ry te staan sodat hulle ander kan vergewe: “Hier is ek! Ek sal jou vergewe! Ek wíl jou vergewe daarom sál ek!”

Die Medenavorsers het getuig van hulle eie benadering tot vergifnis: vergifnis is ’n belangrike Christelike konsep; sommige gaan slaap nie kwaad nie; Jesus het ons eerste vergewe daarom moet ons ander mense vergewe – was van die antwoorde wat gegee is (2.11.3; 2.11.4). Wat genoemde karaktereienskappe van die Christelike

huweliksverhouding betref, vind waardes en waarhede van die Christelike geloof, as moontlikheid, inslag in die nadenke van gelowige huweliksmaats en word prakties in die huweliksverhouding uitgeleef, of nie. Die Christelike geloof en die verbond het met méér as slegs geloof te maak, dit wys heen na ’n sekere soort leefwyse in die huweliksverhouding – wat handeling, denke, gesindhede en keuses insluit. Die getuienisse in die Woord noem hierdie soort leefwyse die nuwe lewe in Christus. Hierdie leefwyse behoort tyd, plek en gemoed te vul, want gelowiges behoort aan God.

’n Volgende alternatiewe interpretasie (unieke uitkoms) belig die aspek van gesindhede in die huwelik (6.3.2.4). Hier geld gesindhede soos respek, vreugde, blydskap, en agting, teenoor bitterheid en onvergewensgesindheid. Die verhoudingskwaliteit in die huwelik/gesin word direk of indirek geraak deur die gesindhede wat die egpaar toon. Die verhale van Medenavorsers, die gespreksgenote die *Praktyk*, die *Praktyk van die nuwe-lewe-in-Christus* en die *Navorser* het tot die gesprek hieroor toegetree. Die Medenavorsers het uiteenlopende en ooreenstemmende verhale oor gesindhede in die huweliksverhouding vertel. Verhale het getuig van gesindhede soos liefde en respek vir die huweliksmaat, aan die een kant (2.11.2 – 2.11.4), tot bitterheid en wantroue teenoor die huweliksmaat aan die ander kant (2.11.7). Elke huweliksmaat is aan die stuur van sy of haar eie benadering tot verhoudingskwaliteit (’n keuse), selfs wanneer die sonde *’n ruk lank* tussen huweliksmaats kom staan. Om ’n verbondskind te wees, wys vanselfsprekend na die verbond en wat dit inhou vir die huweliksmaat se leefwyse, handeling, denke, gesindhede, keuses en besluite. Dit behoort deurgaans die rigsnoer vir gesindhede te bly, selfs tydens konflik.

By hierdie punt oor gesindhede in die huwelik word terugverwys na die voorafgaande paragraaf wat oor vergifnis handel. Dit vind ook aansluiting by die volgende paragraaf, wat handel oor die insette tot die huweliksverhouding.

Verhoudingskwaliteit se oes in die huweliksverhouding wys heen na die saad wat geplant is (6.3.2.5). Dit is nodig dat die gelowiges voortdurend met toegespitste optrede, denke, en gesindhede, op die grondakker van ’n goeie huweliksverhouding bly plant. Die huweliksbedding word bemes en natgelei deur goeie (die regte) gesindhede, motivering, intensies, asook die regte dade van beide lede van die egpaar en bring

sodoende ’n goeie oes voort. Die gespreksgenote, die Woord, Medenavorsers, die Praktyk, Teologiese en Buite-Bybelse geskrifte asook die Navorser bevestig hierdie beskrywing oor die huweliksverhouding. Terug by Christelike waardes en begronding, word waardes soos eerlikheid, betroubaarheid, getrouheid, en lewe in waarheid teenoor mekaar, die boustene (saad) wat die huweliksverhouding in ’n God-bedoelde rigting stu. Hoewel die genoemde voorbeelde abstrakte Bybelse konsepte is, word dit in die praktyk, as moontlikheid, deur die gelowige toegepas en uitgeleef.

Daarteenoor werk die praktyke van die sonde waarby die gelowige huweliksmaat soms ’n ruk lank inkoop, mee om die huweliksverhouding te ondergrawe. Daarom wys die gespreksgenoot, die Woord, op die belang van die Wet vir gelowiges se lewe (sien 6.2.2.10; 6.3.2.1). Die Woord bly dié aanwyser vir die manier om op die Christelike lewenspad te stap. Medenavorsers Jerry (Bylae A-A2) en Petra (Bylae A-A1) se verhale het getuig van die verband tussen hulle geloof en hulle benadering tot die huweliksverhouding (sien 2.11.2). Hulle verhouding is op liefde gegrond en van daaruit vloei wedersydse respek, getrouheid en eerlikheid wat Bybelse konsepte is. Die Medenavorsers het getuig van ’n persoonlike verhouding met God, waarin stiltetyd (4.4.8), Bybelstudie, gebed (4.4.7), daaglikse denke oor God, en liefde vir God prominent staan. Die uitwerking van ’n persoonlike verhouding met God op die gelowige is ontwyfelbaar heilsaam, en indien die gelowige hierdie uitwerking ernstig in die huweliksverhouding opneem en uitleef, dra dit beslis goeie saad by die huwelik in (sien 6.3.2.5).

Sommige Medenavorsers het getuig dat hulle huwelik ’n aangename leefruimte is om in te wees (6.3.2.6). Binne hierdie ruimte voel hulle veilig, geliefd, kan hulle die huweliksmaat vertrou en ook onbevange hulleself wees. Vir beradingsvoorbeeld 1 (Bylae A-A8) het die huweliksverhouding weer ’n vyandige ruimte geword waarin wantroue heers, omdat hy ’n vermoede gehad het dat sy vrou ’n emosionele verhouding met ’n kollega by haar werk het. Benewens wantroue, het hy verwydering en verlies ervaar en kon dus nie onbevange leef nie. Wantroue[232] het die dryfveer in sy lewe geword en egskeiding was die uiteinde van hierdie verhouding. Na aanleiding van hierdie voorbeeld kan die volgende afleiding gemaak word. Wanneer huweliksmaats

[232] Personifikasie volgens die narratiewe benadering.

Bybelse aanwysings tot die nuwe-lewe-in-Christus verontagsaam, met ’n oorgawe aan byvoorbeeld ontrouheid of hatige gedagtes, bevind hulle hulleself met laasgenoemde dade op die slagveld waar die sonde werksaam is. Wanneer verbondshandeling soos getrouheid, respek, goedhartigheid, en eerlikheid in die huweliksverhouding ’n plek vind, pluk albei huweliksmaats die vrugte daarvan: die dader en die ontvanger van hierdie verbondshandeling (sien 6.3.2.5). Die verbondshandeling van een persoon dien tot opbou van albei partye en tot opbou van die huweliksverhouding. Die gespreksgenoot, die Woord, benadruk dat geloof in samehang met dade behoort te geskied (Jak. 2:14-26). Die gelowige egpaar se denke, handeling, gesindhede en keuses behoort aansluiting te vind by die Christelike geloof en die begronding daarvan. “Ons as gelowiges doen wat ons glo!”

Indien die huweliksverhouding nie ’n aangename ruimte is om in te wees nie,[233] bevind die mens hom- of haarself in ’n onverkwiklike ruimte waarin daardie persoon vasgevang kan voel. Die huweliksbeloftes wat destyds aan mekaar en voor God gemaak is, word sodoende vir elkeen, eie beloftes wat ’n mens vasbind aan ’n ruimte waarin ongelukkigheid en die sonde gedy. Daarom behoort gelowiges daagliks die “gereedskap” – *liefde, vergifnis, bekering, belydenis van skuld* en *in diens van God handeling* (d.i. verbondshandelinge) – te gebruik om die verhouding te bou en te herstel, indien die sonde dit in die gedrang gebring het.

Die Woord en Gees maak ’n verskil in gelowiges se lewe asook in die huweliks-verhouding (6.3.2.7) – dit is die veronderstelling. In die postmodernistiese tydgleuf waarin gelowiges egter leef, kan die stelling ook bevraagteken word. In watter sin word die voorafgaande stellings bedoel? In Bylae C is Ds. Celliers se *Brief oor die stand van Jeugbediening in 2013,* as deel van die navorsing geplaas. Dit vertel ’n kommer-wekkende verhaal oor sommige ouers se praktiese toewyding aan God. Hy maak die stelling: “... dat die geslag kinders wat tans in die kerk is, die laaste geslag is wat ‘Christelik’ is omdat daar tans nog ’n mate van ’n Christelike tradisie is wat sommige ouers nog hul kinders na die kerk laat gaan. Dit sterf uit.” Na aanleiding van hierdie brief kan die vraag gevra word, hoe elke ouer/huweliksmaat se persoonlike verhouding met God lyk asook daardie ouer se toewyding aan God. Maak die feit dat hy of sy ’n

[233] Sien 2.11.6 – 2.11.8.

verbondskind is ’n verskil in die eie lewe, die huweliksverhouding en die verbondsgesin? Of leef sommige gelowiges in ’n mate sonder God of los van God en hulle kinders volg vanselfsprekend in die ouer/s se voetspore? *Praktiese toewyding aan God* begin by (1) ’n persoonlike verhouding met God en (2) geloof wat op ’n praktiese wyse in die gelowige se lewe *vlerke kry*. Hierin speel die Woord en Gees ’n groot rol want interaksie tussen God en die gelowige vind daagliks plaas – is die veronderstelling.

Die veronderstelling is dat die instelling van die huwelik tot hulp en opbou van mekaar is (6.3.2.8). Die navorsingsgespreksgenote, Teologiese en Buite-Bybelse geskrifte, die Woord en die Navorser, het verskillende sake in verband met hierdie tema uitgelig: Louw (1993:97) het huweliksliefde in verband gebring met wedersydse begrip, respek, aanvaarding, vertroue en openhartigheid (sien 5.5.2.1); Medenavorsers het openhartigheid as belangrike konsep van ’n gelukkige huweliksverhouding beklemtoon; volgens Strong, DeVault en Cohen (2005:132) is liefde ’n kernbestanddeel van die mens se lewe (5.5.2.2); die Woord beklemtoon ook die liefde: vir God en liefde vir die naaste; Whitehead *et al.* (2014:36) beklemtoon romanse, seksuele gemeenskap, vriendskap en toewyding aan mekaar (5.5.2.3); vergifnis se belang vir ’n sinvolle verhouding (5.5.6); en verantwoordelikheid aan God, huweliksmaat, eie kinders wat verbondskinders is en ’n verantwoordelikheid om reg te doen (6.4.2.1). Hierdie genoemde voorbeelde dra by om die egpaar in die huweliksverhouding op te bou.

’n Volgende alternatiewe interpretasie is dat teenstrydige boodskappe oor die huweliks-verhouding soms aan die kinders in die gesin verkondig word (sien 6.3.2.9 vir ’n bespreking). Die boodskappe is: (1) Argumente en geweld vind soms tussen die egpaar plaas en (2) die huweliksverhouding getuig van samewerking, liefde, vergifnis, en loja-liteit. Dit word ’n geval van: “Nou is ek die liefde vanself, en net-nou verskree ek my man/vrou!” Die nuwe-lewe-in-Christus-styl behels ’n ingesteldheid waarin gelowiges vir God met hart en siel en mond dien, en hulle woorde, gesindhede, dade en keuses onderskryf hulle verbondenheid. Die sonde moet dus nie oor gelowiges heers nie, want hulle behoort aan God.

6.6.3 Alternatiewe interpretasies oor verhoudingskwaliteit in die gesinslewe

Die narratiewe benadering tot navorsing luister na die verskillende verhale wat vertel is deur die gesprekgenote tot die navorsing, naamlik: Medenavorsers, die Praktyk, die Bybel, Teologiese geskrifte, Buite-Bybelse geskrifte en die Navorser. Die mikpunt is dat daar moontlik ’n nuwe, alternatiewe verhaal oor die navorsingstema kan ontstaan. Die verhale van navorsingsgenote belig, met ander woorde, verskillende sake van belang vir die navorsingstema. Dit dra by tot ’n nuwe verhaal waarin alternatiewe interpretasies oor die navorsingstema ontstaan. Die nuwe verhaal beskik oor spesifieke beklemtonings wat in die verskillende navorsingsverhale na vore gekom het. Die alternatiewe interpretasies is daarom feitelik begrond op die inligting uit die gespreksgenote se verhale, met aanvullende afleidings van die navorser[234] wat met die navorsingsverhaal gewerk het. Die afleidings weerspieël die denke van die navorser. Sodoende ontstaan ’n nuwe verhaal oor die uitwerking van die Christelike huweliksverbintenis op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin. As narratiewe terapeute, beaam Freedman en Combs (2002:203): “...our central intention is to collaborate with people [Medenavorsers – R K] in developing new narratives about themselves and the world they inhabit.”

Die gespreksgenote tot die navorsings, Die Bybel en Teologiese Geskrifte, het die belang van die verbond vir die individu, sy of haar huweliksverhouding en die verbondsgesin uitgelig (sien 6.2.2 e.v. vir ’n bespreking van die verbond). Die feit dat die gelowige deel uitmaak van die verbond, beteken dat hy of sy ’n verbondskind is; as verbondskind in ’n huweliksverhouding staan; ’n verbondsouer is; of eie kinders het wat verbondskinders is. God se verbond oorkoepel, met ander woorde, die gelowige se hele lewe. Hierdie oorkoepeling wys heen na die verbondenheid tussen God en die gelowige, met die nuwe-lewe-in-Christus-styl wat deur optrede, woorde, gesindhede, keuses en besluite ’n ruimte in die gelowige se lewe inneem.

Om ’n verbondskind van God te wees, bring (verbonds)verantwoordelikheid mee, soos tydens die navorsing vasgestel is. Die Woord beklemtoon laasgenoemde gedagte. God

[234] As pastorale narratiewe berader.

maak die mens nie net deel van die verbond nie, Hy sê ook wat van hom of haar *in die verbond* verwag word (soos: "Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig. Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is. Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is, en moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak" Ef. 5:8-11) (Bybel 1983). Verantwoordelikheid[235] volg Bybelse aanwysings en bly daaraan gehoorsaam. Bybelse aanwysings (bv. in verhale vervat) onderskryf die nuwe-lewe-in-Christus-styl. In die hoedanigheid as verbondsouer rus die verantwoordelikheid vir geloofsonderrig van die kinders in die gesin grootliks op die ouer/s se skouers (6.4.2.1), soos ook deur die navorsing beklemtoon is. Kinders van gelowige ouers word ingesluit in die verbond (6.2.2.5) en is gedoop volgens God se aanwysing (6.2.2.6). Ouers is die verbondsleiers in die gesin, en deur God in hierdie roeping aangestel (Deut. 6:4-9). Verbondsouers is veronderstel om *in gehoorsaamheid* naby aan God te leef, vooruit te stap en die verbondspad vir die hele gesin aan te wys. Elke ouer is ook aan God verantwoordbaar vir sy of haar leierskap in die gesin.

'n Volgende punt wat deur die navorsing beklemtoon is: die ouers kleur die gesinsruimte in met verbondsinhoud (6.4.2.2). Die teendeel kan ook waar wees: die gesinsruimte word nie behoorlik deur die ouer/s met verbondsinhoud ingekleur nie. Die *inkleur* geskied deur die insette van woorde; kweek van gesindhede; skep van atmosfeer; gesonde versorging van die gesin; optrede binne die gesin; vorm van tradisies (soos 'n tafelgebed); skep van vreugde-oomblikke, uitleef van die liefde; en vestiging van geloofsoortuigings. As volwassenes rig die ouers die lewensreis van die hele gesin. In die ruimte van die gesin kry verbondskinders die geleentheid om die volgende eienskappe te ontwikkel: geloofsidentiteit, geloofsoortuigings, lewenskuns en -vaardighede, en onder meer morele begronding. 'n (Verbonds)kind vind sy of haar identiteit in en deur God, en die verbondsouer neem leiding met die geloofsonderrig van sy of haar eie kind. Die rede daarvoor is dat die ouers in die beste posisie is – as verbondskind – om voortdurend te bou aan die geloofsonderrig van hulle kind – as verbondskind. Die navorsingsgespreksgenote, die Woord, die Praktyk, en Teologiese Geskrifte het hierdie laaste punt beklemtoon.

[235] Personifikasie.

’n Verdere punt is deur die navorsing toegelig: die ouers is aan die stuur van die verhoudingskwaliteit binne die gesin (6.4.2.3). Omdat verhoudingskwaliteit vloei uit die nuwe-lewe-in-Christus-styl (soos die opdrag om mekaar lief te hê – 1 Kor. 13), word die belangrike rol beklemtoon van die ouer/s wat verhoudingskwaliteit by die gesin indra. Die leefstyl van nuwe lewe in Christus behoort eerstens in die ouer se lewe te arriveer (aankoms!) om dan verder na die ander lede in die gesin te versprei. Medenavorsers het deur verhaling getuig van hulle geloof in Christus asook hulle eie kinders se geloof in Christus. Die Here en die Woord wat vir laasgenoemde ouers van belang is, het ook vir hulle kinders belangrik geword. Wanneer die konkretisering van die konsepte oor die nuwe lewe in Christus binne die gesin konkreet gestalte kry, het dit ’n praktiese implikasie. Dit behels die insluit/toepassing van die Christelike geloof se grondbeginsels en aanwysings in die eie en gesinslewe en, daarteenoor, die afwys/aflê van praktyke wat teenstrydig met die Christelike geloof is. Die sake wat die verbondsouer bekragtig om as verbondsleier in die gesin te handel is: wysheid in diens van God, Bybelkennis (verbondskennis), toewyding aan God, en toegespitste keuses en dade in diens van God uitgevoer.

Die navorsing het ook die volgende punt beklemtoon: verhoudingskwaliteit, weens die verbintenis met God, word in die gesin ingedra wanneer die ouers hulle verbondsverantwoordelikhede nakom (6.4.2.4). Die navorsingsgespreksgenote, die Bybel, Teologiese Geskrifte asook die Praktyk het hierdie gedagte bevestig. Die ouers gee uitvoering aan die Christelike geloof deur hulle woorde, daad en gesindheid. Sodoende dra hulle verhoudingskwaliteit wat met God verband hou by die gesin in. Soos reeds vasgestel is, behels verbondsverantwoordelikheid onder meer die konkretisering van die nuwe-lewe-in-Christus-styl, en gehoorsaamheid aan God. Die gelowiges leef onder die koepel van die verbond en die inhoudelikheid en betekenis daarvan geld ook vir hulle daaglikse leefwyse. Gelowiges se verantwoordelikheid is teenoor God, om te leef volgens sy verbondsvereistes (aanwysings in die Woord). Indien gelowiges wel só leef, word verhoudingskwaliteit by die gesinslewe ingedra. As voorbeeld: indien ’n verbondsouer die liefdesgebod teenoor die huweliksmaat en kinders in woord en daad uitleef, word liefde in die gesin deurgevoer en kom die ouer sy of haar verbondsverantwoordelikheid teenoor God en mens na.

'n Belangrike punt wat die navorsing belig het: die toepassing van die Christelike geloof begin by die ouer of huweliksmaat se eie lewe en vloei daarvandaan na die gesin/gesinslewe (6.4.2.5). Indien die Christelike geloof (en daarom God) nie in die gelowige se binneste veld gewen het nie, sal dit die verbondsvloei[236] van ouer na kind tot 'n mate belemmer. Die verbond verskaf **betekenis** (soos Woordgebeure wat na die gelowige gedra word), **struktuur** (die raamwerk van die Christelike geloof) en **inhoudelikheid** (o.m. verhale en gelykenisse). Dit is die gelowiges se erfenis en storie, want hulle behoort aan God.

Vervolgens, word die slot van die hoofstuk aangebied. Die hoofbevinding (6.7.1) met bevinding 2-4 (6.7.3-6.7.5) wat hieruit volg, word deurgegee. Die oorkoepelende navorsingsvraag (vgl. 6.1) word met die bevindings beantwoord.

6.7 SLOT

6.7.1 Inleiding

Die oorkoepelende navorsingsvraag (sien 6.1 aan die begin van hierdie hoofstuk) lui soos volg: *Watter uitwerking kan 'n nuwe verstaan/alternatiewe interpretasie van die aard van die Christelike huweliksverhouding (en gesinslewe?) hê op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin binne 'n postmodernistiese paradigma?* Die vraag word beantwoord met vier bevindings wat vanaf punt 6.7.1 – 6.7.5 gestel word.

'n Nuwe verstaan/alternatiewe interpretasie van die huweliksverhouding en gesinslewe hou innig verband met die nuwe verbond asook gelowiges se terugkeer na die verbond, indien hulle van God of die verbondsvereistes weggedwaal het. In die lig van die navorsing oor die verbond het die studie aangedui dat Opbou[237] 'n *beslissende toetrede* tot die verhoudingskwaliteit binne die huwelik en gesin sou maak indien 'n huweliksmaat uit die verbondsverhouding met God sou leef en optree. Die hoofbevinding (soos dit in 6.7.2 gestel word), en bevinding 2, 3 en 4 (wat uit die

[236] Die ouers se daaglikse geloofsonderrig van hulle eie kinders kan in afwesigheid skitter, of die ouers se getuienislewering teenoor die kinders kan agterweë bly.

[237] Personifikasie volgens die narratiewe benadering.

hoofbevinding voortvloei en in 6.7.3 – 6.7.5 bespreek word) belig hierdie proses. Die verbeterde kwaliteit van verhoudings in die huwelik en binne die gesinslewe, bou op die nuwe lewe in Christus, wat konkreet gemaak word deur die lewe en leefstyl van betrokke gelowiges (die egpaar en die kinders in die gesin).

Te midde van die postmodernistiese era waarin hedendaagse huweliksmaats leef, kan die werklikheid van die verbond waarvan hulle deel uitmaak, die deurslag gee in hulle lewe. Dit sal gebeur, indien hulle die betekenis van hierdie verbondsverbintenis besef en daarvolgens leef. Indien gelowiges se verbondsverstaan enigsins ontoereikend gevorm is, hou dit gevolge in vir daardie gelowige en hulle nageslag se lewe. Daar is twee redes vir so 'n stelling. **Eerstens**, word verbondskennis deur prediking of persoonlike omgang met die Woord verkondig en ingeneem. Die hoorders neem die Woord in en leer-verstaan wat die verbond en verbondsverbintenis tussen hulle en God beteken en behels. Geloof volg op die woordverkondiging en van daaruit geld ooreenstemmende handeling, gesindhede, woorde, keuses en denke. Die verbondskennis word, met ander woorde, die begronding van denke en rig onder meer die gelowige se optrede. **Tweedens** kan die teendeel ook waar wees: dat die gelowige slegs beperkte verbondskennis het – en die proses van kennisinname tot geloof dus nie na wense plaasgevind het nie. In daardie geval sal dit beslis die persoon se handeling, gesindhede, woorde en denke nadelig raak. Dit sal geloof nadelig raak. Die rede daarvoor is dat die begin-domino (afwesigheid van die regte verbondskennis) se gewig te lig was om die ander domino's (hoor, verstaan, glo en gaan doen) se momentum aan die gang te stu.

Die nuwe verbond wat God met elke gelowige aangegaan het, is van kernbelang, want hieruit vloei die res van die verbondskind se verhouding met God. Gelowiges *verrig* (verbondshandelinge) want hulle *is* ('n verbondskind). Die verbond en verbondsverhouding met God bepaal die huidige optrede, gesindhede, gedagtes asook die toekoms van die verbondskind. Die Woord gee die Christenskap-lewenspel in duidelike terme weer – en met verstaanbare aanwysings wat vra na geloof in Christus. Hierdie geloof sal deur gehoorsaamheid aan God in onder meer verbondshandelinge verwerklik word. Een voorbeeld van verbondshandeling is uitleef van liefde vir God en die naaste. Die vraag kan geopper word: Wat is onverstaanbaar van hierdie aanwysing vir die Christenskap-lewensspel?

Vervolgens word die hoofbevinding (6.7.2) asook die drie bevindings (6.7.3 – 6.7.5) wat hieruit vloei, ondersoek.

6.7.2 Die hoofbevinding van die navorsing

Die hoofbevinding (as eerste bevinding) hou verband met die nuwe verbond, en gelowiges (ook huweliksmaats) en hulle kinders.

Tydens die aanvang van die navorsing, het die navorser ’n vermoede gehad dat die navorsing die deurslaggewende belang van die nuwe verbond vir die lewe van gelowiges – in hierdie geval huweliksmaats (en gesinslede) – sou uitwys en dat die integrale insluiting van die verbond in onderlinge verhoudingsdinamika tot ’n verdieping in verhoudingskwaliteit sou dien. Hierdie vermoede is bevestig deur die navorsing, soos dit met behulp van die narratiewe navorsingsmetodologie ontplooi is. Die manier waarop die vermoede deur die navorsing bevestig en verdiep is, kan deur die volgende hoofbevinding uitgedruk word:

> Die lewende God (by wyse van die verbond) roep die gelowige mens (ook die huweliksmaat en gesinslede) tot ’n nuwe leefwyse wat in Christus geanker is. Dit vra dus ook vir die gelowige se **onmiddellike aandag en daadwerklike handeling**: om as verloste mense te lewe, beteken om tot ’n verhoudingkwaliteit toe te tree waarin persone in diens van God en van mekaar leef (Rom. 6:13). Die integrale insluiting van die verbondskarakter in huwelik en gesin se verhoudingsnetwerke lei tot verdiepte verhoudingskwaliteit. Verdieping lê in ’n verbondskind se gehoorsaamheid aan die Verbondsgod en die nakom van die verbondsvereistes vir die nuwe-lewe-in-Christus-styl, soos dit uitgestippel word in die kanonieke Bybel en in die geloof wat deur verbondsmense omhels word.

Onder die hoofbevinding (6.7.2) word die hele oorkoepelende bevinding in ’n neutedop verstaan. Voortvloeiend uit die hoofbevinding volg drie verdere bevindings (2, 3 en 4) met die hoofbevinding as grondslag. Die verdere bevindings hanteer die volgende temas:

- Tweede bevinding: *Die implikasie van die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die huwelik* (6.7.3).
- Derde bevinding: *Die implikasie van die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die gesin* (6.7.4).
- Vierde en laaste bevinding: *'n Terugkeer na die verbond* (6.7.5).

Hierdie aspekte, wat op die hoofbevinding uitbrei, volg ná die onderstaande bespreking van *Die belang van die nuwe verbond*.

6.7.2.1 Die belang van die nuwe verbond (kern van hoofbevinding)

Die nuwe verbond het *in Christus* 'n werklikheid geword en was die beginpunt vir die Christelike Kerk. Nuwe-Testamentiese gelowiges – dit is ons as gelowiges – leef binne die ruimte van die nuwe verbond, waarvan Christus die Middelaar is (Heb. 8:6). Hierdie feit behoort 'n beduidende verskil in gelowiges se alledaagse lewe en leefstyl te maak. In Christus het 'n nuwe tyd aangebreek, en die verbond wat dit onderskryf behoort in die lewe van die gelowige in woord, daad en keuses na vore te kom. Die feit dat gelowiges aan Christus behoort, is veronderstel om in hulle hartklop te weerklink, in hulle asemhaling te roer, en in hulle rugmurg te setel. Só word gelowiges se toekoms – en ewigheidshoop "hemelhoog" gerig want Christus het opgestaan. Daarom ken gelowiges se opgewondenheid en blydskap geen perke nie, want hulle het die waarheid in Christus deur die werking van die Gees omhels. Hulle het die waarheid[238] "van oudsher"[239] gehoor, hulle ken dit. Daarom kan hulle getuig: Ons glo! Danksy God!

Die belang van die verbond is vanaf punt 6.2.2 e.v. bespreek. Die nuwe verbond verskaf betekenis, struktuur en inhoudelikheid aan die verbintenis tussen God en die gelowige (vgl. 6.2.2.9). **Betekenis** word deur die Woord na die gelowige herlei oor byvoorbeeld, wat God se liefde beteken. **Struktuur** bied die verbonds-raamwerk waarbinne die gelowige leef en funksioneer. **Inhoudelikheid** bring wetenswaardige inligting uit die Bybel tot by die gelowige. God is deur die Woord en Gees met gelowiges besig. Die

[238] In Christus.
[239] Sinspeling op Lukas 1:70 (uit die loflied van Sagaria) (Bybel 1983).

genoemde betekenis, struktuur en inhoudelikheid van die Woord behoort gelowiges se lewe ingrypend te verander.

In hierdie verbond word volwassenes én kinders ingesluit (vgl. 6.2.2.5). Wanneer God *in Christus* die deur oopmaak vir daardie mense wat hulle tot God bekeer sodat hulle kan inkom,[240] hou Hy die deur terselfdertyd oop dat die gesinslede kan saam inkom. Die Ou Testament se getuienis oor God se verbond met Abraham is ’n voorbeeld hiervan. Indien kinders dus bekend gestel word aan die waarheid van die verbond waarin hulle alreeds staan, sal *glo* die natuurlike gevolg wees, omdat die Heilige Gees ware geloof in klein en groot aanwakker.

Die sakramente van die doop en die nagmaal wys heen na die nuwe verbond (vgl. 6.2.2.6). Die doop en nagmaal is herinneringstekens wat dui op Jesus se offer aan die kruis. Die gebruik van die tekens bevestig God se verbondenheid aan die gelowige en hulle s’n aan God. Gelowiges se sigbare/konkrete gebruik van die herinneringstekens vier die liefde van God wat die sondige mense *deur sy Seun se soenoffer* as sy kinders aangeneem het. Dit wys ook heen na die ernstige gevolge wat die mens se sonde vir Jesus meegebring het: Sy kruisdood. Hierin word die erns van die gebruik van die doop en nagmaal belig. Daarom kan ook byvoorbeeld hedendaagse gelowiges, as gedooptes en nagmaalgebruikers, versterk in die geloof in die postmodernistiese wêreld gaan leef.

Die nuwe verbond vorm die grondslag vir die gelowige se persoonlike verhouding met God (vgl. 6.2.2.7). So ’n persoonlike verhouding word gekenmerk deur interaksie tussen die gelowige en God. Interaksie veronderstel die gelowige se betrokkenheid by God se saak, diens aan God asook gemeenskap met God (soos gebed, Skriflesing en ’n studie van die Woord). God se interaksie is duidelik naspeurbaar en op die gelowige gerig deur onder meer die volgende aspekte: hulp, die gawe van geloof, verlossing van sonde, leiding, die gelowige onderrig in die waarheid, verhoring van gebed, genesing, bemoediging en seën. As verbondsouers moedig gelowiges ook hulle kinders aan tot so ’n persoonlike verhouding met God.

[240] In die spreekwoordelike geledere van verbondskinders/gelowiges in Christus/kinders van God.

Die nuwe verbond stempel ook geloofsdade en bekering (vgl. 6.2.2.8). Geloofsdade behoort ’n noodwendigheid onder die nuwe verbond te wees, indien die gelowige in gehoorsaamheid aan God leef. God wys die ware geloofspad, soos in die Woord uiteengesit, vir die gelowige aan. Die gelowige volg hierdie aanwysings in gehoorsaamheid wat spruit uit liefde vir God en naaste. Die verbond vereis van die gelowige verbondshandelinge – wat die nuwe lewe in Christus onderskryf. Dit gebeur wel soms dat die gelowige verleë voor die eise van die verbond staan (6.2.2.11) omdat hulle nie deurgaans die goeie doen wat hulle wil nie, maar eerder die kwaad soek. Gelowiges bevind hulle egter op die pad van heiligmaking; dit is ’n proses waarin die Woord en werksaamhede van die Gees die gelowige begelei om die nuwe lewe deur hulle optrede uit te leef.

Een implikasie van die verbond is dat dit van elke verbondskind vereis om die wet van liefde vir God en naaste na te kom (6.2.2.10). Om te deel in die verbond, beteken om *in die ruimte van die liefde* te leef. Vir ’n verbondskind behoort liefde vir God en vir die naaste (asook liefde vir die self) vanselfsprekend te wees. Wanneer ’n mens as gelowige volgens hierdie liefdesgesindheid leef, beïnvloed dit jou perspektief op die lewe, mense en gebeure.

Ten slotte roep die verbond in Christus gelowiges op om naby Christus te kom staan. Die vraag is dus: wat sou die gelowige se antwoord op genoemde roep wees? Daar kan verskeie reaksies wees:

- “Ek kom!”
- “Kyk, ek staan reeds hier!”
- “Die verbond gaan te veel van my eis.”
- “Ek gaan my identiteit as die mens wie ek is verloor en iemand anders word indien ek nader gaan.”
- “Ek is tevrede met waar ek my bevind, wat kan ’n naderkom aan die verbond vir my inhou?”
- “Ek gaan beslis nie nou nader gaan nie!”

Medenavorsers het positief op die roep van die verbond (Christus) geantwoord. Die Heilige Gees bekragtig gelowiges se antwoorde op die uitnodiging.

Elke *kind van God* behoort nooit ver weg van God af te staan nie, maar eerder gereeld die teenwoordigheid van God op te soek. ’n Lewenstoestand, wat gekenmerk word deur verwydering van God, is ’n hoogs onaanvaarbare stand vir enige gelowige om hom- of haarself in te bevind. Geen geldige rede kan as verskoning vir so ’n lewenstoestand aangebied word nie. Niks kan gelowiges van die liefde van Christus skei nie (Rom. 8:37-38). Christus se versoenoffer aan die kruis het dit vir gelowiges moontlik gemaak om te enige tyd God se teenwoordigheid op te soek: selfs as feilbare mense. God verlang na hierdie soort gemeenskap met elke gelowige, juis daarvoor het Hy sy Seun gestuur. Gelowiges kan dus getuig: ons plek is naby aan God, daar ontvang ons die beste vir ons reistog op aarde.

Vervolgens word die bogenoemde verbondskonteks se implikasie vir verhoudings-kwaliteit in die huwelik, en daarna, in die gesinslewe, toegelig deur die tweede en derde navorsingsbevindings te stel. Ten slotte word die vierde navorsingsbevinding beskryf wat uit die hoof-bevinding voortvloei, naamlik die belang van terugkeer tot die verbond.

6.7.3 Die implikasie van die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die huwelik

6.7.3.1 Tweede bevinding

Die tweede bevinding van die navorsing hou verband met die impak wat *ingebed wees in die verbond* uitoefen op gelowige huweliksmaats se lewe en die kwaliteit van onderlinge verhoudings. Die voorafgaande gedeelte (6.7.2) het die hoofbevinding uiteengesit oor hierdie belewing: ingebed wees in die verbond. Daarmee saam is die onderskeie alternatiewe interpretasies gehanteer oor verhoudingskwaliteit wat voortvloei uit hierdie ingebed-wees.

’n Tweede bevinding (benewens die hoofbevinding) wat uit die navorsing voortvloei, kan soos volg gestel word:

> Die impak wat die verbondskonteks (en daarom Christus) in elke huweliksmaat se persoonlike lewe – van kindsbeen af tot volwassenheid – gehad het en daagliks steeds het, word by die huwelikslewe ingedra en behoort daarom kragtig by te dra tot die verhoudingskwaliteit in die huwelik. Die implikasie van die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die huwelik, behels ’n soort leefstyl wat die nuwe verbond deur God met die verbondskind onderskryf. Die nuwe-lewe-in-Christus-styl is ’n vereiste vir gelowiges, nie bloot ’n opsie om te kies nie. Om ingesluit te wees in God se verbond, beteken om deel te wees van God se uitverkore volk wat volgens sy Bybelse riglyne leef.

Na aanleiding van die navorsing oor die verbond word die belang van die verbond vir elke gelowige huweliksmaat se lewe in die tweede bevinding belig.

Met Christus as die Toonaangewer vir ’n leefwyse voor God se oë (*coram Deo*), is die *verbondskonteks* (as vaste sekerheid) die milieu waarbinne die *kind van God* (as vaste sekerheid) geestelik volwasse behoort te word. Die bogenoemde lewenswyse, wat deur Christus in die Woord aangedui word, dra Woordgebaseerde verhoudingskwaliteit by die huwelik en gesin in. Die rede daarvoor is duidelik: die verbondskonteks skep die bestaansruimte waarvolgens en waarbinne die gelowige Christen (kind of volwasse ouer) leef en ontwikkel. Hierin speel die Woord en gehoorsaamheid aan die Woord ’n kernrol. Die Woord onderrig die gelowige in die nuwe-lewe-in-Christus lewensstyl, en *onderrig* veronderstel gehoorsame navolging.

Die bevinding belig ook die belang van die geloofsonderrig van kinders in die huisgesin, want die milieu waarbinne kinders in die huisgesin grootword, dra by tot onder meer morele waardes, geloofsbegronding, geloofpraktyke, en die kontak met die Verbondsgod. Dié aspekte vorm die basis vir elke gelowige se identiteitsvorming in Christus. Dit begin in die lewe as kind en duur in die volwasse lewe voort. Die gelowige word al meer wie hy of sy reeds in Christus is. Die genoemde voorbeelde – soos die vestiging van morele waardes en geloofsbegronding – het ook ’n invloed op verhoudingskwaliteit tussen mense.

Na aanleiding van die tweede bevinding kan gevra word: Wat is die impak van die verbondskonteks (en daarom Christus binne die nuwe verbond) in die lewe van mense wat sê dat hulle aan God behoort? Wat is die nalatenskap wat gelowige ouers se kinders ontvang binne die ruimte van die verbondskonteks? Hoe lyk gelowige ouers se daaglikse optrede te midde van die verbondskonteks waarin hulle alreeds deel? Staan hulle ver weg van die verbond af; of loop hulle by tye of selfs meer gereeld draaie om die verbond en alles wat dit behels; of word die verbond se aanwysings blatant geïgnoreer terwyl dieselfde persoon bely: "Ek is 'n kind van God"?

In sulke gevalle kan daar in elke gesin se opset en diens aan God, bepaalde leemtes wees betreffende aspekte soos: 'n gesinslid se persoonlik toewyding aan God; verbondsonderrig aan eie kinders; eie deelname in verbondshandelinge; en absolute geloof in God. Gelowiges laat soms na om die regte dinge te doen; hulle versuim soms om die Here meer toegewy te dien, en weet nie deurgaans hoe om reg as 'n verbondsleier (ouer) op te tree nie. Die boodskap deur die navorsingsgespreksgenoot, die Bybel, bring troos: God soek nie perfekte mense nie; Hy besef wat die aard van die gevalle mens is. God soek 'n gelowige wat Hom met hart, siel, verstand en handeling wíl navolg.

Die verhale van Medenavorsers het oor die algemeen van hierdie bogenoemde gesindheid getuig (sien 2.11.2 – 2.11.4). 'n Paar van die verhale het gedui op die noodsaak dat die betrokke gelowiges van die sonde af wegdraai en terselfdertyd daadwerklikheid hulle lewe na God toe draai (sien 2.11.7; 2.11.8).

God het getuies (in hierdie geval ouers) nodig om die boodskap van verlossing aan ander oor te dra (in hierdie geval hulle kinders). Dit wil sê, in woord, daad, gesindheid en optrede binne die hedendaagse, postmodernistiese wêreld waarbinne hulle en hulle kinders staan. Maar, om dit te kan doen, moet die ouers eers besef wat hulle aan God het, en wat God aan hulle het.

Hierna word die derde bevinding van die navorsing bespreek.

6.7.4 Die implikasie van die verbondskonteks vir verhoudingskwaliteit in die gesin

6.7.4.1 Derde bevinding

Die derde bevinding van die navorsing fokus op die impak van die verbondskonteks op verhoudingskwaliteit in die lewe van kinders van gelowige ouers. Die verbondskonteks (en daarom Christus binne die nuwe verbond) is nie net op die volwassenes in die huweliksverhouding gerig nie. Dit geld ook vir die huwelikspaar se kinders. Met ander woorde, die verbond sluit ook die *nageslag* van die verbond in.

In aansluiting by die navorsing oor die verbond, is bevestig dat kinders van ’n verbondsouers – as gevolg van God se liefde en genade – in die verbond ingesluit word. Die besnydenis in die Ou Testament en die doop in die Nuwe Testament herlei hierdie feit in die Woord na gelowiges. Kinders is verbondskinders in die kleine. Die derde bevinding van die navorsing lui daarom soos volg:

> Kinders van verbondsouers is – net soos die ouers – ingesluit in God se verbond, en daarom is hulle volwaardige verbondskinders. Wat die ouers betref, dien hulle God vrywillig en ongedwonge deur woorde, handeling, gesindheid, filosofie en denke en het reeds ’n lewenskeuse vir geloof in God gemaak. Wat die kinders van verbondsouers betref, is hulle verbondskinders, maar sonder die verwysingsraamwerk en geloofsbegronding van die Christelike geloof wat die ouers reeds as deel van hulle geloofsverstaan besit. Die kind het aanvanklik geen kennis van God of die Christelike geloof nie, en word mettertyd in geloofsverstaan en geloofsoortuiging begelei om te word wie hy of sy reeds in die geloof is.
>
> **In die geloofsontwikkeling van verbondskinders, kan die volgende faktore kinders se geloofsgroei ingrypend raak en verander:**
>
> (a) **Die Woord en Heilige Gees:** Woordonderrig aan kinders oor die betekenis van die nuwe-lewe-in-Christus-styl en oor sy en haar verband tot God. Woordonderrig is ’n onontbeerlike aspek van die verhouding tussen verbondsouer en verbondskind.

(b) **Die ouer as verbondsleier**: die ouer as verbondsleier neem leiding in die gesin, in diens van God.

(c) **Die lewensvoorbeeld van die ouer:** die ouer se lewensvoorbeeld as gelowige word ’n riglyn wat kinders navolg of wil navolg.

(d) **Die verwesenliking van die verbondskonteks in die gesinslewe:** ’n verbondsgesin wat die Here dien.

(e) **Die algemene geloofsonderrig van die kinders:** soos tydens kategese en jeugkampe.

(f) **Prakties: kinders word onderrig in die konkrete toepassing van nuwe-lewe-in-Christus praktyke in hulle eie lewe –** sodoende word hierdie gesindhede, woorde, optrede en keuses in die volwasse lewe voortgedra. Praktiese voorbeelde sluit in: kerkbywoning, toewyding aan God, gebed en voorbidding, om goed te doen aan ander mense, en om Christelike gesindhede uit te leef. Die kinders leer, met ander woorde, om die Christelike geloof konkreet in die praktyk uit te leef. Verhoudingskwaliteit in die gesin sal direk en indirek hierdeur geraak word.

Die verantwoordelikheid vir die verbondsonderrig van kinders bly steeds geldig, indien slegs een van die ouers ’n verbondskind is. Hierdie verantwoordelikheid – ’n voorreg – sal dan val op daardie individu binne die gesin wat ’n verbondsouer is.

Wat verbondsouers betref: indien die egpaar God nie na regte dien nie – dalk van die verbondspad weggedraai het – kan dit negatiewe gevolge vir hulle kinders inhou. Dan kan dit ’n geval word van verbondskinders wat verbondskennis, geloof as ’n vaste sekerheid, en die kennisinhoud van hulle identiteit in Christus moet ontbeer. Dit laat die geldige vraag: waar sou dit ’n verbondskind laat?

Die navorsing oor die uitwerking van die huweliksverhouding op die verhoudingskwaliteit in die verbondsgesin, dui ook daarop dat so ’n verhouding vernietigend kan inwerk op die gesinslewe – asook die kinders. In hierdie geval word die verbonds*milieu* binne die gesin vervang met ondermynende praktyke wat in diens van die sonde geskied (sien 2.11.7; 2.11.8; 2.12.2; 2.12.4 - 2.12.6).

In die lig van die bogenoemde gevaar dat die huweliksverhouding ook vernietigend op die gesinslewe kan inwerk, word die vierde en laaste bevinding van die navorsing aan die orde gestel: terugkeer na die verbond.

6.7.5 Terugkeer na die verbond

6.7.5.1 Vierde bevinding

Die vierde bevinding van die navorsing belig die nuwe-lewe-in-Christus-styl en ’n standhoudende persoonlike verhouding met die Verbondsgod waarin die verhoudingskwaliteit ten diepste tot uitdrukking kom.

Wanneer ’n gelowige (bv. een van die egpaar of ’n jongmens in die gesin) gedurende sy of haar lewensloop binne die ruimte van die nuwe verbond *ingegaan* het, die verkondigde waarhede daarvan gehoor en geglo en die praktyk daarvan beleef het, behoort dit daardie persoon te verander. Dan kan dit in geen stadium ’n geval word nie van: “Nou gaan ek weer buitetoe,” of: “Ek ignoreer die verbond, asof ek nooit daarvan deel was nie.” Om die verbond te ignoreer, is soos om die volgende te negeer: ’n mens se eie identiteit in Christus, eie herkoms, eie toekoms met God, die koninkryk van God, vir God self, die gawe van die nuwe lewe in Christus, die genade van God asook die liefde van God. Om die verbond te ignoreer of misken, maak die verbond nie minder geldig nie. Die verbond met die gelowige, is ’n *krag* (bv. ’n kragtige ooreenkoms) wat van God af kom en lewensveranderende gevolge en erns vir mense se lewe inhou.

Die lewensontwikkeling – om “buitetoe” te gaan en buite, los van die verbond te wil funksioneer – word wel weens verskeie omstandighede vir sommige gelowiges ’n realiteit. ’n Paar oorsake van hierdie tendens kan wees: selfsug, onvergewensgesindheid; tamheid; werkdruk; voortdurende spanning; teleurstelling in God; ’n veeleisende lewe; finansiële lewensdruk; die postmodernistiese tendense; tydsduur wat informasie en kommunikasie tegnologie opneem; of sondige praktyke in ’n mens se eie lewe. In die geval waar ’n gelowige los van die verbond funksioneer, raak ’n persoonlike verhouding met God baiekeer eerder ’n rariteit.

Die Medenavorsers se verhale het oor die algemeen getuig van ’n persoonlike verhouding met God (vgl. 4.4.4). Die verhale het ook getuig van ’n ongesproke ontsag

vir God. Ander verhale het weer gedui op die voorkoms van die sonde[241] in die betrokkenes se lewe (vgl. 2.11.7; 2.11.8; 2.12.4; 2.12.5).

Sou ’n mens kon redeneer dat sommige mense – soos dié wat ver van die verbond af staan – ’n terugkeer na die verbond sou moes maak? ’n Terugkeer na die verbond, is en bly ’n noodsaak, indien enige verloste kind van God wel buite die dampkring van die verbond staan. Om in die verbond te deel, plaas die gelowige in ’n spesiale verhouding met God. Die verbondsverhouding veronderstel die mens se oorgawe, diens, en toewyding aan God asook God se sorg en hulp aan sy kind. Jesus se kruisdood, wat volgens God se wil geskied het, het die nuwe verbond moontlik gemaak. Die vraag kan gestel word hoekom dit nodig was. Die rede is duidelik: om die mens van sonde te verlos en sodoende die verhouding tussen mens en God te herstel. Dit roep verdere vrae op: Wat doen die gelowige met hierdie werklikheid? Ignoreer ’n mens die verhouding met God of gryp dit met elke asemteug aan? Was Jesus se offer aan die kruis van so min belang dat selfs van God se eie kinders, draaie om Christus en sy Vader wil stap? Hiermee saam geld die vraag: Is dit die soort liefde wat Jesus en sy Vader van sommige van sy kinders ontvang, of word die verbond (en daarom Christus en God) met ’n dankbare hart omhels vir die groot gawe van die verlossing van sonde, asook *kindskap*?

Die vierde bevinding kan daarom soos volg uitgedruk word:

> ’n Terugkeer na die verbond word ’n vanselfsprekende noodsaak wanneer die gelowige nie in ’n standhoudende persoonlike verhouding met God staan nie. Die aspekte van ’n persoonlike verhouding[242] met God behels die volgende: gebede, gemeenskap met God, Woordoordenking, toewyding aan God, geloof, ontsag vir God, en liefde vir God. In samehang met ’n persoonlike verhouding met God, behoort ’n gehoorsame navolging van God daaruit te vloei – wat verband hou met die aanwysings vir die nuwe lewe in Christus soos dit in die Woord verduidelik. ’n Persoonlike verhouding tussen God en die gelowige kan verduidelik word deur die metafoor van ’n tweegesprek tussen partye. Interaksie tussen hierdie partye rig bepaald die persoonlike verhouding.

[241] ’n Skim wil saamstap in die gelowige se lewe. Sien 5.5.4.1(3).
[242] Sien punt 4.4.4 wat handel oor ’n persoonlike verhouding met God.

Die hedendaagse gelowige se **persoonlike verhouding met God** vind die aanvangspunt in die **nuwe verbond** wat in Christus ’n werklikheid geword het. Geloof in Christus as Verlosser, het die deur na God vir gelowiges oopgemaak. Geloof in God word tot uiting gebring in die gehoorsame navolging van God, en is, met ’n aaneenskakelende verband, ononderhandelbaar vir elke gelowige se geloofslewe.

Die verbondsverbintenis tussen God en die gelowige – en ook die persoonlike verhouding met God – getuig van die krag van God wat die inisiatief neem. Die krag is daar vir die gelowige om óf in te deel óf te ignoreer: ’n eie keuse. Die verbintenis deur die verbond en die persoonlike verhouding met God is ’n krag vir dié wat die verbondsverbintenis vier. Hierteenoor kan die bestaan van die verbondsverbintenis wel kragteloos gemaak word indien die gelowige die bestaan daarvan ignoreer, misken of ontken. Die verhoudingskwaliteit word in albei bogenoemde gevalle geraak.

Die terugkeer van een huweliksmaat na die verbond, lei daartoe dat die ander huweliksmaat onbewustelik ’n draai-aksie op sy of haar lewenspad uitvoer, en mettertyd saam met die eerste huweliksmaat begin stap. Die terugkeer van ’n huweliksmaat na die verbond, lei daartoe dat ook die kinders in die gesin na die verbond draai, en in die voetspore van die ouer/s volg.

Die hoofbevinding (6.7.2) beklemtoon die belang van die verbond vir die gelowige se lewe. Hierop en van hieruit volg bevinding 2-4 (vgl. 6.7.3; 6.7.4; en 6.7.5) met dieselfde klem op die verbond. Die verbond oorkoepel die lede van die gesin in hulle onderskeie hoedanighede *binne die verbondsgesin*: huweliksmaat/s, gesinslid, individu, verbondsouer, kind, baba, grootouer, rekenmeester, sportliefhebber, laerskool-krieketspeler of huisvrou, meganiese ingenieur, of administratiewe assistent. Met ander woorde, die oorkoepeling van die verbond in die lewe van die verbondsgesin deurdring elke faset van die gesinslede se lewens. Die verbond is ’n waarheid wat dié waarheid *in Christus* vir elkeen as gelowige geword het. Wegvlug of wegdryf van hierdie werklikheid behoort nie ’n opsie te word nie, want dit volg die verloste mens *tot sy en haar eie heil*, indien so ’n persoon, soos die verlore seun, ander weivelde gaan soek.

Die hoofbevinding (6.7.2) benadruk ’n paar punte wat van belang is: God roep elke gelowige (in en deur die verbond) tot die leefstyl van die nuwe lewe in Christus. Met ander woorde, die gelowige word deur die Woord (en Gees) aangemoedig tot ’n nuwe

leefwyse wat in Christus geanker is. Hierdie nuwe leefstyl behels die praktyk van die geloof: om praktiese uitvoering te gee aan die geloof in Christus. Onmiddellike aandag en daadwerklike optrede om as verloste kinders van God te leef (Fil. 2:12d-13), word ’n dringende aanwysing. Dit geld veral indien die gelowige om verskeie redes, soos werkdruk, onbewustelik/bewustelik van die verbond met God af weggedraai het.

Vir die navorsing beteken daadwerklike handeling om onder meer te bou aan verhoudingskwaliteit waarin gelowiges in diens van God en van mekaar leef (Rom. 6:13). Die hoofbevinding lig ’n verband uit tussen, enersyds die verbond/verbondskonteks/verbondskarakter in die verhoudingsnetwerke binne die huwelik en gesin, met andersyds ’n verdieping in verhoudingskwaliteit. Met ander woorde, verhoudingskwaliteit wat setel in Christus en die nuwe-lewe-in-Christus-styl, sal die volgende impak hê: heelwording in verhoudings, singewing in verhoudingsdinamika, en opbou van huweliks- en gesinsverhoudings. Die leefstyl van die nuwe lewe in Christus veronderstel gehoorsame navolging van Christus. Hiermee saam geld die integrale insluiting van die verbondskarakter in die verhoudingsnetwerke binne die huwelik en gesin, met die gevolg dat menseverhoudings op God se aanwysings in die Woord geskoei kan word. Die nuwe-lewe-in-Christus-styl en die nuwe verbond is pasmaats, en die gespreksgenoot tot die navorsing, die Woord onderrig die gelowige in die verband tussen hierdie kernaspekte en die betekenis van beide.

Bevinding twee (6.7.2) bou op bogenoemde gedagtes voort en fokus op die huweliksverhouding asook die individu binne die huweliksverhouding. Hierdie bevinding beklemtoon weer die impak van die verbondskonteks vir die individu in die huweliksverhouding. Hierdie impak word van kindsbeen tot volwassenheid in die verbondskind se lewe gerealiseer en word dus by die huweliksverhouding en die verbondsgesin ingedra. Een van die huweliksmaats (of beide) was aanvanklik ’n verbondskind in die kleine (kind in ’n verbondsgesin) maar het binne hierdie verband as verbondskind volwassenheid bereik. Die verbondskonteks is steeds die oorkoepelende waarheid vir so ’n persoon se lewe. Te midde van die nuwe verbond is die nuwe-lewe-in-Christus ’n leefwyse vir elkeen wat bely dat hy of sy aan God behoort. Dis ’n vereiste vir gelowiges om volgens die riglyne van hierdie leefstyl te leef. As deel van God se

familie leef gelowiges volgens God se aanwysings, wat duidelik en sonder omhaal van woorde deur die gespregsgenoot, die Woord deurgegee word.

Bevinding drie (6.7.4) fokus op die impak wat die verbondskonteks het op verhoudingskwaliteit in die lewe van die gelowige ouers se kinders. Hierin kom die kwaliteit van die verhoudings in die huwelik en gesin ter sprake. Die huweliksverhouding tussen die egpaar word in ’n groot mate ook die ervaringswêreld van die kinders omdat hulle dikwels in die omgewing/nabyheid van die egpaar is. Kinders van die verbondsouers is volwaardige verbondskinders, het die navorsing vasgestel. Woordverkondiging maak ’n onontbeerlike aspek uit van die verhouding tussen die verbondsouer en verbondskind, omdat kinders bekend gestel moet word aan God en die verbondswerklikheid waarin hulle reeds deel. Bevinding drie beklemtoon dus dat die geloofsonderrig van verbondskinders op verskillende maniere kan geskied:

- Ouers se lewensvoorbeeld as gelowige (huweliksverhouding ingesluit) word ’n riglyn wat kinders navolg of wil navolg.
- Kinders word deur die Woord onderrig in die betekenis van die nuwe-lewe-in-Christus-styl en hulle verband tot God.
- Belangrik: kinders word onderrig hoe om die nuwe-lewe-in-Christus-praktyke in hulle eie lewe konkreet te maak, sodat hulle hierdie gesindhede, woorde, handeling en keuses kan voortdra die volwasse lewe in.

Bevinding vier (6.7.5) sluit aan by bogenoemde bevindings, fokus op enige gelowige wat nie in ’n standhoudende persoonlike verhouding met God is nie (met die gepaardgaande woorde, handeling, gesindhede en keuses wat daaruit vloei). Die navorsing dui op die noodsaak om terug te keer na die verbond met God. Hierdie bevinding omskryf ’n standhoudende persoonlike verhouding met God wat insluit gelowige gebede, en toewyding en gehoorsaamheid aan God. Met gelowiges wat in die verbondswerklikheid deel, is ’n standhoudende persoonlike verhouding met God ononderhandelbaar. Daardie gelowiges wat reeds so ’n standhoudende persoonlike verhouding met God geniet – waarvan sommige van die Medenavorsers getuig het – kan by tye steeds nader aan God en die verbondsbepalings beweeg deur God en sy aanwysings gehoorsaam na te volg. Die rede is duidelik. Alle gelowiges ondergaan met

tye stryd, lyding en aanvegting. In hierdie omstandighede kry en ervaar hulle persoonlik, God se aanmoediging tot geloof of geloofsdade.

Vir die hedendaagse gelowiges wat binne ’n postmodernistiese tydgleuf leef, behoort die verbondsverbintenis met God die toon vir hulle lewe aan te gee. Die gelowiges se verbintenis met God in hulle lewe strek nie net veldiep nie. Dit toon verskeie unieke fasette: Bybelse geloofs- en morele begronding, ’n ewige identiteit in Christus, asook onderrig in Bybelse aanwysings en die nuwe-lewe-in-Christus-styl. Deur hierdie fasette word die gelowige al meer wie hy en sy reeds in Christus is. Dit is die veronderstelling dat gelowiges hierdie innerlike/geestelike identiteit in Christus, deur hulle woorde, gesindhede, handeling en keuses uitleef. In ’n postmodernistiese tydvak, met die eise van die lewe om as mens in die wêreld te oorleef, staan die persoonlike verhouding met God ’n kans om te verwater omdat dit verwaarloos en onderspeel word. Die postmodernistiese tydvak ignoreer God soms minder, ander kere meer; en die gelowige leef te midde van hierdie tydvak (sien 2.7 vir ’n bespreking oor postmodernisme). Dit blyk onafwendbaar dat die postmodernistiese geestesgevoel in hierdie verband die verbondsverhouding tussen God en die gelowige nadelig kan beïnvloed.

’n Verdere terrein vir navorsing, wat aansluiting vind by die Christelike gesin, kan wees: die onderliggende redes vir die verskynsel in Christelike gesinne wanneer ’n jong adolessent (ook ’n verbondskind!) sy of haar lewe wegdraai van God en van die kerk waarin hy of sy grootgeword het.

Die vraag kan gestel word: Wat het die navorsing vir die navorser beteken? Die antwoord, hierdie studie het God se omvattende liefde vir die mens, en spesifiek die gelowiges beklemtoon. Die navorsing het nuwe perspektiewe oopgemaak oor die volgende kernsake: die ware betekenis om aan die Here te behoort, die Christelike huweliksverhouding met dinamiese fokuspunte, die belang van die verbondsgesin wat met erns gepaard gaan, en selfs hoe noodsaaklik geloofstoerusting is. *Geloof in Christus* het ’n gesig geword waarvan die kontoere van naderby beskou kon word. Die hoogste punte van die kontoere het gedui op God se liefde vir gelowiges en die verbond se belang. Vanuit die “binnekamer” van die geloof, kyk ons as gelowiges *in God se lig* na die wêreld en die dinge wat rondom ons gebeur. Ons is nuutgemaak in Christus, dit is

die werklikheid waarvolgens ons leef. God se Gees help ons daartoe (2 Kor. 3:13-18) (Bybel 1983).

BRONNELYS

Anderson, E.B. 2003. Worship and Christian Identity. Collegeville, Minnesota, United States of America: The Liturgical Press.

Anthonissen, K. 2005. Luister na die Lig. 'n Uitnodiging tot waarlike menswees. Wellington: Lux Verbi.BM.

Babbie, E.R. & Mouton, J. 2001. The practice of social research. Cape Town: University Press

Bailey, C.V. 2002. The effect of spiritual beliefs and practices on family functioning: a qualitative study. (*In* Carlson, D.T. & Erickson, M.J. *eds.* Spirituality and family therapy.) p. 127-144.

Barnard, A. 1997. Die hartseer en die hoop: gedagtes rondom die afsterwe van 'n geliefde. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Barnard, A. 2009. Gebed wat God verhoor. Wellington: Lux Verbi.BM.

Bauman, Z. 1995. Freedom and dependence. (*In* Anthias, F. & Kelly, M.P. *eds.* Sociological debates. *Thinking about 'The Social'.*) p. 3-13.

Bauman, Z. 2004. A sociological theory of postmodernity. (*In* Drolet, M. *ed.* The Postmodernism Reader. *Foundational texts.* London: Routledge. p. 238-249).

Bauman, Z. 2010. Intimations of posymodernity. (*In* Giddens, A. & Sutton, P.W. *eds.* Sociology: Introductory readings. 3rd edition. Cambridge: Polity Press. p. 36-38).

Beavers, W.R. 2003. Functional and dysfunctional families. (*In* Sholevar, G.P. & Schwoeri, L.D. *eds.* Textbook of family and couples therapy. London: American Psychiatric Publishing, Inc. p. 317-339).

Binneman, A.J. 2010. Identiteit en homoseksualiteit: die soeke na aanvaarding binne ’n Christelike geloofsgemeenskap. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – Ph D).

Birch, B.C. & Rasmussen, L.L. 1989. Bible & ethics in the Christian life. Revised & expanded ed. Minneapolis, MN: Augsburg Fortress.

Bookman, D. 1994. The Scriptures and biblical counseling. (*In* MacArthur, J.F. Jr., Mack W.A., Sarles K.L., Powlison D., Bookman D., Maddox D.B., Smith R., Goode W.W., Swanson D.M. Introduction to biblical counseling. Dallas, TX: Word Publishing Group, p. 63-97).

Bradshaw, J. 2009. Reclaiming virtue. *How we can develop the moral intelligence to do the right thing at the right time for the right reason.* London: Piatkus.

Bruce, S. 2013. Secularization. Oxford, United Kingdom: Oxford University Press.

Burden, J. 2001. Job. (In Vosloo W. *red.*, Burden J., Prinsloo G., van Rooy H., Swanepoel F., Potgieter H., Venter P., Botha P., Smit R., van Rensburg F.J. *red.*, du Plessis I.J., du Rand J.A. Bybel in praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, p. 703-751).

Burger, H. 2008. Being in Christ. A Biblical and systematic investigation in a Reformed perspective. Eugene, OR: Wipf & Stock.

Burger, I. 2001. Die Heilige Gees in die lewe van die gelowige vandag. (*In* Meiring, P. *red*., du Rand J., Joubert S., König A., Louw D., van der Watt J., en ander. So glo ons. Vereeniging: Christelike Uitgewers-maatskappy, p. 56-71).

Burns, J. 2007. Confident parenting. Bloomington, MN: Bethany House.

Buys, F. & Du Plessis, A. 2014. Die allernoodsaaklikste derde party in die huwelik en gesin. Monument Park: V & R.

Bybel. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybelse Ensiklopedie. Elektroniese uitg. 1998. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers (Logos South Africa: Libronix Digital Library System.).

Carlson, T.D., Erickson, M.J., Seewald-Marquardt, A. 2002. The spiritualities of therapists' lives: using therapists' spiritual beliefs as a resource for relational ethics. (*In* Carlson, T.D. & Erickson, M.J. *eds.* Spirituality and family therapy. New York. NY: The Haworth Press, p. 215-236).

Causey, R. 2002. Changing for good. Practical steps for breaking your negative patterns. Downers Grove, IL: Inter-Varsity Press.

Celliers, J. 2001. Hoe word 'n mens gered? (*In* Meiring, P. *red.*, du Rand J., Joubert S., König A., Louw D., van der Watt J., en ander. So glo ons. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, p. 185-198).

Clasen, F. 2001. Wie is God en hoe aanbid ons Hom? (*In* Meiring, P. *red*., du Rand J., Joubert S., König A., Louw D., van der Watt J., en ander. So glo ons. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, p. 28-42).

Coetzee, J.C. 1981. Die kanon van die Ou en Nuwe Testament. Potchefstroom: Wesvalia.

Coetzer, W. 2013. Trauma – die meedoënlose vyand. Praktiese riglyne vir pastorale begeleiding. Monument Park: V&R.

Collins, G.R. 2005. Die A tot Z van berading. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Creswell, J.W. 1998. Qualitative inquiry and research design choosing among five traditions. Thousand Oaks, CA: Sage.

Cummings, E.M. & Graham, M. 2002. Couples' and children's functioning in families: toward a family perspective on relationship maintenance and enhancement. (*In* Harvey, J.H. & Wenzel, A. *eds.* A Clinician's guide to maintaining an enhancing close relationships. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates Publishers. p. 81-103).

De Bruyn, P.J. 1997. Jou enigste troos: die Heidelbergse Kategismus vir die hedendaagse mens. Elektroniese uitgawe. Potchefstroom: PU vir CHO. (Logos South Africa: Libronix Digital Library System).

De Klerk, J.J. 1985. Verbond en bediening. Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers.

Deist, F. 1989. Dade kan alles verander. Pretoria: J.L. van Schaik.

DeMoss, N.L. 2001. Lies women believe and the truth that sets them free. Chicago, IL: Moody.

Dreyer, Y. 1997. Oorlog of vrede? Oor kommunikasie tussen die geslagte. Hatfield, Pretoria: Van Schaik.

Dolan, S.L. & Nathan, P.E. 2002. When one marital partner is an Alcoholic. (*In* Harvey, J.H. & Wenzel, A. *eds.* A Clinician's guide to maintaining an enhancing close relationships. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates Publishers. p. 215-229).

Du Plessis, I.J. 1999. Lukas. Wat sê die Evangelie volgens Lukas? (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, p. 1241-1313).

Du Preez, J. 1980. Gebed: 'n teologiese besinning. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers.

Du Rand, J. 2003. Johannes. (*In* Van der Watt J. *red.*, Bosman H., du Rand J., van Rensburg F.J., Nel M., Smit D., Venter P. Die Bybel A-Z. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, p. 669-680).

Du Toit, D. 2001. Christelike gesinne in die een en twintigste eeu. (*In* Meiring, P. *red*., du Rand J., Joubert S., König A., Louw D., van der Watt J., en ander. So glo ons. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, p. 229-242).

Eberhardt, T. 1996. Storytelling and pastoral care. *The Journal of Pastoral Care* 50(1): 23-31.

Eslinger, R.L. 1995. Narrative imagination. Preaching the worlds that shape us. Minneapolis, MN: Fortress Press.

Exline, J.J., & Baumeister, R.F. 2000. Expressing forgiveness and repentance. *Benefits and Barriers.* (*In* McCullough, M.E., Pargament, K.I., & Thorensen, C.E. *eds.* Forgiveness. *Theory, Research, and Practice.* New York: The Guilford Press. p. 133-155).

Fincham, F.D. & Beach, S.R.H. 2002. Forgiveness: Toward a public health approach to intervention. (*In* Harvey, J.H. & Wenzel, A. *eds.* A Clinician's guide to maintaining an enhancing close relationships. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates Publishers. p. 277-300).

Freedman, J. & Combs, G. 1996. Narrative therapy: The social construction of preferred realities. New York, NY: Norton.

Freedman, J. & Combs, G. 2002. Narrative therapy with couples ... and a whole lot more! Adelaide, Australia: Dulwich Centre.

Garland, D.R. 1999. Family ministry. A comprehensive guide. Thousand Oaks, IL: Inter-Varsity Press.

Garrard, E. & McNaughton, D. 2010. Forgiveness. Durham: Acumen Publishing Limited.

Gentry, P.J & Wellum, S.J. 2013. Kingdom through covenant. A biblical-theological understanding of the covenants. Wheaton, IL: Crossway.

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 2004. Ons glo ... Die drie Formuliere van Eenheid en Ekumeniese Belydenisse. Wellington: N.G. Kerk-Uitgewers.

Gerkin, C. 1997. An introduction to pastoral care. Nashville, TN: Abingdon Press.

Grenz, S.J. & Franke, J.R. 2001. Beyond Foundationalism. *Shaping theology in a postmodern context.* Louisville, Kentuckey: Westminister John Knox Press.

Griswold, C.L. 2007. Forgiveness. *A Philosophical Exploration.* New York: Cambridge University Press.

Harris, J.R. 1995. Dysfunction, healing, and the family of origin. (*In* Neff, B.J & Ratcliff, D. *eds.* Handbook of family religious education. s.l, AL: Religious Education Press, p. 188-206).

Heitink, G. 1993. Practical theology. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans.

Heyns, J.A. 1992. Inleiding tot die dogmatiek. Elektroniese uitg. Doornfontein: N.G. Kerk-Uitgewers. (Logos South Africa: Libronix Digital Library System)

Heyns, J.A. 1999. Dogmatiek. Elektroniese uitg. Pretoria: NG Kerkboekhandel. (Logos South Africa: Libronix Digital Library System).

Heyns, J.A. 2000a. Teologiese etiek. Deel 1. Elektroniese uitg. Pretoria: NG Kerkboekhandel. (Logos South Africa: Libronix Digital Library System).

Heyns, J.A. 2000b. Teologiese etiek. Deel 2/1, Sosiale etiek. Elektroniese uitg. Pretoria: NG Kerkboekhandel. (Logos South Africa: Libronix Digital Library System).

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1991. Eerste treë in die Praktiese Teologie. 2de uitg. Pretoria: Gnosis.

Hulse, E. 2011. The doctrine and practice of holiness. Darlington: EP Books.

Jackson, L.C. & Wenzel, A. 2002. Anxiety disorders and relationships: implications for etiology, functionality, and treatment. (*In* Harvey, J.H. & Wenzel, A. *eds.* A Clinician's guide to maintaining an enhancing close relationships. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates Publishers. p. 177-197).

Janson, M. 1989. Die kuns om werklik te lewe. Pretoria: Van Schaik.

Jary, D & Jary, J. *eds.* 2005. Collins internet-linked dictionary of sociology. 3rd ed. Glasgow: Harper Collins.

Johnson, B.C. 2000. Living before God. Deepening our sense of the divine presence. Grand Rapids, MI: Wm. B. Eerdmans.

Jonker, W.D. 1997. Bevrydende waarheid: Die karakter van die Gereformeerde belydenis. Elektroniese uitg. Wellington: Hugenote-Uitgewers. (Logos South Africa: Libronix Digital Library System).

Joubert, S. 1995. Hoekom sit en wag? Herlewing begin by jóú! God se plek en tyd vir herlewing is hiér en nóú. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Joubert, S.J. 1997. Die Christendom: volgeling van Jesus Christus. (*In* Meiring, P. *red.*, Crafford D., de Beer P., Kruger K., Joubert S., Naudé C., du Preez J. Suid-Afrika, land van baie godsdienste. Pretoria: Kagiso, p. 130-150).

Joubert, S.J. 2004. Vrygespreek! Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Kelly, D.F. 2011. If God already knows why pray? Glasgow: Bell & Bain.

Kendall, R.T. 2011. Volkome vergifnis. Om te vergewe, is God se pad tot volkome vryheid. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Koekemoer, R. 2006. Seksuele molestering van ’n dogter binne gesins- en familieverband. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – M.A.).

Kraft, C.H. 2001. Culture Communication and Christianity. Pasadena, United States of America: William Carey Library.

Lamott, A. 1995. Bird by bird. Some instructions on Writing and Life. New York, NY: Anchor.

Lane, P. & Tripp, P. 2006. Relationships. A mess worth making. Greensboro, NC: New Growth Press.

Larney, T. 2009. Die gesin as primêre geloofseenheid in ’n postmoderne konteks: ’n pastorale studie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – Ph D).

Le Roux, J.H. 1999. 1 Kronieke. 2 Kronieke. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, p. 439-467; 468-513).

Livermore, D.A. 2009. Cultural intelligence. Improving your CQ to engage our multicultural world. Grand Rapids, MI: Baker.

Louw, D.J. 1989. Gesinsverryking. Riglyne vir groei en kommunikasie. Pretoria: Academica.

Louw, D.J. 1993. Liefde is vir altyd. ’n Huweliksgids vir verloofdes en getroudes. Kaapstad: Lux Verbi.

Louw, D.J. 1999. Pastoraal as vertolking en ontmoeting: teologiese ontwerp vir ’n basisteorie, antropologie, metode en terapie. 5de uitg. Kaapstad: Lux Verbi.

Louw, D.J. 2001. Huwelik en seksualiteit as kuns van die liefde. (*In* Meiring, P. *red*., du Rand J., Joubert S., König A., Louw D., van der Watt J., en ander. So glo ons. Vereeniging: Christelike Uitgewers-maatskappy, p. 243-255).

Louw, D.J. 2005. Pastoraat as vertolking en ontmoeting. 5de uitg. Wellington: Lux Verbi.BM.

Louw, D.J. 2012. Network of the human soul: on identity, dignity, maturity and life skills. Stellenbosch: African SunMedia.

Maartens, M. 1989. Gebed kan my lewe verander. Kaapstad: Lux Verbi.

Macarthur Jr., J.F. 1983. The ultimate priority. Chicago, IL: Moody.

Machen, J.G. 1925. What is faith? New York, NY: Macmillan.

Mack, W.A. 1994a. Biblical counseling and inducement. (*In* MacArthur, J.F. Jr., Mack W.A., Sarles K.L., Powlison D., Bookman D., Maddox D.B., Smith R., Goode W.W., Swanson D.M. Introduction to biblical counseling. Dallas, TX: Word Publishing Group, p. 268-283).

Mack, W.A. 1994b. Taking counselee inventory: collecting data. (*In* MacArthur, J.F. Jr., Mack W.A., Sarles K.L., Powlison D., Bookman D., Maddox D.B., Smith R., Goode W.W., Swanson D.M. Introduction to biblical counseling. Dallas, TX: Word Publishing Group, p. 210-230).

MacArthur Jr., J.F. 1994. The work of the Spirit and biblical counseling. (*In* MacArthur, J.F. Jr., Mack W.A., Sarles K.L., Powlison D., Bookman D., Maddox D.B., Smith R., Goode W.W., Swanson D.M. Introduction to biblical counseling. Dallas, TX: Word Publishing Group, p. 131-141).

Maddox, D.B. 1994. Union with Christ: the implications for biblical counseling. (*In* MacArthur, J.F. Jr., Mack W.A., Sarles K.L., Powlison D., Bookman D., Maddox D.B.,

Smith R., Goode W.W., Swanson D.M. Introduction to biblical counseling. Dallas, TX: Word Publishing Group, p. 116-130).

McCarthy, M. 2000. Spirituality in a postmodern era. (*In* Woodward, J. & Pattison, S. *eds.* The Blackwell Reader in pastoral and practical theology. Malden, MA: Blackwell Publishers, p. 192-206).

Malan, J. Die gevare van postmodernisme. http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Postmodernisme.htm (Datum geraadpleeg: Julie 2014).

McDowell, J. 2005. Bewyse oor die Christelike geloof. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Miller, D.L., Moffitt, B., & Allen, S.D. 2005. The worldview of the kingdom of God. Seattle, WA: Youth with a Mission.

Möller, F.P. 1999. Woorde van lig en lewe: 'n dogmatiese studie. Westhoven: Evangelie.

Morgan, A. 2000. What is narrative therapy? An easy-to-read introduction. Adelaide: Dulwich Centre.

Müller, J.C. 2000. Reis-geselskap. Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering. Wellington: Lux Verbi. BM.

Müller, J.C. 2001. Therapy as fiction writing. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 42(1-2):64-70.

Müller, J.C. 2002. Gesinne van binne. Bloemfontein: CLF.

Müller, J.C. 2005. A postfoundationalist, HIV-positive Practical Theology. *Practical Theology in South Africa.* 20(2), 72-88.

Müller, J.C. & Schoeman, K. 2004. Narrative research: a respectful and fragile intervention. *Sociale interventie* 13(3):7-13.

Müller, J.C., Van Deventer, W. & Human, L. 2001. Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 16(2):76-96.

Nel, M. 1999. Om uit genade te leef. Perspektiewe op oorwinning. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Nel, M. 2001. Jeugbediening*:* 'n inklusiewe gemeentelike benadering. Bloemfontein: CLF.

Nel, M.J., 2002. Vergifnis en versoening in die evangelie volgens Matteus. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – PhD).

Nel, M. 2005. Godsbegrip en gebed. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Newman, R. 2011. Bringing the gospel home. Sharing your faith with family and friends. Nottingham: Inter-Varsity Press.

New American Standard Bible. 1977. La Habra, CA: Lockman Foundation.

Nicol, W. 2001. Tyd alleen met God. (*In* Meiring, P. *red*., du Rand J., Joubert S., König A., Louw D., van der Watt J., en ander. So glo ons. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 199-215).

Nicol, W. 2002. Gebed van die hart. Word stil en beleef God. Wellington: Lux Verbi.BM.

Niebuhr, H.R. 1963. The responsible self: an essay in Christian moral philosophy. New York, NY: Harper.

Nürnberger, K. 2009. Die Bybel. Verantwoordelik lees is krities lees. Wellington: Lux Verbi.BM.

Ortberg, J. 2011. Dit is hoe ek wil wees. Word God se beste weergawe van jouself. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Pearce, S.S. 1996. Flash of insight. *Metaphor and narrative in therapy.* Massachusetts: Allyn & Bacon.

Petersen, J. 2007. Lifestyle discipleship. Encouraging others to spiritual maturity. Colorado Springs, CO: NavPress.

Piper, J. 2009. Finally alive. s.l., Skotland: Christian Focus.

Piper, J. 2012. The pleasures of God. Meditations on God's delight in being God. Colorado, CO: Multnomah.

Poe, H.L. 2001. Christian witness in a postmodern world. Nashville, TN: Abingdon Press.

Polkinghorne, J.C. 2007. One World. *The interaction of science and theology.* 2nd edition. Wes Conshohocken, Pennsylvania: Templeton Press.

Ryle, J.C. 2009. Walking with God. s.l., Engeland: Grace Publications Trust.

Sande, K. & Raabe, T. 2002. Peacemaking for families. A biblical guide to managing conflict in your home. Carol Stream, IL: Tyndale.

Scheepers, R. 1998. Koos Prinsloo. Die skrywers en sy geskryfdes. Kaapstad: Tafelberg.

Seamands, D.A. 1991. Healing for damaged emotions. Recovering from the memories that cause our pain. Miramar Beach, FL: SP`.

Shaw, N.R. 2010. The many faces of grief: finding hope and healing through your pain. Vereeniging: Christian Art.

Smalley, G. 2004. Die geheim van suksesvolle verhoudings. Ontdek die DNS van verhoudings. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. (Vertaling deur H. Fourie).

Smalley, G. 2004. The DNA of relationships. Discover how you are designed for satisfying relationships. Carol Stream, IL: Tyndale.

Smith, W.T. 2010. Marriage matters. Extraordinary change through ordinary moments. Greensboro, NC: New Growth Press.

Storey, J. 2011. Postmodernism and popular culture. (*In* Sim, S. *ed.* The Routledge Companion to Postmodernism. 3rd ed. Abingdon, Oxon: Routledge. P. 204-213).

Stott, J. 2006. Issues facing Christians today. 4th ed. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Strong, B., Devault, C. & Cohen, T.F. 2005. The marriage and family experience: intimate relationships in a changing society. Belmont, CA: Thomson Wadsworth.

Swanepoel, F. 1997. Die wonder van die Bybel. Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Sweet, L. 2004. Out of the question ... into the mystery. Colorado, CO: WaterBrook Press.

Thorpe, S.A. 1992. African Traditional Religions. 2nd ed. Pretoria: University of South Africa.

Thruman, C. 1999. The lies we believe. Nashville, TN: Thomas Nelson.

Tolmie, F. 1999. Galasiërs. Maak kennis met die brief aan die Galasiërs. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1547-1563).

Tripp, P.D. 2001. Age of opportunity: a biblical guide to parenting teens. Phillipsburg, NJ: P & R.

Van der Spuy, D. 1998. Wanneer die Heilige Gees werk. Die Persoon, die werking en die gawes van die Gees. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Van der Walt, B.J. 1999. Godsdiens en die samelewing. *Christelike betrokkenheid op die markplein* (Vol. 51). Potchefstroomse Universiteit Vir Christelike Hoër Onderwys.

Van der Watt, J.G. 1999. Johannes. Maak kennis met die boek Johannes. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1314-1370).

Van der Watt, J.G. 1999. Kolossense. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1594-1606).

Van der Watt, J.G. 2000. Die Christen, die Bybel en die toekoms. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Van der Watt, J.G. 2003. Markus. (*In* Van der Watt J. *red.*, Bosman H., du Rand J., van Rensburg F.J., Nel M., Smit D., Venter P. Die Bybel A-Z. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, p. 615-637).

Van der Watt J., Joubert S., Du Rand J & Naudé, P. 2002. Hoe lees ons die Bybel? 'n Soeklig op die rol van die Woord en hoe om dit te vertolk in hedendaagse tye. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Vangelisti, A.L. & Maguire, K. 2002. Hurtful messages in family relationships: when the pain lingers. (*In* Harvey, J.H. & Wenzel, A. *eds.* A Clinician's guide to maintaining an enhancing close relationships. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates Publishers. p. 43-62).

Van Huyssteen, J.W. 1997. Essays in postfoundationalis theology. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Van Huyssteen, W. 2000. Postfoundationalism and interdisciplinarity: a response to Jerome Stone. *Zygon.* 35(2), June.

Van Niekerk, R. 2000. Om te vergewe: 'n Bybelse raamwerk vir vergifnis. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Van Rensburg, F.J. 1999. Efesiërs. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, p. 1564-1580).

Van Rensburg, F.J. 1999. Filippense. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, p. 1581-1593).

Van Rensburg, F.J. *red.* 2001. Efesiërs. (In Vosloo W. *red.*, Burden J., Prinsloo G., van Rooy H., Swanepoel F., Potgieter H., Venter P., Botha P., Smit R., van Rensburg F.J. *red.*, du Plessis I.J., du Rand J.A. Bybel in praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, p. 1821-1835).

Van Rensburg, F.J 2003. Galasiërs en Hebreërs en Titus. (*In* Van der Watt J. *red.*, Bosman H., du Rand J., van Rensburg F.J., Nel M., Smit D., Venter P. Die Bybel A-Z. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, p. 749-758; 835-844; 823-828).

Van Wyk, D. 1983. Die verhouding tussen ouer en kind. Pretoria: Human & Rousseau.

Van Wijk, T. 2013. Trauma. Riglyne vir slagoffers. Tygervallei: Naledi.

Van Zyl, H.C. 1999. Matteus. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, p. 1111-1187).

Van Zyl, H.C. 2001. Is die Bybel nog God se Woord? (*In* Meiring, P. *red.*, du Rand J., Joubert S., König A., Louw D., van der Watt J., en ander. So glo ons. Vereeniging: Christelike Uitgewers-maatskappy, p. 72-87).

Verklarende Afrikaanse Woordeboek (Pharos). 2007. 8ste uitgawe. Kaapstad: Van Schaik.

Viljoen, H. 2010. Naby aan God. Pretoria: Unboxed.

Vos, C. 1999. Saam aan tafel. Kinders by die Nagmaal. Kaapstad: Lux Verbi.

Welker, M. 2013. God the Revealed. *Christology*. Cambridge: William B. Eerdmans.

Whitehead, E.E. & Whitehead, J.D. 2014. Fruitful embraces: sexuality, love and justice. Bloomington: iUniverse.

Whitney, D.S. 1999. Spiritual disciplines for the Christian life. Colorado Springs, CO: NavPress.

Willard, D. 1999. Hearing God. Developing a conversational relationship with God. Downers Grove, IL: Inter-Varsity Press.

Williams J.G. *et al.* Religious Perspectives on Forgiveness. 2000. (*In* McCullough, M.E., Pargament, K.I., & Thorensen, C.E. *eds.* Forgiveness. *Theory, Research, and Practice.* New York: The Guilford Press. p. 24-25).

Williamson, P.R. 2007. Sealed with an oath: Covenant in God's unfolding purpose. Downers Grove, IL: Inter Varsity Press Academic.

Wilkinson, B.H., *red.*, Berry J., Sanders J.O., MacDonald D., Swindoll C.R., Meyers K., en Pawlas G., en andere. 1997. Bykans elke antwoord vir feitlik enige onderwyser!: 'n naslaangids vir elkeen wat begeer om te onderrig ... met die oog op lewenservaring. 1ste Afrikaanse uitg. Kenwyn: Juta; Walk Thru the Bible.

Wolmarans, J.L.P. 1999. Hebreërs; Jakobus. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, p. 16771703; 1704-1712).

Wright, C. 2002. Family, covenant and kingdom of God: Biblical reflections. *Transformation* 19 (1) January, 11-19.

Wright, N.T. 1996. Jesus and the victory of God. London: Society for Promoting Christian Knowledge (SPCK).

BYLAE A[243]

Medenavorsers

Inleiding:

Alle Medenavorsers se name is fiktief. Inligting soos waar Medenavorsers woon, of hoeveel kinders hulle het is aangepas sodat hulle onder geen omstandighede herken sal word nie. Die Medenavorsers se kerkverband is korrek gelys. Hulle ouderdomme is ook korrek.

Die relevante inligting met betrekking tot die navorsing, soos inligting oor hul ervarings en sienings is presies soos hulle dit verhaal het, of ’n korrekte verwysing daarna. Terugvoerkringlope het tydens navorsing gegeld, dit is wanneer daar in oorleg met die Medenavorsers oor die navorsingsverhaal gesels is. Daar word deur hierdie navorsingswerk – waar van toepassing – na die sienings van die Medenavorsers verwys. Die Medenavorsers wat onder gelys is, was een van ses navorsingsgespreksgenote. Die navorsingsgespreksgenote was: Medenavorsers, die Praktyk, die Bybel, Teologiese geskrifte, Buite-Bybelse geskrifte, en die Navorser.

Inligting van medenavorsers

Verw.	Naam van mede-navorser	Getroud met:	Ouder-dom	Aantal jare getroud	Kinders	Kerk-verband
A1	Petra	Jerry	63	20	2	NGK
A2	Jerry	Petra	63	20	1	NGK
A3	Linda	Johan	59	30	3	-
A4	Marna	George	60	39	2	GK
A5	George	Marna	62	39	2	GK
A6	Marinda	Dave	54	32	2	NGK
A7	Welma	Pieter	53	33	4	NGK
A8	Beradings - voorbeeld 1	-	29	-	2	NGK
A9	Beradings - voorbeeld 2	-	30	4	-	NGK
A10	Amanda	-	38	19	2	NGK
A11	Beradings - voorbeeld 3	-	35	-	-	NGK

[243] Etiek no.: NWU-00209-16-A6.

BYLAE B

VRAELYS VIR VOLWASSENES[244]

Persoonlike inligting van persoon wat vraelys invul:	
Datum:	
Ouderdom:	Geslag:
Hoeveel jaar huidiglik getroud?	Voorheen getroud? Indien ja, hoeveel jaar getroud?
Hoeveel kinders en elkeen se ouderdom. Geen name word genoem nie, slegs die ouderdom en geslag van elke kind.	

HUWELIK

1. Wat verstaan jy, uit ’n Christelike oogpunt, onder die term ‘Huwelik’?
2. Wat verstaan jy onder die begrip “Die huwelik as ’n eenheid”?
3. Voldoen die huwelik aan jou verwagting? Indien ja, hoekom sal jy so sê? Indien nee, hoekom nie?
4. Wat sal jy sê, maak vir groot verwydering tussen jou en jou man/vrou? Noem meer as een voorbeeld indien daar is.
5. Wat sal jy beskou as die grootste probleem in julle huwelik?
6. Behandel jy jou man/vrou as ’n mens in eie reg?
7. Is wedersydse respek, na jou mening, deel van julle verhouding? Brei asb. uit.
8. Is openbartigheid deel van julle verhouding? Tot watter mate?
9. Hoe lyk ‘lojaliteit’ in ’n huweliksverhouding?
10. Is die ‘leef in waarheid teenoor mekaar’ vir albei van julle belangrik?

[244] Die vraelys is deur die medenavorsers ingevul. Name is weggelaat op die vorms. Die medenavorsers het ook ’n Toestemmingsvorm van die Etiekkommitee van NWU geteken, waarin hulle toestemming gee dat die inligting op die vraelys vir navorsingsdoeleindes gebruik kan word.

Etiek no.: NWU-00209-16-A6.

11. Het jy al aan skei gedink? Indien wel, wat was die omstandighede?
12. Watter kenmerke sal jy graag in ’n goeie huweliksverhouding wil sien?
13. Watter eienskap van jou wederhelfte waardeer jy die meeste?
14. Wat beteken jou eggenoot se liefde vir jou?

VERBONDSVERHOUDING

15. Hoe verstaan jy die doop? Met ander woorde, hoekom word ’n mens gedoop?
16. Wat verstaan jy onder die term ‘verbond’?
17. Wat verstaan jy onder die term, ‘verbondsgesin’?
18. Het jy al ooit in terme van julle gesin as ’n ‘verbondsgesin’, gedink**?**
19. Het jy op enige stadium spesifieke onderrig ten opsigte van die nuwe verbond en die betekenis van ’n verbondsverhouding ontvang? Indien ja, wanneer?
20. Wat verstaan jy onder die begrip ‘’n persoonlike verhouding met God’?
21. Hoe belangrik is geloofsgroei en –onderrig vir jou? Hoe implimenteer jy dit in jou lewe?
22. Wat is, na jou mening, die stand van elkeen van jou kinders se geloofsoortuigings?
23. Weet jou kinders hoe jy oor die Here voel? Met ander woorde, getuig jy teenoor jou kinders oor jou geloof?
24. Wat beteken die Here vir jou?
25. Staan jy in ’n persoonlike verhouding met God?

VERHOUDINGSKWALITEIT

Konflik

26. Wanneer daar verskille en konflik in die huweliksverhouding is, hoe hanteer jy/julle dit as egpaar?
27. Maak julle, as egpaar, voor die kinders rusie?
28. Ontaard verskille ooit in verwyte, kritiek en beskuldigings?
29. Bly julle, as egpaar, lank vir mekaar kwaad?
30. Wie soek *as ’n reël* eerste toenadering na ’n argument?
31. Gaan slaap julle wanneer julle steeds vir mekaar kwaad is?

Vergifnis

32. Neem jy jou eggenoot op hierdie oomblik (selfs heimlik) kwalik oor iets wat in die verlede gebeur het?
33. Herinner jy jou wederhelfte aan sy/haar versuime/verkeerde optrede wat in die verlede plaasgevind het?
34. Onthou jy die dade/woorde van jou eggenoot, toe hy/sy jou seergemaak het? (Wanneer jy daaraan terug dink, voel jy weer seergemaak oor die gebeure?)
35. Bly jy *as 'n reël* aan gebeurtenisse uit die verlede dink (bly onthou) waar jy as mens deur iemand te na gekom is?
36. Onthou jy negatiewe gebeure in jou kinderdae, en voel terselfdertyd sleg wanneer jy daaraan terugdink?
37. Hoe lyk jou vergifnis (elke dag) teenoor jou eggenoot? Wat is jou denkwyse oor vergifnis en jou daaropvolgende dade om die vergifnis in werking te stel?
38. Hoe verstaan jy 'Bybelse vergifnis', en hoe dit toegepas behoort te word?
39. Hoe lyk jou vergifnis teenoor jou kinders?
40. Erken jy ooit aan ander dat jy verkeerd opgetree het? Met ander woorde, erken jy jou foute of ignoreer jy dit net?

Ouers / skoonouers / familie / skoonfamilie

41. Hoe sal jy jou ouers se huwelik beskryf?
42. Sou jy graag 'n huwelik soos jou ouers se huwelik wou gehad het? Verduidelik hoekom of hoekom nie.
43. Sal jy sê jou band met jou ouer/s is sterker as jou band met jou wederhelfte?
44. Bespreek jy persoonlike en intieme inligting ten opsigte van julle huwelikslewe – wat net vir julle ore bedoel is – met jou ouer/s of familie?
45. Hoe kom jy oor die weg met skoonouers en – familie?

Alledaagse lewe

46. Op 'n skaal van 1-10, hoe belangrike rol speel televisie-tyd in julle gesinslewe? (1=nie belangrik, 10=baie belangrik).
47. Watter rol speel godsdiens in julle alledaagse gesinslewe? Brei asb. uit.

Kinders, tieners en volwasse kinders

48. Bespreek jy jou wederhelfte op ’n negatiewe/agteraf wyse met julle kinders?
49. Staan julle as egpaar as ’n verenigde front, in julle onderrig en opvoeding van die kinders?
50. Sou jy sê daar ontstaan verwydering tussen jou en jou man/vrou as gevolg van ’n kind/kinders? Indien ja geantwoord, wat is - na jou mening - die rede daarvoor?

Persoonlik

51. Ly jy ooit aan depressie?
52. Wat veroorsaak dat jy depressief voel? Met ander woorde, watter gebeure, ervarings, ens. maak dat jy depressief begin voel? Wees spesifiek.

BYLAE C[245]

- Verwys na Hoofstuk 4 – 4.5 e.v., wat handel oor *Kinders – as deel van 'n gesinstruktuur – se godsdienstige en geestelike ervaring.* 'n Teologiese besinning oor die brief word by punt 4.5.3, gestel.

Die volgende brief[246] is geskryf deur Ds. Okkie Celliers, predikant in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Miederpark gemeente, Potchefstroom. Hy is verantwoordelike vir Jeugbediening in die gemeente. Die rede vir die plasing van die brief, dit gee 'n belangrike perspektief op 'n deel van die jeug wat die toekoms van die Kerk van Christus is. Tydens 'n gemeente seminaar wat gehandel het oor die tema "Huisgodsdiens" het Ds. Celliers die stelling gemaak dat die *huidige geslag kinders* in die kerk, die *laaste geslag kinders* in die kerk is. As navorser, het ek hom gevra om sy standpunte oor jeugbediening[247] op skrif te stel. Die brief skets 'n kommerwekkende prentjie oor die kerkjeug en die kerk van Christus.

Die kerk se jeug word primêr deur hulle ouers in die gesinslewe in God se Woord en leer opgevoed, daarom is die brief oor die stand van Jeugbediening relevant vir die navorsing oor onder andere, die veronderstelde verbondsgesin en hulle veronderstelde gesamentlike fokus op God as die Verbondgod.

Die brief[248] word vervolgens *in geheel* geplaas:

IS ONS JEUG HUIDIGLIK DIE ONTVANGERS VAN 'N NUWE VERBOND? (HEBR. 8:6; 2 KOR. 3:1-18, 4:1-6) – 'N OPE BRIEF

Aan Rosa Koekemoer:

> Ek is van mening dat die kerk (en by name die kerke in die hoofstroom teologie in Suid-Afrika) in 'n doodloopstraat met die bediening aan die kinders is. Daar is wel gemeentes wat daarin slaag om die post-moderne kind te bedien, maar dit is die uitsondering. Veral in kleiner gemeentes en op die platteland is die

[245] Etiek no.: NWU-00209-16-A6.
[246] Die brief is in 2013 geskryf en aan die navorser Rosa Koekemoer, gerig.
[247] Ds. Celliers is verantwoordelik vir die Jeugbediening in die gemeente.
[248] Alle aksente in die brief is deur die skrywer, Ds. O. Celliers, gedoen.

bediening in ’n krisis omdat daar nie ’n deurlopende bediening aan hierdie kinders is nie. By geleentheid word daar ’n **moment** gereël vir die kinders wat wel energie losmaak, maar dit word nie ’n **beweging** wat by die kinders die waardes van die Christelike geloof vestig nie.

By die meer Charismatiese kerke wat nie deel van die hoofstroom kerke in Suid-Afrika is nie, is daar ook deurlopende probleme wat op die langtermyn ook verlammend inwerk. Die meerderheid van dié kerke maak wel golfies wat emosionele momente by die kinders losmaak, maar dit ontbreek aan ’n goed gefundeerde teologiese basis wat nie die eise van die tyd kan deurstaan nie. Dit laat ook die kinders **out in the cold.**

Ek is van oordeel dat daar binne die kerke ’n dualisme in hierdie bediening ontwikkel het: enersyds kerke wat die dogma van die Christelike geloof uitstaande oordra terwyl die die belewing van die dogma nie tot sy reg kom – die kinders weet nie hoe om met die dogma te leef nie. Dit kom hoofsaaklik voor by die kerke binne die Gereformeerde tradisie.

Andersyds is daar die kerke wat baie sterk die/’n belewing van die geloofsmomente beklemtoon maar die dogmatiese onderbou nalaat – die kinders weet nie hoekom hulle ’n bepaalde moment ervaar nie. Dit kom hoofsaaklik voor by die meer Charismatiese kerke.

- Ek vermoed dat ’n gebrek aan ’n behoorlike verstaan van die verbond aan die wortel van hierdie dualisme lê.

Ek wil ‘n paar stellings maak:

Die problematiek:

1. Die kerk in Suid-Afrika verstaan nie die tydsgees waarbinne ons as samelewing leef nie.

1.1 Die kerk verstaan nie dat Suid-Afrika binne ’n post-Christelike era is nie. In Europa het die samelewing geleidelik oorbeweeg na dié van post-Christelik. Dit het momentum begin gekry na die Tweede Wêreldoorlog en volwassenheid gekry met die draai van die eeu – ’n tydperk van ongeveer 60 jaar. In Suid-Afrika het dit sy fondamente baie gou gevestig na die 1994 verkiesing en net na die draai van die eeu is die gemeenskap oorrompel. Volgens Prof. Stephan Joubert het dit Suid-Afrika binne 11 jaar oorrompel terwyl dit in Europa ’n geleidelike verandering was.

1.2 Dit het verreikende gevolge vir die kerk, want dit het nie eers een geslag van die mense in die kerk geneem om te verander nie: dieselfde lidmate wat 10 jaar terug die hart van die gemeente was, is skielik weg. Die kinders het saam met hulle verdwyn.

- Daarom my stelling dat die geslag kinders wat tans in die kerk is, die laaste geslag is wat “Christelik” is omdat daar tans nog ’n mate van ’n Christelike tradisie is wat sommige ouers nog hul kinders na die kerk laat gaan. Dit sterf uit.
- Die volgende geslag kinders sal in die kerk wees omdat hulle hier wil wees en dit vir die groep ouers ‘n beginsel saak is.

Die vraag is nie of die kerk met bogenoemde saamstem nie. Dit is ’n gegewene.

1.3 Die kerk in Suid-Afrika verstaan nie die post-moderne kind nie. Die kinders sit met die **vraag na wat is waarheid?** Die kerk antwoord nie hierdie vrae vir kinders nie omdat daar dogmaties oor waarheid gedink word: leer die kind die feite van die dogma (soos in die moderne tyd waar alles volgens vaste reëls gedoen is) en die kind sal dan vir homself kan dink en die toepassings maak. Die kerk maak steeds ’n aanname dat die kind (soos veral in die 60-er tot 90-er jare gedoen is) kognitief bedien moet word. Die post-moderne kind werk nie kognitief nie, maar emotief: **moenie vir my sê Jesus is die waarheid nie; sê vir my wat dit beteken en wat kan ek daarmee doen?!**

1.4 ’n Geslag in Suid-Afrika het logosentries groot geword (die x en y generasies) terwyl die kinders vandag visueel sentries gestimuleer is.

Baie min kerke verstaan dit en bring lippediens hieraan. Daar is baie goeie navorsing hieroor gedoen.

1.5 Na my mening is die grootste probleem by die ouers van die kinders. Die kerk pluk vandag die vrugte van ’n jare lange bediening waar die verbondsteologie tragies afgewater is – selfs die Christelike ouers binne die kerk het baie beperkte kennis en toerusting om hulle kinders in die post-moderne en post-Christelike samelewing te bedien.

1.6 Die hart van die verbond word nie verstaan nie (is dit ooit regtig geleer en verstaan?). Godsdiens het ’n persoonlike en individuele saak geword waar gedoen kan word soos **gevoel** word. Die verbondsteologie dat God werk met individue binne ‘n familie en nie individueel nie, is vergete. Dis immers hoekom Hy die “Verbondsgod” genoem word (die **locus classicus** van Gen 17:7 en ook Hand 16:15 en 31 wat vanuit die Nuwe Testament dieselfde woorde en gees adem).

1.7 Die volgende realiteite in my gemeente:

1. Tussen 30% en 40% van die ouers beskou dit as belangrik dat hulle kinders by die gemeente se jeugbediening betrokke raak. Dit is dieselfde geslag lidmate wat ongeveer 10 jaar terug nog by alles in die gemeente betrokke was.
2. Nagenoeg 4% van die ouers leer hulle kinders iets van die Bybel of die kerk. Die aantal gesinne waar huisgodsdiens bestaan is byna weglaatbaar klein. Die kinders word sonder die Bybel die wêreld ingestuur.
3. Dit is nie meer ’n vreemde verskynsel dat kinders die kerk kies terwyl ouers kerklos is nie.
4. Dit is ’n klein groepie kinders wat met die fondamente uit hul ouerhuis as Christene leef. Ons beskou die jeugbediening in ons gemeente as ’n bediening van die kerk om die kinders by die Here Jesus te kry en hulle dan te leer om as Christene te leef. Ons veronderstel dat daar weinig ondersteuning uit ouerhuise kom. Vaders wat die verbondshoof in die huis is, is feitlik afwesig binne ons gemeente. Ons probeer die ouers vennote hieraan maak, met baie

beperkte sukses. **Dit is vir ons ’n gegewene dat ons die ouers se verantwoordelikhede oorneem**.

5. Bogenoemde is ’n geweldige uitdagende taak, want ons het met die skool en ander aktiwiteite net 26 Sondae in die jaar (ongeveer 39 uur per jaar!) om die kind op Sondae te leer. Hierby kan wel ook die weeklikste selgroepe en ander aktiwiteite gevoeg word. Die kerk skree teen donderweer!

2. ‘n Poging tot antwoorde:

2.1 Dit help nie om te praat oor die probleme nie. Dié is legio en oorweldigend.

2.2 Ek kan nie meer praat van die kerk as organisasie se bediening aan die kinders nie, want die kerk verstaan baie min van die wêreld van die kind. Ek het in hierdie gemeente die verantwoordelikheid aanvaar om hier waar ek is ’n verskil te maak. Somtyds is die resultate verstommend; meestal is dit teleurstellend.

2.3 Makro gemeentes oorbrug die probleem makliker want hulle het die mense materiaal, diversiteit en finansies om te spesialiseer in die bediening. Die eise aan kleiner gemeentes is baie groot. Een leraar in ’n gemeente kan nie die volwassenes en kinders bedien nie. ’n Jeugwerker wat die visie verstaan is nie meer ’n luukse nie.

2.4 Ek werk individueel met die kinders en die ouers. Ek besoek hulle individueel en praat met hulle hieroor. Dis ’n pynlike en stadige proses.

2.5 Ek probeer ’n mentor vir die kinders wees. Ek bedien hulle met integriteit. Ek slaag hierin.

2.6 Ek skryf grotendeels die jeugbediening se materiaal self en lei die leiers op om die kind binne sy ervaringswêreld te bedien. Na jare begin die span verstaan waarheen ons moet beweeg. Dis ’n stadige proses want hulle verstaan nie altyd die post-moderne en digitale kind nie (dit sluit die laerskoolkinders in).

2.7 Ek leer die kinders om stiltetyd te hou. Ek leer hulle wat die krag van die Woord is en hoe hulle (op voetspoor van Luk 4:1-13) die Woord van

God oor hulle situasie moet uitspreek sodat God in hul lewe kan skep. Bemoedigende dinge begin gebeur.

2.8 Ek hou vir ouers (en ander mense wat nie meer kinders in die huis het nie) seminare oor hoe om huisgodsdiens te hou. Ek is al oorweldig deur die sukses hiervan; ander kere het moedeloosheid by my kom intrek.

- Ek leer die ouers om nie dogma's te verduidelik nie, maar om die lewenswaarhede van wat dit beteken, oor te bring – en ook om dit self te leef.
- Ek leer ouers om kinders se gedragspatrone te vestig deur hulle die Skrif te leer.
- Ek leer ouers om patrone by die kinders vas te lê, al verstaan die kinders dit nog nie. Ek probeer dit oorbring dat hierdie "a way of living" is en nie iets wat in 'n sekere tyd met huisgodsdiens of stiltetyd gebeur nie. Eseg 22:30 is die kernwoord wat ek gebruik: "Bou 'n muur rondom jou kinders en gaan staan in die gaping vir jou kind!"

Dit is opvallend dat daar baie min samewerking van ouers is wat tieners en ouer kinders het. Die suksesse begin by die ouers wat kleiner kinders het. Daarom dat ons in ons gemeente besluit het dat hierdie die fokusarea in ons gemeente is.

2.9 In 2014 gaan ons probeer om ouers en kinders saam by die kerk betrokke te kry – nie by die kerk as 'n struktuur nie, maar om ouers te leer wat die krag van die verbond is (soos Deut 7 ons leer): terwyl ons die kinders leer, wil ons in dieselfde tyd die ouers bymekaar kry om hulle te teach. Ons wil die projek loods dat kinders vir hul ouers verantwoordelikheid aanvaar en sorg dat hul ouers terugkom kerk toe. Mag die Here hierdie uiters beperkte pogings van my seën.

Slotwoord: Hierdie is geen poging om 'n akademiese betoog te wees nie! Ek het ook nie probeer om my standpunte en stellings met bronne te staaf nie. Vir elkeen hiervan is reeds baie behoorlike navorsing gedoen.

As ek vir jou op enige van bogenoemde iets moet verwoord en verduidelik, doen ek dit met die grootste liefde! Hierdie goed is vir my 'n passie.

Ds. Okkie Cilliers
Predikant: Nederduits Gereformeerde Kerk
Miederpark, Potchefstroom
21 November 2013

- Verwys na Hoofstuk 4 – 4.5 e.v., wat handel oor *Kinders – as deel van 'n gesinstruktuur – se godsdienstige en geestelike ervaring.* 'n Teologiese besinning oor die brief volg by punt 4.5.3.